# Die Pad van Waarheid tot die Lewe

## Die Instruksies (Torah)

תּורה

’n Afrikaanse vertaling vanaf die Hebreeuse en Aramese Tanakh met verwysing na die Griekse Septuagint (LXX).

Die derde druk

Die eerste boek van die Verbond (Tanakh)

Die eerste boek van die Instruksies (Torah)

# Genesis

( בראשית - B’resheet - In ’n begin)

Die vyf boeke van die Instruksies (Wet) is deur Mosheh saamgestel vanuit oordragte en skrywes van ten minste 10 mense, met die grootste gedeelte deur Mosheh self geskryf.

1 1 In ’n begin het God die hemele en die aarde geskep. Yes 48:13
2 Die aarde was vormloos en leeg en duisternis was oor die diep watermassa en die Gees van God het oor die oppervlak van die water gehang.
3 God het gesê: “Laat daar lig wees!” en daar was lig.
4 God het gesien dat die lig goed was en God het die lig van die duisternis geskei.
5 God het die lig ‘Dag’ genoem en die duisternis het Hy ‘Nag’ genoem. Dit was aand en dit was oggend, die eerste dag.
6 God het gesê: “Laat daar ’n ruimte wees tussen die waters en laat dit ’n skeiding maak tussen water en water.”
7 God het die ruimte gemaak en die water wat onder die ruimte is, geskei van die water wat bo die ruimte is en dit was presies so.
8 God het die ruimte hemel genoem. Dit was aand en dit was oggend, die tweede dag.
9 God het gesê: “Laat die water onder die hemel op een plek bymekaarkom sodat die droë grond sigbaar word” en dit was presies so.
10 God het die droë grond ‘Aarde’ genoem en die versameling van die waters het Hy ‘See’ genoem en God het gesien dat dít goed was.
11 God het gesê: “Laat die aarde groen weiding, plante wat saad gee en bome, wat volgens hulle soorte saaddraende vrugte dra, voortbring oor die aarde” en dit was presies so.
12 Die aarde het groen weiding, plante wat saad gee, volgens hulle soorte en bome wat saaddraende vrugte dra, volgens hulle soorte voortgebring. God het gesien dat dít goed was.
13 Dit was aand en dit was oggend, die derde dag.
14 God het gesê: “Laat die ligte in die ruimte van die hemele wees om te onderskei tussen die dag en die nag en laat hulle wees vir tekens en seisoene, vir dae en jare.
15 Laat hulle ook wees as ligte in die ruimte van die hemele om lig te gee op die aarde.” Dit was presies so.
16 God het die twee groot ligte gemaak: die groter lig om te heers oor die dag en die kleiner lig om te heers oor die nag; asook die sterre.
17 God het hulle in die ruimte van die hemele gesit om lig te gee op die aarde,
18 om te heers oor die dag en oor die nag en om skeiding te maak tussen die lig en die duisternis. God het gesien dat dít goed was.
19 Dit was aand en dit was oggend, die vierde dag.
20 God het gesê: “Laat die waters met ’n oorvloed van lewende wesens wemel en laat die voëls oor die aarde vlieg in die ruimte van die hemel.”
21 God het die groot seemonsters geskep Iyov 40:15; 41:1 en al die lewende wesens wat beweeg, waarvan die waters wemel, volgens hulle spesies en al die voëls met vlerke, volgens hulle spesies. God het gesien dat dít goed was.
22 God het hulle geseën en gesê: “Wees vrugbaar, vermeerder, vul die waters van die see en laat die voëls op die aarde vermeerder.”
23 Dit was aand en dit was oggend, die vyfde dag.

24 God het gesê: "Laat die aarde lewende wesens voortbring volgens hulle spesies: vee, kruipende diere en wilde diere van die aarde volgens hulle spesies." Dit was presies so.
25 God het die wilde diere van die aarde gemaak volgens hulle spesies en die vee volgens hulle spesies en al die diere wat op die grond beweeg, volgens hulle spesies. God het gesien dat dít goed was.
26 God het gesê: "Laat Ons die mens maak na Ons beeld, net soos Ons en laat hulle heers oor die visse van die see, die voëls van die hemel, die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde beweeg." Ya'a 3:9; Efe 2:6-10; Open 5:10
27 God het die mens geskep na Sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskep; man en vrou het Hy hulle geskep. Mat 19:4; Mar 10:6; 2 Kor 3:18; Kol 3:10
28 God het hulle geseën en God het vir hulle gesê: "Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see, die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde beweeg." Efe 2:6-10; Open 5:10; Open 20:6
29 God het ook gesê: "Ek gee nou aan julle al die saaddraende plante, wat op die hele aarde is en al die bome met saaddraende vrugte. Dit sal julle kos wees.
30 Aan al die diere van die aarde en al die voëls van die hemel en al die kruipende diere op die aarde, waarin 'n lewende asem is, gee Ek al die groen plante as voedsel." Dit was presies so.
31 God het alles gesien wat Hy gemaak het en let op, dit was uitermate goed. Dit was aand en dit was oggend, die sesde dag.

2 1 So is die hemel en die aarde en al hulle hordes voltooi.
2 Op die sesde dag is God se werk, wat Hy gemaak het, voltooi en op die sewende dag het Hy gerus van alle werk wat Hy gemaak het Heb 4:4
3 en God het die sewende dag geseën en dit afgesonder omdat Hy daarop gerus het van al Sy werk; dit wat God geskep het op 'n God-eie manier.
4 Hierdie is die geskiedenis van die hemel en die aarde toe hulle geskep is. Op die dag toe יהוה-God die aarde en die hemel gemaak het,
5 was daar nog geen struike in die veld op die aarde nie en geen plante van die veld het nog uitgespruit nie, want יהוה-God het dit nog nie laat reën op die aarde nie en daar was geen mens om die grond te bewerk nie.
6 'n Wolk het egter opgestyg vanuit die aarde en die hele aardbodem bevogtig.
7 יהוה-God het die mens gevorm uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas sodat die mens 'n lewende gees, liggaam, wil en verstand geword het. 1 Kor 15:45
8 יהוה-God het ook 'n tuin geplant in die ooste, in `Eden en die mens wat Hy gevorm het, daar geplaas.
9 יהוה-God, het allerhande bome uit die grond laat uitspruit, 'n vreugde om te sien en goed om te eet; ook die 'Boom-van-die-Lewe' Open 22:14 in die middel van die tuin en die 'Boom-van-die-Kennis-van-Goedheid-en-Boosheid.'
10 Daar het 'n rivier uit `Eden uitgegaan om die tuin nat te maak en van daar is dit verdeel en het vier strome geword.

11 Die naam van die eerste is die Pishon. Dit is hy wat om die hele land Gavilah loop, waar die goud is;
12 die goud van dié land is goed. Daar is ook balsemgom en onikssteen.
13 Die naam van die tweede rivier is die Gihon. Dit is hy wat om die hele land Kush loop.
14 Die naam van die derde rivier is die Giddekel. Dit is hy wat oos van Ashur loop. Die vierde rivier is die Ferat (Eufraat).
15 Toe het יהוה-God, die mens gevat en hom in die tuin van `Eden gesit om dit om te spit en te beskerm. Gen 3:23
16 יהוה-God het die mens beveel en gesê: “Van al die bome van die tuin mag jy as kos eet,
17 maar van die ‘Boom-van-die-Kennis-van-Goedheid-en-Boosheid’, daarvan mag jy nie eet nie, want op die dag as jy daarvan eet, sal jy die dood sterf.”
18 יהוה-God het ook gesê: “Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom ’n helper maak wat by hom pas.”
19 Vanuit die grond het יהוה-God al die diere van die veld en al die voëls van die hemel gevorm en hulle na die mens toe gebring om te sien hoe hy hulle sou noem en wat ook al die mens al die lewende wesens genoem het, dit moes sy naam wees.
20 So het die mens dan name gegee aan al die vee en aan die voëls van die hemel en aan al die wilde diere van die veld, maar vir die mens het Hy geen hulp gevind wat hom sou aanvul nie.
21 יהוה-God het ’n diep slaap oor die mens laat val en terwyl hy slaap, het Hy een van sy ribbebene gevat en die plek daarvan met vlees toegemaak
22 en יהוה-God het die rib wat Hy vanaf die mens gevat het, gebou tot ’n vrou en haar na die mens gebring.
23 Die mens het gesê: “Eindelik is dit nou been van my been en vlees van my vlees. Sy sal vrou (ishah) genoem word, want sy is vanuit die man (ish) geneem;”
24 daarom, soos die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou vashou, sal hulle een vlees wees. Mat 19:5; Mar 10:8; Efe 5:31
25 Hulle was altwee naak, die mens en sy vrou, maar hulle was nie skaam daaroor nie.

3 1 Nou, die slang was listiger as al die lewende wesens van die veld wat יהוה-God gemaak het en hy sê vir die vrou: “Het God werklik gesê dat julle nie van al die bome van die tuin mag eet nie?”
2 Die vrou antwoord die slang: “Van die vrugte van die bome in die tuin mag ons eet,
3 maar van die vrugte van die boom wat in die middel van die tuin is, het God gesê: ‘Julle mag daarvan nie eet of dit aanraak nie, anders sal julle sterf’.”
4 Die slang sê vir die vrou: “Julle sal die dood nie sterf nie,
5 maar God weet dat die dag as julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan en julle soos God sal wees deur goedheid en boosheid te ken.”

6 Toe die vrou sien dat die boom goed was om van te eet en dit ’n vreugde was vir die oë en ’n begeerlike boom om jou wys te maak, het sy van die vrugte gevat en geëet en ook aan haar man by haar gegee en hy het geëet.

7 Toe gaan altwee van hulle se oë oop en hulle besef dat hulle kaal is. Hulle het vyeblare aanmekaar gewerk en vir hulle lendebedekkings gemaak.

8 Hulle het die stem van יהוה-God gehoor terwyl Hy wandel in die tuin in die koel van die dag en die mens en sy vrou het hulself vir die Teenwoordigheid van יהוה-God weggesteek tussen die bome van die tuin.

9 יהוה-God het geroep na die mens en vir hom gesê: “Waar is jy?”

10 Hy antwoord: “Ek het U geroep gehoor in die tuin en was bang, want ek is kaal; daarom het ek weggekruip.” [1 Yog 2:28]

11 Hy sê: “Wie het aan jou bekendgemaak dat jy kaal is? Het jy geëet van die boom waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie?”

12 Die mens antwoord: “Die vrou wat U gegee het om saam met my te wees, sy het vir my van die boom gegee en ek het geëet.”

13 יהוה-God sê vir die vrou: “Wat is hierdie wat jy gedoen het?” Die vrou antwoord: “Die slang het my mislei en ek het geëet.”

14 Toe sê יהוה-God aan die slang: “Omdat jy dit gedoen het, is jy meer as al die vee en al die diere van die veld vervloek. Jy moet op jou maag seil en jy moet stof eet al die dae van jou lewe.

15 Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou en tussen jou saad en haar Saad. Hy sal jou kop vertrap en jy sal Sy hakskeen byt.” [Yog 10:13; Rom 16:20; Gal 3:17]

16 Vir die vrou het Hy gesê: “Ek sal jou moeite en jou swangerskap baie vergroot. Met pyn sal jy geboorte gee aan kinders en jy sal afhanklik van jou man wees en hy sal oor jou heers.”

17 Vir die mens het Hy gesê: “Omdat jy geluister het na die stem van jou vrou en van die boom geëet het waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie; vervloek is die aarde om jou ontwil; [Gen 5:29; Rom 5:12] met moeite sal jy daarvan eet al die dae van jou lewe.

18 Dit sal beide dorings en distels vir jou voortbring en jy sal die plante van die veld eet.

19 In die sweet van jou voorkop sal jy brood eet totdat jy teruggaan na die grond toe, want jy is daaruit gehaal, want stof is jy en tot stof sal jy teruggaan.”

20 Die mens (Adam) het sy vrou Havah genoem omdat sy moeder geword het van almal wat lewe. [Hand 17:26]

21 יהוה-God het vir die mens en sy vrou klere van vel gemaak en hulle aangetrek.

22 יהוה-God het gesê: “Nou het die mens geword soos een van Ons deur goedheid en boosheid te ken.” Sodat hy nie sy hand uitsteek en ook van die ‘Boom-van-die-Lewe’ neem, eet en lewe vir ewig nie,

23 het יהוה-God hom weggestuur uit die tuin van `Eden om die grond om te spit waaruit hy gehaal is. [Gen 2:15]

24 Só het Hy die mens uitgedrywe en gérubs aan die voorkant van die tuin van `Eden laat bly, met die vlammende swaard wat heen en weer draai, om wag te hou oor die pad na die ‘Boom-van-die-Lewe’. [Yog 3:17; Open 22:14]

4 1 Adam het ’n verbondsverhouding met sy vrou Havah gehad en sy het swanger geword en geboorte gegee aan Kayin en gesê: “Ek het ’n man gekry vanaf יהוה.”
2 Daarna het sy ook geboorte gegee aan sy broer Hevel. Hevel het ’n skaapwagter geword en Kayin ’n landbouer.
3 Ná ’n sekere tyd het Kayin ’n offer van die vrugte van die land aan יהוה gebring
4 en Hevel het ook van die eersgeborenes van sy kleinvee gebring en van hulle vet. יהוה het Hevel en sy offer aanvaar, [Lev 1-7; Heb 11:4]
5 maar Kayin en sy offer nie aanvaar nie en Kayin het baie kwaad geword en sy gesig laat val.
6 יהוה sê vir Kayin: “Waarom is jy kwaad en waarom het jou gesig geval?
7 Is daar nie aanvaarding as jy goed doen nie? As jy nie goed doen nie, sit die sonde en wag by die deur en sy begeerte is na jou, maar jy moet daaroor heers.”
8 Kayin het vir sy broer Hevel gesê: “Laat ons na die veld toe gaan.” Dit het gebeur dat toe hulle in die veld was, Kayin teen sy broer Hevel opgestaan en hom doodgeslaan het.
9 יהוה sê vir Kayin: “Waar is jou broer Hevel?” Hy antwoord: “Ek weet nie. Is ek my broer se oppasser?”
10 יהוה sê: “Wat het jy gedoen? Die stem van die bloed van jou broer roep na My van die grond af.
11 Nou is jy vervloek deur die grond wat sy mond oopgemaak het om die bloed van jou broer uit jou hand te ontvang. [Deut 27:24]
12 As jy die grond omspit, sal dit nie meer sy krag aan jou oorgee nie; jy sal ’n vlugteling wees en rondswerf op die aarde.”
13 Kayin sê vir יהוה: “Die skuld van my oortreding is te groot vir my om te dra.
14 Let op, U verdryf my nou uit die land uit en ek moet my verberg vir U Teenwoordigheid: ek sal ’n vlugteling en swerwer op die aarde wees en elkeen wat my kry, sal my doodslaan.”
15 יהוה sê vir hom: “Daarom, as enigeen Kayin doodslaan, sal dit sewevoudig gewreek word.” יהוה het ’n merk op Kayin gesit sodat enigeen wat hom kry, hom nie sou doodslaan nie.
16 Kayin het weggegaan vanuit die Teenwoordigheid van יהוה en hy het gebly in die land Nod, aan die oostekant van `Eden.
17 Kayin het ’n verbondsverhouding met sy vrou gehad en sy het swanger geword en geboorte gegee aan Hanokh. Hy het ook ’n stad gebou en die stad genoem na die naam van sy seun, Hanokh.
18 Vir Hanokh is `Irad gebore en `Irad was die vader van Meguya’el en Meguya’el was die vader van Metusha’el en Metusha’el die vader van Lemekh.
19 Lemekh het vir homself twee vroue gevat. Die naam van die eerste was `Adah en die naam van die tweede Tzilah.
20 `Adah het geboorte gegee aan Yaval. Hy was die vader van die wat in tente gebly het en vee gehad het.
21 Die naam van sy broer was Yuval. Hy was die vader van almal wat op snaarinstrumente en blaasinstrumente speel.

22 Tzilah het ook geboorte gegee, naamlik aan Tuval-Kayin, wat allerhande koper- en ysterinstrumente gemaak het en die suster van Tuval-Kayin was Na'amah.
23 Lemekh het aan sy vroue gesê: "`Adah en Tzilah, hoor my stem! Vroue van Lemekh, luister na my woord! Ek slaan 'n man dood wat my wond en 'n seun wat my beseer.
24 As Kayin sewe maal gewreek word, dan Lemekh sewe en sewentig maal."
25 Adam het weer intiem met sy vrou verkeer en sy het geboorte gegee aan 'n seun en hom Shet genoem, want, het sy gesê: 'God het vir my 'n ander saad benoem in die plek van Hevel omdat Kayin hom doodgeslaan het.'
26 Ook vir Shet is 'n seun gebore, wat hy Enosh genoem het. Van daardie tyd af het hulle die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה onterend aangeroep (vervloek).

5 1 Hierdie is die boekrol van die nageslag van Adam. Die dag toe God Adam geskep het, het Hy hom gemaak om te wees soos God.
2 Man en vrou het Hy hulle geskep en hulle geseën en hulle 'Mens' genoem, die dag toe hulle geskep is. Mat 19:4; Mar 10:6
3 Toe Adam honderd en dertig jaar oud was, was hy die vader van 'n seun wat was soos hy, sy ewebeeld en hy het hom Shet genoem.
4 Die dae van Adam, ná die geboorte van Shet, was agt honderd jaar en hy het seuns en dogters gehad.
5 Al die dae van Adam, wat hy geleef het, was nege honderd en dertig jaar en hy is dood.
6 Toe Shet honderd en vyf jaar oud was, het hy die vader van Enosh geword.
7 Shet het ná die geboorte van Enosh nog agt honderd en sewe jaar geleef en hy het seuns en dogters gehad.
8 Al die dae van Shet was nege honderd en twaalf jaar en hy is dood.
9 Toe Enosh negentig jaar oud was, het hy die vader van Kenan geword.
10 Enosh het ná die geboorte van Kenan nog agt honderd en vyftien jaar geleef en hy het seuns en dogters gehad.
11 Al die dae van Enosh was nege honderd en vyf jaar en hy is dood.
12 Toe Kenan sewentig jaar oud was, het hy die vader van Mahalal'el geword.
13 Kenan het ná die geboorte van Mahalal'el nog agt honderd en veertig jaar geleef en hy het seuns en dogters gehad.
14 Al die dae van Kenan was nege honderd en tien jaar en hy is dood.
15 Toe Mahalal'el vyf en sestig jaar oud was, het hy die vader van Yered geword.
16 Mahalal'el het ná die geboorte van Yered nog agt honderd en dertig jaar geleef en hy het seuns en dogters gehad.
17 Al die dae van Mahalal'el was agt honderd vyf en negentig jaar en hy is dood.
18 Toe Yered honderd twee en sestig jaar oud was, het hy die vader van Hanokh geword.
19 Yered het ná die geboorte van Hanokh nog agt honderd jaar geleef en hy het seuns en dogters gehad.
20 Al die dae van Yered was nege honderd twee en sestig jaar en hy is dood.
21 Toe Hanokh vyf en sestig jaar oud was, het hy die vader van Metushelag geword.

22 Hanokh het ná die geboorte van Metushelag nog drie honderd jaar guns by God gevind en hy het seuns en dogters gehad.
23 Al die dae van Hanokh was drie honderd vyf en sestig jaar.
24 Hanokh het naby God geleef en hy het verdwyn, want God het hom weggevat.
25 Toe Metushelag honderd sewe en tagtig jaar oud was, het hy die vader van Lemekh geword.
26 Metushelag het ná die geboorte van Lemekh nog sewe honderd twee en tagtig jaar geleef en hy het seuns en dogters gehad.
27 Al die dae van Metushelag was nege honderd nege en sestig jaar en hy is dood.
28 Toe Lemekh honderd twee en tagtig jaar oud was, het hy vader geword
29 en sy seun Noag genoem, want hy het gesê: "Hierdie een sal ons vertroos in ons werk en in die moeitevolle dade van ons hande as gevolg van die grond wat יהוה vervloek het." Gen 3:17
30 Lemekh het ná die geboorte van Noag nog vyf honderd vyf en negentig jaar geleef en hy het seuns en dogters gehad.
31 Al die dae van Lemekh was sewe honderd sewe en sewentig jaar en hy is dood.
32 Noag was vyf honderd jaar oud en Noag het die vader geword van Shem, Gam en Yefet.

6 1 Dit het gebeur dat die mense oor die oppervlakte van die aarde begin vermeerder het en toe daar vir hulle dogters gebore is,
2 sien die seuns van God dat die dogters van die mense mooi was en hulle het vir hulle almal wat hulle verkies het, as vroue gevat.
3 יהוה het gesê: "My Gees sal nie vir ewig in die mens heers nie omdat hy ook vlees is; laat sy tyd een honderd en twintig jaar wees."
4 Daardie dae, toe die seuns van God by die dogters van die mense ingegaan en dié vir hulle kinders gebaar het, was daar reuse (of gevallenes) op die aarde en ook daarna. Hulle was die kragtige vegters uit die ou tyd, die manne van eer en outoriteit.
5 יהוה het gesien dat die boosheid van die mens groot was op die aarde en dat elke vorming van 'n gedagte in sy gedagtes en wil, altyddeur boos was
6 en יהוה het gesug omdat Hy die mens op die aarde gemaak het en daar was pyn in Sy binneste.
7 יהוה sê: "Ek sal die mens wat Ek geskep het van die aarde af vernietig, die mens sowel as die diere, die reptiele en die voëls van die hemel; Ek sug omdat Ek hulle gemaak het."
8 Noag het egter guns gevind in die oë van יהוה.
9 Hierdie is die geskiedenis van Noag. Noag was in sy tyd 'n onskuldige, opregte man met integriteit. God was tevrede met Noag.
10 Noag was die vader van drie seuns: Shem, Gam en Yefet.
11 Die aarde was korrup voor God en die aarde was vol boosheid.
12 God het gesien dat die aarde korrup was, want alle vlees het hulle lewenswyse op die aarde korrup gemaak.

13 God sê daarom vir Noag: “Die einde van alle vlees het voor My gekom, want die aarde is deur hulle volgemaak met boosheid. Let op, Ek gaan hulle saam met die aarde vernietig.
14 Maak vir jou ’n ark van goferhout; jy moet die ark met kamers maak en dit binne en buite met pik toedek
15 en só moet jy dit maak: die lengte van die ark, drie honderd el; sy breedte, vyftig el en sy hoogte, dertig el.
16 Jy moet ’n opening maak vir die ark; jy moet dit ’n el van die bokant af afwerk en die deur van die ark aan die sykant sit. Jy moet dit met ’n onderste, tweede en derde verdieping maak.
17 Let op, Ék bring ’n vloed van water oor die aarde, om van onder die hemel alle vlees waarin ’n gees van lewe is, te vernietig. Alles wat op die aarde is, sal doodgaan.
18 Met jou sal Ek My verbond bevestig; jy moet in die ark ingaan, jy en jou seuns en jou vrou en die vroue van jou seuns saam met jou
19 en van al wat lewe, van alle vlees, moet jy twee van elk in die ark laat ingaan om dit saam met jou in die lewe te hou: hulle moet mannetjie en wyfie wees.
20 Vanuit die voëls, volgens hulle spesies, vanuit die vee, volgens hulle spesies, vanuit al die reptiele van die aarde, volgens hulle spesies; twee van elke spesie moet na jou toe kom om in die lewe te bly.
21 Vat vir jou van al die kos wat geëet word en maak dit by jou bymekaar sodat dit vir jou en vir hulle as kos kan dien.”
22 Noag het dit alles gedoen, presies net soos God hom beveel het, so het hy gedoen.

7 1 יהוה het vir Noag gesê: “Kom in die ark in, jy en jou hele huisgesin, want Ek het gesien dat jy, in hierdie geslag, alleen onskuldig en opreg is voor My.
2 Van al die rein diere moet jy vir jou sewe mannetjies en sewe wyfies vat, maar van die diere wat nie rein is nie, twee; die mannetjie en sy wyfie.
3 Net so ook sewe mannetjies en sewe wyfies van die rein voëls van die hemel, om hulle saad aan die lewe te hou op die aarde,
4 want oor nog sewe dae sal Ek dit laat reën op die aarde vir veertig dae en veertig nagte en al die lewende wesens, wat Ek gemaak het, van die oppervlak van die aarde af, vernietig.”
5 Noag het alles gedoen wat יהוה hom beveel het.
6 Noag was ses honderd jaar oud toe die watervloed oor die aarde gekom het.
7 Noag, sy seuns, sy vrou en die vroue van sy seuns saam met hom, het in die ark ingegaan voor die waters van die vloed.
8 Vanuit die rein diere, vanuit die diere wat nie rein is nie, vanuit die voëls en vanuit alles wat op die aarde kruip,
9 het daar pare saam met Noag in die ark ingegaan, ’n mannetjie en ’n wyfie, soos God vir Noag beveel het.
10 Dit het gebeur dat ná sewe dae die waters van die vloed oor die aarde gekom het.
11 In die ses honderdste jaar van die lewe van Noag, in die tweede maand, op die sewentiende dag van die maand, op dié dag, is al die fonteine van die diep watermassas oopgeskeur en die sluise van die hemel is oopgemaak

12 en die reën het veertig dae en veertig nagte lank oor die aarde geval.
13 Op daardie selfde dag het Noag, Shem, Gam en Yefet, die seuns van Noag, sowel as Noag se vrou en die drie vroue van sy seuns, saam met hulle in die ark ingegaan.
14 Hulle, al die lewende diere volgens hulle spesies, al die vee volgens hulle spesies, al die reptiele volgens hulle spesies en al die voëls volgens hulle spesies, alle voëls van elke soort,
15 van alle vlees wat ’n asem van lewe in het, het twee-twee by Noag in die ark ingegaan.
16 Dié wat ingaan, het ingegaan as mannetjie en wyfie van elke lewende ding, soos God hom beveel het en יהוה het agter hom toegesluit.
17 Die vloed was veertig dae lank oor die aarde: die water het vermeerder en die ark opgelig, hoog bokant die aarde
18 en die water het die oorhand gekry en baie vermeerder oor die aarde terwyl die ark op die waters ronddrywe.
19 Die water het heeltemal die oorhand gekry oor die aarde sodat al die hoë berge onder die ganse hemel toegemaak was.
20 Vyftien el bo die berge het die waters geheers en die berge toegedek.
21 Alle vlees wat op die aarde beweeg: die voëls, die vee, alle lewende en kruipende diere wat op die aarde wemel en al die mense is dood.
22 Alles wat die asem van die gees van lewe in sy neusgate gehad het, alles wat op die oppervlak van die grond was, is dood.
23 Al die lewende wesens wat op die aarde was, is vernietig; die mens, sowel as die vee, die kruipende diere en selfs die voëls van die hemel; hulle is afgevee van die aarde af en net Noag en die wat saam met hom in die ark was, het oorgebly.
24 Die water het die aarde oorweldig vir honderd en vyftig dae lank.

8 1 God het Noag, alles wat lewe en al die vee wat saam met hom in die ark was, onthou en God het ’n wind oor die aarde laat waai sodat die water gesak het.
2 Die fonteine van die diep watermassas en die sluise van die hemel het ook toegegaan en die reën uit die hemel het opgehou.
3 Die water het aanhoudend teruggetrek van die aarde af en die water het verminder aan die einde van honderd en vyftig dae
4 en die ark het in die sewende maand, op die sewentiende dag van die maand, op die bergreeks van Ararat gerus.
5 Die water het geleidelik afgeneem tot die tiende maand toe. Op die eerste dag van die tiende maand, het die toppe van die berge sigbaar geword.
6 Dit het gebeur dat, na veertig dae, Noag die venster van die ark wat hy gemaak het, oopgemaak
7 en ’n kraai uitgestuur het wat aanhoudend heen en weer gevlieg het totdat die water weggedroog het van die aarde af.
8 Toe het hy vir homself ’n duif laat wegvlieg om te sien of die water oor die aarde se oppervlakte verminder het,

9 maar die duif het geen rusplek vir die holte van haar voet gevind nie en na hom teruggekom in die ark, want die water was oor die hele aarde. Hy het sy hand uitgesteek en haar gegryp en in die ark by hom gebring.
10 Hy het weer sewe dae gewag en hy het die duif weer uit die ark uitgestuur.
11 Die duif het teen sonsondergang na hom toe gekom en let op, daar was ’n groen olyfblaar in haar bek! Noag het geweet dat die water oor die aarde verminder het.
12 Hy het nog sewe dae gewag en weer die duif uitgestuur, maar dit het nie weer na hom toe teruggekom nie.
13 Dit het so gebeur dat in die ses honderd en eerste jaar, in die eerste maand, op die eerste van die maand, die waters weggedroog het van die aarde af en Noag het die dak van die ark afgehaal, uitgekyk en let op, die oppervlak van die aarde was droog!
14 In die tweede maand, op die sewe en twintigste dag van die maand, was die aarde droog
15 en God het met Noag gepraat en gesê:
16 “Gaan uit die ark uit, jy, jou vrou, jou seuns en die vroue van jou seuns saam met jou.
17 Laat alles, van alle vlees wat lewe en by jou is: die voëls, die vee en al die reptiele wat op die aarde kruip, saam met jou uitgaan dat hulle kan wemel en vrugbaar wees en vermeerder op die aarde.”
18 Toe gaan Noag, sy seuns, sy vrou en die vroue van sy seuns saam met hom uit.
19 Alles wat lewe, al die reptiele, al die voëls en alles wat op die aarde beweeg, volgens hulle spesies, het uit die ark uitgegaan.
20 Noag het vir יהוה ’n altaar gebou en van elkeen van die rein diere en van elkeen van die rein voëls gevat en brandoffers op die altaar gebring [Lev 1:2,3]
21 en יהוה het die aangename geur geruik en יהוה het in Sy wil en verstand gesê: “Ek sal die aarde nie weer vervloek ter wille van die mens nie, want elke vorming van ’n gedagte in sy gedagtes en wil, van sy jeug af, is boos en Ek sal ook nie weer al die lewende wesens tref soos Ek gedoen het nie.
22 Terwyl die aarde bestaan, sal saaityd en oestyd, koue en hitte, somer en winter en dag en nag nie ophou nie.” [Deut 11:14; Yir 31:35,36]

9 1 God het Noag en sy seuns geseën en vir hulle gesê: “Wees vrugbaar en vermeerder en hervul die aarde.
2 Die vrees en die skrik vir julle sal oor al die lewende dinge van die aarde en al die voëls van die hemel wees; alles wat op die aarde beweeg en al die visse van die see. Hulle is in julle hand gegee.
3 Alles wat beweeg en lewe, sal julle kos wees. Net soos die groen plante gegee is, gee Ek dit alles vir julle.
4 Net die vleis met die lewe, dit is, sy bloed, mag julle nie eet nie.[Lev 3:17; 7:26; 17:14; Deut 12:23]
5 Sekerlik sal ek julle bloed, julle lewe, van julleself vra: van al die diere sal Ek dit vra. Ook van die mens, van mens teenoor mens, sal Ek die lewe van die mens vra.
6 Hy wat die bloed van ’n mens vergiet, sy bloed sal deur die mens vergiet word, want God het die mens na Sy beeld gemaak.

7 Wees julle vrugbaar en vermeerder; bring oorvloedig voort op die aarde en vermeerder daarop.”
8 God het met Noag en sy seuns by hom gepraat en gesê:
9 “Ek, let op, Ek sluit My verbond met julle en met julle nageslag ná julle
10 en met al die lewende wesens wat by julle is: die voëls, die vee en al die lewende diere van die aarde by julle; alles wat uit die ark uitgegaan het; al die diere van die aarde.
11 Ek sal My verbond met julle vasmaak: nooit weer sal alle vlees deur die water van ’n vloed uitgewis word nie en daar sal nooit weer ’n vloed wees wat die aarde vernietig nie.”
12 God het vir Noag gesê: “Dit is die teken van die verbond wat Ek tussen My en julle en al die lewende wesens wat by julle is, sluit, vir ewige geslagte:
13 My boog het Ek in die wolke gegee; dit sal ’n teken wees van die verbond tussen My en die aarde.
14 As Ek dan ’n wolk oor die aarde bring en hierdie boog verskyn in die wolk,
15 dan sal Ek dink aan My verbond wat daar tussen My en julle en al die lewende wesens, in alle vlees, is en die water sal nooit weer ’n vloed word om alle vlees te vernietig nie.
16 Die boog sal in die wolk wees en Ek sal dit sien om te onthou van die ewige verbond tussen God en al die lewende wesens, in alle vlees, wat op die aarde is.”
17 God het vir Noag gesê: “Dit is die teken van die verbond wat Ek gesluit het tussen My en alle vlees wat op die aarde is.”
18 Die seuns van Noag wat uit die ark uitgegaan het, was Shem, Gam en Yefet en Gam was die vader van Kena’an.
19 Hierdie drie was die seuns van Noag en vanaf hulle het hulle versprei oor die hele aarde.
20 Noag het begin om die grond om te ploeg en ’n wingerd geplant
21 en van die wyn gedrink, dronk geword en kaal in sy tent gelê.
22 Gam, die vader van Kena’an, het sy vader se skande gesien en dit vir sy twee broers buitekant gesê.
23 Shem en Yefet het ’n bo-kleed gevat en dit op hulle skouers gehou terwyl hulle agteruit loop en hulle het hulle vader se skande toegemaak: hulle gesig was agtertoe gedraai sodat hulle die skande van hulle vader nie gesien het nie. [Lev 18:6,7]
24 Noag het van sy wyn wakker geword en te wete gekom wat sy jonger seun aan hom gedoen het
25 en hy sê: “Vervloek is Kena’an! ’n Dienskneg van die diensknegte moet hy wees vir sy broers.”
26 Hy het ook gesê: “Geseënd is יהוה, die God van Shem, maar Kena’an moet sy dienskneg wees.
27 Mag God Yefet vergroot en mag hy woon in die tente van Shem, maar Kena’an moet sy dienskneg wees.”
28 Noag het ná die vloed drie honderd en vyftig jaar gelewe.
29 Al die dae van Noag was nege honderd en vyftig jaar en hy is dood.

10 1 Hierdie is die nageslag van die seuns van Noag: Shem, Gam en Yefet; daar is vir hulle seuns gebore ná die vloed.
2 Die seuns van Yefet was: Gomer, Magog, Madai, Yavan, Tuval, Meshekh en Tiras.
3 Die seuns van Gomer was: Ashkenaz, Rifat en Togarmah.
4 Die seuns van Yavan was: Elíshah, Tarshish, die Kittiërs en Dodaniete.
5 Vanuit hierdie is die streke van die nasies verdeel in hulle lande, elkeen volgens sy taal, volgens hulle families, volgens hulle nasies.
6 Die seuns van Gam was: Kush, Mitzrayim, Put en Kena'an.
7 Die seuns van Kush was: S'va, Havilah, Savta, Ra'mah en Savt'kha. Die seuns van Ra'mah was: Sh'va en D'dan.
8 Kush was ook die vader van Nimrod. Hy het al verwoestende 'n kragtige vegter op aarde geword.
9 Hy was 'n kragtige jagter voor יהוה; daarom sê hulle: "Net soos Nimrod, 'n kragtige jagter voor יהוה."
10 Die begin van sy ryk was Bavel, Erekh, Akkad en Kalneh in die land Shin'ar.
11 Vanuit Shin'ar het hy uitgetrek na Ashur en Ninveh gebou, asook die stede Regovot, Kelag
12 en Resen, wat 'n groot stad was tussen Ninveh en Kelag.
13 Mitzrayim was die vader van die Ludiete, `Anamiete, L'haviete, Naftugiete,
14 die Patrusiete, Kaftoriete en Kaslugiete; waaruit die F'lishtyne voortgekom het.
15 Kena'an was die vader van Tzidon, sy eersgeborene, Het,
16 die Y'vusiete, Emoriete, Girgashiete,
17 die Hiviete, `Arkiete, Siniete,
18 die Arvadiete, Tz'mariete en Hamatiete. Daarna is die families van die Kena'aniete versprei.
19 Die gebied van die Kena'aniete was van Tzidon af in die rigting van G'rar tot by Gazah, in die rigting van S'dom, `Amorah, Admah en Tzvoyim tot by Lesha.
20 Dit was die seuns van Gam volgens hulle families, volgens hulle tale, in hulle lande en volgens hulle nasies.
21 Ook vir Shem, die ouer broer van Yefet, die stamvader van al die seuns van `Ever, is seuns gebore.
22 Die seuns van Shem was: `Eilam, Ashur, Arpakhshad, Lud en Aram.
23 Die seuns van Aram was: `Utz, Hul, Geter en Mash.
24 Arpakhshad was die vader van Shelag en Shelag van `Ever.
25 Vir `Ever is twee seuns gebore; die naam van die een was Peleg, [Gen 11:6-9] want in sy dae het die aardbewoners verdeeld geraak en die naam van sy broer was Yoktan.
26 Yoktan was die vader van Almódad, Shelef, Hatzar-Mavet, Yerag,
27 Hadoram, Uzal, Diklah,
28 `Oval, Avima'el, Sh'va,
29 Ofir, Havilah en Yovav. Hulle almal was seuns van Yoktan.
30 Hulle blyplek was van Mesha af in die rigting van S'far, die berg van die ooste.
31 Dit is die seuns van Shem volgens hulle geslagte, volgens hulle tale, in hulle lande en volgens hulle nasies.

32 Dit is die families van die seuns van Noag volgens hulle geslagte, volgens hulle nasies en vanuit hulle het die nasies ná die vloed oor die aarde versprei.

11 1 Dit was so dat die hele aarde dieselfde taal en dieselfde manier van praat gehad het.

2 Dit het so gebeur dat toe hulle weggetrek het vanuit die ooste, hulle ’n wye oop vallei in die land van Shin’ar gekry het en hulle het daar gaan bly.

3 Hulle sê toe vir mekaar: “Kom ons maak stene en brand dit met vuur.” Hulle het toe die bakstene as klippe en die lymgrond (Asfalt) vir klei gehad.

4 Hulle sê ook: “Kom, laat ons vir ons ’n stad bou en ’n toring waarvan die punt in die hemele is en laat ons vir ons ’n karakter en outoriteit (naam) daarstel sodat ons nie oor die hele aarde verstrooid raak nie.”

5 יהוה het afgekom om die stad en die toring te sien wat die seuns van die mens gebou het.

6 יהוה het gesê: “Let op, hulle is nou een volk en het almal een taal en dit is net die begin van wat hulle beplan het om te doen; nou sal niks wat hulle beplan om te doen vir hulle onmoontlik wees nie.

7 Kom, laat Ons afgaan en hulle taal daar verwar sodat die een die taal van die ander nie kan verstaan nie.”

8 Só het יהוה hulle daarvandaan oor die hele aarde verstrooi en hulle het opgehou om die stad te bou.

9 Hulle het dit as gevolg daarvan Bavel genoem, want dáár het יהוה die taal van die hele aarde deurmekaar gemaak en daarvandaan het יהוה hulle oor die hele aarde verstrooi.

10 Dit is die nageslag van Shem: toe Shem honderd jaar oud was, het hy die vader van Arpakhshad geword, twee jaar ná die vloed.

11 Shem het ná die geboorte van Arpakhshad nog vyf honderd jaar geleef en hy het seuns en dogters gehad.

12 Toe Arpakhshad vyf en dertig jaar oud was, het hy die vader van Shelag geword.

13 Arpakhshad het ná die geboorte van Shelag nog vier honderd en drie jaar geleef en hy het seuns en dogters gehad.

14 Toe Shelag dertig jaar oud was, het hy die vader van `Ever geword.

15 Shelag het ná die geboorte van `Ever nog vier honderd en drie jaar geleef en hy het seuns en dogters gehad.

16 Toe `Ever vier en dertig jaar oud was, het hy die vader van Peleg geword.

17 `Ever het ná die geboorte van Peleg nog vier honderd en dertig jaar geleef en hy het seuns en dogters gehad.

18 Toe Peleg dertig jaar oud was, het hy die vader van Re’u geword.

19 Peleg het ná die geboorte van Re’u nog twee honderd en nege jaar geleef en hy het seuns en dogters gehad.

20 Toe Re’u twee en dertig jaar oud was, het hy die vader van S’rug geword.

21 Re’u het ná die geboorte van S’rug nog twee honderd en sewe jaar geleef en hy het seuns en dogters gehad.

22 Toe S’rug dertig jaar oud was, het hy die vader van Nagor geword.

23 S’rug het ná die geboorte van Nagor nog twee honderd jaar geleef en hy het seuns en dogters gehad.
24 Toe Nagor nege en twintig jaar oud was, het hy die vader van Terag geword.
25 Nagor het ná die geboorte van Terag nog honderd en negentien jaar geleef en hy het seuns en dogters gehad.
26 Toe Terag sewentig jaar oud was, het hy die vader geword van Avram, Nagor en Haran.
27 Dit is die nageslag van Terag: Terag het die vader geword van Avram, Nagor en Haran en Haran van Lot.
28 Haran is in Ur van die Kasdeërs, in sy geboorteland, dood terwyl sy vader Terag nog geleef het.
29 Avram en Nagor het vir hulle vroue gevat. Die naam van Avram se vrou was Sarai en die naam van Nagor se vrou was Milkah, die dogter van Haran, die vader van Milkah en van Yiskah.
30 Sarai was onvrugbaar, sy het geen kind gehad nie.
31 Terag het sy seun Avram, Lot, die seun van Haran, sy kleinseun [Hand 7:4] en vir Sarai, sy skoondogter, die vrou van sy seun Avram, gevat en saam met hulle uit Ur van die Kasdeërs getrek om na die land Kena’an te gaan. Hulle het tot by Haran gekom en daar gaan bly.
32 Die dae van Terag was twee honderd en vyf jaar en Terag is in Haran dood.

12 1 יהוה het vir Avram gesê: “Jy, gaan jy uit jou land, uit jou familie en uit jou vader se huis uit, na ’n land wat Ek jou sal wys
2 en Ek sal jou ’n groot nasie maak en jou seën en jou karakter en outoriteit (naam) groot maak en jy sal ’n seën wees
3 en Ek sal diegene seën wat jou seën en hom vervloek wat jou vervloek en in jou sal al die families van die aarde geseën word.”
4 Avram het weggetrek soos יהוה vir hom gesê het en Lot het saam met hom getrek. Avram was vyf en sewentig jaar oud toe hy uit Haran vertrek het.
5 Avram het Sarai, sy vrou en Lot, sy broerskind, gevat en al hulle besittings wat hulle bymekaargemaak het en die mense wat hulle in Haran bygekry het en hulle het uitgetrek om na die land Kena’an te gaan en in die land Kena’an aangekom.
6 Avram het deur die land getrek na die plek Sh’khem, tot by die Eikeboom van Moreh. Die Kena’aniete was toe in die land.
7 יהוה het aan Avram verskyn en gesê: “Aan jou nageslag sal Ek hierdie land gee.” Toe bou hy daar ’n altaar vir יהוה wat aan hom verskyn het. [Hand 7:5]
8 Daarvandaan het hy vertrek na die berge oos van Beit-El en sy tent tussen Beit-El aan die see se kant en `Ai aan die oostekant opgeslaan en daar vir יהוה ’n altaar gebou en die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה aangeroep.
9 Avram het al verder na die Suidland (Negev) getrek.
10 Daar was hongersnood in die land sodat Avram na Mitzrayim afgetrek het om daar te bly, want die hongersnood was swaar in die land.
11 Dit het gebeur dat toe hy op die punt staan om Mitzrayim binne te gaan, hy vir sy vrou Sarai gesê het: “Let op, ek weet dat jy ’n vrou is wat mooi is om na te kyk

12 en dit sal gebeur dat as die Mitzrayimiete jou sien, hulle sal sê: ‘Dit is sy vrou’ en hulle sal my doodmaak en jou laat lewe.
13 Sê asseblief jy is my suster sodat dit met my goed kan gaan ter wille van jou en ek as gevolg van jou in die lewe kan bly.”
14 Dit het so gebeur dat toe Avram in Mitzrayim kom, die Mitzrayimiete gesien het dat sy vrou baie mooi was.
15 Die heersers van Farao het haar ook gesien en haar by Farao aangeprys en die vrou is in Farao se paleis ingevat.
16 Hy het Avram goed behandel om haar ontwil sodat hy kleinvee, beeste, esels, slawe en slavinne, eselinne en kamele gekry het.
17 יהוה het Farao en sy huis egter met groot plae getref as gevolg van Sarai, die vrou van Avram.
18 Daarop laat Farao Avram roep en sê: “Wat is dit wat jy aan my gedoen het? Waarom het jy my nie gesê dat sy jou vrou is nie?
19 Waarom het jy gesê: ‘Sy is my suster’ sodat ek haar vir my as vrou kon gevat het? Daarom dan, hier is jou vrou, vat haar en gaan weg.”
20 Farao het sy manne bevel gegee aangaande hom en hulle het hom weggestuur saam met sy vrou en al sy besittings.

13 1 Avram het uit Mitzrayim na die Negev opgetrek; hy, met sy vrou en al sy besittings en Lot saam met hom.
2 Avram was baie ryk aan vee, silwer en goud.
3 Hy het van plek tot plek vanuit die Negev deurgetrek tot by Beit-El, na die plek waar sy tent in die begin gestaan het, tussen Beit-El en `Ai,
4 na die plek van die altaar wat hy vroeër daar gebou het en Avram het daar die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה aangeroep.
5 Lot, wat saam met Avram getrek het, het ook groot troppe kleinvee, beeste en tente gehad
6 en die land kon hulle nie dra om saam te bly nie, want hulle besittings was baie sodat hulle nie saam kon bly nie.
7 Daar was ’n geskil tussen Avram en Lot se veewagters en verder het die Kena’aniete en P’risiete toe ook in die land gebly.
8 Toe sê Avram vir Lot: “Laat daar tog geen twis wees tussen my en jou en tussen my wagters en jou wagters nie; ons is tog broers.
9 Lê die hele land nie voor jou nie? Skei jou nou van my af; as jy links gaan, dan sal ek regs gaan en as jy regs gaan, dan sal ek links gaan.”
10 Lot slaan sy oë op en sien dat die hele Yardenvallei oral baie water het. Voordat יהוה S’dom en `Amorah verwoes het, was dit soos die tuin van יהוה, soos Mitzrayim in die rigting van Tzo’ar.
11 Lot het vir hom die hele Yardenstreek gekies en Lot het na die ooste weggetrek. So het hulle dan van mekaar geskei.
12 Avram het aangehou bly in die land Kena’an en Lot het gaan woon in die stede van die Yardenstreek en sy tente tot sover as by S’dom opgeslaan.
13 Die manne van S’dom was uitermate boos en sondig voor יהוה.

14 Nadat Lot van hom geskei het, sê יהוה vir Avram: “Lig nou jou oë op en kyk vanaf die plek waar jy staan na die noorde, die suide, die ooste en die weste,
15 want al die land wat jy sien, sal Ek aan jou gee en aan jou nageslag tot in ewigheid
16 en Ek sal jou nageslag maak soos die stof van die aarde sodat as iemand die stof van die aarde kon tel, jou nageslag ook getel kon word. Hand 7:5
17 Staan op, gaan die land deur in sy lengte en sy breedte, want Ek sal dit aan jou gee.”
18 Toe het Avram sy tente geskuif en gaan bly by die Eikebome van Mamre, wat by Hevron is en hy het daar vir יהוה ’n altaar gebou.

14 1 Dit was in die dae van Amrafel, die koning van Shin’ar; Aryok, die koning van Ellasar; K’dorla’omer, die koning van `Eilam en Tid’al, die koning van Gelites,
2 dat hulle oorlog gemaak het teen Bera, die koning van S’dom, Birsha, die koning van `Amorah, Shin’av, die koning van Admah, Shem’ever, die koning van Tzvoyim en teen die koning van Bela, wat Tzo’ar is.
3 Al hierdie het bymekaargekom in die vlakte van Siddim, dit is die Soutsee.
4 Hulle het K’dorla’omer twaalf jaar lank gedien, maar in die dertiende jaar het hulle gerebelleer.
5 In die veertiende jaar het K’dorla’omer en die konings wat saam met hom was gekom en hulle het die Refa’iete in `Asht’rot-Karnayim, die Zuziete in Ham, die Eimiete in Shaveh-Kiryatayim
6 en die Horiete op hulle Se’ir gebergtes, tot by Eil-Pa’ran, wat aan die wildernis lê, verslaan.
7 Daarna het hulle omgedraai en by Ein-Mishpat, dit is Kadesh, gekom en die hele land van die `Amalekiete verower asook die Emoriete wat in Hatzatzon-Tamar bly.
8 Toe gaan die konings van S’dom, `Amorah, Admah, Tzvoyim en Bela, dit is Tzo’ar, uit en stel hulleself op in slagorde in die vlakte van Siddim
9 teen K’dorla’omer, die koning van `Eilam, Tid’al, die koning van die ander nasies, Amrafel, die koning van Shin’ar en Aryok, die koning van Ellasar: vier konings teen vyf.
10 Die vlakte van Siddim was vol asfaltgate en toe die konings van S’dom en `Amorah wegvlug, het sommige daarin geval en die wat oorgebly het, het na die berge gevlug.
11 Hulle het al die besittings van S’dom en `Amorah en al hulle kos gevat en weggetrek.
12 Hulle het ook vir Lot, Avram se broerskind en al sy besittings gevat, want hy het in S’dom gebly en weggegaan.
13 ’n Vlugteling kom en vertel dit vir Avram, die Hebreër wat by die Eikebome van Mamre, die Emoriet, broer van Eshkol en `Aner, gebly het; hulle was in verbond met Avram.
14 Toe Avram hoor dat sy broerskind as gevangene weggevoer is, het hy sy drie honderd en agtien opgeleide, geoefende manne, wat in sy huis gebore is, laat uittrek en hulle tot by Dan agtervolg.

15 Hy en sy diensknegte het opgedeel in die nag en hulle aangeval en hulle verslaan en agtervolg tot by Hovah wat noord van Dammesek lê.
16 Hy het al die besittings teruggebring, asook sy broerskind Lot en sy besittings, die vroue en al die mense.
17 Die koning van S’dom het ná sy terugkoms van die verslaan van K’dorla’omer en die konings wat saam met hom was, uitgetrek, hom tegemoet, in die Shavehvallei, dit is die Koningsvallei.
18 Malki-Tzedek, die koning van Shalem, nie-Levitiese priester van El-`Elyon (Die Allerhoogste, Magtige God), het brood en wyn uitgebring [Ps 76:3]
19 en hom geseën en gesê: “Geseënd is Avram deur El-`Elyon, die Skepper van hemele en aarde
20 en geseënd is El-`Elyon, wat u vyande in u hand gegee het.” Toe gee Avram hom ’n tiende van alles. [Heb 7:1,2]
21 Die koning van S’dom sê vir Avram: “Gee vir my die mense, maar vat die besittings vir uself,
22 maar Avram antwoord die koning van S’dom: “Ek het my hand opgelig voor יהוה, El-`Elyon, die Skepper van hemele en aarde
23 sodat ek geen garingdraad of skoenriem sal vat en niks van enige iets wat u s’n is nie sodat u nie kan sê: ‘Ek het Avram ryk gemaak,’ nie;
24 net wat die diensknegte geëet het en die manne wat saam met my getrek het se deel: `Aner, Eshkol en Mamre, laat dié hulle deel vat.”

15 1 Ná hierdie dinge het die boodskap van יהוה tot Avram gekom in ’n visioen en gesê: “Moenie bang wees nie, Avram, Ek is vir jou ’n Skild en jou beloning sal uitermate groot wees.”
2 Avram vra: “Meester-יהוה wat sal U my gee aangesien ek sonder kinders doodgaan en die seun van die erfgenaam van my huis is hierdie Eli’ezer van Dammesek?”
3 Verder het Avram gesê: “U het nie vir my ’n nageslag gegee nie en let op, ’n seun wat in my huis gebore is, is my erfgenaam.”
4 “Let op,” sê יהוה vir hom, “hierdie man sal nie jou erfgenaam wees nie, maar een wat uit jou eie liggaam sal kom, hy sal jou erfgenaam wees.” [Hand 7:5]
5 Hy het hom na buite gebring en gesê: “Kyk nou goed na die hemel en tel die sterre as jy ’n getal daaraan kan gee.” Hy sê ook vir hom: “Net so sal jou nageslag wees.”
6 Avram het in יהוה vertrou [Ya’a 2:23; Rom 4:3,9,18,22; Gal 3:6] en Hy het hom dít tot onpartydige opregtheid gereken.
7 Hy het ook vir hom gesê: “Ek is יהוה wat jou uitgebring het uit Ur van die Kasdeërs om vir jou hierdie land te gee om te besit.”
8 Hy sê: “O, יהוה-God, waaraan sal ek weet dat ek dit in besit sal neem?”
9 Hy antwoord hom: “Vat vir My ’n driejaaroud vers, ’n driejaaroud bokooi, ’n driejaaroud ram, ’n tortelduif en ’n jong duif.”
10 Hy het dit alles vir Hom gebring en dit middeldeur gesny en die helftes teenoor mekaar gelê, maar die voëls het hy nie in twee gesny nie.
11 Toe die roofvoëls op die karkasse afkom, het Avram hulle weggejaag

12 en toe die son besig was om onder te gaan, val daar 'n diepe slaap oor Avram en let op, verskrikking en groot duisternis het oor hom gekom.

13 יהוה sê vir Avram: "Weet verseker dat jou nageslag vreemdelinge sal wees in 'n land wat nie aan hulle behoort nie. Hulle sal slawe wees en onderdruk word vir vier honderd jaar lank,

14 maar Ek sal ook die nasie onder wie hulle slawe moet wees oordeel en daarna sal hulle uitgaan met baie besittings. [Hand 7:7]

15 Wat jou betref: jy sal na jou vaders gaan in vrede, jy sal in 'n goeie ouderdom begrawe word,

16 maar na vier eeue sal hulle hierheen terugkom, want die boosheid van die Emoriete is tot nou toe nie volledig nie." [Deut 9:5]

17 Dit het so gebeur dat ná sononder, toe dit heeltemal donker was, let op, 'n rokende oond en brandende fakkel tussen die stukke vleis deur gegaan het.

18 Op daardie dag het יהוה met Avram 'n verbond gesluit en gesê: "Aan jou nageslag het Ek hierdie land gegee, [Hand 7:5] van die rivier van Mitzrayim af tot by die groot rivier, die Feratrivier (Eufraat):

19 die Keiniete, K'niziete, Kadmoniete,

20 Hittiete, P'riziete, Refa'iete (Reuse),

21 Emoriete, Kena'aniete, Girgashiete en Y'vusiete."

16 1 Sarai, die vrou van Avram, het vir hom geen kinders voortgebring nie en sy het 'n slavin uit Mitzrayim gehad met die naam van Hagar.

2 Sarai het vir Avram gesê: "Let op, יהוה het van my teruggehou om geboorte te gee. Gaan, wees intiem met my slavin; miskien kan ek kinders deur haar hê." Avram het na Sarai geluister.

3 Sarai, die vrou van Avram, vat vir Hagar, haar slavin van Mitzrayim en gee haar aan haar man Avram as vrou nadat Avram tien jaar in die land Kena'an gewoon het.

4 Hy was intiem met Hagar en sy het swanger geword. Toe sy sien dat sy swanger is, was haar meesteres veragtelik in haar oë.

5 Sarai sê vir Avram: "Dié onreg aan my gedoen, is op jou! Ek self het my slavin aan jou bors gegee en nou dat sy sien dat sy swanger is, het ek veragtelik in haar oë geword. Laat יהוה oordeel tussen my en jou."

6 Avram antwoord Sarai: "Let op, jou slavin is in jou hand; doen met haar soos dit goed is in jou oë." Toe het Sarai haar sleg behandel en sy het van haar af weggevlug.

7 Die boodskapper van יהוה het haar by 'n fontein in die woestyn gekry, by die fontein op pad na Shur,

8 en gevra: "Hagar, slavin van Sarai, waar kom jy vandaan en waar gaan jy heen?" Sy antwoord: "Ek vlug van die teenwoordigheid van my meesteres, Sarai, af weg."

9 Die boodskapper van יהוה sê vir haar: "Gaan terug na jou meesteres en onderwerp jou onder haar hande."

10 Verder sê die boodskapper van יהוה vir haar: "Ek sal jou nageslag uitermate vermeerder sodat dit vanweë die menigte nie getel kan word nie."

11 Ook sê die boodskapper van יהוה vir haar: “Let op, jy is swanger en sal geboorte gee aan ’n seun en jy moet hom Yishma’el noem, want יהוה het jou in jou ellende gehoor
12 en hy sal ’n wilde-donkie van ’n mens wees: sy hand teen almal en almal se hand teen hom en hy sal téénoor al sy broers bly.”
13 Toe noem sy die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה wat met haar gepraat het: “El-Ro’i,” want sy het gesê: “Het ek selfs hier bly lewe nadat ek Hom gesien het?”
14 Hulle noem daarom die put: Be’er Lagai-Ro’i. Dit lê daar tussen Kadesh en Bered.
15 Hagar het vir Avram ’n seun gebaar en Avram het sy seun, wat Hagar gebaar het, Yishma’el genoem
16 en Avram was ses en tagtig jaar oud toe Hagar aan Yishma’el geboorte gegee het vir Avram.

17 1 Toe Avram nege en negentig jaar oud was, het יהוה aan Avram verskyn en vir hom gesê: “Ek is El-Shaddai (Die Magtige God wat meer as genoeg is); leef goed in My Teenwoordigheid en wees sonder vlek
2 en Ek sal My verbond sluit tussen My en jou en jou uitermate oorvloedig vermeerder.
3 Toe val Avram op sy gesig en God het met hom gepraat en gesê:
4 “Wat My betref, let op, Ek sluit My verbond met jou en jy sal die vader van ’n menigte nasies wees.
5 Jou naam sal ook nie meer Avram wees nie, maar jou naam sal Avraham wees, want Ek het jou ’n vader van ’n menigte nasies gemaak. [Rom 4:17]
6 Ek sal jou vrugbaar maak en jou uitermate oorvloedig vermeerder: Ek sal jou vader van baie nasies maak en konings sal uit jou lendene kom.
7 Ek sal My verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag ná jou, in hulle geslagte, as ’n ewige verbond: Ek sal vir jou God wees en vir jou nageslag ná jou.
8 Ek sal ook aan jou en jou nageslag ná jou die land, waar jy besoeker is, gee; die hele land Kena’an, as ’n ewige erfenis en Ek sal hulle God wees.”
9 God het ook vir Avraham gesê: “Wat jou betref: jy moet My verbond nakom, jy en jou nageslag ná jou, van geslag tot geslag
10 is dit My verbond wat jy moet nakom tussen My en jou en jou nageslag ná jou.
11 Dit sal ’n teken wees van die verbond tussen My en julle: almal wat manlik onder julle is, moet besny word. [Yog 7:22] Julle moet aan die vlees van julle voorhuid besny word.
12 Hy, onder julle, wat agt dae oud is, moet besny word, almal wat manlik is, in julle geslagte; die wat in jou huis gebore is en die wat nie van jou nageslag is nie, wat van enige vreemdeling met geld gekoop is.
13 Hy wat in jou huis gebore is en hy wat met jou geld gekoop is, moet sekerlik besny word en My verbond sal in julle vlees wees as ’n ewige verbond
14 en die onbesnede manlike persoon, wat nie aan die vlees van sy voorhuid besny is nie, dié persoon moet afgesny word van sy volk; hy het My verbond gebreek.

15 God het ook vir Avraham gesê: "Wat jou vrou, Sarai, betref, moet jy haar nie Sarai noem nie, maar haar naam sal Sarah wees
16 en Ek het haar geseën en sal jou uit haar ook 'n seun gee. Ja, Ek sal hom seën en nasies van hom maak; konings van volke sal uit hom voortkom."
17 Toe val Avraham op sy gesig en lag en sê in sy binneste: 'Kan daar vir een wat honderd jaar oud is, 'n kind gebore word, of kan Sarah, wat negentig jaar oud is, geboorte gee?'
18 Avraham sê vir God: "Ag, dat Yishma'el in U Teenwoordigheid kan leef!"
19 God antwoord Avraham: "Waarlik, jou vrou, Sarah, sal vir jou geboorte gee aan 'n seun en jy moet hom Yitz'gak noem en Ek sal My verbond met hom vasstel as 'n ewige verbond en met sy nageslag ná hom.
20 Wat Yishma'el betref, Ek het jou ook gehoor. Let op, Ek het hom geseën en maak hom vrugbaar en vermeerder hom uitermate oorvloedig. Hy sal die vader word van twaalf prinse en Ek sal hom 'n groot nasie maak,
21 maar My verbond sal Ek vasstel met Yitz'gak, aan wie Sarah, volgende jaar in hierdie seisoen, geboorte sal gee vir jou."
22 Nadat God klaar met hom gepraat het, het Hy van Avraham af opgegaan.
23 Avraham het sy seun Yishma'el gevat, almal wat in sy huis gebore is en almal wat met sy geld gekoop is; almal wat manlik was onder die mense in die huis van Avraham en hy het die vlees van hulle voorhuid nog op daardie selfde dag besny, soos God vir hom gesê het.
24 Avraham was nege en negentig jaar oud toe hy aan die vlees van sy voorhuid besny is
25 en sy seun, Yishma'el, was dertien jaar oud toe hy aan die vlees van sy voorhuid besny is.
26 Avraham en sy seun Yishma'el is op daardie selfde dag besny
27 en al die manne van sy huis; die wat in sy huis gebore is en die wat van vreemdelinge met geld gekoop is, is saam met hom besny.

18 1 יהוה het Homself aan hom openbaar by die Eikebome van Mamre terwyl hy by die ingang van die tent sit op die warmste van die dag.
2 Hy het sy oë opgeslaan en gekyk en let op, daar staan drie manne op 'n afstand voor hom. Toe hy hulle sien, hardloop hy vanaf die ingang van die tent om hulle te ontmoet en buig hom na die grond toe neer.
3 Hy sê: "יהוה, as ek nou guns in U oë gevind het, gaan dan tog nie by U dienskneg verby nie.
4 Laat hulle asseblief 'n bietjie water bring, U voete was en lê en rus onder die boom.
5 Laat ek 'n stukkie brood gaan haal en U binneste versterk; daarna kan U verder gaan, want daarom het U by U dienskneg aangekom." Hulle antwoord: "Doen soos jy gesê het."
6 Toe loop Avraham haastig die tent in na Sarah toe en sê: "Maak gou, knie drie seah (12,75 liter) van die beste meel en maak roosterkoeke."

7 Avraham hardloop na die beeste en vang 'n sagte, goeie kalf en gee dit aan die jongman, wat dit gou voorberei het.
8 Hy neem ook botter, soetmelk en die kalf wat hy voorberei het en sit dit aan hulle voor terwyl hy self by hulle onder die boom bly staan en hulle het geëet.
9 Toe sê hulle vir hom: "Waar is Sarah, jou vrou?" Hy antwoord: "Let op, in die tent."
10 יהוה sê: "Ek sal sekerlik ná die tyd van lewe terugkom na jou toe, dan sal jou vrou Sarah 'n seun hê." Sarah het dit gehoor by die ingang van die tent wat agter haar was.
11 Avraham en Sarah was oud, ver gevorderd in dae en dit het met Sarah nie meer volgens die natuur van vroue gegaan nie.
12 Sarah het as gevolg hiervan in haar binneste gelag en gedink: 'Sal ek plesier hê nadat ek oud geword het en my meester ook oud is?' [1 Kef 3:6]
13 Toe sê יהוה vir Avraham: "Waarom het Sarah daar gelag en gesê: 'Sal ek werklik geboorte gee, ek wat oud geword het?'
14 Is enige iets vir יהוה te moeilik? Op die vasgestelde tyd, na die tyd van lewe, sal Ek na jou toe terugkom en Sarah sal 'n seun hê." [Rom 9:9]
15 Sarah het dit ontken en gesê: "Ek het nie gelag nie," want sy was bang. Hy sê: "Nee, maar jy het gelag."
16 Toe staan die manne daarvandaan op en hulle het in die rigting van S'dom gekyk en Avraham het saam met hulle gegaan om hulle weg te bring.
17 יהוה sê: "Sal Ek vir My dienskneg Avraham wegsteek wat Ek gaan doen
18 terwyl Avraham sekerlik 'n groot en magtige nasie sal word en al die nasies van die aarde in hom geseën sal word?
19 Ek het 'n verbondsverhouding met hom sodat hy aan sy seuns en sy huis ná hom bevel sal gee dat hulle die pad van יהוה moet hou om onpartydige opregtheid en reg te doen sodat יהוה oor Avraham kan bring wat Hy oor hom gesê het." [Efe 6:4]
20 יהוה het ook gesê: "Die uitroep teen S'dom en `Amorah is uitermatig en hulle sonde is oortuigend swaar.
21 Ek wil nou afgaan en kyk of hulle werklik alles gedoen het volgens die uitroep oor hulle wat na My toe gekom het en indien nie, sal Ek weet."
22 Die manne het daarvandaan weggedraai en na S'dom gegaan, maar Avraham het nog bly staan voor die Teenwoordigheid van יהוה.
23 Avraham het nader gekom en gesê: "Sal U ook die opregte en onskuldige saam met die bose oortreder uitwis?
24 Miskien is daar vyftig opregtes en onskuldiges binne-in die stad; sal U hulle ook uitwis en die plek nie spaar ter wille van die vyftig opregte en onskuldiges wat daarin is nie?
25 'n Verwerplike gedagte, vir U om so iets te doen: om die opregte en onskuldige saam met die bose oortreder dood te maak sodat die opregte en onskuldige gelyk is met die bose oortreder. 'n Verwerplike gedagte! Sal die Regter van die hele aarde nie regverdig oordeel nie?"
26 יהוה sê: "As Ek binne-in die stad, in S'dom, vyftig opregtes en onskuldiges kry, dan sal Ek die hele plek spaar om hulle ontwil."

27 Avraham antwoord en sê: “Let nou op, ek het gewaag om met יהוה te praat, alhoewel ek stof en as is.
28 Miskien sal daar aan die vyftig opregtes en onskuldiges vyf kortkom; sal U ter wille van vyf die hele stad verwoes?” Hy antwoord: “Ek sal dit nie verwoes as Ek vyf en veertig daar kry nie.”
29 Hy het nog verder met Hom gepraat en gesê: “Miskien sal daar veertig gekry word.” Hy antwoord: “Ek sal dit ter wille van die veertig nie doen nie.”
30 Verder sê hy: “Laat יהוה tog nie toornig wees nie en mag ek nog iets sê. Miskien sal daar dertig gekry word.” Hy antwoord: “Ek sal dit nie doen as Ek dertig daar kry nie.”
31 Toe sê hy: “Let nou op, ek het dit gewaag om met יהוה te praat. Miskien sal daar twintig gekry word.” Hy antwoord: “Ek sal dit ter wille van die twintig nie verwoes nie.”
32 Toe sê hy: “Laat יהוה tog nie toornig wees nie en laat my nog net hierdie keer praat. Miskien sal daar tien gekry word.” Hy antwoord: “Ek sal dit ter wille van die tien nie verwoes nie.”
33 יהוה het, toe Hy klaar met Avraham gepraat het, op Sy pad gegaan en Avraham het na sy blyplek teruggegaan.

19 1 Die twee boodskappers het teen sonsondergang in S’dom aangekom terwyl Lot in die poort van S’dom sit en toe Lot hulle sien, het hy opgestaan om hulle te ontmoet en homself neergebuig met sy gesig na die grond toe
2 en gesê: “Let nou op, my meesters, draai tog uit na die huis van u dienaar en bly die nag oor en was u voete, dan kan u vroeg opstaan en u reis voortsit,” maar hulle antwoord: “Nee, ons sal op die plein bly.”
3 Hy het egter sterk by hulle aangedring sodat hulle na hom uitgedraai en in sy huis ingekom het. Hy het vir hulle ’n ete voorberei en ongesuurde brood gebak en hulle het geëet.
4 Voordat hulle nog gaan lê het, het die manne van die stad, die manne van S’dom, die huis omsingel: jonk en oud, die hele bevolking van die stad.
5 Hulle het na Lot geroep en vir hom gesê: “Waar is die manne wat vannag na jou toe gekom het? Bring hulle na ons toe uit sodat ons ’n intieme verhouding met hulle kan hê.”
6 Lot het uitgegaan na hulle toe voor die ingang, die deur agter hom toegesluit
7 en gesê: “Asseblief, my broers, moenie boosheid doen nie.
8 Let nou op, ek het twee dogters wat met geen man intiem was nie; laat ek dié na julle uitbring en doen met hulle soos dit goed is in julle oë. Net aan hierdie manne moet julle niks doen nie, want daarom het hulle onder die skaduwee van my dak ingekom.”
9 Hulle sê: “Staan terug!” Ook sê hulle: “Hierdie een het gekom om as gas tussen ons te kom bly en nou tree hy op as regter oor ons. Nou sal ons jou meer kwaad aandoen as aan hulle.” Toe het Lot desperaat met hulle baklei en hulle het nader gekom om die deur af te breek,

10 maar die manne het hulle hand uitgesteek en Lot by hulle in die huis ingebring en die deur toegesluit.
11 Toe slaan hulle die manne wat by die ingang van die huis was, van klein tot groot, met blindheid sodat hulle moeg geword het om tevergeefs na die ingang te soek.
12 Die manne sê vir Lot: "Het jy nog iemand hier? 'n Skoonseun, jou seuns, jou dogters en almal wat jy in die stad het; bring hulle uit die plek uit,
13 want ons gaan hierdie plek vernietig omdat die uitroep teen hulle groot is in die Teenwoordigheid van יהוה en יהוה het ons gestuur om dit te vernietig."
14 Toe gaan Lot uit en praat met sy skoonseuns wat sy dogters aanvaar het en sê: "Staan op, gaan uit hierdie plek uit, want יהוה verwoes die stad." In die oë van sy skoonseuns was hy egter soos een wat gekskeer.
15 Toe die dag begin breek, het die boodskappers by Lot aangedring en gesê: "Staan op, vat jou vrou en jou twee dogters wat by jou is sodat jy nie saam vernietig word vir die wetsoortreding van die stad nie."
16 Terwyl hy nog talm, gryp die manne hom en sy vrou en sy twee dogters aan die hand omdat יהוה guns aan hom bewys het en hulle bring hom uit en sit hom buitekant die stad neer.
17 Dit het so gebeur dat toe hulle hul uitgebring het, sê hulle: "Vlug vir jou lewe! Moenie omkyk nie en moenie êrens in die Yardenvallei bly staan nie. Vlug na die berge sodat jy nie vernietig word nie!"
18 Lot antwoord hulle: "Asseblief nie, my meesters!
19 Let nou op, u kneg het guns in u oë gevind en u het u guns groot gemaak wat u aan my bewys het deur my te laat lewe, maar ek is nie in staat om na die berge te vlug sonder dat die onheil my inhaal en ek sterf nie.
20 Let nou op, hierdie stad is naby genoeg om daarheen te vlug en dit is klein. Laat my tog daarheen vlug (is dit nie klein nie?) sodat ek kan lewe!"
21 Hy sê vir hom: "Let op, ek neem jou ook in hierdie saak in guns aan sodat ek die stad waarvan jy gepraat het, nie sal omverwerp nie.
22 Maak gou, vlug daarheen, want ek kan niks doen voordat jy nie daar aangekom het nie." As gevolg daarvan, noem hulle die stad Tzo'ar.
23 Die son het oor die aarde opgekom toe Lot Tzo'ar binnegaan.
24 יהוה het swawel en vuur oor S'dom en `Amorah laat reën, vanaf die Teenwoordigheid van יהוה, vanuit die hemele
25 en Hy het hierdie stede omvergegooi en die hele Yardenvallei, ook al die inwoners van die stede en wat op die grond groei.
26 Sy vrou het agter hom omgekyk en sy het 'n soutpilaar geword.
27 Avraham is vroeg in die oggend na die plek waar hy voor die Teenwoordigheid van יהוה gestaan het
28 en hy het uitgekyk oor S'dom en `Amorah en oor die hele land van die Yardenvallei en hy het gesien, let op, die rook van die land gaan op soos die rook van 'n smeltoond.
29 Terwyl God die stede van die Yardenvallei vernietig, het God Avraham onthou en Lot uitgestuur uit die vernietiging, toe Hy die stede waar Lot gebly het, omvergewerp het.

30 Lot het uit Tzo'ar opgetrek en saam met sy twee dogters in die berge gaan bly, want hy was bang om in Tzo'ar te bly. Hy en sy twee dogters het in 'n grot gaan bly.
31 Die oudste dogter het aan die jongste gesê: "Ons vader is oud en daar is geen man in die land om, na die gewoonte van die ganse aarde, na ons toe te kom nie.
32 Kom, laat ons ons vader wyn gee om te drink en by hom lê sodat ons ons vader se saad lewend kan hou."
33 Hulle gee toe dié nag vir hulle vader wyn om te drink en die oudste het gekom en by hom gaan lê sonder dat hy geweet het wanneer sy gaan lê of wanneer sy opgestaan het.
34 Die volgende dag sê die oudste dogter aan die jongste: "Let op, ek het verlede nag by my vader gaan lê; laat ons hom vannag weer wyn gee om te drink; gaan dan in, lê by hom sodat ons ons vader se saad deur ons lewend kan hou."
35 Hulle gee toe dié nag weer vir hulle vader wyn om te drink en die jongste het opgestaan en by hom gaan lê sonder dat hy geweet het wanneer sy gaan lê of wanneer sy opgestaan het.
36 So het die twee dogters van Lot by hulle vader verwagtend geword
37 en die oudste dogter het geboorte gegee aan 'n seun en hom Mo'av genoem. Hy is die vader van die Mo'aviete tot vandag toe.
38 Die jongste het ook geboorte gegee aan 'n seun en hom Ben-`Ammi genoem. Hy is die vader van die `Ammoniete tot vandag toe.

20 1 Avraham het daarvandaan weggetrek na die Negev en gaan bly tussen Kadesh en Shur en as besoeker in G'rar gebly.
2 Avraham het van Sarah, sy vrou, gesê: "Sy is my suster." Avimelekh, die koning van G'rar, het Sarah laat haal.
3 God het egter in die nag by Avimelekh gekom in 'n droom en vir hom gesê: "Let op, jy is dood as gevolg van die vrou wat jy gevat het, want sy is 'n getroude vrou."
4 Avimelekh het egter nog nie naby haar gekom nie en hy vra: "יהוה, sal U 'n opregte en onskuldige nasie ook doodmaak?
5 Het hy nie self vir my gesê: 'Sy is my suster' nie en het sy nie self ook gesê: 'Hy is my broer' nie? In die onskuld van my verstand en begrip en in die reinheid van my hande het ek hierdie ding gedoen."
6 God het vir hom in die droom gesê: "Ja, Ek weet ook dat jy dit in die onskuld van jou verstand en begrip gedoen het en Ekself het jou daarvan weerhou om nie teen My te sondig nie; daarom het Ek jou nie toegelaat om haar aan te raak nie.
7 Gee nou die man se vrou terug, want hy is 'n profeet en hy sal vir jou bid sodat jy kan lewe, maar as jy haar nie teruggee nie, weet dan dat jy die dood sal sterf, jy en alles wat aan jou behoort."
8 Avimelekh het die oggend vroeg opgestaan en al sy diensknegte geroep en al die dinge vir hulle ore gesê en die manne was baie bang.
9 Avimelekh het Avraham laat roep en hom gevra: "Wat het jy aan ons gedoen? Wat het ek teen jou gesondig dat jy oor my en my koninkryk 'n groot sonde gebring het? Jy het aan my gedoen wat nie gedoen mag word nie."
10 Avimelekh sê ook vir Avraham: "Wat het jou oorreed om hierdie daad te doen?"

11 Avraham antwoord: “Omdat ek gedink het dat daar geen respekvolle vrees vir God in hierdie plek is nie sodat hulle my oor my vrou sal doodmaak
12 en sy is ook werklik my suster; sy is my vader se dogter, maar nie my moeder se dogter nie en sy het my vrou geword.
13 Toe dit gebeur het dat God my uit die huis van my vader laat wegtrek het, het ek vir haar gesê: ‘Dit is die guns wat jy van jou kant aan my moet bewys: op elke plek waar ons kom, moet jy van my sê: “Hy is my broer”’.”
14 Toe neem Avimelekh kleinvee, beeste, slawe en slavinne en gee dit vir Avraham. Hy het ook sy vrou, Sarah, aan hom teruggegee.
15 Avimelekh sê: “Let op my land lê voor jou oop, bly net waar dit goed is in jou oë.”
16 Vir Sarah sê hy: “Let op, ek gee vir jou broer ’n duisend stukke silwer. Let op, dit is omdat jy verneder is in die oë van my mense en vir die ander dinge waaroor ek jou tereggewys het.”
17 Toe het Avraham tot God gebid en God het Avimelekh gesond gemaak, asook sy vrou en sy slavinne sodat hulle geboorte kon gee,
18 want יהוה het elke baarmoeder van die huis van Avimelekh heeltemal toegesluit ter wille van Sarah, die vrou van Avraham.

21 1 יהוה het Sarah besoek soos Hy beloof het en יהוה het aan Sarah gedoen soos Hy gesê het:
2 Sarah het bevrug geword en geboorte gegee aan ’n seun vir Avraham, in sy hoë ouderdom, op die bepaalde tyd wat God vir hom gesê het.
3 Avraham het sy seun wat vir hom gebore is, aan wie Sarah vir hom geboorte gegee het, Yitz’gak genoem.
4 Avraham het sy seun Yitz’gak besny toe hy agt dae oud was, soos God hom beveel het [Yog 7:22]
5 en Avraham was honderd jaar oud toe sy seun Yitz’gak vir hom gebore is.
6 Sarah het gesê: “’n Vreugde het God vir my gemaak; elkeen wat dit hoor, sal saam met my verheug wees.”
7 Sy het ook gesê: “Wie kon vir Avraham gesê het dat Sarah kinders sal borsvoed, want ek het vir hom in sy oudag geboorte gegee aan ’n seun.”
8 Die seun het opgegroei en is gespeen en Avraham het ’n groot feesmaal voorberei op die dag toe Yitz’gak gespeen is.
9 Sarah het gesien hoe die seun van Hagar, die slavin van Mitzrayim, aan wie sy vir Avraham geboorte gegee het, spot
10 en sy sê vir Avraham: “Dryf hierdie slavin en haar seun weg, want die seun van hierdie slavin mag nie saam met my seun Yitz’gak erf nie.”
11 Die ding was baie verkeerd in die oë van Avraham ter wille van sy seun,
12 maar God het aan Avraham gesê: “Laat dit nie verkeerd wees in jou oë ter wille van die seun en van jou slavin nie, luister na Sarah in alles wat sy van jou verwag, want in Yitz’gak sal jou Saad genoem word en [Rom 9:7]
13 Ek sal ook die seun van die slavin tot ’n groot nasie maak omdat hy jou kind is.”

14 Avraham het die oggend vroeg opgestaan en hy het brood en ’n velsak met water gevat en dit vir Hagar gegee deur dit op haar skouer te sit, asook die seun en haar weggestuur. Sy het weggegaan en rondgedwaal in die wildernis van Be’er-Sh’va.
15 Toe die water in die velsak op was, het sy die seun onder een van die bosse ingegooi
16 en weggeloop en op ’n afstand gaan sit, so ver as ’n boog kan skiet, want sy het gesê: “Ek wil die dood van die seun nie sien nie.” Sy het op ’n afstand gaan sit en haar stem opgelig en gehuil.
17 יהוה het die stem van die seun gehoor en die boodskapper van God het na Hagar uitgeroep uit die hemele en haar gevra: “Wat is dit met jou, Hagar? Moenie bang wees nie, want God het na die stem van die seun geluister op die plek waar hy is.
18 Staan op, tel die seun op en ondersteun hom met jou hand, want Ek sal van hom ’n groot nasie maak.”
19 God het haar oë oopgemaak en sy het ’n put met water gesien en sy het geloop en die velsak vol water gemaak en die seun laat drink.
20 God was met die seun en hy het opgegroei en in die wildernis gebly en ’n boogskutter geword.
21 Hy het in die wildernis van Pa’ran gebly en sy moeder het vir hom ’n vrou uit Mitzrayim gevat.
22 In dié tyd het Avimelekh en Pikhol, die bevelvoerder van sy leër, met Avraham gepraat en gesê: “God is met jou in alles wat jy doen.
23 Sweer daarom nou vir my hier by God dat jy met my, my kinders en met my nageslag nie vals sal optree nie. Dieselfde guns wat ek jou bewys het, moet jy aan my bewys en aan die land waarin jy as gas bly.”
24 Avraham antwoord: “Ek sal sweer.”
25 Avraham het Avimelekh egter aangespreek oor ’n put wat die diensknegte van Avimelekh met geweld gevat het.
26 Avimelekh antwoord: “Ek weet nie wie dit gedoen het nie, jy het dit ook nie vir my gesê nie en ek het ook niks daarvan gehoor nie, behalwe vandag.”
27 Toe vat Avraham kleinvee en beeste en gee dit vir Avimelekh en hulle twee het ’n verbond gesluit.
28 Avraham het sewe ooilammers uit die kleinvee eenkant afgesonder.
29 Avimelekh sê vir Avraham: “Wat beteken hierdie sewe ooilammers wat jy afgesonder het?”
30 Hy antwoord: “Die sewe ooilammers moet jy uit my hand aanvaar sodat dit vir my ’n getuienis kan wees dat ek hierdie put gegrawe het.”
31 Hulle noem daarom dié plek Be’er-Sh’va omdat hulle twee daar ’n eed gesweer het.
32 So het hulle dan ’n verbond gesluit in Be’er-Sh’va. Daarna het Avimelekh en Pikhol, die bevelvoerder van sy leër, opgestaan en na die land van die F’lishtyne teruggegaan.
33 Hy het ’n tamarisk in Be’er-Sh’va geplant en daar die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה, El-’Olam (die ewige Magtige God), aangeroep.
34 Avraham het vir ’n lang tyd as gas in die land van die F’lishtyne gebly.

22 1 Ná hierdie dinge het God Avraham getoets en vir hom gesê: "Avraham!" Hy antwoord: "Hier is ek!"
2 Hy sê: "Neem nou jou seun, jou uniek enigste wat jy lief het, Yitz'gak en gaan na die land Moriyah en offer hom daar as brandoffer op een van die berge wat Ek vir jou sal uitwys."
3 Avraham het die oggend vroeg opgestaan, sy donkie opgesaal en twee van sy jong diensknegte en sy seun Yitz'gak saam met hom gevat. Hy het hout gekloof vir 'n brandoffer en opgestaan en na die plek gegaan wat God hom uitgewys het.
4 Op die derde dag slaan Avraham sy oë op en sien die plek van ver af
5 en Avraham sê vir sy jong diensknegte: "Bly julle hier met die donkie; ek en die seun sal daarheen gaan om te aanbid en ons sal dan na julle toe terugkom."
6 Avraham het die hout vir die brandoffer gevat en dit op sy seun Yitz'gak gesit en die vuur en die mes in sy hand gevat en hulle twee het saam geloop.
7 Toe praat Yitz'gak met sy vader Avraham en sê: "My vader!" Hy antwoord: "Hier is ek, my seun!" Hy sê: "Let op, die vuur en die hout, maar waar is die lam vir 'n brandoffer?"
8 Avraham antwoord: "God sal vir Homself die lam vir 'n brandoffer voorsien, my seun." So het hulle twee saam geloop.
9 Hulle het op die plek wat God vir hom uitgewys het gekom en Avraham het 'n altaar daar gebou en die hout reggesit en sy seun Yitz'gak vasgebind en hom op die altaar bo-op die hout gesit.
10 Avraham het sy hand uitgesteek en die mes gevat om sy seun dood te maak.
11 Die boodskapper van יהוה het van die hemele af na hom geroep en gesê: "Avraham, Avraham!" Hy antwoord: "Hier is ek!"
12 Hy sê: "Moenie jou hand aan die seun slaan of enige iets aan hom doen nie, want nou weet Ek dat jy God respekvol vrees omdat jy nie jou seun, jou uniek enigste, van My teruggehou het nie."
13 Avraham het sy oë opgeslaan en 'n ram gesien wat agter hom in 'n bos aan sy horings vasgesit het. Avraham het gegaan en die ram gevat en dit as brandoffer in die plek van sy seun geoffer.
14 Avraham het dié plek: יהוה-Yir'eh genoem sodat vandag nog gesê word: 'Op die berg van יהוה sal dit voorsien word (sal Hy daarna kyk).'
15 Die boodskapper van יהוה roep vir die tweede keer van die hemel af na Avraham
16 en sê: "'Ek het by Myself gesweer,' sê יהוה, 'omdat jy dit gedoen het en nie jou seun, jou uniek enigste, teruggehou het nie
17 sal Ek jou in seëninge seën en jou nageslag in vermeerdering vermeerder soos die sterre van die hemel en soos die sand wat aan die seestrand is en jou nageslag sal die poorte van hul vyande in besit neem
18 en in jou Saad [Gen 3:15] sal al die nasies van die aarde geseën word omdat jy My stem gehoorsaam het.''' [Hand 3:25; Gal 3:8,16]
19 Avraham het na sy jong diensknegte toe teruggekeer en hulle het opgestaan en saam na Be'er-Sh'va gegaan en Avraham het in Be'er-Sh'va gebly.

20 Ná hierdie dinge het hulle aan Avraham berig gebring en gesê: “Let op, Milkah het ook geboorte gegee aan seuns vir jou broer Nagor:
21 `Utz, sy eersgeborene, Buz, sy broer, K’mu’el, die vader van Aram,
22 Kesed, Hazo, Pildash, Yidlaf en B’tu’el.
23 B’tu’el was die vader van Rivkah. Milkah het aan hierdie agt geboorte gegee vir Nagor, die broer van Avraham.
24 Sy byvrou, met die naam van Re’umah, het ook geboorte gegee aan Tevag, Gagam, Tagash en Ma’akhah.

23 1 Sarah het honderd sewe en twintig jaar geleef. Dit was die lewensjare van Sarah.
2 Sarah is dood in Kiryat-Arba (dorp van die reuse), dit is Hevron, in die land Kena’an en Avraham het gekom om oor Sarah te rou en oor haar te huil.
3 Avraham het opgestaan van voor die lyksdraagbaar van sy dooie en met die seuns van Het gepraat en gesê:
4 “Ek is ’n vreemdeling en ’n gas onder julle. Gee vir my ’n stuk land by julle as graf sodat ek die dooie van voor my sig af weg kan begrawe.”
5 Toe antwoord die seuns van Het vir Avraham en sê vir hom:
6 “Luister na ons, my meester! U is ’n heerser van God onder ons. Begrawe u dooie in die beste graf wat ons het. Niemand van ons sal u sy graf weier om u dooie te begrawe nie.”
7 Avraham het opgestaan en hom voor die mense van die land neergebuig, voor die seuns van Het
8 en hy het met hulle gepraat en gesê: “As julle dit goed vind dat ek my dooie van voor my sig af weg begrawe, luister dan na my en doen vir my ’n goeie woord by `Efron, die seun van Tzogar
9 sodat hy aan my die spelonk van Makhpela, wat aan hom behoort, gee wat aan die end van sy veld lê. Laat hy dit vir die volle som aan my gee dat ek ’n graf onder julle mag besit.”
10 `Efron het tussen die seuns van Het gesit. Toe antwoord `Efron, die Hetiet, Avraham voor die ore van die seuns van Het, van almal wat in die poort van sy stad ingegaan het:
11 “Nee, my meester, luister na my. Ek gee die veld vir u en die grot wat daarin is, voor die oë van die seuns van my volk gee ek dit aan u. Begrawe u dooie.”
12 Avraham het hom voor die volk van die land neergebuig
13 en met `Efron gepraat voor die ore van die volk van die land: “As u die veld vir my wil gee, luister na my! Ek gee die geld vir die veld. Vat dit van my sodat ek my een wat dood is daar kan begrawe.”
14 `Efron het Avraham geantwoord en vir hom gesê:
15 “My meester, luister na my. Die veld is vier honderd sikkels silwer werd. Wat is dit tussen my en u? Begrawe maar u dooie.”
16 Avraham het geluister na `Efron en Avraham het aan `Efron die geld afgeweeg waarvan hy gepraat het voor die ore van die seuns van Het: vier honderd sikkels silwer; ruilmiddel van die handelaars.

17 So is die veld van `Efron wat in Makhpela teenoor Mamre lê, die veld, die grot wat daarin is en al die bome op die veld wat tussen die grense daarvan staan,
18 aan Avraham, as eiendom verkoop voor die oë van die seuns van Het, voor almal wat in die poort van sy stad ingegaan het.
19 Daarna het Avraham sy vrou Sarah begrawe in die grot op die stuk grond van Makhpela, oos van Mamre, dit is Hevron, in die land Kena’an.
20 So is die veld en die grot wat daarin was, deur die seuns van Het, aan Avraham verkoop, as eiendom vir ’n graf.

24 1 Avraham was nou oud en ver gevorderd in jare en יהוה het Avraham in alles geseën.
2 Toe sê Avraham aan sy dienskneg, die oudste van sy huis, wat geheers het oor al sy goed: “Lê jou hand onder my bobeen
3 en ek sal jou laat sweer by יהוה, die God van die hemele en die God van die aarde dat jy vir my seun geen vrou sal neem uit die dogters van die Kena’aniete onder wie ek bly nie, Eks 34:16; Deut 7:3; Neg 10:30
4 maar dat jy na my land en my familie sal gaan om vir my seun Yitz’gak ’n vrou te vat.”
5 Toe sê die dienskneg vir hom: “Miskien sal die vrou nie gewillig wees om my te volg na hierdie land nie. Moet ek u seun dan terugvat na die land waaruit u weggetrek het?”
6 Avraham antwoord hom: “Maak seker dat jy my seun nie daarheen terugvat nie.
7 יהוה, die God van die hemel, wat my uit my vader se huis en uit my geboorteland weggevat het en wat met my gepraat en vir my gesweer het met die woorde: ‘Aan jou nageslag sal Ek hierdie land gee;’ Hy sal Sy boodskapper voor jou uitstuur en jy moet vir my seun daar ’n vrou gaan haal,
8 maar as die vrou jou nie wil volg nie, dan is jy vry van hierdie eed aan my. Jy moet net nie my seun daarheen terugvat nie.”
9 Toe lê die dienskneg sy hand onder die bobeen van Avraham, sy meester en hy het vir hom gesweer aangaande hierdie saak.
10 Die dienskneg het tien kamele vanuit die kamele van sy meester gevat en weggegaan. Al die rykdom van sy meester was in sy hand: hy het opgestaan en na Aram-Naharayim (Mesopotamië), na die stad van Nagor, vertrek.
11 Hy het teen sonsondergang die kamele laat neerkniel buitekant die stad by ’n waterput, op die tyd dat die vroue uitgaan om water te skep
12 en gesê: “ O, יהוה, God van Avraham, my meester, laat ek haar tog vandag ontmoet en bewys guns aan Avraham, my meester.
13 Let op, ek staan hier by die fontein en die dogters van die manne van die stad kom uit om water te skep.
14 Laat dit nou wees dat die jong vrou aan wie ek sal sê: ‘Laat sak jou kruik sodat ek kan drink’ en sy antwoord: ‘Drink en ek sal ook u kamele laat drink;’ laat sy die een wees wat U aangestel het vir U dienskneg Yitz’gak en daaraan sal ek weet dat U guns aan my meester bewys het.”

15 Hy het nog nie klaar gepraat nie, of Rivkah, wat vir B’tu’el, die seun van Milkah, die vrou van Nagor, Avraham se broer, gebore is, kom uit met haar kruik op haar skouer.
16 Die jong vrou was baie mooi van aansien, ’n maagd, geen man het ’n intieme verhouding met haar gehad nie en sy het afgegaan na die fontein toe, haar kruik volgemaak en weer opgekom.
17 Die dienaar hardloop om haar te ontmoet en sê: “Laat my asseblief ’n bietjie water uit jou kruik drink.”
18 Sy antwoord: “Drink, my meester!” Toe laat sy vinnig haar kruik op haar hand afsak en gee vir hom om te drink.
19 Nadat sy hom genoeg laat drink het, sê sy: “Ek sal vir u kamele ook skep totdat hulle genoeg gedrink het.”
20 Sy het dadelik haar kruik in die drinkbak leeggemaak en weer na die put gehardloop om te skep en vir al sy kamele geskep.
21 Die man het haar stil aangekyk om te weet of יהוה sy pad voorspoedig gemaak het of nie.
22 Toe die kamele genoeg gedrink het, vat die man ’n goue ring, ’n half sikkel in gewig en twee armbande vir haar hande, tien sikkels goud in gewig
23 en hy sê: “Wie se dogter is jy? Vertel my asseblief. Is daar plek vir ons in die huis van jou vader om te oornag?”
24 Sy antwoord hom: “Ek is die dogter van B’tu’el, die seun van Milkah, wat vir Nagor gebore is.”
25 Sy sê ook vir hom: “Daar is ook genoeg strooi en voer by ons, asook plek om te oornag.”
26 Die man buig sy kop af en gaan lê plat op die grond voor יהוה
27 en hy sê: “Geseënd is יהוה, die God van Avraham, my meester, wat Sy omgee en Sy waarheid nie aan my meester teruggehou het nie. Wat my betref, יהוה het my op die pad gelei na die huis van die broer van my meester.”
28 Die dogter het gehardloop en hierdie dinge in die huis van haar moeder gaan vertel.
29 Rivkah het ’n broer gehad met die naam van Lavan en Lavan het uitgehardloop na die man buite by die fontein.
30 Dit het gebeur toe hy die ring en die armbande aan die hande van sy suster sien en die woorde van sy suster Rivkah hoor, naamlik: ‘So het die man met my gepraat,’ dat hy na die man gegaan het terwyl hy nog daar by die kamele by die fontein gestaan het
31 en gesê: “Kom in, geseënde van יהוה! Waarom staan jy buitekant? Ek het die huis voorberei en ook plek vir die kamele.”
32 Die man het in die huis ingekom; die kamele is afgesaal en strooi en voer gegee en water om sy voete te was en die voete van die manne wat by hom was.
33 Kos is voor hom neergesit om te eet, maar hy het gesê: “Ek sal nie eet voordat ek my saak gestel het nie.” Hy antwoord: “Praat.”
34 Hy het gesê: “Ek is die dienskneg van Avraham

35 en יהוה het my meester baie geseën sodat hy groot geword het en aan hom kleinvee, beeste, silwer, goud, slawe, slavinne, kamele en esels gegee het.
36 Sarah, die vrou van my meester, het vir my meester geboorte gegee aan ’n seun nadat sy al oud was en hy het alles aan hom oorgegee wat hy besit.
37 My meester het my laat sweer en gesê: ‘Jy moet vir my seun geen vrou neem uit die dogters van die Kena’aniete in wie se land ek bly nie,
38 maar jy moet gaan na die huis van my vader en na my familie en vir my seun ’n vrou gaan haal.’
39 Ek het toe vir my meester gesê: ‘Miskien sal die vrou my nie volg nie,’
40 maar hy het my geantwoord: ‘יהוה, voor Wie ek loop, sal Sy boodskapper saam met jou stuur en Hy sal jou pad voorspoedig maak sodat jy vir my seun ’n vrou uit my familie en uit die huis van my vader kan gaan haal.
41 Jy sal vry wees van die eed aan my as jy by my familie kom en hulle haar nie aan jou wil gee nie; dan is jy vry van die eed aan my.’
42 Ek het toe vandag by die fontein gekom en gesê: ‘יהוה, God van Avraham, my meester, as U nou my pad waarop ek gaan, voorspoedig wil maak,
43 let op, ek staan hier by die fontein. Laat dit nou asseblief gebeur: die maagd wat uitkom om te skep en aan wie ek sal sê: ‘Laat my tog ’n bietjie water uit jou kruik drink’
44 en wat my sal antwoord: ‘Drink u self en ek sal ook vir u kamele skep,’ sy is die vrou wat יהוה vir die seun van my meester aangestel het.’
45 Ek het nog nie klaar in my binneste gepraat nie of Rivkah het daar uitgekom met haar kruik op die skouer en na die fontein afgegaan en geskep en ek het vir haar gesê: ‘Laat my asseblief drink!’
46 Sy het dadelik haar kruik laat afsak en gesê: ‘Drink en ek sal u kamele ook laat drink’ en ek het gedrink en sy het ook die kamele laat drink.
47 Toe vra ek vir haar en sê: ‘Wie se dogter is jy?’ en sy antwoord: ‘Die dogter van B’tu’el, die seun van Nagor waaraan Milkah geboorte gegee het.’ Daarop het ek die ring aan haar neus gesit en die armbande aan haar hande
48 en ek het my neergebuig en voor יהוה plat gaan lê en יהוה, die God van Avraham, my meester, geloof, wat my op die regte pad gelei het om die dogter van my meester se broer vir sy seun te gaan haal.
49 As julle nou omgee en waarheid aan my meester wil bewys, sê dit vir my of so nie, sê dít vir my sodat ek regs of links kan draai.”
50 Toe antwoord Lavan en B’tu’el en sê: “Hierdie saak kom vanuit יהוה. Ons kan niks kwaad of goed daarvan sê nie.
51 Let op, Rivkah staan voor jou, vat haar en gaan sodat sy ’n vrou kan wees vir die seun van jou meester, soos יהוה gesê het.”
52 Toe die dienskneg van Avraham hulle woorde hoor, het hy self voor יהוה gaan plat lê.
53 Daarna het die dienskneg artikels van silwer en van goud en klere uitgehaal en dit vir Rivkah gegee, asook kosbare geskenke aan haar broer en haar moeder.
54 Hulle het geëet en gedrink, hy en die manne wat by hom was en die nag oorgebly. Hy het die oggend vroeg opgestaan en gesê: “Stuur my weg na my meester!”

55 Haar broer en haar moeder sê: "Laat die dogter 'n dag of tien by ons bly; daarna kan jy weggaan."

56 Hy antwoord hulle: "Moet my nie ophou nie, aangesien יהוה my pad voorspoedig gemaak het; laat my gaan sodat ek na my meester kan gaan."

57 Toe sê hulle: "Laat ons die dogter roep en haar self vra."

58 Hulle het Rivkah geroep en haar gevra: "Wil jy saam met hierdie man gaan?" Sy antwoord: "Ja."

59 Hulle het Rivkah, hulle suster en haar versorger saam met Avraham se dienskneg en sy manne weggestuur.

60 Hulle het Rivkah geseën en vir haar gesê: "Ons suster, mag jy die moeder van duisende van tien duisende word en mag jou nageslag die poorte van dié wat hulle haat in besit neem!"

61 Rivkah en haar diensmeisies het opgestaan en op die kamele weggery en die man gevolg. So het die dienskneg Rivkah saamgevat en weggegaan.

62 Yitz'gak het uit die rigting van Be'er-Lagai-Ro'i gekom, want hy het in die Negev gaan bly.

63 Yitz'gak het teen sonsondergang in die veld uitgegaan om te oordink en hy het sy oë opgeslaan en let op, daar kom kamele.

64 Rivkah het ook haar oë opgeslaan en Yitz'gak gesien en van haar kameel afgegly,

65 want sy het aan die dienskneg gevra: "Watter man is dit wat ons in die veld tegemoet loop?" Die dienskneg antwoord: "Dit is my meester." Toe neem sy 'n sluier en maak haarself toe.

66 Die dienskneg het vir Yitz'gak alles vertel wat hy gedoen het.

67 Yitz'gak het haar in die tent van sy moeder, Sarah, ingebring en Rivkah gevat en sy het sy vrou geword en hy het haar liefgehad. Só is Yitz'gak vertroos ná die dood van sy moeder.

25 1 Avraham het weer 'n vrou gevat en haar naam was K'turah.

2 Sy het vir hom geboorte gegee aan Zimran, Yokshan, Medan, Midyan, Yishbak en Shuag.

3 Yokshan was die vader van Sh'va en D'dan en die seuns van D'dan was die Ashuriete, L'tushiete en L'umiete.

4 Die seuns van Midyan was: `Eifah, `Efer, Hanokh, Avida en Elda'ah. Hulle almal was seuns van K'turah.

5 Avraham het alles wat hy besit het aan Yitz'gak gegee,

6 maar aan die seuns van die byvroue van Avraham het Avraham geskenke gegee en terwyl hy nog lewe, het hy hulle van sy seun Yitz'gak af ooswaarts laat wegtrek, na Kedem.

7 Hierdie is die dae van die lewensjare van Avraham wat hy geleef het: honderd vyf en sewentig jaar.

8 Avraham het die asem uitgeblaas en is dood in 'n goeie ouderdom, 'n ou man vol van jare en hy is by sy volksgenote versamel.

9 Sy seuns Yitz'gak en Yishma'el het hom begrawe in die grot van Makhpelah, in die veld van `Efron, die seun van Tzogar, die Hetiet, wat oos van Mamre lê,

10 die veld wat Avraham van die seuns van Het gekoop het. Avraham is daar begrawe saam met sy vrou Sarah.
11 Ná die dood van Avraham het God sy seun Yitz’gak geseën en Yitz’gak het by Be’er-Lagai-Ro’i gebly.
12 Dit is die stamboom van Yishma’el, die seun van Avraham, wat vir Avraham by Hagar, die Mitzrayimitiese slavin van Sarah, gebore is.
13 Dit is die name van die seuns van Yishma’el, hulle name volgens hulle geboorte: die eersgeborene van Yishma’el, N’vayot; dan: Kedar, Adbe’el, Mivsam,
14 Mishma, Dumah, Massa,
15 Hadad, Teima, Y’tur, Nafish en Kedmah.
16 Hierdie is die seuns van Yishma’el en dit hulle name, volgens hulle dorpe en kastele; twaalf heersers volgens hulle nasies.
17 Dit is die lewensjare van Yishma’el: honderd sewe en dertig jaar en hy het die asem uitgeblaas en is dood en hy is by sy volksgenote versamel.
18 Hulle het gaan bly vanaf Havilah tot by Shur wat oos van Mitzrayim lê, in die rigting van Ashur. Hy het naby al sy broers gaan bly.
19 Dit is die geskiedenis van Yitz’gak, die seun van Avraham: Avraham was die vader van Yitz’gak
20 en Yitz’gak was veertig jaar oud toe hy Rivkah, die dogter van B’tu’el, die Arameër uit Paddan-Aram, die suster van Lavan, die Arameër, vir hom as vrou gevat het.
21 Yitz’gak het gebid tot יהוה namens sy vrou, want sy was onvrugbaar en יהוה het sy gebed verhoor sodat sy vrou Rivkah swanger geword het.
22 Die seuns het teen mekaar baklei binne-in haar. Toe sê sy: “As dit reg is so, hoekom leef ek?” Sy het gegaan om van יהוה te vra
23 en יהוה het haar geantwoord: “Twee nasies is in jou baarmoeder en twee volke sal geskei word vanuit jou liggaam en die een volk sal sterker wees as die ander volk en die oudste sal die jongste dien.” [Rom 9:12]
24 Let op, toe haar dae volledig was dat sy moes geboorte gee, was daar ’n tweeling in haar baarmoeder.
25 Die eerste een is gebore: rooi, soos ’n volledige kleed van hare en hulle het hom `Esav genoem.
26 Daarna is sy broer gebore terwyl sy hand die hakskeen van `Esav vashou en hulle het hom Ya’akov genoem. Yitz’gak was sestig jaar oud by hulle geboorte.
27 Die seuns het opgegroei: `Esav was ’n ervare jagter, ’n man van die veld, maar Ya’akov was ’n sagte, vredevolle man wat in tente gebly het.
28 Yitz’gak het `Esav liefgehad, want wildsvleis was na sy smaak, maar Rivkah het Ya’akov liefgehad.
29 Ya’akov het ’n kooksel voorberei en `Esav het moeg uit die veld gekom.
30 `Esav sê vir Ya’akov: “Laat my asseblief van die rooi goed afsluk, want ek is moeg.” Hulle het hom Edom genoem.
31 Ya’akov antwoord: “Verkoop vandag jou eersgeboortereg aan my.”
32 `Esav sê: “Let op, ek gaan dood en wat sal die eersgeboortereg dan vir my beteken?”

33 Ya’akov antwoord: “Sweer eers vir my” en hy het vir hom gesweer en sy eersgeboortereg aan Ya’akov verkoop.
34 Ya’akov het aan `Esav brood en die gekookte lensies gegee en hy het geëet en gedrink en opgestaan en weggegaan. So het `Esav sy eersgeboortereg geminag.

26 1 Daar was hongersnood in die land, buiten die eerste hongersnood wat in die dae van Avraham was en Yitz’gak het na Avimelekh, die koning van die F’lishtyne, na G’rar getrek.
2 יהוה het aan hom verskyn en gesê: “Moenie aftrek in Mitzrayim in nie; bly in die land wat Ek vir jou sal wys.
3 Bly as besoeker in hierdie land en Ek sal by jou wees en jou seën, want aan jou en jou nageslag gee Ek al hierdie koninkryke. Ek sal die eed nakom wat Ek teenoor jou vader, Avraham, gesweer het
4 en Ek sal jou nageslag vermeerder soos die sterre van die hemel en aan jou nageslag al hierdie lande gee en in jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën wees
5 omdat Avraham My stem gehoorsaam het en My opdragte, My bevele, My verordeninge en My wette nagekom het.” Hand 3:25
6 Yitz’gak het in G’rar gebly.
7 Die manne van die plek het hom na sy vrou gevra en hy antwoord: “Sy is my suster.” Hy was bang om te sê: “My vrou,” anders sal die manne van die plek, so het hy gedink, hom miskien doodmaak ter wille van Rivkah, want sy was mooi om na te kyk.
8 Nadat hy al ’n lang tyd daar was, het dit so gebeur dat Avimelekh, die koning van die F’lishtyne, deur die venster uitkyk en sien hoedat Yitz’gak met Rivkah, sy vrou, speel
9 en Avimelekh het Yitz’gak geroep en gesê: “Let op, sy is sekerlik jou vrou! Hoekom het jy dan verklaar: sy is my suster?” Yitz’gak antwoord hom: “Omdat ek gedink het dat ek miskien om haar ontwil doodgemaak sal word.”
10 Avimelekh sê: “Wat is hierdie wat jy ons aangedoen het? Hoe maklik kon een van die mense by jou vrou gelê het en jy skuld oor ons gebring het!”
11 Avimelekh het bevel gegee aan die hele volk en gesê: “Wie hierdie man of sy vrou aanraak, sal die dood sterf.”
12 Yitz’gak het toe in dié land gesaai en daardie jaar honderdvoudig ingebring, want יהוה het hom geseën.
13 Die man het ryk geword en altyddeur gegroei in rykdom totdat hy uitermate ryk was.
14 Hy het troppe kleinvee en beeste besit en baie bediendes sodat die F’lishtyne jaloers was op hom.
15 Die F’lishtyne het al die putte wat sy vader se diensknegte in die dae van sy vader Avraham gegrawe het, toegestop en met grond opgevul.
16 Avimelekh sê vir Yitz’gak: “Gaan weg van ons af, want jy het magtiger as ons geword.”
17 Daarop het Yitz’gak weggetrek van daar en sy tent opgeslaan in die vallei van G’rar en daar gebly.

18 Yitz’gak het die waterputte weer oopgegrawe wat hulle in die dae van sy vader Avraham gegrawe het en wat die F’lishtyne ná die dood van Avraham toegestop het en dit genoem volgens die name wat sy vader daaraan gegee het.
19 Yitz’gak se diensknegte het ook in die dal gegrawe en daar ’n put met vars water gevind.
20 Die herders van G’rar het gestry met die herders van Yitz’gak en gesê: “Dit is óns water.” Hy het die put daarom `Esek genoem omdat hulle met hom gestry het.
21 Hulle het ’n ander put gegrawe en daaroor het hulle ook gestry; daarom het hy dit Sitnah genoem.
22 Hy het vandaar verskuif en ’n ander put gegrawe en daaroor is nie getwis nie; daarom het hy dit Regovot genoem en gesê: “Want nou het יהוה vir ons groot plek gemaak en kan ons vrugbaar wees in die land.”
23 Hy het vandaar af opgetrek na Be’er-Sh’va.
24 יהוה het in dieselfde nag aan hom verskyn en gesê: “Ek is die God van Avraham, jou vader. Moenie bang wees nie, want Ek is by jou en Ek sal jou seën en jou nageslag vermeerder ter wille van my dienskneg, Avraham.”
25 Toe bou hy daar ’n altaar en hy het die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה aangeroep en sy tent daar opgeslaan en die diensknegte van Yitz’gak het daar ’n put gegrawe.
26 Toe kom Avimelekh vanaf G’rar na hom toe, saam met Aguzat, sy vriend en Pikhol, die bevelvoerder van sy leër.
27 Yitz’gak het hulle gevra: “Waarom het julle na my toe gekom terwyl julle my haat en my van julle af weggestuur het?”
28 Toe antwoord hulle: “Ons het duidelik gesien dat יהוה met jou is; daarom het ons gedink: laat daar nou ’n eed wees tussen ons, tussen ons en jou en laat ons ’n verbond met jou sluit:
29 jy moet ons geen boosheid aandoen nie, net soos ons jou nie aangeraak en aan jou niks anders as goed gedoen het nie en jou in vrede weggestuur het. Jy is nou die geseënde van יהוה.”
30 Hy het vir hulle ’n feesmaal voorberei en hulle het geëet en gedrink.
31 Hulle het die oggend vroeg opgestaan en het ’n eed teenoor mekaar gesweer. Yitz’gak het hulle laat gaan en hulle het in vrede van hom af weggegaan.
32 Dit het op dieselfde dag wat die diensknegte van Yitz’gak gekom en hom vertel het van die put wat hulle gegrawe het en vir hom gesê het: “Ons het water gekry,” gebeur.
33 Hy het dit Shiv’ah genoem; daarom is die naam van die stad Be’er-Sh’va tot vandag toe.
34 Toe `Esav veertig jaar oud was, het hy Y’hudit, die dogter van Be’eri, die Hetiet en Basmat, die dogter van Elon, die Hetiet vir hom as vroue gevat
35 en hulle was vir Yitz’gak en Rivkah ’n gees van bitterheid.

27 1 Dit het gebeur dat toe Yitz’gak oud geword het en sy oë so swak was dat hy nie kon sien nie, hy sy oudste seun `Esav geroep en vir hom gesê het: “My seun!” Hy het hom geantwoord: “Hier is ek!”
2 Hy sê: “Let op, ek is nou oud en ek ken nie die dag van my dood nie.
3 Vat nou asseblief dadelik jou wapens, jou pylkoker en jou boog en gaan uit in die veld, jag vir my kos
4 en berei vir my ’n smaakvolle ete voor soos ek daarvan hou en bring dit vir my om te eet sodat my gees, liggaam, wil en verstand jou kan seën voordat ek sterf.”
5 Rivkah het gehoor terwyl Yitz’gak met sy seun `Esav praat en `Esav het na die veld gegaan om wild te jag en dit te bring.
6 Rivkah het met haar seun Ya’akov gepraat: “Let op, ek het jou vader met jou broer `Esav hoor praat en sê:
7 ‘Bring vir my wild en maak vir my ’n smaaklike ete dat ek kan eet en jou kan seën voor die Teenwoordigheid van יהוה, voor my dood.’
8 My seun, gehoorsaam daarom my stem, wat ek jou beveel.
9 Gaan nou na die kleinvee en gaan haal vir my twee goeie boklammers dat ek vir jou vader daarvan ’n smaaklike ete kan maak, soos hy daarvan hou
10 en jy sal dit vir jou vader vat sodat hy kan eet en hy jou kan seën voor sy dood.”
11 Ya’akov sê vir sy moeder Rivkah: “Let op, my broer `Esav is ’n harige man en ek is ’n gladde man.
12 Miskien sal my vader oor my voel en ek sal in sy oë wees soos ’n misleier en ’n vloek oor my bring en nie ’n seën nie.”
13 Sy moeder antwoord hom: “Laat jou vloek op my wees, my seun! Gehoorsaam net my stem en gaan haal dit vir my.”
14 Hy het dit gaan haal en na sy moeder gebring en sy moeder het daarvan ’n smaaklike ete gemaak soos sy vader daarvan hou.
15 Rivkah vat ook die beste klere van `Esav, haar oudste seun, wat by haar in die huis was en sy trek dit vir Ya’akov, haar jongste seun, aan
16 en die velle van die bokkies trek sy oor sy hande en oor die gladde deel van sy nek
17 en sy gee die smaaklike ete en die brood wat sy gemaak het, in die hand van Ya’akov, haar seun.
18 Hy kom by sy vader en sê: “My vader!” Hy antwoord: “Hier is ek! Wie is jy, my seun?”
19 Ya’akov sê aan sy vader: “Ek is `Esav, u eersgeborene. Ek het gedoen soos u my beveel het. Sit asseblief regop en eet van my wildsvleis dat u gees, liggaam, wil en verstand my kan seën.”
20 Yitz’gak het egter aan sy seun gesê: “Hoe het jy dit so gou gekry, my seun?” Hy antwoord: “Omdat יהוה, u God, dit na my toe laat kom het.”
21 Yitz’gak sê vir Ya’akov: “Kom asseblief nader dat ek aan jou kan voel, my seun, of jy waarlik my seun `Esav is of nie.”
22 Ya’akov het nader gekom na sy vader Yitz’gak en hy het aan hom gevoel en gesê: “Die stem is Ya’akov se stem, maar die hande is `Esav se hande.”

23 Hy het hom nie herken nie omdat sy hande harig was soos sy broer `Esav se hande en hy het hom geseën.
24 Hy het gevra: “Is jy werklik my seun `Esav?” En hy het geantwoord: “Ja.”
25 Hy sê: “Bring dit vir my nader dat ek van die wildsvleis van my seun kan eet sodat my gees, liggaam, wil en verstand jou kan seën.” Hy het dit vir hom nader gebring en hy het geëet. Hy het ook vir hom wyn gebring en hy het gedrink.
26 Sy vader Yitz’gak sê vir hom: “Kom nou nader en soen my, my seun!”
27 Hy het nader gekom en hom gesoen en hy ruik die geur van sy klere en hy seën hom en sê: “Let op, die geur van my seun is soos die geur van die veld wat יהוה geseën het;
28 daarom gee God jou van die dou van die hemel en van die vet van die grond van die aarde en oorvloed van graan en druiwesap.
29 Volke sal jou dien en nasies sal voor jou neerbuig. Wees ’n heerser oor jou broers en laat die seuns van jou moeder voor jou neerbuig. Vervloek is elkeen wat jou vloek en geseënd is hulle wat jou seën.”
30 Dit het so gebeur dat, net toe Yitz’gak Ya’akov klaar geseën het en Ya’akov nog skaars uit die teenwoordigheid van sy vader Yitz’gak weggegaan het, sy broer `Esav van die jag af gekom
31 en ook ’n smaaklike ete voorberei en dit na sy vader gebring en aan sy vader gesê het: “Laat my vader regop sit en eet van die wildsvleis van sy seun sodat u gees, liggaam, wil en verstand my kan seën.”
32 Sy vader Yitz’gak vra hom: “Wie is jy?” Hy antwoord: “Ek is u seun `Esav, u eersgeborene.”
33 Yitz’gak het gebewe van angs en groot vrees en gesê: “Wie is die een wat wild gejag en vir my gebring het? Ek het alles geëet voordat jy gekom het en hom geseën en hy sal geseënd bly!”
34 Toe `Esav die woorde van sy vader hoor, skree hy met ’n uitermate harde en bitter uitroep en hy sê vir sy vader: “Seën my; vir my ook, o my vader!”
35 Hy antwoord: “Jou broer het met misleiding gekom en jou seën weggevat.”
36 `Esav sê: “Word hy nie na regte Ya’akov genoem omdat hy my nou twee keer onderkruip het nie? Hy het my eersgeboortereg gevat en let op, hy het nou my seën gevat!” Hy vra: “Het u geen seën vir my oorgehou nie?”
37 Yitz’gak antwoord en sê vir `Esav: “Let op, ek het hom heerser oor jou gemaak en aan hom al sy broers as diensknegte gegee en ek het hom met graan en druiwesap onderhou. Wat kan ek nou vir jóu doen, my seun?”
38 `Esav vra vir sy vader: “Het u net een seën, my vader? Seën my; my ook, o my vader!” `Esav het sy stem opgelig en gehuil.
39 Sy vader Yitz’gak antwoord en sê vir hom: “Let op, jou blyplek sal wees in die vetheid van die aarde en in die dou van die hemel daarbo.
40 Jy sal deur jou swaard leef en jy sal jou broer dien, maar dit sal gebeur dat as jy rusteloos raak, jy sy juk van jou nek af sal breek.”
41 `Esav het Ya’akov gehaat as gevolg van die seën waarmee sy vader hom geseën het en `Esav het in sy binneste gedink: “Die dae van rou oor my vader is naby, dan sal ek my broer Ya’akov doodmaak.”

42 Die woorde van `Esav, haar oudste seun, is vir Rivkah vertel en sy stuur en laat Ya’akov, haar jongste seun, roep en sê vir hom: “Let op, jou broer `Esav sal hom op jou wreek en jou doodmaak.
43 My seun, gehoorsaam nou my stem: staan op, vlug na Haran, na my broer Lavan
44 en bly ’n rukkie by hom tot die woede van jou broer wegdraai,
45 tot die toorn van jou broer teen jou wegdraai en hy vergeet het wat jy aan hom gedoen het. Dan sal ek stuur en jou daar laat haal. Waarom moet ek julle altwee op een dag verloor?”
46 Rivkah sê vir Yitz’gak: “Ek is moeg vir my lewe vanweë die dogters van Het. As Ya’akov ’n vrou neem uit die dogters van Het, soos húlle is, uit die dogters van die land, watter lewe is dit vir my?”

28 1 Yitz’gak het Ya’akov geroep en hom geseën en hy het hom bevel gegee en gesê: “Jy mag nie ’n vrou vat uit die dogters van Kena’an nie. Eks 34:16; Deut 7:3; Neg 10:30
2 Staan op, gaan na Paddan-Aram, na die huis van B’tu’el, jou moeder se vader en gaan haal vir jou daar ’n vrou uit die dogters van Lavan, jou moeder se broer.
3 Mag El-Shaddai (Die Magtige God wat meer as genoeg is) jou seën, jou vrugbaar maak en jou vermeerder sodat jy ’n menigte van volke mag word
4 en mag Hy jou die seën van Avraham gee, aan jou en jou nageslag saam met jou sodat jy die land waarin jy ’n besoeker is in besit kan neem, wat God aan Avraham gegee het.”
5 Yitz’gak het Ya’akov so weggestuur en hy het na Paddan-Aram gegaan, na Lavan, die seun van B’tu’el, die Arameër, die broer van Rivkah, die moeder van Ya’akov en `Esav.
6 Toe `Esav sien dat Yitz’gak Ya’akov geseën en hom na Paddan-Aram weggestuur het om daar vir hom ’n vrou te gaan haal en terwyl hy hom geseën het aan hom bevel gegee en gesê het: ‘Jy mag nie ’n vrou uit die dogters van Kena’an vat nie’
7 en dat Ya’akov sy vader en sy moeder gehoorsaam het om na Paddan-Aram te gaan;
8 toe `Esav sien dat die dogters van Kena’an boos was in die oë van sy vader Yitz’gak,
9 het `Esav na Yishma’el gegaan en Magalat, die suster van N’vayot en die dogter van Yishma’el, die seun van Avraham, by die vroue wat hy het vir hom as vrou gevat.
10 Ya’akov het uit Be’er-Sh’va vertrek in die rigting van Haran.
11 Hy het by ’n sekere plek gekom waar hy oornag het, want die son was al onder en hy vat een van die klippe van daardie plek en sit dit onder sy kop en hy gaan lê op dié plek en slaap.
12 Hy het gedroom: let op, ’n leer is op die aarde opgestel waarvan die punt tot by die hemele kom en let op, die boodskappers van God gaan daarmee op en af. Yog 1:51
13 Let op, יהוה het bo-aan dit gestaan en gesê: “Ek is יהוה, die God van jou vader Avraham en die God van Yitz’gak. Die land waarop jy lê, gee Ek aan jou en aan jou nageslag

14 en jou nageslag sal wees soos die stof van die aarde en jy sal uitbrei na die weste en die ooste en na die noorde en die suide en in jou en jou Saad sal al die families van die aarde geseën wees. Gen 3:15; Gen 12:2-3; 22:18; 26:4
15 Let op, Ek is by jou en Ek sal jou beskerm oral waar jy heengaan en Ek sal jou terugbring in hierdie land, want Ek sal jou nie verlaat nie totdat Ek gedoen het wat Ek vir jou gesê het.”
16 Ya’akov word uit sy slaap wakker en sê: “Waarlik, יהוה is op hierdie plek en ek het dit nie geweet nie.”
17 Hy het bang geword en gesê: “Hoe vreeslik is hierdie plek! Hierdie is niks anders as ’n huis van God nie en hierdie is die hek van die hemel.”
18 Ya’akov het vroeg die oggend opgestaan, die klip gevat wat hy onder sy kop gesit het, dit opgerig as ’n pilaar en olie daaroor uitgegooi.
19 Hy het die plek Beit-El genoem, maar die naam van die stad was tevore Luz.
20 Ya’akov het ’n belofte gemaak en gesê: “As God by my sal wees om my te beskerm op hierdie pad wat ek gaan en aan my brood sal gee om te eet en klere om aan te trek
21 en ek in vrede na die huis van my vader sal terugkom, dan sal יהוה my God wees
22 en hierdie klip wat ek as pilaar opgerig het, sal ’n huis van God wees en van alles wat U my gee, sal ek ’n tiende as tiende aan U gee.”

29 1 Ya’akov het sy voete opgelig (gou gemaak) en gekom in die land van die seuns van die Ooste. Rig 7:12; 8:10
2 Hy het gekyk en let op, daar was ’n put in die veld en drie troppe kleinvee wat daarby lê, want uit dié put het hulle die vee laat drink. Daar was ’n groot klip op die opening van die put.
3 Al die troppe sal daar bymekaarkom, dan rol hulle die klip weg van die opening van die put en laat die vee drink. Daarna sit hulle die klip weer op sy plek op die opening van die put.
4 Ya’akov sê vir hulle: “My broers, waar is julle vandaan?” Hulle antwoord: “Ons kom van Haran.”
5 Hy vra hulle: “Ken julle vir Lavan, die seun van Nagor?” Hulle antwoord: “Ons ken hom.”
6 Hy sê ook vir hulle: “Gaan dit goed met hom?” Hulle antwoord: “Dit gaan goed en let op, daar kom sy dogter Ragel met die vee.”
7 Hy sê: “Let op, die dag is nog lank; dit is nie tyd om die trop bymekaar te maak nie. Laat die vee drink en gaan, laat hulle wei.”
8 Hulle antwoord egter: “Ons kan nie voordat al die troppe bymekaar is nie; dan rol hulle die klip weg van die opening van die put en ons laat die vee drink.”
9 Terwyl hy nog met hulle praat, kom Ragel met haar vader se kleinvee aan, want sy het hulle opgepas.
10 Dit het so gebeur dat toe Ya’akov Ragel, die dogter van Lavan, sy moeder se broer, sien en die vee van Lavan, sy moeder se broer, gaan Ya’akov nader en rol die klip weg van die opening van die put af en laat die vee van Lavan, sy moeder se broer, drink.

11 Ya’akov het Ragel gesoen en sy stem opgelig en gehuil.
12 Ya’akov het Ragel vertel dat hy haar vader se familie en die seun van Rivkah was. Sy het daarop gehardloop en dit aan haar vader vertel.
13 Dit het so gebeur dat toe Lavan die verslag hoor van Ya’akov, die seun van sy suster, hy hom tegemoet gehardloop, hom omhels, gesoen en hom in sy huis ingebring het. Hy het aan Lavan al hierdie dinge vertel.
14 Lavan sê vir hom: “Waarlik, jy is my vlees en been.” Hy het by hom die dae van ’n maand gebly.
15 Lavan sê vir Ya’akov: “Sou jy my verniet dien omdat jy my familie is? Vertel my wat jou loon moet wees.”
16 Nou, Lavan het twee dogters gehad; die naam van die oudste was Le’ah en die naam van die jongste Ragel.
17 Le’ah het aantreklike oë gehad, maar Ragel het ’n mooi figuur gehad en was mooi om na te kyk.
18 Ya’akov het Ragel liefgehad; daarom het hy gesê: “Ek sal u sewe jaar dien vir Ragel, u jongste dogter.”
19 Lavan antwoord: “Dit is beter dat ek haar vir jou gee as dat ek haar vir ’n ander man gee. Bly by my.”
20 So het Ya’akov dan sewe jaar gewerk vir Ragel en dit was in sy oë soos ’n paar dae omdat hy haar liefgehad het.
21 Ya’akov sê vir Lavan: “Gee nou my vrou dat ek by haar kan ingaan, want my dae is vervul.”
22 Lavan het al die manne van die plek bymekaargemaak en ’n fees voorberei.
23 Dit het so gebeur dat hy sy dogter Le’ah gevat en haar na hom toe gebring het teen sonsondergang en hy het by haar ingegaan.
24 Lavan het ook sy slavin Zilpah aan sy dogter Le’ah gegee as slavin.
25 Die volgende oggend, let op, dit was Le’ah! Hy sê vir Lavan: “Wat het u my nou aangedoen? Was dit nie vir Ragel wat ek u gedien het nie? Waarom het u my dan bedrieg?”
26 Lavan antwoord: “Dit word nie hier in ons land so gedoen om die jongste voor die oudste in die huwelik te gee nie.
27 Voltooi haar bruilofsfees van sewe dae, dan sal ons jou dié een ook gee vir die diens waarmee jy my nóg sewe jaar moet dien.”
28 Ya’akov het so gedoen: hy het haar bruilofstyd van ’n week voltooi. Toe gee hy sy dogter Ragel ook aan hom as vrou.
29 Lavan het sy slavin Bilhah vir sy dogter Ragel gegee as slavin.
30 Hy het ook by Ragel ingegaan en Ragel ook meer liefgehad as vir Le’ah. Hy het nóg sewe jaar by Lavan gedien.
31 Toe יהוה sien dat Le’ah die gehate een was, het Hy haar baarmoeder oopgemaak, maar Ragel was onvrugbaar.
32 Le’ah het bevrug geword en geboorte gegee aan ’n seun en hom Re’uven genoem, want sy het gesê: “יהוה het sekerlik my depressie raakgesien, want nou sal my man my liefhê.”

33 Sy is weer bevrug en het geboorte gegee aan ’n seun en gesê: “יהוה het sekerlik gehoor dat ek die gehate is en my hierdie een ook gegee.” Sy het hom Shim’on genoem.
34 Sy is weer bevrug en het geboorte gegee aan ’n seun en gesê: “Nou hierdie keer sal my man met my verenig wees omdat ek vir hom geboorte gegee het aan drie seuns.” Hy is daarom Levi genoem.
35 Sy is weer bevrug en het geboorte gegee aan ’n seun en gesê: “Nou sal ek יהוה loof en dank met uitgestrekte hande.” Sy het hom daarom Y’hudah genoem. Sy het opgehou om kinders te hê.

30 1 Toe Ragel sien dat sy vir Ya’akov geen kinders gee nie, het Ragel jaloers geword op haar suster en vir Ya’akov gesê: “Gee vir my seuns of anders sterf ek.”
2 Ya’akov het kwaad geword teenoor Ragel en gevra: “Is ek dan in die plek van God wat die vrug van jou baarmoeder van jou teruggehou het?”
3 Sy antwoord: “Let op, my slavin Bilhah; gaan by haar in sodat sy op my knieë geboorte kan gee en ek ook uit haar opgebou kan word.”
4 Sy het haar slavin Bilhah vir hom as vrou gegee en Ya’akov het by haar ingegaan
5 en Bilhah het swanger geword en geboorte gegee aan ’n seun vir Ya’akov.
6 Ragel het gesê: “God het my saak beoordeel en ook my stem gehoor en vir my ’n seun gegee.” Sy het hom daarom Dan genoem.
7 Bilhah, die slavin van Ragel, is weer bevrug en het geboorte gegee aan ’n tweede seun vir Ya’akov.
8 Ragel het gesê: “Ek het magtige worstelinge met my suster gestoei en oorwin.” Sy het hom Naftali genoem.
9 Toe Le’ah sien dat sy opgehou het om geboorte te gee, vat sy haar slavin Zilpah en gee haar aan Ya’akov as vrou.
10 Zilpah, die slavin van Le’ah, het geboorte gegee aan ’n seun vir Ya’akov.
11 Toe sê Le’ah: “Goeie geluk het gekom!” Sy het dus sy naam Gad gegee.
12 Daarna het Zilpah, die slavin van Le’ah, geboorte gegee aan ’n tweede seun vir Ya’akov.
13 Toe sê Le’ah: “Ek is gelukkig! Die dogters sal my lof besing.” Sy het hom Asher genoem.
14 Re’uven het in die dae van die graanoes gegaan en alruin in die veld gevind en dié na sy moeder Le’ah gebring en Ragel sê vir Le’ah: “Gee vir my van jou seun se alruin.”
15 Sy antwoord haar: “Is dit iets kleins dat jy my man weggevat het? Sal jy my seun se alruin ook wegvat?” Ragel sê: “Vir jou seun se alruin mag hy vannag by jou lê.”
16 Toe Ya’akov teen sonsondergang uit die veld uit kom, gaan Le’ah hom tegemoet en sê: “Jy moet inkom na my toe, want ek het jou gehuur vir my seun se alruin.” Hy het dié nag by haar gelê.
17 God het Le’ah verhoor: sy het bevrug geword en vir Ya’akov geboorte gegee aan ’n vyfde seun.
18 Le’ah het gesê: “God het my my loon gegee omdat ek my slavin aan my man gegee het.” Sy het hom Yissakhar genoem.

19 Le’ah het weer bevrug geword en vir Ya’akov geboorte gegee aan ’n sesde seun.
20 Le’ah het gesê: “God het aan my ’n goeie geskenk toegestaan; die keer sal my man uiteindelik by my bly, want ek het vir hom geboorte gegee aan ses seuns.” Sy het hom Z’vulun genoem.
21 Daarna het sy geboorte gegee aan ’n dogter en haar Dinah genoem.
22 God het Ragel onthou en God het haar gehoor en haar baarmoeder oopgemaak:
23 sy het bevrug geword en geboorte gegee aan ’n seun. Sy het gesê: “God het my skande weggevat.”
24 Sy het hom Yosef genoem en gesê: “יהוה sal vir my nog ’n seun byvoeg!”
25Dit het so gebeur dat toe Ragel geboorte gegee het aan Yosef, Ya’akov vir Lavan gesê het: “Laat my gaan sodat ek na my eie plek en my eie land kan gaan.
26 Gee my vroue en my jongelinge waarvoor ek u gedien het sodat ek kan gaan, want u ken self die diens waarmee ek u gedien het.”
27 Lavan antwoord hom: “Bly asseblief as ek guns in u oë gevind het; ek het die tekens gesien dat יהוה my om jou ontwil geseën het.”
28 Hy sê ook: “Spesifiseer vir my jou loon en ek sal dit gee.”
29 Hy antwoord hom: “U weet self hoe ek u gedien het en hoe u vee by my is,
30 want wat u gehad het vóór my koms was min en dit het tot baie vermeerder. יהוה het u geseën sedert ek my voete hier gesit het. Nou, wanneer sal ek ook vir my eie huis voorsien?”
31 Hy vra: “Wat moet ek vir jou gee?” Ya’akov antwoord: “U hoef my niks te gee nie, as u hierdie ding vir my sal doen, sal ek weer u kleinvee voed en versorg;
32 ek sal vandag deur al u troppe kleinvee gaan en daaruit al die gestippelde en bont vee uitkeer en al die bruines onder die skaaplammers, asook die bontes en gestippeldes onder die bokke, dit sal my loon wees.
33 Net soos my eerlikheid vandag vir my getuig; net so sal dit wees wanneer my loon voor u gebring word; alles wat nie gestippeld of bont is onder die bokke en wat nie bruin is onder die skaaplammers nie, sal as gesteelde goed by my beskou word.”
34 Lavan antwoord: “O, laat dit wees volgens jou woord!”
35 Ya’akov het dieselfde dag die gestreepte en bont bokke en al die gestippelde en bont bokooie uitgekeer, almal wat wit aan hulle gehad het en almal wat bruin was onder die skaaplammers en dié in sy seuns se hande afgegee.
36 Lavan het drie dae se reis tussen hom en Ya’akov bepaal en Ya’akov het die orige kleinvee van Lavan opgepas.
37 Ya’akov vat vir homself groen latte van populier-, amandel- en plataanhout en hy skil wit strepe daarvan af sodat die wit van die latte wys
38 en hy sit die latte wat hy afgeskil het vlak voor die vee in die trôe, in die drinkbakke waar die vee kom drink het sodat hulle op hitte kom as hulle kom drink.
39 Die vee het op hitte gekom by die latte en die vee het gestreeptes, gestippeldes en bontes gelam.
40 Ya’akov het die lammers geskei en hy het die koppe van die vee na die gestreeptes gedraai en almal wat bruin was onder Lavan se vee. Hy het vir hom afsonderlike troppe gemaak en dié nie saam met Lavan se vee gesit nie.

41 Dit het so gebeur dat elke keer as die sterkste diere op hitte kom, Ya’akov die latte voor die oë van die vee in die trôe sit sodat hulle by die latte sou paar,

42 maar as die vee swakkerig was, het hy dit nie ingesit nie; so was dan die swakkes vir Lavan en die sterkes vir Ya’akov.

43 Die man het uitermate ryk geword en baie vee, slavinne, slawe, kamele en esels gehad.

31 1 Hy het die woorde van die seuns van Lavan gehoor dat hulle sê: “Ya’akov het alles weggevat wat ons vader s’n was en uit wat ons vader s’n was, het hy al hierdie rykdom verkry.”

2 Ya’akov het ook die gesig van Lavan gesien en let op, dit was nie meer soos gister en eergister nie.

3 יהוה het vir Ya’akov gesê: “Gaan terug na die land van jou vaders en na jou familie en Ek sal by jou wees.”

4 Ya’akov stuur toe en laat Ragel en Le’ah veld toe roep na sy trop toe

5 en sê vir hulle: “Ek sien dat die gesig van julle vader teenoor my nie meer is soos gister en eergister nie, maar die God van my vader was by my.

6 Julle weet self dat ek met al my krag julle vader gedien het,

7 maar julle vader het my bedrieg: hy het my loon tien maal verander, maar God het hom nie toegelaat om my skade aan te doen nie.

8 As hy sou sê: ‘Die gestippeldes sal jou loon wees,’ dan lam al die vee gestippeldes en as hy sê: ‘Die gestreeptes sal jou loon wees,’ dan lam al die vee gestreeptes.

9 So het God die vee van julle vader af weggevat en aan my gegee.

10 Dit het in die tyd toe die kleinvee op hitte was, gebeur dat ek my oë opgeslaan en in ’n droom gesien het dat die bokramme wat die kleinvee dek, gestreep, gestippeld en bont was

11 en die boodskapper van God sê vir my in die droom: ‘Ya’akov!’ Ek antwoord: ‘Hier is ek!’

12 Hy sê: ‘Slaan tog jou oë op en kyk: al die bokramme wat die kleinvee dek, is gestreep, gestippeld en bont, want Ek het alles gesien wat Lavan aan jou doen.

13 Ek is die God van Beit-El waar jy die pilaar gesalf het, waar jy ’n eed aan My beloof het. Staan nou op, gaan weg uit hierdie land uit en gaan terug na die land van jou geboorte’.”

14 Ragel en Le’ah antwoord en sê vir hom: “Is daar nog ’n deel of erfenis vir ons in die huis van ons vader?

15 Word ons nie as vreemdelinge deur hom gesien nie? Hy het ons verkoop en ons geld opgeëet en verteer,

16 want al hierdie rykdom wat God van ons vader weggevat het, is ons en ons seuns s’n. Doen dan nou wat ook al God vir u gesê het om te doen.”

17 Toe staan Ya’akov op en laai sy kinders en sy vroue op die kamele

18 en hy voer al sy vee weg en al sy besittings wat hy bymekaar gemaak het, die vee wat syne was, wat hy in Paddan-Aram bymekaar gemaak het, om na sy vader Yitz’gak in die land Kena’an te gaan.

19 Lavan het gegaan om sy trop te skeer en Ragel het haar vader se familie-afgodsbeelde gesteel.

20 Ya'akov het Lavan, die Arameër, mislei deurdat hy weggesluip het sonder om hom te vertel dat hy wou weggaan.

21 So het hy dan weggegaan met alles wat hy besit het. Hy het opgestaan en oor die rivier gegaan en sy gesig gedraai na die gebergte van Gil'ad.

22 Op die derde dag is Lavan vertel dat Ya'akov gevlug het.

23 Hy het sy broers saam met hom gevat en hom vir sewe dae agternagejaag en hom ingehaal in die gebergte van Gil'ad.

24 God het na Lavan, die Arameër, in die nag gekom in 'n droom en vir hom gesê: "Pas op dat jy nie met Ya'akov goed of kwaad praat nie."

25 Lavan het Ya'akov ingehaal. Ya'akov het al sy tent opgeslaan in die gebergte en Lavan, saam met sy broers, het in die gebergte van Gil'ad kamp opgeslaan.

26 Lavan sê vir Ya'akov: "Wat het jy gedoen dat jy skelm weggesluip het en my dogters soos krygsgevangenes weggevoer het?

27 Waarom het jy in die geheim en skelm van my af weggegaan en my nie vertel nie sodat ek jou met oorweldigende blydskap, met 'n lied, met tamboeryn en harp kon wegstuur?

28 Jy het my ook nie toegelaat om my seuns en dogters te soen nie. Nou het jy daardeur dwaas opgetree.

29 Die mag is in my hand om julle skade aan te doen, maar die God van julle vader het verlede nag met my gepraat en gesê: 'Pas op dat jy nie met Ya'akov praat, beide goed of kwaad nie.'

30 Nou het jy reeds vertrek omdat jy so erg verlang het na die huis van jou vader, maar waarom het jy my gode gesteel?"

31 Ya'akov antwoord en sê vir Lavan: "Ek was bang, want ek het gedink u sal miskien u dogters met geweld van my af wegvat.

32 By wie u ook al u gode vind, laat hom nie lewe nie! Onderskei wat van u by my is, in die teenwoordigheid van ons broers en vat dit saam." Ya'akov het nie geweet dat Ragel dit gesteel het nie.

33 Lavan het in die tent van Ya'akov, van Le'ah en van die twee slavinne ingegaan, maar hy het niks gekry nie. Toe het hy uit die tent van Le'ah uitgegaan en in die tent van Ragel gekom.

34 Ragel het die familie afgode gevat en dit in die kameelsaal gesit en daarop gaan sit. Lavan het die hele tent deurgevoel, maar niks gekry nie.

35 Sy sê vir haar vader: "Laat dit nie brand in my meester se oë (ontevrede wees) omdat ek nie vir u kan opstaan nie, want dit gaan met my volgens die pad van vroue." Hy het gesoek, maar die familie afgode nie gekry nie.

36 Ya'akov was woedend en hy het met Lavan gestry en Ya'akov antwoord vir Lavan en sê: "Wat is my oortreding, wat is my sonde dat u my so vuriglik agtervolg het?

37 Noudat u al my goed deursoek het; wat het u van al u huisware gevind? Sit dit hier voor my broers en u broers neer en laat hulle oordeel tussen ons twee.

38 Hierdie twintig jaar wat ek by u was, het u skaap- en bokooie geen misdrag gehad nie en die ramme van u kleinvee het ek nie geëet nie.

39 Wat die wilde diere verskeur het, het ek nie na u gebring nie; ek het die verlies daarvan gedra. U het dit van my hand geëis, of dit bedags of snags gesteel is.
40 Daar was ek, bedags deur die hitte verteer en snags deur die koue en my slaap het gevlug van my oë.
41 So was ek in u huis vir twintig jaar; ek het u veertien jaar gedien vir u twee dogters en ses jaar vir u kleinvee en u het my loon tien maal verander.
42 As die God van my vader, die God van Avraham en die Vrees van Yitz’gak, nie by my was nie sou u my sekerlik nou met leë hande weggestuur het. God het my swaarkry en die moeitevolle werk van my hande gesien en u verlede nag bestraf.”
43 Lavan antwoord en sê vir Ya’akov: “Hierdie dogters is my dogters en hierdie seuns is my seuns en hierdie troppe is my troppe, alles wat jy sien, is myne, maar wat sal ek my dogters vandag kan aandoen of aan hulle seuns waaraan hulle geboorte gegee het?
44 Kom daarom nou, laat ek en jy ’n verbond sluit sodat dit ’n getuienis kan wees tussen my en jou.”
45 Daarop het Ya’akov ’n klip gevat en dit as ’n monument opgerig.
46 Ya’akov het aan sy familie gesê: “Maak klippe bymekaar” en hulle het klippe gaan haal en ’n hoop gemaak en daar, op die hoop, geëet.
47 Lavan het dit Y’gar-Sahaduta genoem, maar Ya’akov het dit Gal-`Ed genoem.
48 Lavan het gesê: “Hierdie hoop is vandag ’n getuie tussen my en jou.” Hulle het dit daarom Gal-`Ed genoem,
49 asook HaMitzpah, want hy het gesê: “Mag יהוה wag hou tussen my en jou as ons weg is van mekaar.
50 As jy my dogters laat swaarkry en as jy ander vroue neem behalwe my dogters, dan, al is geen mens by ons nie, let op, God is getuie tussen my en jou.”
51 Lavan sê ook vir Ya’akov: “Let op, die hoop en die monument wat ek tussen my en jou opgerig het;
52 hierdie hoop is getuie en die monument is getuienis dat ék nie na jou kant toe verby hierdie hoop sal trek nie en dat jy nie na my kant toe verby hierdie hoop en hierdie monument sal trek met boosheid nie.
53 Die God van Avraham, die God van Nagor en die God van hulle vader, sal Regter wees tussen ons.” Ya’akov het gesweer by die Respekvolle Vrees van sy vader Yitz’gak.
54 Ya’akov het ’n offer op die berg geslag en sy broers genooi om brood te eet. Hulle het brood geëet en die hele nag op die berg gebly.
55 Lavan het die oggend vroeg opgestaan en sy seuns en sy dogters gesoen en hulle geseën. Lavan het vertrek en teruggegaan na sy plek.

32 1 Ya’akov het op sy pad gegaan en die boodskappers van God het hom ontmoet.
2 Toe hy hulle sien, sê Ya’akov: “Dit is die kamp van God” en hy het die plek Maganayim genoem.
3 Ya’akov het boodskappers voor hom uitgestuur na sy broer `Esav in die land van Se’ir, die land Edom

4 en aan hulle bevel gegee en gesê: “So moet julle aan my meester, aan `Esav, sê: ‘So sê Ya’akov, u dienskneg; ek het as besoeker gebly by Lavan en daar gebly tot nou toe
5 en ek het beeste, donkies, kleinvee, slawe en slavinne en ek laat weet dit vir my meester sodat ek guns mag vind in u oë.’”
6 Die boodskappers het na Ya’akov teruggekom en gesê: “Ons het by u broer `Esav gekom en hy gaan u alreeds tegemoet en het vier honderd man saam met hom.”
7 Ya’akov was bang en baie benoud en hy het die mense wat by hom was, sowel as die kleinvee, beeste en kamele in twee groepe verdeel,
8 want hy het gedink: “As `Esav by die een groep kom en dit verslaan, sal die groep wat oorbly, ontsnap.”
9 Ya’akov het gebid en gesê: “O God van my vader Avraham en God van my vader Yitz’gak, יהוה, wat my beveel het: gaan terug na jou land en na jou familie en Ek sal aan jou goed doen;
10 ek is nie al die guns en al die getrouheid wat U aan U dienskneg bewys het waardig nie, want ek het met my staf oor hierdie Yarden getrek en nou het ek twee groepe geword.
11 Red my asseblief uit die hand van my broer, uit die hand van `Esav, want ek is bang vir hom dat hy sal kom en my doodslaan, die moeders saam met die seuns.
12 U het tog self gesê: ‘Ek sal sekerlik aan jou goed doen en jou nageslag maak soos die sand van die see wat vanweë die menigte daarvan nie getel kan word nie.’”
13 Hy het die nag daar oorgebly en van wat in sy hand gekom het as ’n geskenk gevat vir sy broer `Esav:
14 twee honderd bokooie en twintig bokramme, twee honderd skaapooie en twintig ramme,
15 dertig melkkamele en hulle kalwers, veertig koeie en tien bulle, twintig donkiemerries en tien jong donkies
16 en hy het hulle aan sy diensknegte oorhandig, elke trop afsonderlik en aan sy diensknegte gesê: “Gaan voor my uit en laat ’n ruimte oop tussen trop en trop.”
17 Hy beveel die eerste een en sê: “As my broer `Esav jou ontmoet en jou vra: ‘Aan wie behoort jy, waarheen gaan jy en wie se besittings is daar voor jou?’
18 dan moet jy antwoord: ‘U dienskneg Ya’akov s’n. Dit is ’n geskenk wat hy aan my meester `Esav stuur en let op, hy self kom ook agter ons aan’.”
19 Hy het ook bevel gegee aan die tweede en aan die derde en aan almal wat agter die troppe geloop het en gesê: “Net so moet julle `Esav antwoord as julle hom ontmoet;
20 julle moet sê: ‘Let op, u dienskneg Ya’akov kom ook agter ons aan’,” want hy het gedink: laat ek hom tevrede stel met die geskenk wat voor my uit gaan en daarna, as ek sy gesig sien, miskien sal hy my aanvaar.
21 So het die geskenk voor hom uitgegaan, maar hy self het dié nag in die kamp gebly.
22 Hy het dieselfde nag opgestaan en sy twee vroue, sy twee slavinne en sy elf seuns gevat en deur die drif van die Yabbok getrek.

23 Hy het hulle gevat en hulle oor die stroompie laat gaan, asook wat aan hom behoort oorgestuur,

24 maar Ya'akov het alleen agtergebly en 'n Man het met hom gestoei tot dagbreek toe.

25 Toe Hy sien dat Hy hom nie kon wen nie, slaan Hy hom op sy heupbeen sodat die heupbeen van Ya'akov uit lit geraak het soos hy met Hom gestoei het.

26 Hy sê: "Laat My gaan, want die dag het gebreek." Hy antwoord: "Ek sal U nie laat gaan nie, tensy U my seën."

27 Hy vra hom: "Wat is jou naam?" Hy antwoord: "Ya'akov."

28 Hy sê: "Jy sal nie meer Ya'akov genoem word nie, maar Yisra'el, want jy het krag soos 'n prins gehad teenoor God en die mense en het oorwin."

29 Ya'akov vra en sê: "Maak asseblief U Naam (Karakter en Outoriteit) bekend!" Hy antwoord: "Waarom vra jy na My Naam?" Hy het hom daar geseën.

30 Ya'akov het die plek P'ni-El genoem; ek het God van gesig tot gesig gesien en tog is my lewe gered.

31 Die son het vir hom opgegaan net toe hy oor P'ni-El gaan en hy was mank aan sy heup;

32 daarom eet die kinders van Yisra'el tot vandag toe nie die heupsening, wat aan die heupbeen is nie omdat Hy Ya'akov op die heupbeen, aan die heupsening, geslaan het.

# 33

1 Ya'akov het sy oë opgelig en gesien dat `Esav aankom en let op, vier honderd man saam met hom en hy het die seuns onder Le'ah, Ragel en die twee slavinne verdeel.

2 Hy het die slavinne met hulle kinders voor, Le'ah met haar kinders agter hulle en Ragel en Yosef laaste gesit,

3 maar hy self het voor hulle uit oorgegaan en sewe maal met sy gesig op die grond gaan lê totdat hy by sy broer gekom het.

4 `Esav het hom tegemoet gehardloop, hom vasgehou en hom om die nek geval en hom gesoen en hulle het gehuil.

5 Hy het sy oë opgelig, die vroue en kinders gesien en gesê: "Wie is hierdie by jou?" Hy antwoord: "Die kinders wat God uit onverdiende guns aan u dienskneg gegee het."

6 Die slavinne het nader gekom, hulle en hulle kinders en gebuig.

7 Le'ah het ook nader gekom met haar kinders en gebuig en daarna het Yosef en Ragel nader gekom en gebuig.

8 Hy sê: "Wat is jou bedoeling met al hierdie kampe wat ek teëgekom het?" Hy antwoord: "Om guns te vind in die oë van my meester."

9 `Esav sê egter: "Ek het oorvloed, my broer! Hou wat jy het vir jouself!"

10 Ya'akov antwoord: "Nee, asseblief, as ek guns in u oë gevind het, ontvang die geskenk uit my hand, want ek het nou u gesig gesien asof ek die gesig van God gesien het en u was tevrede met my.

11 Aanvaar asseblief die seëning van my wat vir u gebring is, want God het my onverdiende guns bewys en ek het alles wat ek nodig het.” Hy het by hom aangehou en hy het dit aanvaar.
12 Hy sê toe: “Laat ons opbreek en vertrek en ek sal voor jou gaan.”
13 Hy antwoord hom: “My meester weet dat die kinders swak is en dat ek lammers en kalwers wat drink by my het; as die manne hulle een dag hard sou dryf sou die hele trop vrek.
14 My meester moet asseblief voor sy dienskneg uittrek. Ek sal rustig gaan volgens die pas van die vee wat voor my uitgaan en volgens die voete van die kinders, tot ek by my meester in Se’ir aankom.”
15 `Esav sê: “Laat my nou van die mense wat by my is, by jou los.” Hy antwoord: “Waarvoor dan? Laat my guns in die oë van my meester vind!”
16 So het `Esav dan dié dag teruggegaan op sy pad na Se’ir.
17 Ya’akov het na Sukkot weggetrek, vir hom ’n huis gebou en skuilings vir sy vee gemaak; daarom het hy die plek Sukkot genoem.
18 Ya’akov het in vrede aangekom by die stad Sh’khem wat in die land Kena’an is, toe hy van Paddan-Aram af gekom het en hy het sy tent voor die stad opgeslaan
19 en die stuk grond, waar hy sy tent opgeslaan het, gekoop van die seuns van Hamor, die vader van Sh’khem, vir honderd geldstukke.
20 Hy het ook ’n altaar daar opgerig en dit El-Elohei Yisra’el (Die Magtige God van Yisra’el is God) genoem.

34 1 Dinah, die dogter van Le’ah, wat vir Ya’akov gebore is, het uitgegaan om die dogters van die land te sien.
2 Toe Sh’khem, die seun van Hamor, die Hiviet, die heerser van die land, haar sien, het hy haar gegryp en by haar gelê en haar onteer.
3 Sy wil, verstand, liggaam en gees het geheg geraak aan Dinah, die dogter van Ya’akov en hy het die meisie liefgehad en sag met die meisie gepraat.
4 Sh’khem het ook met sy vader Hamor gepraat en gesê: “Kry hierdie meisie vir my as vrou.”
5 Ya’akov het gehoor dat sy dogter Dinah onteer is. Sy seuns was by sy vee in die veld en Ya’akov het stilgebly totdat hulle gekom het.
6 Hamor, die vader van Sh’khem, het uitgegaan na Ya’akov om met hom te praat.
7 Die seuns van Ya’akov het uit die veld gekom toe hulle dit hoor en die manne was gegrief en uitermate woedend omdat hy ’n morele boosheid teenoor Yisra’el begaan het, deur by die dogter van Ya’akov te lê: ’n ding wat nie gedoen moes word nie.
8 Hamor praat met hulle en sê: “Die wil, verstand, liggaam en gees van my seun Sh’khem verlang na julle dogter: gee haar asseblief vir hom as vrou
9 en tree in huwelike met ons: gee vir ons julle dogters en vat vir julle ons dogters.
10 Bly by ons en die land lê voor julle oop; bly en dryf handel en verkry besittings daarin.”
11 Sh’khem sê ook vir haar vader en broers: “Laat my guns vind in julle oë en wat julle van my vra, sal ek gee.

12 Vra my enige grootte bruidskat en geskenk en ek sal gee volgens wat julle aan my sê, maar gee vir my die meisie as vrou.”
13 Die seuns van Ya’akov antwoord vir Sh’khem en Hamor, sy vader en praat met misleiding omdat hy hulle suster Dinah onteer het
14 en sê vir hulle: “Ons kan hierdie ding nie doen om ons suster aan ’n man te gee wat onbesnede is nie, want dit sou ’n skande vir ons wees.
15 Op hierdie voorwaarde alleen kan ons inwillig: as julle word soos ons is deurdat almal van julle wat manlik is, besny word.
16 Ons sal dan ons dogters aan julle gee en ons sal julle dogters vir ons vat en ons sal by julle bly en een volk word,
17 maar as julle nie na ons luister en besny word nie, dan vat ons ons dogter en gaan weg.”
18 Hulle woorde was goed in die oë van Hamor en van Sh’khem, die seun van Hamor.
19 Die jongman het nie uitgestel om dit te doen nie, want hy het vreugde gevind in die dogter van Ya’akov en hy was die mees eerbare in die hele huis van sy vader.
20 Hamor en sy seun Sh’khem gaan na die poort van hulle stad en praat met die manne van hulle stad en sê:
21 “Hierdie manne is vredevol teenoor ons; daarom, laat hulle in die land bly en daarin handel dryf: die land lê mos breed oop voor hulle. Ons kan hulle dogters vir ons as vroue vat en ons sal ons dogters vir hulle gee,
22 maar net op hierdie voorwaarde sal die manne inwillig om by ons te bly, om een volk te wees: as alle mans by ons besny word soos hulle besny is.
23 Sal hulle vee, hulle besittings en al hulle diere nie ons s’n wees nie? Laat ons net instem sodat hulle by ons kan bly.”
24 Hulle het na Hamor en na sy seun Sh’khem geluister, almal wat uit sy stadspoort uitgegaan het en almal wat manlik was, wat uit sy stadspoort uitgegaan het, is besny.
25 Dit het so gebeur dat op die derde dag, toe hulle in pyn was, twee van die seuns van Ya’akov, Shim’on en Levi, broers van Dinah, elkeen sy swaard gevat, die stad stilweg ingegaan en al die mans doodgeslaan het.
26 Hulle slaan ook vir Hamor en sy seun Sh’khem met die skerpte van die swaard dood, vat Dinah uit die huis van Sh’khem en gaan uit.
27 Die seuns van Ya’akov het op die wat dood is afgekom en die stad geplunder omdat hulle hulle suster onteer het.
28 Hulle het hulle kleinvee, hulle beeste en hulle esels, wat ook al in die stad en in die veld was, weggevat.
29 Al hulle besittings, al hulle kinders en hulle vroue het hulle as gevangenes en as buit weggevoer en ook alles wat in die huise was.
30 Ya’akov sê vir Shim’on en Levi: “Julle het vir my moeilikheid gemaak deurdat julle my verwerplik gemaak het by die inwoners van die land, die Kena’aniete en P’risiete. Omdat ek min is, sal hulle saamkom teen my, my doodmaak en vernietig, my en my huis.”
31 Hulle antwoord: “Moes hy ons suster as ’n hoer behandel!”

35 1 God het vir Ya'akov gesê: "Staan op, gaan op na Beit-El, bly daar en bou daar 'n altaar vir die Magtige God wat aan jou verskyn het toe jy gevlug het van die teenwoordigheid van jou broer, `Esav, af."
2 Ya'akov sê vir sy huisgesin en aan almal wat by hom was: "Gooi weg die vreemde gode wat onder julle is, reinig julle en trek ander klere aan
3 en laat ons opstaan en optrek na Beit-El en ek sal daar 'n altaar bou vir die Magtige God wat my geantwoord het op die dag van my benoudheid en by my was op die pad wat ek gegaan het."
4 Toe gee hulle vir Ya'akov al die vreemde gode wat in hulle besit was en die ringe aan hulle ore en Ya'akov het dit weggesteek onder die Eikeboom wat by Sh'khem is.
5 Hulle het weggetrek en 'n vrees van God het op die stede rondom hulle gekom sodat hulle die seuns van Ya'akov nie agtervolg het nie.
6 So het Ya'akov dan in Luz, dit is Beit-El, aangekom wat in die land Kena'an is; hy en al die mense wat by hom was.
7 Hy het daar 'n altaar gebou en die plek El-Beit-El genoem, want daar het die Magtige God homself aan hom openbaar toe hy vir die teenwoordigheid van sy broer gevlug het.
8 D'vorah, Rivkah se oppasster, is dood en sy is begrawe onderkant Beit-El, onder die eikeboom. Hulle het dit Alon-Bakhut genoem.
9 God het weer aan Ya'akov verskyn by sy terugkoms uit Paddan-Aram en hom geseën.
10 God het vir hom gesê: "Jou naam is Ya'akov; jy sal verder nie Ya'akov genoem word nie, maar Yisra'el sal jou naam wees" en Hy het hom Yisra'el genoem.
11 God het ook vir hom gesê: "Ek is El-Shaddai (Die Magtige God wat meer as genoeg is). Wees vrugbaar en vermeerder. 'n Nasie, ja, 'n versameling van nasies, sal van jou uitgaan en konings sal uit jou lendene uitkom.
12 Die land wat Ek vir Avraham en Yitz'gak gegee het, gee Ek vir jou en aan jou nageslag ná jou gee Ek die land."
13 Toe het God van hom af opgegaan op die plek waar Hy met hom gepraat het.
14 Ya'akov het 'n pilaar opgerig op die plek waar Hy met hom gepraat het, 'n pilaar van klip en daarop 'n drankoffer en olie uitgegooi.
15 Ya'akov het die plek waar God met hom gepraat het, Beit-El genoem.
16 Hulle het van Beit-El af weggegaan en toe daar nog 'n ent pad oor was om by Efrat te kom, het Ragel geboorte gegee en sy het 'n moeilike geboorte gehad.
17 Dit het so gebeur dat terwyl sy dit moeilik gehad het by die geboorte, die vroedvrou vir haar sê: "Moenie vrees nie, want u sal ook hierdie seun hê."
18 Toe haar gees en lewe uitgaan, want sy het gesterf, noem sy hom Ben-Oni, maar sy vader het hom Binyamin genoem.
19 So is Ragel dood en is begrawe op die pad na Efrat, wat Beit-Legem is.
20 Ya'akov het 'n pilaar op haar graf opgesit; dit is die pilaar van die graf van Ragel tot vandag toe.
21 Yisra'el het weggegaan en sy tent opgeslaan aan die anderkant van Migdal-`Eder.

22 Dit het gebeur terwyl Yisra'el in dié land bly, Re'uven gegaan en by Bilhah, sy vader se byvrou, [Deut 22:30] gelê het en Yisra'el het daarvan gehoor. [Gen 49:3,4; Lev 20:11] Ya'akov het twaalf seuns gehad.
23 Die seuns van Le'ah was: Re'uven, die eersgeborene van Ya'akov, daarna Shim'on, Levi, Y'hudah, Yissakhar en Z'vulun.
24 Die seuns van Ragel was: Yosef en Binyamin.
25 Die seuns van Bilhah, die slavin van Ragel, was: Dan en Naftali.
26 Die seuns van Zilpah, die slavin van Le'ah, was: Gad en Asher. Dit is die seuns van Ya'akov wat vir hom in Paddan-Aram gebore is.
27 Ya'akov het by sy vader Yitz'gak gekom in Mamre, by Kiryat-Arba, dit is Hevron, waar Avraham en Yitz'gak as besoekers gebly het.
28 Die dae van Yitz'gak was honderd en tagtig jaar.
29 Yitz'gak het die asem uitgeblaas en is dood en hy is bymekaargemaak by sy volksgenote, oud en vervuld in dae en sy seuns `Esav en Ya'akov het hom begrawe.

# 36

1 Dit is die nageslag van `Esav, dit is Edom.
2 `Esav het sy vroue gevat uit die dogters van Kena'an: `Adah, die dogter van Eilon, die Hittiet; Oholivamah, die dogter van `Anah, die seun van Tziv'on, die Hiviet;
3 en Basmat, die dogter van Yishma'el, die suster van N'vayot.
4 `Adah het geboorte gegee aan Élifaz en Basmat het geboorte gegee aan Re'u'el vir `Esav.
5 Oholivamah het geboorte gegee aan Ye'ush, Ya'lam en Korag. Hierdie is die seuns van `Esav wat vir hom gebore is in die land Kena'an.
6 `Esav vat sy vroue, sy seuns, sy dogters, al die mense van sy huis, sy vee, al sy diere en al sy besittings wat hy in die land Kena'an verkry het en hy gaan na 'n land, wég van die teenwoordigheid van sy broer Ya'akov af,
7 want hulle besittings was te veel om saam te bly en die land waar hulle besoekers was, kon hulle nie dra vanweë hulle vee nie.
8 `Esav het gaan woon in die Se'ir gebergte. `Esav is Edom. [Deut 2:5,22]
9 Hierdie is die nageslag van `Esav, die vader van die Edomiete, in die Se'ir berge.
10 Dit is die name van die seuns van `Esav: Élifaz, die seun van `Adah, die vrou van `Esav; Re'u'el, die seun van Basmat, die vrou van `Esav.
11 Die seuns van Élifaz was: Teman, Omar, Tzefo, Ga'tam en K'naz.
12 Timnah was 'n byvrou van Élifaz, die seun van `Esav en sy het vir Élifaz geboorte gegee aan `Amalek. Hierdie is die seuns van `Adah, die vrou van `Esav. [Deut 25: 17-19]
13 Hierdie is die seuns van Re'u'el: Nagat, Zerag, Shammah en Mizah. Dit was die seuns van Basmat, die vrou van `Esav.
14 Hierdie was die seuns van die vrou van `Esav, Oholivamah, die dogter van `Anah, die seun van Tziv'on; sy het vir `Esav geboorte gegee aan Ye'ush, Ya'lam en Korag.
15 Hierdie is die stamhoofde onder die seuns van `Esav. Die seuns van Élifaz, die eersgeborene van `Esav, was: die stamhoof Teman, die stamhoof Omar, die stamhoof Tzefo, die stamhoof K'naz,

16 die stamhoof Korag, die stamhoof Ga’tam, die stamhoof `Amalek. Dit is die stamhoofde van Élifaz in die land Edom; dit is die seuns van `Adah.

17 Hierdie is die seuns van Re’u’el, die seun van `Esav: die stamhoof Nagat, die stamhoof Zerag, die stamhoof Shammah, die stamhoof Mizah. Dit is die stamhoofde van Re’u’el in die land Edom. Hierdie was die seuns van Basmat, die vrou van `Esav.

18 Hierdie is die seuns van Oholivamah, die vrou van `Esav: die stamhoof Ye’ush, die stamhoof Ya’lam, die stamhoof Korag. Dit is die stamhoofde van die vrou van `Esav, Oholivamah, die dogter van `Anah.

19 Hierdie is die seuns van `Esav en dit is hulle stamhoofde. Dit is Edom.

20 Hierdie is die seuns van Se’ir, die Horiet, wat gebly het in die land: Lotan, Shoval, Tziv’on, `Anah,

21 Dishon, Etzer en Dishan. Hierdie is die stamhoofde van die Horiete, die seuns van Se’ir in die land Edom.

22 Die seuns van Lotan was Hori en Hemam en die suster van Lotan was Timnah.

23 Hierdie is die seuns van Shoval: `Alvan, Managat, `Eival, Sh’fo en Onam.

24 Hierdie is die seuns van Tziv’on: Ayah en `Anah. Dit is dié `Anah wat die warm fonteine in die wildernis gekry het toe hy sy vader Tziv’on se donkies opgepas het.

25 Hierdie is `Anah se seun: Dishon en Oholivamah was `Anah se dogter.

26 Hierdie is die seuns van Dishon: Hemdan, Eshban, Yitran en K’ran.

27 Hierdie is die seuns van Etzer: Bilhan, Za’avan en `Akan.

28 Hierdie is die seuns van Dishan: `Utz en Aran.

29 Hierdie is die stamhoofde van die Horiete: die stamhoof Lotan, die stamhoof Shoval, die stamhoof Tziv’on, die stamhoof `Anah,

30 die stamhoof Dishon, die stamhoof Etzer, die stamhoof Dishan. Dit is die stamhoofde van die Horiete volgens hulle stamme in die land Se’ir.

31 Hierdie is die konings wat regeer het in die land Edom voordat enige koning regeer het oor die seuns van Yisra’el:

32 Bela, die seun van B’or, het regeer in Edom en die naam van sy stad was Dinhavah.

33 Ná die dood van Bela het Yovav, die seun van Zerag, van Botzrah, in sy plek regeer.

34 Ná die dood van Yovav het Husham, uit die land van die Temani, in sy plek regeer.

35 Ná die dood van Husham het Hadad, die seun van B’dad, wat Midyan doodgeslaan het in die velde van Mo’av, in sy plek regeer en die naam van sy stad was `Avit.

36 Ná die dood van Hadad het Samlah van Masrekah in sy plek regeer.

37 Ná die dood van Samlah het Sha’ul van Regovot, langs die rivier, in sy plek regeer.

38 Ná die dood van Sha’ul het Ba’al-Ganan, die seun van `Akhbor, in sy plek regeer.

39 Ná die dood van Ba’al-Ganan, die seun van `Akhbor, het Hadar in sy plek regeer en die naam van sy stad was Pa’u en die naam van sy vrou was M’heitav’el, die dogter van Matred, die dogter van Mei-Zahav.

40 Hierdie is die name van die stamhoofde van `Esav, volgens hulle families, volgens hulle blyplekke, met hulle name: die stamhoof Timna, die stamhoof `Alvah, stamhoof Y’tet,
41 die stamhoof Oholivamah, die stamhoof Elah, die stamhoof Pinon,
42 die stamhoof K’naz, die stamhoof Teman, die stamhoof Mivtzar,
43 die stamhoof Magdi’el, die stamhoof `Iram. Hierdie was die stamhoofde van Edom, volgens hulle blyplekke in die land wat hulle besit het. Dit is `Esav, die vader van die Edomiete.

37 1 Ya’akov het gebly in die land waar sy vader ’n besoeker was, in die land Kena’an.
2 Hierdie is die geskiedenis van Ya’akov. Yosef, ’n jongman van sewentien jaar oud, het die kleinvee opgepas saam met sy broers; saam met die seuns van Bilhah en die seuns van Zilpah, die vroue van sy vader. Yosef het bose dinge geskinder oor hulle by sy vader.
3 Yisra’el het Yosef meer liefgehad as al sy seuns, want hy was vir hom die seun van hoë ouderdom en hy het vir hom ’n lang kleed gemaak met lang moue.
4 Toe sy broers egter sien dat hulle vader hom meer as al sy broers lief het, het hulle hom gehaat en kon nie vredevol en vriendelik met hom praat nie.
5 Yosef het ook ’n droom gehad wat hy vir sy broers vertel het en hulle het hom nog meer gehaat.
6 Hy het vir hulle gesê: “Luister asseblief na hierdie droom wat ek gehad het.
7 Let op, ons was besig om gerwe te bind op die land toe my gerf meteens opstaan en regop bly staan terwyl julle gerwe reg rondom kom staan en hulle voor my gerf neerbuig.”
8 Sy broers sê vir hom: “Sal jy miskien koning wees oor ons? Of sal jy miskien oor ons heers?” Hulle het hom nog meer gehaat oor sy drome en oor sy woorde.
9 Toe het hy nog ’n droom gehad en dit aan sy broers vertel en gesê: “Let op, ek het nog ’n droom gehad; die son en die maan en elf sterre het hulle voor my neergebuig.”
10 Toe hy dit vir sy vader en sy broers vertel, het sy vader hom hard bestraf en vir hom gesê: “Watter droom is dit wat jy gedroom het? Sal dit gebeur dat ons werklik kom, ek en jou moeder en jou broers, om op ons gesigte voor jou op die grond neer te val?”
11 Sy broers was jaloers op hom, maar sy vader het wat hy gesê het bewaar. [Hand 7:9]
12 Sy broers het hulle vader se kleinvee by Sh’khem gaan oppas.
13 Yisra’el sê vir Yosef: “Pas jou broers nie die vee op by Sh’khem nie? Kom, laat ek jou na hulle toe stuur.” Hy antwoord hom: “Hier is ek!”
14 Hy sê vir hom: “Gaan asseblief en kyk of dit goed gaan met jou broers en of dit goed gaan met die vee en bring vir my woord terug.” So het hy hom uit die dal van Hevron uit weggestuur en hy het by Sh’khem aangekom.
15 ’n Sekere man het hom gekry en let op, hy het in die veld rondgedwaal en die man vra vir hom: “Wat soek jy?”
16 Hy antwoord: “Ek soek my broers. Vertel my asseblief waar hulle die vee oppas.”

17 Die man sê: “Hulle het hiervandaan weggegaan, want ek het hulle hoor sê: ‘Laat ons na Dotan gaan’.” Yosef het agter sy broers aan gegaan en hulle in Dotan gekry.
18 Toe hulle hom van ver af sien voordat hy naby hulle kom, het hulle listig beplan om hom dood te maak.
19 Hulle het vir mekaar gesê: “Let op, die meester van drome kom!
20 Kom nou, laat ons hom doodmaak en in een van die putte gooi en ons sal sê: “’n Wilde dier het hom opgeëet’ en ons sal sien wat van sy drome word.”
21 Re’uven het dit gehoor en hy het hom uit hulle hand gered deur te sê: “Laat ons hom nie doodslaan nie.”
22 Re’uven het ook vir hulle gesê: “Moenie bloed vergiet nie; gooi hom in hierdie put wat in die wildernis is, maar moenie die hand aan hom slaan nie” sodat hy hom uit hulle hand kon red om hom na sy vader terug te bring.
23 Dit het so gebeur dat toe Yosef by sy broers kom, hulle Yosef se kleed uitgetrek het; die lang kleed met lang moue wat hy aangehad het;
24 hom gevat en in die put gegooi het. Die put was leeg; daar was geen water in nie.
25 Hulle het gaan sit om brood te eet en hulle het hulle oë opgelig en let op, hulle het ’n karavaan Arabiere gesien wat uit Gil’ad kom; hulle kamele gelaai met aromatiese gom, balsem en mirre op pad om dit af te vat na Mitzrayim.
26 Toe sê Y’hudah vir sy broers: “Watter voordeel is daar as ons ons broer doodmaak en sy bloed wegsteek?
27 Kom, laat ons hom aan die Yishma’eliete verkoop, maar laat ons hand nie teen hom wees nie, want hy is ons broer, ons vlees.” Sy broers het saamgestem.
28 Toe die Midyanitiese handelaars verbykom, het hulle Yosef opgetrek en uit die put uitgehaal en Yosef aan die Arabiere verkoop vir twintig stukke silwer. Húlle het Yosef na Mitzrayim gevat.
29 Re’uven het by die put teruggekom en let op, Yosef was nie in die put nie en hy het sy klere geskeur
30 en na sy broers toe teruggegaan en gesê: “Die seun is nie meer daar nie en ek, waar moet ek heen?”
31 Hulle het Yosef se kleed gevat, ’n boklam geslag, die kleed in die bloed gedruk
32 en die lang kleed met lang moue weggestuur en na hulle vader laat bring met die woorde: “Dit het ons gekry. Kyk asseblief goed of dit die kleed van u seun is of nie.”
33 Hy het dit herken en gesê: “Dit is my seun se kleed! ’n Wilde dier het hom opgeëet. Verskeur, verskeur is Yosef!”
34 Ya’akov het sy klere geskeur en ’n sak aangetrek om sy heupe en hy het baie dae lank oor sy seun gerou.
35 Al sy seuns en al sy dogters het opgestaan om hom te troos, maar hy het geweier om hom te laat troos en gesê: “Nee, treurende sal ek na my seun in Sh’ol afdaal!” So het sy vader oor hom gehuil.
36 Die Midyaniete het hom in Mitzrayim verkoop aan Potifar, ’n offisier van Farao, die bevelvoerder van die wag.

38 1 Dit het gebeur dat Y’hudah in dié tyd van sy broers af weggegaan het tot by ’n man van `Adulam met die naam van Hirah.
2 Y’hudah het daar die dogter van ’n Kena’anitiese man, met die naam van Shua, gesien, haar vir hom gevat en by haar ingegaan.
3 Sy het bevrug geword en geboorte gegee aan ’n seun en hy het hom die naam `Er gegee.
4 Sy het weer bevrug geword en geboorte gegee aan ’n seun en hom die naam Onan gegee.
5 Sy het weer geboorte gegee aan ’n seun en hom Shelah genoem en hy was in K’ziv toe sy aan hom geboorte gegee het.
6 Y’hudah het vir `Er, sy eersgeborene, ’n vrou gevat en haar naam was Tamar.
7 `Er, die eersgeborene van Y’hudah, was egter boos in die oë van יהוה en יהוה het hom doodgemaak.
8 Y’hudah sê vir Onan: “Gaan in by die vrou van jou broer en vervul jou plig as haar man se broer teenoor haar en voorsien vir jou broer ’n nageslag.”
9 Onan het egter geweet dat die erfgenaam nie syne sou wees nie; daarom het dit so gebeur dat, elke keer as hy by die vrou van sy broer ingaan, hy dit op die grond gemors het om vir sy broer geen nageslag te gee nie.
10 Dit wat hy gedoen het was sleg in die oë van יהוה; daarom het Hy hom ook doodgemaak.
11 Toe sê Y’hudah vir Tamar, sy skoondogter: “Bly ’n weduwee in die huis van jou vader totdat my seun Shelah groot is, want hy het gedink: anders sterf hy ook soos sy broers! So het Tamar dan gaan woon in die huis van haar vader.
12 Ná verloop van geruime tyd is die dogter van Shua, die vrou van Y’hudah, dood en nadat Y’hudah vertroos is, het hy opgegaan na die skeerders van sy kleinvee, na Timnah toe, hy en sy vriend Hirah, die `Adulamiet.
13 Dit is aan Tamar vertel en gesê: “Let op, jou skoonvader gaan op na Timnah om sy kleinvee te skeer.”
14 Sy het haar weduweesklere uitgetrek en haar heeltemal bedek met ’n sluier en sy het gaan sit by die ingang van `Einayim wat op die pad na Timnah lê, want sy het gesien dat Shelah groot geword het, maar dat sy nie aan hom as vrou gegee is nie.
15 Toe Y’hudah haar sien, het sy haar gesig toegemaak en hy het gedink sy is ’n prostituut
16 en hy het na haar toe uitgedraai by die pad en gesê: “Kom, laat my by jou ingaan,” want hy het nie geweet dat dit sy skoondogter was nie. Sy vra: “Wat sal jy my gee om by my in te gaan?”
17 Hy antwoord: “Ek sal vir jou ’n boklam van die kleinvee af stuur.” Toe sê sy: “Sal jy vir my ’n pand gee totdat jy dit stuur.”
18 Hy sê: “Wat is die pand wat ek jou moet gee?” Sy antwoord: “Jou seëlring met die bandjie en jou staf wat in jou hand is.” Hy gee dit toe vir haar en gaan by haar in en sy is deur hom bevrug.
19 Sy het opgestaan, weggegaan, haar sluier afgehaal en haar weduweesklere aangetrek.

20 Y’hudah het die boklam gestuur saam met sy vriend, die `Adulamiet, om die pand uit die hand van die vrou te gaan haal, maar hy kon haar nie kry nie.
21 Toe vra hy die manne van daardie plek en sê: “Waar is die prostituut wat in `Einayim by die pad was?” Hulle antwoord: “Hier was geen prostituut nie.”
22 Toe gaan hy terug na Y’hudah en sê: “Ek het haar nie gekry nie en die mense van die plek het ook gesê: ‘Hier was geen prostituut nie’.”
23 Toe sê Y’hudah: “Laat sy dit vir haarself hou dat ons nie ’n bespotting word nie, want ek het die boklam gestuur, maar jy het haar nie gekry nie.”
24 Dit het so gebeur dat ná omtrent drie maande, hulle Y’hudah laat weet en gesê het: “Tamar, jou skoondogter, het gehoereer en sy is ook swanger deur haar hoerery!” Y’hudah sê: “Bring haar uit en laat sy verbrand word.”
25 Toe sy uitgebring word, laat sy haar skoonvader dit weet: “By die man aan wie hierdie dinge behoort, is ek swanger.” Sy het ook gesê: “Ondersoek asseblief aan wie hierdie seëlring, bandjie en staf behoort.”
26 Y’hudah het dit herken en gesê: “Sy is meer regverdig as ek, want ek het haar nie aan my seun Shelah gegee nie.” Hy het verder nie weer met haar ’n intieme verhouding gehad nie.
27 Dit het gebeur dat, toe sy geboorte gee, daar ’n tweeling in haar baarmoeder was.
28 So was dit toe sy geboorte gee dat een sy hand uitgesteek het en die vroedvrou het ’n rooi tou om sy hand gebind en gesê: “Hierdie een is eerste gebore.”
29 Toe hy egter sy hand terugtrek, word sy broer gebore! Sy sê: “Hoe het jy deurgebreek?” Hulle het sy naam Peretz gegee.
30 Daarna het sy broer uitgekom aan wie se hand die rooi tou was en hulle het hom Zerag genoem.

39 1 Yosef is afgebring na Mitzrayim en Potifar, ’n offisier van Farao, die bevelvoerder van die lyfwag, ’n man van Mitzrayim, het hom gekoop uit die hand van die Arabiere wat hom daarheen afgevat het.
2 יהוה was by Yosef sodat hy ’n voorspoedige man was en hy het in die huis van sy meester, die Mitzrayimiet, gebly.
3 Toe sy meester sien dat יהוה met hom was en dat יהוה alles wat hy doen, in sy hand voorspoedig maak, Hand 7:9
4 het Yosef guns in sy oë gevind en hom gedien. Hy het hom aangestel oor sy hele huis en alles wat in sy besit was, aan sy hand toevertrou.
5 Vandat hy hom aangestel het oor sy huis en oor alles wat in sy besit was, het dit gebeur dat יהוה die huis van die Mitzrayimiet geseën het ter wille van Yosef; die seën van יהוה was op alles wat syne was, in die huis en op die veld.
6 Hy het alles wat syne was, in Yosef se hand gelos en hy was nie bewus van wat hy besit het nie behalwe net van die brood wat hy geëet het. Yosef het ’n mooi figuur gehad en was aantreklik om na te kyk.
7 Dit het gebeur dat ná hierdie dinge die vrou van sy meester haar oë na Yosef opgeslaan en gesê het: “Kom lê by my.”

8 Hy het egter geweier en aan die vrou van sy meester gesê: “Let op, my meester neem geen kennis van wat in die huis is nie en alles wat syne is, het hy in my hand oorgegee.

9 Daar is niemand in hierdie huis groter as ek nie en hy het van my niks teruggehou nie, behalwe u omdat u sy vrou is; hoe kan ek hierdie groot boosheid doen en sondig teen God?”

10 Dit het gebeur nadat sy dag ná dag met Yosef gepraat het en hy nie na haar wou luister om by haar te lê of om by haar te wees nie,

11 hy eendag in die huis gekom het om sy werk te doen terwyl niemand van die mans van die huis binne was nie

12 en sy hom aan sy kleed gegryp en gesê het: “Kom lê by my.” Hy het egter sy kleed in haar hand laat agterbly en weggevlug en na buite gegaan.

13 Toe dit gebeur dat sy sien dat hy sy kleed in haar hand laat bly en buitentoe gevlug het,

14 roep sy na die mans van die huis en sê vir hulle: “Let op, hy het vir ons ’n Hebreër hier gebring om gek te skeer met ons; hy het na my toe gekom om by my te lê en ek het hard geskree

15 en dit het gebeur dat toe hy hoor dat ek my stem verhef en skree, hy sy kleed by my laat agterbly en weggevlug en na buite gegaan het.”

16 So het sy sy kleed by haar gehou totdat sy meester huis toe gekom het.

17 Sy het dieselfde woorde met hom gepraat en gesê: “Die Hebreeuse kneg wat jy vir ons gebring het, het na my toe gekom om gek te skeer met my

18 en dit het gebeur dat toe ek my stem verhef en skree, hy sy kleed by my laat agterbly en na buite gevlug het.”

19 Toe sy meester die woorde hoor waarmee sy vrou met hom praat: ‘So en so het jou slaaf aan my gedoen’, het hy baie kwaad geword

20 en Yosef se meester het hom gevat en hom in die tronk gesit op die plek waar die koning se gevangenes opgesluit is en hy was daar in die tronk.

21 יהוה was egter by Yosef en Hy het met omgee na hom toe afgebuk en hom guns gegee in die oë van die bevelvoerder van die tronk.

22 Die bevelvoerder van die tronk het almal wat in die gevangenis opgesluit was in Yosef se hand oorgegee en alles wat hulle daar gedoen het, was sy werk.

23 Die bevelvoerder van die tronk het glad nie toesig gehou oor iets wat aan hom toevertrou is nie omdat יהוה met hom was en wat hy ook al doen, het יהוה voorspoedig gemaak. [Ps 1:3]

**40** 1 Ná hierdie dinge het dit gebeur dat die hoof skinker en die hoof bakker van die koning van Mitzrayim oortree het teen hulle meester, die koning van Mitzrayim

2 en Farao het in woede uitgebars teenoor sy twee hofdienaars, die hoof van die skinkers en die hoof van die bakkers.

3 Hy het hulle in bewaring gegee in die huis van die bevelvoerder van die lyfwag, in die tronk, die plek waar Yosef aangehou is

4 en die bevelvoerder van die lyfwag het Yosef by hulle aangestel om hulle te bedien en hulle was ’n tyd lank in bewaring.

5 Die skinker en die bakker van die koning van Mitzrayim, wat gevang en in die tronk gesit is, het altwee, elkeen afsonderlik, ’n droom gehad in dieselfde nag; elkeen ’n droom met sy eie betekenis.
6 Yosef het die volgende oggend by hulle ingekom en let op, hy sien dat hulle ontsteld is.
7 Toe vra hy die hofdienaars van Farao wat by hom in bewaring was in die huis van sy meester en sê: “Waarom lyk julle gesigte vandag so treurig?”
8 Hulle antwoord hom: “Ons het elkeen ’n droom gehad en daar is niemand wat dit kan uitlê nie.” Yosef vra vir hulle: “Behoort uitlegging nie aan God nie? Vertel my asseblief.”
9 Die hoof van die skinkers vertel aan Yosef sy droom en sê vir hom: “In my droom was daar ’n wingerdstok voor my
10 en aan die wingerdstok was daar drie ranke en dit was asof hy gebot het en sy bloeisel uitgeskiet het en sy trosse het ryp druiwe geword.
11 Die beker van Farao was in my hand en ek het die druiwe gevat, dit in die beker van Farao uitgedruk en die beker in die hand van Farao gesit.”
12 Yosef sê vir hom: “Dit is die uitleg daarvan: die drie ranke is drie dae.
13 Na drie dae sal Farao jou kop oplig en jou in jou plek herstel en jy sal die beker van Farao in sy hand gee net soos vroeër toe jy sy skinker was.
14 Onthou my egter wanneer dit met jou goed gaan en bewys my asseblief ’n guns en praat van my by Farao en bring my uit hierdie huis uit,
15 want waarlik, ek is gesteel uit die land van die Hebreërs en ek het hier ook niks gedoen waarvoor hulle my in die tronk gesit het nie.”
16 Toe die voorman van die bakkers sien dat die uitleg gunstig was, sê hy vir Yosef: “Ek het ook in my droom drie mandjies met witbrood op my kop gesien
17 en in die boonste mandjie was allerhande gebakte eetgoed vir Farao en die voëls het dit uit die mandjie bo-op my kop afgepik.”
18 Yosef antwoord hom en sê: “Dit is die uitleg daarvan: die drie mandjies is drie dae.
19 Na drie dae sal Farao jou kop van jou af weglig en jou aan ’n paal ophang en die voëls sal jou vleis van jou afpik.
20 Op die derde dag, die verjaarsdag van Farao, het dit gebeur dat hy ’n maaltyd vir al sy diensknegte voorberei het en die kop van die hoof van die skinkers en die kop van die hoof van die bakkers tussen sy diensknegte opgelig het.
21 Hy het die hoof van die skinkers herstel in sy skinkersamp en hy het die beker in die hand van Farao gegee,
22 maar die hoof van die bakkers het hy opgehang soos Yosef dit aan hulle uitgelê het.
23 Tog het die hoof van die skinkers nie aan Yosef gedink nie, maar hom vergeet.

41 1 Dit het gebeur dat Farao twee jaar later gedroom het: let op, hy staan by die rivier
2 en let op, daar kom sewe koeie uit die rivier uit op wat mooi is om na te kyk en vet van vleis was en hulle het gaan wei in die vleigras.

3 Let op, ná hulle kom daar nog sewe koeie uit die rivier uit op wat lelik was om na te kyk en maer van vleis was en hulle het by die ander koeie op die wal van die rivier gaan staan.

4 Die koeie wat lelik was om na te kyk en maer van vleis was, het die sewe koeie wat mooi was om na te kyk en vet was, opgeëet. Toe het Farao wakker geword.

5 Hy het weer aan die slaap geraak en nog ’n keer gedroom en let op: sewe vet en mooi are skiet op aan een steel

6 en let op, ná hulle spruit daar sewe are uit wat maer en deur die oostewind verskroei is.

7 Die maer are het die sewe vet en vol are verslind. Toe het Farao wakker geword en kyk, dit was ’n droom!

8 Dié oggend was sy gees omgekrap en hy het gestuur en al die astroloë en al die geleerde manne van Mitzrayim laat roep en Farao het aan hulle sy drome vertel, maar nie een kon dit aan Farao uitlê nie.

9 Toe het die hoof van die skinkers met Farao gepraat en gesê: “Ek onthou my oortredinge op hierdie dag.

10 Toe Farao kwaad was vir sy diensknegte en my in bewaring gesit het in die huis van die bevelvoerder van die lyfwag, vir my en die hoof van die bakkers,

11 het ons elkeen in dieselfde nag ’n droom gehad, ek en hy; ons het elkeen ’n droom gedroom met sy eie betekenis.

12 Daar was by ons ’n Hebreeuse jongman, ’n kneg van die bevelvoerder van die lyfwag en ons het dit aan hom vertel en hy het ons drome vir ons uitgelê; aan elkeen het hy uitgelê volgens sy droom.

13 Dit het gebeur nét soos hy dit vir ons uitgelê het, só het dit gebeur; vir my het hy in my posisie herstel, maar hom opgehang.”

14 Toe het Farao gestuur en Yosef laat roep. Hulle het hom haastig uit die tronk uitgehaal en hy het hom geskeer en ander klere aangetrek en na Farao toe gekom.

15 Farao sê vir Yosef: “Ek het ’n droom gehad en daar is niemand wat dit kan uitlê nie, maar ek het gehoor daar is van jou gesê dat jy ’n droom kan verstaan om dit uit te lê.”

16 Yosef antwoord Farao en sê: “Dink u dat dit moontlik is dat ek sonder God vir Farao ’n antwoord van vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid kan gee?”

17 Farao sê vir Yosef: “Let op, in my droom staan ek op die wal van die rivier

18 en let op, daar kom sewe koeie uit die rivier uit op wat mooi is om na te kyk en vet van vleis was en hulle het gaan wei in die vleigras.

19 Let op, ná hulle kom daar nog sewe koeie uit die rivier uit op wat lelik was om na te kyk en maer van vleis was; so sleg soos ek in die ganse Mitzrayim nog nooit gesien het nie.

20 Die maer en lelike koeie het die eerste sewe vet koeie opgeëet

21 en nadat dit in hulle maag ingegaan het, kon ’n mens nie sien dat hulle in hul maag ingegaan het nie, want hulle het net so lelik gelyk soos in die begin. Toe word ek wakker.

22 Ek het ook in my droom gesien; let op, sewe vol en mooi are skiet op aan een steel

23 en let op, ná hulle spruit daar sewe are uit wat verdor, maer en deur die oostewind verskroei was
24 en die sewe maer are het die sewe mooi are verslind. Ek het dit aan die astroloë vertel, maar niemand kon dit vir my vertolk nie.”
25 Yosef sê vir Farao: “Die drome van Farao is een. God het vir Farao gewys wat Hy op die punt staan om te doen.
26 Die sewe mooi koeie is sewe jare en die sewe mooi are is sewe jare; die drome is een.
27 Die sewe maer en lelike koeie wat ná hulle opgekom het, is sewe jare en die sewe maer, deur die oostewind verskroeide are is sewe jare van hongersnood.”
28 Dit is wat ek vir Farao gesê het: “God het vir Farao gewys wat Hy op die punt staan om te doen.
29 Let op, daar kom sewe jare van groot oorvloed in die hele land van Mitzrayim
30 en daarna sal sewe jare van hongersnood aanbreek en al die oorvloed sal in Mitzrayim vergeet word en die hongersnood sal die land vernietig.
31 Die oorvloed sal nie in die land opgemerk word weens die hongersnood wat daarna sal volg nie, want dit sal baie swaar wees.
32 Die droom is twee maal vir Farao herhaal omdat die saak deur God besluit is en God sal dit gou laat gebeur.
33 Laat Farao daarom soek na ’n onderskeidende en wyse man en hom aanstel oor die land van Mitzrayim.
34 Laat Farao so maak en opsigters oor die land aanstel om in die sewe jare van oorvloed ’n vyfde deel van die opbrengs van Mitzrayim bymekaar te maak
35 en hulle moet al die kos wat van hierdie goeie jare af inkom bymekaarmaak en onder leiding van Farao graan stoor as kos in die stede en dit bewaak.
36 Die kos sal ’n reserwe wees vir die land vir die sewe jare van hongersnood wat in Mitzrayim sal kom sodat die land nie deur die hongersnood vernietig sal word nie.”
37 Die boodskap was goed in die oë van Farao en van al sy diensknegte.
38 Farao het aan sy diensknegte gesê: “Kan ons iemand soos hierdie vind; ’n man in wie die Gees van God is?” [Yog 14:17]
39 Farao sê vir Yosef: “Aangesien God dit alles aan jou bekend gemaak het, is daar niemand so onderskeidend en wys soos jy nie.
40 Jy sal oor my huis wees en my hele volk sal regeer word volgens jou bevel; alleen aangaande die troon sal ek groter wees as jy.”
41 Farao het ook vir Yosef gesê: “Let op, ek het jou aangestel oor die hele land van Mitzrayim.” [Hand 7:10]
42 Farao trek sy seëlring van sy hand af en sit dit aan die hand van Yosef en hy het hom in fyn linne klere aangetrek en ’n goue ketting om sy nek gehang
43 en hom laat ry op sy tweede strydwa en hulle het voor hom uitgeroep: “Buig neer!” So het hy hom oor die hele land van Mitzrayim aangestel.
44 Farao sê vir Yosef: “Ek is Farao en sonder jou mag niemand sy hand of voet in die hele Mitzrayim oplig nie.”

45 Farao het Yosef Tzafnat-Pa’neag genoem en aan hom Asnat, die dogter van Poti-Fera, die priester van On, as vrou gegee. Yosef het uitgegaan oor die hele Mitzrayim.
46 Yosef was dertig jaar oud toe hy voor Farao, die koning van Mitzrayim, gestaan het en Yosef het van Farao af weggegaan en die hele Mitzrayim deurreis.
47 In die sewe jaar van oorvloed het die land by die handevol opgelewer.
48 Hy het al die kos van die sewe jaar wat in Mitzrayim gekom het bymekaar gemaak en kos in die stede gestoor; die kos van die land wat rondom elke stad was, het hy daarin gestoor.
49 Yosef het ’n baie groot hoeveelheid graan bymekaar gemaak; soos die sand van die see totdat hulle opgehou het om te tel, want dit was sonder getal.
50 Vir Yosef is twee seuns deur Asnat, die dogter van Poti-Fera, die priester van On, gebore voordat die jaar van hongersnood gekom het.
51 Yosef het die eersgeborene M’nasheh genoem, want, het hy gesê: “God het my al my harde werk en die hele huis van my vader laat vergeet.”
52 Die naam van die tweede het hy Efrayim genoem, want, het hy gesê: “God het my vrugbaar gemaak in die land van my onderdrukking.”
53 Die sewe jaar van oorvloed wat daar in Mitzrayim was, het geëindig
54 en die sewe jaar van hongersnood het begin kom soos Yosef gesê het en daar was hongersnood in al die lande, maar in die hele Mitzrayim was daar brood. [Hand 7:11]
55 Toe die hele Mitzrayim honger geword het en die volk na Farao geroep het om brood, sê Farao aan al die mense van Mitzrayim: “Gaan na Yosef, doen wat ook al hy sê.”
56 Die hongersnood was oor die hele oppervlakte van die aarde en Yosef het al die stoorkamers oopgemaak en aan die Mitzrayimiete verkoop en die hongersnood het swaar geword in Mitzrayim.
57 Die hele wêreld het na Yosef in Mitzrayim gekom om graan te koop, want die hongersnood was swaar op die hele aarde.

42 1 Toe Ya’akov sien dat daar graan in Mitzrayim was, het Ya’akov vir sy seuns gesê: “Hoekom kyk julle vir mekaar (is julle bang)?”
2 Hy sê: “Let op, ek het gehoor dat daar graan in Mitzrayim is; gaan daarheen af en koop vir ons graan daar sodat ons kan leef en nie sterf nie.
3 Yosef se tien broers het afgegaan na Mitzrayim om graan te koop,
4 maar Ya’akov het nie vir Binyamin, die broer van Yosef, saam met sy broers gestuur nie, want hy het gedink: sodat hy nie kan seerkry nie.
5 Die seuns van Yisra’el het gegaan om graan te koop saam met die ander wat afgegaan het, want daar was hongersnood in die land Kena’an. [Hand 7:11]
6 Yosef was meester oor die land, dit is hy wat aan al die mense van die land graan verkoop het. Yosef se broers het gekom en hulle voor hom neergebuig met hulle gesigte na die grond toe.
7 Yosef het sy broers gesien en hulle herken, maar het as vreemdeling teenoor hulle opgetree, hulle hard aangespreek en vir hulle gesê: “Vanwaar het julle gekom?” Hulle antwoord: “Vanaf die land Kena’an om kos te koop.”

8 Yosef het sy broers herken, maar hulle het hom nie herken nie.
9 Yosef het die drome onthou wat hy aangaande hulle gedroom het en hy sê vir hulle: “Julle is spioene, julle het gekom om die oopheid van die land te sien.”
10 Hulle het hom geantwoord: “Nee, my meester, maar u diensknegte het gekom om kos te koop.
11 Ons is almal seuns van een man, ons is eerlik; u diensknegte is nie spioene nie.”
12 Hy sê vir hulle: “Nee, maar julle het gekom om die oopheid van die land te sien.”
13 Hulle antwoord: “U diensknegte is twaalf broers, seuns van een man in die land Kena’an en kyk, die jongste is vandag by ons vader, maar die een is nie meer nie.”
14 Yosef sê vir hulle: “Dit is soos wat ek vir julle gesê het: julle is spioene!
15 Hieraan sal julle getoets word: sowaar as Farao leef, julle sal hiervandaan nie weggaan tensy julle jongste broer hierheen kom nie.
16 Stuur een van julle dat hy julle broer gaan haal, maar júlle sal in die tronk bly sodat julle woorde getoets kan word, of daar enige waarheid by julle is of nie; anders, sowaar as Farao leef, julle is spioene!”
17 Daarop het hy hulle almal saam vir drie dae lank in die tronk gehou.
18 Op die derde dag sê Yosef vir hulle: “Doen dit en lewe, want ek het respekvolle vrees vir God!
19 As julle eerlik is, laat een van julle broers gevange bly in die huis waar julle in die tronk is, maar gaan júlle, vat die graan vir die hongersnood van julle huise
20 en bring julle jongste broer na my toe sodat julle woorde waar bewys word en julle sal nie sterwe nie. “ Hulle het so gemaak.
21 Hulle sê vir mekaar: “Ons is waarlik skuldig vanweë ons broer omdat ons die benoudheid van sy wil, emosie, verstand en lewe gesien het toe hy ons gesmeek het en ons wou nie luister nie; daarom het sy benoudheid oor ons gekom.”
22 Re’uven antwoord hulle en sê: “Het ek nie met julle gepraat en gesê: ‘Moenie sondig teen die seun nie,’ maar julle wou nie luister nie? Let op, daarom word sy bloed nou van ons geëis.”
23 Hulle het nie geweet dat Yosef hulle verstaan nie, want hy het met hulle deur ’n tolk gepraat.
24 Hy het van hulle af weggedraai en gehuil en hy het weer na hulle teruggegaan en met hulle gepraat. Hy het Shim’on onder hulle uitgeneem en hom voor hulle oë vasgebind.
25 Yosef het beveel dat hulle sakke vol graan gemaak moet word, elkeen se geld weer in sy sak teruggesit word en dat vir hulle padkos vir die reis saam gegee word. Dit het hy vir hulle gedoen.
26 Hulle het die graan op hulle donkies gelaai en weggegaan.
27 Toe een van hulle sy sak oopmaak om vir sy donkie voer te gee in die herberg, sien hy sy geld en let op, dit was in die bek van sy sak!
28 Hy sê vir sy broers: “My geld is aan my teruggegee en kyk, dit is in my sak!” Hulle emosie, wil en verstand het hul begewe en hulle was bevrees en sê vir mekaar: “Wat is dit wat God aan ons gedoen het?”

29 Hulle het by hul vader Ya’akov in die land Kena’an gekom en aan hom alles vertel wat met hulle gebeur het en gesê:

30 “Die man wat die meester van die land is, het ons hard aangespreek en ons as spioene teen die land aangesien,

31 maar ons het vir hom gesê: ‘Ons is eerlik, ons is nie spioene nie.

32 Ons is twaalf broers, seuns van ons vader; die een is nie meer nie en die jongste is vandag by ons vader in die land Kena’an.’

33 Die man, die meester van die land, het aan ons gesê: ‘Hieraan sal ek weet dat julle eerlik is; laat een van julle broers by my en vat kos vir die hongersnood van julle huise en gaan,

34 bring julle jongste broer na my toe; so sal ek weet dat julle nie spioene is nie. As julle eerlik is, sal ek julle broer aan julle teruggee en julle mag in die land handel dryf.’

35 Dit het gebeur dat, soos hulle hulle sakke leegmaak, let op, elke man se bondeltjie geld in sy sak was! Toe hulle en hul vader die bondeltjies geld sien, was hulle bevrees.

36 Ya’akov, hulle vader, sê vir hulle: “Julle het my kinderloos gemaak. Yosef is nie, Shim’on is nie en Binyamin wil julle wegvat! Al hierdie dinge is teen my!”

37 Re’uven praat met sy vader en sê: “Maak my twee seuns dood as ek hom nie na u toe terugbring nie. Vertrou hom toe aan my hande en ék sal hom na u toe terugbring.”

38 Hy sê egter: “My seun sal nie saam met julle afgaan nie, want sy broer is dood en hy het alleen oorgebly. As hy enige iets oorkom op die pad wat julle sal gaan, dan sal julle my grys hare met smart laat afgaan na Sh’ol.

43 1 Die hongersnood was swaar in die land.

2 Dit het gebeur dat toe die graan wat hulle uit Mitzrayim gebring het, opgeëet was, hulle vader vir hulle sê: “Gaan terug en koop vir ons ’n bietjie kos.”

3 Y’hudah het met hom gepraat en gesê: “Die man het ons ernstig gewaarsku en gesê: “Julle sal my gesig nie sien as julle broer nie by julle is nie.

4 As u ons broer saam met ons stuur, sal ons afgaan en vir u kos gaan koop,

5 maar as u hom nie wil stuur nie, sal ons nie afgaan nie, want die man het vir ons gesê: ‘Julle sal my gesig nie sien as julle broer nie by julle is nie’.”

6 Yisra’el sê: “Waarom het julle so boos teenoor my opgetree deur die man te vertel dat julle nog ’n broer het?”

7 Hulle antwoord: “Die man het reguit uitgevra na ons en ons familie met die woorde: ‘Lewe julle vader nog? Het julle nog ’n broer?’ Ons het dit met ons mond bevestig. Kon ons enigsins weet dat hy sou sê: ‘Bring julle broer af’?”

8 Y’hudah sê aan sy vader Yisra’el: “Stuur die jongman saam met my; dan sal ons opstaan en gaan sodat ons kan leef en nie sterf nie; nie ons nie en ook nie u en ons kinders nie.

9 Ek sal self vir hom borg wees; van my hand sal u hom eis. As ek hom nie na u bring en voor u stel nie, sal ek vir ewig die skuld dra,

10 want as ons nie uitgestel het nie, sou ons sekerlik nou al twee maal terug kon gewees het.”
11 Yisra’el, hulle vader, het vir hulle gesê: “As dit so moet wees, doen dan dít: vat van die beste vrugte van die land in julle sakke en bring vir die man ’n geskenk; ’n bietjie balsem en bietjie heuning, speserye en mirre, neute en amandels
12 en vat dubbel soveel geld in julle hand en vat die geld wat weer bo in julle sakke gesit is, in julle hand terug. Miskien was dit ’n fout.
13 Vat ook julle broer; staan op en gaan terug na die man
14 en mag El-Shaddai (Die Magtige God wat meer as genoeg is) vir julle omgee gee by die man sodat hy julle ander broer en Binyamin vry kan laat! Ek: as my kinders weggevat is, dan is my kinders weggevat.”
15 So het die manne die geskenk, dubbel soveel geld in hulle hand en ook Binyamin saam met hulle gevat en hulle het opgestaan en na Mitzrayim afgegaan en voor Yosef gaan staan.
16 Toe Yosef Binyamin by hulle sien, sê hy aan die opsigter oor sy huis: “Bring die manne na my huis en slag ’n dier en maak dit gereed, want die manne sal vanmiddag saam met my eet.”
17 Die man het gedoen soos Yosef beveel het en die man het die manne in die huis van Yosef gebring.
18 Die manne was bang omdat hulle in die huis van Yosef gebring is en het gesê: “Dit is as gevolg van die geld wat die eerste keer in ons sakke teruggekom het dat ons ingebring is om ons te oorrompel, ons te oorval en ons as slawe te vat, saam met ons donkies.”
19 Hulle het nader gekom na die opsiener oor die huis van Yosef en met hom gepraat by die ingang van die huis
20 en gesê: “Ag, meneer, ons het werklik die eerste keer afgetrek om kos te koop,
21 maar dit het gebeur dat toe ons in die herberg kom, ons ons sakke oopgemaak het en let op, elkeen se geld was bo in sy sak; ons geld in sy volle gewig en ons het dit in ons hand teruggebring.
22 Ons het ook ander geld in ons hand afgebring om kos te koop. Ons weet nie wie ons geld in ons sakke gesit het nie.”
23 Hy antwoord: “Vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid vir julle! Moenie bang wees nie! Julle God en die God van julle vader het vir julle ’n skat in julle sakke gegee. Ek het julle geld gehad.” Hy het Shim’on na hulle toe uitgebring.
24 Die man het die manne in die huis van Yosef ingebring, vir hulle water gegee en hulle het hul voete gewas; hy het ook vir hulle donkies voer gegee.
25 Hulle het die geskenk reggemaak vir Yosef se koms die middag, want hulle het gehoor dat hulle daar brood sou eet.
26 Toe Yosef in die huis inkom, het hulle vir hom die geskenk ingebring wat in hulle hand was en op hulle gesigte op die grond voor hom neergeval.
27 Hy het hulle na hul welstand gevra en gesê: “Gaan dit goed met julle vader, die ou man waarvan julle gepraat het? Leef hy nog?”

28 Hulle antwoord: “U dienskneg, ons vader, is in goeie gesondheid; hy lewe nog” en hulle neergebuig na die grond toe.

29 Toe slaan hy sy oë op en sien sy broer Binyamin, die seun van sy moeder en sê: “Is dit julle jongste broer van wie julle met my gepraat het?” Hy sê ook: “God buk af na jou in guns, my seun!”

30 Yosef se binneste het verlang met omgee na sy broer en hy het gou gemaak om geleentheid te soek om te huil en hy het in sy kamer ingegaan en daar gehuil.

31 Hy het sy gesig gewas en uitgekom en homself beheer en gesê: “Bedien die kos!”

32 Toe bedien hulle hom afsonderlik en vir hulle afsonderlik en vir die Mitzrayimiete wat by hom eet, afsonderlik, want die Mitzrayimiete mag nie saam met die Hebreërs eet nie omdat dit vir die Mitzrayimiete ’n gruwel is.

33 Hulle het gaan sit voor hom, die eersgeborene volgens sy geboortereg en die jongste na sy jonkheid en die manne was verstom teenoor mekaar.

34 Hy het vir hulle porsies gegee vanaf die kos voor hom, maar Binyamin se porsie was vyf maal groter as enige van hulle s’n. Hulle het gedrink en saam met hom vrolik geword.

44 1 Hy het opdrag gegee aan die opsigter oor sy huis en gesê: “Maak die sakke van die manne vol met kos, soveel as wat hulle kan vervoer en sit elkeen se geld in die bek van sy sak

2 en my beker, die silwer beker, in die jongste se sak saam met die geld vir sy graan.” Hy het gedoen volgens die woord wat Yosef gesê het.

3 Sodra die oggend gebreek het, is die manne weggestuur, hulle en hulle donkies.

4 Toe hulle uit die stad uitgetrek het en nog nie ver weg was nie, het Yosef vir die opsigter oor sy huis gesê: “Staan op en jaag die manne agterna en as jy hulle inhaal, vra hulle: ‘Waarom het julle boosheid vir die goeie terugbetaal?

5 Is dit nie die een waaruit my meester drink en waarmee hy altyd voorspel nie? Julle het boos gehandel met wat julle gedoen het.’”

6 Hy het hulle ingehaal en hierdie selfde woorde met hulle gepraat.

7 Hulle sê vir hom: “Waarom praat meneer sulke woorde? Dit is ver van u diensknegte om so iets te doen.

8 Let op, geld wat ons bo in ons sakke gekry het, het ons uit die land Kena’an aan u teruggebring; hoe sou ons dan silwer of goud uit die huis van u meester kan steel?

9 By wie ook al van u diensknegte dit gekry word, laat hom sterf en ons sal ook my meester se slawe wees.”

10 Hy sê: “Nou laat dit ook wees soos julle gesê het. Dié een by wie dit gekry word, sal my slaaf wees en júlle sal onskuldig wees.”

11 Elke man het gou gemaak en sy sak op die grond neergesit en elkeen het sy sak oopgemaak.

12 Hy het gesoek; hy het begin by die oudste en klaar gemaak by die jongste en die beker is in Binyamin se sak gekry.

13 Toe skeur hulle hul klere en elke man het sy donkie gelaai en teruggegaan na die stad toe.

14 Y’hudah en sy broers het in die huis van Yosef gekom en hy was nog daar en hulle het voor hom neergeval met hulle gesigte teen die grond.
15 Yosef sê vir hulle: “Watter daad is dit wat julle nou gedoen het? Weet julle nie dat ’n man soos ek dit ongetwyfeld vooruit kan sien nie?”
16 Y’hudah antwoord: “Wat sal ons vir my meester sê? Wat kan ons sê en waarmee kan ons onsself regverdig? God het die oortreding van u diensknegte uitgevind. Let op, ons is my meester se slawe, ons sowel as hy by wie die beker gekry is.”
17 Hy sê: “Dit is ver van my om so te doen; die man in wie se hand die beker gekry is, dié sal my slaaf wees en vir julle: gaan in vrede op na julle vader toe.”
18 Toe kom Y’hudah nader na hom toe en sê: “O, my meester, laat u dienskneg asseblief ’n woord praat in die ore van my meester en laat u toorn nie teen u dienskneg ontvlam nie, want u is self soos Farao.
19 My meester het sy diensknegte gevra en gesê: ‘Het julle ’n vader of broer?’
20 Ons het my meester geantwoord: ‘Ons het ’n vader, ’n ou man en ’n seun uit sy hoë ouderdom, wat jonk is; sy broer is dood en hy het alleen oorgebly van sy moeder en sy vader het hom lief.’
21 U het aan u diensknegte gesê: ‘Bring hom af na my toe dat ek my oog op hom kan rig.’
22 Ons het my meester geantwoord: ‘Die jongman kan nie sy vader verlaat nie, want sy vader sal sterf as hy hom verlaat.’
23 U het egter aan u diensknegte gesê: ‘As julle jongste broer nie saam met julle afkom nie, sal julle my gesig nie weer sien nie.’
24 Dit het gebeur dat, toe ons na u dienskneg, my vader, opgegaan het, ons aan hom die woorde van my meester vertel het.
25 Ons vader het gesê: ‘Gaan terug en koop vir ons ’n bietjie kos.’
26 Ons het gesê: ‘Ons kan nie afgaan nie. As ons jongste broer by ons is, dan sal ons afgaan, want ons mag die gesig van die man nie sien as ons jongste broer nie by ons is nie.’
27 U dienskneg, my vader, het aan ons gesê: ‘Júlle weet dat my vrou aan twee geboorte gegee het vir my;
28 die een het van my af weggegaan en ek het gesê: ‘Verskeur, verskeur!’ Ek het hom sedertdien nie gesien nie.
29 As julle nou hierdie een ook van my af wegvat en hy kom iets oor, dan sal julle my grys hare met smart na Sh’ol afvat.’
30 As ek daarom nou by u dienskneg, my vader, kom en die jongman is nie by ons nie terwyl sy lewe innig aan sy lewe vasgekleef is,
31 sal dit gebeur, as hy sien dat die jongman nie daar is nie, dat hy sal sterf en u diensknegte sal die grys hare van u dienskneg, ons vader, met smart in Sh’ol laat afgaan,
32 want u dienskneg het borg gestaan by my vader vir die jongman deurdat hy gesê het: ‘As ek hom nie na u toe terugbring nie, sal ek vir ewig die skuld teenoor my vader dra.’
33 Laat u dienskneg daarom nou asseblief in die plek van die jongman my meester se slaaf bly en laat die seun saam met sy broers opgaan,

34 want hoe kan ek na my vader opgaan as die jongman nie by my is nie sodat ek net nie die bose sien wat oor my vader sal kom nie?”

45 1 Toe kon Yosef hom nie langer inhou voor almal wat by hom gestaan het nie en hy roep uit: “Laat almal van my af uitgaan!” Niemand het by hom gestaan toe Yosef hom aan sy broers bekend gemaak het nie. Hand 7:13

2 Hy het hardop gehuil en die Mitzrayimiete, asook die huis van Farao het dit gehoor.

3 Yosef sê vir sy broers: “Ek is Yosef! Leef my vader nog?” Maar sy broers was nie in staat om hom te antwoord nie, want hulle het van binne gebewe oor sy teenwoordigheid.

4 Yosef sê vir sy broers: “Kom nader na my toe.” Hulle het nader gekom. Hy sê: “Ek is julle broer Yosef vir wie julle na Mitzrayim toe verkoop het.

5 Moet egter nie nou spyt wees daaroor nie en laat daar geen kwaad in julle oë wees dat julle my hierheen verkoop het nie, want om lewens te red, het God my voor julle uitgestuur,

6 want daar was reeds hierdie twee jaar hongersnood in die land en daar is nog vyf jaar waarin nie geploeg of geoes sal word nie.

7 God het my voor julle uitgestuur om julle as ’n oorblyfsel op die aarde te bewaar en om julle in die lewe te hou tot ’n groot verlossing.

8 Dit was nou nie julle wat my hierheen gestuur het nie, maar God en Hy het my ’n vader vir Farao gemaak, meester oor sy hele huis en ’n heerser in die hele Mitzrayim.

9 Maak gou, gaan op na my vader en sê vir hom: ‘So sê u seun Yosef: God het my meester oor die hele Mitzrayim gemaak. Kom af na my toe, moenie versuim nie!

10 U sal in die land Goshen bly en sal naby my wees, u, u kinders, u kindskinders, u kleinvee, u beeste en alles wat u besit

11 en ek sal u daar versorg sodat u nie verarm nie, u en u huis en alles wat aan u behoort, want daar sal nog vyf jaar hongersnood wees.’

12 Let op, julle oë en die oë van my broer, Binyamin, sien dat dit my mond is wat met julle praat.

13 Julle sal my vader vertel van al my eer en oorvloed in Mitzrayim en van alles wat julle gesien het en julle sal gou maak en my vader afbring hierheen.”

14 Hy het sy broer Binyamin om die nek geval en gehuil en Binyamin het op sy nek gehuil.

15 Meer nog, hy het al sy broers gesoen en oor hulle gehuil en daarna het sy broers met hom gepraat.

16 Die verslag daarvan is in die huis van Farao gehoor: dat Yosef se broers gekom het en dit was goed in die oë van Farao en van sy diensknegte.

17 Farao het vir Yosef gesê: “Sê aan jou broers: ‘Doen dit, laai julle diere en gaan weg na die land Kena’an

18 en gaan haal julle vader en julle huisgesinne en kom na my toe, dan sal ek julle die goeie van Mitzrayim gee en julle sal die vet van die land eet.’

19 Jy is nou beveel; doen dit: vat vir julle uit Mitzrayim waens vir julle kinders en julle vroue en bring julle vader en kom.

20 Julle hoef geen spyt te hê oor julle besittings nie, want die beste van die hele Mitzrayim is julle s’n.”
21 Die seuns van Yisra’el het toe so gedoen en Yosef het vir hulle waens gegee volgens die bevel van Farao en vir hulle voorsiening gegee vir die reis.
22 Hy het aan hulle almal, man vir man, ’n stel nuwe klere gegee, maar vir Binyamin het hy drie honderd stukke silwer en vyf stelle klere gegee.
23 Hy het ook aan sy vader gestuur: tien donkies, gelaai met die goeie dinge van Mitzrayim en tien donkiemerries, gelaai met graan, brood en kos vir sy vader se reis.
24 So het hy sy broers weggestuur, hulle het vertrek en hy het vir hulle gesê: “Moenie bang word op die pad nie.”
25 Hulle het opgegaan uit Mitzrayim uit en in die land Kena’an aangekom by hulle vader Ya’akov.
26 Hulle het hom vertel: “Yosef lewe nog en hy heers oor die hele Mitzrayim.” Sy binneste het lam geword, want hy het hulle nie geglo nie,
27 maar toe hulle hom al die woorde van Yosef vertel wat hy met hulle gepraat het en hy die waens sien wat Yosef gestuur het om hom te vervoer, het die gees van Ya’akov, hulle vader, lewendig geword.
28 Yisra’el het gesê: “Dit is genoeg! My seun Yosef lewe nog! Ek sal gaan en hom sien voordat ek sterf.”

46 1 Yisra’el het vertrek met alles wat aan hom behoort het, by Be’er-Sh’va gekom en offers gebring aan die God van sy vader Yitz’gak.
2 God het met Yisra’el gepraat deur visioene in die nag en uitgeroep: “Ya’akov, Ya’akov!” Hy antwoord: “Hier is ek!”
3 Hy sê: “Ek is die Magtige God, die God van jou vader. Moenie bang wees om na Mitzrayim af te gaan nie, want Ek sal daar van jou ’n groot nasie maak.
4 Ek sal saam met jou afgaan na Mitzrayim en Ek sal opstaan en jou weer laat terugkom en Yosef sal sy hande op jou oë sit wanneer jy sterf.”
5 Ya’akov het opgestaan vanaf Be’er-Sh’va en die seuns van Yisra’el het hulle vader Ya’akov met hulle kinders en hulle vroue op die waens gelaai wat Farao gestuur het om hom te vervoer.
6 Hulle het hul vee en besittings wat hulle in die land Kena’an bymekaargemaak het gevat en in Mitzrayim gekom, Ya’akov en al sy saad saam met hom.
7 Sy seuns en sy kleinseuns; sy dogters en sy kleindogters en al sy saad het hy saam met hom na Mitzrayim gebring.
8 Dit is die name van die seuns van Yisra’el wat na Mitzrayim gegaan het; Ya’akov en sy seuns. Die eersgeborene van Ya’akov was Re’uven.
9 Die seuns van Re’uven: Hanokh, Pallu, Hetzron en Karmi.
10 Die seuns van Shim’on: Y’mu’el, Yamin, Ohad, Yakhin, Tzogar en Sha’ul, die seun van die Kena’anitiese vrou.
11 Die seuns van Levi: Gershon, K’hat en M’rari.
12 Die seuns van Y’hudah: `Er, Onan, Shelah, Peretz en Zerag, maar `Er en Onan het gesterf in die land Kena’an. Die seuns van Peretz was Hetzron en Hamul.

13 Die seuns van Yissakhar: Tola, Pu’ah, Yashuv en Shimron.
14 Die seuns van Z’vulun: Sered, Elon en Yagle’el.
15 Hierdie was die seuns van Le’ah waaraan sy geboorte gegee het vir Ya’akov in Paddan-Aram, saam met sy dogter Dinah; al die lewens van sy seuns en sy dogters was drie en dertig.
16 Die seuns van Gad: Tzifyon, Haggi, Shuni, Etzbon, `Eri, Arodi en Ar’eli.
17 Die seuns van Asher: Yimnah, Yishvah, Yishvi, B’ri’ah en hulle suster Serag. Die seuns van B’ri’ah: Hever en Malki’el.
18 Hierdie was die seuns van Zilpah wat Lavan vir sy dogter Le’ah gegee het. Sy het geboorte gegee aan hierdie sestien lewens vir Ya’akov.
19 Die seuns van Ragel, die vrou van Ya’akov: Yosef en Binyamin.
20 Vir Yosef is M’nasheh en Efrayim in Mitzrayim gebore, wat gebore is uit Asnat, die dogter van Poti-Fera, die priester van On.
21 Die seuns van Binyamin: Bela, Bekher, Ashbel, Gera, Na’aman, Egi, Rosh, Mupim, Huppim en Ard.
22 Hierdie was die seuns van Ragel wat vir Ya’akov gebore is, almal saam veertien siele.
23 Die seun van Dan: Hushim.
24 Die seuns van Naftali: Yagtze’el, Guni, Yetzer en Shillem.
25 Hierdie was die seuns van Bilhah wat Lavan aan sy dogter Ragel gegee het. Sy het geboorte gegee aan hulle vir Ya’akov, almal saam sewe lewens.
26 Al die lewens wat saam met Ya’akov na Mitzrayim gegaan het en uit sy lendene voortgekom het, behalwe vir die vroue van die seuns van Ya’akov, was almal saam ses en sestig lewens.
27 Die seuns van Yosef wat vir hom in Mitzrayim gebore is, was twee. Al die lewens van die huis van Ya’akov wat in Mitzrayim ingekom het, was sewentig. [Hand 7:14]
28 Hy het Y’hudah voor hom uitgestuur na Yosef sodat dié voor hom uit die pad moes wys na Goshen en hulle het in die land Goshen aangekom.
29 Yosef het sy strydwa voorberei en opgegaan na Goshen om sy vader Yisra’el te ontmoet. Hy het homself voor hom gestel, hom om sy nek geval en lank op sy nek gehuil.
30 Yisra’el sê vir Yosef: “Laat my nou sterf aangesien ek jou gesig gesien het en dat jy nog leef!”
31 Yosef het vir sy broers en die huis van sy vader gesê: “Ek sal opgaan en aan Farao rapporteer en sê: ‘My broers en die wat in die huis van my vader in die land Kena’an was, het na my toe gekom.
32 Die manne pas beeste op, want hulle was veeboere en hulle het hul kleinvee en hul beeste en alles wat hulle het, saamgebring.’
33 So sal dit wees, as Farao julle laat roep en sê: ‘Wat is julle beroep?’
34 dan moet julle antwoord: ‘U diensknegte is veeboere van ons jeug af tot nou toe, ons, sowel as ons vaders’ sodat julle in die land Goshen kan woon, want elke herder van kleinvee is ’n gruwel vir die Mitzrayimiete.”

47 1 Yosef het gekom en aan Farao verslag gegee en gesê: "My vader en my broers en hulle kleinvee en beeste en alles wat hulle besit, het gekom uit die land Kena'an en let op, hulle is nou in die land Goshen."
2 Hy het vyf man vanuit sy broers saamgevat en hulle aan Farao voorgestel.
3 Farao sê vir sy broers: "Wat is julle beroep?" Hulle antwoord Farao: "U diensknegte is herders van kleinvee, ons, sowel as ons vaders."
4 Hulle sê ook vir Farao: "Ons het gekom om as besoekers in die land te bly, want u diensknegte het geen weiding vir hulle kleinvee nie omdat die hongersnood in die land Kena'an swaar is; daarom nou, laat asseblief u diensknegte in die land Goshen woon."
5 Farao het met Yosef gepraat en gesê: "Jou vader en jou broers het na jou toe gekom.
6 Mitzrayim lê voor jou oop; laat jou vader en jou broers in die beste deel van die land bly; laat hulle in die land Goshen bly. As jy enige manne onder hulle ken wat die vermoë het, stel hulle dan aan as hoof herders oor my vee."
7 Yosef bring sy vader Ya'akov in en stel hom aan Farao voor. Ya'akov het Farao geseën.
8 Farao sê vir Ya'akov: "Hoeveel is die dae van jou lewensjare?"
9 Ya'akov het Farao geantwoord: "Die dae van die jare van my verblyf as besoeker is honderd en dertig jaar. Min in getal en vol boosheid was die dae van my lewensjare en hulle het nie die dae van die lewensjare van my vaders, gedurende die dae van hulle verblyf as besoekers, bereik nie." Lev 25:23
10 Ya'akov het Farao geseën en van Farao af weggegaan.
11 Yosef het Ya'akov en sy broers gevestig en vir hulle land gegee in Mitzrayim, in die beste deel van die land, in die landstreek Ra'amses, soos Farao beveel het.
12 Yosef het sy vader en sy broers en die hele huis van sy vader met kos onderhou, ooreenkomstig die monde van die kinders.
13 Daar was in die hele land geen brood nie, want die hongersnood was baie swaar sodat Mitzrayim en die land Kena'an swak geword het weens die hongersnood.
14 Yosef het, vir die koring wat hulle gekoop het, al die geld wat in Mitzrayim en in die land Kena'an te vinde was, bymekaar gemaak en Yosef het die geld in die paleis van Farao gebring.
15 Toe die geld in Mitzrayim en in die land Kena'an op was, het al die Mitzrayimiete na Yosef gekom en gesê: "Gee vir ons brood, want waarom moet ons voor u oë sterf, want die geld is op?"
16 Yosef antwoord: "Gee julle vee, dan sal ek vir julle brood gee vir die vee as die geld op is."
17 Toe bring hulle hul vee na Yosef toe en Yosef het vir hulle brood gegee vir die perde, die kleinvee, die beeste van die troppe en vir die donkies en hy het hulle dié jaar gevoed met brood vir die waarde van al hulle vee.

18 Toe dié jaar verby was, het hulle na hom gekom in die volgende jaar en vir hom gesê: “Ons kan dit nie vir my meester wegsteek nie, maar die geld is op en my meester het ons vee en beeste. Daar het niks voor my meester oorgebly nie as net ons liggame en ons grond.

19 Waarom moet ons voor u oë doodgaan, ons sowel as ons grond? Koop ons en ons grond vir brood, dan sal ons met ons grond vir Farao dien en gee vir ons saad dat ons kan leef en nie sterf nie en dat die grond nie verlate word nie.”

20 Yosef het al die grond van Mitzrayim vir Farao opgekoop, want die Mitzrayimiete het elkeen sy stuk grond verkoop omdat die hongersnood vir hulle te swaar was. So het die land, Farao se eiendom geword.

21 Wat die volk betref; hy het hulle laat verhuis na die stede, van die een grens van Mitzrayim tot by die ander grens.

22 Net die grond van die priesters het hy nie gekoop nie, want die priesters het ’n deel wat deur Farao voorgeskryf was, ontvang en hulle het hulle voorgeskrewe deel geëet wat Farao vir hulle gegee het; daarom het hulle hul grond nie verkoop nie.

23 Toe sê Yosef vir die volk: “Let op, ek het julle en jul grond vandag vir Farao gekoop: let op, hier is saad vir julle, julle moet die grond besaai

24 en dit sal wees dat by die insameling, julle ’n vyfde deel aan Farao moet afgee en die ander vier dele sal julle eiendom wees as saad vir die land, as voedsel vir julleself en vir die wat in julle huise is en as kos vir julle kinders.

25 Hulle antwoord: “U het ons lewe gered. Laat ons guns vind in die oë van my meester, dan sal ons diensknegte van Farao wees.

26 Yosef het dit ’n wet gemaak vir die land van Mitzrayim tot vandag toe; ’n vyfde deel behoort aan Farao. Net die grond van die priesters alleen het nie die eiendom van Farao geword nie.

27 Yisra’el het in Mitzrayim gebly, in die land Goshen en hulle het gebly op grond wat hulle besit het en gegroei en uitermate vermeerder.

28 Ya’akov het sewentien jaar in Mitzrayim gelewe sodat die dae van Ya’akov, die jare van sy lewe, een honderd sewe en veertig jaar was.

29 Die tyd van Yisra’el om dood te gaan het nader gekom en hy het sy seun Yosef laat roep en vir hom gesê: “As ek nou guns in jou oë gevind het, sit asseblief jou hand onder my dy en bewys vir my omgee en waarheid; moet my asseblief nie in Mitzrayim begrawe nie,

30 maar laat my by my vaders lê. Jy sal my uit Mitzrayim uitdra en my in hulle grafte begrawe.” Hy antwoord: “Ek sal doen soos u gesê het.”

31 Hy sê: “Sweer dit vir my.” Hy het dit vir hom gesweer. Yisra’el het in aanbidding plat gaan lê oor die kop van die bed.

48 1 Dit het gebeur ná hierdie dinge dat hulle vir Yosef gesê het: “Let op, u vader is siek.” Hy het sy twee seuns, M’nasheh en Efrayim, saam met hom gevat.

2 Ya’akov is vertel en gesê: “Kyk, u seun Yosef kom na u toe.” Yisra’el het sy krag bymekaargemaak en regop op die bed gaan sit.

3 Ya’akov het vir Yosef gesê: “El-Shaddai (Die Magtige God wat meer as genoeg is) het aan my verskyn by Luz, in die land Kena’an en my geseën

4 en vir my gesê: ‘Let op, Ek sal jou vrugbaar maak en jou vermeerder en jou tot ’n menigte van volke maak en Ek sal aan jou saad ná jou hiérdie land as ewige besitting gee.’
5 Nou, jou twee seuns, Efrayim en M’nasheh, wat vir jou in Mitzrayim gebore is voordat ek in Mitzrayim na jou toe gekom het, is myne; soos Re’uven en Shim’on sal hulle myne wees,
6 maar jou nakomelinge wat jy ná hulle verwek het, sal joune wees. Hulle sal na die naam van hulle broers genoem word in dié se erfdeel.
7 Wat my betref, toe ek van Paddan-Aram af gekom het, het Ragel langs my gesterf in die land Kena’an, op reis, toe daar nog ’n kort ent pad oor was om by Efrat te kom en ek het haar daar begrawe langs die pad na Efrat, dit is Beit-Legem.”
8 Yisra’el sien die seuns van Yosef en sê: “Wie is hierdie?”
9 Yosef antwoord sy vader: “Hulle is my seuns wat God my in hierdie plek gegee het.” Hy sê: “Bring hulle asseblief na my toe en ek sal hulle seën.”
10 Nou, die oë van Yisra’el het dof geword van ouderdom sodat hy nie kon sien nie. Hy het hulle nader gebring en hy het hulle gesoen en hulle omhels.
11 Yisra’el sê vir Yosef: “Ek het nie gedink om jou gesig te sien nie en kyk, God het my ook jou saad laat sien.”
12 Yosef het hulle van langs sy knieë af gebring en met sy gesig op die grond gaan lê.
13 Yosef vat hulle altwee: Efrayim met sy regterhand na Yisra’el se linkerhand en M’nasheh met sy linkerhand na Yisra’el se regterhand en bring hulle na hom toe.
14 Yisra’el steek sy regterhand uit en lê dit op die kop van Efrayim, wat die jongste was en sy linkerhand op die kop van M’nasheh deur sy hande te kruis. M’nasheh was die eersgeborene.
15 Hy het Yosef geseën en gesê: “Die God voor wie se Teenwoordigheid my vaders Avraham en Yitz’gak geleef het, die God wat my gevoed het van my geboorte af tot hierdie dag toe,
16 die Boodskapper wat my losgekoop het uit alle boosheid, seën die seuns, mag my naam oor hulle uitgeroep word en die naam van my vaders Avraham en Yitz’gak en laat hulle groei tot ’n menigte op die aarde.”
17 Toe Yosef sien dat sy vader sy regterhand op die kop van Efrayim gelê het, het sy oë bevange geword en hy het die hand van sy vader gegryp om dit van die kop van Efrayim op die kop van M’nasheh oor te sit.
18 Yosef sê vir sy vader: “Nie so nie, my vader, want hierdie een is die eersgeborene; lê u regterhand op sy kop.”
19 Sy vader weier egter en sê: “Ek weet, my seun, ek weet. Hy sal ook ’n volk word en hy sal ook groot word, maar waarlik, sy jongste broer sal groter wees as hy en sy nageslag sal ’n menigte van nasies word.”
20 Hy het hulle dáárdie dag geseën en gesê: “Deur jou sal Yisra’el seën en sê: ‘Mag God jou maak soos Efrayim en soos M’nasheh’!” So het hy Efrayim voor M’nasheh gestel.
21 Toe sê Yisra’el vir Yosef: “Let op, ek sterf, maar God sal by julle wees en Hy sal julle terugbring na die land van julle vaders.

22 Ek gee bo jou broers vir jou Sh'khem, wat ek met my swaard en my boog van die Emoriete afgevat het."

49 1 Ya'akov het sy seuns geroep en gesê: "Staan rondom dat ek julle kan vertel wat oor julle sal kom in die laaste dae.
2 Kom bymekaar en hoor, seuns van Ya'akov en luister na Yisra'el, julle vader!
3 Re'uven, jy is my eersgeborene, my krag en die begin van my sterkte; die uitstaande in verhewenheid en die uitstaande in sterkte!
4 Soos opbruisende waters sal jy nie vooruitgaan nie, want jy het opgegaan na jou vader se bed; waarlik, jy het my bed onteer deur op te gaan daarin. [Gen 35:22]
5 Shim'on en Levi is broers. Hulle wapens is implemente van geweld.
6 My wil, emosie, verstand en gees het nie saamgestem met hulle raad nie; ek het my ook nie verlaag om in hulle vergadering te sit nie, want in hulle kwaadwees slaan hulle mans dood en in hulle woede vernietig hulle 'n stadsmuur.
7 Vervloek is hulle woede, want dit is heftig en hulle wraak, want dit is wreed. Ek sal hulle verdeel in Ya'akov en hulle verstrooi in Yisra'el.
8 Y'hudah, jy is die een; jou broers sal jou loof en dank met uitgestrekte hande. Jou hand sal op die nek van jou vyande wees; voor jou sal die seuns van jou vader hulle neerbuig.
9 Y'hudah is 'n jong leeu; [Open 5:5] van die prooi af het jy opgegaan, my seun. Hy buig af, hy gaan lê soos 'n leeu en soos 'n leeuin; wie sal hom opjaag?
10 Die staf sal van Y'hudah nie weggaan nie, nóg die wetgewer van tussen sy voete uit totdat die Een kom aan Wie die septer behoort; aan Hom sal die nasies gehoorsaam wees. [Yes 2:3; Yog 5:46]
11 Hy maak sy donkie vas aan die wingerdstok en die vul van sy donkie aan die edelste wynstok; hy was sy klere in wyn en sy kledingstukke in die sap van druiwe.
12 Sy oë skitter van wyn en sy tande is wit van melk.
13 Z'vulun sal woon by die seestrand en hy sal 'n hawe word vir die skepe, langs Tzidon.
14 Yissakhar is 'n sterk donkie wat lê tussen twee laste.
15 Hy het gesien dat die rusplek goed en die land lieflik is. Hy het sy skouer gebuig om 'n las te dra en hy het 'n slaaf geword van eerbewys.
16 Dan sal sy mense oordeel as 'n stam van Yisra'el.
17 Dan sal 'n slang daar langs die pad wees, 'n adder op die pad, wat die perd aan die hakskene byt sodat sy ruiter agteroorval.
18 Op U verlossing wag ek, יהוה!
19 Gad sal uitgaan om te plunder en hy sal sy vyande se hakskene agtervolg.
20 Brood van Asher sal ryk wees en hy sal koninklike lekkernye voortbring.
21 Naftali is soos 'n wildsbok wat vrygelaat is, hy laat mooi woorde hoor.
22 Yosef is 'n gedissiplineerde seun, 'n geleerde seun, 'n vrugbare tak by 'n fontein; sy takke het oor die muur geklim.
23 Die boogskutters het met hom baklei en baie in getal was jaloers op hom,
24 maar hy het sy boog in krag gebuig en sy arms is versterk deur die hande van die Magtige Een van Ya'akov; deur die Herder, die Mag van Yisra'el:

25 ‘Mag die Magtige God van jou vader, jou help en die Almagtige jou seën met seëninge van die hemel daarbo, met seëninge van die diepte wat daaronder lê, met seëninge van borste en baarmoeder.

26 Die seëninge van jou vader het tot die uiterste grense van die ewige heuwels bly staan, bo die seëninge van my voorgeslag. Dit sal wees op die kop van Yosef; op die kroon van die kop van hom wat die prins is van sy broers.’

27 Binyamin is ’n verskeurende wolf; in die oggend eet hy sy prooi en in die aand deel hy buit uit.

28 Hierdie is al twaalf die stamme van Yisra’el en dit is wat hulle vader vir hulle gesê het. Hy het hulle geseën en hy het hulle elkeen volgens sy eie seën geseën.

29 Hy het hulle beveel en vir hulle gesê: “Ek word byeengebring by my mense. Begrawe my by my vaders in die grot wat in die veld van `Efron, die Hittiet, is;

30 in die grot wat in die veld van Makhpelah is, wat voor Mamre lê, in die land Kena’an; die veld wat Avraham van `Efron, die Hittiet, as eiendom vir ’n graf gekoop het.

31 Daar het hulle Avraham en Sarah, sy vrou, begrawe; daar het hulle Yitz’gak en Rivkah, sy vrou begrawe en daar het ek Le’ah begrawe;

32 die veld en die grot wat daarin is, wat gekoop is van die seuns van Het.”

33 Toe Ya’akov klaar bevele aan sy seuns gegee het, het hy sy voete teruggetrek op die bed en sy asem uitgeblaas en hy is by sy volksgenote byeengebring.

50 1 Yosef het op sy vader se gesig geval en oor hom gehuil en hom gesoen.

2 Yosef het aan sy diensknegte, die geneeshere, bevel gegee om sy vader te balsem en die geneeshere het Yisra’el gebalsem.

3 Veertig dae is vir hom voltooi, want dit is die dae wat voltooi word vir die wat gebalsem word. Die Mitzrayimiete het sewentig dae lank oor hom gehuil.

4 Toe die dae van huil oor hom verby was, het Yosef met die huis van Farao gepraat en gesê: “As ek nou guns in julle oë gevind het, sê dit asseblief voor die ore van Farao:

5 My vader het my laat sweer en gesê: ‘Let op, ek gaan sterf; in my graf wat ek vir my in die land Kena’an uitgekap het, daar moet jy my begrawe.’ Laat my nou asseblief opgaan en my vader begrawe en terugkom.”

6 Farao sê: “Gaan op en begrawe jou vader soos hy jou laat sweer het.”

7 Toe het Yosef opgegaan om sy vader te begrawe en al die diensknegte van Farao, die oudstes van sy huis en al die oudstes van Mitzrayim het saam met hom opgegaan;

8 ook die hele huis van Yosef en sy broers en die huis van sy vader. Net hulle kinders, hulle kleinvee en hulle beeste het hulle in die land Goshen laat agterbly.

9 Saam met hom het strydwaens en ruiters opgegaan en dit was ’n baie groot trek.

10 Toe hulle by die dorsvloer van Atad kom, wat anderkant die Yarden lê, het hulle daar ’n groot en baie pynlike rouklag gehou. Hy het dat hulle sewe dae oor sy vader rou.

11 Toe die inwoners van die land, die Kena’aniete, die roubedryf by die dorsvloer van Atad sien, sê hulle: “Dit is ’n hartseer rou vir die Mitzrayimiete.” Hulle het dit daarom Avel-Mitzrayim genoem, wat aan die anderkant van die Yarden lê.

12 So het sy seuns vir hom gedoen net soos hy hulle beveel het:
13 sy seuns het hom weggebring na die land Kena’an en hom begrawe in die grot in die veld van Makhpelah, die stuk grond voor Mamre wat Avraham van `Efron, die Hittiet as eiendom vir ’n graf gekoop het.
14 Nadat hy sy vader begrawe het, het Yosef na Mitzrayim teruggegaan, hy en sy broers en almal wat saam met hom opgegaan het.
15 Toe die broers van Yosef sien dat hulle vader dood is, het hulle gesê: “Miskien sal Yosef ’n wrok teen ons hou en teruggaan en ons terugbetaal vir al die boosheid wat ons hom aangedoen het!”
16 Hulle stuur daarom ’n boodskapper na Yosef en sê: “Voordat u vader dood is, het hy bevel gegee met hierdie woorde:
17 ‘So moet julle vir Yosef sê: “Asseblief, ek smeek jou, vergewe tog die oortreding van jou broers en hulle sonde, want hulle het boosheid aan jou gedoen.” Nou, asseblief vergewe die oortreding van die diensknegte van die God van u vader.” Yosef het gehuil toe hulle met hom praat.
18 Sy broers het ook self gegaan en voor hom op hulle gesigte neergeval en gesê: “Let op, ons is u slawe.”
19 Yosef het hulle geantwoord: “Moenie bang wees nie, want ek is ’n dienskneg van God.
20 Wat júlle betref: julle het wel boosheid teen my bedink, maar God het dit ten goede beplan om te doen soos dit vandag is, om baie mense te red tot die lewe.
21 Wees daarom nou nie bang nie: ék sal vir julle en julle kinders sorg.” So het hy hulle dan getroos en met hulle binneste gepraat.
22 Yosef het in Mitzrayim gebly, hy en die huis van sy vader. Yosef het honderd en tien jaar geleef.
23 Yosef het van Efrayim seuns gesien tot in die derde geslag. Ook die kinders van Makhir, die seun van M’nasheh, is op Yosef se knieë gebore.
24 Yosef sê aan sy broers: “Ek is sterwend, maar God sal julle onthou en julle hier uitbring na die land wat Hy aan Avraham, Yitz’gak en Ya’akov met ’n eed beloof het.”
25 Yosef het die seuns van Yisra’el laat sweer en gesê: “God sal julle onthou om julle te besoek en julle sal my bene opdra van hier.”
26 Yosef is dood, honderd en tien jaar oud en hulle het hom gebalsem en in ’n kis gesit in Mitzrayim.

Die tweede boek van die Verbond (Tanakh)

Die tweede boek van die Instruksies (Torah)

# Eksodus

(שׁמות - Sh’mot - Name)

Die vyf boeke van die Instruksies (Wet) is deur Mosheh saamgestel vanuit oordragte en skrywes van ten minste 10 mense, met die grootste gedeelte deur Mosheh self geskryf.

1 1 Hierdie is die name van die seuns van Yisra’el wat in Mitzrayim ingekom het; elkeen het met sy huisgesin saam met Ya’akov gekom:
2 Re’uven, Shim’on, Levi en Y’hudah;
3 Yissakhar, Z’vulun en Binyamin;
4 Dan, Naftali, Gad en Asher.
5 Al hierdie lewens wat uit Ya’akov se lendene voortgekom het, was sewentig siele, maar Yosef was reeds in Mitzrayim. [Hand 7:14]
6 Yosef, al sy broers en daardie hele geslag is dood.
7 Die kinders van Yisra’el was vrugbaar en het uitermate vermeerder, hulle het buitengewoon baie geword en hulle het die land gevul.
8 Daar het ’n nuwe koning oor Mitzrayim opgestaan wat Yosef nie geken het nie.
9 Hy het aan sy mense gesê: “Let op, die volk van die seuns van Yisra’el is meer en kragtiger as ons.
10 Kom, laat ons hulle met wysheid hanteer sodat hulle nie kan vermeerder en in die geval van oorlog, hulle ook by ons vyande aansluit en teen ons veg en uit die land uit weggaan nie.”
11 Hulle het daarom taakmeesters oor hulle aangestel om hulle te onderdruk met harde arbeid en hulle het die voorraadstede Pitom en Ra’amses vir Farao gebou.
12 Hoe meer hulle hul onderdruk het, hoe meer het hulle vermenigvuldig en versprei en hulle was bang vir die seuns van Yisra’el.
13 Die Mitzrayimiete het die seuns van Yisra’el om hierdie rede hard laat werk
14 en hulle lewe bitter gemaak deur swaar werk met klei, bakstene en deur allerhande werk in die landerye. Al dié werk wat hulle hul laat doen het, was met hardheid.
15 Die koning van Mitzrayim het met die Hebreeuse vroedvroue; die een se naam was Shifrah en die ander se naam Pu’ah, gepraat
16 en gesê: “Wanneer julle die Hebreeuse vroue by ’n geboorte help en hulle op die geboortestoele sien: as dit ’n seun is, moet julle hom doodmaak, maar as dit ’n dogter is, moet sy lewe.”
17 Die vroedvroue het God egter respekvol gevrees en nie gedoen soos die koning van Mitzrayim hulle beveel het nie, maar die seuns laat lewe.
18 Toe laat die koning van Mitzrayim die vroedvroue roep en hy sê vir hulle: “Waarom het julle hierdie ding gedoen en die seuns laat lewe?”
19 Die vroedvroue sê vir Farao: “Die Hebreeuse vroue is nie soos die Mitzrayimiete nie, want hulle is sterk. Voordat die vroedvrou by hulle kom, het hulle reeds geboorte gegee.”
20 God was tevrede met die vroedvroue en die volk het vermenigvuldig en uitermate baie geword.
21 So was dit: omdat die vroedvroue God respekvol gevrees het, het Hy vir hulle huisgesinne gegee.
22 Farao het sy hele volk beveel en gesê: “Al die seuns wat gebore word, moet julle in die rivier (Nyl) gooi, maar al die dogters moet julle laat lewe.”

2 1 'n Man uit die huis van Levi het gegaan en 'n dogter van Levi as vrou gevat.
2 Die vrou het swanger geword en geboorte gegee aan 'n seun. Toe sy sien dat hy pragtig was, het sy hom drie maande lank weggesteek.
3 Toe sy hom nie langer kon wegsteek nie, het sy vir hom 'n houer van papirus gevat en dit met lymgrond en pik gesmeer en sy het die seun daarin gesit en dit in die riete aan die kant van die rivier gesit.
4 Sy suster het op 'n afstand gaan staan om uit te vind wat met hom sou gebeur.
5 Farao se dogter het na die rivier afgegaan om te bad terwyl haar diensmeisies aan die kant van die rivier loop. Toe sy die houer tussen die papirus sien, stuur sy haar slavin en laat dit haal.
6 Toe sy dit oopgemaak het, sien sy die seun en let op, dit was 'n seun wat huil! Sy het hom jammer gekry en gesê: "Dit is een van die seuns van die Hebreërs."
7 Toe sê sy suster aan die dogter van Farao: "Sal ek vir u 'n vrou wat voed uit die Hebreeuse vroue gaan roep sodat sy vir u die seuntjie kan versorg?"
8 Farao se dogter antwoord haar: "Gaan." Die jong meisie het geloop en die seun se moeder geroep.
9 Farao se dogter sê vir haar: "Vat hierdie seun en voed hom vir my en ek sal jou loon vir jou gee." Die vrou het die seun gevat en hom gevoed.
10 Die seun het gegroei en sy het hom na Farao se dogter gebring en hy het haar seun geword. Sy het hom Mosheh genoem en gesê: "Ek het hom uit die water uitgehaal."
11 Dit het gebeur in dié dae toe Mosheh al opgegroei het dat hy na sy broers uitgegaan en hulle laste gesien het. Hy het gesien hoe 'n Mitzrayimiet 'n Hebreër, een van sy broers, slaan.
12 Hy het hierdie kant en daardie kant gekyk en toe hy sien dat daar niemand was nie, het hy die Mitzrayimiet doodgemaak en hom in die sand weggesteek.
13 Hy het die volgende dag uitgegaan en let op, twee Hebreërs baklei met mekaar en hy vra vir die bose oortreder: "Waarom slaan jy die ander persoon?"
14 Hy antwoord: "Wie het jou as heerser en regter oor ons aangestel? Beplan jy om my dood te slaan soos jy die Mitzrayimiet doodgemaak het?" Mosheh was bang en het gesê: "Waarlik, die ding is bekend!" [Hand 7:28]
15 Toe Farao van dié saak hoor, het hy probeer om Mosheh dood te maak, maar Mosheh het van Farao af weggevlug en in die land Midyan [Gen 25:2] gaan woon en hy het by 'n put gesit.
16 Die nie-Levitiese priester van Midyan het sewe dogters gehad en hulle het gekom en water getrek en die drinkbakke vol gemaak om hulle vader se kleinvee te laat drink.
17 Die herders het gekom en hulle weggedryf, maar Mosheh het opgestaan en hulle gehelp en hulle vee laat drink.
18 Toe hulle by hul vader, Re'u'el, kom, sê hy: "Waarom het julle vandag so gou gemaak?"
19 Hulle antwoord: "'n Mitzrayimiet het ons uit die hand van die herders verlos en wat meer is, ook vir ons water getrek en die vee laat drink."

20 Hy sê vir sy dogters: “Waar is hy dan? Waarom het julle die man daar laat staan? Nooi hom dat hy iets kan eet.”

21 Mosheh het ingewillig om by die man te bly en hy het sy dogter Tzipporah vir Mosheh gegee.

22 Sy het vir hom geboorte gegee aan ’n seun en hy het sy naam Gershom genoem, want hy het gesê: ‘Ek het ’n besoeker in ’n vreemde land geword.’ Hand 7:29

23 Dit het gebeur na ’n lang tyd dat die koning van Mitzrayim dood is. Die seuns van Yisra’el het gesug as gevolg van die slawerny en hulle het uitgeroep en die uitroep oor hulle slawerny het opgegaan na God toe.

24 God het hulle gesug gehoor en God het Sy verbond met Avraham, met Yitz’gak en met Ya’akov onthou.

25 God het aandag gegee aan die seuns van Yisra’el en God het met hulle ’n verbondsverhouding gehad.

3 1 Mosheh het sy skoonvader Yitro, die nie-Levitiese priester van Midyan, se kleinvee opgepas. Hy het die kleinvee na die westekant van die wildernis gedryf en by Horev, die berg van God, gekom.

2 Die boodskapper van יהוה het aan hom in ’n brandende vuur uit die middel van ’n doringbos verskyn. Hy het gekyk en let op, die doringbos het gebrand met vuur en tog het die doringbos nie uitgebrand nie!

3 Mosheh sê: “Ek sal afdraai en kyk na hierdie wonderlike verskynsel, waarom die doringbos nie opbrand nie.”

4 Toe יהוה sien dat hy afgedraai het om te kyk, roep God na hom vanuit die doringbos en sê: “Mosheh, Mosheh!” Hy antwoord: “Hier is ek.”

5 Hy sê: “Moenie nader kom nie. Trek jou sandale van jou voete af, want die plek waar jy staan, is afgesonderde grond.”

6 Verder sê Hy: “Ek is die God van jou vader, die God van Avraham, die God van Yitz’gak en die God van Ya’akov.” Mat 22:32; Mar 12:26; Luk 20:37; Hand 3:13 Mosheh het sy gesig weggesteek, want hy was bang om na God te kyk.

7 יהוה sê: “Ek het aandag gegee aan die onderdrukking van My volk wat in Mitzrayim is en Ek het hulle uitroep oor hulle taakdrywers gehoor, want Ek is bewus van hulle smarte.

8 Ek het afgekom om hulle uit die hand van die Mitzrayimiete te bevry en hulle te laat opgaan uit daardie land na ’n goeie en uitgestrekte land, na ’n land wat vloei met melk en heuning, na die blyplek van die Kena’aniete, Hittiete, Emoriete, P’riziete, Hiviete en Y’vusiete.

9 Nou, let op, die uitroepe van die seuns van Yisra’el het tot by My gekom en Ek het ook die onderdrukking gesien waarmee die Mitzrayimiete hulle onderdruk.

10 Kom daarom nou en Ek sal jou na Farao stuur sodat jy My volk, die kinders van Yisra’el, uit Mitzrayim kan uitbring.” Hand 7:34

11 Mosheh sê vir God: “Wie is ek dat ek na Farao sal gaan en dat ek die kinders van Yisra’el uit Mitzrayim sal uitbring?”

12 Hy antwoord: “Ek sal sekerlik by jou wees en dit sal vir jou ’n teken wees dat Ek jou gestuur het: wanneer jy die volk uit Mitzrayim uitgebring het, sal julle יהוה op hierdie berg aanbid.”

13 Mosheh sê vir God: “Let op, as ek by die seuns van Yisra’el kom en vir hulle sê: ‘Die God van julle vaders het my na julle toe gestuur’ en hulle my vra: ‘Wat is Sy Naam (Karakter en Outoriteit)?’ Wat sal ek hulle antwoord?”

14 God sê vir Mosheh: “אהיה אשר אהיה (EK IS WIE EK IS) [Tydloos, onveranderlik].” Ook sê Hy: “So moet jy die seuns van Yisra’el antwoord: אהיה (EK IS) [Tydloos, onveranderlik] het my na julle toe gestuur.” Open 1:4,8

15 Verder sê God vir Mosheh: “Dit moet jy vir die seuns van Yisra’el sê: ‘יהוה, die God van julle vaders, die God van Avraham, die God van Yitz’gak en die God van Ya’akov, het my na julle toe gestuur.’ Hand 3:13 Dit is My ewige Naam (Karakter en Outoriteit) en dit is hoe van My gepraat word van geslag tot geslag.

16 Gaan en maak die oudstes van Yisra’el bymekaar en sê vir hulle: ‘יהוה, die God van julle vaders, die God van Avraham, Yitz’gak en Ya’akov, het aan my verskyn en gesê: Ek gee sekerlik vir julle om en het gesien wat word aan julle in Mitzrayim gedoen

17 en Ek het besluit Ek wil julle uit die ellende van Mitzrayim laat opgaan na die land van die Kena’aniete, Hittiete, Emoriete, P’riziete, Hiviete en Y’vusiete, na ’n land wat vloei met melk en heuning.’

18 Hulle sal na jou luister. Jy en die oudstes van Yisra’el moet na die koning van Mitzrayim gaan en julle moet vir hom sê: ‘יהוה, die God van die Hebreërs, het ons ontmoet; laat ons asseblief nou drie dagreise ver die wildernis intrek en aan יהוה, ons God, offer.’

19 Ek weet dat die koning van Mitzrayim julle nie sal laat gaan nie, behalwe deur ’n sterk hand;

20 daarom sal Ek My hand uitsteek en Mitzrayim met al My wonders slaan wat Ek daarin sal doen en daarna sal hy julle laat gaan.

21 Ek sal aan hierdie volk guns gee in die oë van die Mitzrayimiete en dit sal gebeur dat wanneer julle gaan, julle nie met leë hande sal gaan nie,

22 maar elke vrou moet van haar buurvrou en van haar wat in haar huis besoek, silwer en goue voorwerpe en klere vra en julle moet dit op julle seuns en dogters sit en so dit van die Mitzrayimiete afvat.”

4 1 Mosheh antwoord en sê: “Maar veronderstel hulle glo my nie en luister nie na wat ek sê nie, maar sê: ‘יהוה het nie aan jou verskyn nie’?”

2 יהוה vra vir hom: “Wat is daar in jou hand?” Hy antwoord: “’n Staf.”

3 Toe sê Hy: “Gooi dit op die grond.” Toe gooi hy dit op die grond en dit het ’n slang geword en Mosheh het vir dit gevlug.

4 יהוה sê vir Mosheh: “Steek jou hand uit en gryp dit aan die stert.” Hy het sy hand uitgesteek en dit gegryp en dit het ’n staf in sy hand geword.

5 “Sodat hulle kan glo dat יהוה, die God van hulle vaders, die God van Avraham, die God van Yitz’gak en die God van Ya’akov, aan jou verskyn het.”

6 יהוה het verder vir hom gesê: “Steek nou jou hand in jou boesem.” Hy het sy hand in sy boesem gesteek en toe hy dit uittrek, was sy hand melaats, soos sneeu!
7 Hy sê: “Steek jou hand weer in jou boesem.” Hy het sy hand weer in sy kleed gesteek en toe hy dit uit sy boesem uittrek, was dit weer soos sy ander vlees!
8 “Dit sal wees as hulle jou nie glo en reageer op die eerste teken nie, dan mag hulle die daaropvolgende teken glo
9 en as hulle selfs hierdie twee tekens nie glo nie en nie luister na wat jy sê nie, vat dan van die rivier se water en gooi dit op die droë grond uit; dan sal die water wat jy uit die rivier vat, bloed word op die droë grond.”
10 Mosheh sê vir יהוה: “Asseblief יהוה, ek was nog nooit ’n man van woorde nie; nie onlangs nie en ook nie in die verlede nie en ook nie vandat U met U kneg gepraat het nie, want ek is stadig van spraak en van tong.”
11 יהוה antwoord hom: “Wie het die mens se mond gemaak, of Wie maak hom stom of doof, of siende of blind? Is dit nie Ek, יהוה, nie?
12 Gaan nou en Ek self sal met jou mond wees en jou leer wat jy moet sê.”
13 Hy sê: “O, יהוה, stuur asseblief die boodskap deur wie se hand U wíl.”
14 Toe brand die woede van יהוה teen Mosheh en Hy sê: “Is Aharon, die Leviet, nie jou broer nie? Ek weet dat hy goed kan praat en let op, hy gaan ook reeds uit om jou te ontmoet en as hy jou sien, sal hy bly wees in sy wil, emosie en verstand.
15 Jy moet met hom praat en die woorde in sy mond sit en Ék self sal met jou mond en sy mond wees en julle leer wat julle moet doen.
16 Meer nog, hy moet namens jou met die volk praat en hy sal vir jou soos ’n mond wees en jy sal vir hom in die plek van God wees.
17 Vat hierdie staf, waarmee jy die tekens sal doen, in jou hand.”
18 Mosheh het weggegaan en by sy skoonvader Yitro teruggekom en hy sê vir hom: “Laat my asseblief teruggaan na my broers wat in Mitzrayim is, om te sien of hulle nog lewe.” Yitro sê vir Mosheh: “Gaan in vrede.”
19 יהוה het vir Mosheh in Midyan gesê: “Gaan terug na Mitzrayim, want al die manne wat jou lewe gesoek het, is dood.”
20 Mosheh vat toe sy vrou en sy seuns en laat hulle op ’n donkie ry en gaan terug na die land van Mitzrayim. Mosheh het ook die staf van God in sy hand gevat.
21 יהוה sê vir Mosheh: “Wanneer jy teruggaan na Mitzrayim, kyk dat jy al daardie wonders voor Farao doen wat Ek in jou hand gesit het en Ék sal sy wil, emosie en verstand onveranderlik maak sodat hy nie die volk sal laat gaan nie.
22 Dan moet jy vir Farao sê: ‘So sê יהוה: Yisra’el is My seun, My eersgeborene[Rom 9:4-15]
23 en Ek sê vir jou: Laat my seun gaan dat hy My kan dien en as jy weier om hom te laat gaan, let op, Ek sal jou seun doodmaak, jou eersgeborene’.”
24 Dit het op die pad in die herberg gebeur dat יהוה hom teëgekom het en hom wou doodmaak.
25 Toe vat Tzipporah ’n skerp klip en sny die voorhuid van haar seuns af en gooi dit voor Mosheh se voete en sê: “Waarlik, jy is vir my ’n bloedbruidegom!”
26 Hy het hom toe laat staan. Toe het sy gesê: “Jy is ’n bloedbruidegom!” - as gevolg van die besnydenis.

27 יהוה het ook vir Aharon gesê: “Gaan ontmoet Mosheh in die wildernis.” Hy het gegaan en hom by die berg van God ontmoet en hom gesoen.

28 Mosheh vertel vir Aharon al die woorde van יהוה waarmee Hy hom gestuur het en al die tekens wat Hy hom beveel het om te doen.

29 Mosheh en Aharon het gegaan en al die oudstes van die seuns van Yisra’el laat bymekaarkom

30 en Aharon het al die woorde gepraat wat יהוה aan Mosheh gesê het en die tekens voor die oë van die volk gedoen.

31 Die volk het geglo en toe hulle hoor dat יהוה die seuns van Yisra’el besoek het en aandag gegee het aan hulle onderdrukking, het hulle laag neergebuig en plat op hulle gesigte gaan lê.

5 1 Daarna het Mosheh en Aharon ingegaan en vir Farao gesê: “So sê יהוה, die God van Yisra’el: ‘Laat My volk gaan dat hulle vir My ’n fees kan hou in die wildernis.”

2 Farao antwoord: “Wie is יהוה dat ek Sy stem moet gehoorsaam om Yisra’el te laat gaan? Ek het nie ’n verbondsverhouding met יהוה nie en ek sal Yisra’el ook nie laat gaan nie.”

3 Hulle sê: “Die God van die Hebreërs het met ons ontmoet; laat ons nou drie dagreise ver die woestyn intrek en aan יהוה, ons God, offer sodat Hy ons nie oorval met peste of die swaard nie.”

4 Die koning van Mitzrayim antwoord hulle: “Mosheh en Aharon, waarom hou julle die volk van hulle werk af? Gaan terug na julle werk toe.”

5 Farao sê ook: “Let op, die mense van die land is nou reeds baie en julle het hulle laat ophou met hulle werk.”

6 Farao het daarom op dieselfde dag aan die taakmeesters en hulle opsigters bevel gegee en gesê:

7 “Julle moet geen strooi meer aan die volk gee om bakstene te maak soos gister en eergister nie. Laat hulle gaan en vir hulleself strooi bymekaarmaak.

8 Die hoeveelheid bakstene wat hulle gister en eergister gemaak het, moet julle van hulle verwag en niks daarvan verminder nie, want hulle verslap en daarom roep hulle uit en sê: ‘Laat ons gaan en aan ons God offer!’

9 Laat meer werk op die manne gelaai word sodat hulle daaraan kan werk en nie misleidende woorde oorweeg nie.”

10 Die taakmeesters en die opsigters van die volk het uitgegaan en met die volk gepraat en gesê: “So sê Farao: ‘Ek sal nie vir julle strooi gee nie.

11 Gaan haal self vir julle strooi waar julle dit kan kry, maar geen van julle werk word verminder nie’.”

12 Toe is die volk oor die hele Mitzrayim versprei om stoppels te versamel vir strooi

13 en die taakmeesters het op hulle gedruk en gesê: “Voltooi julle werk volgens die eis van elke dag net soos toe daar strooi was.”

14 Die opsigters van die seuns van Yisra’el wat Farao se taakmeesters oor hulle aangestel het, is geslaan en gevra: “Waarom het julle gister en vandag nie soos tevore julle voorgeskrewe hoeveelheid stene gemaak nie?”

15 Die opsigters van die seuns van Yisra'el het daarom gegaan en uitgeroep na Farao en gesê: "Waarom maak u so met u diensknegte?
16 Daar word geen strooi aan u slawe gegee nie en hulle sê vir ons: 'Maak bakstene!' Let op, u diensknegte word geslaan, maar die skuld lê by u mense."
17 Hy antwoord egter: "Julle is lui, baie lui en sê daarom: 'Laat ons gaan en aan יהוה offer.'
18 Gaan dus nou en werk, want geen strooi sal vir julle gegee word nie en tog moet julle die hoeveelheid bakstene lewer."
19 Die opsigters van die seuns van Yisra'el het gesien dat dit sleg met hulle gaan omdat daar gesê is: "Julle mag jul bakstene, volgens die eis van elke dag, nie verminder nie."
20 Toe hulle by Farao uitkom het hulle Mosheh en Aharon teëgekom, wat daar gestaan en wag het vir hulle
21 en sê vir hulle: "יהוה kyk na julle en oordeel julle omdat julle ons gehaat gemaak het in die oë van Farao en in die oë van sy diensknegte, deur 'n swaard in hulle hand te gee om ons dood te maak."
22 Mosheh het teruggegaan na יהוה en gesê: "יהוה, waarom het U skade op die mense gebring? Waarom het U my dan gestuur,
23 want sedert ek na Farao gegaan het om in U Naam (Karakter en Outoriteit) te praat, het hy skade aan hierdie mense gedoen en U het ook glad nie U volk gered nie?"

6 1 Toe sê יהוה vir Mosheh: "Nou sal jy sien wat Ek aan Farao sal doen, want as gevolg van 'n sterk hand sal hy hulle laat gaan en as gevolg van 'n magtige arm sal hy hulle uit sy land uitdryf."
2 God het met Mosheh gepraat en vir hom gesê: "Ek is יהוה.
3 Ek het aan Avraham, aan Yitz'gak en aan Ya'akov verskyn as El-Shaddai (Die Magtige God wat meer as genoeg is) en was Ek nie met My Naam, יהוה, aan hulle bekend nie?
4 Ek het ook My verbond met hulle vasgestel om aan hulle die land Kena'an te gee, die land waarin hulle as besoekers gebly het
5 en Ék het ook die gesug van die seuns van Yisra'el, wat deur die Mitzrayimiete in slawerny gehou word, gehoor en Ek het My verbond onthou.
6 Sê daarom vir die seuns van Yisra'el: 'Ek is יהוה en Ek sal julle onder die las van die Mitzrayimiete uitbring en julle red uit hulle slawerny. Ek sal julle loskoop deur 'n uitgestrekte arm en deur groot oordele. [Hand 13:17]
7 Ek sal julle vir Myself as volk neem en julle God wees en julle sal weet dat Ek יהוה, julle God, is wat julle onder die las van die Mitzrayimiete uitbring
8 en Ek sal julle bring in die land waarvan Ek My hand opgelig het, om dit aan Avraham, aan Yitz'gak en aan Ya'akov te gee en Ek sal dit aan julle as 'n besitting gee. Ek is יהוה."
9 Mosheh het toe so met die seuns van Yisra'el gepraat, maar hulle het nie na Mosheh geluister nie, vanweë hulle moedeloosheid en die wrede slawerny.
10 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:

11 “Gaan praat met Farao, die koning van Mitzrayim dat hy die seuns van Yisra’el uit sy land moet laat uitgaan.”
12 Mosheh het in die Teenwoordigheid van יהוה gepraat en gesê: “As die seuns van Yisra’el nie na my geluister het nie, hoe sal Farao dan na my luister, want ek is onbeholpe om te praat?”
13 יהוה het met Mosheh en Aharon gepraat en vir hulle ’n opdrag gegee vir die seuns van Yisra’el en vir Farao, die koning van Mitzrayim, om die seuns van Yisra’el uit die land van Mitzrayim uit te vat.
14 Hierdie is die hoofde van hulle vader se huise. Die seuns van Re’uven, die eersgeborene van Yisra’el: Hanokh, Pallu, Hetzron en Karmi; dit is die families van Re’uven.
15 Die seuns van Shim’on: Y’mu’el, Yamin, Ohad, Yakhin, Tzogar en Sha’ul, die seun van die Kena’anitiese vrou; dit is die families van Shim’on.
16 Hierdie is die name van die seuns van Levi volgens hulle geslagte: Gershon, K’hat en M’rari. Die lewensjare van Levi was honderd sewe en dertig jaar.
17 Die seuns van Gershon was Livni en Shim’i volgens hulle families.
18 Die seuns van K’hat was `Amram, Yitz’har, Hevron en `Uzi’el. Die lewensjare van K’hat was honderd drie en dertig jaar.
19 Die seuns van M’rari was Magli en Mushi. Hierdie was die families van Levi volgens hulle nageslagte.
20 `Amram het Yokheved, sy oom se dogter, vir hom as vrou gevat en sy het vir hom geboorte gegee aan Aharon en Mosheh. Die lewensjare van `Amram was honderd sewe en dertig jaar.
21 Die seuns van Yitz’har was Korag, Nefeg en Zikhri.
22 Die seuns van `Uzi’el was Misha’el, Eltzafan en Sitri.
23 Aharon het Elish’va, die dogter van `Ammínadav, die suster van Nagshon, vir hom as vrou gevat en sy het vir hom geboorte gegee aan: Nadav, Avihu, El’azar en Itamar.
24 Die seuns van Korag was Assir, Elkanah en Avi’asaf. Dit is die families van die Koragiete.
25 El’azar, die seun van Aharon, het vir hom een van die dogters van Puti’el as vrou gevat en sy het vir hom geboorte gegee aan Pingas. Dit is die hoofde van die vaders se huise van die Leviete volgens hulle families.
26 Dit is dieselfde Aharon en Mosheh vir wie יהוה gesê het: “Bring die seuns van Yisra’el uit die land van Mitzrayim uit volgens hulle menigte.”
27 Dit is hulle wat met Farao, die koning van Mitzrayim, gepraat het om die seuns van Yisra’el uit Mitzrayim uit te bring. Hierdie selfde Mosheh en Aharon.
28 Dit het op die dag toe יהוה met Mosheh in Mitzrayim gepraat het, gebeur
29 dat יהוה vir Mosheh gesê het: “Ek is יהוה. Sê vir Farao, die koning van Mitzrayim, alles wat Ek vir jou sê.”
30 Mosheh sê egter voor יהוה: “Let op, ek is onbekwaam om te praat! Hoe sal Farao na my luister?”

7 1 יהוה het aan Mosheh gesê: “Kyk, Ek het jou soos God vir Farao gemaak Ps 82:6 en jou broer Aharon sal jou profeet wees.
2 Jy moet alles sê wat Ek jou beveel en jou broer Aharon moet met Farao praat om die seuns van Yisra’el uit sy land uit te laat gaan.
3 Ék sal Farao se wil, emosie en verstand verhard sodat Ek My tekens en wonderwerke in die land van Mitzrayim kan vermenigvuldig.
4 Wanneer Farao nie na julle luister nie, dan sal Ek My hand lê op Mitzrayim en My leërmag, My volk, die seuns van Yisra’el, deur groot oordele uitbring uit die land van Mitzrayim.
5 Die Mitzrayimiete sal weet dat Ek יהוה is, wanneer Ek My hand oor Mitzrayim uitsteek en die seuns van Yisra’el van tussen hulle af uitbring.”
6 Mosheh en Aharon het gedoen soos יהוה hulle beveel het; so het hulle gedoen.
7 Mosheh was tagtig jaar en Aharon drie en tagtig jaar oud toe hulle met Farao gepraat het.
8 יהוה het met Mosheh en Aharon gepraat en gesê:
9 “Wanneer Farao met julle praat en sê: Wys ’n teken vir julleself; dan moet jy vir Aharon sê: ‘Vat jou staf en gooi dit voor Farao neer en laat dit ’n slang word’.”
10 Mosheh en Aharon het ingegaan na Farao toe en gedoen presies soos יהוה hulle beveel het: Aharon het sy staf voor Farao en voor sy diensknegte neergegooi en dit het ’n slang geword.
11 Farao het óók die wyse manne en die towenaars geroep en hulle, die Mitzrayimietiesetowenaars, het ook dieselfde gedoen met hulle geheime kunste,
12 want elkeen het sy staf neergegooi en dit het slange geword, maar Aharon se staf het hulle stawwe ingesluk.
13 Farao se wil, emosie en verstand was onveranderlik en hy het nie na hulle geluister nie, soos יהוה gesê het.
14 יהוה sê vir Mosheh: “Farao se wil, emosie en verstand is hard, hy weier om die volk te laat gaan.
15 Gaan môre vroeg na Farao wanneer hy uitgaan na die water toe en staan aan die kant van die rivier om hom te ontmoet en die staf wat in ’n slang verander het, moet in jou hand wees
16 en sê vir hom: “יהוה, die God van die Hebreërs, het my na u toe gestuur en gesê: ‘Laat My volk gaan dat hulle My kan dien in die wildernis,’ maar let op, u het tot nou toe nie geluister nie en
17 יהוה sê daarom só: ‘Hieraan sal jy weet dat Ek יהוה is.’ Let op, ek sal met die staf wat in my hand is die water slaan wat in die rivier is en dit sal in bloed verander word.
18 Die visse in die rivier sal doodgaan sodat die rivier sal stink en die Mitzrayimiete sal walg om die water uit die rivier te drink.”
19 יהוה het met Mosheh gepraat: “Sê vir Aharon: ‘Vat jou staf en steek jou hand uit oor die waters van die Mitzrayimiete, oor hulle strome, hulle riviere, hulle waterpoele en oor al hulle waterliggame sodat dit bloed word.’ Daar sal bloed in die hele land van Mitzrayim wees; in hout- en in klipbakke.”

20 Mosheh en Aharon het dit so gedoen, soos יהוה beveel het; hy het die staf opgelig en die water wat in die rivier was, geslaan voor die oë van Farao en voor die oë van sy diensknegte en al die water in die rivier is in bloed verander.
21 Die visse wat in die rivier was, het doodgegaan en die rivier het gestink sodat die Mitzrayimiete nie die water uit die rivier kon drink nie en daar was bloed oor die hele land van Mitzrayim.
22 Die Mitzrayimietiese towenaars het dieselfde gedoen met hulle geheime kunste en Farao se wil, emosie en verstand was onveranderlik en hy het nie na hulle geluister nie, soos יהוה gesê het.
23 Farao het omgedraai en in sy huis ingegaan en niks hiervan ter harte geneem nie.
24 Al die Mitzrayimiete het rondom die rivier na water gegrawe om te drink, want hulle kon nie van die rivier se water drink nie.
25 Sewe dae het verbygegaan nadat יהוה die rivier geslaan het.

8 1 יהוה het toe met Mosheh gepraat: "Gaan na Farao en sê vir hom: So sê יהוה: 'Laat My volk gaan sodat hulle My kan dien
2 en as jy weier om hulle te laat gaan, let op, Ek sal jou hele gebied met paddas straf.
3 Die rivier (Nyl) sal van paddas wemel en hulle sal opklim en in jou huis kom, in jou slaapkamer, op jou bed, in die huis van jou diensknegte, onder jou volk, in jou bakoonde en in jou bakskottels
4 en die paddas sal teen jou, teen jou volk en teen al jou diensknegte opspring.'"
5 יהוה het ook vir Mosheh gesê: "Sê vir Aharon: Steek jou hand met jou staf oor die strome en oor die riviere en oor die waterpoele uit en laat die paddas opkom oor die land van Mitzrayim."
6 Aharon het sy hand oor die waters van Mitzrayim uitgesteek en die paddas het opgekom en die land van Mitzrayim oordek
7 en die towenaars het dieselfde gedoen met hulle towerkunste en paddas laat opkom oor Mitzrayim.
8 Toe het Farao Mosheh en Aharon laat roep en gesê: "Tree in by יהוה sodat Hy die paddas van my en van my volk af sal wegvat en ek sal die volk laat gaan sodat hulle aan יהוה kan offer."
9 Mosheh sê vir Farao: "U het die eer bo my om vir my te sê watter tyd moet ek vir u en u diensknegte en vir u volk intree sodat die paddas van u en vanuit u huise uitgeroei word om net in die rivier oor te bly?"
10 Hy antwoord: "Teen môre." Toe sê hy: "Dit sal wees volgens u woord sodat u kan verstaan dat daar niemand is soos יהוה, ons God, nie.
11 Die paddas sal u, u huise, u diensknegte en u volk verlaat. Net in die Nyl sal hulle oorbly."
12 Mosheh en Aharon het van Farao af weggegaan en Mosheh het tot יהוה geroep aangaande die paddas wat Hy oor Farao gebring het.
13 יהוה het gedoen volgens die woord van Mosheh: die paddas het doodgegaan uit die huise, van die voorhowe af en uit die veld
14 en hulle het dit in hope bymekaargemaak en die land het gestink.

15 Toe Farao egter sien dat daar verligting is, het hy sy wil, emosie en verstand verhard en nie na hulle geluister nie, soos יהוה gesê het.
16 יהוה sê vir Mosheh: “Sê aan Aharon: steek jou staf uit en slaan die stof van die aarde sodat dit muggies word oor die hele land van Mitzrayim.”
17 Hulle het so gedoen: Aharon het sy hand met sy staf uitgesteek en die stof van die aarde geslaan en daar het muggies gekom op die mense en op diere. Al die stof van die aarde het muggies geword in die hele land van Mitzrayim.
18 Die towenaars het dieselfde probeer doen met hulle geheime kunste om muggies voort te bring, maar hulle kon nie en die muggies was op die mense en op die diere.
19 Toe sê die towenaars vir Farao: “Dit is die vinger van God!” Farao se wil, emosie en verstand was egter onveranderlik sodat hy na hulle nie geluister het nie, soos יהוה gesê het.
20 יהוה sê vir Mosheh: “Staan môre vroeg op en staan voor Farao wanneer hy na die water toe uitgaan en sê vir hom: so sê יהוה: ‘Laat My volk gaan sodat hulle My kan dien,
21 of anders, as jy My volk nie laat gaan nie, let op, Ek sal swerms vlieë teen jou, teen jou diensknegte, teen jou volk en teen jou huise laat kom sodat die huise van die Mitzrayimiete vol vlieë sal wees en selfs die grond waarop hulle staan.
22 Op dié dag sal Ek die land Goshen, waarin My volk woon, afsonder sodat daar geen swerm vlieë sal wees nie sodat jy kan weet dat Ek, יהוה, in die wêreld is.
23 Ek het ’n skeiding gestel tussen My volk en jou volk. Môre sal hierdie teken plaasvind.’”
24 יהוה het so gedoen: dik swerms vlieë het in die huis van Farao, in die huis van sy diensknegte en in die hele land van Mitzrayim gekom; die land het verval as gevolg van die swerms vlieë.
25 Farao laat Mosheh en Aharon roep en sê: “Gaan, offer aan julle God in die land.”
26 Mosheh antwoord: “Dit is nie reg om dit so te doen nie, want ons offer aan יהוה, ons God, wat vir die Mitzrayimiete ’n gruwel is. As ons dit wat ’n gruwel is vir die Mitzrayimiete voor hulle oë offer, sal hulle ons nie dan stenig nie?
27 Ons sal drie dagreise ver die wildernis ingaan sodat ons aan יהוה, ons God, kan offer soos Hy ons beveel.”
28 Farao het gesê: “Ek sal julle laat gaan sodat julle aan יהוה, julle God, kan offer in die wildernis; julle moet net nie te ver weggaan nie. Tree in vir my.”
29 Mosheh antwoord: “Let op, ek gaan van u af weg en sal intree by יהוה sodat die swerms vlieë Farao, sy diensknegte en sy volk môre mag verlaat. Laat Farao net nie langer bedrieglik optree deur die volk nie te laat gaan om aan יהוה te offer nie.”
30 Mosheh het van Farao af weggegaan en by יהוה ingetree.
31 יהוה het gedoen volgens die woord van Mosheh: Hy het die swerms vlieë van Farao, van sy diensknegte en sy volk weggevat. Daar het nie een oorgebly nie.
32 Farao het sy wil, emosie en verstand ook hierdie keer verhard en die volk nie laat gaan nie.

9 1 יהוה het vir Mosheh gesê: “Gaan na Farao en sê vir hom: So sê יהוה, die God van die Hebreërs: ‘Laat My volk gaan sodat hulle My kan dien
2 en as jy weier om hulle te laat gaan en hulle nog vashou,
3 let op, dan sal die hand van יהוה teen jou beeste wat in die veld is, teen die perde, teen die donkies, teen die kamele, teen die osse en teen die kleinvee wees, met ’n baie swaar pes.
4 יהוה sal ’n onderskeid maak tussen die lewende hawe van die Yisra’eliete en die lewende hawe van die Mitzrayimiete sodat niks sal doodgaan van alles wat aan die seuns van Yisra’el behoort nie.’”
5 יהוה het ’n bepaalde tyd vasgestel en gesê: “Môre sal יהוה hierdie ding doen in die land.”
6 יהוה het dit die volgende dag gedoen: al die lewende hawe van die Mitzrayimiete het doodgegaan, maar van die vee van die seuns van Yisra’el is nie een dood nie.
7 Farao het gestuur en let op, nie eens een van die lewende hawe van die Yisra’eliete was dood nie! Farao se wil, emosie en verstand was verhard en hy het die volk nie laat gaan nie.
8 יהוה het vir Mosheh en Aharon gesê: “Vat vir julle hande vol as uit ’n hoogoond en laat Mosheh dit na die hemel toe uitgooi voor die oë van Farao
9 en dit sal ’n fyn stof word oor die hele land van Mitzrayim en op mense en diere ontsteking veroorsaak wat in swere uitbreek, regoor die hele land van Mitzrayim.”
10 Hulle het toe as uit die hoogoond gevat, voor Farao gaan staan en Mosheh het dit na die hemel uitgegooi en dit het ontstekings geword wat in swere uitbreek op mense en diere.
11 Die towenaars kon nie voor Mosheh staan vanweë die swere nie, want die swere was op die towenaars en op al die Mitzrayimiete.
12 יהוה het Farao se wil, emosie en verstand onveranderlik gemaak en hy het nie na hulle geluister nie, soos יהוה vir Mosheh gesê het.
13 יהוה het vir Mosheh gesê: “Staan vroeg in die oggend op, staan voor Farao en sê vir hom: so sê יהוה, die God van die Hebreërs: laat My volk gaan sodat hulle My kan dien,
14 want hierdie keer sal Ek al My plae teen jou stuur, teen jou diensknegte en jou volk sodat jy kan verstaan dat daar niemand op die hele aarde is soos Ek nie,
15 want as Ek My hand uitgesteek het en jou en jou volk met die pes getref het, sou jy van die aarde af vernietig wees.
16 Daarenteen, vir hierdie doel het Ek jou laat agterbly, om My krag vir jou te wys en My Karakter en Outoriteit op die hele aarde te verklaar. [Rom 9:17]
17 Steeds verhoog jy jouself teen My volk dat jy hulle nie wil laat gaan nie.
18 Let op, Ek sal môre omtrent hierdie tyd ’n baie swaar hael laat reën soos wat in Mitzrayim nog nie was van die dag af dat dit gevind is tot nou toe nie.
19 Stuur daarom nou en laat jou lewende hawe en alles wat jy in die veld het, na veiligheid bring. Al die mense en die diere wat in die veld gevind word, wat nie binnetoe gebring is nie, op hulle sal die hael val en hulle sal sterf.”

20 Hulle wat יהוה se woord gevrees het onder die diensknegte van Farao, het hulle slawe en lewende hawe na die skuilings laat vlug,

21 maar die wat geen ag gegee het op יהוה se woord nie, het hulle slawe en lewende hawe in die veld laat bly.

22 יהוה sê vir Mosheh: “Steek jou hand uit na die hemele sodat daar hael sal wees in die hele land van Mitzrayim, oor mense, diere en oor al die plante van die veld in die land van Mitzrayim.”

23 Mosheh het sy staf na die hemele uitgesteek en יהוה het donder en hael gestuur en vuur het na die aarde gereën en יהוה het hael op die land van Mitzrayim laat reën.

24 Daar was hael en vuur binne-in die hael, baie swaar, soos in die hele land van Mitzrayim nog nooit was vandat dit ’n nasie geword het nie.

25 Die hael het in die hele land van Mitzrayim alles wat in die veld was geslaan, mense sowel as diere en die hael het al die plante van die veld geslaan en al die bome van die veld verpletter.

26 Net in die land Goshen, waar die seuns van Yisra’el was, was daar geen hael nie.

27 Farao het gestuur en Mosheh en Aharon laat roep en vir hulle gesê: “Ek het dié keer sonde gedoen. יהוה is die Regverdige Een en ek en my volk is dié wat boos oortree.

28 Tree in by יהוה, want daar was genoeg van God se donder en hael. Ek sal julle laat gaan en julle sal nie langer bly nie.”

29 Mosheh sê vir hom: “So gou as wat ek uit die stad uitgegaan het, sal ek my hande tot יהוה uitbrei. Die donder sal ophou en die hael sal nie meer wees nie sodat u kan weet dat die aarde aan יהוה behoort,

30 maar wat u en u diensknegte betref; ek weet dat julle יהוה-God nog nie vrees nie.”

31 Die vlas en die gars is geslaan, want die gars was in die aar en die vlas in die knop,

32 maar die graan en die spelt is nie geslaan nie, want hulle is laat oeste.

33 Mosheh het uit die stad uit van Farao af weggegaan en sy hande tot יהוה uitgebrei en die donder en hael het opgehou en die reën het nie meer op die aarde geval nie.

34 Toe Farao sien dat die reën, die hael en die donder ophou, het hy weer gesondig en sy wil, emosie en verstand verhard; hy en sy diensknegte.

35 Farao se wil, emosie en verstand was onveranderlik sodat hy die seuns van Yisra’el nie laat gaan het nie, soos יהוה deur die hand van Mosheh gesê het.

10 1 יהוה het vir Mosheh gesê: “Gaan na Farao toe, want Ék het sy wil, emosie en verstand, asook die wil, emosie en verstand van sy diensknegte verhard sodat Ek hierdie tekens van My onder hulle kan uitvoer

2 en sodat jy voor die ore van jou seun en jou kleinseun kan vertel hoe Ek ’n bespotting van die Mitzrayimiete gemaak het en van My tekens wat Ek onder hulle gebring het sodat julle kan weet dat Ek יהוה is.”

3 Mosheh en Aharon het na Farao toe gegaan en vir hom gesê: “So sê יהוה, die God van die Hebreërs: ‘Hoe lank sal jy weier om jou voor My te verneder? Laat My volk gaan dat hulle My kan dien,

4 of anders, as jy weier om My volk te laat gaan, let op, môre sal Ek sprinkane in jou gebied inbring

5 en hulle sal die oppervlakte van die grond bedek sodat niemand die land sal kan sien nie en hulle sal die res van wat oorgebly het, wat vir julle van die hael oorgebly het en al die bome wat vir julle in die veld opgroei, opeet.

6 Jou huise, die huise van al jou diensknegte en die huise van al die Mitzrayimiete sal vol van hulle wees; soos jou vaders en die vaders van jou vaders nie gesien het van die dag af dat hulle op die aarde is, tot vandag toe nie.’” Hy het omgedraai en van Farao af weggegaan.

7 Farao se diensknegte vra vir hom: “Hoe lank sal die man vir ons ’n strik wees? Laat die manne gaan dat hulle יהוה, hulle God, kan dien. Weet u nog nie dat Mitzrayim vernietig is nie?”

8 Mosheh en Aharon is teruggebring na Farao toe en hy sê vir hulle: “Gaan, dien יהוה, julle God. Wie is dit wat gaan?

9 Mosheh antwoord: “Ons sal gaan met ons jong mense en ons ou mense, met ons seuns en ons dogters; met ons kleinvee en ons beeste sal ons gaan, want ons moet ’n fees hou vir יהוה.”

10 Hy sê vir hulle: “יהוה is met julle as ek ooit julle en julle kinders sal laat gaan! Let op, want die bose is in julle gedagtes.

11 Nie so nie! Gaan nou, julle manne en dien יהוה, want dít is wat julle begeer het.” Hulle is uit Farao se teenwoordigheid uitgedryf.

12 יהוה sê vir Mosheh: “Steek jou hand uit oor die land van Mitzrayim vir die sprinkane sodat hulle kan opkom oor die land van Mitzrayim en al die plante van die land opeet, alles wat die hael laat oorbly het.”

13 Mosheh het sy staf oor die land van Mitzrayim uitgesteek en יהוה het ’n oostewind in die land gebring, daardie hele dag en die hele nag; toe dit oggend word, het die oostewind die sprinkane gebring.

14 Die sprinkane het opgekom oor die hele land van Mitzrayim en op die hele gebied van Mitzrayim gaan sit; uitermatige hoeveelhede. Daar was voor dit nie so ’n sprinkaanswerm nie en daarna sou daar ook nie so iets wees nie.

15 Hulle het die oppervlakte van die hele land bedek sodat die land donker was en hulle het al die plante van die land en al die vrugte van die bome, wat die hael laat oorbly het, opgeëet; daar het geen groenigheid aan die bome of plante van die veld in die hele land van Mitzrayim oorgebly nie.

16 Farao het haastig vir Mosheh en Aharon laat roep en gesê: “Ek het gesondig teen יהוה, julle God en teen julle;

17 daarom, vergeef nou asseblief net dié keer my sonde en tree in by יהוה, julle God sodat Hy net hierdie dood van my af wegvat.”

18 Hy het van Farao af weggegaan en ingetree by יהוה.

19 יהוה het die wind omgeswaai in ’n baie sterk westewind, wat die sprinkane weggevat en hulle in die Rooisee gedryf het. Daar het nie een sprinkaan in die hele gebied van Mitzrayim oorgebly nie.

20 יהוה het Farao se wil, emosie en verstand onveranderlik gemaak en hy het die seuns van Yisra’el nie laat gaan nie.

21 יהוה het vir Mosheh gesê: "Steek jou hand uit na die hemele toe en daar sal duisternis oor die land van Mitzrayim kom; duisternis wat 'n mens selfs kan voel."
22 Mosheh het sy hand uitgesteek na die hemele en daar was 'n dik duisternis oor die hele land van Mitzrayim vir drie dae lank.
23 Hulle het mekaar nie gesien nie en niemand het van sy plek af opgestaan vir drie dae nie, maar al die kinders van Yisra'el het lig in hulle huise gehad.
24 Farao het Mosheh laat roep en gesê: "Gaan heen, dien יהוה; net julle kleinvee en julle beeste moet agtergehou word. Selfs julle kinders kan met julle saamgaan."
25 Mosheh antwoord: "U moet ons tog offers en brandoffers saam gee dat ons offerandes aan יהוה, ons God, kan bring;
26 daarom sal ons lewende hawe ook saam met ons gaan: daar mag geen klou agterbly nie, want ons moet daarvan vat om יהוה, ons God, te dien en ons weet nie waarmee ons יהוה, ons God, moet dien voordat ons daar kom nie."
27 יהוה het Farao se wil, emosie en verstand onveranderlik gemaak en hy wou hulle nie laat gaan nie.
28 Farao sê vir hom: "Gaan weg van my af! Pas op, jy sal my gesig nie weer sien nie, want die dag waarop jy my gesig sien, sal jy sterf."
29 Mosheh antwoord: "U het reg gepraat. Ek sal u gesig nie weer sien nie."

11 1 יהוה het vir Mosheh gesê: "Ek sal nog een plaag oor Farao en oor Mitzrayim bring. Daarna sal hy julle geheel en al hiervandaan laat gaan. As hy julle laat gaan, sal hy julle geheel en al uitdryf hiervandaan.
2 Praat nou voor die ore van die volk dat elke man van sy naaste en elke vrou van haar naaste silwer goed en goue goed moet vra."
3 יהוה het aan die volk guns verleen in die oë van die Mitzrayimiete. Meer nog, die man, Mosheh, was baie hoog geag in Mitzrayim, in die oë van Farao se diensknegte en in die oë van die volk.
4 Mosheh sê: "So sê יהוה: Omtrent middernag sal Ek uitgaan oor Mitzrayim
5 en elke eersgeborene in die land van Mitzrayim sal sterf, van Farao, wat op sy troon sit, se eersgeborene af, tot by die eersgeborene van die slavin wat agter die meulsteen staan en al die eersgeborenes van die diere.
6 Daar sal 'n groot uitroep regoor die hele land van Mitzrayim wees soos wat daar nie was en soos daar nie weer sal wees nie,
7 maar teen die seuns van Yisra'el sal 'n hond nie eens blaf nie, nie teen mens of dier nie sodat julle kan verstaan dat יהוה 'n onderskeid maak tussen Mitzrayim en Yisra'el.
8 Al hierdie diensknegte van u sal na my toe afkom en voor my op hulle gesigte val en sê: 'Gaan uit, jy en die hele volk aan jou voete.' Daarna sal ek uitgaan." Hy het by Farao uitgegaan in brandende woede.
9 יהוה het vir Mosheh gesê: "Farao sal nie na julle luister nie sodat My tekens in die land van Mitzrayim kan vermeerder."
10 Mosheh en Aharon het al hierdie tekens voor Farao gedoen en יהוה het Farao se wil, emosie en verstand onveranderlik gemaak sodat hy die seuns van Yisra'el nie uit sy land laat gaan het nie.

12 1 יהוה het met Mosheh en Aharon in die land van Mitzrayim gepraat en gesê:
2 "Hierdie maand sal vir julle die begin van die maande wees; dit sal vir julle die eerste van die maande van die jaar wees.
3 Praat met die hele vergadering van Yisra'el en sê: Op die tiende van hierdie maand sal elke man vir homself, volgens die huis van sy vader, 'n lam vat - 'n lam vir elke huishouding.
4 As 'n huisgesin te klein is vir 'n lam, dan moet hy en sy buurman, wat langs sy huis is, dit vat volgens die getal mense; na wat elkeen gewoond is om te eet, moet julle die getal op die lam bereken.
5 Julle lam moet perfek, sonder fout wees, 'n rammetjie in sy eerste jaar. Julle mag dit uit die skape of uit die bokke vat.
6 Julle moet dit oppas tot die veertiende dag van dieselfde maand, dan moet die hele vergadering van Yisra'el dit teen sonsondergang slag. [Luk 22:7]
7 Julle moet van die bloed vat en dit aan die twee deurposte en aan die bo-kosyn van die huise waarin hulle dit eet, smeer.
8 Julle moet die vleis in daardie nag eet, oor die vuur gebraai. Julle moet dit saam met ongesuurde brode en bitter kruie eet.
9 Julle moet dit nie rou eet of as dit in water gaar gekook is nie, maar oor die vuur gebraai, die kop, pootjies en die binnegoed.
10 Julle mag ook niks daarvan laat oorbly tot die oggend toe nie en wat daarvan oorbly tot die oggend toe, moet julle met vuur verbrand.
11 Só moet julle dit eet: julle heupe moet omgord wees, julle skoene aan jul voete en julle staf in jul hand; julle moet haastig eet. Dit is Pesag tot יהוה,
12 want Ek sal in hierdie nag deur die land van Mitzrayim gaan en al die eersgeborenes van mense sowel as van diere in die land van Mitzrayim slaan. Ek sal oordeel uitoefen oor al die gode van Mitzrayim. Ek is יהוה. [Eks 18:11]
13 Die bloed aan die huise waarin julle is, sal vir julle 'n teken wees; as Ek die bloed sien, sal Ek by julle verbygaan en die plaag sal nie op julle wees om julle te vernietig wanneer Ek die land van Mitzrayim slaan nie.
14 Hierdie dag sal vir julle 'n gedenkdag wees en julle moet dit as 'n fees tot eer van יהוה vier, reg deur julle geslagte. Julle moet dit hou as 'n ewige vasgestelde tyd.
15 Sewe dae lank moet julle ongesuurde brode eet. Op die eerste dag moet julle suurdeeg uit julle huise verwyder, want elkeen wat enige iets gesuurd eet, van die eerste dag af tot die sewende toe, dié lewe moet van Yisra'el afgesny word.
16 Op die eerste dag moet daar 'n afgesonderde bymekaarkoms wees en ook op die sewende dag moet daar vir julle 'n afgesonderde bymekaarkoms wees. Daar mag géén werk op dié dae gedoen word nie, behalwe vir elkeen om te eet, dit alleen mag deur julle voorberei word. [Eks 16:23; 35:3]
17 Onderhou die Ongesuurde Brode, want op hierdie selfde dag het Ek julle leërs uit die land van Mitzrayim uitgelei; daarom moet julle hierdie dag in julle geslagte as 'n ewige vasgestelde tyd hou.

18 In die eerste maand, op die veertiende dag van die maand, sonsondergang, moet julle ongesuurde brode eet, tot op die een en twintigste dag van die maand, teen sonsondergang.
19 Sewe dae lank mag daar geen suurdeeg in julle huise gevind word nie, want elkeen wat iets eet met suurdeeg in, dié lewe moet uit die bymekaarkoms van Yisra'el afgesny word, of hy nou 'n besoeker is of 'n seun van die land.
20 Julle mag niks met suurdeeg in, eet nie. In al julle blyplekke moet julle ongesuurde brode eet."
21 Toe het Mosheh al die oudstes van Yisra'el laat roep en vir hulle gesê: "Gaan haal vir julle lammers uit volgens julle families en slag die Pesag.
22 Vat 'n bossie hisop en steek dit in die bloed wat in die skottel is en smeer aan die bo-kosyn en aan die twee deurposte van die bloed wat in die skottel is en niemand van julle mag by die deur van sy huis uitgaan tot dagbreek toe nie,
23 want יהוה sal deurgaan om die hele Mitzrayim te slaan en wanneer Hy die bloed sien aan die bo-kosyn en aan die twee deurposte, sal יהוה by die deur verbygaan en die vernietiger nie toelaat om in julle huise in te gaan om julle te slaan nie.
24 Julle moet dit hou as 'n vasgestelde tyd vir julself en vir jul kinders, vir ewig.
25 Dit sal wees as julle in die land kom wat יהוה aan julle sal gee, soos Hy beloof het dat julle hierdie diens sal hou
26 en as julle seuns julle sal vra: 'Wat beteken die diens?'
27 dan moet julle sê: 'Dit is die Pesagoffer aan יהוה, wat by die huise van die seuns van Yisra'el in Mitzrayim verbygegaan het, toe Hy die Mitzrayimiete geslaan, maar ons huise gespaar het'." Toe het die volk neergebuig en met hulle gesigte op die grond gelê.
28 Die seuns van Yisra'el het gegaan en gedoen soos יהוה aan Mosheh en Aharon beveel het, so het hulle gedoen.
29 Dit het gebeur om middernag dat יהוה al die eersgeborenes in Mitzrayim geslaan het; van die eersgeborene van Farao af, wat op sy troon gesit het, tot by die eersgeborene van die gevangene wat in die tronk was, asook al die eersgeborenes van die diere.
30 Farao het in die nag opgestaan, hy, al sy diensknegte en al die Mitzrayimiete en daar was 'n groot uitroep in Mitzrayim, want daar was geen huis waarin iemand nie dood is nie.
31 Hy het Mosheh en Aharon in die nag laat roep en gesê: "Staan op, gaan weg onder my volk uit, julle sowel as die seuns van Yisra'el en gaan dien יהוה soos julle gesê het.
32 Vat ook julle kleinvee en julle beeste saam soos julle gesê het, gaan weg en seën my ook."
33 Die Mitzrayimiete het aangehou by die volk, om hulle haastig uit die land uit te stuur, want hulle het gedink: 'Ons sal almal sterf!'
34 Toe neem die volk hulle deeg voordat dit ingesuur was, met hulle bakskottels, in hulle klere toegebind, op die skouers.
35 Die seuns van Yisra'el het gedoen volgens die woord van Mosheh: hulle het van die Mitzrayimiete silwer en goue goed en klere gevra

36 en יהוה het aan die volk guns verleen in die oë van die Mitzrayimiete en dié het hulle versoek toegestaan. So het hulle die Mitzrayimiete geplunder.
37 Die seuns van Yisra'el het van Ra'amses na Sukkot gereis, omtrent ses honderd duisend manne te voet, buiten die kinders.
38 'n Gemengde menigte van mense het ook saam met hulle opgegaan en troppe kleinvee en beeste; uitermate baie lewende hawe.
39 Hulle het van die deeg wat hulle uit Mitzrayim gebring het, ongesuurde koeke gebak, want dit was nie ingesuur nie omdat hulle uit Mitzrayim uitgedryf is en hulle dus nie plat koeke kon bak nie en ook geen kos vir hulleself voorberei het nie. Eks 12:15
40 Die tyd wat die seuns van Yisra'el in Mitzrayim gebly het, was vier honderd en dertig jaar.
41 Dit het gebeur aan die einde van vier honderd en dertig jaar, op dieselfde dag het dit gebeur dat al die leërmagte van יהוה uit Mitzrayim uitgegaan het.
42 Dit is 'n nag van herinnering tot eer van יהוה omdat Hy hulle uit Mitzrayim uitgebring het. Dit is dié nag van יהוה, 'n vasgestelde tyd om onderhou te word deur al die seuns van Yisra'el in hulle geslagte.
43 יהוה het vir Mosheh en Aharon gesê: "Dit is die instelling van die Pesag: géén vreemdeling mag daarvan eet nie,
44 maar elke slaaf van 'n man wat met geld gekoop is, wanneer jy hom besny het, dan mag hy daarvan eet.
45 'n Besoeker of 'n huurling mag nie daarvan eet nie.
46 In een huis moet dit geëet word; jy mag niks van die vleis uit die huis buitentoe bring nie en julle mag geen been daarvan breek nie. Yog 19:36
47 Die hele bymekaarkoms van Yisra'el moet dit hou.
48 As 'n besoeker by jou bly en tot eer van יהוה die Pesag wil vier, moet almal wat manlik is by hom, besny word en dan mag hy nader kom om dit te vier en hy sal soos 'n kind van die land wees, want géén onbesnedene mag daarvan eet nie.
49 Een wet sal geld vir die kind van die land en vir die besoeker wat onder julle bly."
50 So het al die seuns van Yisra'el gedoen. Soos יהוה Mosheh en Aharon beveel het, so het hulle gedoen.
51 Dit het so gebeur dat יהוה die seuns van Yisra'el, volgens hulle leërafdelings, op daardie selfde dag, uit Mitzrayim uitgelei het. Hand 13:17

13 1 Toe het יהוה met Mosheh gepraat en gesê:
2 "Sonder vir My al die eersgeborenes af. Alles wat die baarmoeder oopmaak onder die kinders van Yisra'el, van beide mense en diere, dit behoort aan My." Luk 2:23
3 Mosheh het vir die volk gesê: "Onthou hierdie dag waarop julle uit Mitzrayim, uit die huis van slawerny, uitgegaan het, want deur 'n sterk hand het יהוה julle hiervandaan uitgelei; geen gesuurde brood mag geëet word nie.
4 Op hierdie dag gaan julle uit, in die maand Aviv.

5 Dit sal wees, wanneer יהוה jou bring in die land van die Kena’aniete, Hittiete, Emoriete, P’riziete, Hiviete en Y’vusiete, wat Hy aan jou vaders met ’n eed beloof het om aan jou te gee, ’n land wat vloei met melk en heuning, dan moet jy hierdie gebruik in hierdie maand hou.
6 Sewe dae lank moet jy ongesuurde brode eet en op die sewende dag sal daar ’n fees wees tot eer van יהוה.
7 Ongesuurde brode moet vir sewe dae geëet word; niks met suurdeeg mag by jou gesien word nie en geen suurdeeg mag tussen julle in jou hele grondgebied gesien word nie.
8 Jy moet dit aan jou seun op dié dag bekend maak en sê: ‘Dit is as gevolg van wat יהוה vir my gedoen het toe ek uit Mitzrayim uitgetrek het.’
9 Dit sal vir jou as ’n teken wees op jou hand en as ’n herinnering tussen jou oë sodat die wet van יהוה in jou mond mag wees, want deur ’n sterk hand het יהוה jou uit Mitzrayim uitgelei; [Deut 6:8; Open 13:16]
10 daarom moet jy hierdie instelling hou op die spesifieke bepaalde tyd, van jaar tot jaar.
11 Dit sal wees wanneer יהוה jou in die land van die Kena’aniete bring, soos Hy aan jou en jou vaders met ’n eed beloof het en Hy dit vir jou gee
12 dat jy alles wat die baarmoeder oopmaak, aan יהוה moet toewy; ook elke eersteling aanwas van vee, wat jy sal hê wat manlik is, behoort aan יהוה, [Luk 2:23]
13 maar elke eersteling van ’n donkie moet jy met ’n lam loskoop. As jy dit nie wil loskoop nie, moet jy sy nek breek en elke eersgeborene van mense onder jou seuns moet jy loskoop.
14 Dit sal wees, wanneer jou seun jou oor ’n tyd sal vra en sê: ‘Wat beteken dit?’ dan moet jy hom antwoord: ‘יהוה het ons deur ’n sterk hand uit Mitzrayim, uit die huis van slawerny, uitgelei.
15 Dit het gebeur toe Farao te hardkoppig was om ons te laat gaan dat יהוה al die eersgeborenes in die land van Mitzrayim doodgemaak het, beide die eersgeborene van die mense en die eersgeborene van die diere; daarom offer ek aan יהוה alles wat die baarmoeder oopmaak wat manlik is, maar al die eersgeborenes van my seuns koop ek los. [Luk 2:23]
16 Dit sal as ’n teken op jou hand en as ’n band tussen jou oë wees, want יהוה het ons deur ’n sterk hand uit Mitzrayim uitgebring’.” [Deut 6:8; Open 13:16]
17 Dit het gebeur dat toe Farao die volk laat gaan het, God hulle nie deur die land van die F’lishtyne gelei het nie, alhoewel dit nader was, want God het gesê: “Sodat die volk, as hulle oorlog sien, nie dalk hulle gedagtes verander en teruggaan na Mitzrayim toe nie.”
18 God het die volk daarom omgelei op die pad van die wildernis na die Rooisee. Die seuns van Yisra’el het gewapend uit Mitzrayim uit opgetrek.
19 Mosheh het die bene van Yosef saam met hom gevat, want hy het die seuns van Yisra’el laat sweer en gesê: “God sal sekerlik vir julle sorg en julle moet my bene saam met julle hiervandaan wegvat.”
20 So het hulle van Sukkot af weggetrek en gekamp by Etam, aan die kant van die wildernis.

21 יהוה het voor hulle uitgetrek, bedags in ’n wolkkolom om vir hulle die pad te wys en snags in ’n vuurkolom om op hulle te skyn, om dag en nag te trek.
22 Die wolkkolom het nie bedags en die vuurkolom nie snags van voor die volk weggegaan nie.

14 1 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
2 “Sê aan die seuns van Yisra’el dat hulle moet terugdraai en kamp opslaan voor Pi-Hagirot, tussen Migdol en die see, oorkant Ba’al-Tz’fon, moet julle kamp opslaan by die see.
3 Dan sal Farao van die seuns van Yisra’el sê: “Hulle is deurmekaar in die land, die wildernis het hulle vasgekeer.”
4 Ek sal Farao se wil, emosie en verstand onveranderlik maak sodat hy hulle agtervolg en Ek sal Myself oor Farao en sy hele leërmag grootmaak en die Mitzrayimiete sal weet dat Ek יהוה is.” Hulle het so gedoen.
5 Dit is aan die koning van Mitzrayim vertel dat die volk gevlug het en die wil, emosie en denke van Farao en van sy diensknegte het teenoor die volk verander en hulle sê: “Hoekom het ons dit gedoen en Yisra’el laat trek sodat hulle ons nie meer dien nie?”
6 Hy het sy strydwa gereed gemaak en sy mense saam met hom gevat.
7 Hy het ses honderd uitgesoekte strydwaens en al die strydwaens van Mitzrayim, met gekose kapteins oor elkeen van hulle, gevat.
8 יהוה het die wil, emosie en verstand van Farao, die koning van Mitzrayim, onveranderlik gemaak sodat hy die seuns van Yisra’el agtervolg het en die kinders van Yisra’el het deur ’n hoë Hand uitgetrek.
9 Die Mitzrayimiete het hulle agtervolg; al Farao se perde en strydwaens, sy ruiters en sy leërmag en hulle ingehaal terwyl hulle gekamp het by die see langs Pi-Hagirot, voor Ba’al-Tz’fon.
10 Toe Farao naby kom, slaan die seuns van Yisra’el hulle oë op en, let op, die Mitzrayimiete trek agter hulle aan. Hulle het baie bang geword en die kinders van Yisra’el het uitgeroep tot יהוה.
11 Hulle het vir Mosheh gesê: “Omdat daar in Mitzrayim geen grafte is nie, het u ons saamgevat om in die wildernis dood te gaan? Hoekom het u so met ons gemaak en ons uit Mitzrayim uitgebring?
12 Is dít nie die woord wat ons vir u in Mitzrayim gesê het nie: ‘Laat ons met rus dat ons die Mitzrayimiete kan dien,’ want dit sou beter vir ons wees om die Mitzrayimiete te dien as om in die wildernis te sterf?”
13 Mosheh het vir die volk gesê: “Moenie bang wees nie, staan vas en sien die verlossing van יהוה wat Hy vandag vir julle sal bereik, want die Mitzrayimiete wat julle vandag sien, sal julle in ewigheid nie weer sien nie.
14 יהוה sal vir julle baklei en julle moet stil wees.”
15 Toe vra יהוה vir Mosheh: “Wat roep jy na My? Sê vir die seuns van Yisra’el dat hulle vorentoe moet gaan
16 en jy, lig op jou staf en steek jou hand uit oor die see en verdeel dit en die seuns van Yisra’el sal dwarsdeur die see op droë grond trek.

17 Let op, Ek sal die wil, emosie en verstand van die Mitzrayimiete onveranderlik maak en hulle sal agter hulle aan gaan. Ek sal groot gemaak word oor Farao en sy hele leërmag, oor sy strydwaens en sy ruiters
18 en die Mitzrayimiete sal weet dat Ek יהוה is, as Ek groot gemaak word oor Farao, oor sy strydwaens en sy ruiters."
19 Die boodskapper van God wat voor die leër van Yisra'el uitgetrek het, het weggegaan en agter hulle aan getrek en die wolkkolom het van vóór hulle weggetrek en agter hulle gaan staan;
20 so het dit dan tussen die leër van die Mitzrayimiete en die leër van Yisra'el ingekom. Dit was 'n wolk met duisternis vir die een en dit het die nag verlig sodat die een vir die hele nag nie naby die ander kon kom nie.
21 Mosheh het sy hand uitgesteek oor die see en יהוה het deur 'n sterk oostewind die hele nag deur die see laat teruggaan, die see droog gemaak en die waters verdeel.
22 Die seuns van Yisra'el het op droë grond deur die see getrek. Die waters was vir hulle 'n muur aan hul regter- en aan hul linkerkant.
23 Die Mitzrayimiete het hulle agternagesit en hulle gevolg na die middel van die see; al Farao se perde, sy strydwaens en sy ruiters.
24 Dit het gebeur tydens die oggendwag dat יהוה, in die vuur- en wolkkolom, op die leër van die Mitzrayimiete afgekyk het en die leër van die Mitzrayimiete deurmekaar gemaak het.
25 Hy het die wiele van hulle strydwaens laat afval en hulle met moeite laat voortgaan. Toe sê die Mitzrayimiete: "Laat ons van Yisra'el af wegvlug, want יהוה baklei vir hulle teen die Mitzrayimiete."
26 יהוה sê vir Mosheh: "Steek jou hand uit oor die see dat die waters kan terugkom oor die Mitzrayimiete, oor hulle strydwaens en hulle ruiters.
27 Mosheh het sy hand oor die see uitgesteek en die see het teen dagbreek teruggekeer na normaal terwyl die Mitzrayimiete binne-in dit gevlug het. יהוה het die Mitzrayimiete binne-in die see omvergegooi.
28 Die waters het teruggevloei en die strydwaens en die ruiters van Farao se hele leërmag wat agter hulle die see ingetrek het, toegemaak. Geeneen van hulle het oorgebly nie,
29 maar die seuns van Yisra'el het op droë grond deur die see getrek en die waters was vir hulle 'n muur aan hul regter- en aan hul linkerkant.
30 So het יהוה Yisra'el dan dié dag uit die hand van die Mitzrayimiete gered en Yisra'el het die Mitzrayimiete dood gesien aan die kant van die see.
31 Yisra'el het die groot hand gesien wat יהוה teen die Mitzrayimiete gebring het en die volk het יהוה respekvol gevrees en vertrou in יהוה en in Mosheh, Sy dienskneg.

15 1 Toe het Mosheh en die seuns van Yisra'el hierdie lied tot eer van יהוה gesing en dit is wat hulle gesê het: "Ek wil sing tot eer van יהוה, want Hy is verhewe opgelig. Die perd en sy ruiter het Hy in die see gegooi.
2 Yah is my Sterkte en my Lied en Hy het my Verlossing geword. Hy is my Magtige God, ek sal Hom vereer; die God van my vader, ek sal Hom oplig.
3 יהוה is 'n Oorwinnaar in geveg; יהוה is Sy Naam (Karakter en Outoriteit).

4 Farao se strydwaens en sy leërmag het Hy in die see gegooi en sy gekose kapteins het ook in die Sufsee verdrink.
5 Die dieptes het hulle toegedek. Hulle het na die dieptes gesink soos ’n klip.
6 יהוה, U regterhand is vorstelik in krag. U regterhand, יהוה, verpletter die vyand.
7 In U oorvloedige grootheid gooi U diegene neer wat teen U opstaan. U stuur U brandende woede uit en dit verteer hulle soos stoppels.
8 Met die blaas van U neusgate het die waters opgehoop, die strome het bly staan soos ’n wal, die dieptes het inmekaar gekrimp in die hart van die see.
9 Die vyand het gesê: ‘Ek sal agtervolg, inhaal, die buit verdeel, my begeerte sal oor hulle versadig word; ek sal my swaard uittrek, my hand sal hulle vernietig.’
10 U het met U asem geblaas en die see het hulle toegedek; soos lood het hulle gesink in die magtige waters.
11 יהוה, wie is soos U onder die gode? Wie is soos U, groot in afgesonderdheid, eerbiedwaardig in lofprysing, in die doen van wonderwerke?
12 U het U regterhand uitgesteek, die aarde het hulle ingesluk.
13 U het deur U onverdiende guns die volk wat U losgekoop het uitgelei; U het hulle deur U sterkte na U afgesonderde blyplek gelei.
14 Die volke het dit gehoor en hulle bewe; angs het die inwoners van P’leshet aangegryp.
15 Toe het die hoofde van Edom van binne gebewe, bewing het die magtiges van Mo’av beetgekry. Al die inwoners van Kena’an het weggesmelt.
16 Vrees en verskrikking het op hulle geval; deur die grootheid van U arm was hulle bewegingloos soos ’n klip terwyl U volk deurtrek; terwyl die volk wat U, יהוה, losgekoop het, deurtrek.
17 U bring hulle en plant hulle op die berg van U erfenis, in die plek, יהוה, wat U vir Uself as blyplek gemaak het, die Afgesonderde Plek wat U hande daargestel het, יהוה!
18 יהוה sal regeer vir ewig en ewig,
19 want Farao se perde, met sy strydwaens en ruiters, het in die see ingegaan en יהוה het die waters van die see oor hulle laat terugkom, maar die seuns van Yisra’el het op droë grond deur die see geloop.”
20 Miryam, die profetes, die suster van Aharon, het ’n tamboeryn in haar hand gevat en al die vroue het agter haar uitgegaan, met tamboeryne en danse.
21 Miryam het hulle geantwoord: “Sing tot eer van יהוה, want Hy is hoog verhewe. Hy het die perd met sy ruiter in die see gegooi.”
22 Mosheh het die Yisra’eliete verder gevat van die Sufsee af en hulle het uitgetrek in die wildernis van Shur in. Hulle het drie dae lank in die wildernis ingetrek en geen water gekry nie.
23 Toe hulle by Marah kom, kon hulle die water van Marah nie drink nie, want dit was bitter; daarom het die plek die naam, Marah.
24 Toe kla die volk teen Mosheh en sê: “Wat moet ons drink?”
25 Hy het uitgeroep na יהוה en יהוה het vir hom ’n boom gewys. Toe hy dit in die water gegooi het, is die water soet gemaak. Daar het Hy vir hulle voorskrifte en riglyne geleer en hulle daar getoets [Eks 24:7]

26 en gesê: “As julle getrou na die stem van יהוה, julle God, luister en doen wat reg is in Sy oë, luister na Sy opdragte en al Sy voorskrifte hou, dan sal Ek geeneen van die siektes op jou lê wat Ek op die land van Mitzrayim gelê het nie, want Ek, יהוה, is die Een wat jou gesond maak.”

27 Hulle het by Eilim gekom, waar twaalf waterfonteine en sewentig palmbome was en het daar, by die water, kamp opgeslaan.

16 1 Hulle het van Eilim af weggetrek en die hele vergadering van die seuns van Yisra’el het in die wildernis van Sien gekom, wat tussen Eilim en Sinai lê, op die vyftiende dag van die tweede maand nadat hulle uitgetrek het uit die land van Mitzrayim.

2 Die hele vergadering van die seuns van Yisra’el het in die wildernis teen Mosheh en Aharon gebrom.

3 Die seuns van Yisra’el het vir hulle gesê: “Het ons maar in Mitzrayim deur die hand van יהוה gesterf toe ons by die vleispotte gesit en brood geëet het tot versadiging toe, want julle het ons in hierdie wildernis uitgelei om hierdie hele vergadering van honger te laat doodgaan.”

4 יהוה sê vir Mosheh: “Let op, Ek sal vir julle brood uit die hemele laat reën; dan moet die volk uitgaan en dag vir dag bymekaarmaak sodat Ek hulle kan toets, of hulle volgens My instruksies (Torah) sal loop of nie. [Num 11:7,8; Ps 105:40; Yog 6:32]

5 Dit sal wees dat op die sesde dag, as hulle voorberei wat hulle inbring, dit dubbel soveel sal wees as wat hulle daagliks bymekaarmaak.”

6 Mosheh en Aharon sê vir al die seuns van Yisra’el: “Teen sonsondergang sal julle weet dat יהוה julle uit die land van Mitzrayim uitgelei het

7 en in die oggend sal julle die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה sien omdat Hy julle gebrom teen יהוה gehoor het, want wat is ons dat julle teen ons kla?”

8 Mosheh het gesê: “Wanneer יהוה julle vleis gee om te eet teen sonsondergang en in die oggend brood tot vervullens toe, dan het יהוה julle gebrom gehoor wat julle teen Hom kla, want wat is ons? Julle gebrom is nie teen ons nie, maar teen יהוה.”

9 Mosheh het met Aharon gepraat: “Sê vir die hele vergadering van die seuns van Yisra’el: Kom nader voor יהוה, want Hy het julle klagtes gehoor.”

10 Terwyl Aharon met die hele vergadering van die kinders van Yisra’el praat, draai hulle na die wildernis toe en let op, die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה verskyn in die wolk.

11 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:

12 “Ek het die klagtes van die seuns van Yisra’el gehoor; praat met hulle en sê: In die aand sal julle vleis eet en in die oggend met brood versadig word en julle sal weet dat Ek יהוה, julle God, is.”

13 So het dit gebeur dat teen sonsondergang daar kwartels opgekom en die kamp toegedek het en in die oggend was daar ’n laag dou rondom die kamp.

14 Nadat die laag dou opgetrek het, het daar oor die wildernis iets gelê wat fyn en korrelrig was, so fyn soos ryp op die grond.

15 Toe die seuns van Yisra'el dit sien, sê hulle vir mekaar: "Wat is dit? (Man hu?)" Want hulle het nie geweet wat dit was nie. Mosheh sê vir hulle: "Dit is die brood wat יהוה vir julle gee as kos. Num 11:7,8; Ps 105:40; Yog 6:32

16 Dit is wat יהוה beveel het: 'Laat elke man kos bymekaarmaak vir elke mond, 'n `omer vir elke kop, laat elkeen vat volgens die mense in sy tent'."

17 Die seuns van Yisra'el het so gedoen: hulle het bymekaargemaak, sommige meer, ander minder,

18 maar toe hulle dit met die `omer meet, het hy wat baie bymekaargemaak het, niks oorgehad nie en hy wat min bymekaargemaak het, nie te min gehad nie. 2 Kor 8:15 Elkeen na sy behoefte het hulle bymekaargemaak.

19 Mosheh het vir hulle gesê: "Niemand moet daarvan laat oorbly tot die oggend toe nie."

20 Nogtans het hulle nie na Mosheh geluister nie: sommige het daarvan laat oorbly tot die oggend toe en daar het wurms ingekom en dit het gestink. Mosheh was woedend vir hulle.

21 Hulle het dit oggend na oggend bymekaargemaak, elkeen na sy behoefte en wanneer die son warm word, smelt dit weg.

22 Op die sesde dag het hulle twee maal soveel brood bymekaargemaak, twee `omers vir elkeen en al die owerstes van die vergadering het gekom en aan Mosheh gerapporteer

23 en hy sê vir hulle: "Dit is wat יהוה gesê het: Môre is dit 'n rusdag, 'n afgesonderde Shabbat tot יהוה. Wat julle wil bak, bak dit en wat julle wil kook, kook dit en bêre vir julle alles wat oor is, om dit te bewaar tot die oggend toe." Eks 12:16; 35:3

24 Hulle het dit gebêre tot die oggend toe, soos Mosheh beveel het en dit het nie gestink nie en daar was ook nie wurms in nie.

25 Mosheh sê: "Eet dit vandag, want dit is vandag 'n Shabbat tot יהוה. Vandag sal julle dit nie in die veld kry nie.

26 Ses dae lank moet julle dit bymekaarmaak, maar op die sewende dag is dit Shabbat, dan sal dit nie daar wees nie."

27 Dit het gebeur dat sommige mense op die sewende dag uitgegaan het om bymekaar te maak, maar hulle het niks gekry nie.

28 יהוה sê vir Mosheh: "Hoe lank weier julle om My opdragte en My wette uit te voer?

29 Gee aandag: aangesien יהוה vir julle die Shabbat gegee het, gee Hy vir julle op die sesde dag brood vir twee dae. Laat elkeen in sy plek bly; laat niemand op die sewende dag van sy blyplek af weggaan nie."

30 So het die volk op die sewende dag gerus.

31 Die huis van Yisra'el het dit 'man hu' genoem en dit was wit soos koljandersaad en dit het gesmaak soos wafelkoek met heuning gemaak.

32 Toe sê Mosheh: "Dit is wat יהוה beveel het: 'n `omer vol moet daarvan bewaar word vir julle geslagte sodat hulle die brood kan sien wat Ek julle in die wildernis laat eet het, toe Ek julle uit die land van Mitzrayim uitgelei het."

33 Mosheh sê vir Aharon: "Vat 'n pot en gooi 'n `omer vol 'man hu' daarin en sit dit voor יהוה neer, om dit vir julle geslagte te bewaar."

34 Soos יהוה Mosheh beveel het, so het Aharon dit voor die Getuienis neergesit om bewaar te word.

35 Die seuns van Yisra'el het die 'man hu' veertig jaar lank geëet totdat hulle in 'n bewoonde land gekom het. Hulle het 'man hu' geëet totdat hulle by die grens van die land Kena'an gekom het.

36 'n `Omer is die tiende van 'n efa.

17 1 Die hele vergadering van die seuns van Yisra'el het, volgens die bevel van יהוה, uitgetrek op hulle reis uit die wildernis van Sien en kamp opgeslaan in Refidim. Daar was geen water vir die volk om te drink nie.

2 Die volk het daarom met Mosheh geargumenteer en gesê: "Gee vir ons water om te drink." Mosheh antwoord hulle: "Wat argumenteer julle met my? Waarom toets julle יהוה?"

3 Die volk het daar gesmag na water en het teen Mosheh gebrom en gesê: "Waarom het u ons uit Mitzrayim laat optrek om ons, ons seuns en ons vee van dors te laat doodgaan?"

4 Mosheh het uitgeroep na יהוה en gesê: "Wat moet ek met hierdie volk doen? Hulle is amper gereed om my te stenig."

5 יהוה antwoord Mosheh: "Gaan verby, voor die volk uit en vat van die oudstes van Yisra'el saam met jou. Vat ook in jou hand die staf, waarmee jy die rivier (Nyl) geslaan het, saam en gaan.

6 Let op, Ek sal daar voor jou op die rots by Horev staan en jy moet die rots slaan en daar sal water uitkom sodat die volk kan drink." Mosheh het so gedoen voor die oë van die oudstes van Yisra'el.

7 Hy het die plek Massah en M'rivah genoem vanweë die stryery van die seuns van Yisra'el en omdat hulle יהוה getoets het deur te sê: "Is יהוה tussen ons of nie?"

8 `Amalek het gekom en by Refidim teen Yisra'el geveg. Deut 25:17; 1 Sh'm 15:2

9 Mosheh het vir Y'hoshua gesê: "Kies sommige manne, trek uit en veg teen `Amalek. Môre sal ek op die top van die heuwel staan met die staf van God in my hand."

10 Y'hoshua het gedoen soos Mosheh vir hom gesê het en teen `Amalek geveg en Mosheh, Aharon en Hur het opgeklim na die top van die heuwel.

11 So het dit gebeur: terwyl Mosheh sy hand ophou, was Yisra'el die sterkste, maar as hy sy hand laat sak, was `Amalek die sterkste.

12 Die hande van Mosheh het swaar geword, toe vat hulle 'n klip en sit dit onder hom sodat hy daarop kon sit en Aharon en Hur het sy hande ondersteun, die een aan die een kant en die ander aan die anderkant. So het sy hande dan stewig gebly tot sononder.

13 Y'hoshua het `Amalek en sy volk met die skerpte van die swaard verslaan.

14 יהוה sê vir Mosheh: "Skryf dit as 'n herinnering in 'n boek en herhaal dit in die ore van Y'hoshua: Ek sal die gedagtenis van `Amalek heeltemal onder die hemel uitwis." Deut 25:17; 1 Sh'm 15:2

15 Mosheh het 'n altaar gebou en dit genoem: "יהוה-Nissi (יהוה-my-Banier)"

16 en gesê: "Yah het gesweer! (Lett. Hand op die troon van Yah.) יהוה sal oorlog maak teen `Amalek van geslag tot geslag."

18 1 Yitro, die nie-Levitiese priester van Midyan, Mosheh se skoonvader, het alles gehoor wat God vir Mosheh en vir Sy volk Yisra’el gedoen het; hoe יהוה Yisra’el uit Mitzrayim uitgebring het.
2 Yitro, Mosheh se skoonvader, het Tzipporah, die vrou van Mosheh (nadat hy haar teruggestuur het)
3 en haar twee seuns, gevat. Die naam van die een was Gershom, want hy het gesê: ‘Ek was ’n besoeker in ’n vreemde land;’ [1 Kro 23:15-17; 24:20-21; Hand 7:29]
4 en die naam van die ander was Eli’ezer, want, het hy gesê, ‘die God van my vader is my Hulp en het my van Farao se swaard bevry.’
5 Yitro, Mosheh se skoonvader, het met sy seuns en sy vrou na Mosheh gekom in die wildernis waar hy by die berg van God kamp opgeslaan het.
6 Hy het Mosheh laat weet: “Ek, jou skoonvader Yitro, kom na jou toe met jou vrou en haar twee seuns saam met haar.”
7 Mosheh het uitgegaan, sy skoonvader tegemoet en hy het neergebuig en hom gesoen en hulle het na mekaar se welstand gevra en in die tent ingegaan.
8 Mosheh het sy skoonvader alles vertel wat יהוה aan Farao en aan die Mitzrayimiete, ter wille van Yisra’el, gedoen het; al die moeilikheid wat hulle op die pad teëgekom het en hoe יהוה hulle verlos het.
9 Yitro het hom verheug oor al die goedheid wat יהוה aan Yisra’el gedoen het, wat Hy uit die hand van die Mitzrayimiete bevry het.
10 Yitro het gesê: “Geseënd is יהוה wat julle bevry het uit die hand van die Mitzrayimiete en uit die hand van Farao, wat die volk van onder die heerskappy van die Mitzrayimiete uit bevry het.
11 Nou weet ek dat יהוה groter is as al die gode, want in die presiese dinge waarin hulle trots opgetree het, is dit bewys.”
12 Yitro, Mosheh se skoonvader, het ’n brandoffer en slagoffers gebring tot eer van God en Aharon en al die oudstes van Yisra’el het gekom om saam met Mosheh se skoonvader ’n maaltyd te eet voor die Teenwoordigheid van God.
13 So was dit dat Mosheh die volgende dag gesit het om te oordeel vir die volk en die volk het voor Mosheh gestaan van die oggend af tot die aand toe.
14 Toe Mosheh se skoonvader alles sien wat hy vir die volk doen, sê hy: “Wat is dit wat jy vir die volk doen? Waarom sit jy alleen as regter en die hele volk staan voor jou van die oggend af tot die aand toe?”
15 Mosheh antwoord sy skoonvader: “Omdat die volk na my toe kom om God te raadpleeg.
16 As hulle ’n saak het, kom dit na my toe en ek oordeel tussen ’n man en sy naaste en maak die voorskrifte en wette van God bekend.”
17 Mosheh se skoonvader sê vir hom: “Die ding wat jy doen, is nie goed nie.
18 Beide jy en die mense wat saam met jou is, sal heeltemal uitgeput raak, want die saak is ’n te groot las vir jou; jy kan dit nie alleen doen nie.
19 Luister nou na my stem; ek sal jou raad gee en God sal met jou wees. Wees voor God vir die volk ’n verteenwoordiger en bring jy hulle sake voor God,

20 leer hulle dan die voorskrifte en wette en maak hulle die pad bekend waarop hulle moet loop en die werk wat hulle moet doen. Gen 1:26,28; Deut 5:31-33; Yog 14:5,6,10; Efe 2:10; 4:12
21 Meer nog jy moet uit die hele volk bekwame manne kies wat God respekvol vrees, manne van waarheid wat onregverdige wins haat en dié aanstel oor hulle as heersers oor ’n duisend, heersers oor ’n honderd, heersers oor vyftig en heersers oor tien
22 en hulle voortdurend oor die volk laat oordeel. Dit sal dan wees dat hulle al die groot sake na jou toe moet bring, maar in al die klein sake moet hulle self oordeel. Dit sal so makliker wees vir jou en hulle sal saam met jou die las dra.
23 As jy dit doen en God dit so beveel, Num 11:16,17 dan sal jy kan uithou en sal ook al hierdie mense in vrede na hulle blyplek kan gaan.”
24 Mosheh het geluister na sy skoonvader en alles gedoen wat hy gesê het.
25 Mosheh het bekwame manne uit die hele Yisra’el gekies en hulle as hoofde oor die volk aangestel: heersers oor ’n duisend, oor ’n honderd, oor vyftig en oor tien.
26 Hulle het voortdurend oor die volk geoordeel: die moeilike sake het hulle na Mosheh gebring, maar in al die klein sake self geoordeel.
27 Mosheh het sy skoonvader gegroet en hy het na sy land toe gegaan.

19 1 In die derde maand nadat die kinders van Yisra’el uit die land van Mitzrayim uitgegaan het, op dieselfde dag, het hulle in die wildernis van Sinai gekom.
2 Hulle het van Refidim af opgebreek, in die wildernis van Sinai gekom en in die wildernis kamp opgeslaan. Yisra’el het daar voor die berg kamp opgeslaan.
3 Mosheh het opgeklim na God toe en יהוה het uitgeroep na hom van die berg af en gesê: “So moet jy vir die huis van Ya’akov sê en aan die seuns van Yisra’el vertel:
4 Julle het gesien wat Ek aan die Mitzrayimiete gedoen het en hoe Ek julle op arendsvlerke gedra en na My toe gebring het;
5 daarom, as julle My stem sal gehoorsaam en My verbond nakom, sal julle ’n spesiale skat vir My bo al die volke wees, want die hele aarde is Myne. 1 Yog 2:3
6 Júlle sal vir My ’n koninkryk van priesters en ’n afgesonderde nasie wees. Hierdie is die woorde wat jy vir die seuns van Yisra’el moet sê.” 1 Kef 2:5,9; Open 5:10; 20:6
7 Mosheh het gekom en die oudstes van die volk laat roep en hulle al hierdie woorde voorgehou wat יהוה hom beveel het.
8 Die hele volk het saam geantwoord en gesê: “Alles wat יהוה gesê het, sal ons doen.” Mosheh het die woorde van die volk teruggevat na יהוה toe.
9 יהוה het met Mosheh gepraat: “Let op, Ek kom na jou toe in ’n dik wolk sodat die volk kan hoor as Ek met jou praat en jou vir altyd vertrou.” Toe het Mosheh die woorde van die volk aan יהוה oorgedra.
10 יהוה het ook vir Mosheh gesê: “Gaan na die volk toe en sonder hulle vandag en môre af en laat hulle hul klere was
11 en gereed wees vir die derde dag, want op die derde dag sal יהוה voor die oë van die hele volk op die berg Sinai afkom.
12 Jy moet ook vir die volk grense rondom stel en sê: ‘Pas op dat julle nie op die berg klim of sy voet aanraak nie. Elkeen wat die berg aanraak, sal sekerlik doodgemaak word.’

13 Geen hand mag aan hom raak nie, maar hy moet gestenig word met klippe of met 'n pyl geskiet word; of dit 'n dier of 'n mens is; hy mag nie lewe nie. As die ramshoring 'n lang geluid blaas, mag hulle opgaan na die berg."
14 Mosheh het van die berg af na die volk toe gegaan en die volk afgesonder en hulle het hul klere gewas.
15 Hy het vir die volk gesê: "Wees gereed vir die derde dag; moenie by julle vrouens kom nie."
16 Dit het op die derde dag, met die breek van die dag, gebeur dat daar harde stemme en weerlig en 'n swaar wolk op die berg was en die klank van 'n baie harde ramshoring sodat die hele volk wat in die kamp was, gebewe het.
17 Mosheh het die volk uit die kamp uitgelei om God te ontmoet en hulle het gaan staan by die voet van die berg. [Hand 2:1-3]
18 Die hele berg Sinai was in rook omdat יהוה in 'n vuur daarop afgekom het. Sy rook het opgetrek soos die rook van 'n hoogoond en die hele berg het vreeslik geskud.
19 Toe die klank van die ramshoring aangehou het en uitermate harder geword het, het Mosheh gepraat en God het hom met 'n harde stem geantwoord.
20 יהוה het afgekom op die berg Sinai, op die top van die berg en יהוה het Mosheh na die top van die berg geroep en Mosheh het opgegaan.
21 יהוה het vir Mosheh gesê: "Gaan af, waarsku die volk dat hulle nie moet deurbreek om יהוה te sien en baie van hulle doodgaan nie.
22 Laat ook die priesters wat naby יהוה kom, hulleself afsonder sodat יהוה nie teen hulle uitbreek nie."
23 Mosheh sê vir יהוה: "Die volk kan nie op die berg Sinai kom nie, want U het ons self gewaarsku en gesê: 'Grens die berg af en sonder dit af'."
24 יהוה sê vir hom: "Gaan. Gaan af en kom weer terug, jy en Aharon saam met jou, maar die priesters en die volk mag nie deurbreek na יהוה toe nie sodat Hy nie teen hulle uitbreek nie."
25 Mosheh het na die volk toe afgegaan en met hulle gepraat.

20 1 God het al hierdie woorde gepraat en gesê:
2 "Ek is יהוה, jou God, wat jou uit die land van Mitzrayim, uit die huis van slawerny, uitgelei het.
3 Jy mag geen ander gode voor My hê nie.
4 Jy mag vir jou geen afgod [Eks 34:17] of enige verpersoonliking maak [Rom 1:23] van wat bo in die hemele is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie.
5 Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie, want Ek, יהוה, jou God, is 'n jaloerse Magtige God wat die oortredinge van die vaders besoek aan die seuns, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat, [Eks 34:7; Yeg 18:20-26]
6 maar omgee wys aan duisende wat My lief het en My opdragte uitvoer. [Yog 14:15]
7 Jy mag die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה, jou God, nie valslik gebruik nie, want יהוה sal die een wat Sy Naam valslik gebruik, nie onskuldig beskou nie.
8 Onthou om die Shabbatdag afgesonderd te hou. [Eks 31:14-17; Yes 58:13; Mat 12:8; Heb 4:9]
9 Ses dae moet jy werk en al jou besigheid doen,

10 maar die sewende dag is ’n Shabbat van יהוה, jou God; dan mag jy géén besigheid doen nie; nie jy of jou seun of jou dogter, of jou slaaf of jou slavin, of jou vee of jou besoeker wat by jou bly nie,
11 want in ses dae het יהוה die hemele en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is [Open 10:6] en op die sewende dag het Hy gerus; daarom het יהוה die sewende dag geseën en dit afgesonder.
12 Eer jou vader en jou moeder sodat jou dae verleng mag word in die land wat יהוה, jou God, aan jou gee. [Mar 7:10; Efe 6:1-3]
13 Jy mag nie moord pleeg nie. [Mat 5:21]
14 Jy mag nie egbreuk pleeg nie. [Mat 5:27]
15 Jy mag nie steel nie.
16 Jy mag nie vals getuig teen jou naaste nie.
17 Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie; jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie, of sy slaaf, of sy slavin, of sy os, of sy donkie, of iets wat aan jou naaste behoort nie.” [Rom 7:7]
18 Die hele volk het die stemme gehoor, die blitse, die klank van die ramshoring en die rokende berg gesien. Toe die volk dit sien, het hulle gebewe en op ’n afstand bly staan.
19 Hulle het vir Mosheh gesê: “Praat u self met ons en ons sal luister, maar laat God nie met ons praat nie sodat ons nie sterf nie. [Deut 5:22-28]
20 Mosheh sê vir die volk: “Moenie bang wees nie, want God het gekom om julle te toets en sodat Sy vrees by julle kan bly sodat julle nie sondig nie.”
21 Die volk het op ’n afstand bly staan, maar Mosheh het nader gegaan na die dik wolk waar God was.
22 יהוה sê vir Mosheh: “So moet jy vir die seuns van Yisra’el sê: “Julle het self gesien dat Ek met julle van die hemele af gepraat het.
23 Julle mag nie vir julleself langs My, gode van silwer en gode van goud maak nie.
24 ’n Altaar van grond moet jy vir My maak en daarop moet jy jou brandoffers en vredesoffers, jou kleinvee en jou beeste, offer. Op elke plek waar Ek My Naam (Karakter en Outoriteit) sal laat onthou, sal Ek na jou toe kom en jou seën.
25 As jy vir My ’n klip altaar maak, mag jy dit nie bou van gekapte klip nie, want as jy jou gereedskap daaroor swaai, dan skend jy dit.
26 Jy mag ook nie met trappe na My altaar toe opgaan dat jou skaamte daaroor ontbloot word nie.”

21 1 “Hierdie is die regsuitsprake wat jy hulle moet voorhou:
2 as jy ’n Hebreeuse slaaf koop, moet hy ses jaar lank dien, maar in die sewende moet hy vry weggaan sonder om te betaal.
3 As hy alleen kom, moet hy alleen weggaan; as hy getroud is, moet sy vrou saam met hom weggaan.
4 As sy meester aan hom ’n vrou gee en sy vir hom geboorte gee aan seuns of dogters, moet die vrou met haar kinders haar meester se eiendom wees en hy moet alleen weggaan,

5 maar as die slaaf duidelik sê: ‘Ek het my meester, my vrou en my kinders lief; ek wil nie as ’n vry man weggaan nie,’ [Deut 15:15-17]

6 dan moet sy meester hom na God toe bring, asook na die deur of die kosyn toe bring en sy meester moet sy oor met ’n els deurboor en hy moet hom vir altyd dien.

7 As ’n man sy dogter as slavin verkoop, mag sy nie soos die slawe vry weggaan nie.

8 As sy nie aanvaarbaar gevind word in die oog van haar meester wat haar vir homself uitgehou het nie, moet hy haar laat loskoop. Hy het nie outoriteit om haar aan ’n vreemde volk te verkoop nie omdat hy ontrou teenoor haar opgetree het.

9 As hy haar aan sy seun verloof het, moet hy met haar handel volgens die gebruik van dogters;

10 as hy vir hom ’n ander een vat, mag hy haar kos, haar klere en haar huweliksplig (seksuele gemeenskap) nie verminder nie

11 en as hy nie hierdie drie dinge vir haar doen nie, kan sy vry weggaan, sonder om te betaal.

12 Hy wat ’n mens slaan dat hy doodgaan, moet die dood sterf.

13 As hy egter nie daarvoor lê en wag het nie, maar God hom in sy hand laat val het, dan sal Ek vir jou ’n plek aanwys waarheen hy mag vlug,

14 maar as ’n man met voorbedagte rade teen sy naaste optree, om hom met misleiding dood te maak, moet jy hom selfs van My altaar af wegvat dat hy sal sterf. [1 Kon 2:28-34]

15 Hy wat sy vader of moeder slaan, moet die dood sterf.

16 Hy wat ’n mens steel en hom verkoop, of as hy in sy besit gekry word, dié moet die dood sterf.

17 Hy wat sy vader of moeder vloek, moet die dood sterf. [Mat 15:4; Mar 7:10]

18 As manne stry en die een die ander met ’n klip of met die vuis slaan sodat hy nie doodgaan nie, maar bedlêend word;

19 as hy weer opstaan en buite met sy staf rondloop, moet hy wat hom geslaan het, vrygestel word; net sy tydverlies moet hy vergoed en voorsien dat hy van sy beserings genees.

20 As iemand sy slaaf of slavin met ’n stok slaan dat dié onder sy hand sterwe, moet wraak geneem word om dit te wreek,

21 maar as hy ná een of twee dae nog lewe, moet dit nie gewreek word nie, want hy is deel van sy eiendom.

22 As manne met mekaar baklei en ’n swanger vrou so stamp dat haar kind afkom, maar sonder skade, moet hy ’n boete betaal volgens wat die man van die vrou van hom verwag en hy moet dit betaal volgens wat die regters besluit,

23 maar as daar enige verdere skade is, dan moet jy as straf lewe vir lewe aanwys,

24 oog vir oog, tand vir tand, hand vir hand, voet vir voet, [Deut 19:21; Mat 5:38]

25 brandplek vir brandplek, wond vir wond, merk vir merk.

26 As iemand sy slaaf of slavin op die oog slaan en hy dit vernietig, moet hy hom vry laat weggaan vir sy oog.

27 As hy die tand van sy slaaf of van sy slavin uitslaan, moet hy hom vry laat weggaan vir sy tand.

28 As ’n bees ’n man of ’n vrou deurboor sodat hy sterf, moet die bees met klippe tot die dood gestenig word en sy vleis mag nie geëet word nie, maar die eienaar van die bees sal vry wees,

29 maar as die bees tevore al met sy horings gestoot het en sy eienaar gewaarsku is, maar dit nie ingeperk het nie en dit ’n man of ’n vrou doodmaak, moet die bees gestenig word en sy eienaar moet ook gedood word.

30 As aan hom loskoopgeld opgelê word, moet hy vir die loskoping van sy lewe alles gee wat hom opgelê word.

31 Of dit ’n seun deurboor het of ’n dogter, volgens hierdie selfde oordeel moet met hom gehandel word.

32 As die bees ’n slaaf of slavin deurboor, moet hy aan hulle meester dertig sikkels silwer gee en die bees moet gestenig word.

33 As iemand ’n put oopmaak, of as iemand ’n put grawe en dit nie toemaak nie en ’n bees of donkie val daarin,

34 moet die eienaar van die put vergoeding gee: hy moet aan die eienaar van die dier geld gee en die dooie dier moet syne wees.

35 As ’n man se bees die bees van ’n ander stoot sodat dit sterf, moet hulle die lewendige bees verkoop en die geld daarvan verdeel en die dooie een moet hulle ook verdeel,

36 of as dit bekend was dat die bees tevore al stoterig was en sy baas dit nie ingeperk het nie, moet hy ten volle bees vir bees vergoed en die dooie een sal syne wees.

22 1 As ’n man ’n bees of ’n skaap steel en dit slag of verkoop, moet hy vyf beeste vir ’n bees en vier skape vir ’n skaap vergoed. [Luk 19:8]

2 As ’n dief betrap word terwyl hy inbreek en hy word geslaan sodat hy sterwe, sal daar geen skuld vir bloedvergieting teenoor hom wees nie;

3 as die son oor hom opgegaan het, sal daar skuld wees vir sy bloed. Hy moet ten volle vergoeding gee; as hy niks het nie, moet hy vir sy diefstal verkoop word.

4 As die gesteelde goed, of dit ’n bees, ’n donkie of ’n skaap is, nog lewendig in sy hand gevind word, moet hy dubbel vergoeding gee.

5 As iemand ’n stuk veld of ’n wingerd laat af eet en sy vee vry laat loop sodat dit die veld van ’n ander af eet, moet hy van die beste van sy veld en die beste van sy wingerd as vergoeding gee.

6 As ’n vuur uitbreek en na dorings versprei sodat ’n mied of die ongesnyde graan of die veld verteer word, moet hy wat die vuur begin het, ten volle vergoeding gee.

7 As iemand aan sy naaste geld of artikels in bewaring gee en dit word uit die man se huis gesteel, moet die dief, as hy gevind word, dubbel vergoeding gee.

8 As die dief nie gevind word nie, moet die eienaar van die huis na die regters gaan om te beslis of hy nie sy hand in sy naaste se goed gesteek het nie.

9 By alle sake van vertrouensbreuk, of dit gaan oor ’n bees, oor ’n donkie, oor ’n skaap, oor klere of oor enige iets wat verlore is, waarvan iemand sê: ‘Dit is myne!’ moet die saak van altwee voor die regters kom; die een wat die regters skuldig verklaar, moet aan sy naaste dubbel vergoeding gee.

10 As iemand aan sy naaste ’n donkie of bees of skaap of enige dier gee om vir hom op te pas en dit gaan dood of word beseer of word verwyder as plunder sonder dat iemand dit gesien het,
11 dan moet ’n eed by יהוה tussen hulle altwee wees, of hy nie sy hand na sy naaste se goed uitgesteek het nie en die eienaar moet daarmee tevrede wees en die ander hoef geen vergoeding te gee nie,
12 maar as dit van hom gesteel is, moet hy aan die eienaar vergoeding gee.
13 As dit verskeur is, moet hy dit as bewys bring; wat verskeur is, hoef hy nie te vergoed nie.
14 As ’n man van sy naaste iets leen en dit kry ’n ongeluk of gaan dood terwyl die eienaar nie by is nie, moet hy ten volle vergoeding gee.
15 As die eienaar by was, hoef hy geen vergoeding te gee nie. As dit gehuur was, is die huurgeld daarvoor.
16 As iemand ’n jongmeisie wat nie verloof is nie, verlei en by haar lê, moet hy haar vir die volle huweliksprys as sy vrou koop.
17 As haar vader beslis weier om haar vir hom te gee, moet hy geld gee volgens die huweliksprys vir jongmeisies.
18 ’n Heks mag jy nie laat lewe nie.
19 Elkeen wat met ’n dier gemeenskap het, moet die dood sterf.
20 Hy wat aan enige god offer, behalwe aan יהוה alleen, moet vernietig word.
21 Jy mag nie ’n vreemdeling sleg behandel of hom onderdruk nie, want julle was vreemdelinge in die land van Mitzrayim.
22 Julle mag geen weduwee of wees leed aandoen nie.
23 As jy hulle enigsins leed aandoen en hulle roep uit na My toe, dan sal Ek hulle geroep sekerlik hoor [Ps 146:9]
24 en My woede sal brand en Ek sal julle met die swaard ombring; julle vroue sal weduwees en julle kinders vaderloos wees.
25 As jy aan My volk, aan die arme by jou, geld leen, mag jy vir hom nie soos ’n skuldeiser wees nie: julle mag hom geen rente oplê nie. [Ps 15:5]
26 As jy ooit jou naaste se klere as pand neem, moet jy dit vir hom teruggee voor die son ondergaan,
27 want dit is sy enigste bedekking, dit is die klere vir sy vel. Waarin moet hy anders slaap? As hy na My roep, sal Ek hoor, want Ek is goedgunstig.
28 Jy mag die regter nie uitskel en ’n heerser oor jou volk nie vloek nie. [Hand 23:4,5]
29 Jy mag nie die offer van die eerste van jou oes en jou druiwe oes uitstel nie. Die eersgeborene van jou seuns moet jy aan My gee.
30 Jy moet dieselfde doen met jou beeste en jou skape: sewe dae moet dit by sy moeder wees en op die agtste dag moet jy dit vir My gee.
31 Julle moet vir My afgesonderde mense wees. Julle mag nie vleis eet wat in die veld verskeur is nie. Julle moet dit vir die honde gooi. [Deut 14:21]

23 1 Jy mag geen valse gerug versprei nie. Moenie jou hand by die bose oortreder sit om ’n valse getuie te wees nie.

2 Jy mag nie die meerderheid volg in doen van boosheid nie en jy mag nie in ’n regsaak getuienis aflê agter die meerderheid aan om die reg te verdraai nie.
3 Jy mag nie partydig wees vir die arme in sy regsaak nie.
4 As jy jou vyand se bees of donkie teëkom wat wegdwaal, moet jy dit aan hom terugbesorg.
5 As jy een wat jou haat se donkie onder sy pak sien lê, moet jy dit nie aan hom oorlaat nie: jy moet hom dit help bevry.
6 Jy mag nie die reg van jou behoeftiges in hulle regsaak opsy skuif nie.
7 Hou jouself ver weg van valse aanklagte af en moenie die onskuldige en die regverdige doodmaak nie, want Ek sal die bose oortreder nie regverdig verklaar nie.
8 Jy mag ook geen omkoopgeskenk aanvaar nie, want ’n omkoopgeskenk maak die siendes blind en verdraai die woorde van die regverdiges.
9 Jy mag die vreemdeling ook nie onderdruk nie, want julle verstaan self die lewe van ’n vreemdeling omdat julle vreemdelinge in Mitzrayim was.
10 Ses jaar lank moet jy jou land saai en die opbrengs daarvan inbring,
11 maar in die sewende jaar moet jy dit laat rus en braak laat lê dat die behoeftiges van jou volk kan eet en wat hulle laat oorbly, die diere van die veld kan opeet. Net so moet jy ook doen met jou wingerd en jou olyfbome.
12 Ses dae moet jy jou werk doen, maar op die sewende dag moet jy rus sodat jou os en jou donkie kan rus en die seun van jou slavin en die vreemdeling verfris kan word.
13 In alles wat Ek vir julle gesê het, wees versigtig en noem geen ander god by die naam (karakter en outoriteit) nie en laat dit uit jou mond nie gehoor word nie.
14 Drie maal per jaar moet jy vir My ’n fees hou. [Lev 23]
15 Die Fees van Ongesuurde Brode moet jy hou: sewe dae lank moet jy ongesuurde brode eet soos Ek jou beveel het, op die vasgestelde tyd in die maand Aviv, want daarin het jy uit Mitzrayim uitgetrek; niemand mag met leë hande voor My verskyn nie.
16 Jy sal ook die Fees van die Oes hou, van die eersteling-oes van jou werk, van wat jy op die land saai en ook die Fees van die Insameling aan die einde van die jaar wanneer jy jou werk uit die land insamel.
17 Drie maal per jaar moet al jou manspersone voor die Meester, יהוה, verskyn.
18 Jy mag die bloed van My offer nie saam met gesuurde brood offer nie. Ook mag die vet van My feesoffer nie tot die oggend toe oorbly nie.
19 Die eerste van die eersteling-oes van jou grond moet jy in die huis van יהוה, jou God, bring. Jy mag ’n bokkie nie kook in sy moeder se melk nie.
20 Let op, Ek stuur ’n boodskapper voor jou uit om jou op die pad te bewaar en om jou na die plek te bring wat Ek gereedgemaak het.
21 Wees waaksaam voor hom en luister na sy stem; moenie rebels wees teenoor hom nie, want hy sal julle oortreding nie verdra nie, want My Karakter en Outoriteit (Naam) is in hom,
22 maar as jy sekerlik na sy stem luister en alles doen wat Ek sal sê, sal Ek ’n Vyand van jou vyande en ’n Teëstander van jou teëstanders wees,

23 want My boodskapper sal voor jou uit gaan en jou bring na die Emoriete, Hittiete, P’riziete, Kena’aniete, Hiviete en Y’vusiete en Ek sal hulle volkome vernietig.

24 Jy mag jou voor hulle gode nie neerbuig en hulle nie dien nie, ook mag jy nie doen volgens hulle dade nie, maar jy moet hulle omgooi en hulle afbreek en hulle klippilare breek en in stukkies slaan. [Deut 12:31; 1 Kon 11]

25 Julle moet יהוה, julle God, dien en Ek sal jou brood en jou water seën en Ek sal siektes van tussen jou uit verwyder.

26 Niemand in jou land sal ’n miskraam hê of onvrugbaar wees nie. Ek sal die getal van jou dae vervul.

27 Ek sal My vrees voor jou uit stuur en verwarring bring by elke volk waarby jy kom en Ek sal dat al jou vyande hulle rûe na jou toe draai

28 en Ek sal perdebye voor jou uitstuur; dié sal die Hiviete, Kena’aniete en Hittiete voor jou uitdryf.

29 Ek sal hulle nie in een jaar voor jou uit verdryf nie sodat die land nie woes word en die wilde diere te veel word vir jou nie.

30 Bietjie vir bietjie sal Ek hulle voor jou uit verdryf totdat jy vrugbaar word en besit neem van die land.

31 Ek het jou grense vasgestel van die Sufsee af tot by die See van die F’lishtyne en van die wildernis af tot by die Rivier (Eufraat), want Ek sal die inwoners van die land in julle hand oorgee en jy sal hulle voor jou uit verdryf.

32 Jy mag met hulle of met hulle gode geen verbond sluit nie.

33 Hulle mag nie in jou land bly sodat hulle jou teen My kan laat sondig nie, want as jy hulle gode dien, sal dit vir jou ’n strik wees.” [1 Kon 11:1-12]

24 1 Hy het vir Mosheh gesê: “Kom op na יהוה toe, jy, Aharon, Nadav, Avihu en sewentig van die oudstes van Yisra’el en lê met julle gesigte op die grond op ’n afstand.

2 Mosheh alleen moet naderkom na יהוה toe, maar hulle moenie naderkom nie en die volk mag nie saam met hom opkom nie.”

3 Mosheh het gekom en aan die volk al die woorde van יהוה en al die uitsprake meegedeel en die hele volk het met een stem geantwoord en gesê: “Al die woorde wat יהוה gesê het, sal ons doen.”

4 Mosheh het al die woorde van יהוה opgeskryf en die oggend vroeg opgestaan en by die voet van die berg ’n altaar en twaalf pilare, volgens die twaalf stamme van Yisra’el, gebou.

5 Hy het jongmanne van die seuns van Yisra’el gestuur wat brandoffers geoffer het en bulle as vredesoffers vir יהוה geslag het.

6 Mosheh het die helfte van die bloed gevat en dit in komme gegooi en die helfte van die bloed op die altaar gesprinkel.

7 Hy het die Boek van die Verbond [Eks 15:25] gevat en dit voor die ore van die volk gelees en hulle het gesê: “Alles wat יהוה gesê het, sal ons doen en ons sal gehoorsaam wees.” [Open 1:3]

8 Mosheh vat die bloed en sprinkel dit op die volk en sê: “Hierdie is die bloed van die verbond wat יהוה met julle gesluit het volgens al hierdie woorde.” [Luk 22:20; Heb 9:20]

9 Mosheh het opgegaan saam met Aharon, Nadav, Avihu en sewentig van die oudstes van Yisra’el
10 en hulle het die God van Yisra’el gesien en onder Sy voete was dit net soos ’n vloerwerk van stene van saffier en so helder soos die hemele self.
11 Hy het nie Sy hand teen die leiers van die seuns van Yisra’el uitgesteek nie en hulle het God gesien en het geëet en gedrink.
12 יהוה sê vir Mosheh: “Kom die berg op na My toe en bly daar en Ek sal vir jou die kliptafels met die wet gee en die opdragte wat Ek geskryf het om hulle te leer.”
13 Mosheh het saam met Y’hoshua, sy dienskneg, opgestaan en Mosheh het op die berg van God opgegaan
14 en aan die oudstes gesê: “Wag hier vir ons tot ons na julle toe terugkom. Let op, Aharon en Hur is by julle; wie regsake het, kan na hulle toe gaan.
15 Mosheh het op die berg opgegaan en ’n wolk het die berg toegedek.
16 Die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה het op die berg Sinai gebly en die wolk het dit ses dae lank toegedek en op die sewende dag het Hy na Mosheh geroep uit die wolk.
17 Die verskyning van יהוה se Gemanifesteerde Teenwoordigheid was in die oë van die seuns van Yisra’el soos ’n verterende vuur op die top van die berg. [Heb 12:29]
18 Mosheh het binne-in die wolk ingegaan soos hy op die berg opgaan en Mosheh was veertig dae en veertig nagte op die berg.

25 1 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
2 “Praat met die seuns van Yisra’el dat hulle aan My ’n bydrae moet bring; vanaf elkeen wat met ’n gewillige hart gee, moet julle My offer ontvang.
3 Dit is die bydrae wat julle van hulle af moet vat: goud, silwer en koper;
4 persblou, pers en bloedrooi stowwe, wit geweefde linne en bokhaar;
5 rooigekleurde ramsvelle, dugongvelle en akasiahout;
6 olie vir beligting, speserye vir die salfolie en vir die aromatiese reukwerk;
7 oniksstene en stene om in te lê vir die skouerstuk en die borsplaat.
8 Hulle moet ook vir My ’n afgesonderde plek maak sodat Ek tussen hulle kan bly.
9 Volgens alles wat Ek jou gaan wys; die bloudrukplan van die tabernakel en die bloudrukplan van alles wat daarby hoort; presies so moet julle dit maak. [Hand 7:44]
10 Hulle moet ’n ark van akasiahout maak. Sy lengte moet twee en ’n half el, sy breedte een en ’n half el en sy hoogte een en ’n half el wees.
11 Jy moet dit oortrek met suiwer goud, van binne en van buite moet jy dit oortrek en jy moet ’n goue rand rondom bo-op maak.
12 Jy moet vier ringe van goud daarvoor giet en dit aan sy vier voete vassit, twee ringe moet aan die een kant en twee ringe aan die ander kant wees.
13 Maak pale van akasiahout, trek dit oor met goud
14 en steek die pale in die ringe aan weerskante van die ark om die ark daarmee te dra.
15 Die pale moet in die ringe van die ark bly; hulle mag nie daar uitgehaal word nie.
16 Jy moet die Getuienis, wat Ek vir jou gee, in die ark sit.

17 Maak ook ’n toedekking van suiwer goud. Sy lengte moet twee en ’n half el en sy breedte een en ’n half el wees.
18 Maak ook twee gérubs van goud. Van gietwerk moet jy hulle maak, aan die twee ente van die toedekking.
19 Maak een gérub aan die een ent en een gérub aan die ander ent. Uit een stuk met die toedekking, moet julle die gérubs aan die twee ente maak.
20 Die gérubs moet hulle vlerke boontoe uitsprei en die toedekking met hulle vlerke bedek en hulle gesigte moet na mekaar toe wees; die gesigte van die gérubs moet op die toedekking gerig wees.
21 Jy moet die toedekking bo-op die ark sit, maar in die ark moet jy die Getuienis sit wat Ek vir jou sal gee.
22 Daar sal Ek met jou ontmoet en van bo die toedekking af, van tussen die twee gérubs wat op die ark van die Getuienis is, met jou praat en alles sê wat Ek jou sal beveel aangaande die seuns van Yisra’el.
23 Jy moet ook ’n tafel van akasiahout maak. Sy lengte moet twee el, sy breedte ’n el en sy hoogte een en ’n half el wees. [Heb 9:2]
24 Trek dit oor met suiwer goud en maak rondom ’n goue rand daarvoor.
25 Maak ook daarvoor ’n rand van ’n handbreedte rondom en maak ’n goue vorm vir die rand rondom.
26 Maak vier goue ringe vir dit en sit die ringe vas aan die vier hoeke by die vier pote.
27 Die ringe moet naby die rand wees as houers vir die pale om die tafel mee te dra.
28 Jy moet die pale maak van akasiahout en dit oortrek met goud sodat die tafel daarmee gedra kan word.
29 Jy moet ook sy borde, sy panne en sy kruike maak en sy bekers waarmee gegooi moet word; van suiwer goud moet jy dit maak.
30 Jy moet voortdurend die brood van die Teenwoordigheid op die tafel voor My neersit.
31 Jy moet ook ’n lampstaander maak van suiwer goud. Die lampstaander moet van slaanwerk wees. Sy skag, sy arms, sy bakkies, sy knoppe en sy blomme moet uit een stuk wees.
32 Ses arms moet uit die sykante uitgaan: drie arms van die lampstaander uit die een kant en drie arms van die lampstaander uit die ander kant.
33 Drie bakkies, soos amandelbloeisels gevorm, moet aan die een arm gemaak word, met ’n knop en ’n blom en drie bakkies wat soos amandelbloeisels gevorm is aan die ander arm, met ’n knop en ’n blom; so moet dit wees aan die ses arms wat uit die lampstaander uitgaan.
34 Aan die lampstaander self moet vier bakkies wees wat gevorm is soos amandelbloeisels, met knoppe en blomme:
35 daar moet ’n knop wees onder die eerste paar arms en ’n knop onder die tweede paar arms en ’n knop onder die derde paar arms wat daaruit uitgaan; volgens die ses arms wat uit die lampstaander uitgaan.
36 Hulle knoppe en hulle arms moet uit een stuk wees; alles saam moet een stuk slaanwerk van suiwer goud wees.

37 Jy moet ook sewe lampe daarvoor maak en hulle moet sy lampe so rangskik sodat dit lig gee aan die voorkant.
38 Hulle snuiters en bakkies moet van suiwer goud wees.
39 Dit moet van 'n talent suiwer goud gemaak word; met al hierdie bybehore.
40 Sien toe dat jy dit maak volgens die model daarvan wat vir jou op die berg gewys word. [Heb 8:5]

26 1 Jy moet verder die tabernakel van tien gordyne maak, van wit geweefde linne met persblou, pers en bloedrooi garing ingevleg; met gérubs kunstig ingevleg, moet jy dit maak.
2 Die lengte van elke gordyn moet agt en twintig el wees en die breedte van elke gordyn vier el. Al die gordyne moet dieselfde mate hê.
3 Vyf van die gordyne moet aanmekaar vasgewerk word en die ander vyf gordyne aanmekaar.
4 Jy moet lissies van persblou materiaal maak aan die kant van die buitenste gordyn van die een stel en jy moet dit net so maak aan die buitekant van die gordyn van die tweede stel.
5 Jy moet vyftig lissies aan die een gordyn maak en jy moet vyftig lissies maak aan die rand van die gordyn wat aan die tweede stel behoort. Die lissies moet regoor mekaar pas.
6 Jy moet ook vyftig goue hakies maak en die gordyne aanmekaar vassit met die hakies sodat die tabernakel een is.
7 Jy moet ook gordyne van bokhaar maak as 'n tentbedekking oor die tabernakel: jy moet elf gordyne maak.
8 Die lengte van elke gordyn moet dertig el wees en die breedte van elke gordyn vier el: die elf gordyne moet dieselfde mate hê.
9 Jy moet vyf van die gordyne afsonderlik aanmekaar werk en ses van die gordyne afsonderlik en jy moet die sesde gordyn dubbel vou aan die voorkant van die tent.
10 Jy moet vyftig lissies maak aan die kant van die laaste gordyn van die een stel en vyftig lissies aan die kant van die laaste gordyn van die tweede stel.
11 Jy moet ook vyftig koper hakies maak en die hakies in die lissies steek en jy moet die tentbedekking aanmekaar las sodat dit een is.
12 Die stuk van die gordyn van die tentbedekking wat oorbly, die halwe gordyn wat oorbly, moet oorhang aan die agterkant van die tabernakel
13 en 'n el aan weerskante van die lengte van die gordyne moet oorhang aan die sykante van die tabernakel, aan weerskante, om dit toe te dek.
14 Jy moet ook vir die tent 'n bedekking van rooigekleurde ramsvelle maak en 'n bedekking van dugongvelle daar bo-oor.
15 Jy moet ook die regopstaande planke vir die tabernakel van akasiahout maak.
16 Die lengte van 'n plank moet tien el wees en die breedte van elke plank een en 'n half el.
17 Elke plank moet twee tappe hê wat hulle aan mekaar kan bind. Jy moet dit so maak vir al die planke van die tabernakel.
18 Jy moet die planke vir die tabernakel maak: twintig planke vir die suidekant.

19 Jy moet ook veertig silwer voetstukke vir die twintig planke maak: twee voetstukke onder elke plank vir sy twee tappe.
20 Vir die tweede sykant van die tabernakel, aan die noordekant, twintig planke
21 met hulle veertig silwer voetstukke: twee voetstukke onder elke plank.
22 Vir die kant van die tabernakel, na die weste toe, moet jy ses planke maak.
23 Jy moet ook twee planke maak vir die hoeke van die tabernakel, aan die agterkant.
24 Hulle moet van onder tot bo dubbel wees en bo en onder vas met een ring. So moet dit met altwee wees; hulle sal vir die twee hoeke wees.
25 Daar sal dus agt planke wees met hulle silwer voetstukke, sestien voetstukke: twee voetstukke onder elke plank.
26 Jy moet ook pale van akasiahout maak: vyf vir die planke aan die een sykant van die tabernakel
27 en vyf pale vir die planke aan die ander sykant van die tabernakel; ook vyf pale vir die planke aan die kant van die tabernakel na die weste.
28 Die middelste balk moet deur die middel van die planke loop, van ent tot ent.
29 Jy moet die planke met goud oortrek en hulle ringe, as plekke vir die pale, moet jy van goud maak. Die pale moet jy ook met goud oortrek.
30 Jy moet die tabernakel oprig volgens die plan wat vir jou op die berg gewys is.
31 Jy moet ’n verdelingsgordyn maak van persblou, pers en bloedrooi materiaal en wit geweefde linne, met gérubs kunstig ingewerk. [Heb 9:3]
32 Jy moet dit aan vier pilare van akasiahout, wat met goud oorgetrek is, ophang. Hulle hake moet van goud wees en op vier silwer voetstukke staan.
33 Jy moet die verdelingsgordyn aan die hakies ophang en die ark van die Getuienis daar inbring, binnekant die verdelingsgordyn. Die verdelingsgordyn moet vir julle ’n skeiding maak tussen die Afgesonderde en die Mees Afgesonderde.
34 Jy moet die Toedekking op die Ark van die Getuienis neersit in die Mees Afgesonderde Plek.
35 Sit die tafel buitekant die verdelingsgordyn en die lampstaander teenoor die tafel aan die suidekant van die tabernakel. Die tafel moet jy aan die noordekant sit.
36 Jy moet ook vir die ingang van die tent ’n bedekking maak van persblou, pers en bloedrooi materiaal en wit geweefde linne, die produk van kunstige weefwerk.
37 Jy moet vir die bedekking vyf pilare van akasiahout maak en dit oortrek met goud; hulle hake moet ook van goud wees en jy moet vyf koper voetstukke vir hulle giet.

27 1 Jy moet ook die altaar van akasiahout maak; die lengte moet vyf el wees en die breedte vyf el; die altaar moet vierkantig wees en sy hoogte drie el.
2 Jy moet sy horings op sy vier hoeke maak; sy horings moet saam met dit, uit een stuk wees en jy moet dit met koper oortrek.
3 Jy moet ook sy potte maak om die as te verwyder, asook sy grawe, skottels, vleishake en vuurpanne. Al dié toebehore moet jy van koper maak.
4 Jy moet ’n loopplank daarvoor maak; ’n netwerk van koper. Aan die loopplank moet jy vier koper ringe maak, aan die vier hoeke.

5 Jy moet dit onder die rand van die altaar vasmaak, onderaan sodat die loopplank tot by die helfte van die altaar kom.

6 Jy moet ook pale vir die altaar maak, pale van akasiahout en oorgetrek met koper.

7 Die pale moet in die ringe gesteek word sodat die pale aan altwee kante van die altaar is om dit te dra.

8 Jy moet dit hol maak, van planke. Soos dit vir jou op die berg gewys is, net so moet hulle dit maak.

9 Jy moet ook die voorhof van die tabernakel maak. Vir die suidekant, moet daar vir die voorhof behangsels wees van wit geweefde linne; die lengte vir die een kant moet honderd el wees

10 en sy twintig pilare met hulle twintig voetstukke moet koper wees; die hake en die ringe van die pilare moet van silwer wees.

11 Net so moet daar ook aan die noordekant, in die lengte, behangsels wees, honderd el lank en sy twintig pilare met hulle twintig voetstukke van koper. Die hake en die ringe van die pilare moet van silwer wees.

12 In die breedte van die voorhof, aan die westekant, moet daar vyftig el behangsels wees en sy tien pilare en hulle tien voetstukke.

13 Die breedte van die voorhof aan die oostekant, waar die son opkom, is vyftig el.

14 Vyftien el behangsels vir die een kant, met hulle drie pilare en hulle drie voetstukke

15 en vir die ander kant vyftien el behangsels, met hulle drie pilare en hulle drie voetstukke.

16 Die ingang van die voorhof moet 'n behangsel van twintig el wees, van persblou, pers en bloedrooi materiaal en wit geweefde linne, die produk van kunstige weefwerk; met vier pilare en hulle vier voetstukke.

17 Al die pilare rondom die voorhof moet silwer ringe en silwer hake hê en voetstukke van koper.

18 Die lengte van die voorhof moet honderd el wees en die breedte vyftig by vyftig en die hoogte vyf el, van wit geweefde linne, saam met voetstukke van koper.

19 Al die bybehore van die tabernakel, vir al sy dienste, al sy penne en al die penne van die voorhof, moet van koper wees.

20 Jy moet die seuns van Yisra'el beveel dat hulle vir jou suiwer, uitgestampte olyfolie vir die lig moet bring, om voortdurend 'n brandende lamp te hê.

21 In die Tent van Ontmoeting, buitekant die verdelingsgordyn wat voor die Getuienis is, moet Aharon en sy seuns dit regmaak om voor die Teenwoordigheid van יהוה te brand, van die aand tot die oggend toe. Dit sal vir die seuns van Yisra'el 'n ewige instelling in hulle geslagte wees.

28 1 Vat nou jou broer Aharon en sy seuns saam met hom, uit die seuns van Yisra'el sodat hy My kan dien as priester: Aharon en die seuns van Aharon: Nadav, Avihu, El'azar en Itamar.

2 Jy moet vir jou broer Aharon afgesonderde klere maak, tot eer en lof en tot versiering.

3 Jy moet praat met almal wat vaardig is, wat Ek met die Gees van wysheid volgemaak het sodat hulle Aharon se klere kan maak, om hom af te sonder sodat hy vir My as priester kan dien.
4 Hierdie is die klere wat hulle moet maak: ’n borsplaat, ’n skouerstuk, ’n bokleed, ’n uitgewerkte kleed, ’n tulband en ’n gordel. Hulle moet vir Aharon, jou broer en vir sy seuns, afgesonderde klere maak, om My as priesters te dien.
5 Hulle moet die goud, die persblou, die pers en bloedrooi materiaal en die wit geweefde linne vat
6 en hulle moet die skouerstuk maak van goud, persblou, pers en bloedrooi materiaal en wit geweefde linne, die produk van kunstige werk.
7 Dit moet twee skouerstukke hê wat aan mekaar vas is; aan die twee bo-ente moet dit aan mekaar vas gesit word.
8 Die inmekaargeweefde band wat daarop is, moet van dieselfde werk wees, van goud, persblou, pers en bloedrooi materiaal en wit geweefde linne.
9 Jy moet twee oniksstene vat en die name van die seuns van Yisra’el daarop graveer:
10 ses van dié name op die een steen en die ses ander name op die ander steen, volgens hulle geboortes.
11 Met die werk van ’n graveerder op klippe, graveerwerk soos wat op ’n seëlsteen uitgesny word, moet jy die name van die seuns van Yisra’el op die twee stene graveer. Jy moet hulle in ’n raam van goud set.
12 Jy moet die twee stene op die skouers van die skouerstuk vasmaak as herinneringstene vir die seuns van Yisra’el. So sal Aharon hulle name voor die Teenwoordigheid van יהוה op sy twee skouers dra om hulle in herinnering te bring.
13 Jy moet ook monteerrame van goud maak
14 en twee kettings van suiwer goud, gedraai soos vlegsels en die gevlegte kettings aan die monteerrame vasmaak.
15 Jy moet die borsplaat van beslissing maak van kunstige werk; soos die vakmanskap van die skouerstuk moet jy dit maak; van goud, persblou, pers en bloedrooi materiaal en van wit geweefde linne moet jy dit maak.
16 Dit moet in ’n vierkant gevou word; ’n span sy lengte en ’n span sy breedte.
17 Jy moet vier rye stene, in rame gemonteer, insit: die eerste ry moet ’n robyn, ’n topaas en ’n smarag wees.
18 Die tweede ry is ’n turkoois, ’n saffier en ’n diamant.
19 Die derde ry is ’n hiasint, ’n agaat en ’n ametis.
20 Die vierde ry is ’n beril, ’n oniks en ’n jaspis. Hulle moet in goue monteerrame geset word.
21 Die stene moet die name van die seuns van Yisra’el hê, twaalf volgens hulle name. Dit moet soos op ’n seëlsteen uitgesny word, elkeen met sy eie naam, volgens die twaalf stamme.
22 Jy moet ook kettings vir die borsplaat maak. Maak dit soos gedraaide toue van suiwer goud.
23 Jy moet ook twee goue ringe maak vir die borsplaat en maak die twee ringe vas aan die twee bo-ente van die borsplaat

24 en maak die twee goue toutjies aan die twee ringe vas, aan die bo-ente van die borsplaat
25 en maak die twee ander ente van die twee toutjies vas aan die twee monteerrame en maak dié dan vas aan die skouers van die skouerkleed, aan die voorkant daarvan.
26 Jy moet ook twee goue ringe maak en dié aan die twee kante van die borsplaat, aan die einde wat teen die skouerstuk lê, aan die binnekant, vasmaak.
27 Jy moet nog twee goue ringe maak en dié aan die twee skouers van die skouerstuk, onderaan, aan die voorkant daarvan, by sy verbinding, bokant die geweefde band van die skouerstuk, vasmaak.
28 Hulle moet die borsplaat, met sy ringe, aan die ringe van die skouerstuk met 'n persblou tou vasbind sodat dit bokant die geweefde band van die skouerstuk is en die borsplaat nie loskom van die skouerstuk af nie.
29 Aharon moet die name van die seuns van Yisra'el, in die borsplaat van beslissing, op sy hart dra as hy in die Afgesonderde deel ingaan, as 'n voortdurende herinnering voor die Teenwoordigheid van יהוה.
30 Jy moet ook die Urim en die Tumim in die borsplaat van beslissing sit sodat hulle op die hart van Aharon kan wees as hy voor die Teenwoordigheid van יהוה ingaan. Aharon moet die regsbeslissing van die seuns van Yisra'el voortdurend op sy hart dra voor die Teenwoordigheid van יהוה. [Efe 6:14b]
31 Jy moet die bokleed van die skouerstuk heeltemal van persblou materiaal maak.
32 Daar moet 'n opening vir sy kop in die middel wees. Rondom die opening moet 'n soom uitgewerk wees, soos die opening van 'n borsplaat sodat dit nie geskeur kan word nie.
33 Aan die soom, onderaan, moet jy granate van persblou, pers en bloedrooi stof, reg rondom die soom maak en tussen-in goue klokkies reg rondom:
34 'n goue klokkie en 'n granaat, 'n goue klokkie en 'n granaat, aan die soom van die bokleed, reg rondom.
35 Aharon moet dit aanhê wanneer hy bedien sodat die geluid daarvan gehoor word as hy in die Afgesonderde plek, voor die Teenwoordigheid van יהוה, ingaan en as hy uitgaan sodat hy nie sterf nie.
36 Jy moet ook 'n plaat van suiwer goud maak en daarop graveer, soos die gravering op 'n seëlsteen: AFGESONDER TOT יהוה.
37 Jy moet dit vasmaak aan 'n persblou tou sodat dit aan die tulband vas kan wees; dit moet aan die voorkant van die tulband wees.
38 So moet dit dan op die voorkop van Aharon wees sodat Aharon die straf vir die oortredinge kan dra met betrekking tot die afgesonderde dinge wat die seuns van Yisra'el sal afsonder deur al hulle afgesonderde gawes. Dit moet voortdurend op sy voorkop wees sodat hulle voor יהוה aanvaar mag word.
39 Jy moet die kleed van wit geweefde linne kunstig uitwerk. Jy moet ook die tulband van wit geweefde linne maak en die gordel moet jy veelkleurig uitwerk.
40 Vir die seuns van Aharon moet jy klede en gordels maak. Jy moet ook vir hulle tulbande maak, tot eer, lof en tot versiering.
41 So moet jy jou broer Aharon en sy seuns saam met hom aantrek. Jy moet hulle salf, hulle aanstel en hulle afsonder sodat hulle My as priesters kan dien.

42 Jy moet ook vir hulle linne broeke maak om hulle kaal vlees toe te maak. Dit moet van die heupe tot by die dye wees.

43 Aharon en sy seuns moet dit aanhê as hulle in die Tent van Ontmoeting ingaan, of as hulle naby die altaar kom, om in die Afgesonderde plek te bedien sodat hulle geen skuld dra en sterf nie. Dit is ’n ewige voorskrif vir hom en vir sy nageslag ná hom.

29 Lev 8 1 Dit is wat jy met hulle moet doen om hulle af te sonder sodat hulle My kan dien as priesters: vat een jong bul en twee ramme wat sonder gebrek is,

2 ongesuurde brood, ongesuurde koeke met olie gemeng en ongesuurde platkoeke met olie gesmeer. Jy moet dit van fyn koringmeel maak.

3 Sit dit in een mandjie en bring dit in die mandjie saam met die bul en die twee ramme.

4 Aharon en sy seuns moet jy na die ingang van die Tent van Ontmoeting bring en hulle met water was.

5 Vat die klere en trek Aharon aan met die kleed, die bokleed van die skouerstuk, die skouerstuk en die borsplaat en bind om hom die geweefde band van die skouerstuk,

6 sit die tulband op sy kop en maak die afgesonderde kroon aan die tulband vas.

7 Vat die salfolie, gooi dit op sy kop en salf hom.

8 Jy moet ook sy seuns bring en vir hulle die klede aantrek

9 en Aharon en sy seuns omgord met die gordels en vir hulle tulbande ombind. Die priesteramp sal hulle s’n wees as ’n ewige instelling. So moet jy die hande van Aharon en sy seuns bevestig.

10 Jy moet die bul bring tot voor die Tent van Ontmoeting en Aharon en sy seuns moet hulle hande op die kop van die bul lê.

11 Jy moet die bul voor יהוה slag by die ingang van die Tent van Ontmoeting.

12 Jy moet van die bloed van die bul vat en dit met jou vinger aan die horings van die altaar smeer en al die bloed aan die onderkant van die altaar uitgooi.

13 Jy moet al die vet vat wat oor die binnegoed is, die vetlob aan die lewer, die twee niere en die vet wat daaraan is en dit op die altaar brand en in rook laat opgaan,

14 maar jy moet die vleis van die bul, sy vel en sy mis buitekant die kamp met vuur verbrand. Dit is ’n sondoffer.

15 Jy moet een ram vat en Aharon en sy seuns moet hulle hande op die ram se kop lê;

16 dan moet jy die ram slag en sy bloed vat en dit rondom die altaar sprinkel.

17 Jy moet die ram in stukke sny, sy binnegoed en pote was en dit by die stukke en die kop sit.

18 Jy moet die hele ram op die altaar brand en in rook laat opgaan. Dit is ’n brandoffer tot יהוה; ’n aangename geur, ’n offer deur vuur aan יהוה. Rom 12:1

19 Jy moet ook die ander ram vat en Aharon en sy seuns moet hulle hande op die ram se kop lê;

20 jy moet die ram slag en van sy bloed vat en dit aan die regteroorbel van Aharon en aan die regteroorbel van sy seuns smeer, asook aan die duim van hulle regterhand en aan die groottoon van hulle regtervoet en sprinkel die bloed rondom die altaar.
21 Jy moet van die bloed wat aan die altaar is en van die salfolie vat en dit op Aharon en op sy klere, sowel as op sy seuns en op die klere van sy seuns, sprinkel, saam met hom sodat hy en sy klere, sowel as sy seuns en die klere van sy seuns, saam met hom, afgesonderd kan wees.
22 Vat ook die vet: die vetstert, die vet wat oor die binnegoed is, die vetlob aan die lewer, die twee niere met die vet wat daaraan is, die regterboud van die ram, want dit is ’n inwydingsram,
23 met een brood, een oliebroodkoek en een platkoek uit die mandjie met ongesuurde brode wat voor יהוה is
24 en lê dit alles in die hande van Aharon en in die hande van sy seuns en waai dit as ’n waaioffer voor die Teenwoordigheid van יהוה.
25 Vat dit uit hulle hande uit en steek dit op die altaar aan die brand, as ’n brandoffer, as ’n aangename geur voor die Teenwoordigheid van יהוה. Dit is ’n offer met vuur tot יהוה.
26 Jy moet die bors van die inwydingsram van Aharon vat en dit waai as waaioffer voor die Teenwoordigheid van יהוה; dit sal jou deel wees.
27 Jy moet van die inwydingsram, die bors van die waaioffer wat gewaai is en die boud van die opligoffer wat opgelig is, afsonder; dit wat vir Aharon is en dit wat vir sy seuns is.
28 Dit sal vir Aharon en sy seuns hulle porsie wees as ’n ewige instelling van die kant van die kinders van Yisra’el af, want dit is ’n opligoffer en dit sal ’n opligoffer wees van die kant van die kinders van Yisra’el, vanuit hulle vredesoffers; hulle opligoffer aan יהוה.
29 Die afgesonderde klere van Aharon sal sy seuns s’n wees na hom, om hulle daarin te salf en hulle hande daarin te bevestig (aan te stel).
30 Die seun wat in sy plek priester word, wat in die Tent van Ontmoeting sal ingaan om in die Afgesonderde plek te bedien, moet dit sewe dae lank aantrek.
31 Jy moet die inwydingsram vat en sy vleis in die Afgesonderde plek kook
32 en Aharon en sy seuns moet die ram se vleis en die brood wat in die mandjie is, by die ingang van die Tent van Ontmoeting eet.
33 Hulle moet dié dinge eet waarmee versoening bewerk is toe hulle hande bevestig is en hulle afgesonder is, maar niemand anders mag daarvan eet nie, want dit is afgesonder.
34 As daar van die vleis van die inwydingsoffer of van die brood tot die oggend toe oorbly, moet jy dit wat oor is, met vuur verbrand; dit mag nie geëet word nie, want dit is afgesonder.
35 So moet jy met Aharon en sy seuns doen, net soos Ek jou beveel het. Sewe dae lank moet hulle hande bevestig word.
36 Jy moet daagliks ’n bul as sondoffer offer tot versoening. Jy sal die altaar reinig wanneer jy daarvoor versoening doen en jy moet dit salf om dit af te sonder.

37 Sewe dae lank moet jy versoening doen vir die altaar en dit afsonder. Die altaar sal heeltemal afgesonder wees en alles wat aan die altaar raak, is afgesonder.

38 Dit is wat jy, dag vir dag, sonder ophou, op die altaar moet offer: twee jaaroud lammers.

39 Die een lam moet jy in die oggend offer en die ander lam moet jy in die aand offer.

40 Saam met die een lam moet daar ’n tiende van ’n efa meel, gemeng met ’n kwart hin uitgestampte olie en ’n kwart hin wyn as ’n drankoffer wees.

41 Die ander lam moet jy in die aand offer en saam met dit die graanoffer en die drankoffer soos in die oggend, tot ’n aangename geur, ’n offer met vuur tot יהוה.

42 Hierdie moet ’n voortdurende brandoffer wees vir julle geslagte, by die ingang van die Tent van Ontmoeting, voor die Teenwoordigheid van יהוה, waar Ek jou sal ontmoet om met jou te praat.

43 Daar sal Ek met die kinders van Yisra’el ontmoet en die tent sal deur My Gemanifesteerde Teenwoordigheid afgesonder word.

44 So sal Ek dan die Tent van Ontmoeting en die altaar afsonder. Ek sal Aharon en sy seuns ook afsonder om vir My as priesters te dien.

45 Ek sal tussen die seuns van Yisra’el bly en hulle God wees [Yes 8:8,10]

46 en hulle sal weet dat Ek, יהוה, hulle God, is, wat hulle uit Mitzrayim uitgelei het om tussen hulle te bly. Ek is יהוה, hulle God. [Yes 8:8,10]

30 1 Jy moet ’n altaar maak om reukwerk op te brand. Jy moet dit van akasiahout maak.

2 Sy lengte moet ’n el wees en sy breedte ’n el; dit moet vierkantig wees. Sy hoogte is twee el. Sy horings moet uit dieselfde stuk wees.

3 Jy moet die bokant, die sykante rondom en die horings met suiwer goud oortrek. Maak ook daarvoor ’n goue rand rondom.

4 Jy moet ook twee goue ringe daarvoor maak onderkant die rand, aan weerskante, aan die twee sykante. Hulle moet dien as houers vir pale om dit mee te dra.

5 Maak die pale van akasiahout en trek dit met goud oor.

6 Sit dit dan voor die verdelingsgordyn wat voor die Ark van die Getuienis is, voor die Toedekking wat oor die Getuienis is, waar Ek met jou sal ontmoet.

7 Aharon moet elke oggend reukwerk van speserye daarop brand; wanneer hy die lampe doof, moet hy dit aan die brand steek

8 en wanneer Aharon teen sonsondergang die lampe opsteek, moet hy dit brand as ’n voortdurende reukwerk voor die Teenwoordigheid van יהוה; reg deur julle geslagte.

9 Julle mag geen vreemde reukwerk of brandoffer of graanoffer daarop bring nie. Julle mag ook geen drankoffer daarop uitgooi nie.

10 Aharon moet, een maal per jaar, versoening op die horings doen; met die bloed van die sondoffer van versoening moet hy een maal per jaar daarvoor versoening doen reg deur julle geslagte. Dit is heeltemal afgesonder tot יהוה.”

11 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:

12 “As jy die volle getal van die seuns van Yisra’el opneem om hulle te tel, moet elke man loskoopgeld vir sy lewe aan יהוה gee wanneer hulle getel word sodat daar geen plaag onder hulle sal wees wanneer hulle getel word nie.
13 Dit is wat elke man van hulle moet gee wat na die geteldes oorgaan: ’n halfsikkel volgens die sikkel van die Afgesonderde plek; die sikkel is twintig gera. Die halfsikkel is ’n bydrae aan יהוה.
14 Elkeen van twintig jaar en ouer, wat oorgaan na die geteldes, moet die bydrae aan יהוה gee.
15 Die ryke moenie meer en die arme moenie minder as ’n halfsikkel gee, wanneer hulle die bydrae, om vir julle siele versoening te doen, aan יהוה gee, nie.
16 Vat die versoeningsgeld van die seuns van Yisra’el en gee dit vir die dienswerk van die Tent van Ontmoeting sodat dit ’n herinnering voor die Teenwoordigheid van יהוה kan wees vir die seuns van Yisra’el, tot versoening vir julle lewens.”
17 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
18 “Jy moet ook ’n kom van koper, met sy voetstuk van koper, maak om mee te was. Jy moet dit tussen die Tent van Ontmoeting en die altaar sit en water daarin gooi
19 sodat Aharon en sy seuns hulle hande en hulle voete daaruit kan was.
20 Wanneer hulle ingaan in die Tent van Ontmoeting, of as hulle naby die altaar kom, om te bedien, om ’n offer te brand en in rook te laat opgaan tot יהוה, moet hulle met water was sodat hulle nie sterf nie.
21 So moet hulle hul hande en voete was sodat hulle nie sterf nie en dit sal vir hulle ’n ewige instelling wees, vir hom en vir sy nageslag in hulle geslagte.” [Yog 13:10]
22 יהוה het verder met Mosheh gepraat en gesê:
23 “Vat vir jouself van die beste speserye: vyf honderd sikkels vloeibare mirre en die helfte soveel, twee honderd en vyftig sikkels, soet geurige kaneel en twee honderd en vyftig sikkels soet geurige kalmoes
24 en vyf honderd sikkels kassie, volgens die sikkel van die Afgesonderde plek en ’n hin olyfolie
25 en maak daarvan afgesonderde salfolie, ’n salfmengsel soos ’n salfmenger dit maak; dit sal ’n afgesonderde salfolie wees.
26 Daarmee moet jy die Tent van Ontmoeting salf, die Ark van die Getuienis,
27 die tafel met al sy bybehore, die kandelaar met sy bybehore, die reukaltaar,
28 die brandofferaltaar met al sy bybehore en die kom met sy voetstuk.
29 Jy moet hulle afsonder sodat hulle heeltemal afgesonderd kan wees. Wat ook al aan hulle raak, is afgesonder. [Yeg 44:19]
30 Jy moet Aharon en sy seuns ook salf en hulle afsonder om My as priesters te dien.
31 Jy moet met die seuns van Yisra’el praat en sê: ‘Hierdie moet vir My ’n afgesonderde salfolie wees reg deur julle geslagte.
32 Dit mag nie op ’n mens se vlees uitgegooi word nie; julle mag ook nie volgens dieselfde voorskrif nog maak nie. Dit is afgesonder en dit moet vir julle afgesonder wees.
33 Wie ook al so iets meng of enige daarvan aan ’n onbevoegde laat kom, moet uit sy volksgenote afgesny word.’”

34 יהוה het ook vir Mosheh gesê: "Vat speserye: storaksgom, naeltjies en galbanum en ook suiwer wierook saam met die speserye; alles in gelyke hoeveelhede
35 en maak daar reukwerk van, 'n mengsel soos die salfmenger dit maak, met sout gemeng, suiwer en afgesonder.
36 Vryf 'n gedeelte daarvan heeltemal fyn en sit 'n deel daarvan neer voor die Getuienis in die Tent van Ontmoeting, waar Ek met jou sal ontmoet. Dit sal heeltemal afgesonderd wees vir julle.
37 Julle mag nie vir julleself van die reukwerk wat jy maak, na dieselfde voorskrif, maak nie. Dit moet vir julle afgesonder wees tot יהוה.
38 Wie ook al enige van dieselfde maak om as parfuum te gebruik, moet uit sy volksgenote afgesny word."

31 1 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
2 "Kyk, Ek het B'tzal'el, die seun van Uri, die seun van Hur, van die stam van Y'hudah, by sy naam geroep
3 en Ek het hom vervul met die Gees van God, in wysheid, begrip, kennis en bekwaamheid vir allerhande werk:
4 om ontwerpe uit te dink, te werk in goud, silwer en koper
5 en met snywerk in stene wat afgerond moet word, met houtsneewerk en om allerhande werk te kan doen.
6 Let op, Ek het self vir Oholi'av saam met hom aangestel, die seun van Agisamakh, van die stam van Dan. Ek het ook wysheid in die hart van elkeen wat vaardig is, gegee sodat hulle alles wat ek jou beveel het, kan maak:
7 die Tent van Ontmoeting, die ark van die Getuienis, die Toedekking wat daarop moet wees, al die bybehore by die tent,
8 die tafel met sy bybehore, die suiwer goud lampstaander met al sy bybehore en die reukaltaar;
9 ook die brandofferaltaar met al sy bybehore, die kom met sy voetstuk,
10 die kunstige klere, die afgesonderde klere van Aharon, die priester en die klere van sy seuns, om te dien as priesters;
11 ook die salfolie en die reukwerk van speserye vir die Afgesonderde plek; net soos Ek jou beveel het, moet hulle dit maak."
12 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
13 "Jy egter, moet met die seuns van Yisra'el praat en sê: 'Julle moet sekerlik My Shabbatte hou, want dit is 'n teken tussen My en julle regdeur julle geslagte sodat julle kan weet dat Ek יהוה is wat julle afsonder.
14 Onderhou daarom die Shabbat, want dit is vir julle afgesonder. Hy wat dit verbreek, moet sekerlik sterf, want wie ook al daarop werk doen, dié persoon moet afgesny word vanuit sy volksgenote. Eks 20:8-11; Lev 23:3; 24:8; Yes 58:13; Mat 12:8
15 Ses dae lank kan werk gedoen word, maar op die sewende dag is daar 'n Shabbat van volkome rus, afgesonder tot יהוה. Wie ook al enige werk doen op die Shabbatdag, moet sekerlik sterf;
16 daarom moet die seuns van Yisra'el die Shabbat onderhou deur die Shabbat te vier in hulle geslagte as 'n ewige verbond.

17 Dit is ’n ewige teken tussen My en die seuns van Yisra’el, want in ses dae het יהוה die hemel en die aarde gemaak, maar op die sewende dag het Hy gerus en is verfris.’”

18 Toe Hy klaar met hom gepraat het op die berg Sinai, het Hy vir Mosheh die twee tafels van die Getuienis gegee, tafels van klip, geskrywe met die vinger van God.

32 1 Toe die volk sien dat Mosheh lank vat om van die berg af te kom, het die volk by Aharon bymekaargekom en vir hom gesê: “Staan op, maak vir ons gode wat voor ons uit sal gaan, want hierdie Mosheh, die man wat ons uit die land van Mitzrayim uitgebring het, ons weet nie wat van hom geword het nie.” Hand 7:40

2 Aharon sê vir hulle: “Haal die goue ringe af wat aan die ore van julle vroue, julle seuns en julle dogters is en bring dit vir my.”

3 Die hele volk het die goue ringe, wat aan hulle ore was, afgehaal en dit na Aharon gebring.

4 Hy het dit uit hulle hand gevat en dit met ’n beitel bewerk totdat hy daarvan ’n gegote kalf gemaak het. Hulle het gesê: “Dit is jou god, o Yisra’el, wat jou uit die land van Mitzrayim laat optrek het.”

5 Toe Aharon dit sien, het hy ’n altaar voor dit gebou en Aharon het uitgeroep en gesê: “Môre is ’n fees tot eer van יהוה.”

6 Hulle het die volgende dag vroeg opgestaan, brandoffers geoffer en vredesoffers gebring en die volk het gaan sit om te eet en te drink en hulle het opgestaan om te speel. 1 Kor 10:7

7 יהוה sê vir Mosheh: “Gaan! Gaan af, want jou volk wat jy uit die land van Mitzrayim uitgebring het, het hulleself korrup gemaak.

8 Hulle het gou van die pad af weggedraai wat Ek hulle beveel het. Hulle het vir hulle ’n gegote kalf gemaak en daarvoor neergebuig en daaraan geoffer en gesê: ‘Dit is jou god, o Yisra’el, wat jou uit die land van Mitzrayim laat optrek het.’”

9 יהוה het vir Mosheh gesê: “Ek het hierdie volk gesien en, let op, hulle is ’n hardnekkige volk. Hand 7:51

10 Laat My daarom alleen sodat My wraak teen hulle kan brand en Ek hulle verteer en Ek sal van jou ’n groot nasie maak.”

11 Mosheh het voor יהוה, sy God, gesmeek en gesê: “Waarom, יהוה, brand U woede teen U volk wat U met groot krag en met ’n sterk hand uit die land van Mitzrayim uitgelei het?

12 Hoekom sou die Mitzrayimiete praat en sê: ‘Hy het hulle uitgelei om hulle kwaad aan te doen, in die berge om te bring en hulle van die aardbodem af te vernietig?’ Draai weg van U brandende wraak en verander U gedagtes om skade te doen aan U volk.

13 Onthou vir Avraham, Yitz’gak en Yisra’el, U diensknegte, vir wie U by Uself gesweer en aan wie U gesê het: ‘Ek sal julle nageslag vermeerder soos die sterre van die hemel en hierdie hele land waarvan Ek gepraat het, sal Ek aan julle nageslag gee sodat hulle dit vir ewig kan besit.’”

14 יהוה het Sy gedagtes verander oor die skade wat Hy gesê het Hy Sy volk sou aandoen.

15 Mosheh het omgedraai en van die berg afgeklim, met die twee tafels van die Getuienis in sy hand. Die tafels was op altwee kante geskryf; hulle was op die een en op die ander kant geskryf.
16 Die tafels was die werk van God en die skrif was ook die skrif van God, in die tafels gegraveer.
17 Toe Y'hoshua die stem van die volk hoor, hoe hulle juig, sê hy vir Mosheh: "Daar is die geluid van oorlog in die kamp."
18 Hy antwoord: "Dit is nie die klank van die gejuig van oorwinning nie en ook nie die geskree van neerlaag nie: ek hoor die klank van singery."
19 Dit het gebeur dat toe hy naby die kamp kom en die kalf en dansery sien, die woede van Mosheh ontvlam het en hy die tafels uit sy hande gegooi en hulle onder die berg gebreek het.
20 Hy het die kalf gevat wat hulle gemaak het, dit met vuur verbrand, dit fyn gemaal, dit op die water gestrooi en die seuns van Yisra'el dit maak drink.
21 Mosheh het vir Aharon gesê: "Wat het hierdie volk aan jou gedoen dat jy so 'n groot sonde oor hulle gebring het?"
22 Aharon antwoord: "Laat die woede van my meester nie ontvlam nie. U ken self die volk dat hulle gerig is tot boosheid,
23 want hulle het vir my gesê: 'Maak vir ons gode wat voor ons uittrek, want hierdie Mosheh, die man wat ons uit die land van Mitzrayim laat optrek het, ons weet nie wat van hom geword het nie.'
24 Ek het vir hulle gesê: 'Wie goud het, laat dié dit aan my oorhandig!' Hulle het dit vir my gegee en ek het dit in die vuur gegooi en hierdie kalf het daaruit gekom.'"
25 Toe Mosheh sien dat die volk sonder beheer was, want Aharon het hulle losgelaat; tot die spottende gefluister onder hulle teëstanders;
26 het Mosheh in die poort van die kamp gaan staan en gesê: "Wie vír יהוה is, kom na my toe!" Al die seuns van Levi het by hom bymekaargekom.
27 Hy het vir hulle gesê: "So sê יהוה, die God van Yisra'el: 'Laat elkeen sy swaard aan sy sy sit. Gaan heen en weer van poort tot poort in die kamp en laat elkeen sy broer, sy vriend en sy naaste doodmaak.'"
28 Die seuns van Levi het gedoen volgens die woord van Mosheh en daar het op dié dag omtrent drie duisend man van die volk geval.
29 Mosheh het gesê: "Maak vandag julle hande vol tot יהוה sodat Hy vandag 'n seën oor julle kan gee, want elkeen is teen sy seun en teen sy broer."
30 Dit het gebeur op die volgende dag dat Mosheh vir die volk sê: "Júlle het 'n groot sonde gedoen en nou sal ek opgaan na יהוה: miskien kan ek toedekking vir julle sonde doen."
31 Mosheh het na יהוה teruggegaan en gesê: "O, hierdie volk het 'n groot sonde gedoen en vir hulle 'n goue god gemaak.
32 Tog, nou, as U wil, verwyder hulle sonde en indien nie, bid ek, vee my uit, uit U boek wat U geskryf het!"
33 יהוה het Mosheh geantwoord: "Wie ook al teen My gesondig het, dié sal Ek uitvee uit My boek; [Deut 24:16; Yeg 18:4,20; Open 20:12-15]

34 daarom, gaan nou en lei die volk na die plek wat Ek vir jou gesê het. Let op, My boodskapper sal voor jou uitgaan, maar nogtans, die dag as Ek besoek, sal Ek hulle straf vir hulle sonde.”

35 יהוה het die volk getref omdat hulle die kalf, wat Aharon gemaak het, aanbid het.

33 1 יהוה het vir Mosheh gesê: “Gaan hiervandaan op, jy en die volk wat jy vanuit die land van Mitzrayim op gebring het, na die land wat Ek met ’n eed aan Avraham, Yitz’gak en Ya’akov beloof en gesê het: ‘Aan jou nageslag sal Ek dit gee.’

2 Ek sal ’n boodskapper voor jou uit stuur en die Kena’aniete, Emoriete, Hittiete, P’riziete, Hiviete en Y’vusiete verdryf.

3 Gaan op na ’n land wat vloei met melk en heuning, want Ek sal nie tussen julle optrek nie sodat Ek julle nie dalk op die pad verteer omdat julle ’n hardnekkige volk is nie.” Hand 7:51

4 Toe die volk hierdie hartseer woord hoor, het hulle getreur en niemand het sy versierings aangesit nie,

5 want יהוה het vir Mosheh gesê: “Sê vir die seuns van Yisra’el: ‘Julle is ’n hardnekkige volk; as Ek vir een oomblik tussen julle sou inkom, sou ek julle vernietig. Haal daarom nou julle versierings af, dan sal Ek weet wat Ek met julle moet doen.’”

6 So het die seuns van Yisra’el hulleself gestroop van hulle versierings vanaf die berg Horev en verder.

7 Mosheh het ’n tent gevat en dit vir hom buitekant die kamp opgeslaan, ver van die kamp af en dit die Tent van Ontmoeting genoem. Dit het so gebeur dat elkeen wat יהוה wou raadpleeg, na die Tent van Ontmoeting, wat buite die kamp was, uitgegaan het.

8 Wanneer Mosheh uitgaan na die tent toe, staan die hele volk op en gaan elkeen by die ingang van sy tent staan en hou Mosheh dop totdat hy in die tent ingegaan het.

9 Dit het gebeur dat wanneer Mosheh in die tent ingaan, die wolkkolom afkom en by die ingang van die tent gaan staan en יהוה het met Mosheh gepraat.

10 Al die mense het die wolkkolom gesien staan by die ingang van die tent en almal het opgestaan en op die grond gaan lê, elkeen by die ingang van sy tent.

11 So het יהוה met Mosheh van aangesig tot aangesig gepraat, soos ’n man met sy vriend praat. Num 12:8 Wanneer hy na die kamp toe teruggegaan het, het sy dienskneg, die jongman Y’hoshua, die seun van Nun, nie van die tent af weggegaan nie.

12 Mosheh het vir יהוה gesê: “Dink daaraan hoe U vir my gesê het: ‘Bring hierdie volk op,’ maar U laat my nie weet wie U saam met my sal stuur nie. Tog het U gesê: ‘Ek ken jou by die naam (karakter en outoriteit) en jy het ook guns in My oë gevind.’

13 Ek vra daarom nou: as ek guns in U oë gevind het, wys my nou U paaie sodat ek ’n verbondsverhouding met U kan hê en guns vind in U oë en dink ook daaraan dat hierdie nasie U volk is.”

14 Hy antwoord: “My Teenwoordigheid sal saam met jou gaan en Ek sal vir jou rus gee.”

15 Hy sê vir Hom: “As U Teenwoordigheid nie saam met ons gaan nie, moet ons nie hiervandaan laat opgaan nie,

16 want waaraan sou dit bekend wees dat ek en U volk guns in U oë gevind het, as dit nie is deurdat U saam met ons gaan nie? So sal ons, ek en U volk, onderskeibaar wees van al die ander volke wat op die aarde is.”
17 יהוה sê vir Mosheh: “Ek sal ook dit doen wat jy gesê het, want jy het guns gevind in My oë en Ek ken jou by die naam (karakter en outoriteit).”
18 Hy vra: “Laat my asseblief U grootsheid en glorie sien.”
19 Hy antwoord: “Ek sal al My goedheid by jou laat verbygaan en voor jou die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה verklaar. Ek sal guns bewys aan wie Ek guns wil bewys en liefdevolle omgee oor wie Ek My ontferm.” [Rom 9:15]
20 Tog het Hy gesê: “Jy kan My gesig nie sien nie, want geen mens kan My sien en bly lewe nie.”
21 יהוה het gesê: “Let op, hier is ’n plek by My waar jy op die rots moet staan
22 en terwyl My grootsheid en glorie verbygaan, sal Ek jou in die skeur van die rots sit en jou met My hand toedek totdat Ek verbygegaan het.
23 Dan sal Ek My hand wegvat en jy sal My van agter sien, maar My gesig kan nie gesien word nie.”

34 1 יהוה het vir Mosheh gesê: “Beitel vir jou twee kliptafels uit soos die eerstes en Ek sal op hierdie tafels die woorde skryf wat op die eerste tafels was, wat jy gebreek het.
2 Wees gereed teen die oggend en klim in die oggend op na die berg Sinai en meld jou by My aan op die top van die berg.
3 Niemand mag saam met jou opklim nie en laat daar ook niemand op die hele berg gesien word nie; laat ook geen kleinvee of beeste teen hierdie berg wei nie.”
4 Hy het twee kliptafels gebeitel soos die eerstes en Mosheh het die oggend vroeg opgestaan en opgegaan met die berg Sinai, soos יהוה hom beveel het en die twee kliptafels in sy hand gevat.
5 יהוה het afgekom in die wolk en daar by hom gestaan terwyl hy die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה aanroep.
6 יהוה het by hom verbygegaan en verklaar: “יהוה, יהוה, Magtige God; vol omgee en goedgunstig, [Ya’a 5:11] stadig om kwaad te word, oorvloedig in vriendelike goedheid en waarheid; [Yo’ 2:13; Yon 4:2; Nag 1:3; Ps 145:8; Neg 9:17]
7 wat onverdiende guns hou vir duisende, wat boosheid, oortreding en sonde vergewe, maar nooit die skuldige onskuldig verklaar nie; [1 Kor 3:12-15; Kol 3:25] wat die wetsoortreding van die vaders, die seuns en die kleinseuns laat beïnvloed, tot aan die derde en die vierde geslag.” [Eks 20:5; Yeg 18:20-26]
8 Mosheh het hom gou laag na die aarde toe neergebuig en aanbid
9 en gesê: “יהוה, as ek nou guns in U oë gevind het, laat יהוה asseblief tussen ons trek, al is dit ’n hardnekkige volk, maar vergewe ons oortreding van die wet en ons sonde en vat ons as U eie besitting.”
10 Toe sê God: “Let op, Ek sluit ’n verbond. Voor jou hele volk sal Ek uitsonderlike wonderwerke doen soos daar op die hele aarde en onder al die nasies nie gedoen is nie sodat al die mense tussen wie jy is, die werk van יהוה kan sien, want dit is ’n verskriklike ding wat Ek met jou sal doen.

11 Wees seker om te gehoorsaam wat Ek jou op dié dag beveel. Let op, Ek gaan die Emoriete, Kena’aniete, Hittiete, P’riziete, Hiviete en Y’vusiete voor jou uit verdryf.
12 Pas jouself op dat jy geen verbond sluit met die inwoners van die land waarheen jy gaan nie sodat dit nie miskien ’n strik tussen julle word nie, Y’ho 9:3-27
13 maar jy moet hulle altare vernietig, hulle afgesonderde pilare afbreek en hulle pale afkap,
14 want jy mag jou nie neerbuig voor enige ander god nie, want יהוה se Karakter en Outoriteit is jaloers; ’n jaloerse Magtige God is Hy,
15 anders sal julle ’n verbond sluit met die inwoners van die land en agter hulle gode aan hoereer en aan hulle gode offer en iemand sal jou uitnooi en jy sal van sy offers eet
16 en jy sal van sy dogters vat vir jou seuns en sy dogters sal agter hulle gode aan hoereer en jou seuns agter hulle gode aan laat hoereer.
17 Jy mag vir jou geen gegote gode maak nie. Eks 20:4
18 Jy moet die Fees van Ongesuurde Brode hou: sewe dae lank moet jy ongesuurde brode eet soos Ek jou beveel het, op die vasgestelde tyd in die maand Aviv, want in die maand Aviv het jy uit Mitzrayim uitgekom. Lev 23:6
19 Alles wat die baarmoeder oopmaak, is Myne en elke eersteling van jou vee wat manlik is, van beeste en kleinvee,
20 maar die eersteling van ’n donkie moet jy met ’n lam loskoop en as jy dit nie loskoop nie, moet jy sy nek breek. Al jou eersgebore seuns moet jy loskoop en niemand mag met leë hande voor My verskyn nie.
21 Ses dae moet jy werk, maar op die sewende dag moet jy rus; selfs in die ploegtyd en in die oestyd, moet jy rus. Eks 20:4; Lev 23:3
22 Jy moet die Fees van Weke hou, Lev 23:15-21; Hand 2:1 die fees van die eerstelinge van die graan-oes en die Fees van Insameling, by die wisseling van die jaar.
23 Al jou mans moet drie maal per jaar voor die Teenwoordigheid van die Meester יהוה, God van Yisra’el, verskyn,
24 want Ek sal nasies voor jou uitdryf en jou grondgebied vergroot en niemand sal jou land begeer terwyl jy opgaan om te verskyn voor die Teenwoordigheid van יהוה, jou God, drie maal gedurende die jaar, nie.
25 Jy mag nie die bloed van My offer saam met gesuurde brood bring nie en die offer van die Pesag mag nie tot die oggend toe oorbly nie.
26 Die eerstes van die eerstelinge van jou grond moet jy in die huis van יהוה, jou God, bring. Jy mag nie ’n jong bokkie kook in sy moeder se melk nie.”
27 יהוה het ook vir Mosheh gesê: “Skryf hierdie woorde neer, want volgens hierdie woorde het Ek ’n verbond gesluit met jou en met Yisra’el.”
28 Hy was daar by יהוה veertig dae en veertig nagte; hy het geen brood geëet en geen water gedrink nie en Hy het die woorde van die verbond op die tafels geskryf: tien van die woorde.
29 Dit het gebeur toe Mosheh van die berg Sinai afkom (die twee tafels van die Getuienis was in die hand van Mosheh toe hy van die berg afgekom het) dat Mosheh nie geweet het dat die vel van sy gesig geskyn het omdat Hy met hom gepraat het nie.

30 Toe Aharon en al die seuns van Yisra’el Mosheh sien, het die vel van sy gesig geskyn en hulle was bang om naby hom te kom.
31 Mosheh het hulle geroep en Aharon en al die leiers van die vergadering het na hom toe teruggekom en Mosheh het met hulle gepraat.
32 Na dit het al die seuns van Yisra’el nader gekom en hy het hulle alles beveel wat יהוה met hom gepraat het op die berg Sinai.
33 Toe Mosheh klaar met hulle gepraat het, het hy ’n sluier oor sy gesig gesit,
34 maar wanneer Mosheh voor יהוה ingegaan het om met Hom te praat, het hy die sluier afgehaal totdat hy uitgaan. Hy het uitgegaan en vir die seuns van Yisra’el alles gesê wat hom beveel is.
35 Wanneer die seuns van Yisra’el na die gesig van Mosheh kyk en sien dat die vel van Mosheh se gesig skyn, dan trek Mosheh weer die sluier oor sy gesig totdat hy ingaan om met Hom te praat.

35 1 Mosheh het die hele vergadering van die seuns van Yisra’el bymekaar laat kom en vir hulle gesê: “Hierdie is die dinge wat יהוה julle beveel het om te doen:
2 werk moet vir ses dae gedoen word, maar die sewende dag moet vir julle afgesonderd wees, ’n Shabbat van volkome rus tot יהוה. Wie ook al enige werk daarop doen, moet doodgemaak word.
3 Julle mag geen vuur aansteek op die Shabbat Eks 16:23 in enige een van julle blyplekke nie.” Eks 12:16
4 Mosheh het met die hele vergadering van die seuns van Yisra’el gepraat en gesê: “Dít is wat יהוה beveel en gesê het:
5 Vat vanuit julle ’n bydrae aan יהוה. Laat elkeen met ’n gewillige verstand, wil en emosie dit bring as ’n bydrae aan יהוה: goud, silwer en koper;
6 persblou, pers en bloedrooi materiaal, wit geweefde linne en bokhaar;
7 rooigekleurde ramsvelle, dugongvelle en akasiahout;
8 olie vir die lampstaander, speserye vir die salfolie en vir die reukwerk van speserye;
9 oniksstene en stene om in te lê in die skouerstuk en die borsplaat.
10 Almal onder julle wat kunstig is, moet kom en alles maak wat יהוה beveel het:
11 die tabernakel, sy tent, sy bedekking, sy hakies, sy borde, sy pale, sy pilare en sy voetstukke;
12 die ark en sy pale, die toedekking en die verdelingsgordyn van die toedekking;
13 die tafel met sy pale en al sy bybehore en die brode van die Teenwoordigheid;
14 asook die lampstaander vir beligting, met sy bybehore, sy lampe en die olie vir die lig;
15 die reukaltaar met sy pale, die salfolie en die reukwerk van speserye en die gordyn vir die ingang van die tabernakel;
16 die brandofferaltaar met sy raamwerk van koper, sy pale en al sy bybehore; die kom met sy voetstuk;
17 die behangsels van die voorhof, sy pilare, sy voetstukke en die gordyn van die poort van die voorhof;
18 die penne van die tabernakel, die penne van die voorhof met hulle toue;

19 die kunstig geweefde klere om in die Afgesonderde plek te bedien, die afgesonderde klere vir Aharon, die priester en die klere van sy seuns om as priesters te dien.”
20 Die hele vergadering van die seuns van Yisra’el het van Mosheh se teenwoordigheid af weggegaan.
21 Elkeen wie se wil, emosie en verstand hom opgewek het en wie se gees hom beweeg het, het gekom en die bydrae aan יהוה gebring vir die werk aan die Tent van Ontmoeting, vir al sy bedieninge en vir die afgesonderde klere.
22 Hulle het gekom, beide manne en vroue, elkeen met ’n gewillige emosie, wil en verstand; hulle het armbande, neusringe, ringe, versierings en allerhande goue goed gebring, elkeen wat ’n offer van goud aan יהוה gebring het.
23 Elkeen wat in besit was van persblou, pers en bloedrooi materiale, wit geweefde linne, bokhaar, rooigekleurde ramsvelle en dugongvelle, het dit gebring.
24 Elkeen wat ’n bydrae van silwer of koper kon bring, het die bydrae vir יהוה gebring en elkeen wat akasiahout gehad het vir enige van die werk, het dit gebring.
25 Elke vrou wat kunstig was, het met haar eie hande gespin en dit wat sy gespin het, gebring: die persblou, pers en bloedrooi materiale en die fyn wit geweefde linne.
26 Al die vroue wie se wil en denke hulle opgewek het deur kunstigheid, het die bokhaar gespin.
27 Die leiers het die oniksstene en die stene om in te lê, vir die skouerstuk en die borsplaat gebring,
28 die speserye en die olie vir die lampstaander en vir die salfolie en vir die reukwerk van speserye.
29 Die seuns van Yisra’el het ’n vrywillige offergawe aan יהוה gebring, elke man en vrou wie se wil, emosie en verstand gewillig was om te bring vir al die werk wat יהוה deur die hand van Mosheh beveel het om gedoen te word.
30 Mosheh het vir die seuns van Yisra’el gesê: “Let op, יהוה het B’tzal’el, die seun van Uri, die seun van Hur, van die stam van Y’hudah, by sy naam geroep
31 en Hy het hom met die Gees van God gevul, met wysheid, met begrip, met kennis en met bekwaamheid vir allerhande werk,
32 om ontwerpe uit te dink, om te werk in goud, silwer en koper,
33 in snywerk, in stene wat ingelê moet word, in houtsneewerk en om te werk in allerhande ontwerpwerk.
34 Hy het dit ook in sy wil en verstand gegee om ander te leer, aan hom en aan Oholi’av, die seun van Agisamakh, van die stam van Dan.
35 Hy het hulle gevul met wysheid van verstand om allerhande werk te maak van ’n graveerder, ’n ontwerper, ’n maker van veelkleurige muurtapyte in persblou, pers en bloedrooi materiale en wit geweefde linne en van ’n wewer; hulle wat al die werk moes doen en kunstige ontwerpe moes uitdink.

36 1 B’tzal’el en Oholi’av en elkeen wat kunstig is, in wie יהוה wysheid en begrip gegee het om te weet hoe om al die werk tot diens van die Afgesonderde Plek te doen, moes dit maak net soos יהוה beveel het.

2 Mosheh het B'tzal'el, Oholi'av en elkeen wat kunstig was, in wie se wil en verstand יהוה wysheid gegee het, geroep; elkeen wie se wil en verstand hom opgewek het om die werk te kom doen.
3 Hulle het al die bydraes, wat die seuns van Yisra'el vir die uitvoer van die werk by die maak van die Afgesonderde Plek gebring het, vanaf Mosheh ontvang en hulle het oggend na oggend steeds vir hom vrywillige offergawes gebring.
4 Al die kunstige manne wat met al die werk by die Afgesonderde Plek besig was, man vir man, het van die werk waarmee hulle besig was afgekom
5 en hulle het met Mosheh gepraat en gesê: "Die volk bring meer as wat nodig is vir die uitvoering van die werk wat יהוה ons beveel het om te doen."
6 Mosheh het bevel gegee en hulle het dit deur die kamp bekend gemaak en gesê: "Laat geen man of vrou verder enige werk doen in verband met die bydraes vir die Afgesonderde Plek nie." Die volk is so teruggehou om te bring,
7 want die materiaal wat hulle gehad het, was meer as genoeg om al die werk te doen.
8 Almal wat kunstig was onder hulle wat aan die tabernakel gewerk het, het tien gordyne gemaak uit wit geweefde linne en met persblou, pers en bloedrooi materiaal, met gérubs; as kunstige werk het hulle dit gemaak. B'tzal'el het dit gemaak.
9 Die lengte van elke gordyn was agt en twintig el en die breedte van elke gordyn vier el. Al die tentdoeke het een maat gehad.
10 Hy het vyf van die tentdoeke aan mekaar vasgewerk en die ander vyf tentdoeke het hy ook aan mekaar vasgewerk.
11 Hy het lissies van persblou materiaal gemaak aan die soom van die buitenste gordyn van die een stel; hy het dieselfde gemaak aan die soom van die laaste gordyn van die tweede stel.
12 Vyftig lissies het hy gemaak aan die een gordyn en vyftig lissies het hy gemaak aan die kant van die gordyn van die tweede stel. Die lissies was die een teenoor die ander.
13 Hy het ook vyftig goue hakies gemaak en die gordyne aan mekaar vasgesit met die hakies sodat die tabernakel een geheel was.
14 Hy het gordyne van bokhaar gemaak as 'n tentseil oor die tabernakel: hy het elf gordyne gemaak.
15 Die lengte van elke gordyn was dertig el en die breedte van elke gordyn vier el: die elf tentdoeke het een maat gehad.
16 Hy het vyf van die gordyne afsonderlik aan mekaar gewerk en ses van die gordyne afsonderlik.
17 Hy het vyftig lissies gemaak aan die soom van die laaste gordyn van die een stel en vyftig lissies het hy gemaak aan die soom van die laaste gordyn van die tweede stel.
18 Hy het ook vyftig koper hakies gemaak om die tent aan mekaar vas te sit sodat dit een geheel was.
19 Hy het ook vir die tent 'n bedekking van rooi gekleurde ramsvelle gemaak en daar bo-oor 'n bedekking van dugongvelle.
20 Hy het ook vir die tabernakel planke van akasiahout gemaak wat regop staan.

21 Die plank se lengte was tien el en die breedte van elke plank was een en ’n half el.
22 Elke plank het twee tappe gehad wat met mekaar verbind was. So het hy al die planke van die tabernakel gemaak.
23 Hy het die planke vir die tabernakel gemaak: twintig planke vir die suidekant.
24 Hy het veertig silwer voetstukke onder die twintig planke gemaak: twee voetstukke onder die een plank vir sy twee tappe en twee voetstukke onder die ander plank vir sy twee tappe.
25 Hy het ook vir die ander sykant van die tabernakel, aan die noordekant, twintig planke gemaak,
26 met hulle veertig silwer voetstukke: twee voetstukke onder die een plank en twee voetstukke onder die ander plank.
27 Vir die agterkant van die tabernakel, aan die westekant, het hy ses planke gemaak.
28 Hy het ook twee planke vir die hoeke van die tabernakel aan die agterkant gemaak.
29 Hulle was aan die onderkant en aan die bokant met ’n ring aanmekaar vas. So het hy altwee gemaak vir die twee hoeke.
30 Daar was dus agt planke met hulle silwer voetstukke: sestien voetstukke; twee voetstukke onder elke plank.
31 Hy het ook pale van akasiahout gemaak: vyf vir die planke van die een sykant van die tabernakel
32 en vyf pale vir die planke van die ander sykant van die tabernakel; ook vyf pale vir die planke van die agterkant van die tabernakel aan die westekant.
33 Hy het die middelste balk gemaak om van kant tot kant te loop, in die middel van die planke, van die een ent na die ander.
34 Hy het die planke met goud oorgetrek en hulle ringe, as plekke vir die pale, het hy van goud gemaak. Hy het ook die pale met goud oorgetrek.
35 Hy het ook die verdelingsgordyn gemaak van persblou, pers en bloedrooi materiaal en wit geweefde linne; as kunstige werk het hy dit gemaak, met gérubs.
36 Hy het vier pilare van akasiahout daarvoor gemaak en dit met goud oorgetrek; hulle hake was ook van goud en hy het vier silwer voetstukke daarvoor gegiet.
37 Hy het ook vir die ingang van die tent ’n gordyn gemaak van persblou, pers en bloedrooi materiaal en wit geweefde linne; veelkleurige werk
38 en daarvoor het hy vyf pilare gemaak, met hulle hake. Hy het hulle toppe en ringe met goud oorgetrek en hulle vyf voetstukke was van koper.

37 1 B’tzal’el het die ark van akasiahout gemaak; sy lengte was twee en ’n half el en sy breedte een en ’n half el en sy hoogte een en ’n half el.
2 Hy het dit van binne en van buite oorgetrek met suiwer goud en hy het rondom ’n goue rand gemaak.
3 Hy het vier goue ringe daarvoor gegiet, aan sy vier voete, twee ringe aan die een kant en twee ringe aan die ander kant.
4 Hy het pale van akasiahout gemaak en dit met goud oorgetrek

5 en hy het die pale in die ringe gesteek aan weerskante van die ark om die ark mee te dra.
6 Hy het ook ’n Toedekking van suiwer goud gemaak. Sy lengte was twee en ’n half el en sy breedte een en ’n half el.
7 Hy het ook twee gérubs van goud gemaak. Van slaanwerk het hy hulle gemaak, aan die twee ente van die Toedekking.
8 Een gérub aan die een ent en een gérub aan die ander ent. Hy het die gérubs aan die twee ente, saam met die Toedekking, uit een stuk gemaak.
9 Die gérubs het hulle vlerke boontoe uitgesprei gehou en die Toedekking met hulle vlerke toegemaak. Hulle gesigte was na mekaar toe en het na die Toedekking gekyk.
10 Hy het ook die tafel van akasiahout gemaak. Sy lengte was twee el en sy breedte ’n el en sy hoogte een en ’n half el.
11 Hy het dit met suiwer goud oorgetrek en daarvoor ’n goue rand rondom gemaak.
12 Hy het ook daarvoor ’n rand van ’n handbreedte rondom gemaak en hy het ’n goue krans vir die lys rondom gemaak.
13 Hy het ook vier goue ringe daarvoor gegiet en hy het die ringe vasgesit aan die vier hoeke van die vier pote.
14 Die ringe was naby die lys, as plekke vir die pale, om die tafel te dra.
15 Hy het ook die pale van akasiahout gemaak en dit met goud oorgetrek om die tafel mee te dra.
16 Hy het die bybehore, wat op die tafel moet wees, van suiwer goud gemaak: sy skottels, sy rookpanne, sy bekers en sy kanne waaruit gegiet moes word.
17 Hy het ook die lampstaander van suiwer goud gemaak. Van slaanwerk het hy die lampstaander uit een stuk gemaak; sy voetstuk, sy stam, sy kelkies, sy knoppe en sy blomme.
18 Ses arms het uit die sykante uitgegaan: drie arms van die lampstaander uit die een kant en drie arms van die lampstaander uit die ander kant.
19 Daar was drie houers, gevorm soos amandelbloeisels, ’n knop en ’n blom aan die een arm en drie houers, gevorm soos amandelbloeisels, ’n knop en ’n blom aan die ander arm; dieselfde aan die ses arms wat uit die lampstaander uitgaan.
20 Aan die lampstaander self was vier houers, gevorm soos amandelbloeisels, met knoppe en blomme:
21 daar was ’n knop onder die eerste paar arms wat daaruit uitgaan en ’n knop onder die tweede paar arms wat daaruit uitgaan en ’n knop onder die derde paar arms wat daaruit uitgaan; vir die ses arms wat daaruit uitgaan.
22 Hulle knoppe en hulle arms was, alles saam, uit een stuk; een stuk slaanwerk van suiwer goud.
23 Hy het sewe lampe, die snuiters en die bakkies daarvoor van suiwer goud gemaak.
24 Hy het dit, met al sy gereedskap, van ’n talent suiwer goud gemaak.
25 Hy het die reukaltaar van akasiahout gemaak; sy lengte was ’n el en sy breedte ’n el; vierkantig. Sy hoogte was twee el. Sy horings was, daarmee saam, uit een stuk.

26 Hy het dit met suiwer goud oorgetrek: die bokant, die sykante en die horings. Hy het ook ’n goue rand daarvoor rondom gemaak.
27 Hy het ook twee goue ringe daarvoor gemaak, onderkant die rand, by sy twee hoeke, aan weerskante, as plekke vir pale om dit daarmee te dra.
28 Hy het die pale van akasiahout gemaak en dit met goud oorgetrek.
29 Hy het ook die afgesonderde salfolie gemaak en die suiwer reukwerk van speserye, soos die produk van ’n speserymenger.

38 1 Hy het die brandofferaltaar van akasiahout gemaak. Sy lengte was vyf el en sy breedte vyf el; vierkantig. Sy hoogte was drie el.
2 Hy het sy horings op die vier hoeke gemaak; sy horings was, daarmee saam, uit een stuk en hy het dit met koper oorgetrek.
3 Hy het ook al die bybehore van die altaar gemaak: die potte, die grawe, die komme, die vurke en die vuurpanne. Al sy bybehore het hy van koper gemaak.
4 Hy het ook vir die altaar ’n loopplank gemaak, ’n netwerk van koper, onder sy lys, halfpad van onder van die altaar af.
5 Hy het vier ringe aan die vier ente van die koper loopplank gegiet, as plekke vir die pale
6 en hy het die pale van akasiahout gemaak en dit met koper oorgetrek.
7 Hy het die pale in die ringe gesteek, aan die kante van die altaar, om dit daarmee te dra; hy het dit hol, van planke, gemaak.
8 Hy het ook die koper kom gemaak, met sy koper voetstuk, uit die koper spieëls van die vroue wat bymekaar gekom het vir ’n byeenkoms by die ingang van die Tent van Ontmoeting.
9 Hy het ook die voorhof gemaak. Aan die suidekant was die gordyne van die voorhof een honderd el lank en van wit geweefde linne.
10 Daar was twintig pilare vir hulle met hulle twintig koper voetstukke; die hake en die ringe van die pilare was van silwer.
11 Aan die noordekant was die gordyne ’n honderd el lank; met twintig pilare en hulle twintig koper voetstukke; die hake en die ringe van die pilare was van silwer.
12 Aan die westekant was daar gordyne van vyftig el lank; met tien pilare en hulle tien voetstukke; die hake en die ringe van die pilare was van silwer.
13 Aan die oostekant, waar die son opkom, vyftig el:
14 vyftien el gordyne vir die een kant, met drie pilare en hulle drie voetstukke;
15 asook vir die anderkant; aan weerskante van die poort van die voorhof; vyftien el gordyne, met drie pilare en hulle drie voetstukke.
16 Al die gordyne van die voorhof rondom was van wit geweefde linne
17 en die voetstukke van die pilare was van koper, die hake en die ringe van die pilare van silwer, die oortreksel van hulle toppe van silwer en hulle self, al die pilare van die voorhof, het silwer ringe gehad.
18 Die skerm van die poort van die voorhof was die produk van kunstige weefwerk, van persblou, pers en bloedrooi materiaal en wit geweefde linne: sy lengte was twintig el en die hoogte al langs sy breedte was vyf el, net soos die gordyne van die voorhof

19 met sy vier pilare en hulle vier voetstukke van koper, hulle hake van silwer, die oortreksel van hulle toppe en hulle ringe van silwer.
20 Al die penne vir die tabernakel en die voorhof rondom was van koper.
21 Dit is die berekening van die tabernakel, die tabernakel van die Getuienis, soos dit bereken is op bevel van Mosheh, vir die diens van die Leviete, onder leiding van Itamar, die seun van Aharon, die priester. Num 4:27-28, 33
22 B'tzal'el, die seun van Uri, die seun van Hur, van die stam van Y'hudah, het alles gemaak wat יהוה Mosheh beveel het
23 en saam met hom Oholi'av, die seun van Agisamakh, van die stam van Dan, 'n graveerder, ontwerper en wewer in persblou, pers en in bloedrooi materiaal en in wit geweefde linne.
24 Al die goud wat vir al die werk van die Afgesonderde Plek gebruik is, die goud wat as offer aangebied was, was nege en twintig talente en sewe honderd en dertig sikkels (877kg) volgens die sikkel van die Afgesonderde Plek.
25 Die silwer van die wat getel is van die vergadering was een honderd talente en een duisend sewe honderd vyf en sewentig sikkels (3023kg) volgens die sikkel van die Afgesonderde Plek;
26 'n beka vir elke persoon, dit is 'n halfsikkel volgens die sikkel van die Afgesonderde Plek, van elkeen wat oorgegaan het na die geteldes, van twintig jaar oud en daarbo, naamlik ses honderd en drie duisend vyf honderd en vyftig mans (603 550).
27 Van die honderd talente silwer is die voetstukke van die Afgesonderde Plek en die voetstukke van die verdelingsgordyn gegiet; honderd voetstukke vir honderd talente, 'n talent vir 'n voetstuk
28 en van die een duisend sewe honderd vyf en sewentig (1775) sikkels het hy hake vir die pilare gemaak, hulle toppe oorgetrek en hulle van ringe voorsien.
29 Die koper wat as offer aangebied was, het sewentig talente en twee duisend vier honderd sikkels bedra (2127kg).
30 Hy het daarvan die voetstukke van die ingang van die Tent van Ontmoeting, die koper altaar en sy koper loopvlak en al die bybehore van die altaar gemaak;
31 asook die voetstukke van die voorhof rondom en die voetstukke van die poort van die voorhof en al die penne van die Tabernakel, ook al die penne van die voorhof rondom.

39 1 Hulle het geweefde klere van persblou, pers en bloedrooi materiaal gemaak om in die Afgesonderde Plek te dien en ook die afgesonderde klere vir Aharon gemaak, net soos יהוה Mosheh beveel het.
2 Hy het die skouerkleed gemaak van goud, persblou, pers en bloedrooi materiaal en wit geweefde linne.
3 Hulle het dun plate van die goud geslaan en hy het dit in drade gesny om dit in te werk in die persblou, pers en bloedrooi materiaal en in die wit geweefde linne; 'n produk van kunstige werk.
4 Hulle het skouerstukke daaraan gemaak wat aan mekaar vas is; aan die twee bo-ente was dit aan mekaar vas

5 en die inmekaargeweefde band wat daaraan was om dit vas te bind, was daarmee saam uit een stuk, van dieselfde werk, van goud, persblou, pers en bloedrooi materiaal en wit geweefde linne, soos יהוה Mosheh beveel het.
6 Hulle het ook die oniksstene gemaak, vasgesit in monteerrame van goud, gegraveer, soos wat op 'n seëlsteen uitgesny word, met die name van die seuns van Yisra'el
7 en hy het hulle op die skouerstukke van die skouerkleed vasgesit as herinneringstene vir die seuns van Yisra'el, soos יהוה Mosheh beveel het.
8 Hy het ook die borsplaat van kunstige werk gemaak, soos die werk van die skouerstuk; van goud, persblou, pers en bloedrooi materiaal en wit geweefde linne.
9 Hulle het die borsplaat vierkantig gemaak deur dit dubbel te vou; sy lengte 'n span en sy breedte 'n span as dit dubbel gevou is
10 en hulle het vier rye stene daarin geset: 'n ry met 'n robyn, 'n topaas en 'n smarag was die eerste ry.
11 Die tweede ry 'n turkoois, 'n saffier en 'n diamant,
12 die derde ry 'n hiasint, 'n agaat en 'n ametis
13 en die vierde ry 'n beril, 'n oniks en 'n jaspis. Hulle is vasgesit en in goue monteerrame geset.
14 Daar was twaalf stene met die name van die seuns van Yisra'el, volgens hulle name gegraveer, soos wat op 'n seëlsteen uitgesny word; elkeen met sy eie naam volgens die twaalf stamme.
15 Hulle het ook by die borsplaat kettings van suiwer goud gemaak, soos gedraaide toue
16 en hulle het twee goue monteerrame en twee goue ringe gemaak en die twee ringe aan die twee bo-ente van die borsplaat vasgesit
17 en hulle het die twee goue toue aan die twee ringe aan die bo-ente van die borsplaat vasgemaak,
18 maar die twee ander ente van die twee toue het hulle aan die twee monteerrame vasgemaak en dié dan aan die skouerstukke van die skouerkleed vasgesit, aan die voorkant daarvan.
19 Hulle het ook twee goue ringe gemaak en dié aan die twee onder-ente van die borsplaat vasgesit, aan die kant wat teen die skouerkleed aan lê, aan die binnekant.
20 Hulle het twee goue ringe gemaak en dié aan die twee skouerstukke van die skouerkleed vasgesit, onderaan, aan die voorkant daarvan, by sy verbinding, bo die geweefde band van die skouerkleed
21 en hulle het die borsplaat, met sy ringe, met 'n persblou toutjie aan die ringe van die skouerstuk vasgebind sodat dit bo die band van die skouerstuk sou wees en die borsplaat nie van die skouerstuk kon afskuif nie, soos יהוה Mosheh beveel het.
22 Hy het die bokleed van die skouerstuk van geweefde werk gemaak, heeltemal van persblou materiaal.
23 Die opening van die bokleed was in die middel daarvan soos die opening van 'n borswapen; die opening het 'n soom rondom gehad sodat dit nie mag skeur nie.
24 Aan die soom van die bokleed het hulle granate gemaak van persblou, pers en bloedrooi materiaal en wit geweefde linne.

25 Hulle het ook klokkies van suiwer goud gemaak en die klokkies tussen die granate gesit, aan die soom van die bokleed, rondom, tussen die granate:
26 ’n klokkie en ’n granaat, ’n klokkie en ’n granaat, reg rondom aan die soom van die bokleed waarin bedien is, soos יהוה Mosheh beveel het.
27 Hulle het ook die klede van wit linne gemaak, van wewerswerk, vir Aharon en sy seuns
28 en die tulbande van wit linne en die ornamentele tulbande van wit linne en die broeke van wit geweefde linne
29 en die gordel van wit geweefde linne en van persblou, pers en bloedrooi materiale, die produk van ’n kunstige wewer, soos יהוה Mosheh beveel het.
30 Hulle het ook die plaat van die afgesonderde kroon van suiwer goud gemaak en daarop geskrywe met letters, soos dit op ’n seëlsteen uitgesny word: AFGESONDER TOT יהוה.
31 Hulle het ’n persblou tou daaraan vasgemaak om dit bo-op die tulband vas te sit, soos יהוה Mosheh beveel het.
32 So is dan al die werk aan die Tent van Ontmoeting voltooi en die seuns van Yisra’el het dit gemaak net soos יהוה Mosheh beveel het; so het hulle dit gemaak.
33 Hulle het die tent na Mosheh toe gebring, die tent self met alles wat daarby behoort, sy hakies, sy planke, sy pale, sy pilare, sy voetstukke,
34 die dekkleed van rooigekleurde ramsvelle, die dekkleed van dugongvelle, die verdelingsgordyn van die Toedekking,
35 die ark van die Getuienis met sy pale, die Toedekking,
36 die tafel met al sy bybehore, die brode van die Teenwoordigheid,
37 die suiwer lampstaander met sy lampe, die lampe wat daarop gerangskik moes word, met al sy bybehore en die olie vir die lampstaander;
38 verder die goue altaar, die salfolie, die reukwerk van speserye en die gordyn vir die ingang van die tent;
39 die koper altaar en sy koper loopvlak, sy pale met al sy bybehore, die kom en sy voetstuk,
40 die gordyne van die voorhof, sy pilare en sy voetstukke, die gordyn vir die poort van die voorhof, die lyne en penne wat daarby hoort en al die bybehore vir die diens in die Tent van Ontmoeting;
41 die geweefde klere, waarmee in die Afgesonderde plek bedien is, die afgesonderde klere van Aharon, die priester en die klere van sy seuns, om in te dien as priesters.
42 Volgens alles wat יהוה Mosheh beveel het, so het die seuns van Yisra’el al die werk gedoen.
43 Mosheh het al die werk inspekteer en werklik, hulle het dit gemaak soos יהוה beveel het, so het hulle dit gemaak en Mosheh het hulle geseën.

40 1 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
2 “Op die eerste dag van die eerste maand, moet jy die Tent van Ontmoeting oprig
3 en jy moet die ark van die Getuienis daarin sit en die ark met die verdelingsgordyn toemaak.

4 Jy moet die tafel inbring en daarop regsit wat daarop hoort. Jy moet ook die lampstaander inbring en sy lampe opsteek.
5 Jy moet ook die goue altaar vir die reukwerk voor die ark van die Getuienis neersit. Jy moet die gordyn van die ingang van die tabernakel ophang.
6 Jy moet ook die brandofferaltaar voor die ingang van die Tent van Ontmoeting neersit
7 en die kom tussen die Tent van Ontmoeting en die altaar neersit en water ingooi.
8 Maak die voorhof rondom en hang die gordyn aan die poort van die voorhof op.
9 Jy moet die salfolie neem en jy moet die tent en alles wat daarin is salf en dit afsonder met alles wat daarby hoort en dit sal afgesonderd wees.
10 Jy moet ook die brandofferaltaar salf met al sy bybehore en jy moet die altaar afsonder en die altaar sal heeltemal afgesonderd wees.
11 Salf die kom en sy voetstuk en sonder dit af.
12 Jy moet ook vir Aharon en sy seuns na die ingang van die Tent van Ontmoeting laat kom en jy moet hulle met water was.
13 Jy moet vir Aharon die afgesonderde klere aantrek en hom salf en afsonder sodat hy My kan dien as priester.
14 Jy moet ook sy seuns laat kom en vir hulle die klede aantrek.
15 Jy moet hulle salf, soos jy hulle vader gesalf het en hulle moet My dien as priesters, want hulle salwing sal vir hulle ’n ewige priesterskap wees, in hulle geslagte.”
16 Dit het Mosheh gedoen, volgens alles wat יהוה hom beveel het, net so het hy gedoen.
17 In die eerste maand, in die tweede jaar, op die eerste van die maand, is die tabernakel opgerig.
18 Mosheh het die tabernakel opgerig: hy het sy voetstukke neergesit, sy planke daarop gesit, sy pale vasgemaak en sy pilare opgerig.
19 Hy het die tent oor die raamwerk gespan en die dekkleed van die tent bo-oor getrek, net soos יהוה Mosheh beveel het.
20 Verder het hy die Getuienis gevat en dit in die ark ingesit en die pale aan die kant van die ark ingesteek en die Toedekking het hy bo-op die ark gesit.
21 Hy het die ark in die tabernakel ingebring, die verdelingsgordyn as bedekking opgehang en die ark van die Getuienis toegemaak, soos יהוה Mosheh beveel het.
22 Hy het die tafel in die Tent van Ontmoeting neergesit, aan die noordekant van die tabernakel, buitekant die verdelingsgordyn.
23 Hy het die brood daarop gerangskik voor die Teenwoordigheid van יהוה, soos יהוה Mosheh beveel het.
24 Hy het ook die lampstaander in die Tent van Ontmoeting gesit, oorkant die tafel, aan die suidekant van die tabernakel.
25 Hy het die lampe opgesteek, voor die Teenwoordigheid van יהוה, soos יהוה Mosheh beveel het.
26 Hy het die goue altaar in die Tent van Ontmoeting neergesit, voor die verdelingsgordyn
27 en reukwerk van speserye daarop aan die brand gesteek, soos יהוה Mosheh beveel het.

28 Hy het die gordyn aan die ingang van die tabernakel opgehang.
29 Hy het die brandofferaltaar by die ingang van die Tent van Ontmoeting neergesit en hy het die brandoffer en die graanoffer daarop gebring, soos יהוה Mosheh beveel het.
30 Hy het die kom tussen die Tent van Ontmoeting en die altaar gesit en hy het water ingegooi om mee te was
31 en Mosheh, Aharon en sy seuns het hulle hande en voete daar gewas.
32 Wanneer hulle ingaan in die Tent van Ontmoeting of naderkom na die altaar, het hulle hul gewas, soos יהוה Mosheh beveel het.
33 Hy het die voorhof wat rondom die tabernakel is en die altaar opgerig en die gordyn vir die poort van die voorhof opgehang. So het Mosheh dan die werk voltooi
34 en die wolk het die Tent van Ontmoeting oordek en die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה het die tent gevul.
35 Mosheh was nie in staat om in die Tent van Ontmoeting in te gaan nie omdat die wolk daarop gerus en die Teenwoordigheid van יהוה die tent gevul het.
36 Wanneer ook al die wolk van die tent af oplig, het die seuns van Yisra'el weggetrek op al hulle reise,
37 maar as die wolk nie oplig nie, dan trek hulle nie weg nie, tot die dag wat dit weer oplig,
38 want die wolk van יהוה was bedags en vuur in die nag op die tent, voor die oë van die hele huis van Yisra'el, op al hulle reise.

Die derde boek van die Verbond (Tanakh)

Die derde boek van die Instruksies (Torah)

# Levitikus

(ויקרא - Vayikra – Hy het geroep)

Die vyf boeke van die Instruksies (Wet) is deur Mosheh saamgestel vanuit oordragte en skrywes van ten minste 10 mense, met die grootste gedeelte deur Mosheh self geskryf.

1 1 יהוה het Mosheh geroep en met hom gepraat vanaf die Tent van Ontmoeting en gesê:
2 “Praat met die seuns van Yisra’el en sê vir hulle: ‘As iemand van julle aan יהוה ’n offer bring, moet julle jul offer bring vanuit vee: van beeste of van kleinvee.
3 As sy offer ’n brandoffer is vanuit die beeste, moet dit ’n bul sonder gebrek wees wat hy offer. Hy moet dit by die ingang van die Tent van Ontmoeting offer sodat hy voor יהוה aanvaar sal word.
4 Hy moet sy hand op die kop van die brandoffer lê sodat dit aanvaar mag word om namens hom toedekking te doen.
5 Hy moet die jong bul voor יהוה doodmaak en die seuns van Aharon, die priesters, moet die bloed bring en die bloed rondom teen die altaar, wat by die ingang van die Tent van Ontmoeting is, sprinkel.
6 Hy moet dan die brandoffer afslag en dit in sy stukke verdeel.
7 Die seuns van Aharon, die priester, moet vuur op die altaar sit en hout op die vuur regpak.
8 Die seuns van Aharon, die priesters, moet die stukke, die kop en die vet, regpak op die hout, wat op die vuur, op die altaar is,
9 maar die binnegoed en die pote moet hy met water was en die priester moet dit alles op die altaar in rook laat opgaan as ’n brandoffer, ’n offer deur vuur, ’n aangename geur tot יהוה.
10 As sy offer ’n stuk kleinvee as brandoffer is, van die skape of van die bokke, moet dit ’n ram sonder gebrek wees wat hy offer.
11 Hy moet dit aan die noordekant van die altaar, voor יהוה doodmaak en die seuns van Aharon, die priesters, moet die bloed daarvan rondom teen die altaar sprinkel.
12 Hy moet dit in sy stukke verdeel, met die kop en die vet en die priester moet dit reglê op die hout, wat op die vuur is, op die altaar,
13 maar die binnegoed en die pootjies moet hy met water was en die priester moet dit alles bring en op die altaar brand en in rook laat opgaan, as ’n brandoffer, ’n offer deur vuur, ’n aangename geur tot יהוה.
14 As sy offer aan יהוה ’n brandoffer is van voëls, moet hy sy offer bring van tortelduiwe of van jong duiwe.
15 Die priester moet dit na die altaar bring en die kop afknyp en dit op die altaar brand en in rook laat opgaan; hy moet die bloed teen die kant van die altaar laat uitloop.
16 Hy moet die krop saam met sy vere verwyder en dit langs die altaar gooi, aan die oostekant, op die plek vir as.
17 Hy moet dit by die vlerke skeur, sonder om hulle af te trek en die priester moet dit op die altaar aan die brand steek, op die hout, wat op die vuur is; dit is ’n brandoffer, ’n offer deur vuur, ’n aangename geur tot יהוה.

2 1 As iemand aan יהוה 'n graanoffer bring, moet sy offer van fyn meel wees en hy moet olie daarop gooi en wierook daarop sit.
2 Hy moet dit na die seuns van Aharon, die priesters, bring en een moet 'n volle handvol van die fyn meel met die olie vat, met al die wierook en hy moet dit as die deel van die herdenkingsoffer op die altaar brand en in rook laat opgaan, 'n offer deur vuur, 'n aangename geur tot יהוה.
3 Wat oorbly van die graanoffer, is vir Aharon en sy seuns. Van die offers wat met vuur tot יהוה gebring word, is dit 'n mees afgesonderde ding.
4 As jy 'n graanoffer bring wat in die oond gebak is, moet dit ongesuurde koeke van fyn meel wees, met olie gemeng of ongesuurde platkoeke met olie gesmeer.
5 As jou offer 'n graanoffer is wat op 'n plaat gebak is, moet dit van fyn meel wees met olie gemeng en ongesuurd.
6 Jy moet dit in stukkies breek en olie daarop gooi: dit is 'n graanoffer.
7 As 'n graanoffer in 'n pan gebak, jou offer is, moet dit van fyn meel wees met olie.
8 Jy moet die graanoffer wat van hierdie dinge voorberei word, aan יהוה bring en wanneer dit vir die priester aangebied is, sal hy dit na die altaar toe bring.
9 Die priester moet vanuit die graanoffer 'n porsie as herdenkingsoffer uithaal en op die altaar brand en in rook laat opgaan, 'n offer deur vuur, 'n aangename geur tot יהוה.
10 Wat oorbly van die graanoffer, is vir Aharon en sy seuns. Van die offers wat met vuur tot יהוה gebring word, is dit 'n mees afgesonderde ding.
11 Geen graanoffer wat julle tot יהוה bring, mag van suurdeeg gemaak word nie, want jy mag géén suurdeeg of heuning in rook tot יהוה laat opgaan en brand in 'n offer van vuur nie.
12 Julle mag dit as 'n offer van eerstelinge tot יהוה bring, maar dit mag nie op die altaar as 'n aangename geur gebrand word nie.
13 Jy moet al jou graanoffers egter met sout voorberei en jy mag die sout van die verbond van jou God nie laat ontbreek by jou graanoffer nie. Jy moet sout saam met al jou offers offer. Num 18:19; Mar 9:49,50; Kol 4:6
14 As jy 'n graanoffer van eerstelinge tot יהוה bring, moet jy groen are wat oor die vuur gebraai is, graan uitgeslaan van vol are, as 'n graanoffer van jou eerstelinge offer.
15 Jy moet olie daarop gooi en wierook daarop sit; dit is 'n graanoffer.
16 Die priester moet die herdenkingsgedeelte daarvan in rook laat opgaan, 'n deel van die uitgeslaande graan en van die olie met al die wierook, as 'n offer van vuur tot יהוה.

3 1 As sy offer 'n vredesoffer is, as hy dit van beeste bring, bul of vers, moet hy een sonder gebrek voor יהוה bring.
2 Hy moet sy hand op die kop van sy offer lê en dit by die ingang van die Tent van Ontmoeting doodmaak en die seuns van Aharon, die priesters, moet die bloed rondom teen die altaar sprinkel.
3 Hy moet van die vredesoffer 'n offer van vuur tot יהוה offer: die vet wat die binnegoed toemaak en al die vet wat aan die binnegoed is,

4 die twee niere en die vet wat daarop is aan die lendene en die vetlap aan die lewer, moet hy saam met die niere verwyder.
5 Die seuns van Aharon moet dit op die altaar offer en in rook laat opgaan bo-op die brandoffer, wat op die hout is, op die vuur, as ’n offer deur vuur, ’n aangename geur tot יהוה.
6 As sy offer ’n stuk kleinvee is, as ’n vredesoffer aan יהוה, moet hy een wat sonder gebrek is offer, ram of ooi.
7 As hy ’n skaaplam bring as sy offer, moet hy dit voor יהוה offer
8 en sy hand op die kop van sy offer lê en dit voor die Tent van Ontmoeting doodmaak en die seuns van Aharon moet die bloed rondom teen die altaar sprinkel.
9 Hy moet van die vredesoffer ’n offer van vuur tot יהוה offer: die vet, die totale vetstert wat hy naby die rugstring sal verwyder, die vet wat die binnegoed bedek en al die vet wat aan die binnegoed is,
10 die twee niere en die vet wat daarop is aan die lendene en die vetlap aan die lewer, wat hy saam met die niere moet verwyder
11 en die priester moet dit op die altaar in rook laat opgaan as kos in ’n offer, ’n offer deur vuur tot יהוה.
12 As sy offer ’n bok is, moet hy dit voor יהוה offer
13 en sy hand op die kop van sy offer lê en dit voor die Tent van Ontmoeting doodmaak en die seuns van Aharon moet die bloed rondom teen die altaar sprinkel.
14 Hy moet sy offer, as offer van vuur tot יהוה, daarvan bring: die vet wat die binnegoed bedek en al die vet wat aan die binnegoed is,
15 die twee niere en die vet wat daarop is aan die lendene en die vetlap aan die lewer, moet hy saam met die niere verwyder
16 en die priester moet dit op die altaar in rook laat opgaan as kos in ’n offer tot ’n aangename geur. Al dié vet behoort aan יהוה.
17 Hierdie sal ’n ewige instelling wees in julle geslagte, in al julle blyplekke: julle mag géén vet en géén bloed eet nie.’” Lev 7:23, 27; Lev 17:10-14

4 1 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
2 “Praat met die seuns van Yisra’el en sê: ‘As iemand onwetend teen een van die opdragte, wat יהוה beveel het nie gedoen mag word nie, sondig en enige een van hulle oortree; Ya’a 2:10
3 of as die gesalfde priester sondig en daardeur skuld op die mense bring; moet hy vir die sonde wat hy gedoen het, ’n jong bul, sonder gebrek, aan יהוה bring as ’n sondoffer.
4 Hy moet die bul bring na die ingang van die Tent van Ontmoeting, voor יהוה en hy moet sy hand op die kop van die bul lê en die bul voor יהוה doodmaak.
5 Die gesalfde priester moet van die bloed van die bul vat en dit na die Tent van Ontmoeting bring
6 en die priester moet sy vinger in die bloed steek en van die bloed sewe maal voor יהוה sprinkel, voor die verdelingsgordyn van die Afgesonderde plek.

7 Die priester moet ook van die bloed aan die horings van die altaar van die gegeurde wierook, wat in die Tent van Ontmoeting voor יהוה is, smeer en hy moet al die orige bloed van die bul uitgooi aan die onderkant van die brandofferaltaar wat by die ingang van die Tent van Ontmoeting is

8 en al die vet van die sondofferbul moet hy van hom af wegvat: die vet wat die binnegoed toemaak en al die vet wat aan die binnegoed is,

9 die twee niere en die vet wat daarop is aan die lendene en die vetlap aan die lewer, wat hy saam met die niere moet verwyder,

10 net soos dit van die vredesoffer verwyder word; die priester moet dit in rook laat opgaan op die brandofferaltaar,

11 maar die vel van die bul en al sy vleis, met die kop, die pote, die binnegoed en die mis,

12 die hele res van die bul, moet hy buitekant die kamp uitbring na ’n skoon plek waar die as uitgegooi word en hy moet hom op hout, met vuur verbrand; op die plek waar die as uitgegooi word, moet dit verbrand word.

13 As die hele vergadering van Yisra’el oortree en dit is verborge vir die vergadering en hulle het enige iets gedoen teen die opdragte van יהוה, wat nie gedoen moes word nie en skuldig is;

14 wanneer die sonde wat hulle gedoen het, bekend word, moet die vergadering ’n jong bul vir hulle sonde offer en hom voor die Tent van Ontmoeting bring.

15 Die oudstes van die vergadering moet hulle hande op die kop van die bul lê voor יהוה en die bul moet voor יהוה doodgemaak word.

16 Die gesalfde priester moet van die bloed van die bul na die Tent van Ontmoeting bring

17 en die priester moet sy vinger in die bloed steek en dit sewe maal voor יהוה, voor die verdelingsgordyn sprinkel

18 en hy moet van die bloed aan die horings van die altaar wat voor יהוה in die Tent van Ontmoeting is, smeer en hy moet al die orige bloed uitgooi aan die onderkant van die brandofferaltaar wat by die ingang van die Tent van Ontmoeting is.

19 Hy moet al die vet van dit verwyder en op die altaar in rook laat opgaan.

20 Hy moet met die bul doen soos hy met die sondofferbul gedoen het. Net so moet hy met hom maak. Die priester moet so vir hulle toedekking doen en dit sal hulle vergewe word.

21 Hy moet die bul buitekant die kamp uitbring en hom verbrand soos hy die eerste bul verbrand het; dit is ’n sondoffer namens die vergadering.

22 As ’n leier sondig en iets onwetend gedoen het teen enige van die opdragte van יהוה, sy God, in enige iets wat nie gedoen moet word nie en hy skuldig is,

23 as sy sonde wat hy gedoen het, aan hom bekend word, moet hy as sy offer ’n boklam bring, ’n ram sonder gebrek

24 en hy moet sy hand op die kop van die bok lê en hom slag op die plek waar hulle die brandoffer voor יהוה doodmaak; dit is ’n sondoffer.

25 Die priester moet van die bloed van die sondoffer met sy vinger vat en dit aan die horings van die brandofferaltaar smeer, maar die orige bloed moet hy aan die onderkant van die brandofferaltaar uitgooi.

26 Hy moet al die vet op die altaar in rook laat opgaan, soos die vet van die vredesoffer. So moet die priester dan vir hom toedekking doen vir sy sonde en dit sal hom vergewe word.
27 As iemand van die volk van die land onwetend sondig, deur enige iets te doen wat יהוה beveel het nie gedoen moet word nie en skuldig word,
28 as sy sonde wat hy gedoen het, aan hom bekend word, moet hy as sy offer 'n boklam bring, 'n ooilam sonder gebrek, vir die sonde wat hy gedoen het
29 en hy moet sy hand op die kop van die sondoffer lê en die sondoffer doodmaak op die plek van die brandoffer.
30 Die priester moet van haar bloed met sy vinger vat en dit aan die horings van die brandofferaltaar smeer, maar al die orige bloed moet hy aan die onderkant van die altaar uitgooi;
31 al die vet moet hy verwyder, soos die vet van die vredesoffer af verwyder is en die priester moet dit op die altaar as 'n aangename geur tot יהוה in rook laat opgaan. So moet die priester dan vir hom toedekking doen en dit sal hom vergewe word.
32 As hy 'n skaaplam as sy sondoffer bring, moet dit 'n ooilam wees sonder gebrek
33 en hy moet sy hand op die kop van die sondoffer lê en dit as sondoffer doodmaak op die plek waar hulle die brandoffer doodmaak.
34 Die priester moet van die bloed van die sondoffer met sy vinger vat en dit aan die horings van die brandofferaltaar smeer, maar al die orige bloed moet hy aan die onderkant van die altaar uitgooi.
35 Al die vet moet hy verwyder soos die vet van die vredesofferlam verwyder word en die priester moet dit op die altaar in rook laat opgaan volgens die offers deur vuur tot יהוה. So moet die priester vir hom toedekking doen vir die sonde wat hy gedoen het en dit sal hom vergewe word.

5 1 As iemand sondig nadat hy die gesproke eedswering gehoor het terwyl hy getuie was van iets, wat hy óf gesien het óf daarvan weet en hy dit nie rapporteer nie, dra hy skuld; [Mat 26:63-65; Mar 14:61-63]
2 of: as iemand enige iets aanraak wat onrein is; [Rig 14:8-9] die karkas van 'n onrein wilde dier, of die karkas van onrein vee, of die karkas van onrein kruipende gediertes en dit nie geweet het nie, sal hy ook onrein en skuldig wees;
3 of as hy iets menslik onrein aanraak, watter onreinheid waardeur hy hom ook al kan verontreinig en hy dit nie geweet het nie, maar hy dit te wete gekom het, is hy skuldig;
4 of: as iemand sweer terwyl hy onnadenkend met die lippe praat om kwaad of goed te doen, wat 'n mens ook al met 'n eed onverskillig kan praat en hy dit nie weet nie, wanneer hy dit te wete gekom het, is hy skuldig aan al die dinge.
5 Dit sal wees dat as hy aan een van hierdie dinge skuldig is, hy moet bely dat hy daarin gesondig het
6 en hy moet sy oortredingsoffer aan יהוה bring vir die sonde wat hy gedoen het, 'n ooilam vanuit die kleinvee, 'n skaaplam of 'n boklam, as 'n sondoffer. So moet die priester namens hom toedekking doen vir sy sonde.

7 As hy nie kleinvee kan bekostig nie, moet hy vir die skuld van sy sonde, twee tortelduiwe of twee jong duiwe aan יהוה bring, een as sondoffer en een as 'n brandoffer;
8 hy moet hulle na die priester bring, wat die een, wat as sondoffer bedoel is, eerste moet offer en sy kop by sy nek afknyp sonder om dit af te skeur.
9 Hy moet van die bloed van die sondoffer teen die kant van die altaar sprinkel, maar wat oorbly van die bloed, moet aan die onderkant van die altaar gedreineer word; dit is 'n sondoffer.
10 Die tweede een moet hy as 'n brandoffer, volgens voorskrif, offer. So moet die priester vir hom toedekking doen weens die sonde wat hy gedoen het en dit sal hom vergewe word.
11 As hy nie twee tortelduiwe of twee jong duiwe kan bekostig nie, moet hy as offer, vir wat hy gesondig het, 'n tiende van 'n efa fyn meel as sondoffer bring. Hy moet geen olie daarop gooi en geen wierook daarby sit nie, want dit is 'n sondoffer.
12 Hy moet dit na die priester bring en die priester moet daar 'n vol handvol van vat as die herdenkingsdeel en dit op die altaar in rook laat opgaan volgens die offers deur vuur tot יהוה. Dit is 'n sondoffer.
13 So moet die priester vir hom toedekking doen vir die sonde wat hy gedoen het in enige een van hierdie gevalle en dit sal hom vergewe word. Die res behoort aan die priester, net soos die graanoffer.'"
14 יהוה het ook met Mosheh gepraat en gesê:
15 "As iemand 'n oortreding begaan en onwetend sondig met betrekking tot die afgesonderde dinge van יהוה, moet hy 'n ram, sonder gebrek, vanuit die kleinvee, na יהוה bring vir sy oortreding, na jou skatting van die waarde in sikkels silwer, volgens die sikkel van die Afgesonderde plek, as 'n oortredingsoffer.
16 Hy moet vergoeding gee vir wat hy ten opsigte van die afgesonderde dinge gesondig het en nog 'n vyfde deel daarvan byvoeg en dit aan die priester gee. So moet die priester vir hom toedekking doen deur die oortredings-offerram en dit sal hom vergewe word.
17 As iemand sondig en onbewus enigiets doen wat deur die opdragte van יהוה verbied word, is hy skuldig en moet hy sy straf dra.
18 Hy moet van die kleinvee, 'n ram sonder gebrek, as oortredingsoffer, volgens jou beraming, na die priester bring en die priester moet vir hom toedekking doen vir sy onbewuste fout en dit sal hom vergewe word.
19 Dit is 'n oortredingsoffer; hy het sekerlik voor יהוה skuldig geword."

6 1 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
2 "As iemand sondig en ontrou handel teenoor יהוה deurdat hy lieg teenoor sy naaste aangaande iets wat in sy hand gesit is vir bewaring, of as 'n deposito gegee is, of geroof is, of as hy iets van sy naaste afgepers het,
3 of dat hy iets gekry het wat weg was en daaroor lieg en hy vals sweer; ten opsigte van enige van hierdie dinge wat 'n mens kan doen waardeur hy sondig,
4 sal dit wees omdat hy gesondig het en skuldig is, hy moet teruggee wat hy gesteel of deur afpersing gevat het, of wat aan hom toevertrou was vir bewaring, of verlore goed wat hy gevind het,

5 of alles waaroor hy vals gesweer het: hy moet dit ten volle vergoed en nog ’n vyfde van die waarde daarvan bysit en aan hom aan wie dit behoort teruggee, op die dag as hy sy oortredingsoffer doen.
6 Hy moet van die kleinvee, na jou skatting, as oortredingsoffer aan יהוה, ’n ram, sonder gebrek, as oortredingsoffer na die priester bring.
7 Die priester moet vir hom toedekking doen voor יהוה en hy sal vergewe wees vir enige van die dinge wat hy gedoen het en waaraan hy skuldig is.”
8 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
9 “Beveel Aharon en sy seuns en sê: ‘Dit is die wet van die brandoffer: die brandoffer moet die hele nag lank tot die oggend toe op sy vuurherd, op die altaar, bly en die altaarvuur moet aan die brand gehou word.
10 Die priester moet sy linne kleed aantrek en die linne broek moet hy oor sy vlees aantrek; dan moet hy die as van die brandoffer wat die vuur op die altaar verteer het, aflig en dit langs die altaar gooi.
11 Hy moet sy klere uittrek, ander klere aantrek en die as buitekant die kamp na ’n rein plek dra.
12 Die vuur op die altaar moet daarop aan die brand gehou word, dit mag nie doodgaan nie en die priester moet elke oggend hout daarop aan die brand steek en die brandoffer daarop reg uitlê en die stukke vet van die vredesoffer daarop brand en in rook laat opgaan.
13 Vuur moet altyddeur op die altaar brand; dit mag nie doodgaan nie.
14 Dit is die wet van die graanoffer: die seuns van Aharon moet dit voor יהוה aanbied, voor die altaar.
15 Dan moet een van hulle van die graanoffer se fyn meel ’n handvol vat, met sy olie en al die wierook wat op die graanoffer is en hy moet dit op die altaar in rook laat opgaan vir ’n aangename geur as ’n herdenking tot יהוה.
16 Wat daarvan oorbly, moet Aharon en sy seuns eet; as ongesuurde brode moet dit op ’n afgesonderde plek geëet word; in die voorhof van die Tent van Ontmoeting moet hulle dit eet.
17 Dit mag nie met suurdeeg gebak word nie. Ek het dit gegee as hulle deel van my offers wat met vuur gebring word. Dit is heeltemal afgesonderd, soos die sondoffer en die oortredingsoffer.
18 Almal wat manlik is onder die seuns van Aharon mag dit eet. Dit is ’n ewige instelling vir julle geslagte aangaande die offers wat met vuur gebring word tot יהוה. Almal wat daaraan raak, sal afgesonderd wees.’”
19 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
20 “Dit is die offer van Aharon en sy seuns, wat hulle aan יהוה moet bring, op die dag as hy gesalf word: ’n tiende van ’n efa fyn meel as ’n gereelde graanoffer; die helfte daarvan in die oggend en die helfte in die aand.
21 Dit moet in ’n pan met olie voorberei word; jy moet dit gemeng bring; die gebakte stukkies van die graanoffer moet jy offer as ’n aangename geur tot יהוה.
22 Die priester, wat uit sy seuns, in sy plek gesalf word, moet dit ook doen. Dit is ’n ewige instelling tot יהוה. Dit moet heeltemal geoffer, in rook opgaan,

23 want elke graanoffer van ’n priester moet volledig verbrand word; dit mag nie geëet word nie.”
24 יהוה het met Mosheh gepaat en gesê:
25 “Praat met Aharon en sy seuns en sê: ‘Dit is die wet van die sondoffer: op die plek waar die brandoffer doodgemaak word, moet die sondoffer voor יהוה doodgemaak word. Dit is heeltemal afgesonderd.
26 Die priester wat dit as sondoffer bring, moet dit eet; op ’n afgesonderde plek moet dit geëet word, in die voorhof van die Tent van Ontmoeting.
27 Elkeen wat aan die vleis daarvan raak, word afgesonder en as daar van die bloed op ’n kledingstuk spat, moet jy die stuk waarop dit spat, op ’n afgesonderde plek was,
28 maar die erdepot waarin dit gekook is, moet stukkend gebreek word. As dit in ’n koperpot gekook is, moet dit geskuur en met water afgespoel word.
29 Almal wat manlik is onder die priesters, mag dit eet; dit is heeltemal afgesonderd,
30 maar geen sondoffer, waarvan ’n deel van die bloed in die Tent van Ontmoeting ingebring word, om in die Afgesonderde plek toedekking te doen, mag geëet word nie. Dit moet met vuur verbrand word.

7 1 Nou hierdie is die wet van die oortredingsoffer: dit is heeltemal afgesonder.
2 Op die plek waar hulle die brandoffer slag, moet hulle die oortredingsoffer slag en sy bloed moet rondom teen die altaar gesprinkel word. [Open 6:9,10]
3 Hy moet al die vet daarvan offer: die vetstert, die vet wat die binnegoed bedek,
4 die twee niere en die vet daarop wat aan die lendene is en die vetlap aan die lewer moet hy saam met die niere verwyder.
5 Die priester moet die vet op die altaar brand en in rook laat opgaan as ’n offer tot יהוה deur vuur gebring; dit is ’n oortredingsoffer.
6 Alle mans onder die priesters, mag van die oortredingsoffer eet. Op ’n afgesonderde plek moet dit geëet word; dit is heeltemal afgesonder.
7 Die oortredingsoffer is net soos die sondoffer, een wet geld vir hulle; dit is vir die priester wat daardeur toedekking doen.
8 Die priester wat iemand se brandoffer offer, daardie priester sal die vel van die brandoffer wat hy geoffer het, vir homself vat;
9 asook elke graanoffer wat in die oond gebak word, alles wat in die pan of op die plaat voorberei is, sal vir die priester wat dit offer wees.
10 Elke graanoffer, met olie gemeng of droog, sal vir al die seuns van Aharon, vir die een soos vir die ander, wees.
11 Hierdie is die wet van die vredesoffer wat tot יהוה aangebied sal word:
12 as hy dit as dankoffer bring, moet hy saam met die dankoffer, ongesuurde koeke met olie gemeng, ongesuurde platkoeke met olie gesmeer of koeke van fyn meel gemeng met olie offer.
13 Saam met die offer vir sy dankoffer as vredesoffer, moet hy koeke offer van gesuurde brood.
14 Van dit, een koek van elke offer, moet hy as opligoffer aan יהוה offer; dit sal wees vir die priester wat die bloed van die vredesoffer sprinkel.

15 Die vleis van sy dankoffer as vredesoffer moet geëet word op dieselfde dag as wat hy dit offer; hy mag niks daarvan los tot die oggend toe nie.
16 As die offer wat hy offer, ’n gelofte of vrywillige offer is, moet dit geëet word op dieselfde dag as wat hy sy offer bring en op die volgende dag mag, wat daarvan oorbly, geëet word,
17 maar wat van die vleis, wat geoffer is, oorgebly het op die derde dag, moet met vuur verbrand word.
18 As enige van die vleis van sy vredesoffer op die derde dag geëet word, sal hy wat dit geoffer het nie aanvaar word nie; dit sal vir hom nie toegereken word nie; dit sal ’n gruwel wees en die persoon wat daarvan eet, moet sy eie skuld dra.
19 Die vleis wat aan iets onreins raak, mag ook nie geëet word nie; dit moet met vuur verbrand word, maar wat die ander vleis betref; elkeen wat rein is, mag daarvan eet,
20 maar die een wat vleis eet van die vredesoffer wat יהוה toekom terwyl hy onrein is, dié persoon moet van sy volksgenote afgesny word.
21 Wanneer iemand aan iets onreins raak; aan die onreinheid van ’n mens of aan ’n onrein dier of enige verwerplike onrein ding en dan eet van die vleis van die vredesoffer wat יהוה toekom, dié persoon moet van sy volksgenote afgesny word.’”
22 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
23 “Praat met die seuns van Yisra’el en sê: ‘Jy mag géén vet van ’n bees of ’n skaap of ’n bok eet nie.
24 Die vet van diere wat natuurlik dood is en die vet van diere wat verskeur is, kan vir enige werk gebruik word, maar jy mag niks daarvan eet nie,
25 want elkeen wat die vet eet van dié vee wat tot יהוה met vuur geoffer word, die persoon wat dit eet, moet van sy volksgenote afgesny word.
26 Julle mag ook géén bloed van voëls of van vee in enige een van julle blyplekke eet nie. [Lev 3:17; 17:10-14]
27 Enige persoon wat enige bloed eet, dié moet van sy volksgenote afgesny word.’”
28 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
29 “Praat met die seuns van Yisra’el en sê: ‘Hy wat aan יהוה sy vredesoffer bring, moet self aan יהוה die offer uit sy vredesoffer offer.
30 Sy eie hande moet die offers deur vuur tot יהוה offer: die vet met die bors moet hy bring; om die bors as waaioffer voor יהוה te waai.
31 Die priester moet die vet op die altaar in rook laat opgaan, maar die bors sal vir Aharon en sy seuns wees.
32 Julle moet ook die regterboud aan die priester gee, as bydrae vanuit julle vredesoffers. [1 Sh’m 2:13-17; 28-31]
33 Hy wat, vanuit die seuns van Aharon, die bloed en die vet van die vredesoffers offer, aan hom kom die regterboud toe, as sy deel,
34 want die bors van die waaioffer en die boud van die bydrae het Ek van die seuns van Yisra’el uit hulle vredesoffers gevat en dit aan Aharon, die priester en aan sy seuns gegee as ’n deel wat hulle vir ewig toekom vanaf die seuns van Yisra’el.’”

35 Dit is die deel van die salwing van Aharon en die deel van die salwing van sy seuns vanuit die offers wat met vuur gebring word tot יהוה, op die dag toe Hy hulle laat naderkom het om יהוה as priesters te dien.
36 יהוה het beveel dat dit aan hulle gegee sal word, vanuit die seuns van Yisra'el, op die dag toe Hy hulle gesalf het, as 'n ewige instelling regdeur hulle geslagte.
37 Hierdie is die wet vir die offer van die brandoffer, die graanoffer, die sondoffer, die oortredingsoffer, die aanstellingsoffers en die vredesoffer,
38 wat יהוה vir Mosheh op die berg Sinai beveel het, op die dag toe Hy die seuns van Yisra'el in die wildernis van Sinai beveel het om hulle offers tot יהוה te offer.

8 (Eks 29) 1 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
2 "Vat vir Aharon, sy seuns saam met hom, die klere, die salfolie, 'n bul as die sondoffer, twee ramme en die mandjie met ongesuurde koeke
3 en maak die hele vergadering bymekaar by die ingang van die Tent van Ontmoeting."
4 Mosheh het gedoen soos יהוה hom beveel het en toe die vergadering bymekaargekom het by die ingang van die Tent van Ontmoeting,
5 sê Mosheh vir die vergadering: "Dit is wat יהוה beveel het om gedoen te word."
6 Mosheh het Aharon en sy seuns laat naderkom en hulle met water gewas.
7 Hy het vir hom die kleed aangetrek, hom met die gordel omgord en vir hom die bokleed aangetrek; hy het ook vir hom die skouerstuk aangetrek en hom omgord met die geweefde band van die skouerstuk en daarmee die skouerstuk aan hom vasgebind.
8 Hy het toe vir hom die borsplaat aangesit en die Urim en die Tumim in die borsplaat gesit.
9 Hy het ook die tulband op sy kop gesit en aan die tulband, aan die voorkant, die goue plaat, die afgesonderde kroon, gesit, soos יהוה Mosheh beveel het.
10 Mosheh het die salfolie gevat en die Tent van Ontmoeting en alles wat daarin was, gesalf en dit afgesonder.
11 Hy het sewe keer daarvan op die altaar gesprinkel, die altaar gesalf en al sy bybehore, met die kom en sy voetstuk, om dit af te sonder.
12 Hy het van die salfolie op die kop van Aharon gegooi en hom gesalf om hom af te sonder.
13 Mosheh het volgende die seuns van Aharon laat naderkom en vir hulle die klede aangetrek, hulle gegord met 'n gordel en vir hulle die tulbande omgebind soos יהוה Mosheh beveel het.
14 Hy het die bul van die sondoffer laat naderkom en Aharon en sy seuns het hulle hande op die kop van die bul van die sondoffer gelê.
15 Toe het Mosheh dit geslag en die bloed geneem en daarvan met sy vinger rondom aan die horings van die altaar gesmeer en die altaar gereinig. Hy het die orige bloed aan die onderkant van die altaar uitgegooi en dit afgesonder om toedekking daarvoor te doen.
16 Hy het al die vet wat aan die binnegoed was, die vetlap aan die lewer, die twee niere en hulle vet gevat en Mosheh het dit op die altaar geoffer en in rook laat opgaan,

17 maar die bul, sy vel, sy vleis en sy mis het hy buitekant die kamp met vuur verbrand, soos יהוה Mosheh beveel het.
18 Hy het die ram as brandoffer gebring en Aharon en sy seuns het hulle hande op die kop van die ram gelê.
19 Mosheh het dit geslag en die bloed rondom teen die altaar gesprinkel.
20 Hy het die ram in sy stukke verdeel en Mosheh het die kop, die stukke en die vet geoffer en in rook laat opgaan.
21 Hy het die binnegoed en die pote met water gewas en Mosheh het die hele ram op die altaar geoffer en in rook laat opgaan; dit was ’n brandoffer as aangename geur, ’n offer deur vuur tot יהוה, soos יהוה Mosheh beveel het.
22 Toe het hy die tweede ram, die ram van toewyding, gebring en Aharon, met sy seuns, het hulle hande op die kop van die ram gelê.
23 Mosheh het dit geslag en van die bloed gevat en dit aan die regteroorbel van Aharon, aan die duim van sy regterhand en aan die groottoon van sy regtervoet gesmeer.
24 Mosheh het ook die seuns van Aharon laat naderkom en van die bloed aan hulle regteroorbel, aan die duim van hulle regterhand en aan die groottoon van hulle regtervoet gesmeer en Mosheh het die bloed rondom teen die altaar gesprinkel.
25 Hy het die vet gevat, die vetstert, al die vet wat aan die binnegoed was, die vetlap aan die lewer, die twee niere en hulle vet en die regterboud;
26 uit die mandjie met ongesuurde brode wat voor יהוה was, vat hy een ongesuurde koek, ’n broodkoek met olie gemeng en een platkoek en hy het dit op die stukke vet en op die regterboud neergesit
27 en dit alles in die hande van Aharon en die hande van sy seuns gesit en hy het dit as waaioffer voor יהוה gewaai.
28 Mosheh het dit uit hulle hande geneem en dit op die altaar, bo-op die brandoffer, gebrand en in rook laat opgaan; ’n toewydingsoffer was dit, as aangename geur, ’n offer deur vuur tot יהוה.
29 Mosheh het die bors gevat en dit as waaioffer voor יהוה gewaai. Dit was Mosheh se deel van die toewydingsram, soos יהוה Mosheh beveel het.
30 Mosheh het ook van die salfolie en van die bloed wat aan die altaar was, gevat en dit op Aharon, op sy klere, sowel as op sy seuns en op die klere van sy seuns, gesprinkel. So het hy Aharon, sy klere, sowel as sy seuns en die klere van sy seuns, afgesonder.
31 Mosheh sê vir Aharon en sy seuns: “Kook die vleis by die ingang van die Tent van Ontmoeting en eet dit daar saam met die brood wat in die mandjie vir die toewydingsoffer is, soos ek beveel en voor gesê is: ‘Aharon en sy seuns moet dit eet.’
32 Wat ook al van die vleis en die brood oorbly, moet julle met vuur verbrand.
33 Julle mag vir sewe dae lank nie by die ingang van die Tent van Ontmoeting uitgaan nie; vir die dae van julle toewyding om vervul te word. Vir sewe dae lank sal Hy julle hand bevestig.
34 Soos hy vandag gedoen het, het יהוה beveel om te doen, om vir julle toedekking te bring.

35 Julle moet daarom by die ingang van die Tent van Ontmoeting bly, dag en nag, sewe dae lank; julle moet die opdragte van יהוה hou sodat julle nie sterf nie, want so is ek beveel.” Lev 10:1,2

36 So het Aharon en sy seuns alles gedoen wat יהוה deur die hand van Mosheh beveel het.

9 1 Dit het gebeur dat op die agtste dag Mosheh vir Aharon, sy seuns en die oudstes van Yisra’el geroep het

2 en vir Aharon gesê het: “Vat vir jouself ’n bulkalf as sondoffer en ’n ram as brandoffer, altwee sonder gebrek en offer hulle voor יהוה.”

3 Praat dan met die seuns van Yisra’el en sê: “Vat ’n bokram as sondoffer en ’n kalf en ’n lam, altwee een jaar oud, sonder gebrek, as brandoffer,

4 asook ’n bul en ’n ram as vredesoffer, om voor יהוה te offer en ’n graanoffer met olie gemeng, want vandag sal יהוה aan julle verskyn.”

5 Hulle het wat Mosheh beveel het voor die Tent van Ontmoeting gebring en die hele vergadering het nadergekom en voor יהוה gaan staan.

6 Mosheh het gesê: “Hierdie is wat יהוה julle beveel het om te doen en die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה sal aan julle verskyn.”

7 Mosheh het vir Aharon gesê: “Gaan na die altaar en offer jou sondoffer en jou brandoffer en doen toedekking vir jou en vir die volk. Offer dan die offers van die volk en doen toedekking vir hulle soos יהוה beveel het.”

8 Aharon het daarom na die altaar gegaan en die kalf vir die sondoffer geslag wat vir homself was.

9 Die seuns van Aharon het die bloed na hom toe gebring, hy het sy vinger in die bloed gesteek en dit aan die horings van die altaar gesmeer en die bloed aan die onderkant van die altaar uitgegooi,

10 maar die vet, die niere en die vetlap aan die lewer van die sondoffer het hy op die altaar gebrand en in rook laat opgaan soos יהוה Mosheh beveel het.

11 Die vleis en die vel het hy buitekant die kamp met vuur verbrand.

12 Toe het hy die brandoffer geslag en die seuns van Aharon het vir hom die bloed aangegee wat hy rondom teen die altaar gesprinkel het.

13 Hulle het vir hom die brandoffer aangegee in stukke, met die kop en hy het dit op die altaar gebrand en in rook laat opgaan

14 en hy het die binnegoed en die pote gewas en dit op die brandoffer op die altaar gebrand en in rook laat opgaan.

15 Toe het hy die volk se offer geoffer; hy het die bok wat die sondoffer vir die volk was, geslag en dit geoffer vir sonde, soos die eerste een.

16 Hy het ook die brandoffer gebring en dit volgens voorskrif geoffer.

17 Volgende het hy die graanoffer gebring en ’n handvol daaruit gevat en dit op die altaar gebrand en in rook laat opgaan, langs die oggend se brandoffer.

18 Toe het hy ook die bul en die ram doodgemaak wat die offers vir die volk as vredesoffers was en die seuns van Aharon het vir hom die bloed aangegee, wat hy rondom, teen die altaar gesprinkel het

19 en die vet van die bul en van die ram: die vetstert, die netvet, die niere en die vetlap aan die lewer
20 en hulle het die vet op die borsstukke gesit en hy het die vet op die altaar gebrand en in rook laat opgaan.
21 Die borsstukke en die regterboud het Aharon as waaioffer voor יהוה gewaai soos Mosheh beveel het.
22 Aharon het sy hande na die volk toe uitgesteek, hulle geseën en afgeklim nadat hy die sondoffer, brandoffer en dankoffer geoffer het.
23 Mosheh en Aharon het in die Tent van Ontmoeting ingegaan en toe hulle uitkom, het hulle die volk geseën. Die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה het aan die hele volk verskyn
24 en vuur het voor יהוה uitgegaan en die brandoffer en die vet op die altaar verteer. Toe die hele volk dit sien, het hulle hard uitgeskreeu van vreugde en op hulle gesigte neergeval.

10 1 Die seuns van Aharon, Nadav en Avihu, het elkeen sy vuurpan gevat, vuur daarin gegooi, reukwerk daarop gesit en vreemde vuur voor die Teenwoordigheid van יהוה geoffer, wat Hy hulle nie beveel het nie.
2 Vuur het vanuit die Teenwoordigheid van יהוה uitgegaan en hulle verteer en hulle het gesterf voor die Teenwoordigheid van יהוה.
3 Mosheh sê vir Aharon: “Dit is hierdie ding wat יהוה van gepraat het deur te sê: ‘Deur dié wat naby My kom, sal Ek geëer word as Afgesonderd en voor die hele volk sal Ek verhoog en vereer word.’” Aharon het stilgebly.
4 Mosheh het Misha’el en Eltzafan, die seuns van `Uzi’el, die oom van Aharon, geroep en vir hulle gesê: “Kom nader, dra julle familie van voor die Afgesonderde plek af weg, na buitekant die kamp.”
5 Hulle het nader gegaan en hulle, steeds in hul klede, buitekant die kamp uitgedra, soos Mosheh beveel het.
6 Mosheh het vir Aharon en sy seuns, El’azar en Itamar, gesê: “Moenie die bedekking van julle koppe afhaal of skeure in julle klere maak nie sodat julle nie sterf en toorn teen die hele vergadering kom nie, maar laat julle broers, die hele huis van Yisra’el, die brand wat יהוה aangesteek het beween.
7 Julle mag selfs nie by die deur van die Tent van Ontmoeting uitgaan nie sodat julle nie sterf nie, want die salfolie van יהוה is op julle.” Hulle het gedoen volgens die woord van Mosheh.
8 יהוה het met Aharon gepraat en gesê:
9 “Moenie, wanneer julle in die Tent van Ontmoeting ingaan, wyn of sterk drank drink nie, jy of jou seuns saam met jou sodat julle nie sterf nie. Dit is ’n ewige instelling in julle geslagte, Yes 28:7; Yeg 44:21; Hos 4:9-11
10 om ’n onderskeid te maak tussen wat afgesonderd is en wat nie afgesonderd is nie; tussen wat onrein en wat rein is
11 en om die seuns van Yisra’el al die voorskrifte te leer wat יהוה deur die hand van Mosheh aan hulle verkondig het.”

12 Mosheh het met Aharon gepraat en met sy oorlewende seuns El'azar en Itamar: "Vat die graanoffer wat van die offers wat deur vuur gebring word tot יהוה oorgebly het en eet dit sonder suurdeeg langs die altaar, want dit is heeltemal afgesonderd.
13 Julle moet dit op 'n afgesonderde plek eet, want dit is jou en jou seuns se deel uit die offers wat met vuur gebring word tot יהוה; so is ek beveel.
14 Julle moet ook die bors van die waaioffer en die boud van die opligoffer op 'n rein plek eet, jy, jou seuns en jou dogters saam met jou, want dit is die deel wat jou en jou seuns toekom, gegee uit die vredesoffers van die seuns van Yisra'el.
15 Die boud van die opligoffer en die bors van die waaioffer moet hulle saam met die vet, wat as offers van vuur is, bring om as waaioffer voor die Teenwoordigheid van יהוה te waai en dit sal vir jou en jou seuns saam met jou, 'n deel wees volgens die ewige instelling, soos יהוה beveel het."
16 Mosheh het ernstig navraag gedoen na die sondofferbok en let op, dit is verbrand! Hy was baie kwaad vir El'azar en Itamar, die seuns van Aharon wat oorgebly het en het gesê:
17 "Waarom het julle die sondoffer nie op 'n afgesonderde plek geëet nie, aangesien dit heeltemal afgesonderd is? Hy het dit vir julle gegee om die skuld van die vergadering weg te vat, om toedekking vir hulle te doen voor die Teenwoordigheid van יהוה.
18 Let op, die bloed daarvan is nie binne-in die Afgesonderde plek ingebring nie. Julle moes dit sekerlik in die Afgesonderde plek geëet het, soos ek beveel het."
19 Aharon sê vir Mosheh: "Let op, hulle het vandag hul sondoffer en hul brandoffer voor die Teenwoordigheid van יהוה gebring en sulke dinge het my oorgekom; as ek vandag die sondoffer geëet het, sou dit aanvaarbaar gewees het in die oë van יהוה?"
20 Toe Mosheh dit hoor, was dit goed in sy oë.

11 1 יהוה het weer met Mosheh en Aharon gepraat en vir hulle gesê:
2 "Praat met die seuns van Yisra'el en sê: 'Hierdie is die diere wat julle mag eet vanuit al die viervoetige diere wat op die aarde is.
3 Vanuit die diere: alles wat herkou en gesplete hoewe het, heeltemal gesplit; dit mag julle eet.
4 Nogtans mag julle die volgende nie eet van die wat herkou en van die wat gesplete hoewe het nie: die kameel is onrein vir julle, want hy herkou, maar het nie gesplete hoewe nie;
5 die dassie is onrein vir julle, want hy herkou, maar het nie gesplete pote nie;
6 die haas is onrein vir julle, want hy herkou, maar het nie gesplete pote nie;
7 ook die vark, want hy het gesplete hoewe, heeltemal gesplit, maar hy herkou nie en is onrein vir julle. Yes 65:4; Yes 66:17
8 Van hulle vleis mag julle nie eet nie en aan hulle karkasse nie raak nie; hulle is vir julle onrein.
9 Dit mag julle eet van alles wat in die waters is: alles wat vinne en skubbe het in die water, in die seë en in die riviere, dit mag julle eet,

10 maar alles in die seë en in die riviere wat nie vinne en skubbe het nie, is verwerplik vir julle, van alles wat wemel in die water en van al die lewende wesens wat in die water is.
11 Hulle sal verwerplik vir julle wees; van hulle vleis mag julle nie eet nie en hulle karkasse moet vir julle verwerplik wees.
12 Alles in die water wat nie vinne en skubbe het nie, sal vir julle verwerplik wees.
13 Hierdie moet julle as verwerplik onder die voëls beskou; hulle mag nie geëet word nie; hulle is verwerplik: die arend, die aasvoël, die visarend,
14 die kuikendief en die valk volgens sy spesie;
15 elke kraai volgens sy spesie;
16 die volstruis, die uil, die seemeeu en die klein valk volgens sy spesie;
17 die klein-uil, die visvanger en die groot-uil;
18 die ibis, die pelikaan en die Mitzrayimitiese aasvoël;
19 die ooievaar, die reier volgens sy spesie, die hoep-hoep en die vlermuis.
20 Al die vlieënde insekte in swerms, wat op pote loop, is verwerplik vir julle.
21 Tog mag julle die volgende van al die vlieënde insekte in swerms, wat op pote loop, eet: wat bokant die pote, bene met ledemate het om daarmee op die grond te spring.
22 Die volgende mag julle eet: die treksprinkaan volgens sy spesie, die boomsprinkaan volgens sy spesie, die kriek volgens sy spesie en die voetganger volgens sy spesie,
23 maar al die ander vlieënde insekte in swerms, wat op pote loop, is verwerplik vir julle.
24 Deur hierdie diere word julle onrein, elkeen wat aan hulle karkasse raak, sal tot die aand toe onrein wees
25 en elkeen wat van hulle karkasse optel, moet sy klere was en sal tot die aand toe onrein wees,
26 die karkasse van al die diere wat gesplete hoewe het, wat nie heeltemal gesplit is nie en wat nie herkou nie, hulle is vir julle onrein; elkeen wat aan hulle raak, sal onrein wees.
27 Alles wat op pote loop, onder al die viervoetige diere, is onrein vir julle; elkeen wat aan hulle karkasse raak, sal tot die aand toe onrein wees.
28 Elkeen wat hulle karkasse dra, moet sy klere was en sal onrein wees tot die aand toe. Hulle is onrein vir julle.
29 Die volgende is vir julle onrein onder die wemelendes wat op die aarde wemel: die mol, die muis, die groot akkedis volgens sy spesies,
30 die geitjie, die krokodil, die salmander, die koggelmander en die verkleurmannetjie.
31 Hulle is vir julle onrein onder al die wemelendes; elkeen wat aan hulle raak as hulle dood is, sal tot die aand toe onrein wees.
32 En alles waarop een van hulle val as hulle dood is, sal onrein wees, of dit ’n houtvoorwerp, kledingstuk, vel of sak is, elke ding waarmee werk gedoen word; dit moet in water gesit word en sal tot die aand toe onrein wees; dan sal dit rein wees.
33 Elke erdevoorwerp waarin een van hulle val, moet julle stukkend breek en alles wat daarin is, sal onrein wees;

34 enige kos daarin, wat geëet word, waarop water kom, sal onrein wees en enige drank, van watter soort ook, wat in so ’n voorwerp gedrink kan word, sal onrein wees.
35 Alles waar ’n deel van hulle karkasse op val, sal onrein wees; ’n bakoond of ’n stoof moet stukkend geslaan word; hulle is onrein en moet vir julle onrein wees.
36 Nogtans sal ’n fontein of ’n put, ’n opgaarplek van water, rein wees, maar hy wat aan die karkas daarin raak, sal onrein wees.
37 As enige deel van die karkas op enige saad wat gesaai word val, sal die saad rein wees,
38 maar as daar water op die saad gegooi is en enige deel van die karkas val daarop, dan sal dit vir julle onrein wees.
39 As enige van die diere wat vir julle kos is, doodgaan, sal hy wat aan die karkas raak, tot die aand toe onrein wees [Deut 14:21]
40 en hy wat van dié karkas eet, moet sy klere was en sal onrein wees tot die aand toe. Hy wat dié karkas dra, moet sy klere was en sal onrein wees tot die aand toe.
41 Al die wemelendes wat op die aarde wemel, is verwerplik, dit mag nie geëet word nie.
42 Alles wat op sy maag seil, alles wat op vier pote loop, alles wat baie pote het, al die wemelendes wat op die aarde wemel, mag julle nie eet nie, want hulle is verwerplik.
43 Moenie julleself verwerplik maak deur enige van die wat wemel nie: julle moet jul nie daardeur onrein maak sodat julle daardeur onrein word nie,
44 want Ek is יהוה, julle God. Julle moet julleself afsonder en wees afgesonderd, want Ek is Afgesonderd. [1 Kef 1:15,16] Moet julleself ook nie onrein maak deur enige ding wat op die aarde wemel nie,
45 want Ek is יהוה wat julle uit die land van Mitzrayim uitgebring het om julle God te wees. Julle moet daarom afgesonderd wees omdat Ek afgesonderd is.
46 Dit is die wet aangaande die diere, die voëls, al die lewende wesens wat beweeg in die water en aangaande alles wat op die aarde wemel,
47 om te onderskei tussen wat onrein en rein is en tussen die diere wat geëet en die diere wat nie geëet mag word nie.’” [1 Yog 3:3; 2 Kor 6:17]

12 1 Verder het יהוה met Mosheh gepraat en gesê:
2 “Praat met die seuns van Yisra’el en sê: ‘As ’n vrou swanger word en geboorte gee aan ’n seun, sal sy sewe dae lank onrein wees; soos in die dae van haar menstruasie, sal sy onrein wees.
3 Op die agtste dag moet die vlees van sy voorhuid besny word. [Yog 7:22]
4 Sy bly dan drie en dertig dae onrein asof in die bloed van haar reiniging. Sy mag aan niks wat afgesonder is raak nie en sy mag nie in die afgesonderde plek kom totdat die dae van haar reiniging voltooi is nie,
5 maar as sy geboorte gee aan ’n dogter, sal sy twee weke onrein wees soos met haar menstruasie. Dan moet sy ses en sestig dae bly in die bloed van haar reiniging.
6 Wanneer die dae van haar reiniging in die geval van ’n seun of ’n dogter verby is, moet sy ’n jaaroud lam as brandoffer en ’n jong duif of tortelduif na die priester toe bring as sondoffer, na die ingang van die Tent van Ontmoeting

7 en hy moet dit offer voor die Teenwoordigheid van יהוה en vir haar toedekking doen, dan sal sy rein wees van die vloei van haar bloed. Dit is die wet vir haar wat geboorte gee aan ’n seun of ’n dogter.
8 As sy nie ’n lam kan bekostig nie, moet sy twee tortelduiwe of twee jong duiwe vat, een as brandoffer en een as sondoffer Luk 2:24 en die priester moet vir haar toedekking doen; dan sal sy rein wees.’”

13 1 יהוה het met Mosheh en Aharon gepraat en gesê:
2 “As ’n mens op die vel van sy vlees ’n swelsel, vlokkies of helder vlek het en dit in die vel van sy vlees soos ’n melaatse seer word, moet hy na die priester Aharon of na een van sy seuns, die priesters, gebring word.
3 Die priester moet die aangetaste plek op die vel van die vlees ondersoek. As die hare op die plek wit geword het en die plek lyk dieper as die vel van sy vlees, dan is dit ’n melaatse seer en die priester moet hom ná die ondersoek onrein verklaar.
4 As die helder vlek op die vel van sy vlees is en dit nie dieper lyk as die vel nie en die hare daarvan nie wit geword het nie, moet die priester die aangetaste persoon sewe dae lank isoleer.
5 Die priester moet hom op die sewende dag ondersoek en let op as die seer dieselfde lyk soos dit was, die plek nie in die vel versprei het nie, dan moet die priester hom nog sewe dae lank isoleer.
6 Die priester moet hom weer op die sewende dag ondersoek en as hy sien dat die aangetaste plek dof van kleur geword en die plek in die vel nie versprei het nie, dan moet die priester hom rein verklaar. Dit is ’n uitslag; hy moet sy klere was en is rein,
7 maar as die uitslag enigsins op die vel versprei nadat hy hom aan die priester gewys het vir sy reiniging, moet hy nog ’n keer deur die priester ondersoek word
8 en as die priester sien dat die uitslag op die vel versprei het, dan moet die priester hom onrein verklaar. Dit is melaatsheid.
9 Wanneer melaatse sere op ’n mens is, moet hy na die priester gebring word
10 en die priester moet hom ondersoek en let op, as daar ’n wit swelsel in die vel is wat die hare wit gemaak het terwyl daar rou vlees in die swelsel is,
11 dan is dit ’n verouderde melaatsheid op die vel van sy vlees en die priester moet hom onrein verklaar. Hy moet hom nie isoleer nie, want hy is onrein.
12 As die melaatsheid oor sy hele vel uitbreek sodat die melaatsheid die hele vel van die aangetaste persoon van sy hoof tot sy voete oordek, so ver as wat die oë van die priester kan sien,
13 moet die priester dit ondersoek en as die melaatsheid sy hele vlees oordek het, dan moet hy die aangetaste persoon rein verklaar: hy het heeltemal wit geword, hy is rein,
14 maar die dag as rou vlees aan hom gesien word, sal hy onrein wees;
15 as die priester die rou vlees sien, moet hy hom onrein verklaar. Die rou vlees is onrein, dit is melaatsheid.
16 As die rou vlees weer weggaan en hy wit word, moet hy na die priester kom.

17 As die priester hom dan ondersoek en let op, die aangetaste plek het wit geword, dan moet die priester die seer rein verklaar; hy is rein.
18 As daar in die vlees, naamlik in die vel, ’n sweer is wat gesond geword het,
19 maar in die plek van die sweer ’n wit swelsel of ’n rooierige blink vlek kom, moet die priester daarna kyk.
20 As die priester dit sien en dit lyk dieper as die vel en die hare daarop het wit geword, dan moet die priester hom onrein verklaar; dit is ’n seer van melaatsheid wat in die sweer uitgebreek het,
21 maar as die priester dit ondersoek en daar geen wit hare op is nie en dit nie dieper as die vel is nie en dof van kleur geword het, dan moet die priester hom sewe dae lank isoleer.
22 As dit oor die vel versprei, moet die priester hom onrein verklaar; dit is ’n plaag,
23 maar as die helder vlek bly waar dit is en nie versprei het nie, is dit die litteken van die sweer en die priester moet hom rein verklaar.
24 Of as in die vel van die vlees ’n brandplek is en die rou vlees van die brandplek ’n rooierige wit of blink vlek ontwikkel
25 dan moet die priester dit ondersoek en let op, as die hare op die blink vlek wit geword het en dit dieper lyk as die vel, dan is dit melaatsheid wat in die brandplek uitgebreek het; daarom moet die priester hom onrein verklaar; dit is ’n melaatse seer,
26 maar as die priester dit ondersoek en let op, daar is geen wit hare op die helder vlek nie en dit is nie dieper as die vel nie en het dof van kleur geword, dan moet die priester hom sewe dae lank isoleer.
27 Op die sewende dag moet die priester hom ondersoek. As dit verder oor die vel versprei het, moet die priester hom onrein verklaar; dit is ’n melaatse seer,
28 maar as die helder vlek bly waar dit is, nie oor die vel versprei het nie en dof van kleur geword het, dan is dit die swelsel van die brandplek. Die priester moet hom rein verklaar, want dit is die litteken van die brandplek.
29 As ’n man of vrou ’n seer op die kop of in die baard het
30 en die priester die plek ondersoek en sien dat dit dieper lyk as die vel en daar dun geel hare op is, dan moet die priester hom onrein verklaar; dit is ’n skurf melaatsheid van die kop of van die baard,
31 maar as die priester die skurwe plek ondersoek en sien dat dit nie dieper as die vel is nie en daar geen swart hare op is nie, dan moet die priester die persoon met die skurwe plek sewe dae lank isoleer.
32 Op die sewende dag moet die priester die aangetaste plek ondersoek en as hy sien dat die skurwe plek nie versprei het nie en daar geen geel hare op is nie en die skurwe plek nie dieper lyk as die vel nie,
33 dan moet die persoon hom skeer, maar die skurwe plek moet hy nie skeer nie en die priester moet die skurwe persoon weer sewe dae lank isoleer.
34 Op die sewende dag moet die priester die skurwe plek ondersoek en as hy sien dat die skurwe plek nie oor die vel versprei het nie en dit nie dieper as die vel lyk nie, dan moet die priester hom rein verklaar. Hy moet sy klere was en sal rein wees,
35 maar as die skurwe plek oor die vel versprei nadat hy rein verklaar is,

36 moet die priester dit ondersoek en let op, as die skurwe plek oor die vel versprei het, dan hoef die priester nie na die geel hare te soek nie; hy is onrein,
37 maar as die skurwe plek lyk asof dit dieselfde gebly en donker hare daarop gegroei het, dan is die skurwe plek gesond. Hy is rein en die priester moet hom rein verklaar.
38 As ’n man of vrou in die vel van hulle vlees helder wit vlekke het
39 dan moet die priester kyk en, let op, as die vlekke dowwe wit vlekke in die vel van hulle vlees is, dan is dit gewone uitslag wat in die vel uitgebreek het; hy is rein.
40 As ’n man se hare op sy kop uitval is hy bles; hy is rein.
41 As sy kop aan die voor- en sykant bles word, is hy bles, maar hy is rein.
42 As daar op die bles kop of voorkop ’n rooierige wit plek is, dan is dit melaatsheid wat uitbreek op die bles van sy kop of voorkop.
43 Die priester moet hom ondersoek en let op, as die swelsel van die seer op die bles van sy kop of voorkop rooierig wit is, wat lyk soos die melaatsheid van die vel van die vlees,
44 dan is hy ’n melaatse, hy is onrein. Die priester moet hom onrein verklaar; die plaag is op sy kop.
45 Die melaatse op wie die plaag is, moet sy klere skeur en sy kop ontbloot; hy moet ook sy snor bedek en uitroep: “Onrein, onrein!”
46 Hy is onrein. Al die tyd dat die plaag op hom is, sal hy onrein wees. Hy is onrein en moet alleen bly; sy blyplek moet buitekant die kamp wees.
47 As ’n kledingstuk ’n melaatse kol op het, ’n kledingstuk van wol of linne;
48 of in die skeerdraad of die inslag van linne of wol, of in leer of enige leerwerk
49 en die kol in die kledingstuk of in die vel of in die skeerdraad of die inslag of in enige leer voorwerp groenerig of rooierig is, dan is dit ’n melaatse kol en moet hulle dit vir die priester wys.
50 Die priester moet die kol ondersoek en dit wat die kol het sewe dae lank isoleer.
51 Op die sewende dag moet hy die kol ondersoek. As die kol versprei het in die kledingstuk of in die skeerdraad of die inslag of in die leer, vir watter diens die leer ook al verwerk is, dan is die kol ’n aktiewe melaatsheid; dit is onrein;
52 daarom moet hy die kledingstuk of die skeerdraad of die inslag van wol of van linne of enige leer voorwerp waarin die aangetaste plek is, verbrand, want dit is ’n aktiewe melaatsheid. Dit moet met vuur verbrand word.
53 As die priester die plek in die kledingstuk of in die skeerdraad of die inslag of in enige leer voorwerp ondersoek en let op, dit het nie versprei nie,
54 dan moet die priester beveel dat hulle die voorwerp was waarop die plek is en hy moet dit nog ’n keer sewe dae lank isoleer.
55 Die priester moet die kol ondersoek nadat dit gewas is en as die kol nie sy kleur verander het nie, hoewel die plek nie versprei het nie, dan is dit onrein; jy moet dit met vuur verbrand. Dit hou aan om weg te vreet, aan die binne of buitekant.
56 As die priester dit ondersoek nadat dit gewas is en dit dof van kleur geword het, dan moet hy dit uit die kledingstuk of uit die vel of uit die skeerdraad of die inslag, uitskeur.

57 As dit weer in die kledingstuk of in die skeerdraad of die inslag of in enige leer voorwerp verskyn, dan moet jy die melaatse voorwerp met vuur verbrand.
58 As die kol uit die kledingstuk of die skeerdraad of die inslag of enige leer voorwerp wat jy was, verdwyn het, moet dit nog ’n keer gewas word en dit sal rein wees.
59 Dit is die wet aangaande die plaag van melaatsheid in ’n kledingstuk van wol of linne of in die skeerdraad of die inslag of in enige leer voorwerp, om dit rein of onrein te verklaar.”

14 1 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
2 “Dit is die wet vir die melaatse op die dag van sy reiniging: hy moet na die priester gebring word
3 en die priester moet uit die kamp uitgaan. Die priester moet die melaatse ondersoek en let op, as die melaatsheid op die melaatse genees is,
4 moet die priester bevel gee dat hulle vir hom wat gereinig word, twee lewende, rein voëls, sederhout, skarlaken en hisop moet bring.
5 Die priester moet ook bevel gee dat hulle die een voël in ’n erdepot oor lopende water doodmaak.
6 Die lewende voël moet hy vat, sowel as die sederhout, die skarlaken en die hisop en dié en die lewendige voël insteek in die bloed van die voël wat oor die lopende water geslag is.
7 Hy moet sewe maal sprinkel op hom wat van die melaatsheid gereinig word en hom rein verklaar en die lewende voël moet hy in die oop veld loslaat.
8 Hy wat gereinig word, moet sy klere was, al sy hare afskeer en homself in water was dat hy rein mag wees. Daarna moet hy in die kamp inkom, maar hy moet sewe dae lank buitekant sy tent bly.
9 Op die sewende dag moet hy al sy hare afskeer, sy kop, sy baard en sy wenkbroue; al sy hare moet hy afskeer. Hy moet sy klere was en sy liggaam in water was en hy sal rein wees.
10 Op die agtste dag moet hy twee lammers sonder gebrek en een jaaroud ooilam sonder gebrek vat en drie tiendes van ’n efa fyn meel met olie gemeng as graanoffer en een log olie.
11 Die priester, wat hom rein verklaar, moet die man, wat gereinig word en al die offers voor die Teenwoordigheid van יהוה, by die ingang van die Tent van Ontmoeting, aanbied.
12 Die priester moet een lam vat en dit offer saam met die log olie as oortredingsoffer en dit as waaioffer voor die Teenwoordigheid van יהוה waai.
13 Hy moet die lam doodmaak op die plek waar hulle die sondoffer en die brandoffer doodmaak, in die Afgesonderde plek, want die oortredingsoffer, net soos die sondoffer, behoort aan die priester; dit is mees afgesonderd.
14 Die priester moet van die bloed van die oortredingsoffer vat en die priester moet dit aan hom wat gereinig word se regteroorbel, aan die duim van sy regterhand en aan die groottoon van sy regtervoet, smeer.
15 Die priester moet ook van die log olie vat en dit in sy eie linkerhand gooi.

16 Die priester moet sy regtervinger in die olie steek wat in sy linkerhand is en met sy vinger sewe maal van die olie voor die Teenwoordigheid van יהוה sprinkel.
17 Van die orige olie wat in sy hand is, moet die priester aan hom wat gereinig word se regteroorbel, aan die duim van sy regterhand en aan die groottoon van sy regtervoet smeer, oor die bloed van die oortredingsoffer.
18 Die res van die olie wat in die priester se hand is, moet hy op die kop, van hom wat gereinig word, gooi. So moet die priester vir hom toedekking doen voor die Teenwoordigheid van יהוה.
19 Die priester moet ook die sondoffer offer en vir hom wat gereinig word, toedekking doen, weens sy onreinheid; daarna moet hy die brandoffer slag.
20 Die priester moet die brandoffer en die graanoffer op die altaar offer. So moet die priester vir hom toedekking doen en hy sal rein wees.
21 As hy egter te arm is en dit nie kan bekostig nie, moet hy een lam as oortredingsoffer vat om gewaai te word, om vir hom toedekking te doen; saam met een tiende van ’n efa fyn meel met olie gemeng as graanoffer, ’n log olie
22 en twee tortelduiwe of twee jong duiwe soos wat hy kan bekostig. Die een sal ’n sondoffer wees en die ander ’n brandoffer.
23 Hy moet hulle dan op die agtste dag na die priester bring vir sy reiniging by die ingang van die Tent van Ontmoeting voor die Teenwoordigheid van יהוה.
24 Hy moet die oortredingsofferlam en die log olie vat en die priester moet dit as waaioffer voor die Teenwoordigheid van יהוה waai.
25 Hy moet die oortredingsofferlam doodmaak en die priester moet van die bloed van die skuldoffer neem en dit aan die regteroorbel van hom wat gereinig word, aan die duim van sy regterhand en aan die groottoon van sy regtervoet smeer.
26 Die priester moet van die olie in sy eie linkerhand gooi.
27 Die priester moet met sy regtervinger van die olie wat in sy linkerhand is, sewe maal voor die Teenwoordigheid van יהוה sprinkel.
28 Die priester moet van die olie wat in sy hand is, aan die regteroorbel van hom wat gereinig word, aan die duim van sy regterhand en aan die groottoon van sy regtervoet smeer, op die plek van die bloed van die oortredingsoffer.
29 Die res van die olie wat in die priester se hand is, moet hy op die kop, van hom wat gereinig word, gooi, om toedekking vir hom te doen voor die Teenwoordigheid van יהוה.
30 Hy moet een van die tortelduiwe of van die jong duiwe, soos wat hy kan bekostig, offer.
31 Die een as sondoffer en die ander as brandoffer, saam met die graanoffer. So moet die priester vir hom wat gereinig word, toedekking doen voor die Teenwoordigheid van יהוה.
32 Dit is die wet vir hom wat ’n plaag van melaatsheid gehad het, wat nie die gewone reiniging kan bekostig nie.”
33 יהוה het met Mosheh en Aharon gepraat en gesê:
34 “Wanneer julle in die land Kena’an inkom, wat Ek vir julle as besitting gee en Ek die plaag van melaatsheid in ’n huis van die land van julle besitting laat kom,

35 moet hy aan wie die huis behoort, kom en die priester inlig en sê: 'Dit lyk of daar 'n plaag in die huis is.'
36 Die priester moet bevel gee dat hulle die huis ontruim, voordat die priester die plaag kom ondersoek sodat alles wat in die huis is, nie onrein word nie; daarna moet die priester kom om die huis te ondersoek.
37 As hy die plaag ondersoek en sien dat die plaag aan die mure van die huis soos groenerige of rooierige merke is en hulle diep in die muur is,
38 dan moet die priester uit die huis uitgaan, na die deur van die huis en die huis sewe dae lank toesluit.
39 Op die sewende dag moet die priester weer kom en kyk en let op, as die plaag versprei het in die mure van die huis,
40 dan moet die priester bevel gee dat hulle die klippe uitbreek waaraan die plaag is en dit buitekant die stad op 'n onrein plek gooi
41 en die huis moet regdeur binnekant afgekrap word en die klei wat hulle afgekrap het, moet buitekant die stad op 'n onrein plek weggegooi word.
42 Hulle moet ander klippe vat en in die plek van daardie klippe sit en hulle moet ander pleister vat en die huis pleister.
43 As die plaag terugkom en weer in die huis uitbreek nadat hulle die klippe uitgebreek, die huis afgekrap en dit gepleister het,
44 moet die priester kom en kyk en let op, as hy sien dat die plaag in die huis versprei het, dan is dit 'n aktiewe melaatsheid in die huis; dit is onrein.
45 Hy moet die huis afbreek, sy klippe, sy hout en al die klei van die huis en hy moet dit uitdra, buitekant die stad, na 'n onrein plek.
46 Meer nog, hy wat in die huis kom, al die tyd dat hulle dit toegesluit hou, sal tot die aand toe onrein wees.
47 Hy wat in die huis gaan lê, moet sy klere was, asook hy wat in die huis eet, moet sy klere was.
48 As die priester in die huis kom, dit ondersoek en sien dat die plaag nie in die huis versprei het nadat die huis gepleister is nie, dan moet die priester die huis rein verklaar, want die plaag het gesond geword.
49 Hy moet, om die huis te reinig, twee voëls, sederhout, skarlaken en hisop vat
50 en die een voël in 'n erdepot oor lopende water doodmaak.
51 Hy moet die sederhout, die hisop, die skarlaken en die lewende voël vat en dit in die bloed van die dooie voël en in die lopende water insteek en hy moet die huis sewe maal besprinkel.
52 Hy moet die huis reinig met die bloed van die voël, sowel as met die lopende water, die lewende voël, die sederhout, die hisop en die skarlaken.
53 Hy moet die lewende voël buitekant die stad in die oop veld loslaat en so toedekking doen vir die huis en dit sal rein wees.
54 Dit is die wet oor elke plaag van melaatsheid en oor skurfheid,
55 oor melaatsheid van klere en huise
56 en oor swelsels, uitslag en helder vlekke,
57 om te leer wanneer iets onrein en wanneer iets rein is. Dit is die wet aangaande melaatsheid."

15 1 יהוה het met Mosheh en Aharon gepraat en gesê:
2 “Praat met die seuns van Yisra’el en sê vir hulle: ‘As enige man ’n uitskeiding uit sy liggaam het, dan is dié uitskeiding onrein
3 en dit sal sy onreinheid deur die vloeiing wees: as sy vlees die uitskeiding laat loop of sy vlees raak verstop van die uitskeiding is dit ’n onreinheid in hom.
4 Elke bed waarop hy wat die uitskeiding het, lê, sal onrein wees en alles waarop hy sit, sal onrein wees.
5 Elkeen wat aan sy bed raak, moet sy klere was en bad in water en hy is onrein tot die aand toe.
6 Hy wat gaan sit op enige iets waarop hy gesit het wat die uitskeiding het, moet sy klere was en in water bad en hy is onrein tot die aand toe.
7 Hy wat aan die liggaam raak van hom wat die vloeiing het, moet sy klere was en in water bad en hy is onrein tot die aand toe.
8 As hy wat die uitskeiding het, op ’n reine spoeg, moet díe sy klere was en in water bad en hy is onrein tot die aand toe.
9 Elke saal waarop hy wat die uitskeiding het, ry, sal onrein wees.
10 Elkeen wat aan iets raak wat onder hóm was, sal onrein wees tot die aand toe. Die een wat enige hiervan dra, moet sy klere was en in water bad en hy is onrein tot die aand toe.
11 Elkeen aan wie hy, wat die uitskeiding het, raak sonder dat hy eers sy hande in water gewas het, dié een moet sy klere was en in water bad en hy is onrein tot die aand toe.
12 Die erdegoed waar hy, wat die uitskeiding het, aan raak, moet stukkend gebreek word en al die voorwerpe van hout moet in water afgespoel word.
13 As hy, wat die uitskeiding het, van sy uitskeiding gereinig word, moet hy sewe dae tel ná sy reiniging, sy klere was en sy liggaam in lopende water was; dan sal hy rein wees.
14 Op die agtste dag moet hy vir hom twee tortelduiwe of twee jong duiwe vat en voor יהוה kom, by die ingang van die Tent van Ontmoeting en dit vir die priester gee.
15 Die priester moet hulle offer, die een as ’n sondoffer en die ander as ’n brandoffer; so moet die priester dan vir hom vanweë sy uitskeiding toedekking doen voor יהוה.
16 As daar saad van ’n man af uitgaan, moet hy sy hele liggaam in water was en hy sal onrein wees tot die aand toe.
17 Elke kledingstuk en elke veldeel waar die saad op kom, moet in water gewas word en dit bly onrein tot die aand toe.
18 As ’n man met ’n vrou gemeenskap het sodat daar saad afkom, moet albei in water was en hulle sal onrein wees tot die aand toe.
19 As ’n vrou ’n uitskeiding het en die uitskeiding uit haar liggaam bloed is, is sy sewe dae lank onrein en elkeen wat aan haar raak, sal onrein wees tot die aand toe.
20 Alles waarop sy tydens haar onreinheid lê, sal onrein wees en alles waarop sy sit, sal onrein wees.

21 Elkeen wat aan haar bed raak, moet sy klere was en in water bad en sal tot die aand toe onrein wees.
22 Elkeen wat raak aan enige voorwerp waarop sy sit, moet sy klere was en in water was en sal tot die aand toe onrein wees
23 en as daar iets op die bed is of op die voorwerp waarop sy sit, as hy aan dit raak, sal hy tot die aand toe onrein wees.
24 As ’n man met haar gemeenskap het sodat haar onreinheid op hom kom, sal hy sewe dae lank onrein wees en elke bed waarop hy lê, sal onrein wees. [Lev 18:19]
25 As ’n vrou vir baie dae ’n uitskeiding van bloed het, buiten die tyd van haar menstruasie, of as sy vloei verby die tyd van haar menstruasie, moet sy gedurende al die dae van haar vloeiing wees soos in die dae van haar menstruasie; sy is onrein.
26 Elke bed waarop sy gedurende al die dae van haar vloeiing lê, sal vir haar soos die bed van haar menstruasie wees en alles waarop sy sit, sal net so onrein wees soos die onreinheid van haar menstruasie.
27 Elkeen wat aan hierdie dinge raak, sal onrein wees: dié een moet sy klere was en in water was en sal tot die aand toe onrein wees,
28 maar as sy van haar uitskeiding rein geword het, moet sy sewe dae tel en daarna sal sy rein wees.
29 Op die agtste dag moet sy vir haar twee tortelduiwe of twee jong duiwe vat en dié by die ingang van die Tent van Ontmoeting na die priester bring.
30 Die priester moet die een as sondoffer en die ander as brandoffer offer en die priester moet vanweë haar onrein uitskeiding vir haar toedekking doen voor יהוה.
31 So moet julle dan die seuns van Yisra’el van hulle onreinheid afskei sodat hulle nie deur hulle onreinheid sterf deurdat hulle My tabernakel wat tussen hulle is, onrein maak nie.
32 Hierdie is die wet vir hom wat ’n uitskeiding het en vir hom wat ’n saaduitskeiding het sodat hy daardeur onrein word
33 en vir die vrou wat deur haar menstruasie onwel is en vir die een wat aan ’n uitskeiding ly, man of vrou en vir ’n man wat met ’n onrein vrou gemeenskap het.

16 1 יהוה het met Mosheh gepraat ná die dood van die twee seuns van Aharon, wat gesterf het toe hulle nadergekom het aan die Teenwoordigheid van יהוה.
2 יהוה het vir Mosheh gesê: “Praat met jou broer Aharon dat hy nie te eniger tyd moet inkom in die afgesonderde plek, binnekant die verdelingsgordyn, voor die Toedekking wat op die ark is nie sodat hy nie sterf nie, want Ek verskyn in die wolk bokant die Toedekking.
3 So moet Aharon in die Afgesonderde plek ingaan: met die bloed van ’n jong bul as sondoffer en van ’n ram as brandoffer.
4 Hy moet die afgesonderde linne kleed aantrek, die linne broek moet oor sy liggaam wees, met ’n linne gordel moet hy hom omgord en ’n linne tulband moet op sy kop wees. Dit is afgesonderde klere; daarom moet hy sy liggaam in water was en dit aantrek.
5 Van die vergadering van die seuns van Yisra’el moet hy twee bokramme as sondoffer en een ram as brandoffer vat.

6 Aharon moet die sondofferbul wat vir hom bedoel is, naderbring en vir hom en sy huis toedekking doen.

7 Hy moet ook die twee bokke vat en hulle voor יהוה, by die ingang van die Tent van Ontmoeting, aanbied.

8 Aharon moet oor die twee bokke die lot werp, een lot vir יהוה en een lot vir `Az'azel (bok vir totale verwydering).

9 Aharon moet die bok waarop die lot vir יהוה gekom het naderbring en hom as sondoffer offer.

10 Die bok waarop die lot vir `Az'azel gekom het, moet lewendig voor יהוה aangebied word, om daardeur toedekking te doen, deur hom, as die bok vir volledige verwydering, die wildernis in te stuur.

11 Aharon moet die sondofferbul wat vir hom bedoel is, laat naderkom en vir hom en sy huis toedekking doen: hy moet die bul as sondoffer doodmaak vir homself.

12 Hy moet 'n vuurpan vol brandende kole van die altaar voor יהוה vat, met sy twee hande vol fyn gestampte reukwerk van speserye en dit binnekant die verdelingsgordyn bring.

13 Hy moet die reukwerk op die vuur sit voor die Teenwoordigheid van יהוה sodat die wolk van die reukwerk die Toedekking wat op die Getuienis is, kan toemaak sodat hy nie sterf nie.

14 Hy moet van die bloed van die bul vat en dit met sy vinger op die Toedekking aan die oostekant sprinkel en voor die Toedekking moet hy sewe maal met sy vinger van die bloed sprinkel.

15 Hy moet die bok van die sondoffer doodmaak wat vir die volk bedoel is en sy bloed binnekant die verdelingsgordyn bring en met sy bloed doen soos hy met die bloed van die bul gedoen het: hy moet dit sprinkel op die Toedekking en voor die Toedekking.

16 So moet hy vir die Afgesonderde plek toedekking doen vanweë die onreinheid van die seuns van Yisra'el en vanweë hulle oortredinge, vir al hulle sondes en so moet hy dit ook doen vir die Tent van Ontmoeting wat tussen hulle onreinheid bly.

17 Niemand mag in die Tent van Ontmoeting wees as hy ingaan om in die Afgesonderde plek toedekking te doen totdat hy uitkom, nie. Hy moet toedekking doen vir homself, vir sy huis en vir die hele vergadering van Yisra'el.

18 Hy moet na die altaar uitgaan wat voor יהוה is en daarvoor toedekking doen: hy moet van die bloed van die bul en van die bloed van die bok vat en dit rondom aan die horings van die altaar smeer

19 en met sy vinger van die bloed sewe maal daarop sprinkel en dit reinig en afsonder van die onreinheid van die seuns van Yisra'el.

20 Wanneer hy die toedekking van die Afgesonderde plek, die Tent van Ontmoeting en die altaar voltooi het, moet hy die lewendige bok laat naderkom

21 en Aharon moet sy twee hande op die kop van die lewende bok lê en oor hom belydenis doen van al die skuld van die seuns van Yisra'el, al hulle wetsoortredinge, al hulle sondes en hy moet dié op die kop van die bok lê en hom deur die hand van 'n man wat daar gereed staan, in die wildernis instuur

22 en hy moet die bok in die wildernis vrylaat. Die bok sal al hulle skuld na ’n eensame land wegdra.
23 Aharon moet inkom in die Tent van Ontmoeting en die linne klere uittrek wat hy aangetrek het toe hy in die Afgesonderde plek ingegaan het en dit daar los.
24 Hy moet sy liggaam op ’n afgesonderde plek in water was, sy klere aantrek en uitgaan en sy brandoffer en die brandoffer van die volk offer, om vir hom en vir die volk toedekking te doen.
25 Hy moet ook die vet van die sondoffer op die altaar brand en in rook laat opgaan.
26 Hy wat die bok vir volkome verwydering losgelaat het, moet sy klere was en sy liggaam in water was en daarna in die kamp inkom.
27 Die bul van die sondoffer en die bok van die sondoffer, waarvan die bloed ingebring is om toedekking te doen in die Afgesonderde plek, moet hulle uit die kamp uitdra en hulle velle, hulle vleis en hulle mis moet met vuur verbrand word.
28 Hy wat dit verbrand, moet sy klere was en sy liggaam in water was en daarna mag hy in die kamp inkom.
29 Hierdie sal ’n ewige instelling vir julle wees: in die sewende maand, op die tiende van die maand, moet julle in nederigheid vas en géén werk doen nie; die kind van die land sowel as die vreemdeling wat by julle besoek,
30 want op hierdie dag moet hy vir julle toedekking doen om julle te reinig van al julle sondes om voor die Teenwoordigheid van יהוה rein te wees.
31 Dit moet ’n Shabbat van volkome rus vir julle wees en julle moet in nederigheid vas. Dit is ’n ewige instelling.
32 Die priester wat gesalf is en wie se hand bevestig is om in die plek van sy vader as priester te dien, moet toedekking doen en hy moet die linne klere, die afgesonderde klere, aantrek
33 en toedekking doen vir die Mees Afgesonderde plek; toedekking doen vir die Tent van Ontmoeting en die altaar en toedekking doen vir die priesters en vir al die mense van die vergadering.
34 Dit moet vir julle ’n ewige instelling wees om vir die seuns van Yisra’el, weens al hulle sondes, een maal per jaar toedekking te doen.” Hy het gedoen soos יהוה Mosheh beveel het.

## 17

1 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
2 “Praat met Aharon, sy seuns en met al die seuns van Yisra’el en sê vir hulle: ‘Hierdie is wat יהוה beveel het:
3 Elke man uit die huis van Yisra’el wat ’n bees, ’n lam of ’n bok in die kamp doodmaak of dit buitekant die kamp doodmaak [Deut 12:20-26; Deut 15:19-23]
4 en dit nie bring na die ingang van die Tent van Ontmoeting om aan יהוה ’n offer voor die tent van יהוה te bring nie, dié man sal aan bloed skuldig wees. Hy het bloed vergiet en dié man moet afgesny word uit sy volk
5 sodat die seuns van Yisra’el hulle offers wat hulle in die oop veld geoffer het, aan יהוה by die ingang van die Tent van Ontmoeting, na die priester kan bring en dit as vredesoffers tot יהוה kan offer.

6 Die priester moet die bloed teen die altaar van יהוה by die ingang van die Tent van Ontmoeting sprinkel en die vet brand en in rook laat opgaan as 'n aangename geur tot יהוה.
7 Hulle mag nie langer hulle offers aan die bokdemone offer, agter wie hulle aan hoereer nie. Hierdie moet vir hulle 'n ewige instelling wees regdeur hulle geslagte.'
8 Jy moet ook vir hulle sê: 'Elke man vanuit die huis van Yisra'el en vanuit die besoeker wat tussen julle bly, wat 'n brandoffer of 'n offer bring
9 en dit nie na die ingang van die Tent van Ontmoeting bring om dit tot יהוה te offer nie, dié man moet vanuit sy volksgenote afgesny word.
10 Elke man vanuit die huis van Yisra'el en vanuit die besoekers wat tussen julle bly, wat enige bloed eet; teen dié een wat bloed eet, sal Ek my gesig draai en hom afsny van onder sy volk uit,
11 want die lewe van die vlees is in die bloed en Ek het dit vir julle op die altaar gegee om vir julle toedekking te doen, want dit is die bloed wat toedekking doen vir die lewe;
12 daarom het Ek vir die seuns van Yisra'el gesê: "Niemand van julle mag bloed eet nie en ook die besoeker wat tussen julle bly, mag geen bloed eet nie."
13 Elke man vanuit die seuns van Yisra'el en vanuit die besoekers wat tussen julle bly, wat jag en wild of 'n voël vang wat geëet mag word, moet die bloed daarvan laat uitloop en dit met grond toemaak,
14 want dit is die lewe van alle vlees. Sy bloed is sy lewe; daarom het Ek vir die seuns van Yisra'el gesê: "Julle mag nie die bloed van enige vlees eet nie, want die lewe van alle vlees is in sy bloed. Wie dit ook al eet, moet afgesny word." [Gen 9:4]
15 Elke persoon, of hy 'n kind van die land is of 'n besoeker, wat eet van iets wat natuurlik dood is of van iets wat verskeur is, moet sy klere was en in water bad en is onrein tot die aand toe. [Lev 11:40] Dan sal hy rein wees,
16 maar as hy dit nie was nie en sy liggaam nie bad nie, moet hy sy skuld dra.'"

18 1 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
2 "Praat met die seuns van Yisra'el en sê vir hulle: 'Ek is יהוה julle God.
3 Julle mag nie doen volgens die dade van die land van Mitzrayim waarin julle gewoon het nie en julle mag nie doen volgens die werke van die land Kena'an waarheen Ek julle bring nie en julle mag nie volgens hulle reëls leef nie.
4 My regverdige oordele moet julle doen en My reëls nakom om daarin te leef. Ek is יהוה, julle God.
5 Jy moet daarom My regverdige oordele en My reëls nakom wat, as die mens dit doen, hy daardeur sal lewe. Ek is יהוה. [Rom 10:5; Gal 3:12]
6 Niemand van julle mag naby sy bloedfamilie se vlees kom om die skaamte te ontbloot nie. Ek is יהוה.
7 Jy mag die skaamte van jou vader [Gen 9:22,23] en die skaamte van jou moeder nie ontbloot nie: sy is jou moeder, jy mag haar naaktheid nie ontbloot nie.
8 Jy mag die naaktheid van die vrou van jou vader nie ontbloot nie; dit is die naaktheid van jou vader. [Lev 20:11; Deut 23:1]

9 Die naaktheid van jou suster, die dogter van jou vader of die dogter van jou moeder, of sy in die huis of buitekant gebore is, haar naaktheid mag jy nie ontbloot nie.
10 Die naaktheid van jou seun se dogter of van jou dogter se dogter mag jy nie ontbloot nie, want hulle is jou eie naaktheid.
11 Die naaktheid van die dogter van jou vader se vrou, wat deur jou vader verwek is, sy is jou suster, haar naaktheid mag jy nie ontbloot nie.
12 Jy mag die naaktheid van jou vader se suster nie ontbloot nie; sy is dieselfde as jou vader.
13 Jy mag die naaktheid van jou moeder se suster nie ontbloot nie, want sy is dieselfde as jou moeder.
14 Jy mag die naaktheid van jou vader se broer nie ontbloot nie: jy mag nie naby sy vrou kom nie; sy is jou tante.
15 Jy mag die naaktheid van jou skoondogter nie ontbloot nie; sy is jou seun se vrou: jy mag haar naaktheid nie ontbloot nie.
16 Jy mag die naaktheid van jou broer se vrou nie ontbloot nie; dit is die naaktheid van jou broer.
17 Jy mag die naaktheid van 'n vrou en haar dogter nie ontbloot nie; haar seun se dogter en haar dogter se dogter mag jy nie neem om haar naaktheid te ontbloot nie. Hulle is dieselfde. Dit is boosheid.
18 Jy mag ook nie 'n vrou en haar suster vat, om haar te tart, om haar naaktheid te ontbloot terwyl die ander een nog lewe nie.
19 Jy mag ook nie naby 'n vrou kom terwyl sy onrein is deur haar menstruasie, om haar naaktheid te ontbloot nie. [Lev 15:24; 20:18]
20 Meer nog, jy mag geen vleeslike gemeenskap met jou naaste se vrou hê om jou met haar onrein te maak nie.
21 Jy mag geen van jou kinders gee om in vuur aan Molekh geoffer te word en die Naam (Karakter en Outoriteit) van jou God te onteer nie. Ek is יהוה. [Lev 20:2-5]
22 Jy mag nie lê by 'n manspersoon soos by 'n vrou nie. [Lev 20:13; Rom 1:26; 1 Kor 6:9; 1 Tim 1:10] Dit is verwerplik.
23 Jy mag met géén dier vleeslike gemeenskap hê om jou daardeur onrein te maak nie. 'n Vrou mag ook nie voor 'n dier gaan staan om daarmee gemeenskap te hê nie. Dit is 'n gruwelikheid.
24 Moenie julleself deur al hierdie dinge onrein maak nie, want deur al hierdie dinge is die ander nasies onrein, wat Ek voor julle uit verdryf,
25 want die land het onrein geword en Ek besoek sy boosheid oor dit sodat die land sy inwoners uitspoeg.
26 Júlle moet daarom My regverdige oordele en My reëls onderhou en niks van al hierdie booshede doen nie; beide die kind van die land en die besoeker wat tussen julle bly,
27 want die mense van die land, wat voor julle was, het al hierdie booshede gedoen en die land het onrein geword.
28 Laat die land julle dan nie uitspoeg as julle dit onrein maak, soos dit die nasie uitgespoeg het wat voor julle daar was nie,

29 want wie ook al enige een van hierdie booshede doen, die persone wat dit doen, moet afgesny word vanuit hulle volk uit.
30 Julle moet daarom My opdrag uitvoer, om niks te doen van die verwerplike gewoontes wat voor julle gedoen is nie en dat julle jul nie daardeur onrein maak nie. Ek is יהוה, julle God.' "
19 1 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
2 "Praat met die hele vergadering van die seuns van Yisra'el en sê vir hulle: 'Julle moet afgesonderd wees, want Ek, יהוה, julle God, is Afgesonderd. [1 Kef 1:15,16]
3 Elkeen moet sy moeder en sy vader respekvol vrees en My Shabbatte hou. Ek is יהוה, julle Magtige God. [Eks 20:12]
4 Moenie na die afgode toe draai nie en maak vir julle geen gegote gode nie. Ek is יהוה, julle Magtige God.
5 As julle 'n vredesoffer aan יהוה offer, moet julle dit so offer dat julle aanvaar sal word.
6 Op die dag as julle dit offer en die dag daarna, moet dit geëet word, maar wat tot die derde dag toe oorbly, moet met vuur verbrand word.
7 As dit op die derde dag geëet word, is dit 'n oortreding; dit sal nie aanvaar word nie.
8 Elkeen wat dit eet, sal daarom sy skuld dra, want hy het, wat afgesonder is aan יהוה, onrein gemaak en dié persoon moet uit sy volksgenote afgesny word.
9 Wanneer julle die opbrengs van julle land oes, moet julle die rante van die land nie heeltemal af oes en die are wat val, nie bymekaarmaak nie.
10 Jy moet ook nie jou wingerd skoon af oes en die trossies wat van jou wingerd val, nie bymekaarmaak nie. Jy moet dit vir die armes en die besoekers laat oorbly. Ek is יהוה, julle God.
11 Julle mag nie steel nie, julle mag nie vals handel of vir mekaar lieg nie.
12 Julle mag nie valslik by My Naam (Karakter en Outoriteit) sweer en so die Naam (Karakter en Outoriteit) van jou God onrein maak nie. Ek is יהוה.
13 Jy mag jou naaste nie afpers of beroof nie. Die huurling se loon mag nie by jou bly tot die oggend toe nie. [Ya'a 5:4]
14 Jy mag 'n dowe nie vloek nie en voor die blinde geen struikelblok lê nie, [Rom 14:12,13] maar jy moet jou God respekvol vrees. Ek is יהוה.
15 Julle mag geen onregverdigheid doen in die oordele nie. Jy mag nie partydig wees vir die armes nie en die magtige nie eer nie. Met onpartydige opregtheid moet jy oor jou naaste oordeel.
16 Jy mag nie as 'n storiedraer onder jou volksgenote rondloop nie. Jy mag nie teen die lewe van jou naaste optree nie. Ek is יהוה.
17 Jy mag nie jou broer in jou verstand, wil en emosie haat nie. Jy moet jou naaste vrymoedig berispe sodat jy nie om sy ontwil sonde op jou laai nie.
18 Jy mag nie wraak neem of 'n wrok koester teenoor die seuns van jou volk nie, maar jy moet jou naaste liefhê soos jouself. [Mat 19:19; 22:39; Mar 12:31; Luk 10:27; Ya'a 2:8] Ek is יהוה.
19 Julle moet My reëls hou. Jy mag nie jou vee met 'n ander soort kruisteel nie. Jy mag nie gemengde saad in jou akker saai nie en 'n bo-kleed van saamgeweefde wol en linne, mag nie op jou kom nie.

20 En as ’n man seksuele gemeenskap het met ’n vrou wat as slavin aan ’n ander man beloof is, sonder dat sy ooit losgekoop is of vryheid aan haar gegee is, dan moet daar straf wees, maar hulle mag nie gedood word nie, want sy was nie vry nie.
21 Hy moet sy oortredingsoffer aan יהוה bring by die ingang van die Tent van Ontmoeting; ’n ram as oortredingsoffer.
22 Die priester moet met die ram van die oortredingsoffer vir hom toedekking doen voor יהוה weens die sonde wat hy gedoen het en die sonde wat hy gedoen het, sal hom vergewe wees.
23 Wanneer julle in die land inkom en allerhande vrugtebome vir kos geplant het, moet julle hulle vrugte as verbode beskou; drie jaar lank moet hulle vir julle verbode wees. Dit mag nie geëet word nie,
24 maar in die vierde jaar is al hulle vrugte afgesonderd; ’n offer van lofprysing tot יהוה.
25 In die vyfde jaar mag julle hulle vrugte eet sodat hulle opbrengs vermeerder sal word aan julle. Ek is יהוה, julle God.
26 Julle mag niks, met sy bloed eet nie en julle mag nie toordery of toekomsvoorspellings doen nie.
27 Julle mag die rand van julle kophare nie rond afskeer nie en ook nie die rand van julle baarde skend nie. [Lev 21:5]
28 Julle mag geen snye in julle vlees maak ter wille van ’n lewende wese nie en geen ingeprikte tekening in julle vel maak nie. [Deut 14:1,2] Ek is יהוה.
29 Moenie jou dogter onrein maak deur haar toe te laat in hoerery nie sodat die land nie in prostitusie verval en die land vol boosheid word nie.
30 Julle moet My Shabbatte hou en My Afgesonderde plek respekteer. Ek is יהוה.
31 Julle sal nie na mediums draai en fortuinvertellers opsoek om deur hulle onrein gemaak te word nie. Ek is יהוה, julle God.
32 Jy moet opstaan voor dié met grys hare en die teenwoordigheid van ’n ou man eer en jy moet jou God respekvol vrees. Ek is יהוה. [1 Tim 5:1]
33 Wanneer ’n vreemdeling by jou in jou land bly, mag julle hom nie benadeel nie.
34 Die vreemdeling wat by julle besoek, moet vir julle wees soos een wat onder julle gebore is en jy moet hom liefhê soos jouself, want julle was vreemdelinge in die land van Mitzrayim. Ek is יהוה, julle God.
35 Julle mag geen onregverdigheid doen in bepalings, in mate van gewig of inhoudsmaat nie. [Spr 20:10,23]
36 Julle moet ’n korrekte weegskaal hê, korrekte weegstene, ’n korrekte efa en ’n korrekte hin. Ek is יהוה, julle God, wat julle uit die land van Mitzrayim uitgebring het;
37 daarom moet julle al My reëls en al My regverdige oordele hou en dit doen. Ek is יהוה.’”

20 1 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
2 “Jy moet ook vir die seuns van Yisra’el sê: ‘Enige een uit die seuns van Yisra’el of uit die vreemdelinge wat in Yisra’el besoek, wat enige van sy kinders aan Molekh gee, moet tereggestel word tot die dood. Die volk van die land moet hom met klippe stenig.

3 Ek sal My gesig teen dié man draai en sal hom afsny onder sy volk uit, want hy het van sy kinders aan Molekh gegee om My Afgesonderde plek onrein te maak en My Afgesonderde Naam (Karakter en Outoriteit) te onteer. [2 Kon 21:6; 23:10]
4 As die volk van die land hulle oë toemaak om dit weg te steek wanneer dié man van sy kinders aan Molekh gee en hom nie doodmaak nie,
5 dan sal Ek My gesig draai teen dié man en sy familie en Ek sal hom en almal wat agter hom aan hoereer om agter Molekh aan te hoereer, afsny uit hulle volk uit.
6 As 'n persoon hom draai na bekende geeste en towenaars om agter hulle aan te hoereer, sal Ek My aangesig teen dié persoon draai en hom afsny uit sy volk uit.
7 Sonder julleself af en wees afgesonderd, [1 Kef 1:15,16] want Ek is יהוה, julle God.
8 Hou My reëls en doen dit. Ek is יהוה, wat julle afsonder.
9 Elkeen wat sy vader of moeder vloek, moet tereggestel word tot die dood. Hy het sy vader of sy moeder gevloek. Sy bloed sal op homself wees. [Mar 7:10]
10 As iemand owerspel pleeg met 'n ander man se vrou, owerspel pleeg met sy naaste se vrou, moet hy en sy wat owerspel pleeg, tereggestel word tot die dood. [Yog 8:5]
11 Die man wat by sy vader se vrou lê, het die naaktheid van sy vader ontbloot. Hulle altwee moet tereggestel word tot die dood. [Lev 18:8; Deut 23:1] Hulle bloed sal op hulleself wees.
12 As 'n man by sy skoondogter lê, moet hulle altwee tereggestel word tot die dood. Hulle het 'n boosheid gedoen. Hulle bloed sal op hulleself wees.
13 As 'n man by 'n manspersoon lê soos 'n mens met 'n vrou doen, het hulle albei 'n verwerplike daad gedoen. Hulle moet tereggestel word tot die dood. Hulle bloed sal op hulleself wees. [Lev 18:22,23; Rom 1:26; 1 Kor 6:9; 1 Tim 1:10]
14 As 'n man met 'n vrou en haar moeder trou, is dit boosheid; hulle moet hom en dié twee saam, met vuur verbrand sodat daar geen boosheid onder julle is nie.
15 As 'n man vleeslike gemeenskap het met 'n dier, moet hy tereggestel word tot die dood en die dier moet julle doodmaak.
16 As 'n vrou naby enige dier kom om daarmee gemeenskap te hê, moet jy die vrou en die dier doodmaak. Hulle moet tereggestel word tot die dood. Hulle bloed sal op hulleself wees.
17 As 'n man sy suster vat, sy vader se dogter of sy moeder se dogter en hy haar naaktheid sien en sy, sy naaktheid sien, is dit 'n skande. Hulle moet afgesny wees in die oë van die seuns van hulle volk. Hy het die naaktheid van sy suster ontbloot; hy sal sy skuld dra. [2 Sh'm 13:1-20, 26-29,32]
18 As 'n man met 'n vrou gemeenskap het wanneer sy menstrueer en haar naaktheid ontbloot, het hy haar bron ontbloot en sy het die bron van haar bloed oopgemaak, hulle moet altwee afgesny word uit hulle volk uit.
19 Jy mag ook nie die naaktheid van jou moeder se suster en van jou vader se suster ontbloot nie, want hy het sy bloedfamilie ontbloot; hulle sal hul skuld dra.
20 As 'n man by sy oom se vrou lê, het hy die naaktheid van sy oom ontbloot. Hulle sal hul sonde dra. Hulle sal sonder kinders sterf.
21 As 'n man sy broer se vrou vat, is dit 'n onrein ding. Hy het die naaktheid van sy broer ontbloot. Hulle sal sonder kinders wees. [Mar 6:17,18]

22 Bewaar al My reëls en al My regverdige oordele en doen dit sodat die land waarheen Ek julle bring om daarin te bly, julle nie uitspoeg nie.

23 Julle mag nie leef volgens die gewoontes van die nasies wat Ek voor julle uit verdryf nie, want hulle het al hierdie dinge gedoen en daarom verafsku Ek hulle.

24 Ek het vir julle gesê: 'Júlle sal hulle land bewoon en Ék sal dit aan julle as besitting gee, 'n land wat vloei van melk en heuning. Ek is יהוה, julle God, wat julle van die volke afgesonder het;

25 daarom moet julle 'n onderskeid tref tussen die rein en onrein diere en tussen die onrein en rein voëls; moenie julle lewens verwerplik maak deur diere of deur voëls of deur enige iets wat op die aarde beweeg, wat Ek van julle afgesonder het deur dit onrein te verklaar, nie.

26 Julle moet afgesonder wees tot My, want Ek, יהוה, is afgesonderd en Ek het julle van die volke af afgesonder om Myne te wees. [1 Kef 1:15-16]

27 'n Man of vrou wat 'n medium of 'n fortuinverteller is, moet tereggestel word tot die dood. Hulle moet met klippe gestenig word. Hulle skuld vir bloedvergieting sal op hulle wees.'"

21 1 יהוה het vir Mosheh gesê: "Praat met die priesters, die seuns van Aharon en sê vir hulle: 'Niemand moet hom vir 'n dooie onder sy volksgenote onrein maak nie;

2 behalwe vir sy naby familie: vir sy moeder, sy vader, sy seun, sy dogter en sy broer;

3 asook vir sy suster wat 'n maagd is, naby aan hom, wat nie aan 'n man behoort het nie, vir haar mag hy hom onrein maak.

4 Hy sal hom ook nie onrein maak vir aangetroude familie onder sy volk en homself so onteer nie.

5 Hulle mag geen bles deel op hul koppe maak nie, die rand van hulle baard nie weg skeer en geen snye maak in hulle vlees nie. [Lev 19:27, 28]

6 Hulle moet afgesonderd wees tot hulle God en die Naam (Karakter en Outoriteit) van hulle God nie onteer nie, want hulle offer die offers van יהוה met vuur en die brood van hulle God; daarom moet hulle afgesonder wees.

7 Hulle mag met geen vrou trou wat hoereer of 'n onteerde is of 'n vrou wat deur haar man verstoot is nie, want hy is afgesonder tot sy God; hy mag nie met hulle trou nie.

8 Jy moet hom daarom afsonder omdat hy die brood van jou God offer. Hy moet vir jou afgesonder wees, want Ek, יהוה, is Afgesonder, [Lev 11:44,45; 19:2; 20:7,26; 1 Kef 1:16] wat julle afsonder.

9 As die dogter van 'n priester haarself onteer deur te hoereer, onteer sy haar vader. Sy moet met vuur verbrand word.

10 Die hoofpriester onder sy broers, op wie se kop die salfolie uitgegooi is en wat afgesonder is om die klere aan te trek, mag sy kop nie ontbloot en sy klere nie skeur nie

11 en hy mag naby geen dooie kom nie en hom selfs nie vir sy vader en moeder onrein maak nie;

12 hy mag ook nie uit die Afgesonderde Plek uitgaan nie sodat hy die Afgesonderde Plek van sy God nie onteer nie, want die toewyding van die salfolie van sy God is op hom. Ek is יהוה.

13 Hy moet ’n vrou vat wat ’n maagd is.

14 ’n Weduwee, een wat verstoot is, ’n onteerde of ’n hoer, moet hy nie vat nie, maar ’n maagd uit sy eie volk, moet hy as vrou vat

15 sodat hy nie sy saad onder sy volksgenote onteer nie, want Ek is יהוה, wat hom afsonder.’”

16 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:

17 “Praat met Aharon en sê: ‘Niemand uit jou nageslag, in hulle geslagte, aan wie ’n liggaamsgebrek is, mag naderkom om die kos van sy God te offer nie,

18 want niemand met ’n liggaamsgebrek, mag naderkom nie: ’n man wat blind of lam of vermink of misvorm is,

19 of ’n man wat ’n gebreklike voet of hand het,

20 of wat ’n boggel het of ’n dwerg of wat ’n vlek in sy oog het of skurfte of uitslag het of vergruisde skaamdele het.

21 Geen man uit die nageslag van Aharon, die priester, aan wie ’n liggaamsgebrek is, mag naderkom om die offers deur vuur tot יהוה te offer nie. ’n Liggaamsgebrek is aan hom; hy mag nie nader kom om die kos van sy God te offer nie.

22 Hy mag van die kos van sy Magtige God eet, beide die mees afgesonderde en die afgesonderde,

23 maar hy mag nie ingaan na die verdelingsgordyn of naderkom aan die altaar nie omdat daar ’n liggaamsgebrek aan hom is sodat hy My Afgesonderde Plek nie onteer nie, want Ek is יהוה, wat hulle afsonder.’ “

24 So het Mosheh gepraat met Aharon en sy seuns en met al die seuns van Yisra’el.

22 1 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:

2 “Praat met Aharon en sy seuns dat hulle versigtig moet wees met die afgesonderde gawes van die seuns van Yisra’el wat hulle tot My afsonder sodat hulle My Afgesonderde Naam (Karakter en Outoriteit) nie onteer nie. Ek is יהוה.

3 Sê vir hulle: ‘Enigeen van jou nageslag, in julle geslagte, wat naderkom na die afgesonderde gawes, wat die seuns van Yisra’el aan יהוה afsonder terwyl hy onrein is, dié persoon moet afgesny word van voor My Teenwoordigheid. Ek is יהוה.

4 Niemand uit die nageslag van Aharon wat melaats is of ’n uitskeiding het, mag van die afgesonderde gawes eet voordat hy nie rein is nie. Hy wat aan iemand raak wat deur ’n lyk onrein is, of van wie ’n saadvloeiing uitgaan,

5 of iemand wat aan enige kruipende dier raak, waardeur hy onrein word, of aan ’n mens, deur wie hy onrein word, as gevolg van watter onreinheid ook al,

6 die persoon wat aan so iets raak, sal tot die aand toe onrein wees en hy mag nie van die afgesonderde gawes eet, tensy hy sy liggaam in water gewas het nie.

7 Wanneer die son onder is, sal hy rein wees en daarna kan hy van die afgesonderde gawes eet, want dit is sy kos.

8 Iets wat natuurlik dood is of verskeur is, mag hy nie eet sodat hy daardeur nie onrein word nie. Ek is יהוה.

9 Hulle moet My voorskrifte bewaar sodat hulle daardeur geen sonde op hulle laai wanneer hulle dit onteer en daardeur sterf nie. Ek, יהוה, sonder hulle af.
10 Geen vreemdeling mag van wat afgesonder is eet nie. ’n Besoeker van ’n priester of ’n huurling mag nie eet wat afgesonder is nie,
11 maar as ’n priester iemand met sy geld koop, mag dié daarvan eet en die wat in sy huis gebore is; húlle mag van sy kos eet.
12 As die dogter van ’n priester met ’n vreemdeling getroud is, mag sy nie van die gawes van die afgesonderde dinge eet nie,
13 maar as die dogter van ’n priester ’n weduwee is of verstoot word en sy kinderloos is en in die huis van haar vader terugkom, soos in haar jeug, dan mag sy van die kos van haar vader eet, maar geen vreemdeling mag daarvan eet nie.
14 As iemand onwetend iets eet wat afgesonder is, moet hy ’n vyfde deel daarvan bysit en dit wat afgesonder is, aan die priester teruggee.
15 Hulle moenie die afgesonderde gawes wat die seuns van Yisra’el aan יהוה afgee, onteer nie
16 en húlle die skuld van die oortredingsoffer laat dra as hulle die afgesonderde gawes sou eet nie, want Ek, יהוה, sonder hulle af.’ “
17 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
18 “Praat met Aharon en sy seuns en met al die seuns van Yisra’el en sê vir hulle: ‘Enige man uit die huis van Yisra’el, of uit die besoekers in Yisra’el, wat enige van sy offers vir al sy geloftes, of enige van sy vrywillige offers, wat hy aan יהוה as ’n brandoffer bring,
19 vir julle bring om te aanvaar, moet ’n manlike dier sonder gebrek bring, van die beeste, die skape of die bokke.
20 Julle mag nie enige iets met ’n liggaamsgebrek bring nie, want dit sal nie aanvaarbaar wees vir julle nie.
21 Wie ook al ’n vredesoffer, of ’n vrywillige offer, aan יהוה offer, om ’n spesiale gelofte na te kom, van die beeste of die kleinvee, moet ’n volmaakte dier bring om aanvaar te word; dit mag geen liggaamsgebrek hê nie.
22 Dit wat blind of gebrekkig of vermink is of swere, skurfte of uitslag het, moet julle nie tot יהוה bring nie en daarvan mag julle vir יהוה geen offer, deur vuur, op die altaar lê nie.
23 ’n Bees of stuk kleinvee wat enige iets misvorm of te kort het, mag jy as ’n vrywillige offer bring, maar as gelofteoffer sal dit nie aanvaar word nie. [1 Kon 19:21]
24 ’n Dier wat vermink, vergruis, verskeur of gesny is, mag julle nie tot יהוה offer nie: in julle land mag julle dit nie doen nie.
25 Uit die hand van ’n vreemdeling mag julle ook nie enige diere aan julle God as kos bring nie, want hulle korrupsie is in hulle, daar is gebreke aan hulle: hulle sal nie vir julle aanvaar word nie.’”
26 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
27 “As ’n bees of ’n lam of ’n bok gebore word, moet dit sewe dae lank by sy moeder bly en van die agtste dag af en verder sal dit aanvaarbaar wees as ’n offer, deur vuur gebring, aan יהוה,

28 maar ’n koei of ’n ooi mag julle nie saam met haar kleintjie op een dag doodmaak nie.
29 Wanneer jy ’n dankoffer aan יהוה bring, moet julle dit so bring dat julle aanvaar sal word.
30 Dit moet op dieselfde dag geëet word. Julle moet daarvan niks laat oorbly tot die oggend toe nie. Ek is יהוה.
31 Hou My opdragte en doen dit. Ek is יהוה.
32 Julle sal nie My Afgesonderde Naam (Karakter en Outoriteit) onteer nie, maar Ek sal afgesonder behandel word onder die seuns van Yisra’el. Ek is יהוה, wat julle afsonder,
33 wat julle uit die land van Mitzrayim uitgebring het om vir julle ’n God te wees. Ek is יהוה.”

23 1 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê: [Num 28, 29]
2 “Praat met die seuns van Yisra’el en sê vir hulle: ‘Die vasgestelde tye van יהוה moet julle as afgesonderde byeenkomste verklaar; hierdie is My vasgestelde tye:
3 vir ses dae lank mag julle werk, maar op die sewende dag is dit ’n Shabbat van volkome rus, ’n afgesonderde byeenkoms. Jy mag géén werk doen nie, dit is ’n Shabbat van יהוה, oral waar julle bly. [Gen 2:3; Eks 20:8-11; 31:14-17; Yes 56:2-7; 58:13; Mat 12:8; Heb 4:9]
4 Hierdie is die vasgestelde tye van יהוה, afgesonderde byeenkomste, wat julle moet verklaar in die tye wat vir hulle bepaal is.
5 Op die veertiende dag van die eerste maand, tussen die twee sonsondergange, is die Pesag tot יהוה
6 en op die vyftiende dag van dieselfde maand is die Fees van Ongesuurde Brode tot יהוה; sewe dae lank moet julle ongesuurde brood eet. [Eks 34:18]
7 Op die eerste dag sal julle ’n afgesonderde byeenkoms hê; julle mag géén gewone werk doen nie.
8 Julle moet sewe dae lank ’n offer, deur vuur, tot יהוה bring. Op die sewende dag moet daar ’n afgesonderde byeenkoms wees; julle mag géén gewone werk doen nie.’”
9 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
10 “Praat met die seuns van Yisra’el en sê vir hulle: ‘Wanneer julle in die land kom wat Ek julle gee en sy opbrengs oes, moet julle ’n gerf van die eerste vrugte van julle oes na die priester bring. [1 Kor 15:20]
11 Hy moet die gerf voor die Teenwoordigheid van יהוה waai, om vir julle aanvaar te word; op die dag ná die Shabbat moet die priester dit waai.
12 Op die dag as julle die gerf waai, moet julle ’n lam in sy eerste jaar, sonder gebrek, as brandoffer tot יהוה offer.
13 Sy graanoffer daarmee saam, moet twee tiendes van ’n efa fyn meel met olie gemeng wees, as ’n offer, deur vuur, gebring tot יהוה, ’n aangename geur en sy drankoffer moet ’n kwart hin wyn wees.
14 Julle mag geen brood of gebraaide graan of vars graan eet tot op daardie selfde dag dat julle die offer tot julle God bring nie. Dit is ’n ewige instelling vir al julle geslagte, oral waar julle bly.

15 Julle moet tel van die dag ná die Shabbat, van die dag af wanneer julle die gerf van die waaioffer bring, sewe Shabbatte moet voltooi wees; Eks 34:22; Hand 2:1
16 tot die dag ná die sewende Shabbat moet julle vyftig dae tel; dan moet julle ’n nuwe graanoffer tot יהוה bring.
17 Julle moet uit jul blyplekke twee waaibrode bring; van twee tiendes van ’n efa. Dit moet van fyn meel gebak word, met suurdeeg, as eerste vrugte tot יהוה.
18 Julle moet saam met die brood, sewe lammers in hulle eerste jaar, sonder gebrek, een jong bul en twee ramme bring. Hulle moet ’n brandoffer tot יהוה wees saam met hulle graanoffer en drankoffers daarby, as offer, deur vuur, gebring tot ’n aangename geur vir יהוה.
19 Julle moet een bokram as ’n sondoffer offer, asook twee lammers in hulle eerste jaar, as ’n vredesoffer.
20 Die priester moet hulle saam met die brood van die eerste vrugte as waaioffer voor die Teenwoordigheid van יהוה waai saam met die twee lammers; hulle moet tot יהוה afgesonder wees, vir die priester.
21 Julle moet op daardie selfde dag ook ’n verklaring maak: dit is ’n afgesonderde byeenkoms vir julle; julle mag géén gewone werk doen nie. Dit is ’n ewige instelling oral waar julle bly, regdeur julle geslagte.
22 Wanneer julle die opbrengs van julle land oes, moet jy die rand van jou land nie heeltemal af oes as jy oes nie en die are wat val, nie bymekaar maak nie. Vir die arme en die besoekers moet jy dit laat oorbly. Ek is יהוה, julle God.’”
23 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
24 “Praat met die seuns van Yisra’el en sê: ‘In die sewende maand, op die eerste dag van die maand, moet julle rus. Dit is ’n gedenkdag deur die blaas van die ramshoring (shofar), ’n afgesonderde byeenkoms.
25 Julle mag géén gewone werk doen nie en offer aan יהוה ’n offer, deur vuur.’”
26 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
27 “Op presies die tiende dag van hierdie sewende maand is dit die dag van Toedekking. Dit sal vir julle ’n afgesonderde byeenkoms wees en julle moet in nederigheid vas en ’n offer, deur vuur, tot יהוה offer.
28 Op daardie selfde dag mag julle géén werk doen nie, want dit is ’n Toedekkingsdag (Yom Kippur) om vir julle toedekking te doen voor die Teenwoordigheid van יהוה, julle God,
29 want elkeen wat op daardie selfde dag nie nederig vas nie, moet van sy volksgenote afgesny word;
30 asook elkeen wat op daardie selfde dag enige werk doen, dié persoon sal Ek vernietig vanuit sy volk.
31 Julle mag géén werk doen nie; dit is ’n ewige instelling in al julle geslagte, oral waar julle bly.
32 Dit sal vir julle ’n Shabbat van volkome rus wees en julle moet in nederigheid vas. Vanaf die negende van die maand met sonsondergang, vanaf sonsondergang tot sonsondergang, moet julle jul Shabbat hou.”
33 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:

34 “Praat met die seuns van Yisra’el en sê: ‘Op die vyftiende dag van hierdie sewende maand is dit vir sewe dae lank die Huttefees (Sukkot) tot יהוה. Yog 7:2
35 Op die eerste dag sal daar ’n afgesonderde byeenkoms wees; julle mag géén gewone werk doen nie.
36 Sewe dae lank moet julle ’n offer, deur vuur, tot יהוה offer. Op die agtste dag moet daar vir julle ’n afgesonderde byeenkoms wees en julle moet ’n offer, deur vuur, tot יהוה offer. Dit is ’n bymekaarkoms en julle mag geen gewone werk doen nie.
37 Hierdie is die vasgestelde tye van יהוה, wat julle moet verkondig as afgesonderde byeenkomste, om offers, deur vuur, tot יהוה te offer: brandoffers, graanoffers, slagoffers en drankoffers, vir elke dag volgens voorskrifte;
38 bo en behalwe die Shabbatte van יהוה en bo en behalwe julle gawes en bo en behalwe al julle geloftes en bo en behalwe al julle vrywillige offers wat julle aan יהוה gee.
39 Ook op die vyftiende dag van die sewende maand, as julle die opbrengs van die land insamel, moet julle die fees van יהוה sewe dae lank vier; met ’n rus op die eerste dag en ’n rus op die agtste dag.
40 Op die eerste dag moet julle vir julle die vrugte neem van mooi bome, met palmtakke en takke van digte bome en wilgers van die rivier af en julle sal julle vir sewe dae voor die Teenwoordigheid van יהוה verheug. Neg 8:15-18
41 Julle moet dit as ’n fees tot יהוה vier, vir sewe dae in die jaar. Dit is ’n ewige instelling in julle geslagte. Julle moet dit in die sewende maand vier.
42 Sewe dae lank moet julle in hutte bly; almal wat as deel van Yisra’el gebore is, moet in hutte woon
43 sodat julle geslagte kan weet dat Ek die seuns van Yisra’el in hutte laat woon het toe Ek hulle uit die land van Mitzrayim uitgebring het. Ek is יהוה, julle God.’”
44 So het Mosheh dan die feeste van יהוה aan die seuns van Yisra’el bekend gemaak.

## 24

1 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
2 “Beveel die seuns van Yisra’el dat hulle vir jou suiwer, uitgestampte olyfolie vir die lig moet bring, om die lamp voortdurend te laat brand.
3 Aharon moet dit buitekant die verdelingsgordyn van die Getuienis, in die Tent van Ontmoeting, voorberei om voortdurend van die aand tot die oggend voor die Teenwoordigheid van יהוה te brand. Dit is ’n ewige instelling regdeur julle geslagte.
4 Hy moet die lampe op die rein lampstaander voortdurend voorberei voor die Teenwoordigheid van יהוה.
5 Jy moet ook fyn meel vat en twaalf koeke daarvan bak, twee tiendes van ’n efa moet in elke koek wees
6 en jy moet hulle in twee stapels neersit, ses in ’n stapel, op die rein tafel voor die Teenwoordigheid van יהוה.
7 Op elke stapel moet jy suiwer wierook sit, wat op die brood moet wees as ’n herdenking, as ’n offer deur vuur tot יהוה.
8 Op elke Shabbatdag moet hy dit as ’n ewige verbond, voortdurend voor die Teenwoordigheid van יהוה regsit, as geskenk vanaf die seuns van Yisra’el.

9 Dit sal as ’n ewige instelling vir Aharon en sy seuns wees, vanuit die offers, wat deur vuur gemaak word, tot יהוה: hulle moet dit in die Afgesonderde plek eet, want dit is iets volkome afgesonderd.”
10 Die seun van ’n Yisra’elitiese vrou, wie se man ’n Mitzrayimiet was, het uitgegaan tussen die seuns van Yisra’el in en die seun van die Yisra’elitiese vrou en ’n Yisra’elitiese man het met mekaar baklei in die kamp
11 en die seun van die Yisra’elitiese vrou het boos gepraat teen die Karakter en Outoriteit van יהוה en dit gevloek en hulle het hom na Mosheh gebring. Die naam van sy moeder was Shlomit, die dogter van Dibri, van die stam van Dan.
12 Hulle het hom toegesluit totdat die wil van יהוה aan hulle verklaar kon word.
13 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
14 “Vat hom wat gevloek het buitekant die kamp en laat almal wat hom gehoor het hulle hande op sy kop sit en laat die hele vergadering hom stenig.
15 Jy moet met die seuns van Yisra’el praat en sê: ‘Wie ook al sy God vloek, sal sy sonde dra
16 en wie ook al boos praat teen die Karakter en Outoriteit van יהוה, moet tot die dood toe tereggestel word; die hele vergadering moet hom met klippe stenig. Die besoeker, net soos die kind van die land, as hy boos praat teen יהוה, moet hy doodgemaak word.
17 Elkeen wat ’n mens doodslaan, moet tereggestel word tot die dood.
18 Wie ook al ’n stuk vee doodslaan, moet vergoeding doen daarvoor; lewe vir lewe.
19 As iemand sy naaste ’n gebrek veroorsaak, soos hy gedoen het, net so moet ook aan hom gedoen word:
20 breuk vir breuk, oog vir oog, tand vir tand, dieselfde gebrek wat hy aan ’n mens veroorsaak het, moet ook aan hom gedoen word.
21 Wie ook al ’n stuk vee doodslaan, moet daarvoor vergoeding gee, maar hy wat ’n mens doodslaan, moet doodgemaak word.
22 Julle sal dieselfde standaard hê vir die besoeker en vir die kind van die land, want Ek is יהוה, julle Magtige God.’”
23 Mosheh het met die seuns van Yisra’el gepraat en hulle het die een wat gevloek het buitekant die kamp uitgevat en hom gestenig. So het die seuns van Yisra’el gedoen soos יהוה Mosheh beveel het.

25 1 יהוה het met Mosheh gepraat op die berg Sinai en gesê:
2 “Praat met die seuns van Yisra’el en sê vir hulle: ‘Wanneer julle in die land inkom wat Ek julle gee, moet die land ’n Shabbat hê vir יהוה.
3 Ses jaar lank moet jy jou land saai en ses jaar lank jou wingerd snoei en die opbrengs daarvan insamel,
4 maar in die sewende jaar moet daar vir die land ’n Shabbatsrus wees, ’n Shabbat vir יהוה; jy mag nie jou land saai of jou wingerd snoei nie.
5 Wat vanself groei van jou oes, moet jy nie afoes nie en die druiwe van jou onversorgde wingerdstok nie af sny nie, want dit is ’n jaar van rus vir die land.
6 Die Shabbat opbrengs van die land sal julle kos wees; vir jou, jou slaaf, jou slavin, jou huurling en die besoeker wat by jou bly,

7 vir jou vee en vir die wild wat in jou land is, sal die hele opbrengs wees om te eet.

8 Jy moet vir jouself sewe Shabbatsjare tel, sewe maal sewe jaar en die dae van die sewe Shabbatjare sal vir jou nege en veertig jaar wees.

9 Dan moet jy die shofar (ramshoring) van die jubeljaar laat blaas in die sewende maand, op die tiende van die maand; op die dag van Toedekking moet julle die ramshoring deur die hele land laat blaas.

10 Julle moet die vyftigste jaar afsonder en 'n vrystelling in die hele land verkondig aan al sy bewoners. Dit moet vir julle 'n jubeljaar wees en elkeen van julle moet na sy besittings en elkeen na sy familie teruggaan.

11 Die vyftigste jaar moet 'n jubeljaar vir julle wees. Daarin mag julle nie saai nie, ook nie afoes wat self groei of die druiwe van die onversorgde wingerdstok afsny nie,

12 want dit is 'n jubeljaar, dit moet vir julle afgesonder wees: jy moet die opbrengs van die land af eet.

13 In die jubeljaar moet elkeen na sy besittings teruggaan.

14 As jy iets aan jou naaste verkoop of van jou naaste se hand koop, moet julle mekaar nie benadeel nie.

15 Volgens die getal jare ná die jubeljaar moet jy van jou naaste koop; volgens die getal jare dat daar 'n oes is, moet hy dit aan jou verkoop.

16 Volgens die groter aantal jare moet jy die koopprys daarvan vermeerder en volgens die kleiner aantal jare moet jy die koopprys daarvan verminder, want hy verkoop aan jou volgens die aantal oeste.

17 Julle sal mekaar daarom nie benadeel nie, maar jy sal jou God respekvol vrees, want Ek is יהוה, julle God.

18 So moet julle My reëls doen en My regverdige oordele onderhou en dit doen en julle sal veilig woon in die land.

19 Die land sal sy vrug gee en julle sal volop eet en veilig daarin woon.

20 As julle sê: "Wat moet ons in die sewende jaar eet as ons nie mag saai en ons oes nie mag insamel nie?"

21 Dan beveel Ek My seën oor julle in die sesde jaar en dit sal 'n oes genoeg vir drie jaar oplewer.

22 In die agtste jaar moet julle saai en van die ou opbrengs eet tot die negende jaar toe; totdat die opbrengs hiervan inkom, moet julle die ou oes eet.

23 Die grond moenie vir altyd verkoop word nie, want die land is Myne, want julle is vreemdelinge en besoekers by My. [Gen 47:9]

24 In die hele land van julle besitting, moet julle herstel van besit van die grond toelaat.

25 As een van jou broers arm word en van sy besitting verkoop en sy vergoeder, wat familie is, kom, moet hy dit wat sy broer verkoop het, kan terugkoop,

26 of as iemand geen vergoeder het nie, maar dit kan bekostig en genoeg vind vir die terugkoping,

27 moet hy die jare bereken dat dit verkoop is en die jare wat oorbly moet hy aan die man, aan wie hy verkoop het, teruggee en dan na sy besitting teruggaan,

28 maar as hy nie in staat is om dit terug te koop nie, moet die verkoopte goed in die hand van die koper bly tot die jubeljaar toe en in die jubeljaar moet dit vry word en hy moet na sy besitting teruggaan.
29 As iemand ’n huis in ’n ommuurde stad verkoop, kan hy dit terugkoop binne ’n volle jaar nadat dit verkoop is; binne ’n volle jaar mag hy dit terugkoop,
30 maar as dit nie teruggekoop word voordat ’n hele jaar verby is nie, moet die huis wat in die ommuurde stad is, vir altyd die eiendom van sy koper bly in sy geslagte; dit sal nie vry word in die jubeljaar nie.
31 Die huise van die dorpe wat geen muur rondom het nie moet egter soos die veld van die land gereken word. Hulle mag teruggekoop word en sal in die jubeljaar vry word.
32 Op die stede van die Leviete en die huise in die stede wat in hulle besit is, moet daar ’n ewige reg tot terugkoping wees vir die Leviete.
33 As iemand van die Leviete af die huis terugkoop, moet die huis wat verkoop is, in die stad van sy besitting, in die jubeljaar vry word, want die huise in die stede van die Leviete is hulle besitting onder die seuns van Yisra’el.
34 Die algemene veld om hulle stede mag nie verkoop word nie, want dit is ’n ewige besitting vir hulle.
35 As een van jou broers by jou arm word en sy land word wankelrig, moet jy hom ondersteun, soos ’n vreemdeling of ’n besoeker sodat hy by jou kan leef.
36 Jy moet geen rente of wins van hom vat nie, maar jy moet jou God respekvol vrees sodat jou broer by jou kan leef.
37 Jy mag nie jou geld vir hom op rente gee nie of vir hom jou kos teen ’n wins gee nie.
38 Ek is יהוה, julle God, wat julle uit die land Mitzrayim uitgelei het om vir julle die land Kena’an te gee en om julle God te wees.
39 As een van jou broers wat by jou bly arm word en hom aan jou verkoop, mag jy hom nie dwing om as ’n slaaf te dien nie. [File 1:16]
40 Soos ’n huurling, soos ’n besoeker, moet hy by jou wees en jou dien tot die jubeljaar toe;
41 dan moet hy vry van jou af weggaan, hy en sy kinders saam met hom en hy moet na sy familie terugkeer en na die besitting van sy vaders teruggaan,
42 want hulle is My knegte wat Ek uit Mitzrayim uitgelei het; hulle mag nie verkoop word as slawe nie. [Eks 21:2-6]
43 Jy mag nie met hardheid oor hom heers nie, maar jy moet jou God respekvol vrees.
44 Aangaande jou slaaf of jou slavin van die nasies wat rondom julle is, van hulle mag julle ’n slaaf of slavin koop, wat aan jou sal behoort.
45 Meer nog, van die kinders van die besoekers wat by julle bly; van hulle mag julle koop en van hulle familie wat by julle is, wat gebore is in julle land en dié sal julle besittings wees.
46 Julle mag dié aan julle seuns ná julle nalaat om te erf as ’n besitting; vir ewig mag julle hulle laat dien, maar oor julle broers, die seuns van Yisra’el, mag die een nie oor die ander met hardheid heers nie.

47 As ’n vreemdeling of besoeker by jou ryk word en jou broer wat by hom bly word arm en hy homself aan ’n vreemdeling of besoeker by jou verkoop, of aan ’n familielid uit die familie van ’n vreemdeling,
48 dan moet daar vir hom, nadat hy hom verkoop het, reg tot terugkoping wees; een van sy broers kan hom terugkoop,
49 of sy oom of sy oom se seun kan hom terugkoop, of een van sy naaste bloedverwante uit sy familie kan hom terugkoop, of as hy in staat is, kan hy homself terugkoop.
50 So moet hy met sy koper bereken: die prys van sy verkope sal wees van die jaar af dat hy hom aan hom verkoop het, tot die jubeljaar toe. Dit sal wees volgens die tyd van ’n huurling vir hom.
51 As daar nog baie jare oor is, moet hy volgens hulle sy terugkoopprys uit die geld waarvoor hy gekoop is, teruggee
52 en as daar maar min jare tot die jubeljaar toe oor is, moet hy dit met hom bereken; volgens dié jare moet hy sy terugkoopprys teruggee.
53 Hy sal van jaar tot jaar by hom wees as ’n gehuurde dienskneg en hy mag nie voor jou oë met hardheid oor hom heers nie.
54 As hy nie in dié jare teruggekoop word nie, moet hy in die jubeljaar vrygelaat word, hy en sy kinders saam met hom,
55 want die seuns van Yisra’el is diensknegte vir My; hulle is My diensknegte wat Ek uit Mitzrayim uitgelei het. Ek is יהוה, julle God.

26 1 Julle mag vir julle geen afgode maak nie; nie ’n gekerfde beeld of ’n afgesonderde pilaar mag julle vir julle oprig nie en ’n gevormde klip beeld in julle land nie opstel om tot dit neer te buig nie, want Ek is יהוה, julle God.
2 Julle moet My Shabbatte hou en My Afgesonderde Plek respekteer. Ek is יהוה.
3 As julle volgens My reëls loop en My opdragte hou en dit doen, [Deut 28:1]
4 sal Ek julle reën gee in sy seisoen en die land sal sy opbrengs gee en die bome van die veld sal hulle vrugte gee.
5 Jou dorstyd sal aanhou tot die druiweoes, die druiweoes sal aanhou tot die saaityd, julle sal jul kos ten volle eet en veilig in julle land woon.
6 Ek sal vrede gee in die land sodat julle sal gaan lê en niemand sal julle bang maak nie. Ek sal die wilde diere uit die land verwyder en geen swaard sal deur julle land trek nie. [Ps 4:9]
7 Julle sal jul vyande agtervolg en hulle sal voor julle val deur die swaard.
8 Vyf van julle sal ’n honderd agtervolg en ’n honderd van julle sal tien duisend laat vlug. Julle vyande sal deur die swaard voor julle val, [Y’ho 23:10]
9 want Ek sal goedgunstig na julle kyk, julle vrugbaar maak, julle vermenigvuldig en My verbond sal Ek met julle bevestig.
10 Julle sal graan eet wat opgestoor is en die ou oes uithaal ter wille van die nuwe.
11 Ek sal My woonplek tussen julle oprig en My Wese sal julle nie verwerp nie.
12 Ek sal tussen julle loop en julle God wees en júlle sal My volk wees. [Open 21:3]
13 Ek is יהוה, julle God, wat julle uit Mitzrayim uitgelei het sodat julle nie hulle slawe moet wees nie. Ek het die skeie van julle juk verbreek en julle laat regop loop,
14 maar as julle My nie gehoorsaam en nie al hierdie opdragte doen nie

15 en as julle My reëls verwerp en as julle lewens My regverdige oordele verafsku sodat julle nie al My opdragte doen nie en My verbond verbreek,
16 dan sal Ék dit ook aan julle doen: Ek sal julle besoek met 'n skielike paniek, tering en koors wat die oë opvreet en die lewe laat afneem. Julle sal ook tevergeefs julle saad saai, want julle vyande sal dit opeet.
17 Ek sal My gesig teen julle draai en julle sal voor jul vyande verslaan word. Die wat julle haat sal oor julle heers en julle sal vlug terwyl niemand julle agtervolg nie.
18 Na dit alles, as julle My nie gehoorsaam nie, sal Ek julle sewe keer meer vir julle oortredinge straf.
19 Ek sal die trots van julle mag verbreek en sal julle hemele maak soos yster en julle aarde soos koper.
20 Julle krag sal tevergeefs gebruik word, want julle land sal sy opbrengs nie lewer nie en die bome van die land sal hulle vrugte nie gee nie.
21 As julle jul teen My versit en My nie wil gehoorsaam nie, sal Ek sewe keer meer plae op julle lê, volgens julle sondes.
22 Ek sal wilde diere van die veld onder julle instuur en dié sal julle kinders steel, julle vee uitroei, julle verminder en julle paaie sal verlate wees.
23 As julle hierdeur jul nie deur My laat dissiplineer nie, maar julle teen My versit, Lev 26:28; Heb 12:5-11
24 sal Ek My ook teen julle versit en julle ook sewevoudig straf vir julle sondes.
25 Ek sal 'n swaard teen julle bring, wat die wraak van die verbond sal uitvoer en wanneer julle in jul stede bymekaarkom, sal Ek pes onder julle instuur en julle sal in die hand van die vyand oorgegee word.
26 Wanneer Ek julle hoeveelheid brood afsny, sal tien vroue julle brood in een oond bak en julle brood by die gewig teruggee en julle sal eet, maar nie versadig word nie.
27 Na al hierdie, as julle My nie gehoorsaam nie, maar julle teen My versit,
28 sal Ek My in woede teen julle versit en Ek, ja Ek, sal julle sewevoudig dissiplineer vir julle sondes. Lev 26:23; Heb 12:5-11
29 Julle sal die vlees van julle seuns eet en julle sal die vlees van julle dogters eet. 2 Kon 6:28,29
30 Ek sal julle hoë plekke verwoes, julle wierook altare afbreek en julle lyke op die lyke van julle afgode gooi en My Wese sal 'n afsku in julle hê.
31 Ek sal julle stede puinhope maak en julle afgesonderde plekke verwoes en julle aangename geure nie ruik nie. Yes 64:9,10
32 Ek sal die land tot verwoesting bring en julle vyande wat daarin gaan woon, sal daaroor verstom staan.
33 Ek sal julle onder die volke verstrooi en 'n swaard agter julle uittrek en julle land sal 'n wildernis word en julle stede sal vernietig word.
34 Dan sal die land sy Shabbatte geniet, solank as dit woes lê terwyl julle in die land van julle vyande is; dan sal die land rus en sy Shabbatte geniet.
35 Al die dae van sy woestheid sal dit rus, want dit het nie gerus op julle Shabbatte, toe julle daarin gewoon het nie. Yir 29:10; 2 Kro 36:21
36 Wat betref diegene wat onder julle oorgebly het; Ek sal in hulle hart 'n vreesagtigheid bring in die lande van hulle vyande sodat die geruis van 'n waaiende blaar hulle op die loop sal jaag en hulle sal vlug, soos 'n mens vir 'n swaard vlug en val sonder dat iemand agtervolg. Yes 51:13

37 Hulle sal struikel, die een oor die ander, soos voor ’n swaard, wanneer niemand agtervolg nie en julle sal geen krag hê om voor julle vyande te staan nie.
38 Julle sal omkom onder die nasies en die land van julle vyande sal julle verteer
39 en die wat onder julle oorgebly het, sal oor hulle skuld wegteer in die lande van julle vyande; ook oor die skuld van hulle vaders wat by hulle is, sal hulle wegteer.
40 As hulle hul skuld bely en die skuld van hulle vaders, met hulle ontrouheid waarmee hulle ontrou teen My opgetree het en ook dat hulle hul teen My versit het
41 sodat Ék My ook teen hulle versit het en hulle in die land van hulle vyande gebring het, wanneer hulle onbesnede harte verneder is en hulle hul skuld erken, Hand 7:51
42 dan sal Ek My verbond met Ya’akov onthou en My verbond met Yitz’gak en My verbond met Avraham sal Ek onthou en Ek sal die land onthou.
43 Die land moet eers van hulle verlate wees en tevrede wees met sy Shabbatte terwyl dit woes lê sonder hulle; húlle sal hulle skuld erken omdat hulle My regverdige oordele verwerp en hulle lewe My reëls verafsku het.
44 Tog, na alles, wanneer hulle in die land van hul vyande is, sal Ek hulle nie verwerp nie en sal Ek hulle nie verafsku nie sodat Ek hulle sou vernietig en My verbond met hulle sou verbreek nie, want Ek is יהוה, hulle God.
45 Ek sal egter vir hulle onthalwe die verbond met hulle voorvaders, wat Ek uit Mitzrayim voor die oë van die nasies uitgelei het, onthou, om vir hulle ’n God te wees. Ek is יהוה.’”
46 Hierdie is die voorskrifte, die regverdige oordele en die wette wat יהוה tussen Hom en die seuns van Yisra’el, by die berg Sinai, deur die hand van Mosheh, gegee het.

## 27

1 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
2 “Praat met die seuns van Yisra’el en sê vir hulle: ‘As iemand ’n uitsonderlike gelofte van ’n lewe deur waardasie tot יהוה aflê
3 en as jou waardasie vir ’n manspersoon van twintig tot sestig jaar oud is, dan moet jou waardasie vyftig sikkels silwer wees, volgens die sikkel van die Afgesonderde plek.
4 As dit ’n vrou is, dan moet jou waardasie dertig sikkels wees.
5 Van vyf tot twintig jaar oud, moet jou waardasie vir ’n manspersoon twintig sikkels wees en vir ’n vrou tien sikkels
6 en vir iemand van ’n maand oud tot vyf jaar, moet jou waardasie vir die manlike geslag vyf sikkels silwer wees en jou waardasie vir die vroulike drie sikkels silwer
7 en vir iemand van sestig jaar oud en ouer; vir ’n manspersoon, moet jou waardasie vyftien sikkels wees en vir ’n vrou tien sikkels,
8 maar as hy te arm is vir jou waardasie, moet hy voor die priester kom en die priester moet vir hom ’n waarde gee, volgens wat hy, wat die gelofte gedoen het, kan bekostig, moet die priester hom evalueer. Hand 21:24
9 As dit ’n dier is wat ’n man as offer tot יהוה mag bring, moet alles wat hy gee vir יהוה, afgesonder wees.
10 Hy mag dit nie vervang of omruil nie; ’n goeie vir ’n slegte of ’n slegte vir ’n goeie nie, maar as hy tog ’n dier vir ’n ander een omruil, moet dit en die geruilde dier afgesonder wees.

11 As dit enige onrein dier is wat ’n man nie tot יהוה mag offer nie, moet hy die dier voor die priester bring
12 en die priester moet dit evalueer of dit goed of sleg is; soos jy, die priester, dit evalueer, so sal dit wees,
13 maar as hy dit wil loskoop, moet hy ’n vyfde deel van jou waardasie bysit.
14 As iemand sy huis afsonder om afgesonder te wees tot יהוה, moet die priester dit evalueer of dit goed of sleg is; soos die priester dit evalueer, so moet dit bly.
15 As hy wat dit afgesonder het, sy huis wil loskoop, moet hy ’n vyfde deel van die geld van jou waardasie bysit; dan sal dit syne wees.
16 As iemand ’n stuk land van sy besitting tot יהוה afsonder, moet jou waardasie wees volgens die saad daarvoor: ’n homer garssaad word op vyftig sikkels silwer waardeer.
17 As hy sy stuk land van die jubeljaar af afsonder, sal jou waardasie staan,
18 maar as hy sy stuk land ná die jubeljaar afsonder, moet die priester vir hom die geld bereken volgens die jare wat tot die volgende jubeljaar oor is en dit moet van jou waardasie afgetrek word.
19 As hy wat die stuk land afgesonder het, wil betaal om dit los te koop, moet hy ’n vyfde deel van die geld van jou waardasie daar bysit en dit sal vir hom bevestig wees.
20 As hy die stuk land nie losgekoop het nie, of as hy die stuk land aan ’n ander verkoop het, mag dit nie meer losgekoop word nie,
21 maar die stuk land moet, as dit in die jubeljaar vry word, aan יהוה afgesonder wees soos ’n toegewyde land; dit sal die besit van die priester wees.
22 As ’n man aan יהוה ’n stuk land afsonder wat hy gekoop het, wat nie van die land van sy besitting is nie,
23 moet die priester vir hom die bedrag van die waardasie tot die jubeljaar bereken en hy moet op dieselfde dag die waardasie gee as ’n afgesonderde gawe aan יהוה.
24 In die jubeljaar moet die stuk land teruggaan na hom van wie hy dit gekoop het, aan hom wat die land besit as ’n besitting.
25 Alles wat jy evalueer, moet volgens die sikkel van die Afgesonderde plek wees; die sikkel moet twintig gera wees.
26 Die eersgeborene van ’n dier wat as eersgeborene aan יהוה behoort, dit mag niemand afsonder nie; of dit ’n bees is of ’n stuk kleinvee, dit behoort aan יהוה.
27 As dit ’n onrein dier is, dan moet hy dit na jou evaluering loskoop en ’n vyfde deel daarvan bysit en as dit nie losgekoop word nie, moet dit volgens jou evaluering verkoop word. [Deut 23:18]
28 Nogtans mag geen van die toegewyde goed wat iemand aan יהוה wy, van alles wat aan hom behoort, mense, vee of grond wat in sy besit is, verkoop of losgekoop word nie. Al die toegewyde goed moet volkome tot יהוה afgesonder wees.
29 Geen toegewyde ding, toegewy om vernietig te word, mag losgekoop word nie; hy moet die dood sterf.
30 Al die tiendes van die land, van die graan van die land of van die vrugte van die bome, behoort aan יהוה; dit is afgesonder tot יהוה.

31 As iemand wil betaal om van sy tiende los te koop, moet hy ’n vyfde deel daarvan bysit.
32 Wat betref die tiendes van beeste en kleinvee; van alles wat onder die herderstaf deurgaan, die tiende een sal tot יהוה afgesonder wees.
33 Hulle mag nie ondersoek word, of dit goed of sleg is en dit omruil nie, maar as hulle dit omruil, moet dit en die geruilde afgesonder wees; dit mag nie losgekoop word nie.’”
34 Dit is die opdragte wat יהוה op die berg Sinai aan Mosheh, vir die seuns van Yisra’el, beveel het.

Die vierde boek van die Verbond (Tanakh)

Die vierde boek van die Instruksies (Torah)

# Numeri

(במדבר - B’midbar – In die wildernis)

Die vyf boeke van die Instruksies (Wet) is deur Mosheh saamgestel vanuit oordragte en skrywes van ten minste 10 mense, met die grootste gedeelte deur Mosheh self geskryf.

1 1 יהוה het met Mosheh gepraat in die wildernis van Sinai, in die Tent van Ontmoeting, op die eerste dag van die tweede maand, in die tweede jaar nadat hulle uit Mitzrayim uitgetrek het en gesê:
2 "Tel die koppe van die hele vergadering van die seuns van Yisra'el volgens hulle families, volgens hulle vaders se huise, volgens die getal name, almal wat manlik is, kop vir kop;
3 vanaf twintig jaar oud en ouer, almal wat in staat is om oorlog te gaan maak in Yisra'el, dié moet jy en Aharon tel volgens hulle leërafdelings.
4 Saam met julle moet daar ook 'n man wees van elke stam, elkeen die hoof van sy vader se huis.
5 Hierdie is die name van die manne wat julle moet bystaan:
van Re'uven: Elitzur, die seun van Sh'de'ur;
6 van Shim'on: Shlumi'el, die seun van Tzurishaddai;
7 van Y'hudah: Nagshon, die seun van `Amminadav;
8 van Yissakhar: N'tan'el, die seun van Tzu'ar;
9 van Z'vulun: Eli'av, die seun van Helon;
10 van die seuns van Yosef: van Efrayim: Elishama, die seun van `Ammihud; van M'nasheh: Gamli'el, die seun van P'dahtzur;
11 van Binyamin: Avidan, die seun van Gid'oni;
12 van Dan: Agi'ezer, die seun van `Ammishaddai;
13 van Asher: Pag'i'el, die seun van `Okhran;
14 van Gad: Elyasaf, die seun van Re'u'el;
15 van Naftali: Agira, die seun van `Enan.
16 Dit is hulle wat gekies is uit die vergadering, die leiers van hulle vaders se stamme, hoofde oor afdelings van Yisra'el."
17 Mosheh en Aharon het dié manne gevat wat volgens hulle name aangewys is
18 en hulle het die hele vergadering op die eerste dag van die tweede maand bymekaar laat kom en hulle geregistreer volgens afkoms in hulle families, volgens hulle vader se huise, volgens die aantal name, van twintig jaar oud en ouer, kop vir kop.
19 Soos יהוה Mosheh beveel het, het hy hulle getel in die wildernis van Sinai.
20 Die seuns van Re'uven, die eersgeborene van Yisra'el; hulle geslagte volgens hulle families, volgens hulle vaders se huise, volgens die aantal name, kop vir kop, almal wat manlik was, van twintig jaar oud en ouer, almal wat in staat was om oorlog toe te gaan;
21 hulle wat getel is van die stam van Re'uven was ses en veertig duisend vyf honderd (46 500).
22 Van die seuns van Shim'on, hulle geslagte volgens hulle families, volgens hulle vaders se huise, volgens die aantal name, kop vir kop, almal wat manlik was, van twintig jaar oud en ouer, almal wat in staat was om oorlog toe te gaan;
23 hulle wat getel is van die stam van Shim'on was nege en vyftig duisend drie honderd (59 300).

24 Van die seuns van Gad, hulle geslagte volgens hulle families, volgens hulle vaders se huise, volgens die aantal name, almal wat manlik was, van twintig jaar oud en ouer, almal wat in staat was om oorlog toe te gaan;
25 hulle wat getel is van die stam van Gad was vyf en veertig duisend ses honderd en vyftig (45 650).
26 Van die seuns van Y'hudah, hulle geslagte volgens hulle families, volgens hulle vaders se huise, volgens die aantal name, almal wat manlik was, van twintig jaar oud en ouer, almal wat in staat was om oorlog toe te gaan;
27 hulle wat getel is van die stam van Y'hudah was vier en sewentig duisend ses honderd (74 600).
28 Van die seuns van Yissakhar, hulle geslagte volgens hulle families, volgens hulle vaders se huise, volgens die aantal name, almal wat manlik was, van twintig jaar oud en ouer, almal wat in staat was om oorlog toe te gaan;
29 hulle wat getel is van die stam van Yissakhar was vier en vyftig duisend vier honderd (54 400).
30 Van die seuns van Z'vulun, hulle geslagte volgens hulle families, volgens hulle vaders se huise, volgens die aantal name, almal wat manlik was, van twintig jaar oud en ouer, almal wat in staat was om oorlog toe te gaan;
31 hulle wat getel is van die stam van Z'vulun was sewe en vyftig duisend vier honderd (57 400).
32 Van die seuns van Yosef: van die seuns van Efrayim, hulle geslagte volgens hulle families, volgens hulle vaders se huise, volgens die aantal name, almal wat manlik was, van twintig jaar oud en ouer, almal wat in staat was om oorlog toe te gaan;
33 hulle wat getel is van die stam van Efrayim was veertig duisend vyf honderd (40 500);
34 van die seuns van M'nasheh, hulle geslagte volgens hulle families, volgens hulle vaders se huise, volgens die aantal name, almal wat manlik was, van twintig jaar oud en ouer, almal wat in staat was om oorlog toe te gaan;
35 hulle wat getel is van die stam van M'nasheh was twee en dertig duisend twee honderd (32 200).
36 Van die seuns van Binyamin, hulle geslagte volgens hulle families, volgens hulle vaders se huise, volgens die aantal name, almal wat manlik was, van twintig jaar oud en ouer, almal wat in staat was om oorlog toe te gaan;
37 hulle wat getel is van die stam van Binyamin was vyf en dertig duisend vier honderd (35 400).
38 Van die seuns van Dan, hulle geslagte volgens hulle families, volgens hulle vaders se huise, volgens die aantal name, almal wat manlik was, van twintig jaar oud en ouer, almal wat in staat was om oorlog toe te gaan;
39 hulle wat getel is van die stam van Dan was twee en sestig duisend sewe honderd (62 700).
40 Van die seuns van Asher, hulle geslagte volgens hulle families, volgens hulle vaders se huise, volgens die aantal name, almal wat manlik was, van twintig jaar oud en ouer, almal wat in staat was om oorlog toe te gaan;

41 hulle wat getel is van die stam van Asher was een en veertig duisend vyf honderd (41 500).
42 Van die seuns van Naftali, hulle geslagte volgens hulle families, volgens hulle vaders se huise, volgens die aantal name, almal wat manlik was, van twintig jaar oud en ouer, almal wat in staat was om oorlog toe te gaan;
43 hulle wat getel is van die stam van Naftali was drie en vyftig duisend vier honderd (53 400).
44 Hierdie is hulle wat getel is, wat Mosheh en Aharon getel het saam met die leiers van Yisra’el, twaalf man, elkeen het sy vader se huis verteenwoordig.
45 So was dan al die geteldes van die seuns van Yisra’el volgens hulle vader se huise, van twintig jaar oud en ouer, almal wat in staat was om oorlog toe te gaan;
46 almal wat getel is, was ses honderd en drie duisend vyf honderd en vyftig.
47 Die Leviete, volgens hulle vaders se stam, is nie saam met hulle getel nie,
48 want יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
49 “Net die stam van Levi moet jy nie tel nie en hulle nie per kop onder die seuns van Yisra’el tel nie,
50 maar stel die Leviete aan oor die tabernakel van die Getuienis en oor al sy bybehore en oor alles wat daarby hoort. Húlle moet die tabernakel dra en alles wat daarby hoort en húlle moet dit bedien en rondom die tabernakel kamp opslaan.
51 Wanneer die tabernakel wegtrek, moet die Leviete dit afbreek en as die tabernakel rus, moet die Leviete dit oprig en die vreemdeling wat naderkom, moet gedood word.
52 Die seuns van Yisra’el moet hulle tente opslaan, elkeen in sy eie kamp en elkeen by sy banier, volgens hulle leërafdelings,
53 maar die Leviete moet kamp opslaan rondom die tabernakel van die Getuienis sodat daar geen toorn oor die vergadering van die seuns van Yisra’el kom nie en die Leviete moet in beheer wees van die tabernakel van die Getuienis.”
54 Die seuns van Yisra’el het dit so gedoen; net soos יהוה Mosheh beveel het, so het hulle gedoen.

2 1 יהוה het met Mosheh en Aharon gepraat en gesê:
2 “Die seuns van Yisra’el moet kamp opslaan, elkeen by sy eie banier, langs die embleem van hulle vaders se huise; op ’n afstand, rondom die Tent van Ontmoeting, moet hulle kamp opslaan.
3 Aan die oostekant, na die opkomende son, moet hulle onder die banier van Y’hudah, kamp opslaan, volgens hulle leërafdelings en Nagshon, die seun van `Amminadav, sal leier wees oor die seuns van Y’hudah.
4 Sy leër is getel as vier en sewentig duisend ses honderd (74 600).
5 Die wat langs hom kamp opslaan, sal die stam van Yissakhar wees en N’tan’el, die seun van Tzu’ar, sal leier wees oor die seuns van Yissakhar.
6 Sy leër is getel as vier en vyftig duisend vier honderd (54 400).
7 Daarna kom die stam van Z’vulun en Eli’av, die seun van Helon, sal leier wees oor die seuns van Z’vulun.
8 Sy leër is getel as sewe en vyftig duisend vier honderd (57 400).

9 Al die wat getel is in die kamp van Y’hudah was honderd ses en tagtig duisend vier honderd (186 400), volgens hulle leërafdelings. Hulle moet eerste opbreek.

10 Aan die suidekant sal die banier van die kamp van Re’uven wees volgens hulle leërafdelings en Elitzur, die seun van Sh’de’ur, sal leier wees oor die seuns van Re’uven.

11 Sy leër is getel as ses en veertig duisend vyf honderd (46 500).

12 Die wat langs hom kamp opslaan, sal die stam van Shim’on wees en Shlumi’el, die seun van Tzurishaddai, sal leier wees oor die seuns van Shim’on.

13 Sy leër is getel as nege en vyftig duisend drie honderd (59 300).

14 Daarna kom die stam van Gad en Elyasaf, die seun van Re’u’el, sal leier wees oor die seuns van Gad.

15 Sy leër is getel as vyf en veertig duisend ses honderd en vyftig (45 650).

16 Al die wat getel is in die kamp van Reu’ven was honderd een en vyftig duisend vier honderd en vyftig (151 450) volgens hulle leërafdelings. Hulle moet tweede opbreek.

17 Daarna moet die Tent van Ontmoeting opbreek: die kamp van die Leviete, in die middel van die ander kampe. Soos hulle kamp opslaan, so moet hulle opbreek, elkeen op sy plek, volgens hulle baniere. Num 3:23-38

18 Aan die westekant sal die banier van die kamp van Efrayim wees, volgens hulle leërafdelings en Elishama, die seun van `Ammihud, sal leier wees oor die seuns van Efrayim.

19 Sy leër is getel as veertig duisend vyf honderd (40 500).

20 Langs hom is die stam van M’nasheh en Gamli’el, die seun van P’dahtzur, sal leier wees oor die seuns van M’nasheh.

21 Sy leër is getel as twee en dertig duisend twee honderd (32 200).

22 Daarna kom die stam van Binyamin en Avidan, die seun van Gid’oni, sal leier wees oor die seuns van Binyamin.

23 Sy leër is getel as vyf en dertig duisend vier honderd (35 400).

24 Al die wat getel is in die kamp van Efrayim was honderd en agt duisend een honderd (108 100) volgens hulle leërafdelings. Hulle moet derde opbreek.

25 Aan die noordekant sal die banier van die kamp van Dan wees, volgens hulle leërafdelings en Agi’ezer, die seun van `Ammishaddai, sal leier wees oor die seuns van Dan.

26 Sy leër is getel as twee en sestig duisend sewe honderd (62 700).

27 Die wat langs hom kamp opslaan, moet die stam van Asher wees en Pag’i’el, die seun van `Okhran, sal leier wees oor die seuns van Asher.

28 Sy leër is getel as een en veertig duisend vyf honderd (41 500).

29 Daarna kom die stam van Naftali en Agira, die seun van `Enan, sal leier wees oor die seuns van Naftali.

30 Sy leër is getel as drie en vyftig duisend vier honderd (53 400).

31 Al die wat getel is in die kamp van Dan was honderd sewe en vyftig duisend ses honderd (157 600). Hulle moet laaste opbreek, volgens hulle baniere.”

32 Dit is die wat getel is van die seuns van Yisra’el, volgens hulle vaders se huise. Al die wat getel is van die kampe, volgens hulle leërafdelings, was ses honderd en drie duisend vyf honderd en vyftig (603 550),

33 maar die Leviete is nie onder die seuns van Yisra’el getel nie, soos יהוה Mosheh beveel het.

34 Die seuns van Yisra’el het gedoen net soos יהוה Mosheh beveel het; so het hulle kamp opgeslaan volgens hulle baniere en so het hulle opgebreek, elkeen volgens sy familie, by sy vader se huis.

3 1 Hierdie is die nageslag van Aharon en Mosheh op die dag toe יהוה met Mosheh op die berg Sinai gepraat het.

2 Hierdie is die name van die seuns van Aharon: Nadav, die eersgeborene, Avihu, El’azar en Itamar.

3 Hierdie is die name van die seuns van Aharon, die gesalfde priesters, wat Hy aangestel het om as priesters te dien.

4 Nadav en Avihu het egter gesterf voor die Teenwoordigheid van יהוה toe hulle vreemde vuur voor יהוה in die wildernis van Sinai gebring het en hulle het geen seuns gehad nie. El’azar en Itamar het as priesters bedien in die leeftyd van hulle vader Aharon.

5 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:

6 “Laat die stam van Levi naderkom en bring hulle voor die priester, Aharon sodat hulle hom kan dien.

7 Hulle moet vir hom diens doen en hulle moet vir die hele vergadering, voor die Tent van Ontmoeting, die dienswerk van die tabernakel doen.

8 Hulle moet sorg vir al die bybehore van die Tent van Ontmoeting en vir die behoeftes van die seuns van Yisra’el, deur die dienswerk van die Tabernakel te doen.

9 Jy moet die Leviete aan Aharon en sy seuns gee; hulle is volkome vir hom, vanuit die seuns van Yisra’el, aangewys.

10 So moet jy Aharon en sy seuns aanstel sodat hulle in beheer sal wees van die priestersamp en die vreemdeling wat naderkom, moet gedood word.” Num 26:9-11

11 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:

12 “Let op, Ek Self het die Leviete gevat vanuit die seuns van Yisra’el in die plek van al die eersgeborenes wat die baarmoeder, vanuit die seuns van Yisra’el, open; daarom sal die Leviete Myne wees,

13 want al die eersgeborenes is Myne. Op die dag toe Ek al die eersgeborenes in Mitzrayim getref het, het Ek al die eersgeborenes in Yisra’el vir My afgesonder, mense sowel as diere. Hulle is Myne. Ek is יהוה.”

14 יהוה het met Mosheh gepraat in die wildernis van Sinai en gesê:

15 “Tel die seuns van Levi volgens hulle vaders se huise, volgens hulle families; almal wat manlik is, van ’n maand oud en ouer, dié moet jy tel.”

16 Mosheh het hulle volgens die woord van יהוה getel, soos hy beveel is.

17 Hierdie was die seuns van Levi volgens hulle name: Gershon, K’hat en M’rari.

18 Dit is die name van die seuns van Gershon volgens hulle families: Livni en Shim’i.

19 Die seuns van K’hat volgens hulle families: `Amram, Yitz’har, Hevron en `Uzi’el.

20 Die seuns van M’rari volgens hulle families: Magli en Mushi. Dit is die families van die Leviete volgens hulle vaders se huise.
21 Vanaf Gershon het die familie van die Livni en die familie van die Shim’i gekom. Dit is die families van die Gershoniete.
22 Volgens die getal van almal wat manlik is, van ’n maand oud en ouer, was die wat getel is sewe duisend vyf honderd (7 500).
23 Die families van die Gershoniete moet kamp opslaan agter die tabernakel aan die westekant.
24 Die leier oor die vader van die Gershoniete se huis is Elyasaf, die seun van La’el.
25 Die verantwoordelikheid van die seuns van Gershon by die Tent van Ontmoeting was: die tabernakel en die tent, sy dekkleed en die gordyn vir die ingang van die Tent van Ontmoeting,
26 die gordyne van die voorhof en die gordyn vir die ingang van die voorhof, wat rondom die tabernakel en die altaar is, sy toue en al die instrumente daarvan.
27 Vanuit K’hat het die familie van `Amram, die familie van Yitz’har, die familie van Hevron en die familie van `Uzi’el gekom. Dit is die families van K’hat.
28 Die getal van almal wat manlik is, van ’n maand oud en ouer, wat die diens van die Afgesonderde plek gedoen het, was agt duisend ses honderd (8 600).
29 Die families van die seuns van K’hat moet kamp opslaan langs die tabernakel, aan die suidekant.
30 Die leier oor die vaders van die families van K’hat se huis is Elitzafan, die seun van `Uzi’el.
31 Hulle verantwoordelikheid was: die ark, die tafel, die lampstaander, die altare en die bybehore van die Afgesonderde Plek, waarmee hulle diens doen en die verdelingsgordyn en alles wat by die bediening daarvan hoort.
32 El’azar, die seun van Aharon, die priester, was die hoof van die leiers van die Leviete, die opsigter oor dié wat die diens van die Afgesonderde plek doen.
33 Vanuit M’rari het die familie van Magli en die familie van Mushi gekom. Dit is die families van M’rari.
34 Die getal van almal wat manlik is, van ’n maand oud en ouer, was ses duisend twee honderd (6 200).
35 Die leier oor die vaders van die families van M’rari se huis is Tzuri’el, die seun van Avigayil; hulle moet kamp opslaan langs die tabernakel, aan die noordekant.
36 Die aangestelde verantwoordelikheid van die seuns van M’rari was oor die raamwerk van die tabernakel, sy balke, sy pilare, sy voetstukke en al die bybehore sowel as al die diens wat daarby hoort
37 en die pilare van die voorhof rondom, hulle voetstukke, hulle penne en hulle toue.
38 Die wat voor die tabernakel moet kamp opslaan, aan die oostekant, voor die Tent van Ontmoeting, waar die son opkom, moet Mosheh en Aharon, met sy seuns wees, wat toesig hou oor die Afgesonderde plek en toesig hou oor die seuns van Yisra’el. Die vreemdeling wat naderkom, moet doodgemaak word.
39 Al die Leviete wat getel is, wat Mosheh en Aharon, volgens die bevel van יהוה, volgens hulle families getel het, almal wat manlik was, van ’n maand oud en ouer, was twee en twintig duisend (22 000).

40 יהוה het vir Mosheh gesê: "Tel al die manlike eersgeborenes van die seuns van Yisra'el, van 'n maand oud en ouer en maak 'n lys van hulle name.
41 Jy moet vir My die Leviete vat, Ek is יהוה, in die plek van al die eersgeborenes van die seuns van Yisra'el en die vee van die Leviete, in die plek van al die eersgeborenes van die vee van die seuns van Yisra'el."
42 Mosheh het, soos יהוה hom beveel het, al die eersgeborenes van die seuns van Yisra'el getel.
43 Al die manlike eersgeborenes volgens die getal name, van 'n maand oud en ouer, volgens die wat getel is, was twee en twintig duisend twee honderd drie en sewentig (22 273).
44 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
45 "Vat die Leviete in die plek van al die eersgeborenes van die seuns van Yisra'el en die vee van die Leviete in die plek van hulle vee sodat die Leviete Myne kan wees. Ek is יהוה.
46 Vir die loskoping van die twee honderd drie en sewentig, uit die eersgeborenes van die seuns van Yisra'el, wat meer is as die Leviete,
47 moet jy vyf sikkels per kop vat; volgens die sikkel van die Afgesonderde plek moet jy dit vat; die sikkel is twintig gerah.
48 Jy moet die loskoopgeld, van die wat onder hulle meer is, aan Aharon en sy seuns gee."
49 Mosheh het die loskoopgeld gevat van die wat meer was as die wat deur die Leviete losgekoop is;
50 van die eersgeborenes van die seuns van Yisra'el het hy die geld gevat, duisend drie honderd vyf en sestig sikkels volgens die sikkel van die Afgesonderde plek.
51 Mosheh het die loskoopgeld vir Aharon en sy seuns gegee volgens die woord van יהוה, soos יהוה Mosheh beveel het.

4 1 יהוה het met Mosheh en Aharon gepraat en gesê:
2 "Tel die koppe van die seuns van K'hat, vanuit die seuns van Levi, volgens hulle families, volgens hulle vaders se huise,
3 van dertig jaar oud en ouer, tot vyftig jaar oud, almal wat in diens tree, om werk by die Tent van Ontmoeting te doen.
4 Dit sal die dienswerk van die seuns van K'hat by die Tent van Ontmoeting wees, aangaande die volkome afgesonderde dinge.
5 Wanneer die kamp opbreek moet Aharon en sy seuns ingaan en die verdelingsgordyn afhaal en die ark van die Getuienis daarmee bedek
6 en hulle moet 'n dekkleed van dugongvelle daaroor sit en 'n doek, heeltemal van persblou materiaal, daar bo-oor uitsprei en sy pale insteek.
7 Hulle moet ook, oor die tafel van die brood van die Teenwoordigheid, 'n persblou doek uitsprei en daarop die skottels, die rookpanne, die bekers en die drankofferkanne neersit; ook moet die voortdurende brood van Teenwoordigheid daarop wees.
8 Daarna moet hulle 'n skarlakenrooi doek daaroor uitsprei en dit met 'n dekkleed van dugongvelle toemaak en sy pale insteek.

9 Hulle moet ’n persblou doek neem en die lampstaander vir beligting, met sy lampe, sy snuiters, sy bakkies en al sy oliekanne waarmee hulle dit bedien, toemaak.
10 Hulle moet dit met al sy bybehore op ’n dekkleed van dugongvelle neerlê en dit op die draagbaar sit.
11 Hulle moet ’n persblou kleed oor die goue altaar uitsprei en dit met ’n dekkleed van dugongvelle toemaak en sy pale insteek.
12 Hulle moet ook al die bybehore vat waarmee hulle in die Afgesonderde plek diens doen en dit op ’n persblou doek neerlê en met ’n dekkleed van dugongvelle toemaak en dit op die draagbaar sit.
13 Hulle moet die as van die altaar verwyder en ’n pers doek daaroor uitsprei.
14 Hulle moet al sy bybehore, waarmee hulle daarby diens doen, daarop neersit: die vuurpanne, die vurke, die skoppe, die komme, al die bybehore van die altaar en hulle moet daar ’n dekkleed van dugongvelle oor uitsprei en sy pale insteek.
15 Eers nadat Aharon en sy seuns, by die opbreek van die kamp, klaar is met die toemaak van die Afgesonderde voorwerpe en van al die bybehore van die Afgesonderde plek, moet die seuns van K’hat kom om dit te dra sodat hulle nie aan die afgesonderde dinge raak en hulle sterf nie. Hierdie dinge van die Tent van Ontmoeting is dit wat die seuns van K’hat moet dra.
16 El’azar, die seun van die priester Aharon, is verantwoordelik vir die olie vir die lampstaander, die reukwerk van speserye, die voortdurende graanoffer en die salfolie; die toesig oor die hele tabernakel en oor alles wat daarin is: die Afgesonderde plek en sy bybehore.”
17 יהוה het met Mosheh en Aharon gepraat en gesê:
18 “Moenie die stam van die families van K’hat onder die Leviete afsny nie,
19 maar doen vir hulle dit sodat hulle lewe en nie sterf wanneer hulle die volledig afgesonderde dinge nader nie: Aharon en sy seuns moet ingaan en elkeen aanstel oor sy dienswerk en oor wat hy moet dra,
20 maar hulle moenie ingaan om te kyk na die afgesonderde dinge nie, selfs nie vir ’n oomblik nie, of hulle sal sterf.”
21 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
22 “Tel ook die koppe van die seuns van Gershon, volgens hulle vaders se huise, volgens hulle families,
23 van dertig jaar oud en ouer, tot vyftig jaar oud, moet jy hulle tel, almal wat in diens tree om werk by die Tent van Ontmoeting te doen.
24 Dit is die dienswerk van die families van Gershon by die bediening en by die dra:
25 hulle moet die gordyne van die tabernakel dra, ook die Tent van Ontmoeting, sy dekkleed en die dekkleed van dugongvelle wat daar bo-oor is en die gordyn vir die ingang van die Tent van Ontmoeting,
26 die gordyne van die voorhof en die gordyn vir die ingang van die poort van die voorhof, wat rondom die tabernakel en die altaar is en hulle toue sowel as al die bybehore wat by die bediening daarvan hoort en alles wat daarvoor gedoen moet word, moet hulle doen.

27 Al die dienswerk van die seuns van Gershon, alles wat hulle moet dra en al hulle diens, moet wees volgens die bevel van Aharon en sy seuns en julle moet hulle verantwoordelikheid van hulle drawerk aanwys.
28 Dit is die dienswerk vir die families van die seuns van die Gershoniete by die Tent van Ontmoeting. Hulle toesig sal wees onder die hand van Itamar, die seun van Aharon, die priester. [Eks 38:12]
29 Wat die seuns van M'rari betref; jy moet hulle tel, volgens hulle families, volgens hulle vaders se huise,
30 van dertig jaar oud en ouer, tot vyftig jaar oud, moet jy hulle tel, almal wat in diens tree om werk by die Tent van Ontmoeting te doen.
31 Dit is hulle verantwoordelikheid wat hulle moet dra volgens al hulle dienswerk by die Tent van Ontmoeting: die planke van die tabernakel met sy pale, sy pilare, sy voetstukke,
32 die pilare van die voorhof rondom, met hulle voetstukke, hulle penne en hulle toue, al die bybehore sowel as alles wat by die bediening daarvan hoort en jy moet aan elkeen, by name, die bybehore, wat sy verantwoordelikheid is om te dra, aanwys.
33 Dit is die dienswerk vir die families van die seuns van M'rari, al hulle diens by die Tent van Ontmoeting, onder leiding van Itamar, die seun van Aharon, die priester." [Eks 38:21]
34 Mosheh en Aharon en die leiers van die vergadering het die seuns van K'hat getel volgens hulle families en volgens hulle vaders se huise;
35 van dertig jaar oud en ouer, tot vyftig jaar oud, almal wat gekom het om die werk van bediening by die Tent van Ontmoeting te doen
36 en die wat getel is, volgens hulle families, is twee duisend sewe honderd en vyftig (2 750).
37 Dit is die wat getel is van die families van K'hat, almal wat by die Tent van Ontmoeting gedien het, wat Mosheh en Aharon, volgens die opdrag van יהוה, deur die hand van Mosheh getel het.
38 Die wat getel is van die seuns van Gershon volgens hulle families en volgens hulle vaders se huise,
39 van dertig jaar oud en ouer, tot vyftig jaar oud, almal wat gekom het om die werk van bediening by die Tent van Ontmoeting te doen,
40 die wat getel is, volgens hulle families, volgens hulle vaders se huise: twee duisend ses honderd en dertig (2 630).
41 Dit is die wat getel is van die geslagte van Gershon se seuns, almal wat by die Tent van Ontmoeting gedien het, wat Mosheh en Aharon, volgens die opdrag van יהוה, getel het.
42 Die wat getel is van die families van M'rari se seuns, volgens hulle families, volgens hulle vaders se huise,
43 van dertig jaar oud en ouer, tot vyftig jaar oud, almal wat gekom het om die werk van bediening by die Tent van Ontmoeting te doen,
44 die van hulle wat getel is, volgens hulle families: (3 200) drie duisend twee honderd.

45 Dit is die wat getel is van die families van M’rari se seuns, wat Mosheh en Aharon volgens die opdrag van יהוה, deur die hand van Mosheh, getel het.
46 Al die Leviete wat Mosheh, Aharon en die leiers van Yisra’el getel het, volgens hulle families en volgens hulle vaders se huise,
47 van dertig jaar oud en ouer, tot vyftig jaar oud, almal wat gekom het om die werk van bediening en die werk van dra by die Tent van Ontmoeting te doen,
48 hulle is getel as agt duisend vyf honderd en tagtig (8 580).
49 Deur die opdrag van יהוה, deur die hand van Mosheh is hulle getel, elkeen volgens sy dienswerk of sy drawerk; dit is die getelde manne, soos יהוה Mosheh beveel het.

5 1 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
2 “Beveel die seuns van Yisra’el om al die melaatses, almal wat ’n uitskeiding het en almal wat deur ’n lyk onrein is, uit die kamp uit weg te stuur.
3 Man sowel as vrou moet julle uitstuur; jy moet hulle buitekant die kamp uitstuur sodat hulle nie hul kamp onrein maak waar Ek tussen hulle bly nie.”
4 Die seuns van Yisra’el het so gedoen en hulle buitekant die kamp uitgestuur, soos יהוה met Mosheh gepraat het, so het die seuns van Yisra’el gedoen.
5 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
6 “Praat met die seuns van Yisra’el: as ’n man of vrou enige sonde doen, wat die mens doen uit ontrouheid teenoor יהוה en dié persoon is skuldig,
7 dan moet hulle hul sonde wat hulle gedoen het, erken en daarmee breek. Hy moet sy oortreding herstel en ’n vyfde deel daarvan bysit en hy moet dit aan dié een gee wat hy te na gekom het,
8 maar as die man geen familie het aan wie die skuld teruggegee kan word nie, behoort die skuld wat teruggegee moet word aan יהוה; dus aan die priester, bo en behalwe die ram van toedekking waarmee toedekking vir hom gedoen word.
9 Alle offers van al die afgesonderde geskenke van die seuns van Yisra’el wat hulle na die priester bring, sal syne wees.
10 Elkeen se afgesonderde geskenke moet syne wees: wat iemand ook al aan die priester gee, sal syne wees.”
11 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
12 “Praat met die seuns van Yisra’el en sê vir hulle: ‘As iemand se vrou wegdraai en ontrou is teenoor hom
13 en ’n man met haar gemeenskap het, maar dit is weggesteek vir die oë van haar man en sy is nie gevang nie en dit is onbekend alhoewel sy haarself onrein gemaak het en daar was geen getuie teen haar en sy nie betrap is in die daad nie,
14 as daar ’n gees van jaloersheid oor hom kom sodat hy jaloers word op sy vrou terwyl sy haar onrein gemaak het; of ’n gees van jaloersheid kom oor hom sodat hy jaloers word op sy vrou terwyl sy haarself nie onrein gemaak het nie;
15 dan moet die man sy vrou na die priester bring. Hy moet die offer vir haar saambring: ’n tiende van ’n efa garsmeel; hy moet daar geen olie op gooi en geen wierook daar bysit nie, want dit is ’n graanoffer van jaloesie, ’n offer van herinnering wat die skuld onthou.

16 Die priester moet haar laat naderkom en haar voor die Teenwoordigheid van יהוה laat staan.
17 Die priester moet afgesonderde water in ’n erdepot vat en van die stof wat op die vloer van die tabernakel is, in die water gooi.
18 Die priester moet die vrou voor die Teenwoordigheid van יהוה laat staan, die vrou se hare laat los hang en die herinneringsoffer op haar hande sit. Dit is ’n graanoffer van jaloesie. In die hand van die priester sal die bitter water wees, wat ’n vloek bring.
19 Die priester moet haar onder eed plaas en aan die vrou sê: ‘As geen man by jou gelê het en jy nie afgedraai het na onreinheid terwyl jy onder jou man se outoriteit was nie, wees dan vry van hierdie bitter water wat ’n vloek bring,
20 maar as jy terwyl jy onder jou man se outoriteit was, afgedraai en jou onrein gemaak het deurdat ’n man, behalwe jou eie man, by jou gelê het;’
21 [dan moet die priester die vrou laat sweer onder die eed van vervloeking en die priester moet aan die vrou sê:] ‘יהוה maak jou tot ’n vervloeking en ’n vloek onder jou volk, deurdat יהוה jou heup laat inval en jou buik laat opswel
22 en hierdie water wat die vloek bring, sal in jou maag ingaan en jou buik laat opswel en jou heup laat inval.’ Dan moet die vrou sê: ‘Dit is ewiglik waar!’
23 Die priester moet dan hierdie vervloekinge op ’n boekrol skryf en dit in die bitter water afwas
24 en hy moet die vrou die bitter water, wat die vloek bring, laat drink sodat die water wat die vloek bring, in haar kan ingaan en bitter word.
25 Die priester moet die graanoffer van jaloesie uit die hand van die vrou vat en die graanoffer voor die Teenwoordigheid van יהוה waai en dit na die altaar toe bring.
26 Die priester moet ook van die graanoffer ’n handvol, as die deel van herdenking, vat en dit op die altaar in rook laat opgaan en daarna moet hy die vrou die water laat drink.
27 Wanneer hy haar die water laat drink het, dan sal dit wees dat as sy haar onrein gemaak het en ontrou was teenoor haar man, die water wat die vloek bring, in haar sal ingaan en bitter word en haar buik sal opswel en haar heup inval en die vrou sal onder haar volk ’n vervloeking wees,
28 maar as die vrou haar nie onrein gemaak het nie, maar rein is, sal sy vry wees en kinders kry.’
29 Dit is die wet oor jaloesie wanneer ’n vrou afdraai terwyl sy onder haar man se outoriteit is en haarself onrein maak,
30 of as die gees van jaloesie oor ’n man kom en hy op sy vrou jaloers word, dan moet hy die vrou voor die Teenwoordigheid van יהוה laat staan en die priester moet met haar handel volgens hierdie hele wet.
31 Die man sal vry wees van skuld, maar dié vrou sal haar skuld dra.”

6 1 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
2 “Praat met die seuns van Yisra’el en sê vir hulle: ‘As ’n man of ’n vrou ’n buitengewone eed aflê, die eed van ’n Natzir, om hulself aan יהוה toe te wy,

3 moet hy hom van wyn en sterk drank weerhou; wynasyn en asyn van sterk drank mag hy nie drink nie. Hy mag ook geen druiwesap drink nie en geen vars of gedroogde druiwe eet nie. Rig 13:7

4 Al die dae van sy afsonderingskap mag hy niks eet van enige iets wat van die wynstok gemaak is nie, van die pitte tot die doppe.

5 Al die dae van die eed van sy afsonderingskap mag geen skeermes oor sy kop gaan nie. Totdat die dae om is, waarvoor hy hom aan יהוה toewy, moet hy afgesonderd wees; hy moet die haarlokke van sy kop laat groei.

6 Al die dae dat hy hom aan יהוה toegewy het, mag hy nie naby 'n dooie kom nie.

7 Hy sal homself nie onrein maak vir die dood van sy vader of sy moeder, sy broer of sy suster nie, want sy toewyding tot God is op sy kop.

8 Al die dae van sy afsondering is hy afgesonderd tot יהוה.

9 As iemand heeltemal onverwags naby hom sterf sodat hy sy toegewyde kop met hare verontreinig, moet hy op die dag van sy reiniging sy kop skeer; op die sewende dag moet hy dit skeer

10 en op die agtste dag moet hy twee tortelduiwe of twee jong duiwe na die priester, na die ingang van die Tent van Ontmoeting, bring.

11 Die priester moet een as sondoffer en een as brandoffer offer en vir hom toedekking doen vir wat hy as gevolg van die dooie gesondig het en hy moet sy kop op dieselfde dag afsonder.

12 Hy moet sy dae as Natzir aan יהוה toewy en 'n lam in sy eerste jaar as oortredingsoffer bring en die vorige dae is verlore omdat sy afsondering onrein gemaak is.

13 Dit is die wet van die Natzir: wanneer die dae van sy afsonderingskap voltooi is, moet hy na die ingang van die Tent van Ontmoeting gebring word

14 en hy moet sy offer aan יהוה bring: een lam, in sy eerste jaar, sonder gebrek, as brandoffer, een ooilam, in haar eerste jaar, sonder gebrek, as sondoffer, een ram, sonder gebrek, as vredesoffer,

15 'n mandjie ongesuurde koeke, van fyn meel, gemeng met olie, ongesuurde platkoeke, met olie gesmeer en die graanoffer en die vredesoffers wat daarby hoort.

16 Die priester moet dit voor יהוה bring en die sondoffer en brandoffer vir hom offer

17 en hy moet ook die ram as vredesoffer aan יהוה offer saam met die mandjie ongesuurde koeke en die priester moet die graanoffer en drankoffer vir hom offer.

18 Die Natzir moet sy toegewyde kop skeer by die ingang van die Tent van Ontmoeting en die hare van sy toegewyde kop vat en dit op die vuur gooi, wat onder die vredesoffer is.

19 Die priester moet die gekookte blad van die ram vat en een ongesuurde koek uit die mandjie en een ongesuurde platkoek en hy moet hulle op die hande van die Natzir sit nadat dié sy toegewyde hare afgeskeer het.

20 Die priester moet dit waai as waaioffer voor יהוה. Dit is afgesonderd vir die priester, saam met die bors van die waaioffer en die boud van die opligoffer, daarna mag die Natzir wyn drink.

21 Dit is die wet vir die Natzir wat sy offer aan יהוה beloof, op grond van sy afsondering, behalwe wat sy hand kan bekostig. Volgens sy eed wat hy afgelê het, só moet hy doen volgens die wet van sy afsondering.''' Lev 27:1-8; Hand 21:24

22 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
23 “Praat met Aharon en sy seuns en sê: ‘Op die manier moet julle die seuns van Yisra’el seën. Sê vir hulle:
24 "יהוה seën jou en onderhou jou;
25 יהוה laat Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid oor jou skyn en gee vir jou onverdiende guns;
26 יהוה lig Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid oor jou op en gee vir jou vrede, vreugde, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid.”
27 So sal hulle My Karakter en Outoriteit (Naam) op die seuns van Yisra’el lê en Ék sal hulle seën.”’”

7 1 Op die dag toe Mosheh die tabernakel klaar opgerig het, het hy dit gesalf en afgesonder, met al sy bybehore en die altaar met al sy bybehore; hy het dit gesalf en ook afgesonder.
2 Toe het die leiers van Yisra’el, die hoofde van hulle vaders se huise, die leiers van die stamme, wat oor hulle wat getel is, gestaan het, offers gebring.
3 Hulle het hul offers voor die Teenwoordigheid van יהוה gebring: ses tentwaens en twaalf beeste; ’n wa vir twee leiers en ’n bees vir elkeen en hulle het dit voor die tabernakel aangebied.
4 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
5 “Ontvang dit van hulle sodat dit gebruik kan word in die dienswerk van die Tent van Ontmoeting en jy moet dit aan die Leviete gee, aan elkeen volgens sy dienswerk.”
6 Mosheh het die waens en die beeste gevat en dit aan die Leviete gegee:
7 twee waens en vier beeste het hy aan die seuns van Gershon gegee, volgens hulle dienswerk;
8 vier waens en agt beeste het hy aan die seuns van M’rari gegee, volgens hulle dienswerk, onder leiding van Itamar, die seun van Aharon, die priester,
9 maar aan die seuns van K’hat het hy niks gegee nie, want die diens van die afgesonderde dinge het op hulle gerus: hulle moes dit op die skouers dra. [2 Sh’m 6:3,6]
10 Die leiers het die inwydingsgawe van die altaar gebring op die dag toe dit gesalf is en die leiers het hulle offer voor die altaar aangebied.
11 יהוה het vir Mosheh gesê: “Hulle moet hulle offers bring, een leier elke dag, vir die inwyding van die altaar.
12 Hy wat op die eerste dag sy offer gebring het, was Nagshon, die seun van `Amminadav, van die stam van Y’hudah.
13 Sy offer was: een silwer bord, honderd en dertig sikkels in gewig; een silwer kom van sewentig sikkels, volgens die sikkel van die Afgesonderde plek; altwee vol fyn meel met olie gemeng, as graanoffer;
14 een goue pan van tien sikkels, vol reukwerk;
15 een jong bul, een ram, een lam, in sy eerste jaar, as brandoffer;
16 een bokram, as sondoffer
17 en die offers as vredesoffer: twee beeste, vyf ramme, vyf bokramme en vyf lammers in hul eerste jaar. Dit was die offer van Nagshon, die seun van `Amminadav.

18 Op die tweede dag het N’tan’el, die seun van Tzu’ar, die leier van Yissakhar, sy offer aangebied.

19 Vir sy offer het hy geoffer: een silwer bord, honderd en dertig sikkels in gewig; een silwer kom van sewentig sikkels, volgens die sikkel van die Afgesonderde plek; altwee vol fyn meel met olie gemeng, as graanoffer;

20 een goue pan van tien sikkels, vol reukwerk;

21 een jong bul, een ram, een lam, in sy eerste jaar, as brandoffer;

22 een bokram as sondoffer

23 en die offers as vredesoffer: twee beeste, vyf ramme, vyf bokramme en vyf lammers in hul eerste jaar. Dit was die offer van N’tan’el, die seun van Tzu’ar.

24 Op die derde dag het Eli’av, die seun van Helon, die leier van die seuns van Z’vulun ’n offer aangebied.

25 Sy offer was: een silwer bord, honderd en dertig sikkels in gewig; een silwer kom van sewentig sikkels, volgens die sikkel van die Afgesonderde plek; altwee vol fyn meel met olie gemeng, as graanoffer;

26 een goue pan van tien sikkels, vol reukwerk;

27 een jong bul, een ram, een lam, in sy eerste jaar, as brandoffer;

28 een bokram as sondoffer

29 en die offers as vredesoffer: twee beeste, vyf ramme, vyf bokramme en vyf lammers in hul eerste jaar. Dit was die offer van Eli’av, die seun van Helon.

30 Op die vierde dag het Elitzur, die seun van Sh’de’ur, die leier van die seuns van Re’uven ’n offer aangebied.

31 Sy offer was: een silwer bord, honderd en dertig sikkels in gewig; een silwer kom van sewentig sikkels, volgens die sikkel van die Afgesonderde plek; altwee vol fyn meel met olie gemeng, as graanoffer;

32 een goue pan van tien sikkels, vol reukwerk;

33 een jong bul, een ram, een lam, in sy eerste jaar, as brandoffer;

34 een bokram as sondoffer

35 en die offers as vredesoffer: twee beeste, vyf ramme, vyf bokramme en vyf lammers in hul eerste jaar. Dit was die offer van Elitzur, die seun van Sh’de’ur.

36 Op die vyfde dag het Shlumi’el, die seun van Tzurishaddai, die leier van die seuns van Shim’on ’n offer aangebied.

37 Sy offer was: een silwer bord, honderd en dertig sikkels in gewig; een silwer kom van sewentig sikkels, volgens die sikkel van die Afgesonderde plek; altwee vol fyn meel met olie gemeng, as graanoffer;

38 een goue pan van tien sikkels, vol reukwerk;

39 een jong bul, een ram, een lam, in sy eerste jaar, as brandoffer;

40 een bokram as sondoffer

41 en die offers as vredesoffer: twee beeste, vyf ramme, vyf bokramme en vyf lammers in hul eerste jaar. Dit was die offer van Shlumi’el, die seun van Tzurishaddai.

42 Op die sesde dag het Elyasaf, die seun van Re’u’el, die leier van die seuns van Gad ’n offer aangebied.

43 Sy offer was: een silwer bord, honderd en dertig sikkels in gewig; een silwer kom van sewentig sikkels, volgens die sikkel van die Afgesonderde plek; altwee vol fyn meel met olie gemeng, as graanoffer;
44 een goue pan van tien sikkels, vol reukwerk;
45 een jong bul, een ram, een lam, in sy eerste jaar, as brandoffer;
46 een bokram as sondoffer
47 en die offers as vredesoffer: twee beeste, vyf ramme, vyf bokramme en vyf lammers in hul eerste jaar. Dit was die offer van Elyasaf, die seun van Re'u'el.
48 Op die sewende dag het Elishama, die seun van `Ammihud, die leier van die seuns van Efrayim 'n offer aangebied.
49 Sy offer was: een silwer bord, honderd en dertig sikkels in gewig; een silwer kom van sewentig sikkels, volgens die sikkel van die Afgesonderde plek; altwee vol fyn meel met olie gemeng, as graanoffer;
50 een goue pan van tien sikkels, vol reukwerk;
51 een jong bul, een ram, een lam, in sy eerste jaar, as brandoffer;
52 een bokram as sondoffer
53 en die offers as vredesoffer: twee beeste, vyf ramme, vyf bokramme en vyf lammers in hul eerste jaar. Dit was die offer van Elishama, die seun van `Ammihud.
54 Op die agtste dag het Gamli'el, die seun van P'dahtzur, die leier van die seuns van M'nasheh 'n offer aangebied.
55 Sy offer was: een silwer bord, honderd en dertig sikkels in gewig; een silwer kom van sewentig sikkels, volgens die sikkel van die Afgesonderde plek; altwee vol fyn meel met olie gemeng, as graanoffer;
56 een goue pan van tien sikkels, vol reukwerk;
57 een jong bul, een ram, een lam, in sy eerste jaar, as brandoffer;
58 een bokram as sondoffer
59 en die offers as vredesoffer: twee beeste, vyf ramme, vyf bokramme en vyf lammers in hul eerste jaar. Dit was die offer van Gamli'el, die seun van P'dahtzur.
60 Op die negende dag het Avidan, die seun van Gid'oni, die leier van die seuns van Binyamin 'n offer aangebied.
61 Sy offer was: een silwer bord, honderd en dertig sikkels in gewig; een silwer kom van sewentig sikkels, volgens die sikkel van die Afgesonderde plek; altwee vol fyn meel met olie gemeng, as graanoffer;
62 een goue pan van tien sikkels, vol reukwerk;
63 een jong bul, een ram, een lam, in sy eerste jaar, as brandoffer;
64 een bokram as sondoffer
65 en die offers as vredesoffer: twee beeste, vyf ramme, vyf bokramme en vyf lammers in hul eerste jaar. Dit was die offer van Avidan, die seun van Gid'oni.
66 Op die tiende dag het Agi'ezer, die seun van `Ammishaddai, die leier van die seuns van Dan 'n offer aangebied.
67 Sy offer was: een silwer bord, honderd en dertig sikkels in gewig; een silwer kom van sewentig sikkels, volgens die sikkel van die Afgesonderde plek; altwee vol fyn meel met olie gemeng, as graanoffer;
68 een goue pan van tien sikkels, vol reukwerk;

69 een jong bul, een ram, een lam, in sy eerste jaar, as brandoffer;
70 een bokram as sondoffer
71 en die offers as vredesoffer: twee beeste, vyf ramme, vyf bokramme en vyf lammers in hul eerste jaar. Dit was die offer van Agi’ezer, die seun van `Ammishaddai.
72 Op die elfde dag het Pag’i’el, die seun van `Okhran, die leier van die seuns van Asher ’n offer aangebied.
73 Sy offer was: een silwer bord, honderd en dertig sikkels in gewig; een silwer kom van sewentig sikkels, volgens die sikkel van die Afgesonderde plek; altwee vol fyn meel met olie gemeng, as graanoffer;
74 een goue pan van tien sikkels, vol reukwerk;
75 een jong bul, een ram, een lam, in sy eerste jaar, as brandoffer;
76 een bokram as sondoffer
77 en die offers as vredesoffer: twee beeste, vyf ramme, vyf bokramme en vyf lammers in hul eerste jaar. Dit was die offer van Pag’i’el, die seun van `Okhran.
78 Op die twaalfde dag het Agira, die seun van `Enan, die leier van die seuns van Naftali ’n offer aangebied.
79 Sy offer was: een silwer bord, honderd en dertig sikkels in gewig; een silwer kom van sewentig sikkels, volgens die sikkel van die Afgesonderde plek; altwee vol fyn meel met olie gemeng, as graanoffer;
80 een goue pan van tien sikkels, vol reukwerk;
81 een jong bul, een ram, een lam, in sy eerste jaar, as brandoffer;
82 een bokram as sondoffer
83 en die offers as vredesoffer: twee beeste, vyf ramme, vyf bokramme en vyf lammers in hul eerste jaar. Dit was die offer van Agira, die seun van `Enan.
84 Dit was die inwydingsoffer vir die altaar vanaf Yisra’el se leiers op die dag toe dit gesalf is: twaalf silwer borde, twaalf silwer komme, twaalf goue panne,
85 elke bord honderd en dertig sikkels silwer en elke kom sewentig; al die silwer van die artikels was twee duisend vier honderd sikkels, volgens die sikkel van die Afgesonderde plek;
86 twaalf goue panne, vol reukwerk; elke pan tien sikkels volgens die sikkel van die Afgesonderde plek; al die goud van die panne was honderd en twintig sikkels.
87 Al die beeste vir die brandoffer was twaalf bulle; die ramme was twaalf, die lammers in hul eerste jaar twaalf, saam met hulle graanoffer en twaalf bokramme as sondoffer.
88 Al die beeste vir die vredesoffer was vier en twintig bulle; die ramme sestig, die bokramme sestig en die lammers in hul eerste jaar sestig. Dit is die inwyding van die altaar nadat dit gesalf is.
89 Wanneer Mosheh in die Tent van Ontmoeting ingegaan het om met Hom te praat, het hy die Stem met hom hoor praat van bo die Toedekking af wat op die ark van die Getuienis is, van tussen die twee gérubs uit. So het Hy met hom gepraat.

8 1 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
2 “Praat met Aharon en sê vir hom: ‘As jy die lampe opsteek, moet die sewe lampe aan die voorkant van die lampstaander lig gee.’”

3 Aharon het so gedoen: hy het die lampe opgestel om na die voorkant van die lampstaander te wys, soos יהוה Mosheh beveel het.

4 Die vakmanskap van die lampstaander was geslaande goud; van sy voetstuk tot sy blomme was geslaan; volgens die bloudrukplan wat יהוה vir Mosheh gewys het, so het hy die lampstaander gemaak.

5 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:

6 “Vat die Leviete onder die seuns van Yisra’el uit en reinig hulle.

7 So moet jy met hulle doen om hulle te reinig: sprinkel reinigingswater op hulle en hulle moet ’n skeermes oor hulle hele liggaam laat gaan en hulle klere was en hulle sal daardeur rein wees.

8 Laat hulle ’n jong bul vat saam met die graanoffer van fyn meel met olie gemeng wat daarby hoort; jy moet ook ’n ander jong bul as sondoffer vat.

9 Jy moet die Leviete voor die Tent van Ontmoeting aanbied en die hele vergadering van die seuns van Yisra’el bymekaarmaak.

10 Jy moet die Leviete voor die Teenwoordigheid van יהוה laat kom en die seuns van Yisra’el moet hulle hande op die Leviete lê

11 en Aharon moet die Leviete as waaioffer voor יהוה aanbied, namens die seuns van Yisra’el, om te kwalifiseer vir die diens van יהוה.

12 Die Leviete moet hulle hande op die koppe van die bulle lê en jy moet die een as sondoffer offer en die ander as brandoffer tot יהוה, om vir die Leviete toedekking te doen.

13 Jy moet die Leviete voor Aharon en sy seuns laat staan en hulle as waaioffer tot יהוה offer.

14 So moet jy die Leviete van onder die seuns van Yisra’el uit afsonder en die Leviete sal Myne wees.

15 Daarna mag die Leviete ingaan om in die Tent van Ontmoeting te dien, maar jy moet hulle reinig en hulle aanbied as waaioffer,

16 want hulle is volledig aan My gegee vanuit die seuns van Yisra’el; Ek het hulle vir Myself gevat in die plek van alles wat die baarmoeder open; al die eersgeborenes uit die seuns van Yisra’el,

17 want al die eersgeborenes onder die seuns van Yisra’el is Myne, van mense en van diere; op die dag toe Ek al die eersgeborenes in Mitzrayim neergeslaan het, het Ek hulle vir My afgesonder.

18 Ek het die Leviete in die plek van al die eersgeborenes van die seuns van Yisra’el gevat

19 en die Leviete as ’n geskenk vir Aharon en sy seuns, vanuit die seuns van Yisra’el, gegee om in diens van die seuns van Yisra’el in die Tent van Ontmoeting te dien en om toedekking te doen vir die seuns van Yisra’el sodat daar geen plaag mag wees onder die seuns van Yisra’el as die seuns van Yisra’el naby die Afgesonderde plek kom nie.”

20 So het Mosheh, Aharon en die hele vergadering van die seuns van Yisra’el met die Leviete gedoen volgens wat יהוה Mosheh aangaande die Leviete beveel het; so het die seuns van Yisra’el met hulle gedoen.

21 Die Leviete het hulleself ook gereinig van sonde, hulle klere gewas en Aharon
het hulle aangebied as ’n waaioffer voor יהוה en Aharon het toedekking vir hulle
gedoen om hulle te reinig.
22 Daarna het die Leviete ingekom in die Tent van Ontmoeting om hulle dienswerk
voor Aharon en sy seuns te doen; soos יהוה Mosheh aangaande die Leviete beveel
het, so het hulle met hulle gedoen.
23 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
24 “Hierdie is wat op die Leviete van toepassing is: van vyf en twintig jaar oud en
ouer moet hulle kom om in te gaan en die dienswerk van die Tent van Ontmoeting
te doen,
25 maar van vyftig jaar oud af moet hulle uittree uit die dienslewering en nie meer
werk nie.
26 Hulle kan saam met hulle broers in die Tent van Ontmoeting toesig hou, maar
hulle sal geen werk self doen nie. So moet jy met die Leviete doen aangaande hulle
verantwoordelikheid.”

9 1 יהוה het met Mosheh gepraat in die wildernis van Sinai; in die tweede jaar nadat
hulle uit Mitzrayim uitgetrek het, in die eerste maand en gesê:
2 “Laat die seuns van Yisra’el nou die Pesag op sy bepaalde tyd hou.
3 Op die veertiende dag van hierdie maand, tussen die twee sonsondergange, moet
julle dit op die bepaalde tyd hou; volgens al sy reëls en al sy bepalings moet julle
dit hou.”
4 Mosheh het met die seuns van Yisra’el gepraat dat hulle die Pesag moet hou.
5 Hulle het die Pesag gehou op die veertiende dag van die eerste maand, tussen die
twee sonsondergange, in die wildernis van Sinai; net soos יהוה Mosheh beveel het,
so het die seuns van Yisra’el gedoen.
6 Daar was egter manne wat deur die lyk van ’n mens onrein geword het sodat hulle
nie die Pesag op daardie dag kon hou nie en hulle het op daardie dag voor Mosheh
en Aharon gekom.
7 Daardie manne het vir hom gesê: “Alhoewel ons onrein is deur ’n dooie mens;
waarom word ons verhoed om die offer van יהוה op die bepaalde tyd onder die
seuns van Yisra’el te offer?”
8 Mosheh het vir hulle gesê: “Wag en ek sal hoor wat יהוה aangaande julle beveel.”
9 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
10 “Praat met die seuns van Yisra’el en sê: ‘As iemand van julle of van julle nageslag
deur ’n lyk onrein word of op ’n ver reis is, mag hy steeds die Pesag tot יהוה hou.
11 In die tweede maand, op die veertiende dag, tussen die twee sonsondergange, moet
hulle dit hou; met ongesuurde brode en bitter kruie moet hulle dit eet. [2 Kro 30:2]
12 Hulle mag niks daarvan laat oorbly tot die oggend toe of ’n been daaraan breek nie;
volgens die hele instelling van die Pesag moet hulle dit hou, [Yog 19:33,36]
13 maar die man wat rein is en nie op reis is nie en nalaat om die Pesag te hou, dié
persoon moet van sy volksgenote afgesny word, want hy het die offer van יהוה nie
op die bepaalde tyd gebring nie. Dié man sal sy sonde dra.

14 As ’n besoeker by julle bly en die Pesag tot יהוה wil hou, moet hy dit hou volgens die reëls van die Pesag en volgens die bepalings daarvan. Julle sal een reël hê vir die besoeker, sowel as vir die kind van die land.”

15 Op die dag toe hulle die tabernakel opgerig het, het die wolk die tabernakel, die tent van die Getuienis, oordek en vanaf die aand tot die oggend toe was dit oor die tabernakel soos ’n verskynsel van vuur.

16 So was dit altyd: die wolk het dit bedags oordek en snags ’n verskynsel van vuur.

17 Wanneer die wolk van bo die tent af opgelig word, het die seuns van Yisra’el weggetrek en op die plek waar die wolk stilstaan, daar het die seuns van Yisra’el kamp opgeslaan.

18 Deur die opdrag van יהוה het die seuns van Yisra’el weggetrek en deur die opdrag van יהוה kamp opgeslaan; vir soveel dae as die wolk oor die tabernakel gebly het, het hulle gekamp.

19 Selfs wanneer die wolk vir baie dae oor die tabernakel bly, het die seuns van Yisra’el die leiding van יהוה waargeneem en nie weggetrek nie.

20 So was dit, as die wolk ’n paar dae oor die tabernakel bly, volgens die opdrag van יהוה, het hulle kamp opgeslaan en volgens die opdrag van יהוה, het hulle weggetrek.

21 So was dit as die wolk gebly het van die aand tot die oggend toe, as die wolk in die oggend opgelig is, het hulle weggetrek; of by dag of by nag, as die wolk opgelig word, het hulle weggetrek.

22 Of dit twee dae, ’n maand of ’n jaar was wat die wolk oor die tabernakel gebly het, die seuns van Yisra’el het in die kamp gestaan en nie weggetrek nie, maar as dit opgelig word, het hulle weggetrek.

23 Deur die opdrag van יהוה het hulle kamp opgeslaan en deur die opdrag van יהוה het hulle weggetrek. Hulle het die voorskrif van יהוה gehou, deur die opdrag van יהוה, deur die hand van Mosheh.

## 10

1 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:

2 “Maak vir jou twee silwer trompette; van slaanwerk moet jy dit maak. Hulle sal wees om die vergadering byeen te roep en om die kampe te laat opbreek.

3 Wanneer albei geblaas word, moet die hele vergadering by jou bymekaarkom, by die ingang van die Tent van Ontmoeting

4 en as hulle op een blaas, moet die leiers, die hoofde van die afdelings van Yisra’el, by jou bymekaarkom.

5 Wanneer julle die alarm blaas, moet die kampe opbreek wat aan die oostekant staan.

6 Wanneer julle die tweede keer die alarm blaas, moet die kampe opbreek wat aan die suidekant staan. Die alarm moet vir hulle geblaas word om op te breek.

7 Wanneer die vergadering bymekaar moet kom, moet julle blaas, maar nie alarm maak nie.

8 Die seuns van Aharon, die priesters, moet die trompette blaas en dié moet vir julle ’n ewige instelling in al julle geslagte wees.

9 Wanneer julle in jul land in oorlog kom teen die vyand wat julle aanval, moet julle met die trompette ’n alarm blaas; dan sal julle onthou word voor יהוה, julle God en julle sal van jul vyande verlos word.
10 Ook op die dag van julle oorweldigende blydskap, op julle vasgestelde feeste en by die begin van julle maande moet julle die trompette blaas oor jul brandoffers en oor die offerandes van julle vredesoffers: hulle sal ’n herinnering wees vir julle voor julle God. Ek is יהוה, julle God.”
11 Dit het gebeur dat op die twintigste van die maand, in die tweede maand, in die tweede jaar, die wolk opgelig is van die tabernakel van die Getuienis af
12 en die seuns van Yisra’el het weggetrek uit die wildernis van Sinai op hulle reise en die wolk het tot rus gekom in die wildernis van Pa’ran.
13 So het hulle dan die eerste keer weggetrek volgens die opdrag van יהוה, deur die hand van Mosheh.
14 Die banier van die kamp van die seuns van Y’hudah, volgens hulle leërafdelings het eerste weggetrek, met Nagshon, die seun van `Amminadav, oor sy leërafdeling.
15 Oor die leërafdeling van die stam van die seuns van Yissakhar was N’tan’el, die seun van Tzu’ar.
16 Oor die leërafdeling van die stam van die seuns van Z’vulun was Eli’av, die seun van Helon.
17 Die tabernakel is afgebreek en die seuns van Gershon en die seuns van M’rari het weggetrek en die tabernakel gedra.
18 Volgende het die banier van die kamp van Re’uven weggetrek, volgens hulle leërafdelings met Elitzur, die seun van Sh’de’ur, oor sy leërafdeling.
19 Oor die leërafdeling van die stam van die seuns van Shim’on was Shlumi’el, die seun van Tzurishaddai.
20 Oor die leërafdeling van die stam van die seuns van Gad was Elyasaf, die seun van Re’u’el.
21 Toe het die K’hati, die draers van die Afgesonderde plek, weggetrek. Die tabernakel is vir hulle opgeslaan voor hulle aankoms.
22 Volgende het die banier van die kamp van die seuns van Efrayim, volgens hulle leërafdelings, weggetrek met Elishama, die seun van `Ammihud, oor sy leërafdeling.
23 Oor die leërafdeling van die stam van die seuns van M’nasheh was Gamli’el, die seun van P’dahtzur.
24 Oor die leërafdeling van die stam van die seuns van Binyamin was Avidan, die seun van Gid’oni.
25 Toe het die banier van die kamp van die seuns van Dan weggetrek wat, volgens hulle leërafdelings, die agterhoede vir al die leërs was; met Agi’ezer, die seun van `Ammishaddai oor sy leërafdeling.
26 Oor die leërafdeling van die stam van die seuns van Asher was Pag’i’el, die seun van `Okhran.
27 Oor die leërafdeling van die stam van die seuns van Naftali was Agira, die seun van `Enan.

28 Dit was die volgorde van die reise van die seuns van Yisra’el, volgens hulle leërafdelings, wanneer hulle weggetrek het.
29 Mosheh het vir Hovav, die seun van Re’u’el, die Midyani, skoonvader van Mosheh, gesê: “Ons trek na die plek waarvan יהוה gesê het: “Ek sal dit vir julle gee. Trek saam met ons en ons sal jou goed behandel, want יהוה het goed oor Yisra’el belowe.”
30 Hy het vir hom gesê: “Ek sal nie kom nie, maar ek sal weggaan na my land en my familie toe.” Rig 4:11
31 Hy sê: “Moet asseblief nie gaan nie, aangesien jy weet waar ons moet kamp opslaan in die wildernis en jy sal vir ons soos oë wees.
32 As jy met ons saamtrek sal dit inderdaad so wees dat watter goeie יהוה ook al vir ons sal doen, so sal ons vir jou doen.”
33 Hulle het van die berg van יהוה af vertrek op ’n reis van drie dae met die verbondsark van יהוה wat vir die drie dae se reis voor hulle uit getrek het om vir hulle ’n rusplek uit te soek.
34 Die wolk van יהוה was bedags oor hulle as hulle uit die kamp wegtrek.
35 Wanneer die ark wegtrek, het Mosheh gesê: “Staan op, O יהוה, laat U vyande verstrooi word en die wat U haat voor U wegvlug.”
36 Wanneer dit rus, het hy gesê: “Keer terug, O יהוה, na die menigte van die duisende van Yisra’el!”

11 1 Die volk het geword soos mense wat kla van swaarkry voor die ore van יהוה en toe יהוה dit gehoor het, het Sy woede ontbrand. Die vuur van יהוה het onder hulle gebrand en sommige aan die kant van die kamp verteer.
2 Die volk het daarom na Mosheh uitgeroep en Mosheh het ingetree by יהוה en die vuur is geblus.
3 Die naam van die plek is Tav’erah genoem omdat die vuur van יהוה tussen hulle gebrand het.
4 Die gemengde bevolking wat onder hulle was, het gierige begeertes gehad. Die seuns van Yisra’el het weer gehuil en gesê: “Wie sal vir ons vleis gee om te eet?
5 Ons onthou die vis wat ons vrylik in Mitzrayim kon eet, die komkommers, die waatlemoene, die preie, die uie en die knoffel,
6 maar nou is ons eetlus opgedroog; daar is glad niks om na te kyk nie, behalwe net die ‘man hu’ voor ons oë.” Eks 16:4,15; Ps 105:40; Yog 6:32
7 Die ‘man hu’ was soos koljandersaad en dit het gelyk soos boomgom.
8 Die volk het rondgegaan en dit bymekaargemaak en op maalstene gemaal of in vysels gestamp, dit in panne gekook en koeke daarvan gemaak. Die smaak daarvan was soos die smaak van koeke gebak in olie.
9 Wanneer die dou snags op die kamp val, het die ‘man hu’ saam met dit geval.
10 Mosheh het die volk hoor huil, regdeur hulle families, elkeen by die deur van sy tent en die woede van יהוה het grootliks ontbrand en Mosheh was ontevrede.
11 Mosheh sê vir יהוה: “Waarom het U U kneg kwaad aangedoen en waarom het ek geen guns in U oë gevind nie dat U die las van hierdie hele volk op my lê?

12 Het ék al hierdie mense verwek? Of het ék geboorte aan hulle gegee dat U vir my sê: 'Dra hulle, soos 'n versorger die suigeling kind dra, in jou drasak na die land wat U aan hulle vaders met 'n eed beloof het?'
13 Waar moet ek vleis kry om vir al hierdie mense te gee? Want hulle huil by my en sê: 'Gee vir ons vleis sodat ons kan eet.'
14 Ek is nie in staat om al hierdie mense alleen te dra nie, want hulle is vir my te swaar.
15 As U so met my werk, maak my asseblief dadelik dood en vernietig my as ek guns in U oë gevind het en laat ek nie my ellende sien nie."
16 יהוה sê vir Mosheh: "Bring vir My sewentig manne uit die oudstes van Yisra'el bymekaar, van wie jy weet dat hulle oudstes van die volk en toesighouers oor hulle is. Bring hulle na die Tent van Ontmoeting en laat hulle daar by jou staan.
17 Ek sal dan afkom en daar met jou praat en van die Gees, wat op jóu is, sal Ek op hulle lê en hulle sal saam met jou die las van die volk dra sodat jy dit nie alleen hoef te dra nie. [Eks 18:13-26; Yog 14:17]
18 Vir die volk moet jy sê: 'Sonder julle af teen môre en julle sal vleis eet, want julle het in die ore van יהוה gehuil en gesê: 'Wie sal vir ons vleis gee om te eet, want dit het goed met ons gegaan in Mitzrayim?' יהוה sal daarom vir julle vleis gee en julle sal eet.
19 Julle sal nie een dag of twee dae of vyf dae of tien dae of twintig dae eet nie,
20 maar 'n hele maand lank totdat dit uit julle neusgate uitkom en vir julle walglik word omdat julle יהוה, wat tussen julle is, verwerp het en voor Hom gehuil en gesê het: 'Hoekom het ons ooit uit Mitzrayim opgetrek?' "
21 Mosheh sê egter: "Die mense waartussen ek is, is ses honderd duisend mans te voet, tog het U gesê: 'Ek sal vir hulle vleis gee en hulle sal 'n maand lank eet!'
22 Sal daar vir hulle kleinvee- en beestroppe geslag word om genoeg vir hulle te voorsien? Of sal al die visse van die see vir hulle bymekaar gemaak word, om vir hulle genoeg te voorsien?"
23 יהוה sê vir Mosheh: "Is die krag van יהוה beperk? Nou sal jy sien of My woord vir jou sal gebeur of nie."
24 Mosheh het uitgegaan en die woorde van יהוה aan die volk gebring en hy het sewentig manne uit die oudstes van die volk bymekaar laat kom en hulle rondom die Tent laat staan.
25 יהוה het afgekom in die wolk en met hom gepraat en Hy het van die Gees wat op hom was, op die sewentig oudstes gelê en dit het gebeur dat toe die Gees op hulle rus, hulle geprofeteer het, maar nie weer daarna nie.
26 Twee manne het egter in die kamp agtergebly: die naam van die een was Eldad en die naam van die ander Medad en die Gees het op hulle gerus. Hulle was onder die wat opgeskrywe was, maar het nie uitgegaan na die Tent toe nie en hulle het in die kamp geprofeteer.
27 'n Jongman het gehardloop en dit aan Mosheh vertel en gesê: "Eldad en Medad profeteer in die kamp."
28 Y'hoshua, die seun van Nun, van sy jeug af die dienaar van Mosheh, antwoord en sê: " Mosheh, my meester, stop hulle!"

29 Mosheh sê vir hom: “Is jy jaloers vir my onthalwe? Ag, dat die hele volk van יהוה profete was en dat יהוה Sy Gees op hulle mag gee!” Hand 2:4

30 Mosheh en die oudstes van Yisra’el het teruggegaan in die kamp in.

31 ’n Wind het vanuit יהוה gekom en kwartels van die see af oorgebring en hulle naby die kamp laat val, omtrent ’n dagreis hier en omtrent ’n dagreis daar, reg rondom die kamp en omtrent twee el diep bo-op die grond.

32 Die volk het daardie hele dag, die hele nag en die hele volgende dag opgestaan en die kwartels bymekaargemaak. Hy wat die minste bymekaargemaak het, het tien homer bymekaargemaak en hulle het dit vir hulleself uitgesprei oral rondom die kamp.

33 Terwyl die vleis nog tussen hulle tande was, voordat dit gekou is, het die woede van יהוה teen die volk ontbrand en יהוה het die volk met ’n baie ernstige plaag geslaan.

34 Die naam van daardie plek is Kivrot-HaTa’avah genoem, want daar het hulle die mense begrawe wat so gierig was.

35 Van Kivrot-HaTa’avah af het die volk getrek na Hatzerot toe en hulle het in Hatzerot gekamp.

12 1 Miryam en Aharon het teen Mosheh gepraat vanweë die Kushietiese vrou wat hy getrou het, want hy het ’n Kushietiese vrou getrou

2 en hulle het gesê: “Het יהוה werklik alleen deur Mosheh gepraat? Het Hy nie ook deur ons gepraat nie?” יהוה het dit gehoor.

3 Nou, die man Mosheh, was baie nederig, meer as al die mense op die oppervlakte van die aarde.

4 יהוה het skielik vir Mosheh, Aharon en Miryam gesê: “Kom uit, julle drie, na die Tent van Ontmoeting.” Die drie het uitgekom.

5 יהוה het in die wolkkolom afgekom en by die deur van die Tent gaan staan en vir Aharon en Miryam geroep. Toe hulle twee vorentoe gegaan het,

6 sê Hy: “Hoor nou My woorde: as daar ’n profeet tussen julle is, openbaar Ek, יהוה, Myself aan hom deur ’n visioen; Ek praat met hom deur ’n droom.

7 Dit is nie so met My dienskneg Mosheh nie: hy is getrou in My hele huis. Heb 3:2

8 Met hom praat Ek mond tot mond, selfs openlik en nie deur raaisels nie en hy kyk na die vorm van יהוה. Eks 33:11 Hoekom was julle dan nie bang om teen My dienskneg, Mosheh, te praat nie?” Yog 14:9; Heb 1:3

9 Die woede van יהוה het teen hulle gebrand en Hy het weggegaan.

10 Toe die wolk van die Tent af teruggetrek het, let op, was Miryam melaats, soos sneeu. Aharon het na Miryam gedraai en gesien sy is melaats!

11 Aharon sê vir Mosheh: “Ag, my meester, ek smeek u, tel nie hierdie sonde teen ons waarin ons dwaas opgetree en gesondig het nie.

12 Ek smeek u, laat sy nie wees soos ’n dooie van wie se vleis, as hy uit sy moeder se baarmoeder uitgaan, die helfte verteer is nie.”

13 Mosheh het uitgeroep na יהוה en gesê: “O Magtige God, ek vra U, maak haar asseblief gesond!”

14 יהוה sê vir Mosheh: “As haar vader maar net in haar gesig gespoeg het, sou sy nie dan haar skande vir sewe dae lank gedra het nie? Laat sy vir sewe dae lank buitekant die kamp opgesluit wees en daarna mag sy weer ontvang word.”

15 Hulle het Miryam sewe dae lank buitekant die kamp opgesluit en die volk het nie weggetrek voordat Miryam weer ontvang is nie.

16 Daarna het die volk van Hatzerot af weggetrek en in die wildernis van Pa’ran gekamp.

13 1 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:

2 “Stuur manne uit sodat hulle die land Kena’an, wat Ek aan die seuns van Yisra’el gaan gee, kan verken. Van elke stam van hulle vaders moet julle een man stuur, elkeen ’n leier onder hulle.”

3 Mosheh het hulle uitgestuur uit die wildernis van Pa’ran, volgens die bevel van יהוה; almal manne wat leiers was van die seuns van Yisra’el.

4 Hierdie is dan hulle name:
van die stam van Re’uven: Shamua, die seun van Zakur;
5 van die stam van Shim’on: Shafat, die seun van Hori;
6 van die stam van Y’hudah: Kalev, die seun van Y’funneh;
7 van die stam van Yissakhar: Yig’al, die seun van Yosef;
8 van die stam van Efrayim: Hoshea, die seun van Nun;
9 van die stam van Binyamin: Palti, die seun van Rafu;
10 van die stam van Z’vulun: Gadi’el, die seun van Sodi;
11 van die stam van Yosef:
Vir die stam van M’nasheh: Gaddi, die seun van Susi;
12 van die stam van Dan: `Ammi’el, die seun van G’malli;
13 van die stam van Asher: S’tur, die seun van Mikha’el;
14 van die stam van Naftali: Nagvi, die seun van Vofsi;
15 van die stam van Gad: Ge’u’el, die seun van Makhi.

16 Dit is die name van die manne wat Mosheh gestuur het om die land te verken. Mosheh het Hoshea, die seun van Nun, Y’hoshua genoem.

17 Mosheh het hulle gestuur om die land Kena’an te verken en vir hulle gesê: “Gaan hierlangs op in die Negev en gaan dan op in die bergland

18 en kyk hoe die land is en of die mense wat daarin bly sterk of swak, min of baie is,

19 of die land waar hulle bly, goed of sleg is en of die stede waarin hulle bly, soos kampe of vestings is.

20 Is die land vet of arm; is daar bome of nie, doen moeite en bring van die vrugte van die land saam.” Die tyd was toe die seisoen van die eerste ryp druiwe.

21 Hulle het opgegaan en die land verken vanaf die wildernis van Tzin af tot so ver as Regov, naby die ingang van Hamat.

22 Hulle het opgegaan deur die Negev en tot by Hevron gekom en Agiman, Sheshai en Talmai, die wat vir `Anak gebore is, was daar. Hevron is sewe jaar voor Tzo’an, in Mitzrayim, gebou.

23 Hulle het by die vallei van Eshkol gekom en daar 'n rank met een tros druiwe afgesny en twee het dit tussen hulle met 'n paal gedra, saam met van die granate en van die vye.
24 Dié plek het hulle die vallei van Eshkol genoem vanweë die tros wat die seuns van Yisra'el daar afgesny het.
25 Hulle het teruggekom van die verkenning van die land ná verloop van veertig dae
26 en voortgegaan en by Mosheh, Aharon en die hele vergadering van die seuns van Yisra'el gekom in die wildernis van Pa'ran, by Kadesh en aan hulle en aan die hele vergadering verslag gebring en hulle die vrugte van die land gewys.
27 Hulle het aan hom rapporteer en gesê: "Ons het gegaan na die land waarheen u ons gestuur het en waarlik, dit loop oor met melk en heuning en dít is sy vrugte.
28 Nogtans, die volk wat in die land woon, is sterk en die stede is versterk en baie groot en ons het die nageslag van `Anak daar gesien.
29 `Amalek bly in die Negev, die Hittiete, Y'vusiete en Emoriete bly in die bergland en die Kena'aniete bly by die see en langs die Yarden."
30 Kalev het die mense stilgemaak voor Mosheh en gesê: "Laat ons opstaan en opgaan om dit in besit te neem, want ons sal dit sekerlik oorwin."
31 Die manne wat saam met hom opgegaan het, sê egter: "Ons kan nie teen die mense opgaan nie, want hulle is te sterk vir ons."
32 Hulle het slegte verslae onder die seuns van Yisra'el versprei oor die land wat hulle verken het, deur te sê: "Die land waardeur ons gegaan het om dit te verken, is 'n land wat sy inwoners verteer en al die mense wat ons daarin gesien het, is groot manne.
33 Ons het ook die reuse daar gesien, die seuns van `Anak is deel van die reuse en ons het soos sprinkane in ons eie oë geword soos ons ook in hulle oë was."

14 1 Die hele vergadering het hulle stemme opgelig en die volk het dié nag gehuil.
2 Al die seuns van Yisra'el het gekla teen Mosheh en Aharon en die hele vergadering het vir hulle gesê: "O, as ons maar in Mitzrayim gesterf het! Of as ons maar hier in die woestyn gesterf het!
3 Waarom bring יהוה ons na hierdie land om deur die swaard te val sodat ons vroue en kinders buit sal word. Sal dit nie vir ons beter wees om na Mitzrayim terug te gaan nie?"
4 Hulle het vir mekaar gesê: "Laat ons 'n leier aanstel en na Mitzrayim teruggaan."
5 Toe het Mosheh en Aharon op hulle gesigte neergeval voor die hele vergadering van die byeenkoms van die seuns van Yisra'el.
6 Y'hoshua, die seun van Nun en Kalev, die seun van Y'funneh, twee van dié wat die land verken het, het hulle klere geskeur
7 en met die hele vergadering van die seuns van Yisra'el gepraat en gesê: "Die land waardeur ons gegaan het om dit te verken, is 'n uitsonderlike goeie land.
8 As יהוה tevrede is met ons, sal Hy ons in hierdie land inbring en dit aan ons gee, 'n land wat vloei met melk en heuning.

9 Moet net nie teen יהוה rebelleer nie en moenie bang wees vir die mense van die land nie, want hulle sal ons prooi wees. Hulle beskerming is van hulle verwyder en יהוה is met ons. Moenie vir hulle bang wees nie!”

10 Die hele vergadering wou hulle met klippe stenig. Die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה het toe in die Tent van Ontmoeting verskyn voor al die seuns van Yisra’el.

11 יהוה het vir Mosheh gesê: “Hoe lank sal hierdie volk My verwerp? Hoe lank sal hulle nie in My vertrou nie, ten spyte van al die tekens wat Ek tussen hulle gedoen het?

12 Ek sal hulle met die pes tref en hulle onteien en Ek sal van jou ’n groter en magtiger nasie maak as hulle.”

13 Mosheh sê vir יהוה: “Dan sal die Mitzrayimiete dit hoor, want deur U krag het U hierdie volk laat optrek, vanuit hulle uit

14 en hulle sal dit aan die inwoners van hierdie land sê. Hulle het gehoor dat U, יהוה, tussen hierdie volk is; dat U, יהוה, van aangesig tot aangesig aan hulle verskyn; dat U wolk oor hulle staan en U in ’n wolkkolom voor hulle uitgaan bedags en in ’n vuurkolom in die nag.

15 As U nou hierdie volk soos een man doodmaak, dan sal die nasies wat die boodskap aangaande U gehoor het, praat en sê:

16 ‘Omdat יהוה hierdie volk nie kon inbring in die land wat Hy hulle met ’n eed beloof het nie, het Hy hulle in die woestyn doodgemaak.’

17 Ek smeek U, laat יהוה se mag nou groot wees, net soos U verklaar het:

18 ‘יהוה vat lank om kwaad te word en is oorvloedig in liefdevolle sagtheid, wat sonde en wetsoortreding vergewe, maar nie die skuldige vryskeld nie; wat die onregverdigheid van die vaders die kinders laat beïnvloed, in die derde en vierde geslag.’

19 Ek vra U, vergewe die boosheid van hierdie volk volgens die grootheid van U liefdevolle sagtheid, net soos U hierdie volk van Mitzrayim af tot hiertoe vergewe het.”

20 יהוה sê: “Ek het vergewe, volgens jou woord,

21 maar so waar as Ek leef en die hele aarde met יהוה se Gemanifesteerde Teenwoordigheid vol sal word,

22 al die manne wat My Gemanifesteerde Teenwoordigheid en My tekens gesien het, wat Ek in Mitzrayim en in die woestyn gedoen het en My nou hierdie tien maal getoets het en nie gehoorsaam was aan My stem nie,

23 hulle sal die land nie sien, wat Ek aan hulle vaders, met ’n eed, beloof het nie en ook sal niemand wat My verwerp het, dit sien nie,

24 maar My dienskneg Kalev omdat hy ’n ander Gees in hom het en hy My ten volle gevolg het, hom sal Ek bring in die land waarin hy gegaan het en sy nageslag sal dit in besit neem.

25 Die `Amalekiete en die Kena’aniete woon nou in die valleie, draai môre weg en gaan die wildernis in, op pad na die see van Suf.”

26 יהוה het met Mosheh en Aharon gepraat en gesê:

27 "Hoe lank sal Ek hierdie bose vergadering verdra wat teen My kla? Ek het die murmureringe van die seuns van Yisra'el gehoor waarmee hulle teen My bly kla.
28 Sê vir hulle: 'Sowaar as Ek leef, sê יהוה, net soos julle voor My ore gepraat het, so sal Ek aan julle doen.
29 Die lyke van julle wat teen My gekla het, sal in hierdie wildernis val, almal van julle wat getel is, volgens julle volle getal, van twintig jaar oud en ouer.
30 Behalwe vir Kalev, die seun van Y'funneh en Y'hoshua, die seun van Nun, sal julle geensins in die land kom waaroor Ek My hand opgelig en met 'n eed beloof het om julle daarin te laat woon nie,
31 maar julle kinders waarvan julle gesê het: 'Hulle sal buit word,' dié sal Ek inbring en dié sal die land ken wat julle verwerp het,
32 maar júlle lyke sal in hierdie wildernis val.
33 Julle seuns sal herders wees in die wildernis, veertig jaar lank en ly vir julle ontrouheid totdat julle lyke in die wildernis lê.
34 Volgens die getal dae dat julle die land verken het, veertig dae, vir elke dag een jaar, moet julle jul skuld dra, veertig jaar lank en julle sal My onttrekking ken. Hand 13:18
35 Ek, יהוה, het gepraat, Ek sal dit waarlik doen aan hierdie hele bose vergadering wat teen My bymekaargekom het. Hulle sal in hierdie wildernis verteer word en daar sterf."
36 Die manne wat Mosheh gestuur het om die land te verken en wat ná hulle terugkoms die hele vergadering teen hom laat kla het deur 'n slegte verslag aangaande die land te versprei,
37 die manne wat 'n slegte verslag aangaande die land versprei het, het gesterf deur 'n plaag, voor יהוה,
38 maar van dié manne wat die land gaan verken het, het Y'hoshua, die seun van Nun en Kalev, die seun van Y'funneh, lewend gebly.
39 Mosheh het hierdie woorde aan al die seuns van Yisra'el gesê en die volk het baie getreur
40 en die oggend vroeg opgestaan en opgegaan na die top van die berg en gesê: "Hier is ons en ons sal opgaan na die plek wat יהוה belowe het, want ons het gesondig."
41 Mosheh het gesê: "Waarom oortree julle die opdrag van יהוה, want dit sal nie voorspoedig wees nie?
42 Moenie optrek nie sodat julle nie voor julle vyande verslaan word nie, want יהוה is nie tussen julle nie,
43 want die `Amalekiete en die Kena'aniete is daar voor julle en julle sal deur die swaard val, want julle het van יהוה af weggedraai; יהוה is nie by julle nie!"
44 Nogtans het hulle in vermetelheid opgegaan na die top van die berg, maar die verbondsark van יהוה en Mosheh het nie uit die kamp uitgegaan nie.
45 Die `Amalekiete en die Kena'aniete wat in dié berge gebly het, het afgekom en hulle verslaan en hulle verstrooi tot by Hormah.

15 1 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
2 "Praat met die seuns van Yisra'el en sê vir hulle: 'As julle in die land kom waar julle moet bly, wat Ek vir julle gee

3 en julle ’n offer deur vuur tot יהוה wil bring, ’n brandoffer of ’n offerande om ’n belofte te vervul, of as ’n vrywillige offer of by julle vasgestelde tye, om vir יהוה ’n aangename geur te bring, van beeste of van kleinvee,
4 dan moet die een wat sy offer aan יהוה bring, ’n tiende van ’n efa fyn meel, gemeng met ’n kwart hin olie, as graanoffer bring
5 en ’n kwart hin wyn as ’n drankoffer. Dit moet vir elke lam by die brandoffer of vir die offer voorberei word.
6 Of, vir ’n ram moet jy twee-tiendes van ’n efa fyn meel, met ’n derde van ’n hin olie gemeng, as graanoffer voorberei
7 en ’n derde van ’n hin wyn moet jy as aangename geur tot יהוה bring vir die drankoffer.
8 As jy ’n bul as brandoffer bring of ’n offer voorberei om ’n spesiale belofte te vervul, of as vredesoffer tot יהוה,
9 moet jy by die bul drie-tiendes van ’n efa fyn meel met ’n half hin olie gemeng, as graanoffer bring.
10 Vir die drankoffer moet jy ’n half hin wyn bring, as ’n offer, deur vuur, met ’n aangename geur tot יהוה.
11 So moet gedoen word vir elke bees of ram of by ’n lam van die skape of die bokke.
12 Volgens die aantal wat julle voorberei, so moet julle doen by elkeen volgens die hoeveelheid.
13 Elke kind van die land moet hierdie dinge op hierdie manier doen, om ’n offer, deur vuur, met ’n aangename geur, aan יהוה te bring.
14 As ’n besoeker, in die geslagte wat kom, by julle bly, of hy wat onder julle is en ’n offer, deur vuur, met ’n aangename geur vir יהוה voorberei, moet hy net soos julle doen, so moet hy doen.
15 Een en dieselfde instelling geld vir julle in die vergadering en vir die besoeker wat by julle bly. Dit is ’n ewige instelling regdeur julle geslagte: soos dit vir julle is, so moet dit vir die besoeker voor יהוה wees.
16 Daar moet een wet en een beslissing geld vir julle en vir die besoeker wat by julle bly.’” Yes 56:7; Hand 15:18-21; Rom 9:7,8; Rom 11; Efe 2:13-18
17 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
18 “Praat met die seuns van Yisra’el en sê vir hulle: ‘Wanneer julle in die land kom waarheen Ek julle bring,
19 dan sal dit wees, wanneer julle die brood van die land eet, julle ’n opligoffer aan יהוה sal offer.
20 Julle moet ’n koek van die eerste deeg as ’n opligoffer bring; soos ’n opligoffer van die dorsvloer, so moet julle dit offer.
21 Van die eerste van julle deeg moet julle ’n opligoffer aan יהוה offer, regdeur al julle geslagte.
22 As julle onbepland oortree en nie al hierdie opdragte doen wat יהוה vir Mosheh gesê het nie,
23 alles wat יהוה julle deur Mosheh beveel het van die dag af dat יהוה opdrag gegee het en verder aan in julle geslagte,

24 dan moet dit wees, as dit onbewus gedoen is, sonder die wete van die vergadering, dat die hele vergadering een bul, as 'n brandoffer, 'n aangename geur tot יהוה, offer saam met die graanoffer en die drankoffer wat volgens voorskrif daarby hoort en een bokram as sondoffer.
25 So sal die priester toedekking doen vir die hele vergadering van die seuns van Yisra'el en dit sal hulle vergewe word, want dit was 'n fout en húlle het hul offer en hul sondoffer as 'n offer, deur vuur, tot יהוה geoffer, vir hulle onbeplande sonde.
26 Dit sal vir die hele vergadering van die seuns van Yisra'el, asook die besoeker wat tussen hulle bly, vergewe word, want al die mense het dit onbepland gedoen.
27 As 'n persoon onbepland sondig, moet dié 'n bokooi in haar eerste jaar as sondoffer bring.
28 So moet die priester dan toedekking doen vir die persoon wat onbepland sondig, wanneer hy onbepland sondig voor יהוה, om vir hom toedekking te doen en dit sal hom vergewe word.
29 Jy sal een wet hê vir die een wat onbepland sondig, vir die kind van die land onder die seuns van Yisra'el en die besoeker wat tussen hulle bly,
30 maar die persoon wat iets wetend doen, van die kinders van die land of van die besoeker, hy bespot יהוה en dié persoon moet afgesny word uit sy volk uit,
31 want hy het die woord van יהוה verwerp en Sy opdrag verbreek. Dié persoon moet volkome afgesny word; sy skuld sal op hom wees.'"
32 Terwyl die seuns van Yisra'el in die wildernis was, het hulle 'n man gekry wat op die Shabbatdag hout bymekaarmaak.
33 Die wat hom gekry het terwyl hy hout bymekaarmaak, het hom na Mosheh, Aharon en na die hele vergadering gebring.
34 Hulle het hom onder bewaking geplaas, want dit was nie verklaar wat met hom gedoen moes word nie.
35 יהוה sê vir Mosheh: "Die man moet tot die dood tereggestel word; die hele vergadering moet hom buitekant die kamp met klippe stenig;"
36 daarom, soos יהוה Mosheh beveel het, het die hele vergadering hom buitekant die kamp uitgebring en hom met klippe gestenig tot hy dood is.
37 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
38 "Praat met die seuns van Yisra'el en sê vir hulle, hulle moet vir hulle tossels maak aan die some van hul bo-klere, deur al hulle geslagte heen en hulle moet aan die tossel van elke soom 'n tou van persblou stof vasbind. Deut 22:12; Mat 9:20; 23:5
39 Die tossels sal wees sodat julle daarna kan kyk en al die opdragte van יהוה onthou en dit doen en nie agter dit aangaan waarna julle hart en jul oë aan hoereer nie
40 sodat julle kan onthou om al My opdragte te doen en vir julle God afgesonder te wees.
41 Ek is יהוה, julle God, wat julle uit Mitzrayim uitgebring het om vir julle 'n God te wees. Ek is יהוה, julle God."

16 1 Korag, die seun van Yitz'har, die seun van K'hat, die seun van Levi, saam met Datan en Aviram, seuns van Eli'av, met On, die seun van Pelet, seuns van Re'uven, het aksie geneem

2 en hulle het opgestaan voor Mosheh, saam met sommige van die seuns van Yisra'el, twee honderd en vyftig leiers van die vergadering, verteenwoordigers, manne van naam.
3 Hulle het bymekaargekom teen Mosheh en Aharon en vir hulle gesê: "Julle het ver genoeg gegaan, want die hele vergadering is afgesonderd, elke een van hulle en יהוה is tussen hulle! Waarom verhoog julle julself bo die vergadering van יהוה?"
4 Toe Mosheh dit hoor, het hy op sy gesig neergeval
5 en hy het met Korag en sy hele groep gepraat en gesê: "Môre-oggend sal יהוה wys wie Syne is [2 Tim 2:19] en wie afgesonder is en Hy sal hom laat naderkom na Hom. Die een wat Hy kies, sal Hy laat naderkom na Hom toe.
6 Doen dit: neem vir julle vuurpanne, Korag en julle hele groep,
7 gooi vuur in hulle en lê reukwerk daarop voor die Teenwoordigheid van יהוה; dan sal dit wees dat die een wat יהוה kies, die afgesonderde sal wees. Julle het ver genoeg gegaan, julle seuns van Levi!"
8 Mosheh het vir Korag gesê: "Luister nou, julle seuns van Levi!
9 Is dit nie genoeg vir julle dat die God van Yisra'el julle afgesonder het uit die vergadering van Yisra'el om julle nader na Hom te laat kom, om die werk van יהוה se tabernakel te doen en voor die vergadering te staan om hulle te dien nie
10 en dat Hy jou nader aan Homself laat kom het, jy en al jou broers, die seuns van Levi, saam met jou nie? Begeer jy nou ook die priestersamp?
11 Om hierdie rede is jy en jou hele groep saam teen יהוה vergader; wat is Aharon dat julle teen hom kla?"
12 Mosheh het gestuur om Datan en Aviram, die seuns van Eli'av, te laat roep, maar hulle het gesê: "Ons sal nie opkom nie.
13 Is dit nie genoeg dat jy ons uit 'n land wat vloei met melk en heuning laat opkom het om ons in die wildernis te laat doodgaan nie, maar jy wil ook baas speel oor ons?
14 Meer nog, jy het ons nie gebring in 'n land wat vloei met melk en heuning en vir ons geen lande en wingerde as erfdeel gegee nie. Wil jy die oë van hierdie manne uitgrou? Ons sal nie opkom nie."
15 Mosheh was baie kwaad en het vir יהוה gesê: "Respekteer nie hulle offer nie. Ek het nie een donkie van hulle gevat en nie enige een van hulle skade aangedoen nie."
16 Mosheh het vir Korag gesê: "Jy en jou hele groep, sorg dat julle môre voor die Teenwoordigheid van יהוה is, jy en hulle en Aharon
17 en neem julle elkeen sy vuurpan en gooi daar reukwerk op en elkeen bring sy vuurpan voor die Teenwoordigheid van יהוה, twee honderd en vyftig vuurpanne; ook jy en Aharon, elkeen met sy vuurpan."
18 Elke man het sy vuurpan gevat, vuur daarin gegooi, reukwerk daarop gelê en hulle het gaan staan by die ingang van die Tent van Ontmoeting, asook Mosheh en Aharon.
19 Korag het die hele vergadering teen hulle laat vergader by die ingang van die Tent van Ontmoeting. Die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה het aan die hele vergadering verskyn.

20 יהוה het met Mosheh en Aharon gepraat en gesê:
21 “Sonder julle af vanuit hierdie vergadering en Ek sal hulle in ’n oomblik verteer.”
22 Hulle het op hul gesigte geval en gesê: “O Magtige God, God van die geeste van alle vlees! Sal een man sondig en U vir die hele vergadering kwaad word?”
23 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
24 “Praat met die vergadering en sê: ‘Kom weg rondom die tente van Korag, Datan en Aviram!’” Num 26:9-11
25 Mosheh het opgestaan en na Datan en Aviram gegaan en die oudstes van Yisra’el het hom gevolg.
26 Hy het met die vergadering gepraat en gesê: “Gaan nou weg van die tente van hierdie bose oortreders en raak nie aan iets wat aan hulle behoort nie, anders sal julle in al hulle sondes weggesleep word.” 2 Tim 2:19
27 Hulle het weggegaan rondom die tente van Korag, Datan en Aviram, maar Datan en Aviram het uitgekom en by die deur van hulle tente gaan staan saam met hulle vroue, seuns en klein kinders.
28 Mosheh het gesê: “Hieraan sal julle weet dat יהוה my gestuur het om al hierdie werke te doen, want ek het hulle nie uit my eie gedoen nie:
29 as hierdie mense sterf soos alle mense of met die besoeking van alle mense besoek word, dan het יהוה my nie gestuur nie,
30 maar as יהוה iets nuuts skep en die grond sy mond oopmaak en hulle insluk met alles wat aan hulle behoort en hulle lewendig na Sh’ol afgaan, dan sal julle verstaan dat hierdie manne יהוה verwerp het.”
31 Dit het gebeur dat toe hy al hierdie woorde klaar gepraat het, die grond wat onder hulle was oopskeur
32 en die aarde het sy mond oopgemaak en hulle ingesluk saam met hul huisgesinne en al die mense wat saam met Korag was en al hulle besittings.
33 So het hulle saam met almal wat by hulle was, lewend na Sh’ol afgegaan, die aarde het bo hulle toegemaak en hulle is vernietig vanuit die vergadering uit.
34 Die hele Yisra’el wat rondom hulle was, het by die hoor van die klank gevlug, want hulle het gesê: “Die aarde mag ons ook insluk!”
35 ’n Vuur het van יהוה af uitgegaan en die twee honderd en vyftig man verteer wat die reukwerk geoffer het.
36 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
37 “Sê vir El’azar, die seun van Aharon, die priester, dat hy die vuurpanne uit die brand moet optel, want hulle is afgesonder en die vuur ver weg moet gooi.
38 Die vuurpanne van dié wat gesondig het ten koste van hulle eie lewe, laat daarvan dun plate gemaak word as ’n bedekking vir die altaar, want hulle het dié voor die Teenwoordigheid van יהוה aangebied; daarom is hulle afgesonder en hulle sal vir die seuns van Yisra’el ’n teken wees.”
39 El’azar, die priester, het die koper vuurpanne gevat wat die mense wat verbrand is, aangebied het en hulle is uitgeslaan as ’n bedekking vir die altaar,

40 as 'n herinnering vir die seuns van Yisra'el dat geen vreemde persoon, wat nie uit die nageslag van Aharon is nie, nader sal kom om reukwerk voor die Teenwoordigheid van יהוה te offer nie sodat hy nie word soos Korag en sy groep nie, soos יהוה deur die hand van Mosheh gesê het.

41 Die volgende dag het die hele vergadering van die seuns van Yisra'el teen Mosheh en Aharon gekla en gesê: "Julle het die dood van die volk van יהוה veroorsaak."

42 Dit het gebeur dat terwyl die vergadering teen Mosheh en Aharon bymekaarkom, hulle hul na die Tent van Ontmoeting gedraai het en let op, die wolk het dit bedek en die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה het verskyn.

43 Mosheh en Aharon het voor die Tent van Ontmoeting gekom.

44 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:

45 "Kom weg vanuit hierdie vergadering sodat Ek hulle in 'n oomblik kan verteer." Hulle val toe op hulle gesigte neer.

46 Mosheh sê vir Aharon: "Vat 'n vuurpan en gooi vuur van die altaar daarop en sit reukwerk daarop en vat dit gou na die vergadering toe en doen toedekking vir hulle, want woede het vanuit יהוה uitgegaan, die plaag het begin!"

47 Aharon vat dit soos Mosheh gesê het en hardloop tussen die vergadering in en let op, die plaag het reeds onder die volk begin! Hy het die reukwerk opgesit en toedekking gedoen vir die volk.

48 Hy het gestaan tussen die dooies en die lewendes en die plaag is teruggehou.

49 Die wat in die plaag gesterf het, was veertien duisend sewe honderd, buiten die wat as gevolg van Korag gesterf het.

50 Aharon het teruggegaan na Mosheh toe by die ingang van die Tent van Ontmoeting, want die plaag is teruggehou.

17 1 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:

2 "Praat met die seuns van Yisra'el en vat van hulle, vir elke vader se huis, 'n staf; van elke leier, volgens hulle vader se huis, twaalf stawwe. Skryf elke man se naam (karakter en outoriteit) op sy staf.

3 Aharon se naam (karakter en outoriteit) moet jy skryf op die staf van Levi, want daar moet een staf wees vir elke hoof van die vader se huis.

4 Jy moet hulle in die Tent van Ontmoeting, voor die Getuienis waar Ek met julle ontmoet, neersit.

5 Die staf van die man wat Ek kies, sal bloeisels dra en so sal Ek die murmureringe van die seuns van Yisra'el, wat hulle teen julle kla, stilmaak."

6 Mosheh het met die seuns van Yisra'el gepraat en elkeen van hulle leiers het vir hom 'n staf gegee, vir elke leier 'n staf, volgens hulle vaders se huise, twaalf stawwe en Aharon se staf was tussen hulle stawwe.

7 Mosheh het die stawwe voor die Teenwoordigheid van יהוה in die Tent van die Getuienis neergesit.

8 Dit het die volgende dag, toe Mosheh in die Tent van die Getuienis ingaan, gebeur, let op, dat die staf van Aharon, vir die huis van Levi, gebloei, botsels laat uitspruit, bloeisels gevorm en ryp amandels voortgebring het!

9 Mosheh het al die stawwe wat voor die Teenwoordigheid van יהוה was, na al die seuns van Yisra'el uitgebring en hulle het gekyk en elkeen sy staf gevat.
10 יהוה het vir Mosheh gesê: "Bring die staf van Aharon terug voor die Getuienis om dit te bewaar as teken vir die rebelle dat jy hulle murmureringe teen My kan beëindig dat hulle nie sterf nie."
11 Mosheh het dit gedoen; soos יהוה hom beveel het, so het hy gedoen.
12 Die seuns van Yisra'el het met Mosheh gepraat en gesê: "Let op, ons vergaan, ons is besig om te sterf, ons is almal besig om te sterf!
13 Wie ook al naby die tabernakel van יהוה kom, moet sterf. Moet ons volkome vernietig word?"

18 1 יהוה het vir Aharon gesê: "Jy, jou seuns en die huis van jou vader saam met jou moet die skuld aangaande die Afgesonderde plek dra en jy en jou seuns saam met jou moet die skuld aangaande julle priesterskap dra.
2 Bring ook jou broers, die stam van Levi, die stam van jou vader, saam met jou dat hulle by jou kan aansluit en jou bedien terwyl jy en jou seuns saam met jou voor die Tent van die Getuienis is.
3 Hulle sal verantwoordelik wees vir jou en die hele tent, maar hulle mag nie naby die voorwerpe van die Afgesonderde Plek en naby die altaar kom dat hulle nie sterf, hulle sowel as julle, nie.
4 Hulle moet by jou aansluit en die diens van die Tent van Ontmoeting waarneem: al die dienswerk van die tent, maar 'n vreemdeling mag nie naby julle kom nie.
5 Julle sal verantwoordelik wees vir die Afgesonderde plek en oor die diens van die altaar sodat daar verder geen woede meer oor die seuns van Yisra'el kom nie.
6 Ek, let op, Ekself het julle broers, die Leviete, onder die seuns van Yisra'el uitgevat as 'n geskenk vir julle, toegewy aan יהוה, om die dienswerk van die Tent van Ontmoeting te doen;
7 daarom moet jy en jou seuns saam met jou, julle priesterskap waarneem met betrekking tot al die sake van die altaar en van wat binnekant die verdelingsgordyn is en julle moet dienswerk doen. Ek gee vir jou die priesterskap as 'n geskenk van diens, maar die vreemdeling wat nabykom, moet gedood word."
8 יהוה het met Aharon gepraat: "Ek, let op, Ekself het jou die verantwoordelikheid gegee vir My offers, al die afgesonderde geskenke van die seuns van Yisra'el; Ek het dit vir jou en jou seuns gegee as ewige instelling, as 'n toegewysde deel.
9 Dit sal joune wees, vanaf die mees afgesonderde gawes, gereserveerd vanaf die vuur: al hulle offers; elke graanoffer, elke sondoffer en elke oortredingsoffer wat hulle aan My sal bring, sal mees afgesonderd wees vir jou en jou seuns.
10 In 'n mees afgesonderde plek moet jy dit eet; almal wat manlik is, mag dit eet; afgesonder moet dit vir jou wees.
11 Hierdie is ook joune: die offers van hulle geskenke, al die waaioffers van die seuns van Yisra'el; Ek gee dit vir jou en jou seuns en jou dogters saam met jou, as 'n ewige instelling. Elkeen wat rein is in jou huis, mag dit eet.
12 Al die beste van die olie, al die beste van die nuwe wyn en die graan, die eerste vrugte wat hulle aan יהוה gee, dit gee Ek aan jou.

13 Die eerste ryp vrugte van alles wat in hulle land is, wat hulle vir יהוה bring, moet joune wees. Elkeen wat rein is in jou huis, mag dit eet.
14 Elke toegewyde ding in Yisra’el, sal joune wees.
15 Elke ding wat die baarmoeder open van enige vlees, mens of dier, wat hulle vir יהוה bring, moet joune wees, maar die eersgeborenes van mense moet jy loskoop om te bevry, asook die eersgeborenes van onrein diere moet jy loskoop.
16 Die losgekoopte goed moet jy vanaf ’n maand oud loskoop, volgens jou waardasie, vir vyf sikkels volgens die sikkel van die Afgesonderde plek, wat twintig gerah is,
17 maar die eersgeborene van ’n bees of die eersgeborene van ’n skaap of die eersgeborene van ’n bok moet jy nie loskoop nie; hulle is afgesonder. Hulle bloed moet jy sprinkel teen die altaar en hulle vet brand en in rook laat opgaan as ’n offer deur vuur, as ’n aangename geur tot יהוה.
18 Hulle vleis moet, soos die waaioffer se bors en die regterboud, joune wees. Dit moet joune wees.
19 Al die offerandes, van die afgesonderde geskenke wat die seuns van Yisra’el aan יהוה offer, wat opgelig word, gee Ek aan jou en jou seuns en jou dogters saam met jou as ’n ewige instelling. Dit is ’n ewige verbond van sout, voor die Teenwoordigheid van יהוה, met jou en jou nageslag saam met jou.” [Lev 2:13; Mar 9:49,50; Kol 4:6]
20 יהוה het vir Aharon gesê: “Jy sal geen erfporsie in hulle land hê nie en jy sal geen deel onder hulle hê nie. Ek is jou deel en jou erfporsie onder die seuns van Yisra’el.
21 Let op, Ek gee aan die seuns van Levi al die tiendes in Yisra’el as erfporsie vir hulle dienswerk wat hulle doen, die dienswerk van die Tent van Ontmoeting. [1 Sh’m 2:28,29]
22 Die seuns van Yisra’el moet ook nie weer naderkom na die Tent van Ontmoeting nie sodat hulle nie sonde op hulle laai en sterf nie,
23 maar die Leviete moet die dienswerk by die Tent van Ontmoeting doen en húlle moet hul boosheid dra. Dit is ’n ewige instelling deur julle geslagte, dat hulle geen erfporsie onder die seuns van Yisra’el het nie,
24 want die tiendes van die seuns van Yisra’el, wat hulle tot יהוה as offer oplig, gee Ek vir die Leviete as erfporsie; daarom het Ek vir hulle gesê: ‘Hulle sal onder die seuns van Yisra’el geen erfporsie hê nie’.”
25 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
26 “Jy moet met die Leviete praat en vir hulle sê: ‘As julle van die seuns van Yisra’el die tiendes vat wat Ek vir julle van hulle af as jul erfporsie gegee het, moet julle daarvan ’n offer tot יהוה oplig, ’n tiende van die tiende.
27 Julle offer wat julle oplig sal vir julle gereken word asof dit die graan van die dorsvloer af is en soos die volle opbrengs van die parskuip.
28 Só moet julle ook ’n offer oplig tot יהוה van al julle tiendes wat julle van die seuns van Yisra’el ontvang en julle moet daarvan die offer wat julle oplig tot יהוה aan Aharon, die priester, gee. [Neg 10:38,39]
29 Van al jul geskenke moet julle die hele opligoffer tot יהוה bring, van al die beste daarvan, die afgesonderde deel daarvan.’

30 Jy moet daarom vir hulle sê: ‘Wanneer julle die beste daarvan opgelig het, sal die res vir die Leviete gereken word as die opbrengs van die dorsvloer en as die opbrengs van die parskuip.
31 Julle mag dit op enige plek eet, julle en jul huise, want dit is julle beloning vir jul dienswerk by die Tent van Ontmoeting.
32 Julle sal geen sonde dra as gevolg daarvan, as julle die beste deel daarvan geoffer het nie en julle mag nie die afgesonderde geskenke van die seuns van Yisra’el onteer nie sodat julle nie sterf nie.’” Num 18:21; 1 Sh’m 2:13-17,28,29

19 1 יהוה het met Mosheh en Aharon gepraat en gesê:
2 “Hierdie is die instelling van die wet wat יהוה beveel het deur te sê: ‘Praat met die seuns van Yisra’el dat hulle vir jou ’n vlekkelose rooi verskalf bring wat geen gebrek het nie en waarop geen juk gekom het nie.
3 Julle moet haar vir El’azar, die priester, gee en hy moet haar buitekant die kamp uitlei en dit moet voor hom geslag word.
4 El’azar, die priester, moet dan van haar bloed met sy vinger vat en van haar bloed sewe maal in die rigting van die voorkant van die Tent van Ontmoeting sprinkel.
5 Dan moet die verskalf voor sy oë verbrand word; haar vel, haar vleis, haar bloed en haar mis moet verbrand word.
6 Die priester moet sederhout, hisop en skarlaken materiaal vat en dit binne-in die brandende verskalf gooi.
7 Dan moet die priester sy klere was en sy liggaam in water was en daarna mag hy in die kamp inkom. Die priester sal tot die aand toe onrein wees.
8 Ook die een wat haar verbrand het, moet sy klere in water was en sy liggaam in water was en hy sal tot die aand toe onrein wees.
9 ’n Man wat rein is moet die as van die verskalf bymekaarmaak en dit buitekant die kamp op ’n rein plek sit; dit moet vir die vergadering van die seuns van Yisra’el bewaar word vir die water wat onreinheid verwyder: dit is ’n reiniging vir hulle sonde.
10 Die een wat die as van die verskalf bymekaarmaak, moet sy klere was en sal tot die aand toe onrein wees. Dit moet vir die seuns van Yisra’el en vir die besoeker wat tussen hulle bly, ’n ewige instelling wees.
11 Die een wat ’n dooie mens aanraak, sal sewe dae lank onrein wees.
12 Hy moet homself daarvan reinig op die derde dag en op die sewende dag; dan sal hy rein wees, maar as hy hom nie op die derde dag en op die sewende dag reinig nie, sal hy nie rein wees nie.
13 Elkeen wat aan ’n dooie liggaam raak, aan ’n mens wat gesterf het en homself nie reinig nie, het die tabernakel van יהוה onrein gemaak 1 Kor 3:16,17; 6:19 en dié persoon moet uit Yisra’el uitgesny word. Hy sal onrein wees omdat die water vir onreinheid nie op hom gesprinkel is nie, sy onreinheid is nog op hom.
14 Hierdie is die wet as iemand in ’n tent sterf: almal wat in die tent kom en almal wat in die tent is, sal sewe dae lank onrein wees
15 en al die oop houers wat nie met ’n deksel toegebind is nie, is onrein.

16 Wie ook al in die oop veld aan iemand raak wat deur die swaard deurboor is, of wat gesterf het, of aan die been van 'n mens, of aan 'n graf, sal sewe dae lank onrein wees.

17 Vir die onreine moet hulle van die as van die verskalf wat verbrand is vat en saam met lopende water in 'n houer gooi.

18 'n Rein man moet hisop vat, dit in die water doop, op die tent sprinkel, op al die goedere en op die persone wat daar was, asook op hom wat aan 'n been, of aan een wat neergeslaan is, of aan 'n dooie, of aan 'n graf geraak het.

19 Die rein persoon moet die onreine op die derde en op die sewende dag besprinkel en op die sewende dag moet hy homself rein maak, sy klere was en homself in water was en in die aand sal hy rein wees,

20 maar die persoon wat onrein is en homself nie reinig nie, dié persoon moet uitgesny word uit die vergadering, want hy het die Afgesonderde plek van יהוה onrein gemaak. Die water vir onreinheid is nie op hom gesprinkel nie, hy is onrein.

21 Dit sal 'n ewige instelling vir hulle wees. Die een wat die water vir onreinheid sprinkel, moet sy klere was en die een wat aan die water vir onreinheid raak, sal tot die aand toe onrein wees.

22 Waaraan die onreine ook al raak, sal onrein wees en die persoon wat daaraan raak, sal tot die aand toe onrein wees.

20 1 Die seuns van Yisra'el, die hele vergadering, het in die wildernis van Tzin gekom, in die eerste maand en die volk het in Kadesh gebly. Miryam het daar gesterf en is daar begrawe.

2 Daar was geen water vir die vergadering nie, hulle het dus teen Mosheh en Aharon bymekaargekom.

3 Die volk het met Mosheh geargumenteer en hulle het gepraat en gesê: "As ons tog maar gesterf het toe ons broers voor die Teenwoordigheid van יהוה gesterf het!

4 Hoekom het julle die vergadering van יהוה in hierdie wildernis ingebring sodat ons en ons vee hier sou sterf?

5 Waarom het julle ons uit Mitzrayim laat optrek om ons in hierdie veragtelike plek te bring? Dit is geen plek om te saai nie, ook nie van vye of van wingerdstokke of van granate nie; ook is daar geen water om te drink nie."

6 Mosheh en Aharon het van die vergadering af weggegaan na die ingang van die Tent van Ontmoeting en hulle het op hul gesigte geval en die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה het aan hulle verskyn.

7 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:

8 "Vat die staf en laat die vergadering bymekaarkom, jy en jou broer Aharon. Praat met die rots voor hulle oë sodat dit water kan voortbring. So moet jy vir hulle water uit die rots laat kom en die vergadering en hulle vee laat drink."

9 Mosheh het die staf van voor die aangesig van יהוה gevat soos Hy hom beveel het.

10 Mosheh en Aharon het die vergadering voor die rots laat bymekaarkom en hy het vir hulle gesê: "Luister nou, julle rebelle! Moet ons vir julle water uit hierdie rots laat kom?"

11 Mosheh het sy hand opgetel en die rots twee maal met sy staf geslaan, water het in oorvloed uitgekom en die vergadering en hulle vee het gedrink.
12 יהוה sê vir Mosheh en Aharon: “Omdat julle My nie vertrou het om My as Afgesonderd voor die oë van die seuns van Yisra’el te behandel nie; daarom sal julle hierdie vergadering nie in die land inbring wat Ek aan hulle gegee het nie.”
13 Hierdie was die waters van M’rivah, waar die seuns van Yisra’el met יהוה gestry het en Hy Hom tussen hulle as Afgesonderd bewys het.
14 Mosheh het boodskappers uit Kadesh na die koning van Edom gestuur: “So sê jou broer Yisra’el: Jy weet van al die moeilikheid wat ons oorgekom het,
15 dat ons vaders na Mitzrayim afgegaan het en ons baie dae in Mitzrayim gebly het en die Mitzrayimiete het ons en ons vaders sleg behandel
16 en toe ons uitgeroep het na יהוה, het Hy ons stem gehoor. Hy het ’n boodskapper gestuur en ons uit Mitzrayim uitgelei. Let op, ons is nou in Kadesh, ’n stad op die grens van jou grondgebied.
17 Laat ons asseblief deur jou land trek. Ons sal nie deur lande of wingerde trek nie en die water uit die putte nie drink nie. Ons sal op ‘Die Koning se Hoofweg’ hou, ons sal nie regs of links uitdraai nie totdat ons deur jou grondgebied getrek het.”
18 Edom antwoord hom egter: “Jy sal nie deur my land trek nie, anders sal ek teen jou uitkom met die swaard.”
19 Weer sê die seuns van Yisra’el vir hom: “Ons sal met die hoofpad gaan en as ek en my vee van jou water drink, dan sal ek daarvoor betaal. Laat my net te voet deurtrek, niks meer nie.”
20 Hy antwoord: “Jy sal nie deurgaan nie.” Edom het uitgekom teen hom met baie mense en met ’n sterk hand.
21 So het Edom geweier om Yisra’el toe te laat om deur sy grondgebied te gaan; dus het Yisra’el van hom af weggedraai. [Yeg 25:12-14; 35:1-15; Mal 1:2-4]
22 Die seuns van Yisra’el, die hele vergadering, het van Kadesh af weggegaan en by die berg Hor gekom.
23 יהוה het met Mosheh en Aharon by die berg Hor, op die grens van die land van Edom, gepraat en gesê:
24 “Aharon sal by sy mense versamel word, want hy mag nie ingaan in die land wat Ek aan die seuns van Yisra’el gegee het nie omdat julle teen My opdrag gerebelleer het by die waters van M’rivah.
25 Vat vir Aharon en sy seun El’azar en bring hulle op na die berg Hor;
26 trek Aharon se klere uit en trek dit vir sy seun El’azar aan en Aharon sal daar by sy mense versamel word en sterf.”
27 Mosheh het gedoen soos יהוה beveel het: hulle het op die berg Hor opgegaan voor die oë van die hele vergadering.
28 Mosheh het Aharon se klere uitgetrek en dit vir sy seun El’azar aangetrek. Aharon het daar gesterf op die top van die berg en Mosheh en El’azar het van die berg af afgekom.
29 Toe die hele vergadering sien dat Aharon gesterf het, het die hele huis van Yisra’el dertig dae lank oor Aharon getreur.

21 1 Toe koning `Arad, die Kena’aniet, wat in die Negev gebly het, hoor dat Yisra’el met die pad van Atarim af kom, het hy teen Yisra’el geveg en sommige van hulle gevange geneem.
2 Yisra’el het ’n eed tot יהוה gesweer en gesê: “As U sal gee om hierdie volk heeltemal in my hand oor te gee, sal ek hulle stede geheel en al vernietig.”
3 יהוה het Yisra’el se stem gehoor en die Kena’aniete oorgegee. Hulle het hulle en hul stede totaal vernietig en die plek Hormah genoem.
4 Hulle het vanaf die berg Hor vertrek in die rigting van die see van Suf om verby die land Edom te trek en die volk het ongeduldig geword as gevolg van die reis.
5 Die volk het teen God en teen Mosheh gepraat: “Waarom het U ons uit Mitzrayim laat opkom om in die wildernis te sterf, want daar is geen brood en geen water nie en ons liggame walg van hierdie nuttelose kos.”
6 יהוה het giftige slange onder die volk gestuur wat die volk gebyt het en baie van die mense van Yisra’el het gesterf; [Yir 8:17]
7 daarom het die mense na Mosheh toe gekom en gesê: “Ons het gesondig, want ons het teen יהוה en teen u gepraat. Tree in voor יהוה dat Hy die slange van ons af wegvat.” Mosheh het vir die volk ingetree.
8 יהוה sê vir Mosheh: “Maak vir jou ’n giftige slang en sit dit op ’n paal; dan sal elkeen wat gebyt is en daarna kyk, lewe.”
9 Mosheh het ’n koper slang gemaak en dit op ’n paal gesit en so was dit dat as ’n slang iemand gebyt het en hy kyk na die koper slang, hy geleef het. [Yog 3:14]
10 Die seuns van Yisra’el het weggetrek en kamp opgeslaan in Ovot.
11 Hulle het weggetrek van Ovot af en kamp opgeslaan in Iyei-Ha’avarim, in die wildernis oorkant Mo’av, aan die oostekant.
12 Van daar het hulle weggetrek en kamp opgeslaan in die vallei van Zered.
13 Daarvandaan het hulle weggetrek en kamp opgeslaan oorkant die Arnon, in die wildernis wat strek van die grens van die Emoriete, want die Arnon is die grens van Mo’av, tussen Mo’av en die Emoriete;
14 daarom word dit gesê in die Boek van die Oorloë van יהוה: ‘Vahev by Sufah, die spruite van die Arnon
15 en die hang van die spruite wat na die streek van Ar afloop en leun teen die grens van Mo’av.’
16 Daarvandaan het hulle na Be’er getrek. Dit is die put waar יהוה vir Mosheh gesê het: “Maak die mense bymekaar dat Ek vir hulle water kan gee.”
17 Toe het Yisra’el hierdie lied gesing: “Spring op, O put! Sing almal daarvoor!
18 O put, wat die leiers gegrawe het, wat die leiers van die volk gegrawe het, met hulle outoriteit, met hulle stawwe!” Vanaf die wildernis het hulle na Mattanah gegaan
19 en van Mattanah na Nagali’el en van Nagali’el na Bamot
20 en van Bamot, in die vallei wat in die land van Mo’av lê, na die top van Pisgah, wat oor die wildernis uitkyk.
21 Yisra’el het boodskappers gestuur na Sigon, die koning van die Emoriete en gesê:

22 “Laat my deur jou land trek. Ons sal nie wegdraai in die lande of in die wingerde nie; ons sal nie die water van die putte drink nie; ons sal op ‘Die Koning se Hoofpad’ hou tot ons deur jou gebied getrek het.”
23 Sigon het Yisra’el egter nie toegelaat om deur sy gebied te trek nie. Sigon het al sy mense bymekaargemaak en uitgegaan teen Yisra’el in die wildernis en toe hy by Yahatz kom, het hy teen Yisra’el geveg.
24 Yisra’el het hom met die snykant van die swaard geslaan en sy land in besit geneem van die Arnon af tot by die Yabbok, so ver as die seuns van `Amon, want die grens van die seuns van `Amon was versterk.
25 Yisra’el het al hierdie stede oorgevat en Yisra’el het gebly in al die stede van die Emoriete; in Heshbon en in al haar dorpies,
26 want Heshbon was die stad van Sigon, die koning van die Emoriete, wat oorlog gevoer het teen die vorige koning van die Mo’aviete en al sy land uit sy hand gevat het tot by die Arnon.
27 Dié wat spreekwoorde gebruik sê daarom: “Kom na Heshbon, laat die stad van Sigon herstel word,
28 want ’n vuur het uitgegaan uit Heshbon, ’n vlam uit die stad van Sigon! Dit het `Ar van die Mo’aviete verteer, die meesters van die hoogtes van Arnon.
29 Wee jou, Mo’av! Jy is vernietig, volk van K’mosh! Hy het sy seuns as vlugtelinge gegee en sy dogters in gevangenskap aan Sigon, die koning van die Emoriete,
30 maar ons het na hulle geskiet; Heshbon is vernietig so ver as Divon en ons het verwoes tot by Nofag, wat reik tot by Meidva.”
31 So het Yisra’el in die land van die Emoriete gebly.
32 Mosheh het gestuur om Ya’zer te bespied en hulle het sy dorpies oorgevat en die Emoriete wat daar was, uitgedryf.
33 Hulle het gedraai en opgegaan in die rigting van Bashan en `Og, die koning van Bashan, het uitgetrek teen hulle, hy en al sy mense, om te veg by Edre’i.
34 יהוה het vir Mosheh gesê: “Moet hom nie vrees nie, want Ek het hom in jou hand gegee, met al sy mense en sy land en jy sal met hom doen soos jy gedoen het met Sigon, die koning van die Emoriete, wat in Heshbon gebly het.”
35 Hulle het hom verslaan, sy seuns en sy hele volk totdat daar niemand oorgebly het nie en hulle het sy land in besit geneem.

22 1 Die seuns van Yisra’el het weggetrek en kamp opgeslaan in die vlaktes van Mo’av, oorkant die Yarden, regoor Yerigo.
2 Nou Balak, die seun van Tzippor, het alles gesien wat Yisra’el aan die Emoriete gedoen het.
3 Mo’av was uitermate bang vir die volk, want hulle was baie en Mo’av was in angs vanweë die teenwoordigheid van die seuns van Yisra’el.
4 Mo’av sê vir die oudstes van Midyan: “Nou sal hierdie menigte alles oplek rondom ons, soos ’n bees die gras van die veld oplek.” Balak, die seun van Tzippor, was dié tyd koning van Mo’av.

5 Hy het boodskappers gestuur na Bil’am, die seun van B’or, in P’tor wat naby die Rivier (Eufraat) is, in die land van die seuns van sy volk, om hom te roep en te sê: “Let op, daar het ’n volk uit Mitzrayim gekom. Let op, hulle het die oppervlakte van die land toegedek en leef oorkant my.
6 Asseblief, kom daarom, vervloek hierdie volk vir my, want hulle is te magtig vir my. Miskien sal ek oorwin en ’n slag slaan en hulle uit die land verdryf, want ek het opgelet dat die een wat jy seën, geseënd is en die een wat jy vervloek, vervloek is.”
7 Die oudstes van Mo’av en die oudstes van Midyan het vertrek met die waarsêersloon in hulle hand en by Bil’am gekom en vir hom die woorde van Balak gesê.
8 Hy antwoord hulle: “Bly vannag hier oor, dan sal ek vir julle woord bring soos יהוה met my mag praat.” Die heersers van Mo’av het by Bil’am gebly.
9 God het by Bil’am gekom en gesê: “Wie is hierdie manne by jou?”
10 Bil’am het God geantwoord: “Balak, die seun van Tzippor, die koning van Mo’av, het na my gestuur en gesê:
11 ‘Let op, daar het ’n volk uit Mitzrayim gekom en hulle het die oppervlak van die land toegedek. Kom nou, vervloek hulle vir my, miskien sal ek hulle kan oorwin in oorlog en hulle uitdryf.’ “
12 God sê vir Bil’am: “Jy mag nie saam met hulle gaan nie, jy mag die volk nie vloek nie, want hulle is geseënd.”
13 Bil’am staan die oggend op en sê vir die heersers van Balak: “Gaan terug na julle land, want יהוה het geweier om my saam met julle te laat gaan.”
14 Die vorste van Mo’av het opgestaan, by Balak gekom en gesê: “Bil’am het geweier om saam met ons te kom.”
15 Balak stuur weer leiers; meer in getal en meer eerbaar as die ander
16 en hulle het by Bil’am gekom en vir hom gesê: “So sê Balak, die seun van Tzippor: ‘Ek smeek jou, laat niks jou verhinder om na my toe te kom nie,
17 want ek sal jou met groot eer vereer en wat jy vir my sê, sal ek doen; daarom kom asseblief en vervloek hierdie volk vir my.’”
18 Bil’am antwoord en sê vir die diensknegte van Balak: “Al gee Balak vir my sy huis vol silwer en goud, ek kan niks doen, groot of klein, in teenstelling met die opdrag van יהוה, my God, nie.
19 Nou daarom, bly julle asseblief ook vannag hier sodat ek mag weet wat יהוה verder vir my sal sê.”
20 God het in die nag na Bil’am gekom en gesê: “As die mans dan gekom het om jou te roep, staan dan op, gaan saam met hulle, maar net die woord wat Ek vir jou sê, dit moet jy doen.”
21 Bil’am het die oggend opgestaan, sy donkie opgesaal en saam met die leiers van Mo’av gegaan.
22 God se woede het gebrand omdat hy gegaan het en die boodskapper van יהוה het Homself as teëstander in die pad geplaas. Hy het op sy donkie gery en sy twee diensknegte was saam met hom
23 en die donkie het die boodskapper van יהוה in die pad sien staan, met Sy swaard getrek in Sy hand en die donkie het uit die pad uitgedraai, die veld in. Bil’am het die donkie geslaan om haar na die pad toe terug te draai.

24 Die boodskapper van יהוה het in 'n smal pad van die wingerde gaan staan, met 'n muur aan dié kant en 'n muur aan die ander kant.

25 Toe die donkie die boodskapper van יהוה sien, druk sy haarself teen die muur en druk Bil'am se voet teen die muur sodat hy haar weer geslaan het.

26 Die boodskapper van יהוה het verder gegaan en gaan staan op 'n nou plek waar daar geen pad was om of regs of links uit te draai nie.

27 Toe die donkie die boodskapper van יהוה sien, gaan sy onder Bil'am lê en Bil'am se woede het gebrand en hy het die donkie met sy staf geslaan.

28 יהוה het die bek van die donkie oopgemaak en sy sê vir Bil'am: "Wat het ek aan jou gedoen dat jy my nou al drie maal geslaan het?"

29 Bil'am antwoord die donkie: "Omdat jy met my gekskeer. Ek wens daar was 'n swaard in my hand, dan het ek jou teen die tyd doodgemaak."

30 Die donkie sê vir Bil'am: "Is ek nie jou donkie waarop jy gery het vandat ek joune geword het tot vandag toe nie? Was dit ooit my gewoonte om so met jou te maak?" Hy antwoord: "Nee."

31 Toe maak יהוה Bil'am se oë oop en hy sien die boodskapper van יהוה in die pad staan met Sy uitgetrekte swaard in Sy hand en hy het neergebuig en op sy gesig op die grond geval.

32 Die boodskapper van יהוה vra vir hom: "Hoekom het jy jou donkie hierdie drie keer geslaan? Let op, Ek het as 'n teëstander teen jou uitgekom, want jou pad loop onaanvaarbaar voor My uit!

33 Die donkie het My gesien en hierdie drie keer voor My uitgedraai. As sy nie voor My uitgedraai het nie, sou Ek jou nou doodgemaak en haar laat lewe het."

34 Bil'am sê vir die boodskapper van יהוה: "Ek het gesondig, want ek het nie geweet dat U teenoor my in die pad gestaan het nie; daarom nou, as dit onaanvaarbaar in U oë is, sal ek teruggaan."

35 Die boodskapper van יהוה sê vir Bil'am: "Gaan saam met die manne, maar net die woord wat Ek vir jou sê, dit moet jy praat." Bil'am het saam met die leiers van Balak gegaan.

36 Toe Balak hoor dat Bil'am kom, het hy uitgegaan om hom te ontmoet by die stad van Mo'av, wat in die streek van die Arnon lê, by die grens van die streek.

37 Balak sê vir Bil'am: "Het ek nie dringend na jou gestuur om jou te laat roep nie? Waarom het jy nie na my toe gekom nie? Is ek werklik nie in staat om jou te vereer nie?"

38 Bil'am het Balak geantwoord: "Let op, ek het na jou toe gekom. Is ek in staat om iets te sê? Die woord wat God in my mond sit, dit sal ek sê."

39 Bil'am het toe saam met Balak gegaan en hulle het by Kiryat-Hutzot gekom.

40 Balak het beeste en kleinvee geoffer en daarvan aan Bil'am en aan die leiers wat by hom was, gestuur.

41 Dit was die volgende oggend dat Balak vir Bil'am gevat het en hom opgevat het na die hoë plekke van Ba'al en hy het van daar af 'n gedeelte van die volk gesien.

23 1 Bil'am sê vir Balak: "Bou vir my hier sewe altare en berei vir my hier sewe bulle en sewe ramme voor."
2 Balak het gedoen soos Bil'am gevra het en Balak en Bil'am het 'n bul en 'n ram op elke altaar geoffer.
3 Bil'am sê vir Balak: "Bly by jou brandoffer staan en ek sal weggaan; miskien sal יהוה my tegemoetkom en wat Hy my ook al wys, sal ek aan jou vertel." Hy het na 'n kaal heuwel gegaan.
4 God het Bil'am ontmoet en hy het vir Hom gesê: "Ek het die sewe altare voorberei en 'n bul en 'n ram op elke altaar geoffer."
5 יהוה het 'n woord in Bil'am se mond gelê en gesê: "Gaan terug na Balak en só moet jy sê."
6 Hy het na hom toe teruggegaan en let op, hy het daar by sy brandoffer gestaan, hy en al die leiers van Mo'av.
7 Hy het sy vertelling begin en gesê: "Balak, die koning van Mo'av het my uit Aram, uit die berge van die ooste laat haal en gesê: 'Kom, vervloek Ya'akov vir my en kom, verwens Yisra'el.'
8 Hoe sal ek vervloek wie Gód nie vloek nie? En hoe sal ek verwens vir wie יהוה nie verwens nie?
9 Want van die bokant van die rotse af sien ek hom en van die heuwels af let ek op hom. Let op, 'n volk wat afgesonderd woon en nie tussen die nasies gereken word nie.
10 Wie kan die stof van Ya'akov tel, of 'n kwart van Yisra'el bereken? Laat my die dood van die opregtes sterf en laat my einde soos dié van die opregte wees!"
11 Balak sê vir Bil'am: "Wat het jy my aangedoen? Ek het jou gevat om my vyande te vervloek en let op, jy het hulle in werklikheid geseën!"
12 Hy antwoord en sê: "Moet ek nie versigtig wees om alles te praat wat יהוה in my mond lê nie?"
13 Balak sê vir hom: "Kom asseblief saam met my na 'n ander plek vanwaar jy hulle kan sien; jy sal net die buitewyke van hulle sien en jy sal nie almal kan sien nie; vervloek hulle vir my van daar af."
14 Hy het hom gebring by die veld van Tzofim, op die top van Pisgah en sewe altare gebou en 'n bul en 'n ram op elke altaar geoffer.
15 Hy sê vir Balak: "Bly hier staan by jou brandoffer terwyl ek יהוה daar gaan ontmoet."
16 יהוה het Bil'am ontmoet en 'n woord in sy mond gelê en gesê: "Gaan terug na Balak en só moet jy praat."
17 Hy het by hom gekom en let op, hy het daar by sy brandoffer gestaan en die leiers van Mo'av by hom en Balak sê vir hom: "Wat het יהוה gesê?"
18 Hy het sy vertelling voortgesit en gesê: "Staan op Balak en hoor! Luister na my, seun van Tzippor!
19 Die Magtige God is nie 'n man dat Hy sou lieg nie, of 'n mensekind dat Hy jammer sal wees nie. Het Hy gesê en sal dit nie doen nie, of het Hy gepraat en sal dit nie waar maak nie?

20 Let op, ek het 'n opdrag ontvang om te seën. Wanneer Hy seën, kan ek dit nie omkeer nie.
21 Hy het nie boosheid opgemerk in Ya'akov nie en sien geen moeilikheid in Yisra'el nie. יהוה, sy God, is met hom en die gejuig tot die Koning is tussen hulle.
22 Die Magtige God bring hulle uit Mitzrayim, Hy is vir hulle soos die lang horings van 'n wilde bul (Aurogs),
23 want daar is geen binding teen Ya'akov of toordery teen Yisra'el nie. Dit sal nou van Ya'akov en van Yisra'el gesê word wat die Magtige God gedoen het.
24 Let op, die volk staan op soos 'n leeuwyfie en lig homself op soos 'n leeu. Hy sal nie gaan lê voordat hy die prooi verteer het en die bloed van die wat verslaan is, drink nie."
25 Balak sê vir Bil'am: "Moet hulle glad nie vervloek nie en moet hulle glad nie seën nie."
26 Bil'am antwoord en sê vir Balak: "Het ek nie vir jou gesê nie: 'Alles wat יהוה sê, dit moet ek doen?'"
27 Balak sê vir Bil'am: "Kom asseblief, ek sal jou na 'n ander plek toe vat; miskien sal dit reg wees in die oë van God dat jy hulle vir my daarvandaan vervloek."
28 Balak vat vir Bil'am na die top van P'or wat oor die wildernis afkyk
29 en Bil'am sê vir Balak: "Bou vir my hier sewe altare en berei vir my hier sewe bulle en sewe ramme voor."
30 Balak het gedoen soos Bil'am gesê het en 'n bul en 'n ram op elke altaar geoffer.

24 1 Toe Bil'am sien dat dit goed was in die oë van יהוה om Yisra'el te seën, het hy hom nie soos die vorige kere tot gesigte deur 'n visioen gewend nie, maar sy gesig na die wildernis gedraai
2 en Bil'am het sy oë opgeslaan en Yisra'el uitgekamp gesien, volgens hulle stamme en die Gees van God het op hom gekom.
3 Hy het sy vertelling voortgesit en gesê: "Die Godsopenbaring van Bil'am, die seun van B'or; die Godsopenbaring van die man wie se oë oopgemaak is;
4 die Godsopenbaring van hom wat die woorde van die Magtige God hoor, wat die visioen van die Almagtige sien, wat neerval met onbedekte oë:
5 Hoe goed is jou tente, O Ya'akov, jou blyplek, O Yisra'el!
6 Soos valleie wat uitgestrek is, soos tuine by 'n rivier, soos aalwyne geplant deur יהוה, soos seders langs die water;
7 water sal vloei uit sy emmers en sy saad sal by baie waters wees. Sy koning sal hoër wees as Agag en sy koninkryk opgelig!
8 Die Magtige God bring hom uit Mitzrayim uit, hy het lang horings soos 'n wilde bul (Aurogs); hy sal die nasies verteer wat teenoor hom staan en hulle bene breek en met sy pyle deurboor.
9 Hy het afgebuig, hy het gaan lê soos 'n leeu en soos 'n leeuin: wie sal hom opjaag? Geseënd is almal wat jou seën en vervloek is almal wat jou vervloek!"
10 Balak se woede het gebrand teen Bil'am en hy het sy hande saamgeslaan. Balak het vir Bil'am gesê: "Ek het jou laat roep om my vyande te vervloek en let op, jy het volgehou om hulle te seën; hierdie drie keer!

11 Vlug daarom nou na jou plek toe; ek het gedink om jou met groot eer te vereer, maar let op, יהוה het jou van verering af teruggehou."
12 Bil'am het vir Balak gesê: "Het ek nie ook met jou boodskappers wat jy na my gestuur het, gepraat en gesê:
13 'Al gee Balak my sy huis vol silwer en goud, ek kan nie uit my eie uit teen die opdrag van יהוה enige iets doen, goed of kwaad, nie, maar wat יהוה sê, dit sal ek sê?'
14 Nou, let op, ek gaan na my mense toe. Kom, ek sal jou inlig oor wat hierdie volk jou volk sal aandoen in die dae wat kom."
15 Hy het sy vertelling voortgesit en gesê: "Die Godsopenbarings van Bil'am, die seun van B'or en die Godsopenbaring van die man wie se oog oopgemaak is;
16 die Godsopenbaring van hom wat die boodskappe van die Magtige God hoor, wat die kennis van die Allerhoogste ken en die visioen van die Almagtige sien en wat neerval en tog met sy oë onbedek.
17 Ek sien Hom, maar nie nou nie, ek aanskou Hom, maar nie naby nie: 'n Ster sal kom uit Ya'akov, 'n Septer sal opstaan uit Yisra'el, deur die voorkop van Mo'av breek en al die seuns van Shet afbreek. [Yog 5:46]
18 Edom en Se'ir sal 'n besitting wees, asook sy vyande, maar Yisra'el sal dapper optree.
19 Vanuit Ya'akov sal Een wees wat heerskappy het en die wat oorbly uit die stad vernietig."
20 Toe het hy na `Amalek gekyk, sy vertelling voortgesit en gesê: "`Amalek was eerste onder die nasies, maar sy einde sal vernietiging wees." [Deut 25:17-19; 1 Sh'm 15:2-4]
21 Toe het hy na die Keiniete gekyk, sy vertelling voortgesit en gesê: "Jou blyplek staan vas en jou nes is vasgemaak op die rots,
22 nogtans sal die Keiniete verteer word. Hoe lank sal Ashur jou gevange hou?"
23 Hy het sy vertelling voortgesit en gesê: "O, wie kan lewe, behalwe as die Magtige God dit bepaal het?
24 Skepe sal egter kom van die kus van Kittim af en hulle sal Ashur en `Ever onderdruk en so sal hulle kom tot vernietiging."
25 Bil'am het opgestaan en weggegaan, terug na sy plek en Balak het ook op sy pad gegaan.

25 1 Terwyl Yisra'el in Sheetim gebly het, het die volk begin hoereer met die dogters van die Mo'aviete
2 en dié het die volk na die offers van hulle gode uitgenooi en die volk het geëet en neergebuig voor hulle gode.
3 Yisra'el was verenig met Ba'al-P'or en die woede van יהוה het teen Yisra'el gebrand [Ps 106:28]
4 יהוה sê vir Mosheh: "Neem al die leiers van die volk en stel hulle bloot in die helder daglig voor יהוה sodat die brandende woede van יהוה van Yisra'el af weggedraai kan word."
5 Mosheh het vir die regters van Yisra'el gesê: "Elkeen van julle maak sy manne dood wat verenig is met Ba'al-P'or."

6 Let op, een van die manne van Yisra'el het gekom en 'n vrou van Midyan tussen sy volksgenote ingebring, voor die oë van Mosheh en voor die oë van die hele vergadering van die seuns van Yisra'el terwyl hulle huil voor die ingang van die Tent van Ontmoeting.
7 Toe Pingas, die seun van El'azar, die seun van Aharon, die priester, dit sien, het hy uit die vergadering uit opgestaan en 'n spies in sy hand gevat,
8 agter die man van Yisra'el aan in die tent ingegaan en hulle altwee deurboor, die man van Yisra'el en die vrou, deur die liggaam. So is die plaag onder die seuns van Yisra'el gestop.
9 Die wat in die plaag gesterf het, was vier en twintig duisend (24,000).
10 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
11 "Pingas, die seun van El'azar, die seun van Aharon, die priester, het My wraak van die seuns van Yisra'el af weggedraai deurdat hy met My jaloesie onder hulle jaloers was sodat Ek nie die seuns van Yisra'el verteer het in My jaloesie nie;
12 daarom, sê: 'Let op, Ek gee vir hom My Verbond van vrede;
13 dit sal vir hom en sy nageslag ná hom die verbond wees van 'n ewige priesterskap omdat hy jaloers was vir sy God en toedekking vir die seuns van Yisra'el gedoen het." [Mal 2:5]
14 Die naam van die Yisra'elitiese man wat doodgemaak is, wat saam met die vrou van Midyan doodgemaak is, was Zimri, die seun van Salu, heerser van 'n vader se huis, van die stam van Shim'on.
15 Die naam van die vrou van Midyan wat doodgemaak is, was Kozbi, die dogter van Tzur. Hy was hoof van een van die stamme van 'n vader se huis in Midyan.
16 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
17 "Val die Midyaniete aan as vyand,
18 want hulle het julle as vyand behandel deur hulle planne wat hulle teen julle bedink het aangaande P'or en aangaande Kozbi, die dogter van die heerser van Midyan, hulle suster, wat op die dag van die plaag doodgemaak is as gevolg van P'or."

26 1 Dit het gebeur, ná die plaag, dat יהוה met Mosheh en met El'azar, die seun van Aharon, die priester, gepraat en gesê het:
2 "Tel die volle getal van die hele vergadering van die seuns van Yisra'el per kop, van twintig jaar oud en ouer, volgens hulle vaders se huise, almal wat in staat is om oorlog toe te gaan in Yisra'el."
3 Mosheh en El'azar, die priester, het met hulle gepraat in die vlaktes van Mo'av, by die Yarden, oorkant Yerigo en gesê:
4 "Tel van twintig jaar oud en ouer, soos יהוה vir Mosheh beveel het." Die seuns van Yisra'el wat uit Mitzrayim uitgetrek het, was:
5 Re'uven, die eersgeborene van Yisra'el. Die seuns van Re'uven was: van Hanokh, die familie van die Hanokhiete; van Pallu, die familie van die Pallu'iete;
6 van Hetzron, die familie van die Hetzroniete; van Karmi, die familie van die Karmiete.
7 Hierdie is die families van die Re'uveniete en die van hulle wat getel is, was drie en veertig duisend sewe honderd en dertig (43 730).

8 Die seuns van Pallu was: Eli’av;

9 die seuns van Eli’av was: N’mu’el, Datan en Aviram. Dit is dieselfde Datan en Aviram wat uit die vergadering uitgeroep was, wat gestry het teen Mosheh en Aharon in die groep van Korag, om teen יהוה te stry. Num 16:24-33

10 Die aarde het sy mond oopgemaak en hulle ingesluk, saam met Korag, toe daardie groep dood is en die vuur twee honderd en vyftig man verteer het en hulle het ’n waarskuwing geword.

11 Die seuns van Korag het egter nie gesterf nie.

12 Die seuns van Shim’on, volgens hulle families: van N’mu’el, die familie van die N’mu’eliete; van Yamin, die familie van die Yaminiete; van Yakhin, die familie van die Yakhiniete;

13 van Zerag, die familie van die Zeragiete; van Sha’ul, die familie van die Sha’uliete.

14 Hierdie is die families van die Shim’oniete, twee en twintig duisend twee honderd (22 200).

15 Die seuns van Gad, volgens hulle families: van Tz’fon, die familie van die Tz’foniete; van Haggi, die familie van die Haggiete; van Shuni, die familie van die Shuniete;

16 van Ozni, die familie van die Ozniete; van `Eri, die familie van die `Eriete;

17 van Arod, die familie van die Arodiete; van Ar’eli, die familie van die Ar’eliete.

18 Dit is die families van die seuns van Gad, volgens die van hulle wat getel is, veertig duisend vyf honderd (40 500).

19 Die seuns van Y’hudah was: `Er en Onan, maar `Er en Onan het gesterf in die land van Kena’an.

20 Die seuns van Y’hudah, volgens hulle families: van Shelah, die familie van die Shelaniete; van Peretz, die familie van die Partziete; van Zerag, die familie van die Zeragiete.

21 Die seuns van Peretz was: van Hetzron, die familie van die Hetzroniete; van Hamul, die familie van die Hamuliete.

22 Hierdie is die families van Y’hudah, volgens die van hulle wat getel is, ses en sewentig duisend vyf honderd (76 500).

23 Die seuns van Yissakhar, volgens hulle families was: van Tola, die familie van die Tola’iete; van Puvah, die familie van die Puniete;

24 van Yashuv, die familie van die Yashuviete; van Shimron, die familie van die Shimroniete.

25 Hierdie is die families van Yissakhar, volgens die van hulle wat getel is, vier en sestig duisend drie honderd (64 300).

26 Die seuns van Z’vulun, volgens hulle families was: van Sered, die familie van die Serediete; van Elon, die familie van die Eloniete; van Yagle’el, die familie van die Yagle’eliete.

27 Hierdie is die families van die Z’vuluniete, volgens die van hulle wat getel is, sestig duisend vyf honderd (60 500).

28 Die seuns van Yosef, volgens hulle families was: M’nasheh en Efrayim.

29 Die seuns van M’nasheh was: van Makhir, die familie van die Makhiriete. Makhir was die vader van Gil’ad; van Gil’ad, die familie van die Gil’adiete.
30 Hierdie is die seuns van Gil’ad: van I’ezer, die familie van die I’ezriete; van Helek, die familie van die Helekiete.
31 Van Asri’el, die familie van die Asri’eliete; van Sh’khem, die familie van die Sh’khemiete;
32 van Sh’mida, die familie van die Sh’mida’iete; van Hefer, die familie van die Hefriete.
33 Tz’lofgad, die seun van Hefer, het geen seuns gehad nie, maar dogters. Die name van die dogters van Tz’lofgad was: Magla, No’ah, Hoglah, Milkah en Tirtzah.
34 Hierdie is die families van M’nasheh en die van hulle wat getel is, twee en vyftig duisend sewe honderd (52 700).
35 Hierdie is die seuns van Efrayim, volgens hulle families: van Shutelag, die familie van die Shutalgiete; van Bekher, die familie van die Bakhriete; van Tagan, die familie van die Taganiete.
36 Hierdie is die seuns van Shutelag: van `Eran die familie van die `Eraniete.
37 Hierdie is die families van die seuns van Efrayim, volgens die van hulle wat getel is, twee en dertig duisend vyf honderd (32 500). Hierdie is die seuns van Yosef, volgens hulle families.
38 Die seuns van Binyamin, volgens hulle families was: van Bela, die familie van die Bal’iete; van Ashbel, die familie van die Ashbeliete; van Agiram, die familie van die Agiramiete;
39 van Sh’fufam, die familie van die Shufamiete; van Hufam, die familie van die Hufamiete.
40 Die seuns van Bela was: Ard en Na’aman; van Ard, die familie van die Ardiete; van Na’aman, die familie van die Na’amaniete.
41 Hierdie is die seuns van Binyamin, volgens hulle families; die van hulle wat getel is, was vyf en veertig duisend ses honderd (45 600).
42 Hierdie is die seuns van Dan, volgens hulle families: van Shugam, die familie van die Shugamiete. Hierdie is die families van Dan, volgens hulle families.
43 Al die families van die Shugamiete, volgens die van hulle wat getel is, was vier en sestig duisend vier honderd (64 400).
44 Die seuns van Asher, volgens hulle families: van Yimnah, die familie van die Yimnahiete; van Yishvi, die familie van die Yishviete; van B’ri’ah, die familie van die B’ri’iete;
45 van die seuns van B’ri’ah: van Hever, die familie van die Heveriete; van Malki’el, die familie van die Malki’eliete.
46 Die naam van die dogter van Asher was Serag.
47 Dit is die families van die seuns van Asher, volgens die van hulle wat getel is, drie en vyftig duisend vier honderd (53 400).
48 Die seuns van Naftali, volgens hulle families was: van Yagtze’el, die familie van die Yagtze’eliete; van Guni, die familie van die Guni’iete;
49 van Yetzer, die familie van die Yitzriete; van Shillem, die familie van die Shillemiete.

50 Hierdie is die families van Naftali, volgens hulle families; die van hulle wat getel is, was vyf en veertig duisend vier honderd (45 400).
51 Hierdie is die wat getel is van die seuns van Yisra'el: ses honderd en een duisend sewe honderd en dertig (601 730).
52 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
53 "Vir hierdie mense moet die land as erfenis verdeel word, volgens die getal name.
54 Vir die wat baie is, moet jy 'n groter erfenis gee en vir die wat min is, moet jy 'n kleiner erfdeel gee. Elkeen moet sy erfdeel ontvang, volgens hulle wat van hom getel is,
55 maar die land moet deur die lot verdeel word, volgens die name van die stamme van hulle vaders moet hulle erwe.
56 Deur die lot moet hulle erfenis verdeel word tussen die wat baie is en die wat min is.
57 Hierdie is die wat getel is van Levi, volgens hulle families: van Gershon, die familie van die Gershoniete; van K'hat, die familie van die K'hatiete; van M'rari, die familie van die M'rari'iete.
58 Hierdie is die families van die Leviete: die geslag van die Livniete, die familie van die Hevroniete, die familie van die Magli'iete, die familie van die Mushi'iete en die familie van die Koragiete. K'hat was die vader van `Amram.
59 Die naam van `Amram se vrou was Yokheved, die dogter van Levi wat vir Levi in Mitzrayim gebore is en vir `Amram het sy geboorte gegee aan: Aharon, Mosheh en aan Miryam, hulle suster. [Eks 6:16, 18, 20]
60 Vir Aharon is gebore: Nadav, Avihu, El'azar en Itamar.
61 Nadav en Avihu het gesterf toe hulle vreemde vuur voor die Teenwoordigheid van יהוה gebring het. [Lev 10]
62 Die van hulle wat getel is, almal wat manlik was van 'n maand oud en ouer, was drie en twintig duisend (23 000), want hulle is nie getel onder die ander seuns van Yisra'el nie omdat aan hulle geen erfdeel onder die seuns van Yisra'el gegee is nie.
63 Hierdie is hulle wat deur Mosheh en El'azar, die priester, getel is, wat die seuns van Yisra'el in die vlaktes van Mo'av getel het, by die Yarden, oorkant Yerigo,
64 maar onder hulle was daar nie 'n man van dié wat deur Mosheh en Aharon, die priester, getel is, toe hulle die seuns van Yisra'el in die wildernis van Sinai getel het, nie,
65 want יהוה het vir hulle gesê: "Hulle sal sekerlik sterf in die wildernis! Van hulle het niemand oorgebly nie buiten Kalev, die seun van Y'funneh en Y'hoshua, die seun van Nun.

27 1 Toe het die dogters van Tz'lof'gad, die seun van Hefer, die seun van Gil'ad, die seun van Makhir, die seun van M'nasheh, van die families van M'nasheh, die seun van Yosef, nadergekom; dit is die name van sy dogters: Maglah, No'ah, Hoglah, Milkah en Tirtzah
2 en hulle het gaan staan voor Mosheh, voor El'azar, die priester, voor die leiers en die hele vergadering, by die ingang van die Tent van Ontmoeting en gesê:

3 “Ons vader het in die wildernis gesterf, maar hy was nie in die groep van die wat teen יהוה bymekaargekom het saam met Korag nie, maar hy het in sy eie sonde gesterf en geen seuns gehad nie.
4 Waarom moet die naam van ons vader uit sy familie verwyder word omdat hy geen seun gehad het nie? Gee vir ons ’n besitting tussen die broers van ons vader.”
5 Mosheh het hulle saak voor die Teenwoordigheid van יהוה gebring.
6 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
7 “Die dogters van Tz’lof’gad praat reg. Jy moet ’n besitting as erfenis aan hulle toewys tussen die broers van hulle vader en die erfdeel van hulle vader op hulle laat oorgaan.
8 Jy moet met die seuns van Yisra’el praat en sê: ‘As iemand sterf en geen seun het nie, moet julle sy erfdeel op sy dogter laat oorgaan
9 en as hy geen dogter het nie, moet julle sy erfdeel aan sy broers gee
10 en as hy geen broers het nie, moet julle sy erfdeel aan die broers van sy vader gee
11 en as sy vader geen broers het nie, moet julle sy erfdeel aan sy naaste bloedverwant gee uit sy familie en dié sal dit besit. Dit moet vir die seuns van Yisra’el ’n regsinstelling wees, soos יהוה Mosheh beveel het.’”
12 יהוה het aan Mosheh gesê: “Klim op hierdie berg, Avarim en kyk na die land wat Ek aan die seuns van Yisra’el gegee het.
13 Wanneer jy dit gesien het, sal jy ook by jou volksgenote bymekaargemaak word soos jou broer Aharon
14 omdat julle in die wildernis van Tzin, tydens die opstand van die vergadering, teen My opdrag, om My by die water as Afgesonderd voor hulle te behandel, gerebelleer het. Dit is die waters van M’rivah-Kadesh, in die wildernis van Tzin.”
15 Mosheh het met יהוה gepraat en gesê:
16 “Laat יהוה, die God van die geeste van alle vlees, ’n man oor die vergadering aanstel
17 wat voor hulle uitgaan en voor hulle ingaan, wat hulle uitlei en wat hulle inlei sodat die vergadering van יהוה nie mag wees soos skape wat geen herder het nie.”
18 יהוה sê vir Mosheh: “Vat vir Y’hoshua, die seun van Nun, ’n man in wie die Gees is en lê jou hand op hom
19 en laat hom voor die priester El’azar en voor die hele vergadering staan en stel hom aan voor hulle oë.
20 Jy moet sommige van jou outoriteit aan hom oorgee sodat die hele vergadering van die seuns van Yisra’el hom gehoorsaam sal wees.
21 Hy moet voor El’azar, die priester, staan dat dié vir hom die beslissing van die Urim kan vra voor die Teenwoordigheid van יהוה. Volgens Sy opdrag moet hulle uitgaan en volgens Sy opdrag moet hulle ingaan, hy en al die seuns van Yisra’el saam met hom, die hele vergadering.”
22 Mosheh het gedoen soos יהוה hom beveel het: hy het Y’hoshua gevat en hom voor El’azar, die priester en voor die hele vergadering laat staan
23 en hy het hom die hande opgelê en hom aangestel soos יהוה deur die hand van Mosheh beveel het.

28 1 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
2 “Beveel die seuns van Yisra’el en sê vir hulle: ‘Julle moet versigtig wees om My offers, My kos vir My offers, wat deur vuur gebring word, as ’n aangename geur vir My, op die vasgestelde tye vir My te bring’.
3 Jy moet vir hulle sê: ‘Dit is die offer deur vuur wat julle aan יהוה moet bring: twee lammers in hulle eerste jaar, sonder gebrek, dag na dag, as ’n voortdurende brandoffer.
4 Die een lam moet jy met dagbreek offer en die ander lam moet jy teen sononder offer;
5 met ’n tiende van ’n efa fyn meel as graanoffer, gemeng met ’n kwart hin uitgestampte olie.
6 Dit is die voortdurende brandoffer wat by die berg Sinai ingestel is as ’n aangename geur, ’n offer, deur vuur, aan יהוה gebring.
7 Die drankoffer daarby, moet ’n kwart hin wees vir elke lam. In ’n afgesonderde plek moet jy die sterk drank as offer tot יהוה uitgooi. Deut 14:24-26
8 Die ander lam moet jy teen die aand offer; met dieselfde graanoffer as in die oggend en met die drankoffer daarby, moet jy dit offer; ’n offer, deur vuur, as ’n aangename geur tot יהוה.
9 Op die Shabbatdag moet jy twee lammers in hulle eerste jaar, sonder gebrek en twee tiendes van ’n efa fyn meel as graanoffer, met olie gemeng en die drankoffer daarby bring;
10 dit is die brandoffer vir elke Shabbat, behalwe die voortdurende brandoffer en die drankoffer daarby.
11 Aan die begin van julle maande moet julle ’n brandoffer tot יהוה bring: twee jong bulle, een ram en sewe lammers in hulle eerste jaar, sonder gebrek,
12 drie-tiendes van ’n efa fyn meel as graanoffer, met olie gemeng, vir elke bul en twee-tiendes fyn meel as graanoffer, met olie gemeng, vir die ram
13 en een-tiende fyn meel as graanoffer, met olie gemeng, vir elke lam. Dit is ’n brandoffer as aangename geur, ’n offer deur vuur tot יהוה.
14 Hulle drankoffers moet ’n half hin wyn vir ’n bul, ’n derde hin vir ’n ram en ’n kwart hin vir ’n lam wees. Dit is die brandoffer by elke maand, vir die maande regdeur die jaar.
15 Een bokram moet ook as sondoffer aan יהוה geoffer word, saam met die drankoffer, behalwe vir die voortdurende brandoffer.
16 Op die veertiende dag van die eerste maand, is die Pesag van יהוה. Lev 23
17 Op die vyftiende dag van hierdie maand is ’n fees; sewe dae lank moet ongesuurde brood geëet word.
18 Op die eerste dag moet daar ’n afgesonderde byeenkoms wees; jy mag géén werk doen nie
19 en julle moet ’n offer deur vuur, as brandoffer, aan יהוה bring: twee jong bulle, een ram en sewe lammers in hulle eerste jaar, sonder gebrek.
20 Hulle graanoffer moet fyn meel met olie gemeng wees: drie-tiendes van ’n efa vir ’n bul en twee-tiendes vir ’n ram moet julle offer.

21 Jy moet een tiende van ’n efa offer vir elkeen van die sewe lammers
22 en een bokram as sondoffer om vir julle toedekking te doen.
23 Hierdie moet bo en behalwe die dagbreekbrandoffer, wat as voortdurende brandoffer dien, geoffer word.
24 Op dié manier moet julle elke dag, sewe dae lank, die kos van die offer deur vuur as aangename geur vir יהוה offer; bo en behalwe die voortdurende brandoffer moet dit geoffer word, saam met die drankoffer daarby.
25 Op die sewende dag moet daar vir julle ’n afgesonderde byeenkoms wees; julle mag géén werk doen nie.
26 Op die dag van die eerste vrugte, wanneer julle ’n nuwe graanoffer by julle Fees van Weke (Shavu’ot) aan יהוה bring, moet daar vir julle ’n afgesonderde byeenkoms wees; julle mag géén werk doen nie.
27 Julle moet ’n brandoffer as aangename geur tot יהוה bring: twee jong bulle, een ram, sewe lammers in hulle eerste jaar
28 en hulle graanoffer van fyn meel met olie gemeng: drie tiendes vir elke bul, twee tiendes vir die ram,
29 een tiende vir elkeen van die sewe lammers
30 en een bokram om vir julle toedekking te doen.
31 Julle moet dit offer saam met hulle drankoffers, bo en behalwe die voortdurende brandoffer en sy graanoffer daarby, hulle moet sonder gebrek wees.

29 1 [Lev 23] In die sewende maand, op die eerste van die maand, moet daar vir julle ’n afgesonderde byeenkoms wees; julle mag géén werk doen nie; dit moet vir julle ’n dag van die blaas van die ramshoring wees.
2 Julle moet ’n brandoffer as aangename geur vir יהוה offer: een jong bul, een ram en sewe lammers in hul eerste jaar sonder gebrek.
3 Hulle graanoffer is fyn meel met olie gemeng: drie-tiendes van ’n efa vir die bul, twee-tiendes vir die ram
4 en een-tiende vir elkeen van die sewe lammers
5 en een bokram as sondoffer om vir julle toedekking te doen,
6 bo en behalwe die brandoffer en die graanoffer van die maand en die voortdurende brandoffer en sy graanoffer daarby en hulle drankoffers volgens die voorskrif, tot ’n aangename geur, ’n offer, deur vuur, aan יהוה.
7 Op die tiende van hierdie sewende maand moet julle ’n afgesonderde byeenkoms hou, julle moet nederig vas en julle mag géén werk doen nie.
8 Julle moet ’n brandoffer as aangename geur tot יהוה offer: een jong bul, een ram, sewe lammers in hul eerste jaar, sonder gebrek
9 en hulle graanoffer van fyn meel met olie gemeng: drie-tiendes vir die bul, twee-tiendes vir die ram,
10 een-tiende vir elkeen van die sewe lammers
11 en een bokram as sondoffer, bo en behalwe die sondoffer van toedekking en die voortdurende brandoffer en die graanoffer daarby en hulle drankoffers.

12 Op die vyftiende dag van die sewende maand moet julle ’n afgesonderde byeenkoms hou; julle mag géén werk doen nie, maar julle moet sewe dae lank vir יהוה ’n fees vier. Yog 7:2
13 Julle moet as brandoffer, ’n offer deur vuur as ’n aangename geur tot יהוה bring: dertien jong bulle, twee ramme, veertien lammers in hul eerste jaar, sonder gebrek
14 en hulle graanoffer van fyn meel met olie gemeng: drie-tiendes vir elkeen van die dertien bulle, twee-tiendes vir elkeen van die twee ramme,
15 een-tiende vir elkeen van die veertien lammers
16 en een bokram as sondoffer, bo en behalwe die voortdurende brandoffer, die graanoffer en die drankoffer daarby;
17 op die tweede dag: twaalf jong bulle, twee ramme, veertien lammers in hul eerste jaar, sonder gebrek
18 en hulle graanoffer en hulle drankoffer vir die bulle, die ramme en die lammers, volgens hulle getal, volgens die voorskrif
19 en een bokram as sondoffer, bo en behalwe die voortdurende brandoffer en die spysoffer en drankoffer daarby;
20 op die derde dag: elf bulle, twee ramme, veertien lammers in hul eerste jaar, sonder gebrek
21 en hulle graanoffer en hulle drankoffer vir die bulle, die ramme en die lammers, volgens hulle getal, volgens die voorskrif
22 en een bokram as sondoffer, bo en behalwe die voortdurende brandoffer en die spysoffer en drankoffer daarby;
23 op die vierde dag: tien bulle, twee ramme, veertien lammers, in hul eerste jaar, sonder gebrek
24 en hulle graanoffer en hulle drankoffer vir die bulle, die ramme en die lammers, volgens hulle getal, volgens die voorskrif
25 en een bokram as sondoffer, bo en behalwe die voortdurende brandoffer en die spysoffer en drankoffer daarby;
26 op die vyfde dag: nege bulle, twee ramme en veertien lammers in hul eerste jaar, sonder gebrek
27 en hulle graanoffer en hulle drankoffer vir die bulle, die ramme en die lammers, volgens hulle getal, volgens die voorskrif
28 en een bokram as sondoffer, bo en behalwe die voortdurende brandoffer en die spysoffer en drankoffer daarby;
29 op die sesde dag: agt bulle, twee ramme, veertien lammers in hul eerste jaar, sonder gebrek
30 en hulle graanoffer en hulle drankoffer vir die bulle, die ramme en die lammers, volgens hulle getal, volgens die voorskrif
31 en een bokram as sondoffer, bo en behalwe die voortdurende brandoffer en die spysoffer en drankoffer daarby
32 op die sewende dag: sewe bulle, twee ramme, veertien lammers in hul eerste jaar, sonder gebrek
33 en hulle graanoffer en hulle drankoffer vir die bulle, die ramme en die lammers, volgens hulle getal, volgens die voorskrif

34 en een bokram as sondoffer, bo en behalwe die voortdurende brandoffer en die spysoffer en drankoffer daarby.
35 Op die agtste dag moet julle ’n feestyd hou; julle mag géén werk doen nie.
36 Julle moet as brandoffer, ’n offer, deur vuur, as aangename geur tot יהוה offer: een bul, een ram, sewe lammers in hul eerste jaar, sonder gebrek
37 en hulle graanoffer en hulle drankoffer vir die bulle, die ramme en die lammers, volgens hulle getal, volgens die voorskrif
38 en een bokram as sondoffer, bo en behalwe die voortdurende brandoffer en die spysoffer en drankoffer daarby.
39 Hierdie moet julle op julle vasgestelde tye as julle brandoffer, julle graanoffer, drankoffer en vredesoffer tot יהוה offer, bo en behalwe julle geloftes en julle vrywillige geskenke.’”
40 Mosheh het vir die seuns van Yisra’el alles gesê net soos יהוה Mosheh beveel het.

30 1 Mosheh het met die hoofde van die stamme van die seuns van Yisra’el gepraat en gesê: “Hierdie is dit wat יהוה beveel het:
2 ‘Wanneer iemand aan יהוה ’n gelofte doen of ’n eed sweer waardeur hy homself tot iets verbind, moet hy sy woord nie breek nie; hy moet alles doen wat uit sy mond uitgaan. [Deut 23:21]
3 Wanneer ’n vrou aan יהוה ’n gelofte gedoen het of haarself tot iets verbind het terwyl sy jonk was in haar vader se huis
4 en haar vader van haar gelofte hoor of van die verbintenis waartoe sy haarself verbind het en haar vader oor haar stilgebly het, dan sal al haar geloftes staan en elke verbintenis waartoe sy haarself verbind het, sal staan,
5 maar as haar vader haar verbied op die dag dat hy daarvan hoor, sal geen van haar geloftes en verbintenisse waartoe sy haarself verbind het, staan nie en יהוה sal haar vergewe omdat haar vader haar verbied het.
6 As sy met ’n man sou trou terwyl haar geloftes op haar rus of iets wat onverskillig gesê is, waardeur sy haarself verbind het
7 en haar man daarvan hoor en op die dag wat hy dit hoor daaroor stilbly, dan sal haar geloftes staan en elke verbintenis waartoe sy haarself verbind het, sal staan.
8 As haar man op die dag dat hy daarvan hoor, haar verbied, dan maak hy haar gelofte, wat op haar rus, tot niet en ook dit wat onverskillig gesê is, waardeur sy haarself verbind het en יהוה sal haar dit vergewe.
9 Die gelofte van ’n weduwee of van ’n vrou wat geskei is; alles waardeur sy haarself verbind het, sal teenoor haar vasstaan.
10 As sy in die huis van haar man ’n gelofte gedoen het of haarself verbind het met ’n eed
11 en haar man daarvan hoor en stilbly teenoor haar en haar nie verbied nie, dan sal al haar geloftes staan en elke verbintenis waartoe sy haarself verbind het, sal staan.
12 As haar man die dinge uitdruklik verbreek op die dag dat hy daarvan hoor, sal niks van alles wat oor haar lippe uitgegaan het, van haar geloftes of van dit waartoe sy haarself verbind het, staan nie; haar man het dit verbreek en יהוה sal haar dit vergewe.

13 Elke gelofte, elke eed en elke verbintenis om haarself te verneder; haar man sal dit laat vasstaan, of haar man kan dit vernietig.

14 As haar man van dag tot dag heeltemal stilbly teenoor haar, dan het hy al haar geloftes en alles waartoe sy haarself verbind het, bevestig; hy het dit bevestig, want hy het stilgebly teenoor haar op die dag dat hy daarvan gehoor het.

15 As hy dit duidelik tot niet maak nadat hy daarvan gehoor het, dan dra hy haar skuld.’”

16 Hierdie is die voorskrifte wat יהוה Mosheh beveel het tussen ’n man en sy vrou en tussen ’n vader en sy dogter terwyl sy in haar jeug in haar vader se huis is.

31 1 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:

2 “Neem wraak vir die seuns van Yisra’el op die Midyaniete; daarna sal jy na jou volksgenote toe weggevat word.”

3 Mosheh het met die volk gepraat en gesê: “Bewapen sommige vanuit julle vir oorlog en laat hulle teen Midyan optrek om die wraak van יהוה op Midyan uit te oefen:

4 ’n duisend vanuit elke stam van al die stamme van Yisra’el moet julle na die oorlog toe stuur.”

5 Daar is vanuit die duisende van Yisra’el, ’n duisend vir elke stam aangewys, twaalf duisend bewapen vir die oorlog.

6 Mosheh het hulle na die oorlog gestuur, ’n duisend vir elke stam; hy het hulle na die oorlog gestuur met Pingas, die seun van El’azar, die priester, met die afgesonderde voorwerpe en die trompette om alarm te maak, in sy hand.

7 Hulle het oorlog gemaak teen Midyan, net soos יהוה Mosheh beveel het en al die mans doodgemaak.

8 Hulle het ook die konings van Midyan saam met die res doodgemaak: Evi, Rekem, Tzur, Hur en Reva, die vyf konings van Midyan. Hulle het ook vir Bil’am, die seun van B’or, met die swaard doodgemaak.

9 Die seuns van Yisra’el het die vroue van Midyan en hulle kinders gevange geneem en al hulle beeste, al hulle vee en al hulle skatte geroof.

10 Toe het hulle ook al hulle stede waarin hulle gebly het en al hulle kampe met vuur verbrand

11 en al die roof en al die buit gevat, mense en diere.

12 Hulle het die gevangenes, die buit en die roof na Mosheh en El’azar, die priester en na die vergadering van die seuns van Yisra’el gebring, na die kamp in die vlaktes van Mo’av, by die Yarden, oorkant Yerigo.

13 Mosheh, El’azar, die priester en al die leiers van die vergadering het gegaan en hulle buitekant die kamp ontmoet

14 en Mosheh was kwaad vir die offisiere van die leër, die bevelvoerders oor duisend en die bevelvoerders oor honderd, wat van die oorlog af gekom het.

15 Mosheh het vir hulle gesê: “Het julle al die vroue gespaar en hulle laat lewe?

16 Let op, hierdie vroue het, deur die raad van Bil’am, die seuns van Yisra’el teenoor יהוה laat oortree in die saak van P’or [Num 25:1-5] sodat daar ’n plaag was in die vergadering van יהוה.

17 Maak daarom nou almal wat van die manlike geslag is onder die kinders dood en maak elke vrou wat ’n man geken het deur by hom te lê, dood,
18 maar laat vir julleself al die vroulike kinders wat nie ’n man geken het deur by hom te lê nie, lewe.
19 Slaan kamp op buitekant die kamp vir sewe dae lank; elkeen wat ’n mens doodgemaak en elkeen wat aan ’n dooie geraak het; julle moet jul op die derde dag en op die sewende dag reinig, julle en jul gevangenes.
20 Reinig ook al die klere, elke ding van leer, alles wat van bokhaar gemaak is en elke ding van hout.”
21 El’azar, die priester, het vir die soldate wat oorlog toe gegaan het, gesê: “Dit is die reëls van die wet wat יהוה Mosheh beveel het:
22 net die goud, die silwer, die koper, die yster, die tin en die lood,
23 elke ding wat deur die vuur kan gaan, moet julle deur die vuur laat gaan en dit sal rein wees; dit moet ook deur die water vir onreinheid gereinig word. Alles wat nie deur die vuur kan gaan nie, moet julle deur die water laat gaan.
24 Julle moet julle klere op die sewende dag was en rein wees; daarna mag julle in die kamp inkom.”
25 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
26 “Tel die koppe van wat as buit weggevoer is, van mense en van diere, jy en die priester, El’azar en die hoof vaders van die vergadering
27 en verdeel die buit tussen die wat deel gehad het aan die oorlog, wat uitgegaan het in geveg én die hele vergadering. [1 Sh’m 30:22-25]
28 Hef ’n belasting vir יהוה van die soldate wat na die oorlog uitgegaan het; een uit elke vyf honderd van die mense, van die beeste, van die donkies en van die kleinvee.
29 Vat dit van hulle helfte en gee dit vir El’azar, die priester, as ’n offer wat opgelig word voor יהוה.
30 Uit die seuns van Yisra’el se helfte moet jy een vat uit elke vyftig; uit die mense, die beeste, die esels, die kleinvee en uit al die diere en jy moet dit aan die Leviete gee wat die dienswerk by die tabernakel van יהוה doen.”
31 Mosheh en El’azar, die priester, het gedoen soos יהוה Mosheh beveel het.
32 Die buit, wat oorgebly het van die roof wat die soldate gevat het, was ses honderd vyf en sewentig duisend stuks kleinvee,
33 twee en sewentig duisend beeste,
34 een en sestig duisend esels
35 en twee en dertig duisend mense, vrouens wat nie ’n man geken het deur by hom te lê nie.
36 Die helfte, die deel van hulle wat na die oorlog uitgegaan het, was drie honderd sewe en dertig duisend vyf honderd stuks kleinvee
37 en die eerbetoning aan יהוה uit die kleinvee was ses honderd vyf en sewentig.
38 Die beeste was ses en dertig duisend en die eerbetoning daarvan aan יהוה, twee en sewentig.
39 Die donkies was dertig duisend vyf honderd en die eerbetoning daarvan aan יהוה, een en sestig.

40 Die mense was sestien duisend en die eerbetoning daarvan aan יהוה, twee en dertig mense.

41 Mosheh het vir El'azar, die priester, die eerbetoning gegee wat as opligoffer tot יהוה bestem was, soos יהוה Mosheh beveel het.

42 Vanuit die helfte vir die seuns van Yisra'el, wat Mosheh van die soldate af gedeel het,

43 die helfte wat aan die vergadering behoort het, was uit die kleinvee, drie honderd sewe en dertig duisend vyf honderd,

44 die beeste was ses en dertig duisend,

45 die donkies dertig duisend vyf honderd

46 en mense, sestien duisend.

47 Mosheh het, uit die helfte wat aan die seuns van Yisra'el behoort, een uit elke vyftig, van mense en van diere, van die wat uitgehaal is, gevat en aan die Leviete, wat die dienswerk by die tabernakel van יהוה doen, gegee soos יהוה Mosheh beveel het.

48 Die offisiere oor die duisende van die leër, die bevelvoerders oor duisend en die bevelvoerders oor honderd, het nadergekom na Mosheh

49 en aan Mosheh gesê: "U dienaars het die volle getal van die soldate opgeneem wat onder ons bevel was en daarvan word nie een vermis nie;

50 daarom bring elkeen van ons as offer aan יהוה wat hy aan goue goed gevind het: armkettings, armbande, vingerringe, oorringe en halssierade, om toedekking te doen vir onsself voor die Teenwoordigheid van יהוה.

51 Mosheh en El'azar, die priester, het die goud, allerhande gemaakte voorwerpe, van hulle af ontvang.

52 Al die goud van die offergawe, wat die bevelvoerders oor duisend en die bevelvoerders oor honderd aan יהוה afgegee het, was sestien duisend sewe honderd en vyftig sikkels.

53 Die soldate het elkeen vir homself buit gevat.

54 Mosheh en El'azar, die priester, het die goud van die bevelvoerders oor duisend en oor honderd ontvang en dit in die Tent van Ontmoeting, voor die Teenwoordigheid van יהוה, as 'n herinnering vir die seuns van Yisra'el gebring.

32 1 Die seuns van Re'uven en die seuns van Gad het 'n baie groot aantal vee gehad en toe hulle gesien het dat die land van Ya'zer en die land Gil'ad 'n plek vir vee is,

2 het die seuns van Gad en die seuns van Re'uven gekom en met Mosheh, El'azar, die priester en met die leiers van die vergadering gepraat en gesê:

3 " `Atarot, Divon, Ya'zer, Nimrah, Heshbon, El'aleh, S'vam, N'vo en Be'on;

4 die land wat יהוה voor die vergadering van Yisra'el uit verslaan het; is 'n land vir vee en u diensknegte het vee;"

5 daarom het hulle gesê: "As ons guns in u oë gevind het, laat hierdie land aan u diensknegte as 'n besitting gegee word; moet ons nie oor die Yarden laat gaan nie."

6 Mosheh het vir die seuns van Gad en die seuns van Re'uven gesê: "Sal julle broers oorlog toe gaan terwyl júlle hier sit?

7 Waarom wil julle nou die seuns van Yisra'el ontmoedig om oor te gaan in die land wat יהוה aan hulle gegee het?

8 Net so het julle vaders gedoen, toe ek hulle van Kadesh-Barnea af gestuur het om na die land te kyk,

9 want toe hulle tot by die Eshkolvallei opgetrek het en na die land gekyk het, het hulle die wil, verstand en emosie van die seuns van Yisra'el ontmoedig sodat hulle nie ingegaan het in die land wat יהוה aan hulle gegee het nie

10 en die woede van יהוה het die dag opgevlam en Hy het gesweer en gesê:

11 'Waarlik, nie een van die manne wat uit Mitzrayim opgetrek het, van twintig jaar oud en ouer, sal die land sien wat Ek aan Avraham, Yitz'gak en Ya'akov met 'n eed beloof het nie, want hulle het My nie volkome gevolg nie,

12 behalwe Kalev, die seun van Y'funneh, die K'niziet en Y'hoshua, die seun van Nun, want hulle het יהוה volkome gevolg.'

13 Die woede van יהוה het teen Yisra'el ontbrand en Hy het hulle veertig jaar lank in die wildernis laat rondswerf totdat die hele geslag, wat boos gedoen het in die oë van יהוה, vernietig is.

14 Let op, julle het opgestaan in die plek van julle vaders, 'n voortplanting van sondige mense, om by die brandende woede van יהוה teen Yisra'el by te voeg.

15 As julle wegdraai daarvan om Hom te volg, sal Hy hulle nog langer in die wildernis laat bly en julle sal al hierdie mense vernietig."

16 Hulle het na hom toe gekom en gesê: "Ons sal hier skaapkrale bou vir ons vee en stede vir ons kinders,

17 maar ons self sal gewapen wees, gereed om te gaan voor die seuns van Yisra'el totdat ons hulle op hul plekke gebring het en ons kinders sal in die versterkte stede bly vanweë die inwoners van die land.

18 Ons sal nie na ons huise teruggaan voordat elkeen van die seuns van Yisra'el sy erfenis ontvang het nie,

19 want ons sal nie saam met hulle anderkant die Yarden en verder erf nie omdat ons erfdeel aan dié kant, oos van die Yarden, ons toegeval het."

20 Mosheh sê vir hulle: "As julle dit doen, as julle jul voor יהוה vir die oorlog bewapen

21 en julle almal bewapend voor יהוה deur die Yarden trek totdat Hy Sy vyande voor Hom uit verdrywe het

22 en die land voor יהוה onderwerp is, dan mag julle teruggaan, dan sal julle onskuldig wees voor יהוה en voor Yisra'el en hierdie land sal vir julle 'n besitting word voor יהוה,

23 maar as julle dit nie so doen nie, let op, julle het teen יהוה gesondig en weet dat julle sonde julle sal uitvind.

24 Bou stede vir jul kinders en krale vir jul kleinvee en doen wat julle belowe het."

25 Die seuns van Gad en die seuns van Re'uven het met Mosheh gepraat en gesê: "U diensknegte sal doen soos my meester beveel het.

26 Ons kinders, ons vroue, ons kleinvee en al ons vee sal daar wees, in die stede van Gil'ad,

27 maar u diensknegte sal oorgaan na die geveg, almal vir die oorlog bewapen voor יהוה, net soos my meester gesê het.”
28 Mosheh het aangaande hulle aan El’azar, die priester, aan Y’hoshua, die seun van Nun en aan die hoof vaders van die stamme van die seuns van Yisra’el bevel gegee
29 en Mosheh het vir hulle gesê: “As die seuns van Gad en die seuns van Re’uven saam met julle oor die Yarden trek, elke man bewapen vir die oorlog voor יהוה en die land voor julle uit onderwerp is, moet julle die land Gil’ad vir hulle as ’n besitting gee,
30 maar as hulle nie gewapend saam met julle oortrek nie, moet hulle tussen julle in die land Kena’an besittings verkry.”
31 Die seuns van Gad en die seuns van Re’uven het geantwoord en gesê: “Wat יהוה aan u diensknegte gesê het, so sal ons doen.
32 Ons sal gewapend oortrek voor יהוה na die land Kena’an, maar die besitting van ons erfenis sal by ons bly aan dié kant van die Yarden.”
33 Mosheh het vir die seuns van Gad, die seuns van Re’uven en die halwe stam van M’nasheh, die seun van Yosef, die koninkryk van Sigon, koning van die Emoriete en die koninkryk van ‘Og, koning van Bashan, die land, met sy stede binne die grondgebied en die stede van die omliggende land, gegee.
34 Die seuns van Gad het gebou: Divon, `Atarot, `Aro’er,
35 Atrot-Shofan, Ya’zer, Yogbehah,
36 Beit-Nimrah en Beit-Haran, versterkte stede en skaapkrale.
37 Die seuns van Re’uven het gebou: Heshbon, El’aleh, Kiryatayim,
38 N’vo en Ba’al-M’on (hulle name is verander) en Sebmah; hulle het ander name gegee aan die stede wat hulle gebou het.
39 Die seuns van Makhir, die seun van M’nasheh, het na Gil’ad gegaan en dit oorgevat en die Emoriete onteien wat daarin was.
40 Mosheh het Gil’ad vir Makhir, die seun van M’nasheh, gegee en hy het daarin gewoon.
41 Ya’ir, die seun van M’nasheh, het gegaan en hulle klein dorpies ingeneem en dit Havot-Ya’ir genoem.
42 Novag het gegaan en K’nat en sy klein dorpies ingeneem en dit na sy eie naam, Novag, vernoem.

33 1 Dit is die reise van die seuns van Yisra’el wat uit Mitzrayim uitgetrek het volgens hulle leërafdelings, onder die leierskap van Mosheh en Aharon.
2 Mosheh het volgens die opdrag van יהוה die aanvangsplekke van hulle reise opgeskryf. Hierdie is hulle reise, volgens hul aanvangsplekke:
3 hulle het vanaf Ram’ses vertrek in die eerste maand, op die vyftiende dag van die eerste maand, op die dag ná die Pesag het die seuns van Yisra’el vrymoediglik voor die oë van al die Mitzrayimiete uitgetrek
4 terwyl die Mitzrayimiete besig was om hulle eersgeborenes, wat יהוה onder hulle getref het, te begrawe. יהוה het ook oordele oor hulle gode uitgevoer.

5 Die seuns van Yisra’el het van Ram’ses af weggetrek en het by Sukkot kamp opgeslaan.
6 Hulle het van Sukkot af weggetrek en kamp opgeslaan in Etam wat aan die kant van die wildernis lê.
7 Hulle het van Etam af weggetrek en teruggedraai na Pi-Hagirot wat voor Ba’al-Tz’fon lê en hulle het voor Migdol gekamp.
8 Hulle het van Pi-Hagirot af weggetrek en regdeur die see gegaan na die wildernis, drie dagreise ver die wildernis van Etam in en by Marah gekamp.
9 Hulle het van Marah af weggetrek en by Eilim gekom. In Eilim was twaalf waterfonteine en sewentig palmbome en hulle het daar gekamp.
10 Hulle het van Eilim af weggetrek en by die Sufsee gekamp.
11 Hulle het van die Sufsee af weggetrek en in die wildernis van Sien gekamp.
12 Hulle het uit die wildernis van Sien weggetrek en in Dofkah gekamp.
13 Hulle het van Dofkah af weggetrek en in Alush gekamp.
14 Hulle het van Alush af weggetrek en in Refidim gekamp, waar daar geen water vir die volk was om te drink nie.
15 Hulle het van Refidim af weggetrek en in die wildernis van Sinai gekamp.
16 Hulle het uit die wildernis van Sinai weggetrek en in Kivrot-HaTa’avah gekamp.
17 Hulle het van Kivrot-HaTa’avah af weggetrek en in Hatzerot gekamp.
18 Hulle het van Hatzerot af weggetrek en in Ritmah gekamp.
19 Hulle het van Ritmah af weggetrek en in Rimmon-Peretz gekamp.
20 Hulle het van Rimmon-Peretz af weggetrek en in Livnah gekamp.
21 Hulle het van Livnah af weggetrek en in Rissah gekamp.
22 Hulle het van Rissah af weggetrek en in K’helah gekamp.
23 Hulle het van K’helah af weggetrek en by die berg Shefer gekamp.
24 Hulle het van die berg Shefer af weggetrek en in Haradah gekamp.
25 Hulle het van Haradah af weggetrek en in Mak’helot gekamp.
26 Hulle het van Mak’helot af weggetrek en in Tagat gekamp.
27 Hulle het van Tagat af weggetrek en in Terag gekamp.
28 Hulle het van Terag af weggetrek en in Mitkah gekamp.
29 Hulle het van Mitkah af weggetrek en in HaShmonah gekamp.
30 Hulle het van HaShmonah af weggetrek en in Moserot gekamp.
31 Hulle het van Moserot af weggetrek en in B’nei-Ya’akan gekamp.
32 Hulle het van B’nei-Ya’akan af weggetrek en in Hor-HaGidgad gekamp.
33 Hulle het van Hor-HaGidgad af weggetrek en in Yotvatah gekamp.
34 Hulle het van Yotvatah af weggetrek en in Avronah gekamp.
35 Hulle het van Avronah af weggetrek en in `Etzyon-Gever gekamp.
36 Hulle het van `Etzyon-Gever af weggetrek en in die wildernis van Tzin, dit is Kadesh, gekamp.
37 Hulle het van Kadesh af weggetrek en by die berg Hor, aan die kant van die land van Edom, gekamp.
38 Aharon, die priester, het volgens die opdrag van יהוה op die berg Hor geklim en daar gesterf, in die veertigste jaar nadat die seuns van Yisra’el uit die land van Mitzrayim uitgekom het, in die vyfde maand, op die eerste van die maand.

39 Aharon was honderd drie en twintig jaar oud toe hy op die berg Hor gesterf het.
40 Die Kena’anitiese koning van `Arad, wat in die Negev, in die land Kena’an gebly het, het gehoor dat die seuns van Yisra’el kom.
41 Hulle het van die berg Hor af weggetrek en in Tzalmonah gekamp.
42 Hulle het van Tzalmonah af weggetrek en in Punon gekamp.
43 Hulle het van Punon af weggetrek en in Ovot gekamp.
44 Hulle het van Ovot af weggetrek en in `Iyei-Ha`Avarim, by die grens van Mo’av gekamp.
45 Hulle het van `Iyei-Ha`Avarim af weggetrek en in Divon-Gad gekamp.
46 Hulle het van Divon-Gad af weggetrek en in `Almon-Divlatayim gekamp.
47 Hulle het van `Almon-Divlatayim af weggetrek en in die `Avarimgebergte, voor N’vo gekamp.
48 Hulle het van die `Avarimgebergte af weggetrek en in die vlaktes van Mo’av, by die Yarden oorkant Yerigo gekamp.
49 Hulle het by die Yarden, van Beit-Yeshimot af tot by Avel-HaSheetim, in die vlaktes van Mo’av gekamp.
50 יהוה het met Mosheh gepraat in die vlaktes van Mo’av, by die Yarden oorkant Yerigo, en gesê:
51 “Praat met die seuns van Yisra’el en sê vir hulle: ‘Wanneer julle oor die Yarden in die land Kena’an ingetrek het,
52 moet julle al die inwoners van die land voor julle uit verdrywe en al hulle gekerfde klippe vernietig; vernietig ook al hulle gegote beelde en verwoes al hulle hoë plekke.
53 Julle moet die inwoners van die land onteien en daarin bly, want Ek het die land vir julle gegee om dit te besit.
54 Julle moet die land deur die lot as erfenis verdeel tussen julle families; vir die wat baie is, moet julle ’n groot erfenis gee en vir die wat min is, moet jy ’n klein erfenis gee. Elkeen se erfenis sal wees waar die lot vir hom val. Julle sal erf volgens die stamme van julle vaders.
55 As julle die bewoners van die land egter nie voor julle uit verdrywe nie, sal die wat julle van hulle laat oorbly, soos dorings in julle oë wees en soos steke in julle sye en hulle sal julle teëstaan in die land waar julle in bly.
56 Meer nog, soos Ek gedink het om aan hulle te doen, sal Ek aan julle doen.

34 1 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
2 “Gee bevel aan die seuns van Yisra’el en sê vir hulle: ‘Wanneer julle in die land Kena’an kom, sal dit die land wees wat aan julle as erfenis sal toeval; die land Kena’an, volgens sy grense.
3 Julle suidelike grens sal van die wildernis van Tzin af, langs Edom, wees en julle suidelike grens moet vanaf die einde van die Soutsee ooswaarts wees.
4 Julle grens moet draai van die suidekant van die Steilte van `Akrabbim en aangaan na Tzin toe, eindig suid van Kadesh-Barnea en aan na Hatzar-Addar en aangaan tot by `Atzmon.

5 Die grens sal draai van `Atzmon af na die spruit van Mitzrayim toe en by die see eindig.
6 Wat die westelike grens betref, julle sal die Groot See as grens hê; dit moet julle westelike grens wees.
7 Dit sal julle noordelike grens wees: van die Groot See af moet julle afmerk na die berg toe.
8 Vanaf die berg moet julle afmerk tot by die ingang na Hamat en die grens se verste punt is by Tz’dad.
9 Die grens gaan aan tot by Zifron en eindig by Hatzar-`Einan. Dit sal julle noordelike grens wees.
10 Julle moet jul oostelike grens afmerk van Hatzar-`Einan af na Sh’fam.
11 Die grens sal afloop van Sh’fam na Rivlah, aan die oostekant van `Ayin; die grens sal afloop en raak aan die oostekant van die meer van Kinneret.
12 Die grens moet afloop met die Yarden totdat dit eindig by die Soutsee. Dit moet vir julle die land wees volgens sy grense rondom.’”
13 Mosheh het die seuns van Yisra’el beveel en gesê: “Dit is die land wat julle deur die lot sal erf, wat יהוה beveel het om aan die nege stamme en aan die halwe stam te gee,
14 want die stam van die seuns van Re’uven, volgens die huise van hulle vaders, die stam van die seuns van Gad, volgens die huise van hulle vaders en die halwe stam van M’nasheh het reeds hulle erfdeel ontvang.”
15 Die twee stamme en die halwe stam het hulle erfenis oorkant die Yarden teenoor Yerigo, ooswaarts na die sonsopkoms, ontvang.
16 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
17 “Hierdie is die name van die manne wat die land tussen julle moet verdeel: El’azar, die priester en Y’hoshua, die seun van Nun.
18 Julle moet ook een leier vat uit elke stam om die land as erfenis te verdeel.
19 Hierdie is die name van die manne: van die stam van Y’hudah: Kalev, die seun van Y’funneh;
20 van die stam van die seuns van Shim’on: Sh’mu’el, die seun van `Ammihud;
21 van die stam van Binyamin: Elidad, die seun van Kislon;
22 die leier van die stam van die seuns van Dan: Bukki, die seun van Yogli;
23 van die seuns van Yosef: die leier van die seuns van die stam van M’nasheh: Hani’el, die seun van Efod;
24 die leier van die stam van die seuns van Efrayim: K’mu’el, die seun van Shiftan;
25 die leier van die stam van die seuns van Z’vulun: Elitzafan, die seun van Parnakh;
26 die leier van die stam van die seuns van Yissakhar: Palti’el, die seun van `Azan;
27 die leier van die stam van die seuns van Asher: Agihud, die seun van Shlomi;
28 die leier van die stam van die seuns van Naftali: P’dah’el, die seun van `Ammihud.”
29 Hierdie is hulle vir wie יהוה beveel het om die erfenis vir die seuns van Yisra’el in die land Kena’an te verdeel.

35 1 יהוה het met Mosheh gepraat in die vlaktes van Mo’av, by die Yarden oorkant Yerigo en gesê:
2 “Gee bevel aan die seuns van Yisra’el dat hulle aan die Leviete, van die erfenis van hulle besitting stede gee om in te bly en julle moet ook weidingsgrond rondom die stede vir die Leviete gee.
3 Hulle sal die stede hê om in te bly en die oop grond moet vir hulle beeste en hulle vee en al hulle diere wees.
4 Die weidingsgrond van die stede wat julle vir die Leviete gee, moet van die stadsmuur af buitentoe, ’n duisend el rondom wees.
5 Julle moet ook buitekant die stad meet: aan die oostekant twee duisend el, aan die suidekant twee duisend el, aan die westekant twee duisend el en aan die noordekant twee duisend el en die stad in die middel. Dit moet vir hulle die oop grond deel van die stede wees.
6 Uit die stede wat julle vir die Leviete gee, moet julle ses stede aanstel as stede van beskerming, waarheen een wat manslag begaan het, kan vlug en daarby moet julle twee en veertig stede bysit.
7 Al die stede wat julle aan die Leviete gee, moet agt en veertig stede wees, hulle saam met hulle oop grond.
8 Die stede wat julle gee sal uit die besitting van die seuns van Yisra’el kom. Vanaf die groter stamme sal julle baie gee en van die kleiner, min. Elkeen sal sommige van sy stede aan die Leviete gee, volgens die erfenis wat elkeen kry.”
9 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:
10 “Praat met die seuns van Yisra’el en sê vir hulle: ‘Wanneer julle deur die Yarden in die land Kena’an ingaan,
11 moet julle stede aanstel as stede van beskerming sodat die een wat manslag begaan en ’n mens nie met opset doodgeslaan het nie, daarheen kan vlug.
12 Die stede moet vir julle as beskerming dien teen die familiewreker sodat hy wat manslag begaan het, nie sterf voordat hy voor die vergadering gestaan het vir oordeel nie.
13 Uit die stede wat julle gee, moet ses as stede van beskerming dien.
14 Drie van die stede moet julle aan dié kant van die Yarden gee en drie moet julle in die land Kena’an gee, wat stede van beskerming sal wees.
15 Hierdie ses stede sal vir die seuns van Yisra’el, die vreemdeling en die besoeker onder hulle, as stede van beskerming dien sodat elkeen daarheen kan vlug wat per ongeluk ’n mens doodgeslaan het,
16 maar as hy hom slaan met ’n ystervoorwerp sodat hy sterf, dan is hy ’n moordenaar; die moordenaar moet tereggestel word tot die dood.
17 As hy hom slaan met ’n klip in die hand, waardeur iemand kan sterf en hy sterf, dan is hy ’n moordenaar; die moordenaar moet tereggestel word tot die dood,
18 of as hy hom slaan met ’n houtvoorwerp in die hand, waardeur iemand kan sterf en hy sterf, dan is hy ’n moordenaar; die moordenaar moet tereggestel word tot die dood.

19 Die familiewreker van bloed moet self die moordenaar doodmaak; as hy hom teëkom, moet hy hom doodmaak.
20 As hy hom uit haat stamp of lê en wag en na hom gooi sodat hy sterf,
21 of hom uit vyandskap met sy hand slaan sodat hy sterf, dan moet hy wat geslaan het, tereggestel word tot die dood; hy is ’n moordenaar; die familiewreker van bloed moet die moordenaar doodmaak as hy hom teëkom.
22 As hy hom egter skielik, sonder vyandskap, stamp of iets na hom gooi sonder om te lê en wag,
23 of as ’n klip waardeur iemand kan sterf, op hom val sonder dat hy hom sien sodat hy sterf terwyl hy nie sy vyand was of sy skade gesoek het nie,
24 dan moet die vergadering tussen hom wat doodgeslaan het en die familiewreker van bloed, oordeel volgens hierdie wette.
25 So sal die vergadering hom wat manslag begaan het, red uit die hand van die familiewreker van bloed en die vergadering moet hom laat teruggaan na die stad van beskerming waarheen hy gevlug het en hy moet daarin bly tot die dood van die hoofpriester wat met die afgesonderde olie gesalf is,
26 maar as hy wat manslag begaan het, ooit buitekant die grens van die stad van beskerming gaan waarheen hy gevlug het
27 en die familiewreker van bloed hom buitekant die grens van die stad van beskerming kry en die familiewreker van bloed die een wat manslag begaan het doodslaan, dan sal hy nie skuldig wees aan bloed nie,
28 want hy moes in die stad van beskerming gebly het tot die dood van die hoofpriester, maar ná die dood van die hoofpriester mag die een wat manslag begaan het, teruggaan na die land van sy besitting.
29 Hierdie dinge moet vir julle ’n reël van oordeel wees in julle geslagte, in al julle blyplekke.
30 Wie ook al ’n mens doodslaan, die moordenaar moet op verklaring van getuies gedood word, maar een getuie kan nie teen iemand getuig dat hy sal sterf nie.
31 Meer nog, julle mag geen loskoopgeld aanvaar vir die lewe van ’n moordenaar wat skuldig is aan dood nie, want hy moet tereggestel word tot die dood.
32 Julle mag ook geen geld aanneem om iemand vry te stel van die vlug na die stad van beskerming sodat hy kan teruggaan om in die land te woon, tot die dood van die priester nie.
33 So moet julle nie die land waarin julle bly vuil maak nie, want bloed maak die land vuil en geen toedekking kan vir die land gemaak word, vir die bloed wat daarin vergiet is nie, behalwe deur die bloed van hom wat dit vergiet het;
34 daarom, moenie die land waar julle in bly, vuil maak nie omdat Ek daarin bly, want Ek, יהוה, bly tussen die seuns van Yisra’el.’”

36 1 Die hoof vaders van die families van die seuns van Gil'ad, die seun van Makhir, die seun van M'nasheh, uit die families van die seuns van Yosef, het nader gekom en voor Mosheh en die leiers, die hoof vaders van die seuns van Yisra'el, gepraat
2 en gesê: "יהוה het aan my meester, Mosheh, bevel gegee om die land deur die lot as erfenis aan die seuns van Yisra'el te gee en my meester is deur יהוה beveel om die erfenis van ons broer Tz'lof'gad aan sy dogters te gee.
3 As hulle nou trou met enige van die seuns uit die ander stamme van die seuns van Yisra'el, dan word hulle erfenis van ons vaders se erfenis af weggevat en bygesit by die erfenis van die stam waarin hulle trou; so sal dit weggevat word uit die erfdeel wat vir ons deur die lot aangewys is.
4 As die jubeljaar vir die seuns van Yisra'el aanbreek, dan word hulle erfenis bygevoeg by die erfenis van die stam waarin hulle getrou het; so sal hulle erfenis dan weggevat word van die erfenis van ons vaders se stam."
5 Mosheh het die seuns van Yisra'el volgens die opdrag van יהוה beveel en gesê: "Wat die stam van die seuns van Yosef sê is reg.
6 Hierdie is wat יהוה aangaande die dogters van Tz'lof'gad beveel het deur te sê: 'Laat hulle trou met wie ook al goed is in hulle oë, maar hulle moet trou net binne die families van die stam van hulle vader.
7 So sal die erfenis van die seuns van Yisra'el nie van stam tot stam oorgaan nie, want die seuns van Yisra'el moet elkeen die erfenis van die stam van sy vaders behou.
8 Elke dogter wat 'n erfenis kry, uit al die stamme van die seuns van Yisra'el, moet trou met een uit die families van die stam van haar vader sodat die seuns van Yisra'el elkeen die erfenis van sy vaders kan besit.
9 So sal dan 'n erfenis nie van een stam na 'n ander stam oorgaan nie, want die stamme van die seuns van Yisra'el moet elkeen sy erfenis vashou.' "
10 Soos יהוה Mosheh beveel het, so het die dogters van Tz'lof'gad gedoen,
11 want Maglah, Tirtza, Hoglah, Milkah en No'ah, die dogters van Tz'lof'gad, het getrou met die seuns van hulle vader se broers.
12 Hulle het getrou in die families van die seuns van M'nasheh, die seun van Yosef en hulle erfenis het gebly in die stam van die familie van hulle vader.
13 Hierdie is die opdragte en die regverdige oordele wat יהוה die seuns van Yisra'el beveel het deur die hand van Mosheh, in die vlaktes van Mo'av by die Yarden oorkant Yerigo.

Die vyfde boek van die Verbond (Tanakh)

Die vyfde boek van die Instruksies (Torah)

# Deuteronomium

(דברימ - D’varim – Woorde)

Die vyf boeke van die Instruksies (Wet) is deur Mosheh saamgestel vanuit oordragte en skrywes van ten minste 10 mense, met die grootste gedeelte deur Mosheh self geskryf.

1 1 Hierdie is die woorde waarmee Mosheh met die hele Yisra'el gepraat het, oorkant die Yarden, in die wildernis, in die vlakte oorkant Suf, tussen Pa'ran, Tofel, Lavan, Hatzerot en Di-Zahav.
2 Dit vat elf dae vanaf Horev na Kadesh-Barnea via die berg Se'ir.
3 In die veertigste jaar, in die elfde maand, op die eerste van die maand, het Mosheh met die seuns van Yisra'el gepraat, volgens alles wat יהוה hom beveel het aangaande hulle,
4 nadat hy Sigon, die koning van die Emoriete, wat in Hesbon gebly het en `Og, die koning van Bashan, wat in `Ashtarot en Edre'i gebly het, verslaan het.
5 Oorkant die Yarden, in die land Mo'av, het Mosheh begin om hierdie wet te verklaar deur te sê:
6 "יהוה, ons God, het met ons by Horev gepraat en gesê: 'Julle het lank genoeg by hierdie berg gebly.
7 Draai en vertrek na die bergland van die Emoriete en na al hulle aangrensende plekke in die vlakte, in die berge, in die laaglande, in die Negev (Suidland) en aan die seekus, na die land van die Kena'aniete en die L'vanon, tot by die groot rivier, die Eufraatrivier.
8 Kyk, Ek het die land voor julle geplaas; gaan in en neem die land in besit, wat יהוה aan julle vaders Avraham, Yitz'gak en Ya'akov met 'n eed beloof het om dit aan hulle te gee en aan hulle nageslag ná hulle.'
9 Ek het met julle in dié tyd gepraat en gesê: 'Ek kan julle nie alleen dra nie.
10 יהוה, julle God, het julle vermenigvuldig en let op, hier is julle vandag soos die sterre van die hemel in getal.
11 Mag יהוה, die God van julle vaders, julle 'n duisend maal meer maak as wat julle is en julle seën soos Hy julle beloof het!
12 Hoe kan ek julle moeilikhede, laste en regsake alleen dra?
13 Kies wyse, verstandige en ervare manne vanuit julle stamme en ek sal hulle leiers oor julle maak.'
14 Julle het my geantwoord en gesê: 'Dit wat u vir ons gesê het, is goed om te doen.'
15 Ek het die hoofde van julle stamme, wyse en ervare manne, gevat en hulle as hoofde oor julle aangestel, heersers oor duisend, heersers oor honderd, heersers oor vyftig, heersers oor tien en opsigters vir julle stamme.
16 Ek het in dié tyd julle regters beveel en gesê: 'Luister na die sake tussen julle broers en oordeel onpartydig opreg tussen 'n man en sy volksgenoot, of die vreemdeling wat by hom is.
17 Julle mag nie partydig wees in oordele nie; [Ya'a 2:9] julle moet die klein sowel as die groot sake aanhoor; julle moenie bang wees vir enige mens nie, want die oordeel is God s'n en enige saak wat vir julle te moeilik is, moet julle na my toe bring en ek sal dit aanhoor.'
18 In daardie tyd het ek julle al die dinge beveel wat julle moet doen.
19 Toe het ons weggetrek van Horev af en deur daardie hele groot en vreeslike wildernis getrek wat julle op pad na die bergland van die Emoriete gesien het, soos יהוה, ons God, ons beveel het en ons het tot by Kadesh-Barnea gekom.

20 Ek het vir julle gesê: ‘Julle het by die bergland van die Emoriete gekom wat יהוה, ons God, vir ons gee.

21 Let op, יהוה, jou God, het die land voor jou geplaas; gaan op en neem dit in besit soos יהוה, die God van jou vaders, vir jou gesê het; moenie bang en ontmoedig wees nie.’

22 Almal van julle het na my toe gekom en gesê: ‘Laat ons manne voor ons uitstuur sodat hulle vir ons die land kan verken en aan ons berig kan bring aangaande die pad waarlangs ons moet optrek en van die stede waarin ons sal kom.’

23 Die saak was goed in my oë sodat ek twaalf man vanuit julle, een man uit elke stam, gevat het.

24 Hulle het weggedraai en opgegaan in die bergland, tot by die vallei van Eshkol en dit verken.

25 Hulle het van die vrugte van die land in hulle hand geneem en dit na ons toe afgebring en aan ons verslag gedoen en gesê: ‘Die land wat יהוה, ons God, aan ons gee, is goed.’

26 Nogtans wou julle nie optrek nie, maar julle het teen die opdrag van יהוה, julle God, gerebelleer

27 en in julle tente gemurmureer en gesê: ‘Omdat יהוה ons haat, het Hy ons uit Mitzrayim uitgelei om ons in die hand van die Emoriete oor te gee, om ons te vernietig.

28 Waarheen moet ons optrek? Ons broers het ons verstand, wil en emosie laat smelt deur te sê: “Dit is ’n volk groter en langer as ons; die stede is groot en tot aan die hemel versterk en boonop het ons ook die seuns van die `Anakiete daar gesien.’”

29 Ek het vir julle gesê: ‘Moenie geskok wees of bang wees vir hulle nie,

30 יהוה, julle God, wat voor julle uitgaan, Hy sal vir julle baklei net soos Hy voor julle oë vir julle in Mitzrayim gedoen het

31 en in die wildernis, waar julle gesien het hoe יהוה, julle God, jul gedra het soos ’n man sy seun dra, op die hele pad wat julle geloop het totdat julle tot by hierdie plek gekom het.’

32 Tog, na al hierdie dinge, het julle nie vertrou in יהוה, julle God,

33 wat voor julle uit getrek het op die pad om vir julle ’n plek uit te soek om julle kamp op te slaan, om die pad vir julle te wys waar julle moet gaan, snags deur die vuur en bedags deur die wolk, nie.

34 יהוה het die klank van julle woorde gehoor en Hy was kwaad en het gesweer en gesê:

35 ‘Nie een van die manne van hierdie bose geslag, sal daardie goeie land sien wat Ek met ’n eed beloof het om aan julle vaders te gee nie,

36 behalwe Kalev, die seun van Y’funneh; hy sal dit sien en aan hom en sy kinders gee Ek die land waarop hy geloop het omdat hy יהוה ten volle gevolg het.’

37 יהוה was ook kwaad vir my as gevolg van julle en het gesê: ‘Selfs jy sal nie daar ingaan nie.

38 Y’hoshua, die seun van Nun, wat voor jou staan, hy sal daar ingaan; bemoedig hom, want hy sal Yisra’el dit laat erf.

39 Meer nog, julle kleintjies en julle seuns, van wie julle gesê het: ‘Hulle sal ’n buit
word,’ wat vandag geen kennis van goed of kwaad het nie, húlle sal daar ingaan,
aan hulle sal Ek dit gee en húlle sal dit in besit neem,
40 maar julle, draai om en vertrek na die wildernis op die pad na die Sufsee.’
41 Toe antwoord julle en sê vir my: ‘Ons het teen יהוה gesondig; ons sal opgaan en
gaan veg, net soos יהוה, ons God, ons beveel het.’ Elkeen het sy oorlogswapens
aangegord en dit as maklik beskou om in die bergland op te gaan
42 en יהוה het vir my gesê: ‘Sê vir hulle: Moenie optrek of veg nie, want Ek is nie
tussen julle nie, anders sal julle voor julle vyande verslaan word.’
43 So het ek met julle gepraat, tog het julle nie geluister nie, maar julle het teen die
opdrag van יהוה gerebelleer en verwaand in die bergland opgetrek
44 en die Emoriete wat in dié bergland gebly het, het uitgetrek teen julle en julle
gejaag soos bye en julle aan stukke geslaan van Se’ir tot by Hormah.
45 Julle het teruggekom en voor יהוה gehuil, maar יהוה wou nie na julle stem luister
nie en het geen gehoor aan julle gegee nie.
46 So het julle, volgens die dae wat julle daar gebly het, baie dae (lank) in Kadesh
gebly.

2 1 Toe het ons gedraai en vertrek na die wildernis, op die pad van die Sufsee, soos
יהוה vir my gesê het en ons het vir baie dae lank om die berg Se’ir getrek.
2 יהוה het met my gepraat en gesê:
3 ‘Julle het lank genoeg om hierdie berg getrek. Draai noordwaarts weg
4 en beveel die volk en sê: ‘Julle is op die punt om te trek deur die grondgebied van
julle broers, die seuns van `Esav, wat in Se’ir bly en hulle sal bang wees vir julle.
Wees daarom baie versigtig.
5 Moet hulle nie uittart nie, want Ek gee aan julle niks van hulle land nie, nie eers
’n plek om jou voetsool neer te sit nie, want Ek het die berg Se’ir vir `Esav as ’n
besitting gegee. [Yir 49:10; `Ova 1:18]
6 Julle moet kos van hulle koop met geld sodat julle kan eet en julle moet ook water
van hulle koop vir geld sodat julle kan drink,
7 want יהוה, jou God, het jou geseën in alles wat jy gedoen het. Hy het jou trek deur
hierdie groot wildernis geken. Vir veertig jaar lank was יהוה, jou God, met jou, jy
het geen tekort gehad nie.’
8 Toe ons verby ons broers getrek het, die seuns van `Esav, wat in Se’ir bly, weg van
die vlakte se pad af, weg van Eilat en `Etzyon-Gever af, het ons weggedraai en
verby getrek op die pad van die wildernis van Mo’av.
9 יהוה het vir my gesê: ‘Moenie vyandskap teenoor Mo’av wys nie en begeef jou nie
in oorlog teen hulle nie, want Ek sal niks van sy land vir jou as besitting gee nie
omdat Ek Ar aan die seuns van Lot as ’n besitting gegee het.’ [Gen 19:37]
10 (Die Emiete het vroeër daar gebly, ’n volk groot en talryk en lank van gestalte soos
die `Anakiete.
11 Hulle word ook as reuse beskou, soos die `Anakiete, maar die Mo’aviete het hulle
Emiete genoem.

12 Die Horiete het vroeër in Se’ir gebly, maar die seuns van `Esav het hulle onteien en hulle voor hulle uit vernietig en in hulle plek gaan bly, net soos Yisra’el gedoen het met die land van sy besitting, wat יהוה aan hulle gegee het.)
13 Staan nou op en trek oor die spruit Zered. Ons het dus oor die spruit Zered getrek.
14 Die tyd wat verbygegaan het vandat ons van Kadesh-Barnea af getrek het totdat ons oor die spruit Zered gegaan het, was agt en dertig jaar totdat die hele geslag van soldate uit die kamp dood is soos יהוה vir hulle gesweer het,
15 want die hand van יהוה was waarlik teen hulle om hulle uit die kamp te vernietig totdat hulle almal vergaan het.
16 So was dit, toe al die soldate volkome onder die volk uit weggesterf het,
17 het יהוה met my gepraat en gesê:
18 ‘Op hierdie dag trek jy oor die grens van Mo’av by Ar
19 en wanneer jy naby die seuns van `Ammon kom, moenie vyandigheid teenoor hulle wys of in stryd met hulle gaan nie, want Ek sal niks van die seuns van `Ammon se land vir jou as besitting gee nie omdat Ek dit aan die seuns van Lot as besitting gegee het. [Rigt 11:4,12,13]
20 (Dit word ook as ’n land van reuse beskou; reuse het vroeër daar gebly, maar die `Ammoniete noem hulle Zamzumiete,
21 ’n volk groot, talryk en lank van gestalte soos die `Anakiete, maar יהוה het dié voor hulle uit vernietig en hulle het hul onteien en in hulle plek gaan bly,
22 net soos Hy vir die seuns van `Esav gedoen het wat in Se’ir bly, toe Hy die Horiete voor hulle uit vernietig het, hulle dié onteien het en in hulle plek gaan bly het tot vandag toe
23 en die `Aviete wat in die dorpies gebly het so ver as Gaza. Hulle het die Kaftoriete wat uit Kaftor afkomstig was, vernietig en in hulle plek gaan bly.)
24 Staan op, vertrek en gaan deur die Arnonvallei. Let op, Ek het Sigon, die koning van Heshbon, die Emoriet en sy land in jou hand gegee. Begin om dit in besit te neem en begeef jou in oorlog teen hom.
25 Op hierdie dag sal Ek begin om die angs en die vrees vir jou op die volke, onder al die hemele, se gesigte te sit, wat die tyding aangaande jou sal hoor en in angs en bewing oor jou sal wees.
26 Ek het boodskappers gestuur uit die wildernis van K’demot na Sigon, die koning van Heshbon, met woorde van vrede en gesê:
27 ‘Laat my deur jou land gaan; ek sal direk op die pad deurgaan; ek sal nie regs of links uitdraai nie.
28 Jy moet kos aan my verkoop vir geld sodat ek kan eet en vir my water gee vir geld sodat ek kan drink; laat my net te voet deurtrek,
29 soos die seuns van `Esav wat in Se’ir bly en die Mo’aviete wat in `Ar bly vir my gedoen het totdat ek deur die Yarden trek, in die land in wat יהוה, ons God, vir ons gee.’
30 Sigon, die koning van Heshbon, wou ons egter nie laat deurtrek nie, want יהוה, julle God, het sy gees hardkoppig gemaak en sy wil, emosie en verstand verhard sodat Hy hom in julle hand kon oorgee, soos dit vandag is.

31 יהוה het vir my gesê: ‘Let op, Ek het begin om Sigon en sy land aan jou oor te gee. Begin om dit in te neem sodat jy sy land kan besit.’
32 Sigon en al sy mense het teen ons uitgetrek, om by Yahatz te veg.
33 יהוה, ons God, het hom aan ons oorgegee sodat ons hom, sy seuns en al sy mense verslaan het.
34 Ons het in dié tyd al sy stede ingeneem en al sy manne, vroue en kinders totaal vernietig in elke stad; ons het niemand laat oorbly nie.
35 Ons het net die vee vir onsself as buit gevat en die buit van die stede wat ons ingeneem het.
36 Vanaf `Aro’er, wat op die kant van die Arnonvallei lê en vanaf die stad in die vallei, tot by Gil’ad, was daar nie een stad te sterk vir ons nie; יהוה, ons God, het alles aan ons oorgegee.
37 Alleenlik naby die land van die seuns van `Ammon het ons nie gekom nie; al langs die Yabbokrivier en die stede van die bergland en oral waar יהוה, ons God, ons beveel het.

3 1 Daarna het ons weggedraai en op die pad na Bashan opgetrek en `Og, die koning van Bashan, het teen ons uitgekom, hy en al sy mense, om by Edre’i te veg.
2 יהוה het vir my gesê: “Moenie vir hom bang wees nie, want Ek het hom, al sy mense en sy land in jou hand gegee. Jy sal met hom doen soos jy gedoen het met Sigon, die koning van die Emoriete, wat in Heshbon gebly het.”
3 So het יהוה, ons God, ook vir `Og, die koning van Bashan en al sy mense in ons hand oorgegee sodat ons hom verslaan het totdat daar van hom geen oorlewendes oor was nie.
4 Ons het in dié tyd al sy stede ingeneem; daar was geen stad wat ons nie van hulle afgeneem het nie: sestig stede, die hele Argov landstreek, die koninkryk van `Og, in Bashan.
5 Al hierdie stede was versterk met hoë mure, poorte en grendels en nog ’n groot menigte ongemuurde dorpies.
6 Ons het hulle volledig vernietig soos ons met Sigon, die koning van Heshbon, gedoen het, deur elke man, vrou en kind in elke stad geheel en al te vernietig
7 en al die vee en die buit van die stede het ons vir onsself gebuit.
8 So het ons in dié tyd die land uit die hand van die twee konings van die Emoriete oorkant die Yarden gevat, vanaf die Arnonrivier tot by die berg Hermon,
9 (die Tzidoniete noem Hermon, Siryon en die Emoriete noem dit S’nir,)
10 al die stede van die vlakte, die hele Gil’ad, die hele Bashan tot by Salkhah en Edre’i, stede van die koninkryk van `Og, in Bashan.
11 (Net `Og, die koning van Bashan, het alleen oorgebly van die reuse. Let op, sy bedkatel was ’n ysterbedkatel. Is dit nie in Rabbah van die seuns van `Ammon nie? Sy lengte is nege el en sy breedte vier el, volgens die el van ’n man.)
12 Ons het besit geneem van hierdie land, in dié tyd: vanaf `Aro’er, by die Arnonvallei en die helfte van die bergland van Gil’ad met sy stede, wat ek aan die Re’uveniete en die Gadiete gegee het.

13 Die res van Gil'ad saam met die hele Bashan, die koninkryk van `Og, het ek vir die halwe stam van Ma'nasheh gegee. Die hele Argov landstreek, met die hele Bashan, word die land van die reuse genoem.
14 Ya'ir, die seun van M'nasheh, het die hele Argov landstreek tot by die grens van die G'shuriete en die Ma'akhatiete gevat en Bashan, na sy eie naam, Havot-Ya'ir, genoem tot vandag toe.
15 Ek het Gil'ad vir Makhir gegee
16 en aan die Re'uveniete en die Gadiete het ek van Gil'ad af tot by die Arnonvallei gegee, met die middel van die vallei as grens, tot by die Yabbokrivier, die grens van die seuns van `Ammon,
17 asook die vlakte, met die Yarden as grens, van Kinneret af tot by die See van die vlakte, die Soutsee, by die voet van die hange van Pisgah, in die ooste.
18 Toe het ek julle bevel gegee in daardie tyd en gesê: 'יהוה, julle God, het aan julle hierdie land gegee, om dit in besit te neem; al die manne wat kan oorlog maak moet gewapend voor jul broers, die seuns van Yisra'el, oortrek,
19 maar julle vroue, julle kinders en julle vee; ek weet dat julle baie vee het; moet in julle stede bly, wat ek vir julle gegee het
20 totdat יהוה aan julle broers rus gegee het, soos aan julle en hulle ook die land besit wat יהוה, julle God, aan hulle oorkant die Yarden gee; dan kan elkeen van julle teruggaan na sy besitting wat ek vir julle gegee het.'
21 Ek het ook vir Y'hoshua in dié tyd beveel en gesê: 'Jou oë het alles gesien wat יהוה, julle God, aan hierdie twee konings gedoen het. So sal יהוה aan al die koninkryke doen waardeur jy trek.
22 Julle moenie vir hulle bang wees nie, want יהוה, julle God, baklei self vir julle.'
23 Ek het in dié tyd tot יהוה gebid en gesê:
24 'O, Meester, יהוה, U het begin om aan U dienskneg U grootheid en U magtige hand te wys, want watter god is daar in die hemele en op die aarde wat werke en magtige dade soos U s'n kan doen?
25 Ek bid, laat my asseblief oortrek en die mooi land sien, wat oorkant die Yarden lê, daardie goeie bergland en L'vanon,'
26 maar יהוה was kwaad vir my, as gevolg van julle en wou nie na my luister nie. יהוה het vir my gesê: 'Genoeg! Moenie verder met My oor hierdie saak praat nie.
27 Klim op na die top van Pisgah en slaan jou oë op na die weste, na die noorde, na die suide en na die ooste en neem dit waar met jou oë, want jy sal nie oor hierdie Yarden gaan nie,
28 maar stel Y'hoshua aan, bemoedig en versterk hom, want hy sal voor hierdie volk uit deurtrek en hy sal hulle die land wat jy sal sien, as erfenis gee.
29 So het ons gebly in die vallei oorkant Beit-P'or.

4 1 Luister nou, Yisra'el, na die voorskrifte en die regverdige oordele wat ek julle leer om te doen sodat julle mag lewe en ingaan en die land wat יהוה, die God van julle vaders, aan julle gee, in besit neem.
2 Julle mag by die boodskap wat ek julle beveel, niks byvoeg nie en ook niks wegvat nie, om die opdragte van יהוה, julle God, te onderhou, [Spr 30:6; Mat 5:17-19] wat ek julle beveel.

3 Julle oë het gesien wat יהוה in die geval van Ba’al-P’or gedoen het, want יהוה, jou God, het al die manne wat agter Ba’al-P’or aangeloop het, onder julle uit vernietig,
4 maar julle wat aan יהוה, julle God, vasgehou het, lewe vandag nog almal.
5 Let op, ek het vir julle voorskrifte en regverdige oordele geleer, net soos יהוה, my God, my beveel het, vir julle om so te doen in die land waarheen julle gaan, om dit te besit.
6 Bewaar en doen hulle, want dit is julle wysheid en julle begrip voor die oë van die mense wat al hierdie voorskrifte sal hoor en sê: “Waarlik, hierdie groot nasie is ’n wyse en begripvolle volk,’
7 want watter groot nasie is daar wie se god so naby aan hulle is soos יהוה, ons God, aan ons is, wanneer ons ook al na Hom roep? Yir 23:23
8 Watter groot nasie is daar wat sulke voorskrifte en regverdige wette het soos hierdie hele wet wat ek vandag voor julle hou?
9 Nogtans, let op na jouself en hou jou lewe ywerig sodat jy die dinge nie vergeet wat jou oë gesien het nie en dat hulle nie uit jou verstand weggaan al die dae van jou lewe nie en maak hulle bekend aan jou kinders en jou kleinkinders.
10 Onthou die dag toe jy voor יהוה, jou God, by Horev gestaan het en יהוה vir my gesê het: ‘Vergader die volk by My sodat Ek hulle My boodskappe kan laat hoor sodat hulle kan leer om My respekvol te vrees al die dae wat hulle op die aarde lewe en hulle hul kinders kan leer.’
11 Julle het nader gekom en by die voet van die berg gaan staan en die berg het met vuur gebrand tot in die middel van die hemele, met duisternis, wolke en dik somberheid
12 en יהוה het met julle vanuit die middel van die vuur gepraat; julle het die klank van die woorde gehoor, maar geen vorm gesien nie, net ’n Stem.
13 Hy het vir julle Sy verbond aangekondig, wat Hy julle beveel het om te doen, dit is, die tien opdragte en dit op twee kliptafels geskryf.
14 יהוה het my in daardie tyd beveel om vir julle voorskrifte en regverdige oordele te leer sodat julle dit kan doen in die land waarin julle oortrek, om dit te besit.
15 Pas jouself versigtig op, want julle het géén vorm gesien op die dag dat יהוה by Horev vanuit die vuur met julle gepraat het nie
16 sodat julle nie korrup optree en vir julle ’n gekerfde beeld maak in die vorm van enige afbeelding, man of vrou,
17 die afbeelding van enige dier op die aarde, of die afbeelding van enige voël wat in die lug vlieg,
18 ’n afbeelding van enigiets wat op die aarde kruip, ’n afbeelding van enige vis wat in die water onder die aarde is, nie
19 en pas op dat jy nie jou oë na die hemele opslaan en as jy die son, die maan, die sterre en die hele leër van die hemel sien, jy nie weggedryf word en voor hulle neerbuig en hulle dien nie, dinge wat יהוה, jou God, aan al die mense onder die ganse hemele toegedeel het.
20 יהוה het julle gevat en julle uitgehaal uit die yster-smeltoond, uit Mitzrayim, om ’n volk te wees, as Sy eie besitting, soos dit vandag is.

21 Nou, יהוה was kwaad vir my, as gevolg van julle en Hy het gesweer dat ek nie oor die Yarden sal gaan en nie sal kom in die goeie land wat יהוה, julle God, jul as erfenis gee nie,
22 want ek sal in hierdie land sterf, ek sal nie oor die Yarden gaan nie, maar julle sal oorgaan en hierdie goeie land in besit neem.
23 Pas julleself op sodat julle die verbond van יהוה, julle God, wat Hy met julle gesluit het, nie vergeet nie en vir julle ’n gekerfde beeld maak in die vorm van enigiets wat יהוה, jou God, jou verbied het,
24 want יהוה, jou God, is ’n verterende vuur, [Heb 12:29] ’n jaloerse God.
25 Wanneer jy die vader word van kinders en kleinkinders en julle lank in die land bly en korrup optree en julle ’n afgod maak in die vorm van enigiets en enige iets gedoen het wat boos is in die oë van יהוה, jou God, om Hom kwaad te maak,
26 dan roep ek die hemele en die aarde vandag as getuies teen julle dat julle sekerlik gou vernietig sal word uit die land, waarheen julle oor die Yarden trek, om dit in besit te neem. Julle sal nie lank daarop lewe nie, maar sal vernietig word tot uitwissing.
27 יהוה sal julle onder die volke verstrooi en ’n klein klompie van julle sal onder die nasies oorbly waarheen יהוה julle sal uitdryf [Rom 11:5]
28 en daar sal julle gode dien, die werk van mensehande, hout en klip, wat nie sien, hoor, eet of ruik nie.
29 Van daar af sal jy יהוה, jou God, soek en jy sal Hom vind as jy Hom met jou hele wil, emosie en verstand en jou hele gees en lewe soek. [Yir 29:13; 1 Kro 28:9]
30 Wanneer jy in nood is en al hierdie dinge oor jou kom, sal jy aan die einde van die dae na יהוה, jou God, terugkeer en na Sy stem luister,
31 want יהוה, jou God, is ’n Magtige God wat omgee; Hy sal jou nie in die steek laat, [Deut 31:6; Heb 13:5] jou nie vernietig nie en Hy sal die verbond met jou vaders, wat Hy aan hulle gesweer het, nie vergeet nie.
32 Inderdaad, doen nou navraag oor die vroeëre dae wat voor jou was, van die dag af dat God die mens op die aarde geskep het en vra van die een einde van die hemele tot by die ander, of iets so groots gebeur het of iets soortgelyks gehoor is.
33 Het enige volk ooit die stem van God vanuit vuur hoor praat, soos jy gehoor het en bly lewe het?
34 Of het ’n god ooit probeer om vir hom ’n nasie uit ’n ander nasie te gaan vat deur toetsinge, tekens, wonders, deur oorlog, deur ’n magtige hand en ’n uitgestrekte arm en deur groot verskrikkinge, soos wat יהוה, julle God, vir julle, voor julle oë, in Mitzrayim gedoen het?
35 Dit is vir jou gewys sodat jy kan weet dat יהוה God is; daar is geen ander buiten Hom nie.
36 Uit die hemele het Hy jou Sy stem laat hoor om jou te onderrig en op die aarde het Hy jou Sy groot vuur laat sien en jy het Sy boodskappe vanuit die vuur gehoor
37 en omdat Hy julle vaders liefgehad het, het Hy hulle saad na hulle gekies en Hy Persoonlik het julle met Sy magtige krag uit Mitzrayim uitgebring,
38 om nasies groter en magtiger as jyself voor jou uit te verdryf, jou in te bring en hulle land aan jou as erfenis te gee, soos dit vandag is.

39 Weet daarom vandag en neem dit ter harte: יהוה, Hy is God, bo in die hemel en onder op die aarde; daar is geen ander nie. Deut 6:4
40 Jy sal daarom Sy voorskrifte en Sy wette hou, wat ek jou vandag beveel sodat dit met jou en jou kinders ná jou goed mag gaan en dat jy lank mag leef in die land wat יהוה, jou God, vir jou gee, vir alle tye.”
41 Toe het Mosheh drie stede afgesonder aan die oostekant van die Yarden
42 sodat hy wat manslag begaan het, daarheen kon vlug, wat sy naaste sonder opset doodgeslaan het terwyl hy in vroeëre tye nie teenoor hom vyandig was nie sodat hy na een van hierdie stede kan vlug en bly lewe.
43 Betzer, in die wildernis, op die plato, vir die Re’uveniete; Ramot in Gil’ad vir die Gadiete en Golan in Bashan vir die M’nashiete.
44 Nou hierdie is die wet wat Mosheh voor die seuns van Yisra’el gehou het.
45 Hierdie is die getuienisse, die voorskrifte en die regverdige oordele wat Mosheh vir die seuns van Yisra’el meegedeel het na hulle uittog uit Mitzrayim,
46 oorkant die Yarden, in die vallei oorkant Beit-P’or, in die land van Sigon, die koning van die Emoriete, wat in Heshbon gebly het, wat deur Mosheh en die seuns van Yisra’el verslaan is, toe hulle uit Mitzrayim gekom het
47 en hulle het sy land in besit geneem en die land van `Og, die koning van Bashan; die twee konings van die Emoriete, wat oorkant die Yarden was, aan die oostekant;
48 van `Aro’er af, wat op die kant van die Arnonvallei lê, tot by die berg Siryon, dit is Hermon
49 en die hele vlakte oos van die Yarden, na die ooste, tot by die See van die Vlakte (Arabah), aan die voet van die hange van Pisgah.

5 1 Mosheh het die hele Yisra’el laat roep en vir hulle gesê: “Luister, Yisra’el, na die voorskrifte en die regverdige oordele wat ek vandag voor julle ore uitspreek sodat julle dit moet leer en dit sorgvuldig moet doen.
2 יהוה, ons God, het by Horev met ons ’n verbond gesluit.
3 יהוה het nie hierdie verbond met ons vaders gesluit nie, maar met ons, met almal van ons wat vandag hier lewe.
4 יהוה het van oog tot oog op die berg, vanuit die vuur, met julle gepraat.
5 In dié tyd het ek tussen יהוה en julle gestaan om aan julle die boodskap van יהוה bekend te maak, want julle was bang as gevolg van die vuur en het nie op die berg opgegaan nie. Hy het gesê:
6 ‘Ek is יהוה, jou God, wat jou uit die land van Mitzrayim, uit die huis van slawerny, uitgelei het.
7 Jy mag geen ander gode in My Teenwoordigheid hê nie.
8 Jy mag vir jou geen afgod of enige afbeelding maak van wat bo in die hemele is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie.
9 Jy mag jou nie voor hulle neerbuig of hulle dien nie, want Ek, יהוה, jou God, is ’n jaloerse, Magtige God wat die oortredinge van die vaders die kinders laat beïnvloed tot by die derde en die vierde geslag van dié wat My haat,
10 maar wat liefdevol omgee vir duisende: dié wat My lief het en My opdragte uitvoer.

11 Jy mag die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה, jou God, nie valslik gebruik nie, want יהוה sal die een wat Sy Naam valslik gebruik, nie ongestraf laat bly nie.
12 Onderhou die Shabbatdag, deur dit af te sonder Heb 4:9 soos יהוה, jou God, jou beveel het.
13 Ses dae moet jy werk en al jou besigheid doen,
14 maar die sewende dag is ’n Shabbat van יהוה, jou God; dan mag jy géén besigheid doen nie; nie jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou os of jou donkie of enige van jou beeste, of die besoeker wat by jou bly nie sodat jou dienskneg en jou diensmaagd kan rus saam met jou.
15 Onthou dat jy in die land van Mitzrayim ’n slaaf was en dat יהוה, jou God, jou daarvandaan uitgelei het deur ’n magtige hand en ’n uitgestrekte arm; daarom het יהוה, jou God, jou beveel om die Shabbatdag te hou.
16 Eer jou vader en jou moeder soos יהוה, jou God, jou beveel het sodat jou dae verleng mag word en dat dit met jou goed mag gaan in die land wat יהוה, jou God, aan jou gee. Mar 7:10; Efe 6:1-3
17 Jy mag nie moord pleeg nie.
18 Jy mag nie egbreuk pleeg nie.
19 Jy mag nie steel nie.
20 Jy mag nie vals getuienis teen jou naaste bring nie.
21 Jy mag jou nie verlustig in jou naaste se vrou nie en jy mag nie jou naaste se huis begeer nie, nie sy landerye of sy dienskneg of sy diensmaagd, sy os of sy esel of enige iets wat aan jou naaste behoort nie.’
22 Hierdie woorde het יהוה tot julle hele vergadering op die berg, uit die vuur, die wolk en die dik duisternis met ’n groot stem gepraat en Hy het niks verder bygevoeg nie. Hy het dit op twee kliptafels geskryf en dit vir my gegee.
23 Toe julle die stem uit die duisternis hoor terwyl die berg met vuur brand, het julle na my toe gekom, al die hoofde van julle stamme en julle oudstes
24 en gesê: ‘Let op, יהוה, ons Magtige God, het ons Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid en Sy Grootheid laat sien en ons het Sy stem uit die vuur gehoor. Vandag het ons gesien dat God met die mens praat en tog lewe hy nog.
25 Waarom moet ons nou sterf? Want hierdie groot vuur sal ons verteer. As ons die stem van יהוה, ons God, nog langer hoor, sal ons sterf,
26 want wie is daar van alle vlees wat die stem van die lewende God uit die vuur hoor praat het soos ons en steeds lewe?
27 Gaan ú nader en luister na alles wat יהוה, ons God, sal sê; sê u dan alles vir ons wat יהוה, ons God, vir u sal sê en ons sal luister en dit doen.’
28 יהוה het die klank van julle woorde gehoor toe julle met my gepraat het en יהוה sê vir my: ‘Ek het die klank van die woorde van hierdie volk, wat hulle met jou gepraat het, gehoor; dit is alles goed wat hulle gesê het.
29 Ag, as hulle so ’n wil, emosie en verstand in hulle gehad het om My respekvol te vrees en al My opdragte altyd te doen sodat dit met hulle en hul seuns vir ewig goed kan gaan!
30 Gaan sê vir hulle: Gaan terug na julle tente toe,

31 maar jy, bly hier by My staan sodat Ek aan jou al die opdragte, die voorskrifte en die regverdige oordele wat jy hulle moet leer, kan meedeel sodat hulle dit kan doen in die land wat Ek hulle gee, om te besit. [Gen 1:26,28; Eks 18:20; Yog 14:5,6,10; Efe 2:10; 4:12]

32 Let op dat julle daarom doen net soos יהוה, julle God, julle beveel het; julle mag nie regs of links afwyk nie.

33 Julle moet loop op al die paaie wat יהוה, julle God, julle beveel het sodat julle kan lewe en dit met julle goed kan gaan en julle jul dae kan verleng in die land wat julle sal besit.

6 1 Hierdie is die opdragte, die voorskrifte en die regverdige oordele wat יהוה, julle God, my beveel het om julle te leer sodat julle dit kan doen in die land waarheen julle oortrek, om dit te besit

2 sodat jy יהוה, jou God, respekvol kan vrees om al Sy reëls en Sy opdragte, wat ek jou beveel, te doen, jy en jou kinders en jou kleinkinders, al die dae van jou lewe en dat jou dae verleng mag word.

3 O, Yisra’el, jy moet luister en wees versigtig om dit te doen sodat dit met jou goed mag gaan en dat julle baie kan vermenigvuldig soos יהוה, die God van jou vaders, jou beloof het, in ’n land wat vloei met melk en heuning.

4 Hoor, luister en doen Yisra’el, יהוה is ons God; יהוה is een. [Deut 4:39; Spr 1:8]

5 Jy moet יהוה, jou God, liefhê met jou hele verstand en wil en met jou hele lewe en met al jou vermoëns. [Deut 10:12; Mat 22:37; Mar 12:29,30; Luk 10:27; Rom 8:28]

6 Hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou verstand, wil en emosie wees.

7 Jy moet dit ywerig vir jou kinders leer [Rig 2:10] en daaroor praat as jy in jou huis sit, as jy op pad is, as jy gaan lê en as jy opstaan. [2 Tim 4:2]

8 Jy moet dit as ’n teken bind op jou hand en dit moet as ’n voorkopband tussen jou oë wees. [Eks 13:9,16; Open 13:16]

9 Jy moet dit op die kosyne van jou huis en op jou hekke skryf,

10 dan sal dit gebeur, wanneer יהוה, jou God, jou inbring in die land, wat Hy aan jou vaders, Avraham, Yitz’gak en Ya’akov met ’n eed beloof het dat Hy vir jou groot en mooi stede sal gee wat jy nie gebou het nie,

11 huise vol allerlei goed, wat jy nie vol gemaak het nie, uitgekapte putte, wat jy nie gegrawe het nie en wingerde en olyfbome, wat jy nie geplant het nie en jy sal eet en versadig wees,

12 wees dan versigtig dat jy יהוה nie vergeet, wat jou uit die land van Mitzrayim, uit die huis van slawerny, uitgebring het nie.

13 Jy moet יהוה, jou God, respekvol vrees, Hom dien [Deut 10:20; Mat 4:10; Luk 4:8] en by Sy Naam (Karakter en Outoriteit) moet jy sweer. [Mat 5:33-37; Mat 23:16-22]

14 Julle mag nie agter ander gode aan gaan; enige van die gode van die volke wat rondom julle is nie

15 sodat die woede van יהוה, julle God, nie teen julle brand en Hy julle van die aarde af vee nie, want יהוה, julle God, is ’n jaloerse, Magtige God tussen julle.

16 Julle mag יהוה, julle God, nie toets [Mat 4:7; Luk 4:12] soos julle Hom by Massah getoets het nie.

17 Julle moet die opdragte van יהוה, julle God, Sy getuienisse en Sy voorskrifte wat Hy julle beveel het, ywerig onderhou.
18 Jy moet doen wat reg en goed is in die oë van יהוה sodat dit met jou goed mag gaan en jy kan ingaan en die goeie land kan besit wat יהוה aan jou vaders met 'n eed beloof het,
19 deur al jou vyande voor jou uit te dryf; soos יהוה gesê het.
20 Wanneer jou seun jou in die toekoms vra en sê: 'Wat beteken die getuienisse, die voorskrifte en die regverdige oordele wat יהוה, ons God, julle beveel het?',
21 dan moet jy aan jou seun sê: 'Ons was slawe van Farao in Mitzrayim en יהוה het ons deur 'n magtige hand uit Mitzrayim uitgebring.
22 יהוה het groot en ontstellende tekens en wonders voor ons oë, in Mitzrayim, aan Farao en sy hele huis gedoen.
23 Hy het ons daarvandaan uitgelei om ons in te bring, om aan ons die land te gee wat Hy aan ons vaders met 'n eed beloof het.
24 יהוה het ons dus beveel om al hierdie voorskrifte na te kom, om יהוה, ons God, respekvol te vrees sodat dit met ons altyd goed mag gaan, vir ons oorlewing, soos dit vandag is.
25 Dit sal onpartydige opregtheid vir ons wees, as ons versigtig is om al hierdie opdragte te hou voor die Teenwoordigheid van יהוה, ons God, net soos Hy ons beveel het.

7 1 Wanneer יהוה, jou God, jou inbring in die land waarheen jy gaan, om dit te besit en Hy baie nasies voor jou uitgegooi het: die Hittiete, Girgashiete, Emoriete, Kena'aniete, P'riziete, Hiviete en Y'vusiete, sewe (7) nasies, groter en magtiger as jy [Hand 13:19]
2 en wanneer יהוה, jou God, hulle aan jou oorgegee het, sal jy hulle verslaan en hulle vernietig tot uitwissing; jy mag geen verbond met hulle maak en hulle geen guns bewys nie
3 en jy mag nie met hulle trou nie; jy mag nie jou dogter gee aan sy seun en nie sy dogter vat vir jou seun nie, [`Ezra 9:12]
4 want hulle sal jou seuns van My af laat wegdraai om ander gode te dien en die woede van יהוה sal teen julle brand en jou vinnig vernietig,
5 maar julle moet hulle so behandel: julle moet hulle altare omgooi, hulle pilare stukkend breek en hulle Astarte beelde omkap en hulle gekerfde beelde met vuur verbrand,
6 want jy is 'n afgesonderde volk tot יהוה, jou God; יהוה, jou God, het jou vanuit al die volke wat op die aarde is, gekies om 'n volk vir Sy eie besit te wees.
7 יהוה het nie Sy liefde op julle gesit of julle gekies omdat julle meer was as al die ander volke nie, want julle was die minste van al die volke,
8 maar omdat יהוה julle lief het en die eed gehou het wat Hy tot julle vaders gesweer het, het יהוה julle met 'n sterk hand uitgelei en julle bevry uit die huis van slawerny, uit die hand van Farao, die koning van Mitzrayim.
9 Weet daarom dat יהוה, jou God, God is, die getroue Magtige God, wat Sy verbond en Sy onverdiende guns hou tot 'n duisendste geslag met dié wat Hom lief het en Sy opdragte gehoorsaam, [Ps 103:18; Yog 14:15; 15:14]

10 maar aan die wat Hom haat, betaal Hy dit terug in hulle gesig, om hulle te vernietig. Hy sal nie terughou teenoor dié wat Hom haat nie, Hy sal hom in sy gesig terugbetaal.
11 Jy moet daarom die opdragte, die voorskrifte en die regverdige oordele wat ek jou vandag beveel, doen.
12 Dan sal dit gebeur omdat jy hierdie regverdige oordele gehoorsaam, hou en doen dat יהוה, jou God, Sy verbond en Sy onverdiende guns met jou sal hou wat Hy aan jou vaders gesweer het
13 en Hy sal jou liefhê en jou seën en jou vermenigvuldig; Hy sal ook die vrug van jou baarmoeder en die vrug van jou land seën, jou graan, jou nuwe wyn en jou olie, die aanteel van jou beeste en die vermeerdering van jou kleinvee, in die land wat Hy aan jou vaders gesweer het om vir jou te gee.
14 Jy sal meer geseënd wees as al die volke; daar sal tussen jou geen man of vrou steriel of onvrugbaar wees nie; nie onder jou of onder jou vee nie.
15 יהוה sal elke siekte van jou af wegvat en jou nie aantas met enige van al die skadelike siektes van Mitzrayim wat jy geken het nie, maar sal dit laat kom op almal wat jou haat.
16 Jy moet al die volke wat יהוה, jou God, aan jou oorgee, vernietig. Jou oog mag hulle nie jammer kry nie en jy mag nie hulle gode dien nie, want dit sal vir jou ’n valstrik wees.
17 As jy in jou hart sou dink: ‘Hierdie nasies is groter as ek, hoe kan ek hulle onteien?’
18 Moenie vir hulle bang wees nie, maar jy moet onthou wat יהוה, jou God, aan Farao en die hele Mitzrayim gedoen het,
19 die groot toetsinge wat jou oë gesien het, die tekens en die wonders en die magtige hand en die uitgestrekte arm waardeur יהוה, jou God, jou uitgebring het. So sal יהוה, jou God, aan al die volke doen waarvoor jy bang is.
20 יהוה, jou God, sal verder ook die perdebye teen hulle stuur totdat hulle wat oorgebly het en wat vir jou wegkruip, sterf.
21 Jy moenie vir hulle bang wees nie, want יהוה, jou God, die groot en gevreesde, Magtige God, is by jou.
22 יהוה, jou God, sal hierdie nasies stukkie vir stukkie voor jou uit verjaag; jy sal nie in staat wees om hulle almal vinnig te vernietig nie, want die wilde diere sal te veel word vir jou,
23 maar יהוה, jou God, sal hulle aan jou oorgee en sal hulle oorwin met groot verwarring totdat hulle uitgewis is.
24 Hy sal ook hulle konings in jou hand oorgee en jy sal hulle naam onder die hemel laat verdwyn. Geen man sal teen jou kan staan totdat jy hulle vernietig het nie.
25 Jy moet die gekerfde beelde van hulle gode met vuur verbrand; die silwer en die goud wat daaraan is, mag jy nie begeer of vir jou vat nie sodat jy nie daardeur verstrik raak nie, want dit is verwerplik vir יהוה, jou God.
26 Jy mag ook geen verwerplike ding in jou huis inbring nie sodat jy nie saam met dit totaal vernietig word nie. Jy moet dit ten diepste verafsku en dit geheel en al haat, want dit is iets wat verban is.

8 1 Al die opdragte, wat ek jou vandag beveel, moet julle versigtig wees om te doen sodat julle mag lewe, vermenigvuldig en dat julle mag ingaan en die land in besit neem, wat יהוה aan julle vaders met ’n eed beloof het.
2 Jy moet die hele pad onthou waarop יהוה, jou God, jou, vir hierdie veertig jaar in die wildernis gelei het, om jou nederig te maak en jou te toets, om te weet wat in jou wil, emosie en verstand is, of jy Sy opdragte sal hou of nie.
3 Hy het jou nederig gemaak, toegelaat dat jy honger ly en jou ‘man hu’ gegee om te eet wat jy en jou vaders nie geken het nie, om julle te laat verstaan dat die mens nie van brood alleen leef nie, maar dat die mens lewe van alles wat uit die mond van יהוה af uitgaan. `Am 8:11; Mat 4:4; Luk 4:4; Yog 6:48-51; 7:37
4 Vir veertig jaar lank het jou klere nie aan jou verslyt en jou voet nie geswel nie.
5 Dus moes jy in jou verstand, wil en emosie geweet het dat יהוה, jou God, jou gedissiplineer het net soos ’n man sy seun dissiplineer; Heb 12:5-11
6 daarom moet jy die opdragte van יהוה, jou God, hou om op Sy paaie te loop en Hom met respek te vrees,
7 want יהוה, jou God, bring jou in ’n goeie land, ’n land van waterstrome, fonteine en diep water, wat uitvloei in valleie en heuwels;
8 ’n land van koring, gars, wingerdstokke, vyebome en granate; ’n land van olyfolie en heuning;
9 ’n land waarin jy brood sonder skaarste sal eet, waarin jy niks sal kortkom nie; ’n land waarvan die klippe yster is en uit wie se berge jy koper kan grawe.
10 Wanneer jy geëet het en versadig is, dan sal jy יהוה, jou God, loof vir die goeie land wat Hy vir jou gegee het.
11 Wees versigtig dat jy יהוה, jou God, nie vergeet deur Sy opdragte, Sy regverdige oordele en Sy reëls wat ek jou vandag beveel, nie te hou nie Mat 24:12
12 sodat jy nie miskien, wanneer jy geëet het en versadig is en mooi huise gebou het en daarin bly,
13 wanneer jou beeste, jou kleinvee, jou silwer, jou goud en alles wat jy het, vermeerder het,
14 dat jou denke, wil en emosie trots word en dat jy יהוה, jou God, vergeet wat jou uit die land van Mitzrayim, uit die huis van slawerny, uitgelei het,
15 wat jou deur die groot en verskriklike wildernis gelei het, deur giftige slange en skerpioene en ’n dorsland sonder water; wat vir jou water uit die harde rots laat kom het;
16 wat jou in die wildernis met ‘man hu’, wat jou vaders nie geken het nie, gevoed het, om jou nederig te maak en jou te toets, om jou ten einde goed te doen
17 en jy in jou verstand, wil en emosie dink: ‘My krag en die sterkte van my hand het vir my hierdie rykdom verkry,’ nie, maar
18 onthou יהוה, jou God, want dit is Hy wat jou krag gee om rykdom te verkry sodat Hy Sy verbond kan bevestig, wat Hy aan jou vaders met ’n eed beloof het, soos dit vandag is. Yir 9:22,23; Hos 12:9; Open 3:17

19 Dit sal wees dat as jy ooit יהוה, jou God, sal vergeet en agter ander gode aanloop, hulle dien en voor hulle neerbuig, dan getuig ek teen julle op hierdie dag dat julle vernietig sal word tot uitwissing,
20 soos die nasies wat יהוה voor julle uit vernietig, so sal julle omkom omdat julle nie na die stem van יהוה, julle God, geluister en dit gedoen het nie.

9 1 Luister, Yisra’el, jy trek vandag deur die Yarden om nasies te onteien wat groter en sterker is as jy, stede wat groot is en tot by die hemel versterk is,
2 ’n groot volk, wat lank is, die seuns van die `Anakiete, wat jy ken en van wie jy gehoor sê het: ‘Wie kan staan voor die seuns van `Anak?’
3 Weet daarom vandag dat יהוה, jou God, die Een is wat voor jou uittrek soos ’n verterende vuur. [Heb 12:29] Hy sal hulle vernietig en hulle voor jou onderwerp sodat jy hulle mag uitdryf en hulle vinnig vernietig, net soos יהוה vir jou gesê het.
4 Nadat יהוה, jou God, hulle voor jou uitgedryf het, moet dan nie in jou gedagtes sê: ‘יהוה het my ter wille van my onpartydige opregtheid ingebring om hierdie land te besit nie,’ maar dit is weens die boosheid van hierdie nasies dat יהוה hulle voor jou onteien.
5 Nie ter wille van jou onpartydige opregtheid of die opregtheid van jou wil, emosie en verstand kom jy in om hulle land te besit nie, maar weens die boosheid van hierdie nasies dat יהוה, jou God, hulle voor jou uit verdryf om sodoende die eed te vervul wat יהוה tot jou vaders, Avraham, Yitz’gak en Ya’akov, gesweer het. [Gen 15:16]
6 Verstaan daarom dat יהוה, jou God, nie ter wille van jou onpartydige opregtheid vir jou hierdie goeie land gee om te besit nie, want jy is ’n hardnekkige volk.
7 Onthou en moenie vergeet hoe jy יהוה, jou God, in die wildernis uitgetart het tot woede nie. Vanaf die dag dat jy die land van Mitzrayim verlaat het totdat julle by hierdie plek gekom het, was julle rebels teen יהוה.
8 Selfs by Horev het julle יהוה uitgetart tot woede sodat יהוה so kwaad was vir julle dat Hy julle sou vernietig het.
9 Toe ek op die berg geklim het om die kliptafels te ontvang, die tafels van die verbond, wat יהוה met julle gesluit het, het ek veertig dae en veertig nagte lank op die berg gebly. Ek het geen brood geëet of water gedrink nie
10 en יהוה het vir my die twee kliptafels gegee wat geskryf is met die vinger van God en waarop al die woorde was, wat יהוה op die berg, uit die vuur, met julle gepraat het, op die dag van die bymekaarkoms.
11 Aan die einde van veertig dae en veertig nagte het יהוה vir my die twee kliptafels gegee, die tafels van die verbond
12 en יהוה het vir my gesê: ‘Staan op, klim vinnig hiervandaan af, want jou volk wat jy uit Mitzrayim uitgelei het, het korrup opgetree; hulle het vinnig afgewyk van die pad wat Ek hulle beveel het; hulle het vir hulle ’n gegote beeld gemaak.’
13 Verder het יהוה met my gepraat en gesê: ‘Ek het hierdie volk gesien en let op, hulle is ’n hardnekkige volk.
14 Laat My staan dat Ek hulle kan vernietig en hulle naam van onder die hemel uitvee en Ek sal van jou ’n nasie maak wat magtiger en meer is as hulle.’

15 Ek het omgedraai en van die berg afgeklim terwyl die berg met vuur brand en die twee tafels van die verbond was in my twee hande
16 en ek het gesien dat julle inderdaad gesondig het teen יהוה, julle God en vir julle 'n gegote kalf gemaak het. Julle het vinnig afgewyk van die pad wat יהוה julle beveel het.
17 Ek het die twee tafels gegryp en dit uit my twee hande gegooi en dit voor julle oë gebreek.
18 Ek het voor die Teenwoordigheid van יהוה neergeval, soos die eerste keer, veertig dae en veertig nagte lank het ek geen brood geëet of water gedrink nie, vanweë al julle sonde wat julle gesondig het deur te doen wat boos is in die oë van יהוה en Hom tot woede uit te tart,
19 want ek was bang vir die woede en die toorn waarmee יהוה vir julle kwaad was, om julle te vernietig, maar יהוה het dié keer ook na my geluister.
20 יהוה was ook kwaad genoeg vir Aharon sodat Hy hom wou vernietig, maar ek het ook vir Aharon in dieselfde tyd gebid.
21 Ek het julle sonde, die kalf wat julle gemaak het, gevat en dit met vuur verbrand, dit stukkend gestamp en fyn gemaal totdat dit so fyn soos stof was en dié stof het ek in die stroom gegooi, wat van die berg afkom. [Eks 32:21-35]
22 Wéér by Tav'erah, by Massah en by Kivrot-HaTa'avah het julle יהוה uitgetart tot woede.
23 Toe יהוה julle uit Kadesh-Barnea gestuur het met die woorde: 'Trek op en neem die land in besit, wat Ek vir julle gegee het,' het julle gerebelleer teen die opdrag van יהוה, julle God en het julle Hom ook nie vertrou of ook nie na Sy stem geluister en dit gedoen nie.
24 Julle was rebels teen יהוה van die dag af dat ek julle ken.
25 Dus het ek met my gesig op die grond neergeval voor die Teenwoordigheid van יהוה, vir veertig dae en veertig nagte omdat יהוה gesê het dat Hy julle wou uitwis.
26 Ek het daarom tot יהוה gebid en gesê: 'O Meester, יהוה, moenie U volk, U erfenis wat U deur U grootheid losgekoop het, wat U uit Mitzrayim uitgelei het, deur 'n magtige hand, vernietig nie.
27 Onthou U diensknegte, Avraham, Yitz'gak en Ya'akov; kyk nie na die hardkoppigheid van hierdie volk of na hulle boosheid of hulle sonde nie
28 sodat die land waaruit U ons gelei het, nie kan sê: 'Omdat יהוה nie in staat was om hulle in die land wat Hy hulle beloof het in te bring nie en omdat Hy hulle haat, het Hy hulle uitgelei om hulle in die wildernis dood te maak,' nie.
29 Nogtans is hulle U volk en U erfenis wat U deur U groot krag en U uitgestrekte arm uitgelei het.

10 1 In dié tyd het יהוה vir my gesê: 'Beitel vir jou twee kliptafels soos die eerstes, maak vir jou 'n ark van hout en klim op met die berg na My toe.
2 Ek sal die woorde op die tafels graveer wat op die eerste tafels was, wat jy gebreek het en jy moet dit in die ark sit.'
3 Ek het 'n ark van akasiahout gemaak en twee kliptafels soos die eerstes gebeitel en op die berg opgeklim met die twee tafels in my hand.

4 Hy het op die tafels, volgens die eerste skrif, tien van die woorde gegraveer wat יהוה op die dag van die byeenkoms, by die berg, vanuit die vuur met julle gepraat het en יהוה het dit vir my gegee.

5 Ek het omgedraai, van die berg afgeklim en die tafels in die ark gesit wat ek gemaak het en hulle is daar, soos יהוה my beveel het.

6 {Die seuns van Yisra’el het van die putte van B’nei-Ya’akan weggetrek na Moserah toe, waar Aharon gesterf het en begrawe is en El’azar, sy seun, het as priester in sy plek gedien.

7 Daarvandaan het hulle weggetrek na Gudgod en van Gudgod na Yotvatah, ’n land van waterstrome.}

8 In daardie tyd het יהוה die stam van Levi afgesonder om die ark van die verbond van יהוה te dra, om voor die Teenwoordigheid van יהוה in Sy diens te staan en in Sy Naam (Karakter en Outoriteit) te seën tot vandag toe;

9 daarom het Levi geen deel of erfenis saam met sy broers nie; יהוה is sy Erfenis, net soos יהוה, jou God, met hom gepraat het. [Yeg 44:28]

10 Net soos die vorige keer, het ek op die berg gebly vir veertig dae en veertig nagte en יהוה het my ook dié keer verhoor en יהוה het ingestem om julle nie te vernietig nie.

11 יהוה het vir my gesê: ‘Staan op, gaan voort om voor die volk uit verder te trek dat hulle kan inkom en die land besit wat Ek aan hulle vaders met ’n eed beloof het om vir hulle te gee.’

12 Nou, Yisra’el, wat vra יהוה, jou God, van jou as net om יהוה, jou God, respekvol te vrees, in al Sy paaie te loop, Hom lief te hê en יהוה, jou God, te dien met jou hele verstand, wil en emosie en met jou hele gees en lewe

13 en om die opdragte van יהוה en Sy reëls wat ek jou vandag beveel, te hou tot jou beswil?

14 Let op, aan יהוה, jou God, behoort die hemel, asook die hoogste hemele, die aarde en alles wat daarin is,

15 tog het יהוה ’n genot in julle vaders gehad, om vir hulle lief te wees en Hy het hulle saad ná hulle gekies, julle, bo al die volke, soos dit vandag is.

16 Besny daarom die voorhuid van julle verstand, wil en emosie en wees nie meer hardnekkig nie, [Deut 30:6; Yir 9:24,25; Yo’el 2:13; Rom 2:26-29; 3:30; 4:10-12; 1 Kor 7:18,19; Gal 2:3; 5:2-6; Kol 2:11]

17 want יהוה, julle God, is God van die gode en Meester van die meesters; die groot Magtige God, kragtig en gevrees, wat die persoon nie aansien en geen omkopery aanvaar nie; [1 Tim 6:15]

18 wat uitspraak gee aan die vaderlose en die weduwee en die vreemdeling lief het deur hom brood en klere te gee;

19 daarom, wys julle liefde vir die vreemdeling, want julle was vreemdelinge in die land van Mitzrayim.

20 Jy moet יהוה, jou God, respekvol vrees, Hom moet jy dien en aan Hom moet jy vashou en by Sy Naam (Karakter en Outoriteit) sweer. [Deut 6:13; Mat 4:10; Luk 4:8]

21 Hy is jou Lofprysing en Hy is jou God, wat vir jou hierdie groot en vreesagtige dinge, wat jou oë gesien het, gedoen het.

22 Met sewentig mense het julle vaders na Mitzrayim afgetrek en nou het יהוה, jou God, jou so veel soos die sterre van die hemel gemaak;

11 1 daarom moet jy יהוה, jou God, liefhê en altyd Sy bevele, Sy reëls, Sy regverdige oordele en Sy opdragte uitvoer.
2 Weet vandag dat ek nie met julle seuns praat wat nie die dissipline van יהוה, julle God, geken en gesien het nie: Sy grootheid, Sy kragtige hand, Sy uitgestrekte arm,
3 Sy tekens en Sy dade wat Hy in Mitzrayim gedoen het aan Farao, die koning van Mitzrayim en aan sy hele land;
4 wat Hy gedoen het aan die leër van Mitzrayim, aan sy perde en aan sy strydwaens; hoe Hy die water van die Sufsee oor hulle laat stroom het terwyl hulle julle agtervolg het en יהוה hulle heeltemal vernietig het;
5 wat Hy vir julle in die wildernis gedoen het om te kom tot op hierdie plek;
6 wat Hy aan Datan en Aviram, die seuns van Eli'av, die seun van Re'uven, gedoen het: hoe die aarde sy mond oopgemaak en hulle saam met hul huisgesinne, hul tente en alles aan hulle voete, tussen die hele Yisra'el uit, ingesluk het,
7 maar julle eie oë het al die groot werke wat יהוה gedoen het, gesien;
8 daarom moet julle elke opdrag hou wat ek jul vandag beveel sodat julle sterk kan wees en ingaan en die land in besit neem waarheen julle oortrek, om dit in besit te neem
9 sodat julle jul dae kan verleng in die land wat יהוה aan julle vaders met 'n eed beloof het om aan hulle en hul nageslag te gee, 'n land wat vloei met melk en heuning,
10 want die land waar jy ingaan om dit te besit, is nie soos die land van Mitzrayim waaruit julle gekom het nie, waar jy jou saad gesaai en per voet, soos in 'n groentetuin, natgelei het, nie,
11 maar die land waarheen julle oortrek, om dit te besit, is 'n land van heuwels en valleie wat van die reën van die hemel water drink;
12 'n land waarvoor יהוה, jou God, sorg; die oë van יהוה, jou God, is altyddeur daarop, van die begin van die jaar af tot die einde van die jaar toe.
13 Dit sal wees, as julle aandag gee om My opdragte, wat Ek julle vandag beveel, te gehoorsaam: om יהוה, julle God, lief te hê en Hom te dien met julle hele verstand, wil en emosie en met julle hele gees en lewe,
14 dan sal Ek die reën vir julle land gee in sy seisoene, vroeë reëns en laat reëns sodat jy jou koring en jou nuwe wyn en jou olie kan insamel. [Gen 8:22]
15 Ek sal gras gee op jou veld vir jou vee en jy sal eet en versadig wees.
16 Wees versigtig dat julle verstand, wil en emosie nie mislei word sodat julle wegdraai, ander gode dien en voor hulle neerbuig nie
17 en die woede van יהוה teen julle brand en Hy die hemel toesluit sodat daar geen reën is en die aarde geen opbrengs gee nie en julle gou vanuit die goeie land wat יהוה julle gee, omkom nie;
18 daarom moet julle hierdie woorde van My in julle verstand en in julle gees ingraveer en dit as 'n teken op julle hand vasbind en dit as 'n voorhoofsband tussen julle oë laat wees.
19 Jy moet dit vir jou seuns leer, deur daaroor te praat as jy in jou huis sit, as jy op pad is, as jy gaan lê en as jy opstaan [Deut 6:7]

20 en skryf dit op die kosyne van jou huis en op jou hekke
21 sodat julle dae en die dae van julle seuns vermenigvuldig kan word, in die land wat יהוה aan julle vaders met ’n eed beloof het om aan hulle te gee, solank as die hemele bo die aarde bly,
22 want as julle versigtig is om al hierdie opdragte te hou, wat Ek julle beveel om te doen: om יהוה, julle God, lief te hê, in al Sy paaie te loop en aan Hom vas te hou,
23 dan sal יהוה al hierdie nasies voor julle uit verdryf en julle sal nasies, wat groter en magtiger is as julleself, onteien.
24 Elke plek waar julle voetsool op trap, sal aan julle behoort; vanaf die wildernis tot by L’vanon, van die rivier, die Eufraatrivier, tot by die Westelike See sal julle grondgebied wees.
25 Geen man sal teen julle kan standhou nie; יהוה, julle God, sal die skrik en vrees vir julle oor die hele land, waarop julle sal loop, laat kom soos Hy julle beloof het.
26 Let op, ek hou julle vandag ’n seën en ’n vloek voor:
27 die seën as julle luister na en die opdragte van יהוה, julle God, wat ek julle vandag beveel, uitvoer
28 en die vloek as julle nie luister na die opdragte van יהוה, julle God en dit nie doen nie, maar wegdraai van die pad wat ek julle vandag beveel, om agter ander gode aan te loop wat julle nie geken het nie.
29 Dit sal gebeur, wanneer יהוה, jou God, jou inbring in die land waarheen jy gaan om dit te besit dat jy die seën op die berg G’rizim moet lê en die vloek op die berg `Eival.
30 Lê hulle nie oorkant die Yarden, aan die westekant, by die sonsondergang, in die land van die Kena’aniete wat in die Vlakte (Aravah) woon, teenoor Gilgal, naby die eike van Moreh nie?
31 Julle is op die punt om oor die Yarden te trek om die land wat יהוה, julle God, aan julle gee in besit te gaan neem en julle sal dit besit en daarin woon.
32 Julle moet versigtig wees om al die voorskrifte en die regverdige oordele wat ek julle vandag gee, na te kom. [2 Kro 7:14]

12 1 Hierdie is die voorskrifte en die regverdige oordele wat julle versigtig sal nakom in die land wat יהוה, die God van jou vaders, jou gee om te besit, solank as wat julle op die aarde lewe.
2 Julle moet al die plekke, waar die nasies wat deur julle onteien gaan word, hulle gode, op die hoë berge en op die heuwels en onder elke groen boom, gedien het, vernietig tot uitwissing.
3 Julle moet hulle altare afbreek, hulle klippilare verbreek, hulle afgesonderde boomstamme met vuur verbrand, die gesnede beelde van hulle gode omkap en hulle naam (karakter en outoriteit) uit dáárdie plek uit vernietig.
4 Julle mag nie so optree teenoor יהוה, julle God, nie,
5 maar julle moet gereeld die plek opsoek wat יהוה, julle God, uit al julle stamme sal uitkies om Sy Naam (Karakter en Outoriteit) daar te vestig en Sy plek om te woon en daarheen moet jy kom.

6 Daarheen moet julle jul brandoffers bring, julle offers, julle tiendes, die offer wat julle oplig met julle hand, julle gelofte offers, julle vrywillige offers en die eersgeborenes van julle beeste en van julle kleinvee.
7 Daar sal julle en jul huisgesinne voor die Teenwoordigheid van יהוה, julle God, eet en vol vreugde wees oor alles waaraan julle jul hand slaan, waarin יהוה, jou God, jou geseën het. Ps 1:3
8 Julle sal geensins doen wat ons vandag hier doen nie: elkeen doen net wat reg is in sy eie oë,
9 want julle het nog nie gekom by die rusplek en in die erfenis wat יהוה, jou God, jou gee nie,
10 maar wanneer julle deur die Yarden getrek het en bly in die land wat יהוה, julle God, julle gee om te erf en Hy julle rus sal gee van al julle vyande rondom sodat julle in veiligheid bly, Heb 4:1-12
11 dan sal die plek waar יהוה, julle God, sal uitkies om Sy Naam (Karakter en Outoriteit) te vestig, daar wees. Daarheen moet julle alles bring wat ek julle beveel: julle brandoffers, julle slagoffers, julle tiendes, die bydraes van julle hand en al julle spesiale offers wat julle aan יהוה as gelofte gee.
12 Julle moet julle verheug voor die Teenwoordigheid van יהוה, julle God, julle, julle seuns, julle dogters, julle slawe, julle slavinne en die Leviet, wat in julle poorte is, want hy het geen deel of erfenis saam met julle nie.
13 Wees versigtig dat jy nie jou brandoffers bring op elke kultiese plek wat jy sien nie,
14 maar op die plek wat יהוה in een van jou stamme sal kies, waar jy jou brandoffers moet offer en daar sal jy alles doen wat ek jou beveel.
15 Jy mag egter binne jou poorte slag en vleis eet, net soos jy begeer, volgens die seën wat יהוה, jou God, jou gegee het; die onreine en die reine mag daarvan eet, net soos van die rooibok (gasel) en die takbok.
16 Net die bloed mag julle nie eet nie; jy moet dit soos water op die grond uitgooi.
17 Jy mag nie binne jou poorte die tiendes van jou koring, jou nuwe wyn, jou olie en die eersgeborenes van jou beeste en jou kleinvee en enige van jou geloftes wat jy sal belowe, jou vrywillige offers en die bydrae van jou hand, eet nie,
18 maar jy moet dit eet voor die Teenwoordigheid van יהוה, jou God, op die plek wat יהוה, jou God, sal kies, jy, jou seun, jou dogter, jou slaaf, jou slavin en die Leviet wat in jou poorte is en jy moet vol vreugde wees voor die Teenwoordigheid van יהוה, jou God, in al jou ondernemings.
19 Wees versigtig dat jy nie die Leviet in die steek laat, solank as jy in jou land lewe nie.
20 Wanneer יהוה, jou God, jou grondgebied vergroot, soos Hy jou belowe het en jy sê: ‘Ek wil vleis eet’ omdat jou liggaam begeer om vleis te eet, dan mag jy net soveel vleis eet as wat jou liggaam begeer.
21 As die plek wat יהוה, jou God, sal kies om Sy Naam (Karakter en Outoriteit) te vestig, te ver van jou af is, dan mag jy van jou beeste en jou kleinvee slag wat יהוה jou gee, soos ek jou beveel het en jy mag in jou poorte eet soveel as jy begeer;

22 soos die rooibok en die takbok geëet word, so moet jy dit eet; die onreine en die reine mag daarvan eet.
23 Wees onveranderlik daarin dat jy nie die bloed eet nie, want die bloed is die lewe en jy mag die lewe nie saam met die vleis eet nie.
24 Jy mag dit nie eet nie; jy moet dit op die grond uitgooi soos water.
25 Jy mag dit nie eet nie sodat dit met jou en jou seuns ná jou goed kan gaan as jy doen wat reg is in die oë van יהוה.
26 Net die afgesonderde dinge wat jy het en jou geloftes moet jy vat na die plek wat יהוה sal kies [Lev 17:3-7; Deut 15:23]
27 en jy moet jou brandoffers, die vleis en die bloed, offer op die altaar van יהוה, jou God en die bloed van jou offers moet teen die altaar van יהוה, jou God, uitgegooi word, maar die vleis kan jy eet.
28 Let op en gehoorsaam al hierdie woorde wat ek jou beveel sodat dit met jou en jou seuns ná jou goed kan gaan, vir altyd, as jy doen wat goed en reg is in die oë van יהוה, jou God.
29 Wanneer יהוה, jou God, die nasies waarheen jy gaan, om hulle te onteien, voor jou afsny en jy hulle onteien het en in hulle land bly,
30 let op dat jy nie in die strik val om hulle te volg nadat hulle voor jou uit vernietig is nie en dat jy nie na hulle gode vra en sê: ‘Hoe het hierdie nasies hulle gode gedien sodat ek dit ook so kan doen?’ nie. [Yir 10:2-4; Yeg 11:12]
31 Jy mag dít nie doen aan יהוה, jou God, nie, want alles wat vir יהוה verwerplik is, wat Hy haat, het hulle vir hulle gode gedoen, want hulle het selfs hulle seuns en hulle dogters in die vuur verbrand vir hulle gode. [Eks 23:24]
32 Wat ek julle ook al beveel, dit moet julle doen; jy mag daar niks byvoeg en daar niks van wegvat nie. [Deut 4:2; Spr 30:6; Mat 5:17-19]

13 1 As ’n profeet of een wat drome droom tussen julle opstaan en julle ’n teken of ’n wonder gee
2 en die teken of wonder kom waar wat hy jou gegee het met die woorde: ‘Laat ons agter ander gode aan loop, wat jy nie geken het nie en hulle dien,’
3 dan moet jy nie luister na die woorde van dié profeet of na dié man wat drome droom nie, want יהוה, julle God, toets julle om te weet of julle יהוה, julle God, lief het met julle hele verstand, wil en emosie en met julle hele gees en lewe.
4 Julle moet יהוה, julle God, volg, Hom respekvol vrees, Sy opdragte uitvoer, Sy stem gehoorsaam, Hom dien en aan Hom vashou.
5 Dié profeet of dié man wat drome droom, moet doodgemaak word, want hy het rebellie verkondig teen יהוה, julle God, wat julle uit die land van Mitzrayim uitgebring en jou uit die huis van slawerny losgekoop het, om jou van die pad af te verlei waarop יהוה, jou God, jou beveel het om te loop. So moet jy die boosheid uit jou midde verwyder. [Deut 18:19-22]
6 As jou broer, die seun van jou moeder, of jou seun of jou dogter of die vrou wat naby jou is, of jou vriend wat soos jou eie lewe is, jou in die geheim verlei en sê: ‘Laat ons gaan en ander gode dien, wat jy en jou vaders nie geken het nie,

7 uit die gode van die volke wat rondom julle is, naby jou of ver van jou af; van die een einde van die aarde tot by die ander einde van die aarde,'
8 dan moet jy nie inwillig en nie na hom luister nie; ook mag jou oog hom nie jammer kry nie en jy mag hom nie spaar en niks om sy ontwil wegsteek nie, [1 Kor 5:13]
9 maar jy moet hom tot die dood teregstel; jou hand moet eerste teen hom wees om hom dood te maak en daarna die hand van die hele volk.
10 Jy moet hom met klippe stenig sodat hy sterf, want hy het probeer om jou te verlei, weg van יהוה, jou God, wat jou uit die land van Mitzrayim, uit die huis van slawerny, uitgelei het.
11 So sal die hele Yisra'el dit hoor en bang wees en nie weer so 'n boosheid onder jou doen nie.
12 As jy iemand in een van jou stede, wat יהוה, jou God, vir jou gee om daarin te bly, hoor sê:
13 'Korrupte manne het vanuit jou uitgegaan en die inwoners van hulle stad verlei deur te sê: Laat ons gaan en ander gode dien, wat julle nie geken het nie,'
14 dan moet jy navraag doen, ondersoek instel en deeglik uitvra en as dit waar is en vasstaan dat hierdie verwerplikheid onder jou gedoen is,
15 dan moet jy die inwoners van dié stad sekerlik verslaan met die skerpte van die swaard deur dit alles uit te wis, alles wat daarin is, asook die vee, met die skerpte van die swaard.
16 Al sy buit moet jy op die stadsplein bymekaarbring en die stad en al die buit volledig met vuur verbrand as 'n volledige brandoffer voor יהוה, jou God. Dit sal vir ewig 'n puinhoop wees, dit mag nooit weer opgebou word nie.
17 Geen van die vervloekte goedere sal aan jou hand vassit nie sodat יהוה Hom van Sy brandende woede kan wegdraai en aan jou onverdiende guns bewys, vir jou omgee en jou vermenigvuldig, soos Hy aan jou vaders met 'n eed beloof het,
18 as jy luister na die stem van יהוה, jou God, al Sy opdragte uitvoer wat ek jou vandag beveel en doen wat reg is in die oë van יהוה, jou God.

14 1 Julle is seuns van יהוה, julle God; julle mag julle ter wille van 'n dooie nie stukkend sny of 'n kaalte op julle voorkoppe skeer nie, [Lev 19:27,28]
2 want julle is 'n afgesonderde volk tot יהוה, julle God en יהוה het julle gekies om 'n volk as Sy eie besitting te wees uit al die volke wat op die aarde is. [Ps 135:4; Tit 2:14]
3 Jy mag niks eet wat verwerplik is nie.
4 Dit is die diere wat julle mag eet: 'n bees, 'n skaap, 'n bok,
5 'n takbok, 'n gasel, 'n gestippelde takbok, 'n wilde bok, 'n ibex, 'n wildsbok, 'n bergskaap
6 en al die diere wat gesplete hoewe het, heeltemal in twee gesplete hoewe en wat herkou onder die diere; dié mag julle eet.
7 Nogtans mag julle nie eet van die wat net herkou of wat net gesplete hoewe het nie: die kameel, die haas en die dassie, want hulle herkou, maar het nie gesplete hoewe nie; hulle is onrein vir julle;
8 die vark is ook vir julle onrein, want hy het gesplete hoewe, maar herkou nie; hy is onrein vir julle. Julle mag nie hulle vleis eet of hulle karkasse aanraak nie.

9 Hierdie mag julle eet van alles wat in die water is: alles wat vinne en skubbe het, mag julle eet,
10 maar wat ook al nie vinne en skubbe het nie, mag julle nie eet nie; dit is onrein vir julle.
11 Julle mag alle rein voëls eet,
12 maar hierdie mag julle nie eet nie: die arend, die aasvoël, die seevalk,
13 die kuikendief, die valk, die kleinvalk volgens sy soorte,
14 elke kraai volgens sy soorte,
15 die volstruis, die grootuil, die seemeeu, die valk volgens sy soorte,
16 die klein-uil, die steunuil en die nonnetjiesuil,
17 die pelikaan, die klein-aasvoël en die visvanger,
18 die groot-sprinkaanvoël, die reier volgens sy soorte, die hoep-hoep en die vlermuis.
19 Al die vlieënde swerms is vir julle onrein; hulle mag nie geëet word nie.
20 Julle mag al die rein voëls eet.
21 Julle mag niks eet wat self doodgegaan het nie; [Lev 11:40] jy mag dit vir die besoeker in jou poorte gee dat hy dit eet, of jy kan dit aan 'n buitelander verkoop, want jy is 'n afgesonderde volk tot יהוה, jou God. Jy mag nie 'n bokkie kook in sy moeder se melk nie.
22 Jy moet sekerlik 'n tiende gee van al die opbrengs van die saad wat die land jaar vir jaar voortbring.
23 Jy moet voor die Teenwoordigheid van יהוה, jou God, op die plek wat Hy sal kies om Sy Naam (Karakter en Outoriteit) daar te laat woon, die tiendes eet van jou koring, van jou nuwe wyn en van jou olie en die eersgeborenes van jou beeste en van jou kleinvee sodat jy kan leer om יהוה, jou God, altyd respekvol te vrees.
24 As die pad vir jou te lank is, as jy dit nie kan vervoer nie omdat die plek wat יהוה, jou God, sal kies om Sy Naam (Karakter en Outoriteit) daar te vestig, te ver van jou af is, wanneer יהוה, jou God, jou geseën het,
25 dan moet jy dit ruil vir geld, die geld in jou hand vat en na die plek gaan wat יהוה, jou God, sal kies.
26 Jy moet die geld spandeer op alles wat jou gees begeer, vir beeste, kleinvee, wyn, sterk drank, vir alles wat jou gees van jou begeer en jy moet daar eet voor die Teenwoordigheid van יהוה, jou God en vol vreugde wees, jy en jou huis. [Num 28:7]
27 Jy mag nie die Leviet wat in jou poorte is, vergeet nie, want hy het geen deel of erfenis saam met jou nie.
28 Aan die einde van elke drie jaar moet jy al die tiendes van jou opbrengs in dié jaar uitbring en dit in jou dorp stoor.
29 Die Leviet, omdat hy geen deel of erfenis saam met jou het nie, die besoeker, die wees en die weduwee wat in jou dorp is, moet kom en hulle moet eet en versadig word sodat יהוה, jou God, jou kan seën in al die werk van jou hand wat jy doen.

15 1 Aan die einde van elke sewe jaar moet jy ’n kwytskelding van skuld laat plaasvind.
2 Dit is hoe die kwytskelding plaasvind: elke skuldeiser moet dit wat hy aan sy naaste geleen het, kwytskeld; hy moet sy naaste en sy broer nie aanmaan nie, want dit is aangekondig as die kwytskelding van יהוה.
3 Jy mag dit van ’n buitelander aanmaan, maar wat by jou broer is, moet jou hand kwytskeld.
4 Nogtans sal daar niemand behoeftig onder julle wees nie, want יהוה sal jou ryklik seën in die land wat יהוה, jou God, jou as erfenis gee, om dit te besit.
5 Slegs as jy gehoorsaam luister na die stem van יהוה, jou God, om al die opdragte wat ek jou vandag beveel versigtig te gehoorsaam,
6 sal יהוה, jou God, jou seën soos Hy jou beloof het sodat jy aan baie nasies sal uitleen, maar self nie leen nie en jy sal oor baie nasies heers, maar oor jou sal hulle nie heers nie.
7 As daar by jou, een uit jou broers, ’n behoeftige is in een van jou dorpe, in jou land wat יהוה, jou God, jou gee, dan moet jy nie jou binneste verhard en jou hand toemaak vir jou behoeftige broer nie,
8 maar jy moet jou hand vrylik oopmaak vir hom en aan hom genoegsaam leen vir sy behoefte, waarin hy ook al tekort kom.
9 Wees versigtig dat daar in jou verstand, wil en emosie geen slegte gedagte is nie en sê: ‘Die sewende jaar, die jaar van kwytskelding, is naby’ en met ’n bose oog na jou broer kyk (suinig wees) en hom niks gee nie; dan mag hy teen jou na יהוה uitroep en dit sal ’n sonde in jou wees.
10 Jy moet gewilliglik aan hom gee en jou gedagtes moenie bedroef wees as jy aan hom gee nie, want ter wille hiervan sal יהוה, jou God, jou seën in al jou werk en in alles waar jy jou hand aan slaan,
11 want die arme sal nie ophou om in die land te wees nie; [Mar 14:7] daarom gee ek jou bevel en sê: Jy moet jou hand wyd oopmaak vir jou broer, vir die arme en die behoeftige in jou land.
12 As jou broer, ’n Hebreeuse man of ’n Hebreeuse vrou, aan jou verkoop word, moet hy jou ses jaar lank dien, maar in die sewende jaar moet jy hom vrymaak
13 en wanneer jy hom vry laat weggaan, moet jy hom nie met leë hande laat weggaan nie.
14 Jy moet hom vrylik voorsien vanuit jou kleinvee, jou dorsvloer en jou wyn pers. Jy moet aan hom gee soos יהוה, jou God, jou geseën het.
15 Jy moet onthou dat jy ’n slaaf in die land van Mitzrayim was en dat יהוה, jou God, jou losgekoop het; daarom beveel ek jou hierdie dinge vandag,
16 As dit gebeur dat hy vir jou sê: ‘Ek wil nie van jou af weggaan nie,’ aangesien hy jou en jou huis lief het omdat dit vir hom goed was by jou,
17 dan moet jy ’n els neem en dit deur sy oor in die deur steek en hy sal jou slaaf wees vir ewig. Met jou slavin moet jy net so doen. [Eks 21:3-6]

18 Dit moenie moeilik in jou oë wees om hom vry te laat weggaan nie, want hy het jou ses jaar lank gedien teen dubbel die diens van ’n dagloner en יהוה, jou God, sal jou seën in alles wat jy doen.
19 Al die eersgeborenes van die manlike geslag wat uit jou beeste en jou kleinvee voortgebring word, moet jy aan יהוה, jou God, afsonder; jy mag nie werk met die eersgeborene van jou beeste nie of die eersgeborene van jou kleinvee skeer nie.
20 Jy en jou huis moet dit jaar vir jaar eet, op die plek wat יהוה sal kies, voor die Teenwoordigheid van יהוה, jou God, [Lev 17:3-7 Deut 12:20-26]
21 maar as daar ’n liggaamsgebrek aan is, dit lam of blind is of enige lelike gebrek het, dan moet jy dit nie aan יהוה, jou God, offer nie.
22 Jy moet dit binne jou poorte eet, soos die rooibok (gasel) en die takbok, die onrein en die rein persoon saam.
23 Jy mag net nie die bloed eet nie; jy moet dit op die grond uitgooi soos water.

16 1 Onderhou die maand Aviv en hou die Pesag tot יהוה, jou God, want in die maand Aviv het יהוה, jou God, jou in die nag uit Mitzrayim uitgebring.
2 Jy moet die Pesag tot יהוה, jou God, offer; van die kleinvee en die beeste, op die plek wat יהוה sal kies om Sy Naam (Karakter en Outoriteit) te vestig.
3 Jy mag niks met suurdeeg daarby eet nie. Sewe dae lank moet jy ongesuurde brode saam eet, die brood van onderdrukking, want jy het haastig uit die land van Mitzrayim uitgetrek sodat jy die dag van jou uittog uit die land van Mitzrayim al die dae van jou lewe kan onthou.
4 Daar mag geen suurdeeg vir sewe dae lank in jou hele grondgebied gesien word nie en niks van die vleis wat jy die eerste dag teen sonsonder slag, mag tot die oggend toe oorbly nie.
5 Jy mag nie die Pesag in enige van jou dorpe wat יהוה, jou God, aan jou gee, slag nie,
6 maar op die plek waar יהוה, jou God, sal kies om Sy Naam (Karakter en Outoriteit) te vestig, moet jy die Pesag slag, in die aand teen sononder, op die aangestelde tyd toe jy uit Mitzrayim uitgekom het.
7 Jy moet dit gaarmaak [Eks 12:8] en eet op die plek wat יהוה, jou God, sal kies en in die oggend moet jy omdraai en na jou tente toe gaan. [2 Kro 30:15-20]
8 Sewe dae lank moet jy ongesuurde brode eet en op die sewende dag is daar ’n ernstige byeenkoms tot יהוה, jou God; dan mag jy geen werk doen nie.
9 Jy moet vir jouself sewe weke tel; vandat die sekel die eerste keer in die ongesnyde graan geslaan word, moet jy sewe weke tel. [Hand 2:1]
10 Dan moet jy die Fees van Weke hou vir יהוה, jou God, met ’n deel van die vrywillige offer van jou hand wat jy sal gee namate יהוה, jou God, jou sal seën.
11 Jy sal jou verheug voor יהוה, jou God, jy, jou seun, jou dogter, jou slaaf, jou slavin, die Leviet wat in jou poorte is, die besoeker, die wees en die weduwee wat by jou is, op die plek wat יהוה, jou God, sal kies om Sy Naam (Karakter en Outoriteit) te vestig.
12 Jy moet onthou dat jy ’n slaaf in Mitzrayim was en jy moet daarop let om hierdie voorskrifte te hou.

13 Jy sal die Fees van Hutte sewe dae lank hou nadat jy van jou dorsvloer en jou wynpers ingevorder het. [Yog 7:2]
14 Jy moet jou verheug in jou fees, jy, jou seun, jou dogter, jou slaaf, jou slavin, die Leviet, die besoeker, die wees en die weduwee wat in jou poorte is.
15 Sewe dae lank moet jy tot יהוה, jou God, fees hou op die plek wat יהוה sal kies, want יהוה, jou God, sal jou seën in al jou opbrengs en in al die werk van jou hande sodat jy ten volle vreugdevol sal wees.
16 Drie maal per jaar moet al jou manne voor die Teenwoordigheid van יהוה, jou God, verskyn op die plek wat Hy sal kies; op die Fees van Ongesuurde Brode, op die Fees van Weke en op die Fees van Hutte en hulle mag nie met leë hande voor die Teenwoordigheid van יהוה verskyn nie. [Yog 5:1]
17 Elkeen sal gee soos hy instaat is, volgens die seën van יהוה, jou God, wat Hy jou gegee het.
18 Jy moet regters en amptenare aanstel in al jou dorpe wat יהוה, jou God, jou gee volgens jou stamme en hulle moet die volk oordeel volgens ’n regverdige oordeel.
19 Jy mag die reg nie verdraai nie; jy mag nie partydig wees of enige omkoopgeskenk aanvaar nie, want die omkoopgeskenk verblind die oë van die wyse en verdraai die woorde van die regverdige.
20 Jy moet onpartydige opregtheid navolg sodat jy kan lewe en die land in besit neem wat יהוה, jou God, jou gee.
21 Jy mag vir jou geen ‘boomstam vir aanbidding’ (Asherah) van enige soort boom plant langs die altaar van יהוה, jou God, wat jy vir jou sal maak nie. [2 Kon 18:4; Yeg 43:8]
22 Jy mag nie vir jou ’n afgesonderde pilaar, wat יהוה, jou God, haat, oprig nie.

17 1 Jy mag geen bees of stuk kleinvee waaraan ’n gebrek of iets slegs is, aan יהוה, jou God, offer nie, want dit is vir יהוה, jou God, verwerplik.
2 As daar tussen jou, in een van jou dorpe wat יהוה, jou God, jou gee, ’n man of ’n vrou gevind word wat boos doen in die oë van יהוה, jou God, deur Sy verbond te oortree,
3 wat ander gode gaan dien en voor hulle neergebuig het, of voor die son of die maan of enige van die leër van die hemele, wat Ek nie beveel het nie
4 en dit is aan jou vertel en jy het dit gehoor en jy het behoorlik ondersoek ingestel en let op, dit is waar en staan vas dat hierdie verwerplike ding in Yisra’el gedoen is,
5 dan moet jy dié man of dié vrou wat hierdie bose ding gedoen het, na jou poorte uitbring en daardie man of vrou met klippe stenig totdat hulle sterf.
6 Wie ook al die dood verdien, sal doodgemaak word op grond van die getuienis van twee of drie getuies; hy mag nie doodgemaak word op grond van die getuienis van een getuie nie. [1 Tim 5:19; Heb 10:28]
7 Die hand van die getuies moet eerste teen hom wees om hom dood te maak, daarna die hand van die hele volk. So moet jy dan die bose uit jou midde uitroei. [1 Kor 5:13]
8 As ’n saak voorkom wat vir jou te swaar is om oor te oordeel, tussen een soort doodslag of ’n ander, tussen een regs-eis en ’n ander of tussen een aanval en ’n ander, sake van strydpunte in jou poorte, dan moet jy opstaan en gaan na die plek wat יהוה, jou God, sal kies

9 en jy moet kom na die Leviete, die priesters en na die regter wat daar in dié dae sal wees en navraag doen en hulle sal vir jou die uitspraak gee oor die saak.

10 Jy moet handel ooreenkomstig die woord wat hulle jou sal gee op dié plek wat יהוה sal kies en jy moet versigtig wees om alles te doen presies soos hulle jou leer.

11 Ooreenkomstig die wet wat hulle jou leer en volgens die oordeel wat hulle jou beveel, moet jy doen; jy mag nie regs of links afwyk van die woord wat hulle aan jou gee nie.

12 Die man wat voorbarig optree deur nie te luister na die priester, wat staan om daar voor יהוה, jou God, te dien, of na die regter, nie; dié man moet sterf. So moet jy dan die bose uit Yisra’el uitroei. [1 Kor 5:13]

13 Die hele volk sal dit hoor en respekvol vrees en nie meer voorbarig optree nie.

14 Wanneer jy in die land, wat יהוה, jou God, jou gee, kom, dit besit, daarin woon en dan sê: ‘Ek wil ’n koning oor my aanstel soos al die nasies wat rondom my is,’

15 dan moet jy ’n koning wat יהוה, jou God, sal kies, oor jou aanstel; een vanuit jou broers moet jy as koning oor jou aanstel; jy mag geen buitelander, wat nie jou broer is, oor jou aanstel nie.

16 Meer nog, hy mag nie vir hom perde vermenigvuldig nie en hy mag die volk nie na Mitzrayim teruglei om perde te vermenigvuldig nie, want יהוה het vir julle gesê: ‘Julle mag nooit weer teruggaan op hierdie pad nie.’ [1 Kon 10:28]

17 Hy mag ook nie vir homself baie vroue vermenigvuldig nie sodat sy verstand, wil en emosie nie weggedraai word nie; hy mag ook nie vir homself baie silwer en goud vermenigvuldig nie.

18 Dit sal ook wees dat as hy op die troon van sy koninkryk sit, hy vir homself ’n afskrif van hierdie wet in ’n boek moet skryf, in die teenwoordigheid van die Levitiese priesters

19 en dit moet by hom wees, hy moet al die dae van sy lewe daaruit lees dat hy kan leer om יהוה, sy God, respekvol te vrees deur al die woorde van hierdie wet en hierdie voorskrifte versigtig te doen

20 sodat sy verstand, wil en emosie nie opgelig word bo sy broers nie en hy van die opdragte nie regs of links afdraai nie sodat hy en sy seuns lank mag voortbestaan in sy koninkryk, binne Yisra’el. [1 Tim 3:6]

18 1 Die Levitiese priesters, die hele stam van Levi, mag geen deel of erfenis saam met Yisra’el hê nie. Hulle sal die offers deur vuur aan יהוה en Sy deel eet.

2 Hulle mag geen erfenis hê onder hul broers nie; יהוה is hulle Erfenis, soos Hy hulle beloof het.

3 Die volgende kom die priesters toe vanaf die volk, van die wat ’n offer bring, of dit ’n bees of ’n stuk kleinvee is: hulle moet aan die priester die blad (skouer), die twee wange (kakebeen) en die maag gee.

4 Jy moet vir hom die eerstelinge van jou graan, jou nuwe wyn, jou olie en die eerstelinge van die skeersel van jou kleinvee gee,

5 want יהוה, jou God, het hom en sy seuns uit al jou stamme gekies, om vir altyd te staan en te dien in die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה

6 en wanneer 'n Leviet uit een van jou dorpe kom, uit die hele Yisra'el waar hy bly en kom met die begeerte van sy wil, verstand en emosie na die plek wat יהוה sal kies,

7 dan moet hy dien in die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה, sy God, soos al sy mede Leviete, wat daar voor die Teenwoordigheid van יהוה staan.

8 Hulle moet gelyke porsies eet, behalwe wat hy verkoop van sy vader se besittings.

9 Wanneer jy kom in die land wat יהוה, jou God, jou gee, moet jy nie leer om die verwerplikhede van daardie nasies na te doen nie.

10 Daar mag niemand onder julle gevind word wat sy seun of sy dogter deur die vuur laat gaan nie, wat waarsêery, toordery, verklaring van voortekens of towery beoefen nie, [Yir 19:5; Yeg 16:21; 23:37]

11 of wat vloeke en bindings toepas, of wat geeste oproep of 'n towenaar, of een wat die dooies raadpleeg nie,

12 want elkeen wat hierdie dinge doen, is verwerplik vir יהוה en as gevolg van hierdie verwerplikhede onteien יהוה, jou God, hulle voor jou uit.

13 Jy moet onberispelik wees voor יהוה, jou God, [Mat 5:48]

14 want hierdie nasies wat jy onteien, het geluister na towenaars en waarsêers, maar wat jou betref, יהוה, jou God, het jou nie toegelaat om dit te doen nie.

15 יהוה, jou God, sal 'n profeet soos ek uit jou midde, uit jou broers, vir jou laat opstaan; na hom moet julle luister [Yog 6:14; Hand 3:23; 7:37]

16 volgens alles wat jy van יהוה, jou God, by Horev gevra het toe jy op die dag van die vergadering gesê het: 'Laat my nie weer die stem van יהוה, my God, hoor nie en hierdie groot vuur nie meer sien nie, anders sal ek sterf.'

17 יהוה het vir my gesê: 'Hulle het goed gepraat.'

18 Ek sal vir hulle 'n profeet soos jy laat opstaan uit die midde van hulle broers en Ek sal My woorde in sy mond lê en hy sal aan hulle sê alles wat Ek hom beveel. [Yog 5:30]

19 Dit sal wees dat Ek dit self sal eis van die man wat nie luister, hoor en My woorde doen, wat hy in My Naam (Karakter en Outoriteit) praat nie, [Yog 5:46; 14:24]

20 maar die profeet wat voorbarig is om 'n woord in My Naam (Karakter en Outoriteit) te praat wat Ek hom nie beveel het om te praat nie, of wat in die naam (karakter en outoriteit) van ander gode praat, dié profeet moet sterf. [Deut 13:1-5]

21 Jy mag in jou verstand sê: 'Hoe sal ons die woord ken wat יהוה nie gepraat het nie?'

22 Wanneer 'n profeet in die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה praat en wat hy gesê het, gebeur nie en kom nie uit nie, dan is dít die woord wat יהוה nie gesê het nie; [Yeg 33:33] deur voorbarigheid het die profeet dit gesê; jy moenie vir hom bang wees nie. [1 Kon 17:24]

19 1 Wanneer יהוה, jou God, die nasies afsny wie se land יהוה, jou God, jou gee en jy hulle onteien het en in hulle stede en in hulle huise bly,

2 moet jy vir jou drie stede opsy sit in jou land wat יהוה, jou God, jou gee om te besit.

3 Jy moet vir jouself paaie voorberei en jou grondgebied wat יהוה, jou God, jou as besitting gee, in drie dele verdeel sodat elkeen wat manslag begaan het, daarheen kan vlug.

4 Dit is die saak vir hom wat manslag begaan het, wat daarheen vlug sodat hy kan lewe: hy wat sy vriend nie opsetlik doodslaan nie terwyl hy hom in die verlede nie gehaat het nie;
5 soos byvoorbeeld hy wat saam met sy vriend in die bos ingaan om hout te kap en sy hand swaai met die byl om die boom af te kap en die yster glip van die steel af en tref sy naaste sodat hy sterf; hy moet na een van hierdie stede vlug om te bly lewe;
6 anders agtervolg die bloedwreker hom wat manslag begaan het en haal hom in omdat die pad lank is en slaan hom dood terwyl sy emosie warm is terwyl hy die dood nie verdien het nie omdat hy hom van gister en eergister af nie gehaat het nie.
7 Ek gee daarom aan jou bevel en sê: ‘Jy moet vir jou drie stede afsonder.’
8 As יהוה, jou God, jou grondgebied vergroot, soos Hy aan jou vaders met ’n eed beloof het en jou die hele land gee wat Hy beloof het om aan jou vaders te gee,
9 as jy versigtig al hierdie opdragte uitvoer wat ek jou vandag beveel om te doen, om יהוה, jou God, lief te hê en altyd op Sy paaie te loop; dan moet jy vir jou nog drie stede byvoeg bo en behalwe hierdie drie
10 sodat geen onskuldige bloed vergiet word binne-in jou land wat יהוה, jou God, jou as besitting gee en skuld vir bloedvergieting op jou kom nie,
11 maar as daar ’n man is wat sy naaste haat en hom voorlê en teen hom opstaan en hom slaan sodat hy sterf en hy na een van hierdie stede vlug,
12 dan moet die oudstes van sy stad stuur en hom daarvandaan laat haal en hulle moet hom in die hand van die bloedwreker oorgee sodat hy kan sterf.
13 Jou oog mag hom nie jammer kry nie, maar jy moet hom doodmaak en die skuld van onskuldige bloedvergieting uit Yisra’el verwyder dat dit met jou goed kan gaan.
14 Jy mag nie jou naaste se landsgrense skuif wat deur die voorvaders getrek is, in jou erfenis wat jy sal erf in die land wat יהוה, jou God, jou gee om te besit nie.
15 ’n Enkel getuie mag nie teen iemand opstaan insake enige oortreding of enige sonde wat hy begaan het nie; deur die getuienis van twee of drie getuies sal ’n saak vasgestel word. [Mat 18:16; Yog 8:17; 2 Kor 13:1; 1 Tim 5:19; Heb 10:28]
16 As ’n kwaadwillige getuie teen iemand opstaan om hom te beskuldig dat hy verkeerd gedoen het,
17 dan moet die twee manne wat die verskil het, gaan staan voor die Teenwoordigheid van יהוה, voor die priesters en die regters wat aangestel is in dié dae.
18 Die regters moet deeglik ondersoek instel en as die getuie ’n valse getuie is en vals teen sy broer getuig het,
19 dan moet julle met hom doen soos hy gedink het om met sy broer te doen; so sal jy die bose uit jou midde uitroei. [1 Kor 5:13]
20 Die ander sal hoor en bang wees en sal nooit weer so ’n boosheid onder julle doen nie.
21 Jou oog mag nie jammer kry nie: lewe vir lewe, oog vir oog, tand vir tand, hand vir hand, voet vir voet. [Eks 21:24; Mat 5:38]

20 1 Wanneer jy uitgaan om te veg teen jou vyand en perde, strydwaens en mense meer in getal as jy sien, moenie vir hulle bang wees nie, want יהוה, jou God, wat jou uit die land van Mitzrayim laat optrek het, is by jou. Yir 1:17
2 Wanneer jy die geveg nader, moet die priester naderkom en met die mense praat
3 en hy moet vir hulle sê: ‘Luister, Yisra’el, julle trek vandag op om te veg teen julle vyande; laat julle binneste nie sag word nie, moenie bang wees, bewe en vreesbevange voor hulle wees nie,
4 want dit is יהוה, julle God, wat voor julle gaan om te veg teen julle vyande, om julle te bevry.’
5 Die offisiere moet met die mense praat en sê: ‘Watter man is daar wat ’n nuwe huis gebou en dit nie ingewy het nie? Laat hom teruggaan huis toe dat hy nie in die oorlog sterf en ’n ander man dit inwy nie.
6 Watter man is daar wat ’n wingerd geplant het en nog nie sy vrugte begin gebruik het nie? Laat hom teruggaan huis toe dat hy nie in die oorlog sterf en iemand anders dit gebruik nie.
7 Watter man is daar wat aan ’n vrou verloof is en haar nog nie by hom gevat het nie? Laat hom teruggaan huis toe dat hy nie in die oorlog sterf en iemand anders haar vat nie.’
8 Die offisiere moet verder met die volk praat en sê: ‘Watter man is daar wat bang en sag in sy binneste is? Laat hom teruggaan huis toe dat die binneste van sy broers nie sag word soos syne nie.’
9 Wanneer die offisiere klaar met die mense gepraat het, moet hulle leërbevelvoerders aan die hoof van die mense aanstel.
10 Wanneer jy naby ’n stad kom om daarteen te veg, moet jy vredesvoorwaardes vir dit aanbied.
11 As dit instem om vrede met jou te maak en vir jou oopmaak, moet al die mense wat daarin gevind word jou dwangarbeid word en jou dien,
12 maar as die stad nie vrede met jou wil maak nie, maar oorlog teen jou wil voer, moet jy dit omsingel.
13 Wanneer יהוה, jou God, dit in jou hand gegee het, moet jy al die manne daarin met die skerpte van die swaard verslaan,
14 maar die vroue, die kinders, die vee en alles wat in die stad is; al die buit moet jy vir jou roof en jy moet die buit van jou vyande gebruik wat יהוה, jou God, jou gegee het.
15 So moet jy met al die stede maak wat baie ver van jou af is, wat nie van die stede van hierdie nasies naby jou is nie.
16 Net in die stede van hierdie volke wat יהוה, jou God, jou as besitting gee, moet jy niks wat asem het, laat lewe nie,
17 maar jy moet hulle vernietig om hulle uit te wis: die Hittiete, Emoriete, Kena’aniete, P’riziete, Hiviete en Y’vusiete, soos יהוה, jou God, jou beveel het
18 sodat hulle julle nie leer om te doen volgens al hulle verwerplikhede wat hulle vir hul gode gedoen het en julle teen יהוה, julle God, sondig nie.

19 As jy ’n stad vir lank beleër deur oorlog daarteen te voer om dit te verower, moet jy sy bome nie verwoes deur die byl daarteen te swaai nie; as jy daarvan kan eet moet jy dit nie afkap nie, want is die bome van die veld dan mense dat hulle deur jou beleër moet word?
20 Net bome waarvan jy weet dat dit nie bome vir kos is nie, dié mag jy verwoes en afkap om stellasies te bou teen die stad wat teen jou oorlog voer totdat dit val.

21 1 As ’n doodgemaakte persoon in die veld gevind word, in die land, wat יהוה, jou God, jou gee, om dit te besit en dit is nie bekend wie hom gedood het nie,
2 dan moet jou oudstes en jou regters uitgaan en die afstand meet na die stede wat rondom die een lê wat gedood is.
3 Dit sal wees dat die oudstes van dié stad wat die naaste lê aan hom wat gedood is, ’n verskalf sal vat waarmee nie gewerk is en wat nie in ’n juk getrek het nie.
4 Die oudstes van dié stad moet die verskalf afbring na ’n vallei met ’n vloeiende stroom waarin nie geploeg of gesaai is nie en hulle moet die vers se nek daar in die vallei breek.
5 Dan moet die priesters, die seuns van Levi, naderkom, want יהוה, jou God, het hulle gekies om Hom te dien en om in die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה te seën en volgens hulle uitspraak moet elke verskil en aanval besluit word.
6 Al die oudstes van dié stad wat die naaste woon aan hom wat gedood is, moet hulle hande was oor die vers waarvan die nek in die vallei gebreek is
7 en hulle moet antwoord en sê: ‘Ons hande het nie hierdie bloed vergiet nie en ons oë het dit nie gesien nie.
8 Vergewe U volk Yisra’el, wat U losgekoop het, O יהוה en moenie die skuld van onskuldige bloed tussen U volk Yisra’el plaas nie.’ Die skuld vir bloedvergieting sal hulle vergewe wees.
9 So sal jy die skuld van onskuldige bloed uit jou midde verwyder, as jy doen wat reg is in die oë van יהוה.
10 Wanneer jy in geveg uittrek teen jou vyande en יהוה, jou God, hulle in jou hand gee en jy hulle as gevangenes wegvoer
11 en jy onder die gevangenes ’n vrou sien wat mooi is en jy haar begeer en haar as vrou vir jou wil vat,
12 dan moet jy haar in jou huis inbring en sy moet haar kop skeer en haar naels knip.
13 Sy moet die klere van haar gevangenskap uittrek, in jou huis bly en treur oor haar vader en haar moeder, vir ’n volle maand lank. Daarna kan jy by haar ingaan en haar man wees en sy sal jou vrou wees.
14 Dit sal wees dat as jy nie tevrede is met haar nie, moet jy haar vrylaat, net waar sy wil, maar jy mag haar sekerlik nie vir geld verkoop nie, jy mag haar nie sleg behandel nie omdat jy haar verneder het.
15 As ’n man twee vroue het, een wat hy lief het en een wat hy nie lief het nie en sowel die een wat hy lief het en die een wat hy nie lief het nie gee vir hom geboorte aan seuns en die eersgebore seun behoort aan die vrou wat hy nie lief het nie,

16 dan sal dit wees op die dag as hy sy seuns sy besittings laat erf dat hy nie die seun van die vrou waarvoor hy lief is, die eersgeborene kan maak tot nadeel van die seun van die vrou waarvoor hy nie lief is, wat die eersgeborene is, nie
17 maar hy moet die eersgeborene, die seun van die vrou waarvoor hy nie lief is nie, erken deur aan hom ’n dubbele deel te gee van alles wat hy besit, want hy is die begin van sy krag: die eersgeboortereg is syne.
18 As iemand ’n hardkoppige en rebelse seun het, wat nie luister na die stem van sy vader of sy moeder nie en as hulle hom dissiplineer, hy nie na hulle luister nie,
19 dan moet sy vader en sy moeder hom vat en hom uitbring na die oudstes van sy stad, na die poort van sy tuisdorp
20 en hulle moet aan die oudstes van sy stad sê: hierdie seun van ons is hardkoppig en rebels, hy wil ons nie gehoorsaam nie, hy is losbandig en ’n dronkaard.
21 Dan moet al die manne van sy stad hom stenig tot die dood. So moet jy die boosheid uit jou midde uitroei en die hele Yisra’el sal dit hoor en vrees. [1 Kor 5:13]
22 As ’n persoon ’n sonde doen wat die doodstraf verdien en hy gedood word en jy hom aan ’n boom ophang, [Hand 5:30]
23 dan mag sy lyk nie oornag aan die boom hang nie, maar jy moet hom sekerlik diéselfde dag nog begrawe, want een wat opgehang is, is deur God vervloek sodat jy nie jou land wat יהוה, jou God, jou as erfenis gee, verontreinig nie. [Hand 13:29; Gal 3:13]

22 1 Jy mag nie die bees of stuk kleinvee van jou landgenoot sien wegdwaal en jou nie daaraan steur nie; jy moet hulle terugdraai om te herstel aan jou landgenoot.
2 As jou landgenoot nie naby jou is nie of jy hom nie ken nie, moet jy dit na jou huis toe vat en dit moet by jou bly totdat jou landgenoot dit soek; dan moet jy dit vir hom teruggee.
3 So moet jy ook doen met sy donkie, so moet jy doen met sy kledingstuk en so moet jy doen met alles wat van jou landgenoot wegraak, wat hy verloor en wat jy vind; jy mag dit nie ignoreer nie.
4 Jy mag nie jou landgenoot se donkie of sy bees neergeval sien op die pad en jou nie daaraan steur nie; jy moet hom help om dit op te lig.
5 ’n Vrou mag nie mansklere dra nie en ’n man mag geen vroueklere aantrek nie, want wie dit ook al doen, is vir יהוה, jou God, verwerplik.
6 As daar ’n voëlnes voor jou op die pad is in enige boom of op die grond, met voëltjies of eiers terwyl die moeder op die voëltjies of op die eiers sit, mag jy die moeder nie saam met die kleintjies wegvat nie.
7 Jy moet die moeder sekerlik laat wegvlieg dat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag lewe, maar die kleintjies mag jy vir jou vat.
8 Wanneer jy ’n nuwe huis bou, moet jy ’n reling aan jou dak maak sodat jy nie die skuld van bloed op jou huis bring as iemand daarvan afval nie.
9 Jy mag nie twee soorte saad in jou wingerd saai nie, of die volle opbrengs van die saad wat jy gesaai het en die vermenigvuldiging van die wingerd, sal onrein word.
10 Jy mag nie met ’n os en ’n donkie saam ploeg nie.
11 Jy mag geen materiaal van wol en linne, wat saam gemeng is, aantrek nie.

12 Jy moet vir jou gevlegde tossels maak aan die vier hoeke van die kledingstuk waarmee jy jouself bedek. Num 15:38,39; Mat 23:5
13 As ’n man ’n vrou vat en by haar ingaan en dan teen haar draai
14 en haar beskuldig van skandelike dade en haar openlik slegmaak en sê: ‘Ek het hierdie vrou gevat en toe ek naby haar kom, het ek haar nie ’n maagd gevind nie,’
15 dan moet die vader en die moeder van die dogter die getuienis van die dogter se maagdom vat en dit na die oudstes van die stad by die poort uitbring.
16 Die vader van die dogter moet aan die oudstes sê: ‘Ek het my dogter aan hierdie man as vrou gegee, maar hy het teen haar gedraai
17 en let op, hy het haar beskuldig van skandelike dade deur te sê: “Ek het nie gevind dat jou dogter ’n maagd is nie,” maar hierdie is die bewys van my dogter se maagdom’ en hulle moet die kledingstuk voor die oudstes van die stad uitsprei.
18 Die oudstes van die stad moet die man vat en hom dissiplineer
19 en hom ’n boete van honderd sikkels silwer oplê en dit aan die vader van die dogter gee omdat hy ’n jongmeisie van Yisra’el openlik beswadder het en sy sal sy vrou bly; hy mag haar nie skei solank as hy lewe nie.
20 As die beskuldiging egter waar is dat die dogter nie ’n maagd bevind is nie,
21 dan moet hulle die dogter na die deur van haar vader se huis uitbring en die manne van haar stad moet haar stenig tot die dood omdat sy ’n skandelike daad in Yisra’el begaan het deur in die huis van haar vader te hoereer. So moet jy dan die bose uit jou midde uitroei.
22 As ’n man betrap word terwyl hy by ’n getroude vrou lê, moet hulle altwee sterf: die man wat by die vrou lê en die vrou. So moet jy dan die bose uit Yisra’el uitroei.
23 As ’n meisie, ’n maagd wat aan ’n man verloof is, deur ’n ander man in die stad gekry word en hy by haar lê,
24 dan moet jy hulle altwee na die poort van die stad uitbring en hulle stenig tot die dood; die meisie omdat sy in die stad nie uitgeskree het nie en die man omdat hy die vrou van sy naaste onteer het. So moet jy dan die bose uit jou midde uitroei,
25 maar as die man die verloofde meisie in die veld kry en die man hom op haar afdwing en by haar lê, moet die man wat by haar gelê het, alleen sterf,
26 maar aan die dogter moet jy niks doen nie: daar is in die dogter geen sonde wat die dood verdien nie, want soos wanneer ’n man teen sy naaste opstaan en hom doodslaan, so is hierdie geval.
27 Toe hy haar in die veld gekry het, het die verloofde meisie geskree, maar daar was niemand om haar te red nie.
28 As ’n man ’n meisie, ’n maagd wat nie verloof is nie, kry, haar beetkry en by haar lê en hulle word betrap,
29 dan moet die man wat by haar gelê het aan die vader van die meisie vyftig sikkels silwer gee en sy moet sy vrou wees omdat hy haar onteer het; hy mag haar nie skei solank as hy lewe nie.
30 ’n Man mag nie die vrou van sy vader vat nie en ook nie sy vader se kleed ontbloot nie. Deut 27:20

23 1 Niemand wat seksueel losbandig leef, mag in die vergadering van יהוה kom nie. [1 Kor 6:9; Heb 13:4; Open 2:14]
2 Niemand wat gemeng (Jood / nie-Jood) gebore is, mag in die vergadering van יהוה kom nie; nie een van sy nageslag, selfs tot in die tiende geslag mag in die vergadering van יהוה kom nie.
3 Geen `Ammoniet of Mo'aviet mag in die vergadering van יהוה kom nie; nie een van sy nageslag, selfs tot in die tiende geslag mag ooit in die vergadering van יהוה kom nie [Neg 13:1]
4 omdat hulle julle, by jul uittog uit Mitzrayim, nie met brood en water op die pad ontmoet het nie en omdat hulle Bil'am, die seun van B'or, uit P'tor in Aram-Naharayim, teen jou gehuur het om jou te vervloek. [Deut 25:17-19]
5 Nogtans was יהוה, jou God, nie gewillig om na Bil'am te luister nie, maar יהוה, jou God, het vir jou die vloek in 'n seën verander omdat יהוה, jou God, jou lief het.
6 Jy mag nooit hulle vrede en hulle voorspoed soek, solank as jy lewe nie.
7 Die Edomiet mag jy nie verag nie, want hy is jou broer; die Mitzrayimiet moet jy nie verag nie, want jy was 'n vreemdeling in sy land.
8 Die seuns wat vir hulle in die derde geslag gebore word, mag in die vergadering van יהוה kom.
9 Wanneer jy as leër teen jou vyande uittrek, moet jy jou van elke bose ding weerhou.
10 As daar iemand onder jou is wat weens 'n onverwagte gebeurtenis in die nag onrein is, moet hy uit die kamp uitgaan; hy mag nie in die kamp inkom nie,
11 maar dit sal wees, as die aand naderkom, moet hy homself in water bad en teen sonsonder mag hy teruggaan in die kamp.
12 Jy moet ook buitekant die kamp 'n plek hê en daarheen uitgaan
13 en jy moet by jou gereedskap 'n graaf hê; as jy buitekant gaan sit, moet jy daarmee grawe, omdraai en jou uitskeiding toegooi.
14 Aangesien יהוה, jou God, midde-in jou kamp loop om jou te bevry en jou vyande voor jou te verslaan; daarom moet jou kamp afgesonder wees en Hy moet niks afstootliks by jou sien nie of Hy sal van jou af wegdraai.
15 Jy mag nie 'n slaaf wat van sy meester af na jou toe ontsnap het, aan sy meester oorhandig nie.
16 Hy sal by jou bly, in jou midde, in die plek wat hy in een van jou dorpe sal kies, waar dit vir hom goed is; jy mag hom nie sleg behandel nie.
17 Geen dogter van Yisra'el mag 'n kultusprostituut wees nie en geen seun van Yisra'el mag 'n kultusprostituut wees nie.
18 Jy mag nie die huur van 'n hoer of die beloning van 'n hond (manlike prostituut) in die huis van יהוה, jou God, as enige offer van belofte bring nie, want dié altwee is verwerplik vir יהוה, jou God.
19 Jy mag jou landgenoot geen rente oplê nie, rente op geld, kos of enigiets wat 'n mens teen rente uitleen nie.

20 Jy mag rente vra van die buitelander, maar jou landgenoot mag jy geen rente oplê nie sodat יהוה, jou God, jou kan seën in alles wat jy onderneem in die land waarin jy gaan, om dit te besit.
21 Wanneer jy aan יהוה, jou God, ’n gelofte doen, [Num 30:2] moet jy nie uitstel om dit te betaal nie, want dit sal sonde in jou wees en יהוה, jou God, sal dit sekerlik van jou vereis;
22 daarenteen, as jy nalaat om te belowe, sal dit geen sonde in jou wees nie.
23 Jy moet versigtig wees om te doen wat oor jou lippe gaan, net soos jy aan יהוה, jou God, vrywillig oorgegee het, wat jy beloof het.
24 Wanneer jy jou naaste se wingerd binnegaan, mag jy druiwe eet totdat jy versadig is, maar jy mag niks in jou mandjie pak nie.
25 Wanneer jy jou naaste se staande graan binnegaan, mag jy met jou hand are afpluk, maar jy mag nie ’n sekel swaai in die ongesnyde graan van jou naaste nie.

24 1 Wanneer ’n man ’n vrou vat en met haar trou en dit gebeur dat sy geen guns in sy oë vind nie omdat hy iets skandeliks aan haar gevind het en hy skryf vir haar ’n skeibrief, dit in haar hand gee, haar uit sy huis wegstuur, [Mat 5:31; 19:7; Mar 10:4]
2 sy sy huis verlaat en weggaan en ’n ander s’n word
3 en as dié laaste man teen haar draai en vir haar ’n skeibrief skryf en dit in haar hand gee en haar uit sy huis uit wegstuur, of as dié laaste man sterf wat haar vir hom as vrou gevat het,
4 dan word die eerste man wat haar weggestuur het, nie toegelaat om haar weer te vat om sy vrou te wees nie, aangesien sy onrein geword het, want dit is verwerplik voor יהוה en jy mag nie sonde bring op die land wat יהוה, jou God, jou as erfenis gee nie.
5 Wanneer ’n man ’n nuwe vrou gevat het, mag hy nie saam met die leërmag uittrek of enige diens op hom gelê word nie; een jaar lank moet hy vry wees, by sy huis en geluk en vreugde aan sy vrou, wat hy gevat het, gee.
6 Niemand mag die handmeul of die boonste maalklip as pand neem nie, want hy sou ’n lewe vat as pand.
7 As iemand gevang word wat ’n persoon uit sy landgenote, uit die seuns van Yisra’el, ontvoer, hom gewelddadig behandel of hom verkoop, dan moet dié dief sterf. So moet jy die boosheid uit jou midde uitroei. [1 Kor 5:13]
8 Wees versigtig dat jy noukeurig handel volgens alles wat die Levitiese priesters julle leer aangaande ’n infeksie van melaatsheid; soos ek hulle beveel het, so moet julle dit versigtig doen.
9 Onthou wat יהוה, jou God, op die pad, toe julle uit Mitzrayim uitgekom het, aan Miryam gedoen het.
10 Wanneer jy aan jou naaste enigiets leen, mag jy nie in sy huis ingaan om sy pand te gaan haal nie.
11 Jy moet buite bly staan en die man aan wie jy die lening maak, moet die pand uitbring na jou toe.
12 As hy ’n arm man is, moet jy nie met sy pand gaan slaap nie.

13 Wanneer die son ondergaan moet jy beslis die pand aan hom teruggee sodat hy in sy kleed kan slaap en jou seën en dit sal onpartydige opregtheid vir jou wees voor יהוה, jou God.

14 Jy mag nie ’n gehuurde dienskneg, of hy een van jou landgenote of een van jou vreemdelinge wat in jou land of in jou dorpe is, onderdruk wat arm en behoeftig is nie.

15 Jy moet hom sy loon gee op die dag self, voordat die son ondergaan, want hy is arm en sy begeerte is daarna sodat hy nie teen jou tot יהוה roep en dit sonde in jou word nie.

16 Vaders mag nie vir die seuns doodgemaak word en seuns mag nie vir die vaders doodgemaak word nie; [Eks 32:33; 2 Kon 14:6; Yir 31:30; Yeg 18:4,20] elkeen moet vir sy eie sonde doodgemaak word.

17 Jy mag nie die reg wat ’n vreemdeling en die wees toekom verdraai nie en ook nie die kledingstuk van ’n weduwee as pand neem nie,

18 maar jy moet onthou dat jy ’n slaaf was in Mitzrayim en dat יהוה, jou God, jou daaruit losgekoop het; daarom beveel ek jou om hierdie ding te doen.

19 Wanneer jy jou oes op jou land insamel en ’n gerf op die land vergeet, mag jy nie teruggaan om dit te gaan haal nie; dit sal wees vir die vreemdeling, die wees en die weduwee sodat יהוה, jou God, jou kan seën in al die werk van jou hande. [Rut 2:2,3]

20 Wanneer jy jou olyfbome afslaan, moet jy nie weer oor die takke gaan nie; dit sal wees vir die vreemdeling, die wees en die weduwee.

21 Wanneer jy die druiwe bymekaarmaak uit jou wingerd, moet jy nie weer daaroor gaan nie; dit sal wees vir die vreemdeling, die wees en die weduwee.

22 Jy moet onthou dat jy ’n slaaf was in die land van Mitzrayim; daarom beveel ek jou om hierdie ding te doen.

25 1 As daar ’n geskil tussen manne is en hulle gaan hof toe en die regters besluit oor hulle saak en die regverdige word onskuldig verklaar en die bose oortreder veroordeel,

2 dan sal dit wees as die bose oortreder slae verdien dat die regter hom moet laat lê en hom in sy teenwoordigheid moet laat slaan met ’n aantal houe ooreenkomstig sy skuld.

3 Hy mag hom met veertig houe slaan, nie meer nie sodat hy hom nie met baie meer houe as dit slaan en jou broer nie verneder word voor jou oë nie.

4 Jy mag ’n os nie muilband terwyl hy graan dors nie. [Luk 10:7; Gal 6:6; 1 Kor 9:9; 1 Tim 5:18]

5 Wanneer broers bymekaar woon en een van hulle sterf sonder ’n seun, dan mag die vrou van die oorledene nie na buite ’n vreemde man s’n word nie; haar man se broer moet by haar ingaan en haar as sy vrou vat en die plig van ’n man se broer vir haar uitvoer. [Gen 38:8; Mat 22:24; Mar 12:19; Luk 20:28]

6 Dit sal wees dat die eersgeborene waaraan sy geboorte gee, die naam van sy oorlede broer moet aanvaar sodat sy naam nie uit Yisra’el uitgevee word nie,

7 maar as die man nie begeer om sy skoonsuster te vat nie, moet sy skoonsuster na die poort opgaan, na die oudstes toe en sê: 'My swaer weier om sy broer se naam in Yisra'el te vestig; hy is nie gewillig om die plig van 'n man se broer teenoor my na te kom nie.'
8 Dan moet die oudstes van sy stad hom roep en met hom praat en as hy volhard en sê: 'Ek begeer nie om haar te vat nie,'
9 dan moet sy skoonsuster voor die oë van die oudstes na hom toe kom en sy sandaal van sy voet aftrek, in sy gesig spoeg en verklaar: 'So word gedoen met die man wat nie die huis van sy broer opbou nie.' [Rut 4:7-9]
10 Sy naam moet in Yisra'el genoem word: 'Die huis van hom wie se sandaal verwyder is.'
11 As twee landgenote met mekaar baklei en die een se vrou naderkom om haar man te red uit die hand van die een wat hom slaan en haar hand uitsteek en hom aan die skaamdele gryp,
12 dan moet jy haar hand afkap; jy mag haar nie jammer kry nie.
13 Jy mag nie verskillende weegstene, 'n grote en 'n kleintjie, in jou sak hê nie.
14 Jy mag nie verskillende mates, 'n grote en 'n kleintjie, in jou huis hê nie.
15 Jy moet 'n vol en korrekte gewig hê; jy moet 'n vol en korrekte maat hê sodat jou dae verleng mag word in die land wat יהוה, jou God, jou gee,
16 want elkeen wat hierdie dinge doen, elkeen wat onregverdig optree, is verwerplik vir יהוה, jou God.
17 Onthou wat `Amalek op die pad aan jou gedoen het toe jy uitgekom het uit Mitzrayim, [Num 24:20; Deut 23:3-5; 1 Sh'm 15:2-4; 1 Kron 4:43]
18 hoe hy jou ontmoet het op die pad en by jou die agterhoede, al die swakkes agter jou, aangeval het terwyl jy moeg en saf was en hy God nie gevrees het nie.
19 Dit sal daarom wees dat wanneer יהוה, jou God, vir jou rus gee van al jou omringende vyande, in die land wat יהוה, jou God, jou as erfenis gee om te besit dat jy die nagedagtenis van `Amalek onder die hemel moet uitwis; jy moenie vergeet nie.

26 1 Dan sal dit wees, wanneer jy in die land kom wat יהוה, jou God, jou as erfenis gee en jy dit besit en daarin bly
2 dat jy van die eerstelinge van al die vrugte van die grond wat jy inbring uit jou land wat יהוה, jou God, jou gee, moet vat en dit in 'n mandjie sit en jy moet gaan na die plek wat יהוה, jou God, sal kies om Sy Naam (Karakter en Outoriteit) daar te vestig.
3 Jy sal na die priester toe gaan wat aan diens is in dié dae en jy moet vir hom sê: 'Ek verklaar vandag teenoor יהוה, my God, dat ek in die land ingekom het wat יהוה aan ons vaders met 'n eed beloof het om aan ons te gee.'
4 Dan moet die priester die mandjie uit jou hand vat en dit voor die altaar van יהוה, jou God, neersit.
5 Jy moet antwoord en voor יהוה, jou God, sê: 'My vader is na Aram gelei en het na Mitzrayim afgetrek en het daar as besoeker gebly met min mense, maar daar het hy 'n groot, magtige en talryke nasie geword.

6 Die Mitzrayimiete het ons hard behandel, ons onderdruk en harde werk op ons afgedwing.
7 Toe het ons uitgeroep na יהוה, die God van ons vaders en יהוה het ons stem gehoor en ons moeilikheid, ons harde werk en ons onderdrukking gesien
8 en יהוה het ons uit Mitzrayim uitgelei deur ’n magtige hand en ’n uitgestrekte arm, deur groot angswekkende dade en deur tekens en wonders
9 en Hy het ons na hierdie plek gebring en ons hierdie land gegee, ’n land wat vloei met melk en heuning.
10 Nou, let op, ek het die eerstelinge van die vrugte van die land wat U, יהוה, my gegee het, gebring.’ Dan moet jy dit neersit voor יהוה, jou God en jou neerbuig voor יהוה, jou God
11 en jy, die Leviet en die vreemdeling wat tussen jou is, moet julle verheug oor al die goeie wat יהוה, jou God, jou en jou huis gegee het.
12 Wanneer jy klaar al die tiendes van jou vermeerdering afgesonder het in die derde jaar, die jaar van die tiendes, dan moet jy dit aan die Leviet, die vreemdeling, die wees en die weduwee gee dat hulle in jou dorpe kan eet en tevrede wees.
13 Jy moet voor יהוה, jou God, sê: ‘Ek het die afgesonderde gedeelte uit my huis verwyder en dit ook aan die Leviet, die vreemdeling, die wees en die weduwee gegee, volgens al U opdragte wat U my beveel het; ek het geeneen van U opdragte oortree of vergeet nie.
14 Ek het nie daarvan geëet terwyl ek rou nie of enige daarvan verwyder terwyl ek onrein was nie of enige daarvan aan ’n dooie geoffer nie. Ek het na die stem van יהוה, my God, geluister; ek het gedoen volgens alles wat U my beveel het.
15 Kyk af uit U afgesonderde blyplek, uit die hemel en seën U volk Yisra’el en die grond wat U ons gegee het, soos U aan ons vaders met ’n eed beloof het, ’n land wat vloei met melk en heuning.’
16 Vandag beveel יהוה, jou God, jou om hierdie voorskrifte en regverdige oordele na te kom. Jy moet daarom versigtig wees om hulle met jou hele verstand, wil en emosie en jou hele gees en lewe te doen.
17 Jy het vandag verklaar dat יהוה jou God is en dat jy in Sy paaie sal loop en Sy voorskrifte, opdragte en regverdige oordele sal gehoorsaam en na Sy stem sal luister en dit doen.
18 יהוה het jou vandag as Sy volk verklaar, ’n waardevolle besitting, soos Hy jou beloof het dat jy al Sy opdragte moet uitvoer
19 en dat Hy jou hoog bo al die nasies wat Hy gemaak het, sal stel, tot lofprysing, roem en eer en dat jy ’n afgesonderde volk tot יהוה, jou God, sal wees soos Hy gesê het.”

27 1 Toe het Mosheh saam met die oudstes van Yisra’el die volk beveel en gesê: “Onderhou al die opdragte wat ek julle vandag beveel.
2 Op die dag as julle deur die Yarden gaan in die land wat יהוה, jou God, jou gee, sal dit so wees dat jy vir jou groot klippe moet oprig en dit met kalk bedek
3 en wanneer jy oortrek moet jy al die woorde van hierdie wet daarop skryf sodat jy kan ingaan in die land wat יהוה, jou God, jou gee, ’n land wat vloei met melk en heuning, soos יהוה, die God van jou vaders, jou beloof het.

4 So sal dit wees wanneer jy deur die Yarden trek dat julle hierdie klippe op die berg `Eival moet oprig, soos ek julle vandag beveel en jy moet dit met kalk bedek.
5 Meer nog, jy moet daar vir יהוה, jou God, ’n altaar bou, ’n altaar van klippe; jy mag geen yster daaroor swaai nie.
6 Jy moet die altaar van יהוה, jou God, bou van ongekapte klippe en jy moet brandoffers daarop bring aan יהוה, jou God
7 en jy moet vredesoffers offer en daar eet en jou verheug voor יהוה, jou God.
8 Jy moet al die woorde van hierdie wet baie duidelik op die klippe skryf.”
9 Toe het Mosheh en die Levitiese priesters met die hele Yisra’el gepraat en gesê: “Wees stil en luister, O Yisra’el! Vandag het jy ’n volk vir יהוה, jou God, geword;
10 daarom moet jy יהוה, jou God, gehoorsaam en Sy opdragte en Sy voorskrifte, wat ek jou vandag beveel, doen.”
11 Mosheh het op dié dag ook aan die volk opdrag gegee en gesê:
12 “Wanneer jy oor die Yarden trek, moet hierdie staan op die berg G’rizim om die volk te seën: Shim’on, Levi, Y’hudah, Yissakhar, Yosef en Binyamin.
13 Vir die vervloeking moet hierdie op die berg `Eival staan: Re’uven, Gad, Asher, Z’vulun, Dan en Naftali.
14 Die Leviete moet dan verklaar en aan al die manne van Yisra’el met ’n harde stem sê:
15 ‘Vervloek is die man wat ’n gekerfde of gegote beeld, wat verwerplik vir יהוה is, maak, die werk van die hande van ’n ambagsman en dit in die geheim oprig.’ Al die mense moet antwoord en sê: ‘Dit is waar.’
16 ‘Vervloek is hy wat sy vader of sy moeder onteer.’ Al die mense moet sê: ‘Dit is waar.’
17 ‘Vervloek is hy wat sy naaste se grenslyn verskuif.’ Al die mense moet sê: ‘Dit is waar.’
18 ‘Vervloek is hy wat ’n blinde verkeerd lei op die pad.’ Al die mense moet sê: ‘Dit is waar.’
19 ‘Vervloek is hy wat regverdige oordeel vir vreemdeling, wees en weduwee verdraai.’ Al die mense moet sê: ‘Dit is waar.’
20 ‘Vervloek is hy wat by die vrou van sy vader lê, want hy het die kleed van sy vader opgelig.’ [Gen 35:22; Deut 22:30] Al die mense moet sê: ‘Dit is waar.’
21 ‘Vervloek is hy wat by enige dier lê.’ Al die mense moet sê: ‘Dit is waar.’
22 ‘Vervloek is hy wat by sy suster, die dogter van sy vader of die dogter van sy moeder, lê.’ [2 Sam 13] Al die mense moet sê: ‘Dit is waar.’
23 ‘Vervloek is hy wat by sy skoonmoeder lê.’ Al die mense moet sê: ‘Dit is waar.’
24 ‘Vervloek is hy wat sy naaste in die geheim doodslaan.’ Al die mense moet sê: ‘Dit is waar.’ [Gen 4:11]
25 ‘Vervloek is hy wat ’n omkoopgeskenk aanvaar om ’n onskuldige persoon dood te slaan.’ Al die mense moet sê: ‘Dit is waar.’
26 ‘Vervloek is hy wat nie die woorde van hierdie wet bevestig deur dit te doen nie.’ Al die mense moet sê: ‘Dit is waar.’

28 1 Nou sal dit wees, as jy יהוה, jou God, ywerig gehoorsaam, deur versigtig te wees om al Sy opdragte, wat ek jou vandag beveel, te doen, יהוה, jou God, jou sal oplig bo al die nasies van die aarde.
2 Al hierdie seëninge sal oor jou kom en jou oorweldig as jy יהוה, jou God, gehoorsaam:
3 Geseënd sal jy wees in die stad en geseënd sal jy wees in die platteland.
4 Geseënd sal die nakomeling van jou liggaam, die vrugte van jou grond en die nakomeling van jou vee, die vermeerdering van jou beeste en die lammers van jou kleinvee wees.
5 Geseënd sal jou mandjie en jou knieskottel wees.
6 Geseënd sal jy wees as jy inkom en geseënd sal jy wees as jy uitgaan.
7 יהוה sal gee dat jou vyande wat teen jou opstaan, voor jou verslaan word; op een pad sal hulle teen jou uittrek en op sewe paaie voor jou wegvlug.
8 יהוה sal die seën oor jou in jou skure en in alles waar jy jou hand aan slaan beveel en Hy sal jou seën in die land wat יהוה, jou God, jou gee. [Ps 1:3]
9 יהוה sal jou oprig as ’n afgesonderde volk vir Homself soos Hy vir jou gesweer het, as jy die opdragte van יהוה, jou God, hou en in Sy paaie loop.
10 So sal al die volke van die aarde sien dat jy genoem word volgens die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה en hulle sal vir jou bang wees. [Y’ho 2:9-11]
11 יהוה sal jou oorvloedig maak in voorspoed; in die nakomeling van jou liggaam, in die nakomeling van jou vee en in die lewering van jou grond, in die land wat יהוה aan jou vaders met ’n eed beloof het om vir jou te gee.
12 יהוה sal Sy goeie stoorkamer, die hemele, vir jou oopmaak om reën te gee vir jou land in sy seisoen en om al die werk van jou hand te seën [Ps 1:3] en jy sal aan baie nasies uitleen, maar jy sal nie leen nie. [Yes 65:22]
13 יהוה sal jou die kop maak en nie die stert nie, jy sal net bo wees en nie onder nie, as jy luister na die opdragte van יהוה, jou God, wat ek jou vandag beveel, om dit versigtig na te kom
14 en nie regs of links afdraai van enige van die woorde wat ek julle vandag beveel, om agter ander gode aan te gaan, om hulle te dien nie. [Spr 10:30]
15 Dit sal egter gebeur as jy יהוה, jou God, nie gehoorsaam nie, nie al Sy opdragte hou en Sy voorskrifte doen, wat ek jou vandag beveel nie, al hierdie vloeke oor jou sal kom en jou oorweldig:
16 vervloek sal jy wees in die stad en vervloek sal jy wees in die platteland.
17 Vervloek sal wees jou mandjie en jou knieskottel.
18 Vervloek sal wees die nakomeling van jou liggaam en die lewering van jou grond, die vermeerdering van jou beeste en die kleintjies van jou kleinvee.
19 Vervloek sal jy wees as jy inkom en vervloek sal jy wees as jy uitgaan.
20 יהוה sal vloeke, verwarring en bestraffings oor jou stuur in alles wat jy onderneem om te doen totdat jy vernietig is en totdat jy gou tot niet gaan vanweë die boosheid van jou dade omdat jy My verlaat het.
21 יהוה sal maak dat die pes aan jou vasklou totdat Hy jou verteer het uit die land waarheen jy gaan, om dit te besit.

22 יהוה sal jou swaar tref met wegvretende siekte, koors, inflammasie, ontsteking, met die swaard, plantsiektes en ryp en hulle sal jou agtervolg totdat jy omkom.
23 Die hemel wat oor jou kop is, sal koper wees en die aarde wat onder jou is, yster.
24 יהוה sal die reën van jou land poeier en stof maak; van die hemel sal dit op jou afkom totdat jy vernietig is.
25 יהוה sal maak dat jy voor jou vyande verslaan word; op een pad sal jy teen hom uittrek en op sewe paaie sal jy voor hom uitvlug en jy sal ’n voorbeeld van angs wees vir al die koninkryke van die aarde.
26 Jou lyke sal kos wees vir al die voëls van die hemel en vir die diere van die aarde en daar sal niemand wees om hulle af te skrik nie.
27 יהוה sal jou slaan met die swere van Mitzrayim en met gewasse, skurfte en jeuk waarvan jy nie kan gesond word nie.
28 יהוה sal jou slaan met kranksinnigheid, blindheid en verstandsverwarring
29 en jy sal op die middag rondtas soos die blinde in die donker rondtas en jou paaie sal nie voorspoedig wees nie, maar jy sal altyddeur net onderdruk en beroof wees, met niemand om jou te red nie.
30 Jy sal aan ’n vrou verloof raak, maar ’n ander man sal haar onteer. Jy sal ’n huis bou, maar jy sal nie daarin woon nie. Jy sal ’n wingerd plant, maar nie sy vrugte gebruik nie. [Spr 10:30]
31 Jou bees sal voor jou oë geslag word, maar jy sal nie daarvan eet nie; jou donkie sal van jou weggeskeur word en nie aan jou terugbesorg word nie; jou kleinvee sal aan jou vyande gegee word en daar sal niemand wees om jou te red nie.
32 Jou seuns en jou dogters sal aan ’n ander volk gegee word terwyl jou oë toekyk en voortdurend na hulle verlang, maar daar sal niks wees wat jy kan doen nie.
33 ’n Volk wat jy nie ken nie, sal die lewering van jou grond en al jou werk opeet en jy sal nooit iets anders wees as onderdruk en gebreek nie
34 sodat jy verblind sal word deur die gesig wat jou oë sal sien.
35 יהוה sal jou aan die knieë en aan die bene tref met seer swere waarvan jy nie gesond kan word nie, van jou voetsool af tot by die kroon van jou kop.
36 יהוה sal jou en jou koning wat jy oor jou aanstel, na ’n nasie laat gaan wat jy en jou vaders nie geken het nie en daar sal jy ander gode, hout en klip, dien.
37 Jy sal ’n verskrikking, ’n spreekwoord en ’n spot wees onder al die volke waarheen יהוה jou sal dryf.
38 Jy sal baie saad uitvat na die land toe, maar jy sal min inbring, want die sprinkaan sal dit opeet.
39 Jy sal wingerde plant en bewerk, maar jy sal nie van die wyn drink of van die druiwe inbring nie, want die wurm sal dit opeet.
40 Jy sal olyfbome hê in jou hele grondgebied, maar jy sal jou nie met olie salf nie, want jou olywe sal afval.
41 Jy sal seuns en dogters hê, maar hulle sal nie joune wees nie, want hulle sal in gevangenskap gaan.
42 Die sprinkaan sal al jou bome en die lewering van jou land besit.
43 Die vreemdeling wat by jou is, sal hoër en hoër bo jou opstyg en jy sal laer en laer afsak.

44 Hy sal aan jou leen, maar jy sal nie aan hom leen nie; hy sal die kop wees en jy sal die stert wees.

45 So sal al hierdie vloeke oor jou kom, jou agtervolg en jou oorweldig totdat jy vernietig is omdat jy יהוה, jou God, nie wou gehoorsaam deur Sy opdragte en Sy voorskrifte na te kom wat Hy jou beveel het nie.

46 Hulle sal 'n teken en 'n getuienis op jou en jou nageslag word vir ewig.

47 Omdat jy יהוה, jou God, nie met vreugde en oorweldigende blydskap van verstand, wil en emosie gedien het, vir die oorvloed van alles nie, [Rom 1:21]

48 sal jy daarom jou vyand, wat יהוה teen jou sal stuur, dien in honger, in dors, in naaktheid en in gebrek aan alles en hy sal 'n yster juk op jou nek sit totdat hy jou vernietig het. [Rom 1:24]

49 יהוה sal 'n nasie teen jou bring van ver af, van die einde van die aarde af, soos 'n arend wat afduik, 'n nasie wie se taal jy nie sal verstaan nie,

50 'n nasie van harde gelaatstrekke, wat geen respek het vir die oues en geen guns wys aan die jonges nie.

51 Meer nog, hulle sal die nakomeling van jou vee en die lewering van jou grond opeet totdat jy vernietig is; wat vir jou geen graan, geen nuwe wyn, geen olie, of die vermeerdering van jou beeste of kleintjies van jou kleinvee sal los totdat hulle jou tot niet gemaak het nie.

52 Dit sal jou beleër in al jou dorpe totdat jou hoë en versterkte mure, waarop jy in jou hele land vertrou het, val en dit sal jou beleër in al jou dorpe in jou hele land wat יהוה, jou God jou gegee het.

53 Dan sal jy die nakomeling van jou eie liggaam eet, die vlees van jou seuns en jou dogters wat יהוה, jou God, vir jou gegee het, tydens die beleëring en in die benoudheid, waarmee jou vyand jou sal onderdruk.

54 Die verfynde en delikate man by jou sal vyandig wees teenoor sy broer en die vrou wat hy koester en teenoor sy orige kinders wat oorbly

55 sodat hy aan nie een van hulle iets sal gee van die vlees van sy kinders wat hy sal eet nie omdat hy niks anders oor het tydens die beleëring en in die benoudheid waarmee jou vyand jou in al jou dorpe sal onderdruk nie.

56 Die verfynde en delikate vrou by jou, wat in verfyndheid en delikaatheid nooit sal waag om haar voetsool op die grond neer te sit nie, sal vyandig wees teenoor haar man wat sy koester en teenoor haar seun en dogter

57 en teenoor haar nageboorte wat tussen haar bene uitgaan en haar kinders waaraan sy geboorte sal gee, want sy sal dit stilletjies eet by gebrek aan enige iets anders tydens die beleëring en in die benoudheid waarmee jou vyand jou in jou dorpe sal onderdruk.

58 As jy nie versigtig is om al die woorde van hierdie wet, wat in hierdie boek geskryf is, te hou nie, om hierdie vereerde en ontsagwekkende Karakter en Outoriteit (Naam), יהוה, jou God, respekvol te vrees nie,

59 dan sal יהוה bonatuurlike plae oor jou en oor jou nageslag bring, selfs groot en aanhoudende plae, ellendige en kroniese siektes,

60 Hy sal al die kwale van Mitzrayim weer terugbring op jou, waarvoor jy bang was en hulle sal aan jou vasklou.

61 יהוה sal ook elke siekte en elke plaag, wat nie in die boek van hierdie wet geskryf is nie, oor jou bring totdat jy vernietig is.

62 Dan sal julle min in getal oorbly, alhoewel julle soveel soos die sterre van die hemel was omdat jy יהוה, jou God, nie gehoorsaam het nie.

63 Dit sal wees dat net soos יהוה oor julle bly was om julle voorspoedig te maak en julle te vermenigvuldig, so sal יהוה oor julle bly wees om julle tot niet te maak en julle te vernietig en julle sal uitgeskeur word uit die land waarheen jy gaan, om dit te besit.

64 Meer nog, יהוה sal jou verstrooi onder al die volke, van die een einde van die aarde tot by die ander einde van die aarde en daar sal jy ander gode, hout en klip, dien, wat jy en jou vaders nie geken het nie. [Yir 16:13]

65 Onder dié nasies sal jy geen rus vind nie en vir jou voetsool sal daar geen rusplek wees nie, maar יהוה sal jou daar ’n bewende verstand, wil en emosie gee, oë wat faal en ’n wanhopige gees.

66 So sal jou lewe in twyfel voor jou hang en jy sal nag en dag in angs wees en geen versekering vir jou lewe hê nie.

67 In die oggend sal jy sê: ‘As dit maar aand was’ en in die aand sal jy sê: ‘As dit maar oggend was!’ vanweë die angs van jou verstand, wil en emosie, wat jou beangs maak en vanweë dit wat jou oë sal sien.

68 יהוה sal jou op skepe na Mitzrayim terugbring, op die pad waarvan ek vir jou gesê het: ‘Jy sal dit nooit weer sien nie’ en daar sal julle julleself aan jul vyande as slawe en slavinne verkoop, maar daar sal geen koper wees nie.

29 1 Hierdie is die woorde van die verbond wat יהוה Mosheh beveel het om met die seuns van Yisra’el te sluit in die land van Mo’av, bo en behalwe die verbond wat Hy met hulle by Horev gesluit het.

2 Mosheh het die hele Yisra’el geroep en vir hulle gesê: “Julle het alles gesien wat יהוה in die land van Mitzrayim voor julle oë aan Farao, aan al sy dienaars en aan sy hele land gedoen het,

3 die groot toetse wat jou oë gesien het, daardie groot tekens en wonders.

4 Tog, tot vandag toe, het יהוה julle nie ’n verstand, wil en emosie gegee om te verstaan, of oë om te sien, of ore om te hoor nie. [Yes 6:9; 29:10; Yeg 12:2; Mat 13:14,15; Yog 12:40; Rom 11:8]

5 Ek het julle veertig jaar lank in die woestyn gelei; julle klere het aan julle nie verslyt nie en julle skoene het nie verslyt aan julle voete nie.

6 Julle het nie brood geëet of wyn en sterk drank gedrink nie sodat julle kan weet dat Ek, יהוה, julle God is.

7 Toe julle by hierdie plek aangekom het, het Sigon, die koning van Heshbon en `Og, die koning van Bashan, uitgekom om ons te ontmoet in geveg, maar ons het hulle verslaan

8 en hulle land gevat en dit as erfenis gegee aan die Re’uveniete, Gadiete en aan die halwe stam van die M’nashiete.

9 Hou dus die woorde van hierdie verbond om dit te doen sodat julle voorspoedig kan wees in alles wat julle doen.

10 Julle staan vandag, almal van julle, voor die Teenwoordigheid van יהוה, julle God: julle hoofde, julle stamme, julle oudstes en julle ampsdraers, al die manne van Yisra’el;
11 julle kinders, julle vroue en die vreemdeling wat binne-in julle kampe is, van die een wat jou hout kap tot die een wat jou water uittrek
12 sodat julle kan intree in die verbond met יהוה, julle God en in Sy eed, wat יהוה, julle God, vandag met julle sluit
13 sodat Hy julle vandag as Sy volk kan bevestig en jul God kan wees soos Hy met jul gepraat het en soos Hy aan jul vaders Avraham, Yitz’gak en Ya’akov met ’n eed beloof het.
14 Ek sluit nie nou hierdie verbond en hierdie eed met jul alleen nie,
15 maar beide met hulle wat vandag hier saam met ons voor die Teenwoordigheid van יהוה, ons God, staan én met die wat nie vandag hier saam met ons is nie,
16 want julle weet hoe ons in die land van Mitzrayim gebly het en hoe ons dwarsdeur die nasies gekom het waardeur julle getrek het.
17 Meer nog, julle het hulle verwerplikhede en hulle afgode van hout, klip, silwer en goud, by hulle gesien
18 sodat daar onder julle geen man of vrou of familie of stam mag wees wat sy verstand, wil en emosie vandag van יהוה, ons God, wegdraai om die gode van daardie nasies te gaan dien nie sodat daar onder julle geen wortel mag wees wat giftige vrugte en wilde-als dra nie. Yir 9:14; 23:15; Rom 11:16; Heb 12:15; Open 8:11
19 Dit sal wees wanneer hy die woorde van hierdie vloek hoor dat hy sal grootpraat deur te sê: ‘Ek het vrede, alhoewel ek in die hardkoppigheid van my verstand, wil en emosie leef, om so die natgemaakte land saam met die droë te vernietig!’
20 יהוה sal nooit gewillig wees om hom te vergewe nie, maar die woede en die jaloesie van יהוה sal eerder teen dié man brand en elke vloek wat in hierdie boek geskrywe is, sal op hom rus en יהוה sal sy naam van onder die hemel uitwis. Heb 6:4-6
21 Dan sal יהוה hom afskei van al die stamme van Yisra’el vir moeilikheid, volgens al die vloeke van die verbond, wat in hierdie boek van die wet geskryf is.
22 Die volgende geslag, julle seuns, wat ná julle opstaan en die buitelander wat uit ’n ver land kom, sal, wanneer hulle die plae van die land sien en die siektes waarmee יהוה dit getref het, sê:
23 ‘Die hele land is swawel en sout, ’n brandende verkwisting, onbesaai en onvrugbaar, waarin geen gras groei nie, soos die omverwerping van S’dom, `Amorah, Admah en Tzvoyim, wat יהוה in Sy woede en in Sy wraak omvergewerp het.’
24 Al die nasies sal sê: ‘Waarom het יהוה so met hierdie land gedoen? Waarom die groot uitbarsting van woede?’
25 Dan sal hulle antwoord: ‘Omdat hulle die verbond van יהוה, die God van hulle vaders, verlaat het, wat Hy met hulle gesluit het toe Hy hulle uit Mitzrayim uitgelei het.
26 Hulle het ander gode gaan dien en hulle aanbid, gode wat hulle nie geken het nie en wat Hy hulle nie aangewys het nie.
27 Die woede van יהוה het daarom teen daardie land gebrand, om elke vloek op dit te bring wat in hierdie boek geskryf is

28 en יהוה het hulle ontwortel uit hulle land uit in toorn, in woede en in groot wraak en hulle in 'n ander land gegooi, soos dit vandag is.
29 Die geheime dinge behoort aan יהוה, ons God, [Hand 1:7] maar die geopenbaarde dinge behoort aan ons en ons seuns tot in ewigheid dat ons al die woorde van hierdie wet moet hou.

30 1 So sal dit wees as al hierdie dinge oor jou gekom het, die seën en die vloek, wat ek jou voorgehou het en jy hulle onthou onder al die nasies waarheen יהוה, jou God, jou verban het
2 en jy terugdraai na יהוה, jou God en Hom gehoorsaam met jou hele verstand, wil en emosie en jou gees, volgens alles wat ek jou vandag beveel, jy en jou seuns,
3 dan sal יהוה, jou God, jou herstel uit gevangenskap en vir jou omgee en jou weer bymekaarmaak uit al die volke waarheen יהוה, jou God, jou verstrooi het.
4 As jou verstrooides aan die einde van die aarde is, van daar sal יהוה, jou God, jou bymekaarmaak en van daar sal Hy jou terugbring.
5 יהוה, jou God, sal jou bring in die land wat jou vaders besit het en jy sal dit besit en Hy sal jou voorspoedig maak en jou vermenigvuldig meer as jou vaders.
6 Meer nog, יהוה, jou God, sal jou verstand, wil en emosie besny en die verstand, wil en emosie van jou nageslag, [Yir 4:4; Kol 2:11] om יהוה, jou God, lief te hê met jou hele verstand, wil en emosie en met jou hele gees sodat jy kan lewe. [Mar 12:30,33; Luk 10:27]
7 יהוה, jou God, sal al hierdie vloeke op jou vyande laat kom, hulle wat jou haat en jou vervolg.
8 Jy sal יהוה weer gehoorsaam en al Sy opdragte uitvoer wat ek jou vandag beveel.
9 Dan sal יהוה, jou God, jou oorvloediglik voorspoedig maak in al die werk van jou hand, in die nakomeling van jou liggaam, in die nakomeling van jou vee en in die lewering van jou grond, want יהוה sal weer ten goede oor jou bly wees soos Hy bly was oor jou vaders,
10 as jy gehoorsaam is aan יהוה, jou God, om al Sy opdragte en voorskrifte na te kom wat in hierdie boek van die wet geskryf is; as jy na יהוה, jou God, toe draai met jou hele verstand, wil en emosie en met jou hele gees,
11 want hierdie opdrag wat ek jou vandag beveel, is nie vir jou te swaar nie en is nie buite bereik nie. [1 Yog 5:3,4; Rom 10:8]
12 Dit is nie in die hemel sodat jy moet sê: 'Wie sal vir ons na die hemel toe opgaan en dit vir ons gaan kry en ons dit laat hoor sodat ons dit kan doen?' nie.
13 Dit is ook nie oorkant die see sodat jy moet sê: 'Wie sal vir ons na die oorkant van die see gaan en dit vir ons gaan kry en ons dit laat hoor sodat ons dit kan doen?' nie,
14 maar die woord is baie naby aan jou, in jou mond en in jou verstand sodat jy dit kan doen. [Rom 10:6-8]
15 Let op, ek het jou vandag die lewe en voorspoed en die dood en moeilikheid, voorgehou;
16 deurdat ek jou vandag beveel om יהוה, jou God, lief te hê, in Sy paaie te loop, Sy opdragte, voorskrifte en regverdige oordele te doen sodat jy kan lewe en vermenigvuldig en יהוה, jou God, jou mag seën in die land waarheen jy gaan om dit te besit, [Yog 14:15; 15:14]

17 maar as jou verstand, wil en emosie wegdraai en jy nie wil gehoorsaam nie, maar weggetrek word en ander gode aanbid en hulle dien,

18 dan verkondig ek vandag aan julle dat julle sekerlik sal omkom. Julle sal nie jul dae verleng in die land waarheen jul oor die Yarden trek, om dit te besit nie.

19 Ek roep die hemel en die aarde vandag as getuies teen julle; dat ek lewe en dood voor julle geplaas het, die seën en die vloek. Kies dus die lewe sodat jy kan lewe, jy en jou nageslag,

20 deur יהוה, jou God, lief te hê, deur Sy stem te gehoorsaam en aan Hom vas te hou, want dit is jou lewe en die lengte van jou dae sodat jy kan woon in die land wat יהוה aan jou vaders Avraham, Yitz’gak en Ya’akov met ’n eed beloof het om dit aan hulle te gee.”

31 1 Mosheh het gegaan en hierdie woorde met die hele Yisra’el gedeel

2 en vir hulle gesê: “Ek is vandag honderd-en-twintig jaar oud; ek is nie langer in staat om te kom of te gaan nie en יהוה het vir my gesê: ‘Jy sal nie oor hierdie Yarden gaan nie.’

3 Dit is יהוה, jou God, wat voor jou sal oorgaan; Hy sal hierdie nasies voor jou uit vernietig en jy sal hulle onteien. Y’hoshua is die een wat voor julle sal oorgaan, net soos יהוה gesê het.

4 יהוה sal met hulle doen soos Hy met Sigon en met `Og, die konings van die Emoriete en met hulle land gedoen het, toe Hy hulle vernietig het.

5 יהוה sal hulle voor julle oorgee en julle moet met hulle doen volgens al die opdragte wat ek julle beveel het.

6 Wees onveranderlik sterk en dapper; moenie vir hulle bang wees of bewe nie, want יהוה, jou God, is die Een wat saam met jou gaan; Hy sal jou nie in die steek laat of jou verlaat nie.” Deut 4:31; Y’ho 5:13; Heb 13:5

7 Toe het Mosheh na Y’hoshua geroep en vir hom voor die oë van die hele Yisra’el gesê: “Wees onveranderlik sterk en dapper, want jy sal saam met hierdie volk in die land ingaan, wat יהוה aan hulle vaders met ’n eed beloof het om aan hulle te gee en jy sal dit vir hulle gee as ’n erfenis.

8 יהוה is die Een wat voor jou uitgaan; Hy sal by jou wees; Hy sal jou nie in die steek laat of jou verlaat nie. Moenie bang of ontmoedig wees nie.”

9 Mosheh het hierdie wet neergeskryf en dit aan die priesters, die seuns van Levi, gegee wat die verbondsark van יהוה gedra het en aan al die oudstes van Yisra’el.

10 Toe het Mosheh hulle beveel en gesê: “Aan die einde van elke sewe jaar, op die bepaalde tyd van die jaar van kwytskelding van skuld, by die Fees van Hutte (Sukkot),

11 wanneer die hele Yisra’el kom om te verskyn voor die Teenwoordigheid van יהוה, jou God, op die plek wat Hy sal kies, moet jy hierdie wet voor die hele Yisra’el lees, waar hulle kan hoor.

12 Laat die volk bymekaarkom, die manne, die vroue, die kinders en die vreemdeling wat in jou dorpe is sodat hulle kan hoor, kan leer en יהוה, julle God, respekvol kan vrees en wees versigtig om al die woorde van hierdie wet te hou.

13 Hulle seuns wat dit nie geken het nie, moet hoor en leer om יהוה, julle God, respekvol te vrees solank as wat julle lewe in die land waarheen julle deur die Yarden trek, om dit te besit."

14 Toe het יהוה vir Mosheh gesê: "Let op, die tyd vir jou om te sterf is naby; roep vir Y'hoshua en meld julleself aan by die Tent van Ontmoeting sodat Ek hom kan aanstel." Mosheh en Y'hoshua het gegaan en hulleself gaan aanmeld by die Tent van Ontmoeting.

15 יהוה het in die tent verskyn in 'n wolkpilaar en die wolkpilaar het by die ingang van die tent gestaan.

16 יהוה sê vir Mosheh: "Let op, jy is op die punt om by jou vaders te gaan lê en hierdie volk sal opstaan en die hoer speel met die vreemde gode van die land waartussen hulle ingaan en My verlaat en My verbond verbreek wat Ek met hulle gesluit het.

17 Dan sal My woede op dié dag teen hulle aan die brand gesteek word en Ek sal hulle verlaat en My gesig vir hulle wegsteek en hulle sal verteer word en baie booshede en moeilikhede sal oor hulle kom sodat hulle op dié dag sal sê: 'Is dit nie omdat ons God nie tussen ons is dat hierdie booshede oor ons gekom het nie?',

18 maar Ek sal op dié dag My gesig sekerlik wegsteek weens al die boosheid wat hulle sal doen, want hulle sal na ander gode afdraai. [Yeg 20; 39:23-24]

19 Skryf daarom nou hierdie lied vir julleself en leer dit vir die seuns van Yisra'el; sit dit op hulle lippe sodat hierdie lied vir My 'n getuie teen die seuns van Yisra'el kan wees,

20 want wanneer Ek hulle inbring in die land wat vloei met melk en heuning, wat Ek aan hulle vaders met 'n eed beloof het en hulle geëet het, versadig is en voorspoedig word; dan sal hulle afdraai na ander gode en dié dien en hulle sal My verwerp met veragting en My verbond verbreek;

21 dan sal dit gebeur dat, wanneer baie booshede en moeilikhede oor hulle kom, hierdie lied voor hulle sal getuig as 'n getuie, want dit sal nie vergeet word op die lippe van hulle nageslag nie, want Ek ken hulle bedoeling, wat hulle vandag ontwikkel, voordat Ek hulle ingebring het in die land wat Ek met 'n eed beloof het."

22 Mosheh het hierdie lied op dieselfde dag geskryf en dit vir die seuns van Yisra'el geleer.

23 Toe het Hy Y'hoshua, die seun van Nun, aangestel en gesê: "Wees onveranderlik sterk en dapper, want jy sal die seuns van Yisra'el inbring in die land wat Ek hulle met 'n eed beloof het en Ek sal by jou wees."

24 Dit het gebeur toe Mosheh die woorde van hierdie wet klaar in 'n boek geskryf het totdat hulle volledig was,

25 dat Mosheh die Leviete, wat die verbondsark van יהוה gedra het, bevel gegee en gesê het:

26 "Vat hierdie boek van die wet en sit dit langs die verbondsark van יהוה, julle God sodat dit daar kan bly as 'n getuie teen jou,

27 want ek ken jul rebellie en jul hardkoppigheid. Let op, terwyl ek nog by julle lewe vandag, was julle rebels teen יהוה, hoeveel te meer dan ná my dood!

28 Vergader by my al die oudstes van julle stamme en julle leiers sodat ek hierdie woorde kan sê waar hulle kan hoor en die hemele en die aarde as getuies teen hulle kan roep,

29 want ek weet dat julle ná my dood korrup sal optree en sal wegdraai van die pad wat ek julle beveel het en wetsoortreding sal oor julle kom in die laaste dae omdat julle sal doen wat boos is in die oë van יהוה en Hom tot woede aanhits met die werk van julle hande."

30 Toe het Mosheh, waar die hele vergadering van Yisra'el hom kon hoor, die woorde van hierdie lied uitgespreek tot die einde toe.

32 1 "Luister, O hemele en laat my praat en laat die aarde die woorde van my mond hoor.

2 Laat my lering drup soos die reën, my woord kondenseer soos die dou, soos die druppels op die jong gras en soos die stortreën op die kruie,

3 want ek verkondig die Naam (Karakter en Outoriteit) van יהוה; reken grootheid toe aan ons God!

4 Die Rots! Sy werke is volmaak, want al Sy metodes is regverdig; 'n Magtige God van vertrouenswaardigheid en sonder onreg; Regverdig en Opreg is Hy. [Rom 9:14]

5 Hulle het afbrekend teenoor Hom gehandel; hulle is nie Sy seuns nie, as gevolg van hulle onreinheid, maar is 'n valse en verdraaide geslag.

6 Betaal julle יהוה so terug, o dwase en onwyse volk? Is Hy nie jou Vader wat jou gekoop het nie? Het Hy jou nie gemaak en jou bevestig nie?

7 Onthou die ou dae, beskou die jare van alle geslagte. Vra jou vader en hy sal jou inlig, jou oudstes en hulle sal jou vertel.

8 Toe `Elyon (die Allerhoogste) aan die nasies hulle erfdeel gegee het, toe Hy die seuns van die mens van mekaar geskei het, het Hy die grense van die volke vasgestel volgens die getal van die seuns van Yisra'el,

9 want יהוה se deel is Sy volk, Ya'akov is die toewysing van Sy erfenis.

10 Hy het hom gevind in 'n woestynland, in 'n woeste gehuil van 'n wildernis. Hy het hom omring, vir hom omgegee, hom bewaak soos die appel van Sy oog;

11 soos 'n arend wat Sy nes opbreek, oor Sy kleintjies sweef, Sy vlerke oopsprei en hulle vang; hulle dra op Sy vlerke.

12 יהוה alleen het hom gelei en daar was geen vreemde god by hom nie.

13 Hy het hom laat ry op die hoë plekke van die aarde en hy het die opbrengs van die veld geëet; Hy het hom heuning uit die rots laat suig en olie uit die harde rots;

14 dikmelk vanaf beeste en melk vanaf kleinvee, met die vet van lammers, ramme van Bashan en bokke, met die fynste van die koring en van die bloed van druiwe het jy wyn gedrink,

15 maar Yeshurun het vet geword en geskop; hy het vet, dik en blink geword; toe het hy die God verwerp wat hom gemaak het en die Rots van sy verlossing geminag.

16 Hulle het Hom jaloers gemaak met vreemde gode; deur verwerplikhede het hulle Hom uitgetart tot woede.

17 Hulle het aan demone geoffer, wat nie God is nie, aan gode wat hulle nie geken het nie; nuwes wat onlangs gekom het, vir wie julle vaders nie bang was nie.

18 Die Rots wat jou verwek het, het jy verwaarloos en jy het die Magtige God vergeet wat aan jou geboorte gegee het.
19 יהוה het dit gesien en Hy het hulle verwerp as gevolg van die uittarting van Sy seuns en dogters.
20 Toe het Hy gesê: “Ek sal My gesig vir hulle wegsteek, Ek sal sien wat hulle einde sal wees, want hulle is ’n verdorwe geslag, seuns in wie geen vertrouenswaardigheid is nie.
21 Hulle het My jaloers gemaak met wat nie God is nie, My uitgetart tot woede met hulle afgode. Ék sal hulle dus jaloers maak met dié wat nie ’n volk is nie, deur ’n dwase nasie sal Ek hulle uittart tot woede, [Rom 10:19; 11:11]
22 want ’n vuur is aangesteek in My woede en brand tot in die laagste dele van Sh’ol, dit het die aarde met sy opbrengs verteer en die fondamente van die berge aan die brand gesteek.
23 Ek sal booshede op hulle ophoop; My pyle sal Ek op hulle gebruik.
24 Hulle sal uitgeput wees van honger en verteer deur plae en bitter vernietiging. Ek sal die tande van wilde diere teen hulle stuur met die gif van dinge wat in die stof kruip.
25 Buitekant sal die swaard beroof en binne die angs; die jongman, sowel as die maagd, die suigeling saam met die grysaard.
26 Ek sou gesê het: ‘Ek sal hulle aan stukke sny, hulle gedagtenis onder die mense verwyder,’
27 as dit nie was dat die woede van die vyand sal sê dat hy sterk geword het nie en die teëstanders sal sê: ‘Ons hand was triomfantlik en יהוה het dit nie alles gedoen nie,’ sou ek hulle vernietig het,
28 want hulle is ’n nasie sonder planne en daar is geen begrip in hulle nie.
29 Was hulle maar wys dat hulle hierdie sou verstaan dat hulle hul toekoms kon onderskei.
30 Hoe kan een ’n duisend jaag en twee tien duisend laat vlug, was dit nie dat hul Rots hulle verkoop en יהוה hulle oorgelewer het nie?
31 Inderdaad is hulle rots nie soos ons Rots nie; selfs ons vyande oordeel so,
32 want hulle wingerdstok is van die wingerdstok van S’dom en uit die veld van `Amorah. Hulle druiwe is druiwe van gif, hulle trosse bitter.
33 Hulle wyn is die gif van slange en dodelike gif van kobras.
34 Is dit nie by My gestoor, in My skatkamers verseël nie?
35 Wraak en die terugbetaling is Myne. Kort voor lank sal hulle voet gly, want die dag van hulle ondergang is naby en wat oor hulle moet kom, haas op hulle af,
36 want יהוה sal Sy volk vryspreek en Hy sal omgee hê vir Sy diensknegte wanneer Hy sien dat hulle krag weg is en daar niemand, gebind of vry, oor is nie.
37 Dan sal Hy sê: “Waar is hulle gode, die rots waar hulle skuiling gesoek het?
38 Wie het die vet van hulle slagoffers geëet en die wyn van hulle drankoffer gedrink? Laat hulle opstaan en julle help, laat hulle julle skuilplek wees!
39 Sien nou, Ek Is Hy en daar is geen god naas My nie. Dit is Ek wat doodmaak en lewe gee. Ek het gewond en dit is Ek wat genees en daar is niemand wat uit My hand kan red nie.

40 Inderdaad, Ek lig My hand op na die hemele en sê: [Open 10:6] ‘So waar as wat Ek ewig leef,
41 as Ek My glinsterende swaard skerp maak en My hand na regverdige oordeel gryp, sal Ek wraak uitoefen op My teëstanders en My haters terugbetaal. [Rom 12:19]
42 Ek sal My pyle dronk maak met bloed en My swaard sal vlees verteer met die bloed van die verslaande en die gevangene, vanaf die langhaar leiers van die vyand.’
43 Skreeu uit van vreugde, O nasies, saam met Sy volk, [Rom 15:10] want Hy sal die bloed van sy diensknegte vergeld, wraak uitoefen op Sy teëstanders en toedekking doen vir Sy land en Sy volk.”
44 Toe het Mosheh gekom en al die woorde van hierdie lied gesê waar die volk kon hoor, hy, saam met Y’hoshua, die seun van Nun.
45 Toe Mosheh al hierdie woorde klaar vir die hele Yisra’el gesê het,
46 het hy vir hulle gesê: “Gee ag op al die woorde waarmee ek julle vandag waarsku, wat julle vir jul seuns moet beveel om versigtig na te kom, al die woorde van hierdie wet,
47 want dit is nie ’n leë woord vir julle nie, inderdaad is dit julle lewe en deur hierdie woord sal julle jul dae verleng in die land waarheen julle deur die Yarden trek, om dit te besit.
48 יהוה het op dieselfde dag met Mosheh gepraat en gesê:
49 “Gaan op die berg N’vo, in hierdie `Avarim bergreeks, wat in die land van Mo’av is, oorkant Yerigo en kyk na die land Kena’an, wat Ek vir die seuns van Yisra’el as besitting gee
50 en sterf op die berg waarheen jy opklim en word bymekaargemaak by jou volksgenote, soos jou broer Aharon gesterf het op die berg Hor en by sy volksgenote bymekaar gemaak is
51 omdat julle onder die seuns van Yisra’el vertroue met My gebreek het by die waters van M’rivat-Kadesh, in die wildernis van Tzin omdat julle My nie as afgesonderd behandel het tussen die seuns van Yisra’el nie,
52 want jy sal die land op ’n afstand sien, maar jy sal nie daarheen gaan nie, na die land wat Ek aan die seuns van Yisra’el gee.”

33 1 Hierdie is die seën waarmee Mosheh, die man van God, die seuns van Yisra’el geseën het voor sy dood.
2 Hy het gesê: “יהוה het vanaf Sinai gekom en geskyn oor ons vanaf Se’ir; Hy het opgestaan vanaf die berg Pa’ran en gekom met tien duisende afgesonderdes aan Sy regterhand.
3 Inderdaad, Hy het in hulle behoeftes voorsien en hulle geliefd gemaak onder die nasies. Hy het al Sy afgesonderdes geseën en hulle het naby, in U voetspore, gevolg; elkeen het U boodskappe ontvang.
4 Mosheh het aan ons die wet oorgedra, ’n besitting vir die vergadering van Ya’akov.
5 Hy is Koning in Yeshurun, toe die hoofde van die volk bymekaargekom het, die stamme van Yisra’el saam.
6 Mag Re’uven leef en nie sterf nie en sy manne ook nie min wees nie.”

7 Hierdie is die seën vir Y’hudah: “Hoor, O יהוה, die stem van Y’hudah en bring hom naby sy mense; met sy hande het hy vir hulle baklei en mag U vir hom ’n Hulp wees teen sy teëstanders.”
8 Van Levi het hy gesê: “Laat U afgesonderdheid en U lig behoort aan die regverdige een, wat U bewys het deur toetsinge en wat U getoets het by die waters van M’rivah;
9 wat van sy vader en sy moeder gesê het: ‘Ek het hulle nie in ag geneem nie’ en sy broers nie erken het en sy seuns nie geag het nie, want hulle het U woord bewaar en U verbond gehou.
10 Hulle sal U regverdige oordele vir Ya’akov leer en U wet vir Yisra’el. [Yeg 44:23] Hulle sal reukwerk voor U plaas as U kwaad is en heel brandoffers op U altaar.
11 O, יהוה, seën sy wese en aanvaar die werk van sy hande; verpletter die lendene van die wat teen hom opstaan en die wat hom haat sodat hulle nie weer kan opstaan nie.”
12 Van Binyamin het hy gesê: “Mag die een waarvoor יהוה lief is, veilig by Hom loop, wat die hele dag ’n skild om hom sit en woon tussen Sy skouers.”
13 Van Yosef het hy gesê: “Laat sy land geseënd wees deur יהוה met die keur van die hemel, met die dou en vanuit die diep wat onder lê,
14 met die keur wat deur die son voortgebring word, met die keur lewering van die maande,
15 met die beste dinge van die antieke berge, met die keur van die ewige heuwels,
16 met die beste dinge van die aarde en sy volheid en die guns van Hom wat in die bos gebly het. Laat dit kom op die kop van Yosef en op die kroon van die een wat uitgestaan het onder sy broers.
17 Soos die eersgeborene van sy stier is majesteit syne en sy horings is die horings van die wilde bul (Aurogs); daarmee sal hy die volke stoot, almal gelyk, na die eindes van die aarde. Hulle is die tien duisende van Efrayim en dit is die duisende van M’nasheh!”
18 Van Z’vulun het hy gesê: “Verheug jou, Z’vulun, as jy uitgaan en Yissakhar, in jou tente.
19 Hulle sal volke na die berg roep; daar sal hulle offers van onpartydige opregtheid offer, want hulle sal die oorvloed van die see optrek en die weggesteekte skatte van die sand.”
20 Van Gad het hy gesê: “Geseënd is Hy wat Gad groter maak; hy gaan lê soos ’n leeu en verskeur die arm en die kroon van die kop.
21 Toe het hy die eerste deel vir homself voorsien, want daar was die heerser se deel gereserveer en hy het gekom met die leiers van die volk, hy het die regverdige oordeel van יהוה uitgevoer en Sy oordele met Yisra’el.”
22 Van Dan het hy gesê: “Dan is ’n leeuwelpie wat uitspring uit Bashan.”
23 Van Naftali het hy gesê: “O Naftali, versadig met guns en vol van die seën van יהוה, neem besit van die see en die suide!”
24 Van Asher het hy gesê: “Asher is meer geseënd as seuns; laat hy die gunsteling van sy broers wees en mag hy sy voet in olie insteek.
25 Jou skoene sal yster en koper wees en volgens jou dae, so sal jou kragte wees.

26 Daar is niemand soos die God van Yeshurun, wat die hemele ry tot jou hulp en deur die lug in Sy majesteit, nie.
27 In die hemel van hemele is die blyplek van God van ewigheid af en benede skep Hy die mens. Hy sal die vyand voor jou uit vernietig, want Hy het gesê: ‘Vernietig!’
28 Yisra’el sal alleen in veiligheid loop, die fontein van Ya’akov in afgesonderdheid, in ’n land van graan, wyn en olie; Sy hemele laat ook dou afdrup.
29 Geseënd is jy, O Yisra’el! Wie is soos jy? ’n Volk wie se redding deur יהוה volgehou word. God is jou hulp en jou trots is nie in die swaard nie. Jou vyande sal valslik teenoor jou optree, maar jy sal op hulle nekke trap.”

34 1 Mosheh het opgegaan uit die vlaktes van Mo’av na die berg N’vo, na die top van Pisgah, wat oorkant Yerigo lê en יהוה het hom die hele land, van Gil’ad tot so ver as Dan laat sien,
2 die hele Naftali, die land van Efrayim en M’nasheh en die hele land van Y’hudah tot by die Westelike See,
3 die Negev (Suidland) en die vlakte in die vallei van Yerigo, die Palmstad, tot by Zoar.
4 Toe sê יהוה vir hom: “Hierdie is die land wat Ek aan Avraham, Yitz’gak en Ya’akov met ’n eed beloof het met die woorde: ‘Ek sal dit aan jou nageslag gee;’ Ek het jou dit met jou oë laat sien, maar jy sal nie daarheen gaan nie.”
5 Mosheh, die dienskneg van יהוה, het daar gesterf, in die land van Mo’av, volgens die woord van יהוה.
6 Hy het hom in die vallei, in die land van Mo’av, oorkant Beit-P’or, begrawe, maar niemand ken die plek waar hy begrawe is, tot vandag toe nie.
7 Alhoewel Mosheh een honderd en twintig jaar oud was toe hy dood is, was sy oog nie dof nie en sy fisiese krag en gesondheid het nie afgeneem nie.
8 Die seuns van Yisra’el het vir dertig dae lank oor Mosheh gehuil in die vlaktes van Mo’av en toe het die dae van die gehuil en van rou oor Mosheh ten einde gekom.
9 Y’hoshua, die seun van Nun, was vol van die Gees van wysheid, [Yes 11:2] want Mosheh het hom die hande opgelê en die seuns van Yisra’el het na hom geluister en gedoen soos יהוה Mosheh beveel het.
10 Sedert daardie tyd, het daar geen profeet soos Mosheh, in Yisra’el opgestaan, vir wie יהוה van gesig tot gesig geken het nie,
11 vir al die tekens en wonders wat יהוה hom gestuur het om in die land van Mitzrayim aan Farao en aan al sy dienaars en sy hele land te doen
12 en vir al die magtige krag en al die groot, verskriklike dade wat Mosheh voor die oë van die hele Yisra’el gedoen het.